Breyten Breytenbach as openbare figuur

Francis Galloway

bron
Francis Galloway, *Breyten Breytenbach as openbare figuur*. HAUM-Literêr, Pretoria 1990

Zie voor verantwoording: https://www.dbnl.org/tekst/gall037brey01_01/colofon.php

Let op: boeken en tijdschriftjaargangen die korter dan 140 jaar geleden verschenen zijn, kunnen auteursrechtelijk beschermd zijn. Welke vormen van gebruik zijn toegestaan voor dit werk of delen ervan, lees je in de gebruiksvoorwaarden.

dbnl digitale bibliotheek voor de Nederlandse letteren



V

Vir Walter en die seuns - Norman, Niel, Littlejohn en Stephen

Voorwoord

Hierdie boek is gebaseer op navorsing wat onderneem is vir 'n D. Litt.-proefskrif aan die UOVS. Dié studie is in 1987 onder leiding van prof. JH Senekal (promotor) en dr. Charles Malan (mede-promotor) voltooi en hou verband met die geskiedskrywing- en resepsieprogramme van die Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL) van die RGN.

Ek wil graag my dank en waardering uitspreek teenoor al die instellings (veral INEG en SASKI) en individue wat my met materiaal-insameling bygestaan het. Spesiale dank aan Buks Groenewald vir sy biblioteekkundige hulp, Sylvia de Bruin vir die tikwerk en aan my kollegas - John Kannemeyer, Johann Lodewyk Marais en Martjie Bosman - vir hulle voorstelle, kritiek en volgehoue diskoers oor die letterkunde.

Met apologie aan Leon Rousseau (in die voorwoord tot *Die groot verlange*): Dit is miskien nodig om te vermeld dat nog 'n maand of nog 'n jaar se werk die boek vollediger sou kon gemaak het. Daar is egter perke aan alles.

FRANCIS GALLOWAY

Inleiding

I
Doelstelling

Breyten Breytenbach se verskyning op die Afrikaanse literêre toneel met twee bundels in 1964 - nadat hy tot in daardie stadium slegs gedigte in tydskrifte soos *Contrast* gepubliseer het - word oorwegend geesdriftig begroet. Dit is egter in 1965 dat hy sterk op die voorgrond tree: nie net as wenner van die Afrikaanse Pers Boekhandel-prys nie, maar as iemand wat afwyk van die algemeen aanvaarde patroon van wat 'n 'Afrikaner' is en doen. In koerantberigte (byvoorbeeld *Db.,* 14.2.65 en *Bu.,* 18.2.65) en -briewe ontvou die verhaal van die jong seun van Bonnievale-Kafferskuilrivier-Wellington wat aan die Michaeliskunsskool van die Universiteit van Kaapstad vriendskappe met 'andersdenkende' jong mense sluit en vir die eerste keer kennis maak met 'liberale' en 'swart' politiek; wat teen die einde van 1959 op 'n Portugese boot na Europa vertrek; wat deur Spanje ryloop na Parys; wat in Londen gaan wag op nuus van 'n algemene onlussituasie tuis ná die Sharpeville-voorval; wat ná maande as portretskilder, werker op 'n plesierboot op die Middellandse See en as taalonderwyser in Noorweë na Parys terugkeer, in 1962 met die 'nie-blanke' meisie Ngo Thi Huang Lien (oftewel Yolande) trou en wat haar, drie jaar later, met sy prysgeld na sy geboorteland wil bring.

Die visumweiering aan Yolande is belangrik in die Breytenbach-geskiedenis omdat dit van hom 'n openbare figuur maak wat hewige reaksie by die publiek uitlok; omdat die gedwonge afwesigheid van sy vaderland 'n invloed op sy skrywersloopbaan gehad het en omdat daar rondom dié debakel 'n politieke kode begin ontstaan het wat in die resepsie van sy literêre tekste opvallend meespreek.

Sedert 1965 figureer die Suid-Afrikaanse apartheidswerklikheid as die spil waarom Breytenbach se verbittering draai en waarteen sy verset gerig is - in sy uitsprake oor die skrywerstaak, in 'n hoë mate in sy skryfkuns self, en in sy politieke optrede wat in 1975 sou uitloop op sy skuldigbevinding onder die Wet op die Onderdrukking van Terrorisme. Reeds in die brief aan *Die Burger* (2.6.65) waarin hy reageer op die visumweiering aan Yolande rig hy hom hierteen: 'Ek haat en verafsku apartheid met al sy implikasies.' Ná sy vrylating stel hy dit telkens duidelik dat hy nóg so voel, byvoorbeeld:

> I believe, more than ever, that the system existing in South Africa is against the grain of everything that is beautiful and hopeful and dignified in human history; that it is a denial of humanity, not only of the majority being oppressed but of the minority associated with that oppression; that it is profoundly unjust; that it is

> totally corrupted and currupting; that it is a system with which nobody ought to be allowed to live. (1984a: 59)

As ‘Sestiger’ was Breytenbach deel van 'n groep skrywers wie se vernuwende invloed die tradisioneel aanvaarde ‘grense’ van die literatuur oorgesteek het, sodat hulle werk 'n politieke fenomeen geword het. Volgens André P Brink, voorste segsman van Sestig:

> Social attitudes within Afrikanerdom are assessed, even today, on the basis of whether a person is ‘for’ or ‘against’ the Sestigers. And this applies as much to people who have read their work as to a multitude who haven't. (1983a: 45; vergelyk ook Brink, 1985b: 10)

Breytenbach is egter nie soseer 'n ‘politieke’ figuur op grond van die feit dat hy 'n Sestiger was nie, maar op grond van sy persoonlike openbare uitsprake en optrede teen apartheid wat hewige reaksie van sowel literêr-geskoolde lesers as die algemene publiek uitlok. Brink, wat ook 'n kenner van Breytenbach se poësie en prosa is, meen:

> He is indeed one of the greatest poets Afrikaans literature has yet produced; but what makes him politically relevant is that to an overwhelming majority of people who have never read a single line of his verse, he has become a symbol of resistance to oppression. To many Africans, Coloureds and Indians he has given new hope: because of his marriage and because of his convictions. As a result, every line of poetry he writes - even if it is the purest lyrical verse - acquires political implications. (1983a: 86)

Dat Breytenbach nie net 'n belangrike literêre bydrae gelewer het nie, maar ook 'n sosiale rol in die Suid-Afrikaanse samelewing vervul, word sedert sy inhegtenisneming en vonnis uit verskillende oorde erken. Die taalsosioloog en skrywer JC Steyn meen dat Breytenbach met sy optrede homself ‘geoffer’ het om Afrikaans te help bevry van die stigma ‘verdrukkerstaal’; dat hy ‘so skouspelagtig soos alle Afrikaner-rebelle voor hom’ kon toon dat Afrikaans ook die taal is van diegene wat hulle met hart, siel en verstand verset teen alles wat - ‘ten onregte in die naam van die Afrikaners’ - aan ander gedoen word (1980: 281 - 282). AJ (Ampie) Coetzee (1980: i) stel dit dat Breytenbach se politieke uitsprake en handelinge 'n sterk politiserende effek gehad het. Jack Cope (1982: 173) wys daarop dat Breytenbach se ‘mere presence implying total rejection of racial domination by Whites in his hated/adored country was in itself a declaration’.

Uitsprake soos hierdie oor die politieke rol en die politiserende effek van Breytenbach is veralgemenend en berus deels op aannames. Daar word gereeld in literêre essays en in studies oor Breytenbach verwys na sy politieke uitsprake en optrede en die effek wat dit gehad het, maar daar is nog nooit 'n sistematiese en uitgebreide ondersoek daarna onderneem nie.

In teenstelling met ander studies oor Breytenbach wat ‘teksgesentreerd’ is in die sin dat dit sy literêre tekste as selfstandige eenhede en outonome objekte bestudeer (kyk Bibliografie B vir studies oor Breytenbach), is die doel van die

huidige ondersoek om bepaalde verhoudings binne 'n tydvak vanaf die vroeë sestigerjare tot die tagtigerjare te sistematiseer, te beskryf en krities te beredeneer - uit die aard van die saak vanuit die ondersoeker se perspektief (wat onder meer deur 'n ideologiese vlak bepaal word). Die volgende aspekte kry aandag:

- Breytenbach se omstrede openbare uitsprake en optrede wat hom telkens in die kalklig laat staan, asook die hewige openbare reaksie wat hy by wit Afrikaanssprekendes uitgelok het. Hierdie reaksie kan, vir sover dit die sestiger- en sewentigerjare betref, breedweg getipeer word as ‘verkramp’ en ‘verlig’. Eers in die tweede helfte van die tagtigerjare is daar tekens van 'n kritiese reaksie vanuit 'n ‘radikale’ oriëntasie.
- Die verhouding tussen Breytenbach se politieke uitsprake/optrede en die reaksies daarop aan die een kant en die algemene politieke konteks aan die ander kant.
- Die rol van die Afrikaanse pers ten opsigte van Breytenbach as openbare figuur.
- Die implikasies wat Breytenbach se uitsprake/optrede vir sy literatuuropvatting inhou, asook die implikasies wat reaksies op sodanige uitsprake/optrede vir die literatuuropvattings van lesers en die publiek inhou (dit wil sê die verband tussen ideologie en literatuuropvatting).

II
Teoretiese vertrekpunte

Bogenoemde aspekte van die kommunikasie rondom Breytenbach word ontleed binne die raamwerke van die semiotiek en die sisteembenadering met klem op die interaksie tussen die literêre, politieke en joernalistieke sisteme (wat natuurlik nie volkome losgemaak kan word van ander diskoerse, byvoorbeeld rondom taal- en ander kultuursake nie).

Die begrip ‘sisteem’ word hier nie gebruik in die sin van ‘Die Sisteem/The System’ waarteen iemand soos Breytenbach hom immers verset nie. Dit word bloot bedoel as noemer vir gedeeltes van die wêreld wat as eenhede waargeneem kan word en wat in staat is om 'n ‘identiteit’ te handhaaf ten spyte van veranderings wat daarbinne voltrek word. 'n Kultuur ('n gemeenskap) word in terme van hierdie raamwerk gesien as 'n makrosisteem wat ander sisteme insluit.

Die uitgangspunt dat die maatskappy 'n groep sisteme is wat in interaksie verkeer, stel die ondersoeker in staat om twee kragte aan te toon. Aan die een kant is daar die dinamiek van oop sisteme wat verandering ondergaan, gerig deur verskuiwings in die heersende modelle en norme waarvolgens sisteme hulleself organiseer en wat op hulle beurt ideologies bepaald is. Aan die ander kant is daar die strewe na selfbehoud en stabiliteit binne (sub-)sisteme. Uit die

ondersoek na die verhouding tussen die Afrikaanse literêre, politieke en joernalistieke sisteme blyk die talle pogings om die *status quo* te bewaar, telkens gekoppel aan 'n bepaalde literatuuropvatting (vroeër die outonomiebenadering) en 'n bepaalde ideologiese raamwerk (veral Afrikaner-nasionalisme).

Die bewaring en stolling van bepaalde sisteemstrukture hou verband met 'n sekere soort leierskap en koördinasie wat ‘hegemonie’ genoem word. Dit kom daarop neer dat die dominante groep sy ideologie vir lang tye kan handhaaf - nie bloot deur ‘dominering’ of ‘geweld’ nie, maar deur die verkryging van ondergeskikte groepe se instemming en deur die skep van 'n ‘natuurlike houding’ waarvolgens bepaalde ideologiese voorkeure as vanselfsprekend en korrek aanvaar word.

Ideologieë op hierdie vlak is nie bloot ideësisteme nie, maar word vergestalt in sosiale instellings soos politieke partye, skole, kerke, die weermag en die media. Die leiding in die hegemoniestryd word geneem deur ‘organiese’ intellektuele wat die funksie het om die ideë en aspirasies van die groep waartoe hulle organies behoort, te rig. ‘Tradisionele intellektuele’ (verbonde aan professies soos dié van die wetenskaplike, teoloog, filosoof, kunstenaar, joernalis) verkondig graag dat hulle ‘outonoom’ en ‘onafhanklik’ is van die dominante sosiale groep, terwyl hulle in der waarheid ontstaan uit groepsverhoudinge en hulle bande met verskillende groepe verberg.

In hierdie ondersoek word aangetoon hoe die suksesvolle totstandkoming van die hegemoniese Afrikaner-nasionalistiese kultuur en die ‘verligte’ Afrikanerkultuur verband hou met die rol van die intellektueel. Deurgaans word aangedui wat Breytenbach se siening van die rol van die skrywer binne die dominante groep is. En alhoewel die ondersoek nie gerig is op die ideologiekritiese aard van Breytenbach se literêre tekste nie, word daarmee rekening gehou dat die ideologiese norme en houdings waarmee hy hom identifiseer, en wat radikaal afwyk van dié van die dominante groepsideologie of hegemonie, sy politieke uitsprake en optrede rig en grondliggend is aan sy literatuuropvatting. Ideologiese norme en houdings (veral ‘liberalisme’ en ‘konserwatisme’) speel ook 'n belangrike rol by die reaksie wat Breytenbach ontlok en is medebepalend in die literatuuropvattings van ingeligte lesers en die algemene publiek.

Die ondersoek behels nie die interpretasie van tekste vanuit 'n persoonlike literatuuropvatting nie, maar is 'n poging tot analise en beskrywing van verskillende literatuuropvattings (dié van Breytenbach, die Sestigers en hulle opvolgers, ingeligte lesers én die publiek) in hul historiese opeenvolging en hul ingebedheid in 'n maatskaplike sisteem waarbinne bepaalde klemverskuiwings in die heersende ideologie voorkom.

III
Enkele gedagtes oor Breytenbach en ideologie

Breytenbach spreek hom herhaaldelik uit teen die kapitalisme as ekonomiese ideologie en teen Afrikaner-nasionalisme (soos gemanifesteer in die apartheid-

sisteem) as politieke ideologie. Hy identifiseer hom met sosialisme (byvoorbeeld 1984a: 60) en - meermale indirek of by implikasie - met Marxistiese politieke opvattings in 'n breë sin. Hy stel dit egter dat hy nie lid is van die verbode Suid-Afrikaanse (of enige ander) Kommunistiese Party nie (*op. cit.*: 60).

Dit was nie die doel van hierdie ondersoek om te bepaal in watter vertakking of spesifiek Suid-Afrikaanse mutasie van die Marxisme Breytenbach se politieke en literêre diskoers 'inpas' en om dan krities daaroor te besin nie. Oppervlakkig beskou, wil dit lyk asof sy politieke uitsprake en sienings oor die funksie en aard van kuns nie 'n sistematiese geheel van ortodoks Marxisties-Leninistiese denke is nie, maar eerder 'n eklektiese byeenbring van, onder meer, basiese uitgangspunte van die jong Marx (Marx vóór sy interpretasie deur Friedrich Engels en VI Lenin); tendense in moderne Europese Marxistiese teorieë; kenmerke van die libertyns-sosialistiese Anargisme asook van Maoïsme. (Leatt, Kneifel en Nürnberger, 1986, verskaf 'n oorsig van hierdie en ander ideologiese perspektiewe, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks.)

Sentrale kodes in Breytenbach se skeppende en politieke tekste toon aansluiting by die 'oorspronklike' Marx: die mensgerigtheid; die gemoeidheid met verhoudings (dialektiek); die opheffing van die teenstellings onstoflikheid/stoflikheid, gees/liggaam, hemel/aarde, subjek/objek; die fokus op die toestand van 'vervreemding' wat uitmond in die verminkte staat van die menslike bestaan; die materialistiese opvatting van die geskiedenis.

Van die nuwe Europese Marxistiese teorieë is dit spesifiek Marxistieshumanistiese opvattings en temas wat gemanifesteer word by Breytenbach. Dit sluit in: die bemoeienis met die aard van bewussyn en die siening van die mens as historiese agent wat, alhoewel hy nie in staat is om die geskiedenis geheel en al na sy wense te vorm nie, tog die skepper is van sosiale, politieke en ekonomiese instellings; die temas van vervreemding, die mens se verhouding tot die natuur, menslike onderdrukking en vryheid asook die rol van dié wat 'bewusmaking' as hul taak sien.

Breytenbach se voortdurende opstand teen die 'establishment' en al sy bewakers (die heersers, base, rykes, akademici, kritici, kultuurleiers en ander meningsvormers) en teen alle folteraars, onderdrukkers en uitbuiters van die mensheid (staatsmanne, politici, amptenare, soldate, polisie, tronkbewaarders, ondersoekbeamptes en skerpregters) toon ooreenkoms met een van die wesenstrekke van die Anargisme.

Dit kan sekerlik te wagte wees dat Breytenbach se verkenning van en aansluiting by Oosterse denkpatrone, die Zen-Boeddhisme en Taoïsme, hom ontvanklik stem vir invloede van die Maoïstiese revolusionêre beweging met sy religieuse ondertone en klem op kulturele bewustheid. In sommige van sy (politieke) tekste word daar dan ook direk na Mao Tse-Toeng verwys.

Breytenbach spreek hom egter uit teen die Moskou-variant van Marxisme en teen Stalinisme. Hy is byvoorbeeld krities teenoor die SAKP-faksie in die ANC wat hy beskou as een van die mees onbuigsaam lojale volgelinge van die buitelandse beleid van Moskou: 'Stalinism, in this sense, means to be doctrinaire; always to follow "Mother's" line, however often it may be revised or changed; and to be bureaucratic in the extreme. Also to be non-democratic by

means of the astute formula of “centralized democracy”’ (1984a: 62). Hy is teen alle vorme van totalitarisme (*op.cit.*: 327).

Binne die Afrikaanse intellektuele konteks van die sestiger- en sewentigerjare is Breytenbach se ideologiese raamwerk vanuit 'n verkramp/verlig-perspektief beoordeel. ‘Verligtes’ het hulle op bepaalde diskursiewe strategieë (soos ‘die onafhanklikheid van literatuur’) beroep om 'n onderskeid te tref tussen Breytenbach as draer van 'n gevaarlike of afstootlike ideologie en as digter. In die tweede helfte van die tagtigerjare val enkele tendense op in die ‘verwerking’ of ‘herskrywing’ van Breytenbach deur Afrikaner-intellektuele. So is daar dié meningsvormers wat hom koöpteer vir ‘hervormingspolitiek’ - een voorbeeld hiervan is die wyse waarop van sy vroeër gewraakte uitsprake rondom Afrikaans en Afrikanerskap nou as motto's en riglyne gebruik word in opstelle oor die verband tussen ideologie en Afrikaans, soos gemanifesteer in die Suid-Afrikaanse politiek, en gepaardgaande taalbeleid en taalbeplanning. Voorstanders van ‘onderhandelingspolitiek’ vind hom 'n nuttige kontak en betrek hom by hulle strategieë - soos blyk uit die Dakar-ekspedisie. Sommige ‘nuwe linkses’ begin krities teenoor hom staan. Marianne de Jong (1987a: 22 en 23), byvoorbeeld, vra die vraag of sy oënskynlik ‘radikale’ polities gemotiveerde literêre beskouings werklik die *status quo* ondermyn. Hy kan dalk eerder deur sy uitsprake oor die bevrydende, radikaliserende funksie van skryf onbewus die *status quo* dien deur 'n pragmatiese en selfbehoudende leserspubliek gerus te stel met die wete dat 'n podium van individuele vryheid nog bestaan.

Buite Afrikanergeledere word Breytenbach se radikalisme bevraagteken vanuit 'n linkse perspektief. Só spreek Jeremy Cronin (1985: 16-17) en Neil Lazarus (1986: 158-182) kritiek uit teen sowel die vlak van Breytenbach se politieke analise as sy strategieë. Die feit dat Breytenbach nie op daardie tydstip 'n leidende rol speel binne alternatiewe (politieke) strukture nie, sou moontlik teruggevoer kon word na bedenkinge wat in hierdie kringe kon bestaan ten opsigte van die twee vereistes wat nodig is om 'n positiewe rol te speel in 'n sosialistiese transformasie: 'n samehangende rewolusionêre ideologie en effektiewe leierskap op alle vlakke.

Omdat die diskoers rondom Breytenbach steeds voortduur en uitgelewer is aan verskuiwende norme en modelle, kan hierdie ondersoek slegs 'n bestekopname wees en self van relatiewe historiese waarde. Dit is beslis nie bedoel as die ‘end paper’ oor Breytenbach se sosiale rol as intellektueel nie. 'n Peiling van Breytenbach se bydrae tot die wyer kulturele en ideologiese diskoers binne 'n bepaalde tydvak in Suid-Afrika sou immers slegs deur middel van 'n multidissiplinêre benadering, waarby byvoorbeeld literatuur- en staatsfilosofiese opvattings as uitgangspunt dien, moontlik word.

Hoofstuk 1
Breytenbach en die politieke en joernalistieke bestel: 'n oriëntering

Die heftige en uiteenlopende reaksies wat Breytenbach uitgelok het en nog steeds uitlok, kan eers in perspektief gesien word as dit binne die politieke konteks van die tydvak 1960-1989 geplaas word. Die klimaat van die sestigerjare, waarin Breytenbach openbare reaksie begin uitlok het, is naamlik bepaal deur die sistematisering van die Afrikaner-nasionalisme van die Verwoerd-era en die feit dat vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog die ganse buite-wêreld as vyandiggesind beskou is. Dit was juis op 'n tydstip dat 'n geslag jong skrywers hulle óópgestel het aan ‘vreemde invloede’:

> Vandaar die uitermate heftigheid van die *establishment* se veldtog teen die Sestigers; en ook die merkwaardige geesdrif waarmee 'n jonger generasie lesers hul werk ontvang het... Politieke gesindhede kon gemeet word aan die manier waarop mense die Sestigers aanvaar of verwerp het. Wat in sy wese... 'n gebeurtenis in die literatuur wou wees, is in die strydperk ingevoer... En een van die heel boeiendste paradokse van die Sestigersituasie kom uit dié gegewe voor: terwyl die ‘literatuurbeskouing’ van die Sestigers self bepaal is deur... 'n instelling op die ivoortoring, het daardie einste werk 'n hele kompleks van ándersoortige (sogenaamde ‘buiteliterêre’) effekte ontketen wat dit deel gemaak het van 'n omvattende sosiale woeling. (Brink, 1985b: 10-11)

Breytenbach word egter nie net as lid van 'n ‘groep’ skrywers betrek by hierdie ‘omvattende sosiale woeling’ nie, maar bowenal as individu, wat hom, veral sedert die laat sestigerjare, in die openbaar verbind met die swart weerstandsbeweging teen die apartheidsideologie (en hegemonie) van die Nasionale Party-regering. Hierdie hoofstuk poog om 'n oorsigtelike historiese blik te bied op die apartheidsisteem as sodanig en (swart) weerstand daarteen. Die doel is om Breytenbach binne 'n politieke en historiese konteks te plaas, om aan te toon waar sy politieke simpatieë inpas binne die ontwikkeling van protes teen apartheid en om die rol van Afrikaner-intellektuele binne die veranderende patroon van Afrikaner-nasionalisme te belig.

I
Klemverskuiwings in die apartheidsideologie

Breyten Breytenbach was nege jaar oud in 1948 - die jaar waarin dr. DF Malan die Afrikaner-Nasionaliste tot oorwinning gelei het in die algemene verkiesing.

Vir Breytenbach het dié jaar in die teken gestaan van 'n verhuising van Kafferkuilsrivier na Wellington waar hy later sou matrikuleer aan die Hoërskool Hugenoot en veral uitblink in Afrikaans. ‘As jong man het Breyten... die gemiddelde Afrikaner se huislewe en opvoeding gehad. Plaas- en dorpslewe, toegewyde ouers, baie vriende, lid van die Ned. Geref. Kerk, die Voortrekkerbeweging...’ (volgens sy broer, Cloete, in Viviers, 1978: 3). In sy jeugjare bevraagteken hy nie Afrikaner-nasionalisme, soos verskans in die regeringsbeleid, as dié ideologie wat samelewingspatrone in Suid-Afrika rig nie.

Al was hierdie nuwe beleid van ‘apartheid’ in sekere opsigte 'n voortsetting van die ou segregasie-era wat in 1913 tot die ‘Land Act’ gelei het, markeer dit op ideologiese vlak 'n nuwe fase. Die belangrikste verskil tussen apartheid en die vroeëre eklektiese maniere van segregasie lê in die aandrang op die konsekwente toepassing van 'n paar basiese beginsels, veral dié van skeiding, wat gerig was op die versekering van blanke oorlewing en behoud van Afrikaner-identiteit (Du Toit, 1975: 39; Van Jaarsveld, 1971: 374; Steyn, 1980: 259-261).

Die periode 1949-1961 (waarin Breytenbach sy skoolloopbaan voltooi, gaan studeer en die land verlaat) word die tydvak van die konsolidering van Afrikaner-nasionalisme. Deur die skepping van 'n omvattende apparatuur van wette, regulasies en burokrasieë is Afrikaner-eenheid verstewig en Afrikanerbelange bevorder en verskans. In hierdie eerste fase van die Nasionale Partybewind, die tydperk van ‘baasskap-apartheid’, was apartheid rassisties, soos vergestalt in wetgewing soos dié op rasse-klassifikasie, gemengde huwelike en geslagsverkeer oor die kleurskeidslyn, aparte openbare geriewe, groepsgebiede, ensovoorts. Hierdie maatreëls wat moes sorg dat rasse geskei bly, sou Breytenbach se lewe later direk raak. Dié ideologie het ook gesorg dat skeiding konsekwent toegepas is in georganiseerde sport en ontspanning, kultuurorganisasies, opvoedkundige en kerklike instansies en sosiale verkeer in die algemeen.

In 1958 skryf Breytenbach aan die Universiteit van Kaapstad se Michaeliskunsskool in vir 'n kursus in die beeldende kunste en raak hy vir die eerste keer bewus van hierdie rassistiese regulering van menselewens. Aan hierdie ‘oop’ en ‘liberale’ universiteit het hy bevriend geraak met jong Afrikaners soos Marius Schoon wat, soos Breytenbach dit self stel, ‘aan die enge beperkinge van ons stamkraal’ ontsnap het (brief in *Bu.*, 2.6.65) en met wie hy jare later weer 'n ‘woonstel deel’ in Pretoria Sentraal-gevangenis (Viviers, 1978: 126). Peter Dreyer (1980: 25-27), wie se pad in die jare 1959-60 met dié van Breytenbach gekruis het, vertel dat die jong student in Kaapstad ook kennis gemaak het met gevestigde skrywers soos Jan Rabie, Jack Cope, Uys Krige en moontlik Ingrid Jonker; sy kennisse het ook ‘uitlanders’ ingesluit soos Rabie se Skotsgebore skildervrou, Marjorie Wallace, en die Hollander Cees de Jong. Breytenbach het egter veral sterk onder die invloed gekom van jong mense wat hy self later spottend ‘die ou Kaap se spul liberaliste’ (Barnard, *Hg.*, 5.8.77) genoem het - onder andere Michael Tapscott, Jobst Grapow en Heleen Raath met wie hy in 'n stadium 'n huis gedeel het. Saam het hulle veelrassige partytjies gereël waarby, volgens Breytenbach, enkele ‘token’ swartes betrek is wat moes help om hulle ‘gewetes te sus’ en hulle het in 1959 met plakkate in 'n optog geloop

om te protesteer teen die wetgewing ten opsigte van aparte universiteite (Breytenbach, 1974a: 12).

Teen die einde van dieselfde jaar vertrek Breytenbach Europa toe. Dr. HF Verwoerd was toe reeds 'n jaar lank premier. In die Verwoerd-era van apartheid word die ideologie van apartheid toegepas tot die punt van totale grondgebiedlike skeiding. Op ideologiese vlak verskuif die tradisionele aannames van 'n inherente blanke meerderwaardigheid en die denkbeeld van ewigdurende voogdyskap en oorheersing na 'n erkenning van die gelykheid en reg tot selfbeskikking van die onderskeie/geskeie volke. Baasskap-apartheid gaan dus oor in die ideaal van ‘totale skeiding’ wat verwesenlik moes word deur 'n program van ‘positiewe afsonderlike ontwikkeling’, wat bestaan uit ‘tuislandontwikkeling’ vir die swart groepe en ‘parallelle ontwikkeling’ vir die kleurlinge en Indiërs. Terwyl die leerstellinge van apartheid in die vyftigerjare op rassisme gegrond was, word dit nou gegrond op die idee van selfbeskikking gebaseer op etnisiteit (vergelyk Van Jaarsveld, 1971: 397).

Al was die ideologie van apartheid nou bereid om die eventuele regte en onafhanklikheid van swart afsonderlike state te erken, was skeiding volgens Du Toit (1975: 40) ook daarop gemik om enige moontlikheid uit te skakel dat swart instemming relevant mag wees vir die legitimiteit van blanke oppergesag en bewind in die ‘hartland’ van Suid-Afrika. Die ideologiese doelwitte van apartheid/totale skeiding dien dus die legitimering van Afrikaner- (blanke) beheer van die gemeenskap en die legitimering van dwangmaatreëls wat nodig mag gewees het om die oogmerke van skeiding te bereik: afsonderlike ontwikkeling was dus volgens hierdie waarnemer 'n gesofistikeerde strategie vir volgehoue blanke oorheersing. Breytenbach (1972e: 67) verwys dan ook na die ‘tuislandbeleid’ as deel van die ‘verdeel-en-heersstrategie’.

Die digter, wat waarskynlik adresse van ‘politieke kontakte’ van Marius Schoon gekry het toe hy op sy wêreldreis vertrek het, was teen 1964 in Parys reeds bevriend met swart uitgewekenes soos Ezekiel Mphahlele (Barnard, *Hg.*, 5.8.77; ook *Bu.*, 19.11.68 en Viviers, 1978: 41). Volgens Barnard het Breytenbach se huwelik met Yolande sy ‘teoretiese belangstelling’ in Suid-Afrikaanse politiek ‘oornag verander’ in 'n obsessie; Barnard voel selfs dat sy 'n rol gespeel het om die digter ‘in die politiek in te sleep’ (*Hg.*, 12.8.77) - iets wat Breytenbach ten sterkste ontken (1984a: 54). Hoe ook al, Barnard meen Breytenbach se politieke idees het in 1964 ooreenkomste getoon met dié van die destydse jong Progressiewe Party wat ten gunste was van 'n veelrassige regering en 'n veelrassige parlement. Ná 1965, toe 'n visum aan Yolande geweier is, het Breytenbach se idees 'n radikaler rigting ingeswaai en hy distansieer hom al duideliker van die (Kaapse) liberalisme en die sienings van die Progressiewe Party. Hy beskou die liberalisme naamlik as die ‘manifestasie van 'n opportunisme’ wat net ‘die vyand se posisie versterk’ omdat dit eintlik net ‘'n ander manier van saamwerk’ is (1972a: 17; ook 1974a: 26 en 1984a: 60). Breytenbach dink dit is misleidend van die Progressiewe Party om voor te gee dat die land se probleme besleg kan word deur ‘verantwoordelike toegewings’ en ‘dialoog’; dit gaan vir dié Party om die ‘versekering van kapitalisme’ omdat hy ‘daarvan oortuig is dat met genoeg welwillendheid, christelike waardes en waardigheid,

die gepaste leiding, opvoeding en geleidelike inlywing van die minderbevoorregtes in die “maatskappy van verbruikers” die beleggings in die rykdom en toekoms van Suid-Afrika veilig sal wees’ (1972a: 18).

Ná dr. Verwoerd se dood in 1966 lei onderlinge verskille, onder meer oor toenadering tussen Engelssprekendes en Afrikaners, tot 'n skeuring in die Nasionale Party. Die feit dat die nuwe Herstigte Nasionale Party in die algemene verkiesing van 1970 duidelik geklop word deur die Nasionale Party, is simptomaties van die geleidelike en steeds-groeiende beweging weg van Afrikaner-eksklusiwiteit in die rigting van 'n ‘verligte’ houding. Net so minagtend as wat Breytenbach staan teenoor die moontlikheid dat 'n ‘liberale’ of ‘progressiewe’ houding rasse-onregte in Suid-Afrika sal uitskakel, so minagtend staan hy teenoor ‘verligtheid’. Hy meen dit is, soos ‘oop gesprek’, 'n onbegrip; dit is hoogstens 'n ‘vorm van egoïsme, 'n selfbevrediging, 'n ontworteling, 'n luukse. 'n Manier om nie die ware oorsake van ware probleme raak te sien nie. Salf vir kankerlyers. A lilac flag on a mudbarge’ (1973c: 13).

Die nuwe Eerste Minister, adv. BJ Vorster, se voortgesette aandrang op afsonderlike ontwikkeling en sy ‘uitwaartse beleid’ ten opsigte van sport- en diplomatieke betrekkinge kan beskou word as pragmatiese antwoorde op tydgenootlike politieke behoeftes - veral buitelandse druk en toenemende isolasie asook die krisissituasie wat sedert 1972/73 ontstaan het ten opsigte van die Afrikaner-(blanke) magsbasis as gevolg van toenemende verset van die kant van die onderdrukte swart massa. Vorster, wat 'n verenigde wit front wou opbou teenoor die swart meerderheid duld, (volgens Moodie, 1975: 292-293) geen afwyking - na links of regs - nie en onderdruk dissidensie op alle vlakke.

Breytenbach, wat hom sedert die laat sestigerjare al meer in die openbaar vereenselwig met die swart bevrydingstryd en die opkoms van die massa openlik bepleit en effektief probeer aanhelp het, word in hierdie tyd een van die grootste Afrikaner-dissidente - een wat nie eens lippediens doen aan die heersende ideologie nie. Sy moontlike invloed word al sterker teengewerk deur meganismes soos sensuur, weerhouding van pryse, vervolging en uiteindelik tronkstraf.

Teen die einde van die sewentigerjare, toe Breytenbach reeds 'n paar jaar in die tronk sit, lê die politieke inisiatief nie meer eksklusief by die dominante groep nie en die massa is nie meer bloot op die verdediging nie. Dit hang saam met die verandering in die streeksituasie - veral die verdwyning van heelparty van die ‘bufferstate’ as gevolg van die vordering van die swart bevrydingstryd elders in Afrika (Davies, 1984a: 36). Hierdie verskuiwing in die magsbalans (tesame met 'n ekonomiese resessie) lei tot 'n diepgaande krisis vir die dominante groep. Aan die een kant is daar die faksies wat meen dat toenemende onderdrukking moet saamval met pogings om sommige van die apartheidsinstellings te ‘hervorm’; aan die ander kant is daar teenstand teen alle pogings om ‘tradisionele apartheid’ te matig omdat dit 'n eerste stap sou wees in die proses van die prysgee van voorregte.

Ná die sogenaamde ‘Inligtingskandaal’ van 1978 word die minister van verdediging, mnr. PW Botha, verkies tot Eerste Minister. Die Botha-era van apartheid word gekenmerk deur die opkoms van 'n reeks nuwe inisiatiewe en 'n staatsbeleid wat in die ideologie van die regering beskryf word as sy ‘totale

strategie'. Die nuwe 'ideologie van oorlewing' doen 'n beroep op 'n verbond tussen wittes en 'matige swartes' teen 'militante, radikale Marxiste' (Adam en Giliomee, 1979: 136). 'Politieke magsdeling' word die mikpunt, maar die groep-gedagte bly grondliggend aan die beleid. In 1983 kry die Nasionale Party 'n mandaat van die wit kieserskorps om te begin met 'n proses van politieke rekonstruering wat bestempel word as 'gesonde magsdeling' tussen wittes, 'kleurlinge' en Indiërs en vergestalt word in 'n nuwe konstitusie wat voorsiening maak vir drie 'huise' in die Parlement en wat onderskei tussen 'eie' en 'algemene' sake.

Die Nasionale Party se beleidsprogram staan onder die noemer van 'hervorming'. 'Organiese' intellektuele beskryf dit as ''n beweging in die rigting van 'n demokratiese samelewingsorde (wat)... neerkom op die aftakeling en uitfasering van klassieke apartheid as 'n geïnstitusionaliseerde stratifikasiestelsel wat blankes se dominante posisie in die land se politieke orde verskans en hulle 'n mededingende voordeel in die ekonomiese, sosiale en politieke mark verseker' (Rhoodie, 1988: 190). Vanuit hierdie perspektief word hervorming gesien as 'blankes se kollektiewe respons op wat feitlik die helfte van hulle as 'n rewolusionêre aanslag teen die bestaande sosiaal-politieke orde definieer' (*op. cit.*: 191). Om sy beleid van 'hervorming' deur te voer, gebruik die Staat aan die een kant sy dwangmag (soos die verklaring van noodtoestande); aan die ander kant wend hy strategieë aan wat daarop gemik is om die begunstigdes se 'hart en sinne' te wen (*op.cit.*: 200-202).

Die oorgrote meerderheid blankes ondersteun die Nasionale Party se hervormingsinisiatiewe. Aan die regterkant van die blanke politieke spektrum word dié inisiatiewe egter verwerp op grond van die bedreiging wat dit inhou vir blanke belange en bevoorregting (vergelyk SARS, 1987: 393-401). Aan die linkerkant van die spektrum word die beweging na 'magsdeling', soos dit verstaan word onder dié beleid, afgewys as óndemokraties. Vanuit hierdie perspektief is die uiteindelike doelwit van die hervormingsproses om die voortbestaan van 'n kapitalistiese sisteem onder Nasionale Party-heerskappy te verseker en om dit meer effektief te verskans deur ondersteuning te werf daarvoor van die kant van bepaalde seksies van die gedomineerde groepe, naamlik swart 'gematigdes' en die middelklas (SARS, 1986: 218; SARS, 1983: 56).

Ook vir Breytenbach is die strategieë van die pragmatiste of 'nuwe realiste' van die 'nuwe bedeling' slegs kosmetiese veranderings - hulle is bereid om die voorkoms van apartheid oorboord te gooi ten einde die blanke minderheidsmagsmonopolie te behou en daarom kan hul ideologiese vertrekpunte hoogstens as 'pragmaties regs', in teenstelling met 'ver regs', beskryf word (1985b: 135).

Al meer eertydse ondersteuners van die 'hervormingsbeleid' het teen die middel van die tagtigerjare vertroue in die leiding van die Nasionale Party ten opsigte van 'ware hervorming' verloor. Hierdie ontevredenheid het mettertyd gelei tot individuele inisiatiewe vir 'onderhandeling' gemik op die 'oopmaak van kommunikasielyne', veral na buite-parlementêre groeperinge (vergelyk Marais, 1988: 307-329).

In teenstelling met liberale, progressiewe of verligte houdings het Breyten-

bach self reeds in die vroeë sestigerjare uitgegaan van die radikale standpunt dat die bestaande politieke situasie in Suid-Afrika nie meer *aangepas* kan word nie, maar *omvergewerp* moet word; hy was tóé reeds ‘committed to the black liberation struggle’ (Cope, 1982: 166). Jare later, ná sy vrylating uit die tronk, sou Breytenbach wel skerp krities staan teenoor sy ‘dear, ineffective, fat institutionalized friends in the liberation movement - the Grand Game players, those living off the suffering of our people back home’, wie se betrokkenheid slegs 'n politieke spel is (*ST.*, 8.4.84). Dít beteken egter nie dat hy deur die bevrydingstryd as sodanig ontnugter is nie; in 1983 nog was dit vir hom 'n jammerte dat geen Afrikaanse skrywer van wie hy weet, hom daarmee identifiseer nie (*TCT*, 12.4.83). Sy siening oor die gebruik van geweld in die bevrydingstryd het egter ook aanpassing ondergaan en in die tagtigerjare is hy bereid om mee te doen aan inisiatiewe soos dié van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief (IDASA) wat ‘onderhandeling’ as politieke strategie voorstaan, al het hy kritiek teen bepaalde aspekte van die nuwe Afrikaner-verligtheid.

II
Die rol van die Afrikaner-intellektueel ten opsigte van klemverskuiwings in die apartheidsideologie

Voordat Breytenbach se rol verder bespreek word, is 'n oorsig oor die algemene rol van Afrikaner-intellektuele nodig. Binne die verskuiwings in die dominante ideologiese klimaat van die sestiger-, sewentiger- en tagtigerjare (van ‘baasskapapartheid’ na die ‘positiewe apartheid’ van afsonderlike ontwikkeling na die latere opkoms van ‘verligte’ Afrikaner-nasionalisme en ‘pragmatiese apartheid’ na die ‘totale strategie’ en ‘Nuwe Bedeling’ of modernisering van rassediskriminasie) verteenwoordig die sienings van Afrikaner-intellektuele (tradisionele en organiese intellektuele) immers 'n stroming wat nie los staan van ander faktore soos die rol en invloed van die media, die veranderde houding van die kiesers, die uitwerking van swart aansprake/opstand, internasionale druk, ensovoorts, nie.

Met 'n Afrikaner-regering aan bewind het Afrikaner-intellektuele ruim geleentheid gehad om regeringsbeleid te beïnvloed. Dit gebeur veral in die vyftigerjare toe intellektuele soos GD Scholtz, W Eiselen, die SABRA-groep, leidende figure in die Afrikaanse kerke en prominente Broederbonders ywerig hul sienings oor ‘afsonderlike ontwikkeling’ uitgespel en hul deel bygedra het tot die ideologiese klemverskuiwing na ‘positiewe apartheid’ (soos uiteengesit deur Du Toit, 1975: 41-43).

Andersdenkende (tradisionele) Afrikaner-intellektuele wat hulle teen die amptelike beleid uitgespreek en dus teen die ‘volkswil’ verset het, is van

‘volksverraad’ beskuldig en gedoem tot die ‘wrede lot (van) ekskommunikasie uit die kring van regte Afrikaners’ (Willem de Klerk, 1984: 22). Dit sluit gerespekteerde geleerdes in, soos die NG Kerk-teoloog, prof. BB Keet, die oud-Broederbonder, prof. LJ du Plessis, en die dertien Pretoriase akademici wat in 1955 protesteer teen die verwydering van die bruin kiesers van die gemeenskaplike kieserslys. Selfs afwykende idees oor afsonderlike ontwikkeling vanuit die SABRA-groep is in die kiem gesmoor en dr. Verwoerd self het ingegryp om die NG Kerk daartoe te bring om die besluite van die Cottesloe-beraad te repudieer. Die ‘liberale’ geestelikes wat tydens die beraad na vore getree het, verdwyn mettertyd op die agtergrond - die opvallende uitsondering is dr. Beyers Naudé wat bedank uit sy amp as Moderator van die NG Kerk in Suid-Transvaal en die ekumeniese vereniging die Christelike Instituut (wat apartheid verwerp as valse evangelie) stig. Die prys wat hy moes betaal vir sy andersdenkendheid was, naas die verbod op die Instituut en dié se mondstuk, ‘the wrath of powerful forces in the Afrikaner community’ (Randall, 1982: 29) wat lei tot jarelange inperking. 'n Ander Afrikaner-intellektueel uit stoere Boervoorgeslagte, adv. Bram Fischer, se idees oor die rol van die Afrikaner ten opsigte van die blootlegging en beëindiging van die ‘monsteragtige implikasies van 'n beleid wat op rassediskriminasie gebou is’ (Ludi en Grobbelaar, 1966: 76-77) en sy betrokkenheid by 'n ‘sameswering teen die staat’ bring mee dat hy totaal uit die Afrikanerlaer gestoot en as verraaier gevonnis word.

Du Toit (1983: 15) voer in die lig van sodanige onderdrukking van dissidensie aan dat die ‘etniese inkapselering’ van Afrikaanse intellektuele ironieserwys sy hoogtepunt bereik het nadat die leierskap van die Nasionale Party in die hande van 'n uitgesproke intellektueel, dr. HF Verwoerd, gekom het. Dít het, saam met die groter rol van die veiligheidsmagte ná Sharpeville, voorlopig die einde van onafhanklike invloed deur Afrikaner-intellektuele beteken sodat die Afrikanerdom in dié tyd 'n ‘rotsvaste eenheid, 'n strakke ideologiese konsensus’ was wat ‘geen afwyking of kritiese vraagstelling kon duld nie’ (*ibid.*).

Tog, nog vóór die einde van die Verwoerd-era het die eerste botsings tussen ‘verkramptes’ en ‘verligtes’ al na vore begin kom. Dié terme is geskep deur Willem de Klerk (in 'n toespraak wat op 6.10.66 in *Die Transvaler* gepubliseer is) en tref 'n onderskeid tussen, aan die een kant, Afrikaners wat ‘verkleefd is aan ou idees en gebruike’ en wat die volk tot ‘verstarring en koppige selfhandhawing’ wil lei en, aan die ander kant, dié wat nie toegee aan ‘oordrewe nasionalisme’ nie en gevoelig is vir ‘openheid’ en ‘progressie’. Botsings tussen die verligtes en verkramptes oor kwessies rakende toenadering tussen Afrikaners en Engelssprekendes, Vorster se ‘uitwaartse’ beleid en kultuursake (soos gemanifesteer in die reaksie op jong skrywers en die stryd om die beheer oor die FAK en die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns) was eintlik 'n hervatting van vroeëre onderlinge struwelinge, maar ná die kort tydperk van Verwoerdiaanse hegemonie is die versigtige artikulering van ‘verligte’ idees deur kunstenaars, joernaliste, akademici, kerkleiers en besigheidslui (die tradisionele intellektuele) beskou as 'n potensiële breuk met die hele Afrikaner-geskiedenis (*ibid.*). Hierdie intellektuele beywer hulle sedert die middel sewen-

tigerjare vir 'n ‘verbreding’ van Afrikaner-nasionalisme (vergelyk Degenaar, 1978: 38).

Moodie (1975: 289) noem die Sestigers (wat hulle beroep op NP van Wyk Louw as geestelike voorganger) die ‘egte’ verligtes, maar wys daarop dat Afrikaner-verligtheid nooit 'n bewuste ‘beweging’ was nie. (Dit sal later blyk dat Breytenbach nie vrede daarmee gehad het dat hy tot een van die Sestigers gereken is nie.) Van Zyl Slabbert sien 'n ‘verligte’ as 'n enkeling ‘who experiences a conflict between the parochial demands of the particular organization within which he finds himself and the more universal demands of his occupation’. Volgens hom was verskillende Afrikaners ‘verlig’ oor verskillende sake; die impak wat 'n verligte maak, was dus eerder dié van ‘nuisance value to the establishment *within* the institutional boundaries of the Afrikaner organization in which he finds himself’ (1975: 13-14); André P Brink self verwys na dié houding as een wat die Afrikanerlaer verbreed het (1976: 5). Anders as vroeër kan ‘verligte’ Afrikaner-intellektuele nou ‘afwykende’ beskouings bínne die nasionalistiese establishment lug sonder om hul bande met die binnekring te verbreek. Só hoop hulle om ‘hervormings’ aan te bring, sonder om soos (radikaal) andersdenkende Afrikaners ‘hul tyd te mors in opposisiekringe wat tog geen mag het nie, of by futiele protesgebare te bly’ (Du Toit, 1983: 16). Van die ‘verligtes’ se langtermyn hervormingstrategie het egter teen die laat sewentigerjare, volgens 'n kommentator soos Slabbert, nog maar min tereggekom. Die beweging weg van kulturele eksklusiwiteit wat deur die ‘verligtes’ bewerkstellig is, het selfs die Nasionale Party se appèl op die kieserskorps versterk omdat die handhawing van blanke (in teenstelling met Afrikaner-) voorregte en vooruitgang die strydpunt geword het wat die tradisionele taalverdelings in blanke verkiesingspolitiek oorbrug het (Slabbert, 1975: 16).

Die ‘verligtes’ se politieke strategie van ‘binne die raamwerk’ bly, het berus op die aanname dat die Nasionale Party die sleutelinstrument tot politieke verandering kan wees, 'n geloof wat Breytenbach nooit gedeel het nie. Met die opkoms van PW Botha en sy uitgesproke ‘hervormingsbeleid’ het, volgens Du Toit (1987: 11), die ‘verligtes’ se oomblik van waarheid aangebreek, want dit sou nou in die praktyk moes blyk of die Nasionale Party wel 'n instrument vir hervorming kon word al dan nie. Teen die tyd dat die blanke parlementêre verkiesing van Mei 1987 te midde van 'n algemene noodtoestand aanbreek, was daar egter toonaangewende ‘verligtes’ wat nie meer onvoorwaardelik kon glo in Nasionale Party-geleide hervorming nie. Die ‘Nuwe Natte’, ‘onafhanklikes’ of ‘ontnugterde verligtes’ soos Wynand Malan, Denis Worrall, Willem de Klerk en Dawid de Villiers erken dat die politieke strategie waarop hulle hul hoop gevestig het, ontoereikend is: die Nasionale Party kan nie in 'n instrument van hervorming omgeskep word nie (*ibid.*).

Hierdie opposisiegeledere word geskei in dié wat die parlement nog as middel tot verandering aanvaar; dié wat deelname aan die staatsregterlike strukture verwerp en dié wat as ‘brugbouers’ na nie-rassige demokratiese bewegings wil optree. Organisasies soos die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (IDASA) deel forums met individue verbonde aan die United

Democratic Front (UDF), die South African Youth Congress, die National Education Crisis Committee en die Congress of SA Trade Unions (COSATU) (vergelyk hieroor Friedman, *WM.*, 9-15.10.87 en Slabbert, 1987: 16-17). Die meer Afrikaans-georiënteerde Nuwe Demokratiese Beweging (NDB) laat ook die klem op samespreking met buite-parlementêre bewegings val (soos blyk uit Malan se deelname aan die Dakar-besoek).

In hierdie nuwe Afrikaner-opposisiepolitiek val die klem op ‘vrywillige’ en ‘vrye assosiasie’, op ‘redelikheid’ en op ‘nasiebou’. Die keuse is vir ‘versoenings-’, ‘proses-’ of ‘onderhandelingspolitiek’ en téén ‘konflikpolitiek’ (Louw, 1987: 20). Voorstanders van onderhandelingspolitiek glo dat die nuwe Demokratiese Party (wat in April 1989 gebore word uit 'n samevoeging van die Progressiewe Federale Party, die Nuwe Demokratiese Beweging, die Onafhanklike Party en die sogenaamde ‘Vierde Mag’) kan bydra tot die skep van nuwe strategieë vir 'n gesprek oor demokratiese alternatiewe.

Breytenbach was reeds vroeg in sy politieke loopbaan sterk oortuig dat juis die Afrikaner-intellektueel 'n belangrike rol in ‘die swart bevrydingstryd’ te speel het. In 'n brief wat hy in 1963 aan André P Brink skryf (aangehaal in Brink, 1976:5), vra Breytenbach waarom Afrikaner-intellektuele nie 'n positiewer, selfs militanter, politieke houding inneem nie. Is dit omdat daar gewag word op 'n grootmoedige houdingsverandering by die Afrikaner in plaas daarvan om aan te dring op geregtigheid en erkenning van die menswaardigheid van almal in Suid-Afrika? Volgens hierdie brief het Breytenbach gevoel dat hy eers respek vir die Afrikaner (en vir homself) sal hê as *Afrikaners* onder huisarres geplaas word, deur die veiligheidspolisie ‘ondervra’ word en tel onder die beskuldigdes soos dié in die Rivonia-verhoor. Hierdie uitlating dateer uit die tydperk vóór Breytenbach se verskyning op die literêre en politieke toneel in Suid-Afrika, maar dit reflekteer 'n houding wat ten grondslag lê van sy voor-tronkstellings ten opsigte van die funksie en aard van die literatuur en die rol van die wit Afrikaanse skrywer as intellektueel binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Ná sy vrylating uit die tronk het daar wel verskuiwings plaasgevind in sommige van sy standpunte (hieroor meer in hoofstuk 7).

III
Breytenbach en die bevrydingstryd

Breytenbach se uitsprake en optrede neem 'n spesifieke plek binne die swart bevrydingstryd (soos uiteengesit deur onder andere Lodge, 1983) in. Binne die verskuiwings in die ideologiese klimaat van die sestiger- tot die tagtigerjare verteenwoordig die rol en invloed van swart aansprake 'n belangrike stroming. In hierdie tyd het 'n oorgang van vreedsame, nie-gewelddadige protes na georganiseerde, militante verset plaasgevind en het die swart bevrydingstryd

verskuif van gewettigde optrede na ondergrondse en bannelingstrategieë. Hierdie stryd was egter nooit eksklusief ‘swart’ nie omdat blankes hulle in verskillende stadia en vanuit verskillende ideologiese vertrekpunte daarmee vereenselwig en/of daaraan meegedoen het.

Die tydperk 1912-1939 was een waarin swart ontevredenheid gegroei het van petisie tot uitdaging. Die South African Native National Congress is in 1912 gestig en in 1923 herdoop tot die African National Congress (ANC). In 1949 het die ANC, ontnugterd deur die oneffektiwiteit van hulle strategie van petisie, 'n Program van Aksie aanvaar as antwoord op die implementering van die nuwe Nasionale Party-beleid en as 'n uitvloeisel van die nuwe lewe wat die Youth League in die organisasie geblaas het. Dit was veral jong leiers soos AP Mala, Oliver Tambo, Walter Sisulu, Jordan Ngubane, Nelson Mandela en Robert Sobukwe wat in hierdie tyd 'n belangrike rol begin speel het. Die Program van Aksie het die riglyne neergelê vir die vorm wat swart weerstand in die periode 1949-1960 sou aanneem: die gebruik van boikotte, stakings en nie-gewelddadige burgerlike ongehoorsaamheid as strategieë om die aspirasies van swart nasionalisme te verwesenlik.

Die Program van Aksie lei tot die ANC se ‘Defiance Campaign’ van 26 Junie 1952 - die grootste nie-gewelddadige versetveldtog ooit in Suid-Afrika en die eerste massa-veldtog wat gesamentlik deur swartes en Indiërs gehou is. Hiertydens is meer as 8 000 mense in hegtenis geneem vir die oortreding van apartheidswette en die ANC-lidmaatskap het met tienduisende gestyg. Alhoewel die veldtog daarin geslaag het om 'n effektiewe massa-aanhang vir die swart nasionale beweging te mobiliseer, het dit nie blanke mag gedisorganiseer nie en het dit nie daarin geslaag om die regering van koers te laat verander of om die simpatie van groot getalle wit kiesers te wen nie. Wit ondersteuning kom in hierdie tyd slegs van radikale indiwidue soos Patrick Duncan en van die klein hergegroepeerde ‘white left’ in die South African Congress of Democrats en die Suid-Afrikaanse Liberale Party.

In hierdie tydperk wen die idee van 'n nasionale konvensie veld en in 1955 vind 'n ‘Congress of the People’ plaas by Kliptown, bygewoon deur 3 000 afgevaardigdes van die African National Congress, Indian Congress, Coloured People's Organization asook die blanke Congress of Democrats. Volgens die *Freedom Charter*, wat hier aanvaar word, sou gestrewe word na volkome gelykheid vir alle nasionale groepe.

Die ideologiese verskille tussen ANC-lede lei in 1959 tot die wegbreek van die Afrikaniste-aanhangers en die stigting van die Pan Africanist Congress (PAC) onder leiding van Robert Sobukwe. Die PAC beklemtoon Afrika-nasionalisme sterker as die ANC wat nog steeds 'n voorstander van 'n veelrassige staat is. Die PAC argumenteer dat swartmense 'n ideologie benodig wat die massa sal verenig en motiveer, maar dat hierdie ideologie nie die liberale idee van veelvolkigheid of dié van Marxisme kan wees nie.

Sowel die ANC as die PAC beywer hulle teen 1960 vir 'n paswetveldtog. Die PAC se werwingsveldtog in die digbevolkte Vereeniginggebied kulmineer in die groot opmars na die Sharpeville-polisiekantoor op 21 Maart 1960 in 'n poging om grootskaalse inhegtenisneming op grond van paswet-oortredings uit te lok.

Die optog loop uit op 'n skietery waartydens 69 mense dood en 180 gewond is - 'n voorval wat aan die wêreld toon dat apartheid nie gebaseer is op ideologiese instemming van die onderdrukte massas nie (Davies, 1984a: 26). Onluste breek ook in 1960 uit onder trekarbeiders in Langa en Nyanga wat sterk onder die indruk van die PAC se werwingsveldtog kom. 'n Klein radikale blanke groepie (gesentreer om die koerant *Contact*, onder die redakteurskap van Patrick Duncan) speel 'n belangrike rol in hierdie post-Sharpeville-opstande - veral as skakel tussen die PAC en die owerhede. Die regering se *ad hoc*-opheffing van die paswette - die eerste toegewing wat gedoen is aan swart politieke inisiatief - lei in 'n vlaag van politieke selfversekerdheid tot uitgebreide stakings en 'n opmars na Kaapstad.

Sharpeville en wat daarop volg maak 'n diep indruk op lede van die geslag jong skrywers wat spoedig bekend sou staan as die Sestigers. Brink hoor die nuus in Parys en sy eerste reaksie was dié van ‘as my mense ondergaan, wil ek saam met hulle ondergaan’; die ‘vreeslike insig’ waartoe hy kom, is: ‘if this was really the apocalypse, if “my people” were really sinking - then it was their own fault, the inevitable retribution for what they themselves had done and had allowed to be done...’ Hierdie ervaring dra by Brink by tot die afbreek van vroeër gekoesterde sekerhede en oortuigings en die groei van twyfel in tot nou toe aanvaarde gemeenskapstrukture (1983a: 32-33). Tydens 'n onderhoud met Willem Roggeman verwys Breytenbach na sý reaksie op die nuus van die ‘massamoord’ by Sharpeville. Ook hy was destyds in Parys - waar hy pas aangekom het na hy via Valencia en Barcelona na Frankryk geryloop het. Hy was naamlik daarvan oortuig dat die gebeure by Sharpeville sou lei tot die ‘verwagte algemene losbarsting tuis’ en het met sy laaste bietjie geld die Kanaal oorgesteek na Engeland waar hy die nuus sou kon volg (1974a: 10). (In 1971 maak Breytenbach in 'n brief aan sy uitgewer, Koos Human, melding van 'n toesprakie wat hy aan hom gestuur het wat bedoel was vir moontlike persvrystelling ná die oorhandigingsfunksie van die CNA-prys vir 1967. Volgens hierdie brief (wat in *Stet*, Jun. 1985 gepubliseer is) bevat die geskrif, wat toe nooit vrygestel is nie, verwysings na Sharpeville.)

Die verwagte algemene losbarsting vind egter nie plaas nie. Die regering kondig 'n noodtoestand af en herstel die orde deur die mobilisering van burgermageenhede, inhegtenisneming van vermeende opstokers, die verbod op die ANC en PAC onder die nuwe Wet op Onwettige Organisasies en die bekamping van ondermynende aktiwiteite deur die Wet op Terrorisme. Oor die verbod op die ‘belangrikste Suid-Afrikaanse politieke bewegings’, veral die ANC, laat Breytenbach hom só uit: ‘Dit was natuurlik 'n belaglike ding om te doen, asof die verbod op die bestaan van die verteenwoordigende organisasies die geregverdigde belange wat hulle verteenwoordig ook uit die weg sou ruim. Nou, as 'n mens terugkyk op daardie tydperk is dit duidelik dat dit 'n keerpunt in ons geskiedenis was. Die blanke het toe die laaste kans om die mag op 'n vreedsame wyse aan die meerderheid oor te gee, verspeel’ (1974a: 12).

In die nasleep van Sharpeville is Robert Sobukwe van die PAC aangekla en tot drie jaar tronkstraf gevonnis; daarna is hy jare lank in voorkomende aanhouding. Ná sy vrylating word hy ingeperk op Kimberley. Tydens sy

1973-verblyf in Suid-Afrika besoek Breytenbach dié eertydse PAC-leier. (In berigte op 16/17.3.72 in *Bu.*, *Vo.*, *Tv.*, *Star*, *RDM*. en ander koerante word bespiegel of Sobukwe dalk in die moeilikheid kan beland oor dié besoek.) In *Stet* (1985: 7-8) vul Truida Lijphart na aanleiding van die Nederlandse uitgawe die ontbrekende fragment in die Afrikaanse uitgawe van *'n Seisoen in die paradys* (1976: 164) aan waarin Breytenbach sy besoek aan Sobukwe beskryf. Hiervolgens beskou die skrywer die swart leier as ‘een van die heel weiniges’ van al die ‘historiese en nog lewende leiers van die Suid-Afrikaanse volk’ wat nie in die gevangenis sit of in ballingskap is nie: ‘Vir so 'n man is die regime bang en wanneer mens die man ontmoet is dit duidelik waarom. Die krotwyk waar hy gedwing word om te woon... kan nie afbreuk doen aan sy outoriteit nie. Die mense respekteer hom en sien na hom op vir leiding. Selfs die voltydse toesig waaronder hy gehou word deur die politieke polisie is 'n aweregse soort kompliment...’

Sharpeville en die gevolge daarvan verteenwoordig ‘a turning point in the history of African nationalism, when protest finally hardened into resistance, and when African politicians were forced to begin thinking in terms of revolutionary strategy’ (Lodge, 1983: 225). In die sestigerjare vind daar dan ook 'n oorgang plaas van 'n ‘loosely structured mass organization to a clandestine insurgent revolutionary élite’ (*op.cit.*: viii). Omdat elke wettige en vreedsame poging om toegewings te bewerkstellig tot dusver misluk het, begin swart leiers al meer voel dat geweld die enigste alternatiewe bedingingsmag geword het. Die twee vertakkings van die nou verbode nasionale organisasies (die ANC se nie-rassige militêre vleuel, *Umkonto we Sizwe*, en die PAC-georiënteerde *Poqo*-beweging) beywer hulle voortaan vir revolusionêre verandering en is albei bereid om geweld te gebruik om dit te bewerkstellig (soos uiteengesit deur Davies, 1984b: 288-290). Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) speel 'n leidende rol in Umkonto se program van ekonomiese sabotasie wat moes oorgaan in guerilla-oorlog. Later sou aangevoer word dat die Afrikaanse advokaat, Bram Fischer, gemoeid was met die opstel van dokumente soos *Operation Mayibuye* waarin die ‘weg na oorwinning deur geweld’ uiteengesit is (Ludi en Grobbelaar, 1966: 122-131; vergelyk ook Davies, *op. cit.*: 290-294).

Tentatiewe voorbereidings vir 'n guerilla-oorlog word gefnuik deur wetgewing teen sabotasie, aanhouding sonder verhoor, huisarres, die infiltrasie van spioene en die arrestasie van leiers van die versetbeweging in Junie 1963 by die Rivonia-hoofkwartiere. Dit, tesame met die voortgesette toepassing van staatsgeweld teen enige teken van volksopstand in die daaropvolgende jare het massa-optrede vir byna 'n dekade aansienlik gedemp (Davies, 1984a: 28).

Tydens die Rivonia-verhoor word Nelson Mandela en ander gevonnis tot lewenslange tronkstraf. Uit weggelate fragmente uit *Seisoen*, aangevul deur Lijphart (1985: 7), blyk Breytenbach se gevoel oor Rivonia, ‘'n naam wat nog steeds [in 1973] soos 'n vloek weerklink’ en oor die ‘regmatige leiers’ se afsondering op Robbeneiland, die ‘skandvlek’. Die ‘rustige stem’ van die ‘wyse man’ wat oor die water kom (vanaf die eiland waar Mandela en Fischer aangehou word), bring 'n boodskap:

> Om onderdrukking omver te gooi, dit is goedgekeur deur die mensdom en dis die hoogste strewe van iedere vry mens... Julle kan sien dat daar nêrens 'n maklike weg is na vryheid toe nie, en meer as een van ons sal deur die dal van doodskaduwee moet loop, weer eens en weer eens, voordat ons die bergtoppe van ons verlangens bereik... Ek sal aan julle sy hierdie Regering beveg, duim vir duim en myl vir myl totdat oorwinning behaal is... Wat my betref, ek het die keuse gemaak. Ek sal Suid-Afrika nie verlaat nie; ek sal nie oorgee nie... Dis net deur lyding, met opoffering en militante aksie dat vryheid verower kan word. Die stryd is my lewe. Ek sal aanhou veg vir vryheid tot aan die einde van my dae...

Ná Rivonia en die verbanning van Mandela en ander na Robbeneiland, is daar 'n verskuiwing in die swart nasionale beweging na ‘exile politics’. Die verantwoordelikheid vir militêre besluite verskuif na die buitelandse vleuel van die ANC onder leiding van Oliver Tambo. Die periode 1963-1969 word gekenmerk deur pogings om Suid-Afrika deur Rhodesië te infiltreer, die vorming van 'n verbond met die Zimbabwe African People's Union (ZAPU) en die aanvoering van gesamentlike optrede teen die Rhodesiese leër en die Suid-Afrikaanse polisie in die Wankiegebied. In 1970 kom daar 'n einde aan ANC/ZAPU-samewerking.

Tussen 1970 en 1975 neem pogings om Suid-Afrika te infiltreer die vorm aan van koeriers wat met vals paspoorte/identiteitsdokumente oor amptelike kontrolepunte kom. Die opspraakwekkendste voorbeeld hiervan was juis Breytenbach. Hy was nie lid van die ANC nie (Breytenbach, 1984a: 49) en het selfs krities gestaan teenoor die invloed van die SAKP binne die organisasie (*op.cit.*: 61-62) en teenoor bepaalde strategieë van die ANC, soos die saamgroepering van wit en swart militante teen apartheid (*ibid.*) Sy politieke bedrywighede het momentum gekry toe hy in 1972, op versoek van John Makhatini, die leier van die ANC vir Noord-Afrika en Europa, lid geword het van die anti-Suid-Afrikaanse organisasie Atlas. Die doel van die organisasie was om met hulp van blanke uitgewekenes en met die samewerking van swart vryheidsbewegings die regering van Suid-Afrika tot 'n val te bring. In Parys word Breytenbach op indirekte wyse, deur die Franse beweging Solidarité, iets wys van geheimhoudingsprosedures. Tydens sy 1973-besoek aan Suid-Afrika kon hy tentatief begin met die stigting van die geheime organisasie Atlas/Okhela (laasgenoemde deur hom en 'n groepie vriende geïnisieer). In die Okhela-manifes (opgeneem in Breytenbach, 1984a: 329-336) word daarop aanspraak gemaak dat die ANC die organisasie gelegitimiseer het deur die versoek om dit te stig. In 'n voetnoot (*op.cit.*: 335) sê Breytenbach dat dit nie waar is nie: ‘In fact the office-bearers of the ANC with whom we were in contact, could not and did not encourage us in the name of the ANC’.

Okhela is gevorm ter ondersteuning van 'n faksie binne die ANC (*op.cit.*: 49) maar eintlik ‘in tandem met Steve Biko se Swart Bewussynbeweging’, want ‘Breytenbach het 'n demokratiese eenheidstaat voorgestaan, maar dit nodig geag dat blanke aktiviste onafhanklik onder hulle eie mense moes werk’ (Walzer, 1988: 32). Ná sy terugkeer in Parys kom Okhela behoorlik op dreef, onder meer met die aansluiting van Barend Schuitema (sekretaris van die

Anti-apartheidsbeweging in Nederland), Donald Moerdijk, Don Morton en sy eertydse Kaapse vriend Jobst Grapow. Einde Julie 1975 vertrek Breytenbach met 'n vals paspoort na Suid-Afrika om twee verteenwoordigers vanuit die vakbonde vir Okhela te werf. Ná twintig dae waarin hy steun en lede vir die organisasie probeer werf, word hy op 19 Augustus 1975 in hegtenis geneem.

Al is interne swart weerstand teen die regeringsbeleid in die sestigerjare voorlopig gestuit deur verskillende onderdrukkende maatreëls, sodat die klem verskuif het na ‘exile politics’ waarby Breytenbach betrek is, kom daar teen die einde van die dekade weer tekens van opstand in die land self - die dominante ideologie wat hierdie opstand gerig het, was dié van ‘Black Consciousness’. WA de Klerk (1976: 321) sien dit as 'n ironiese ontwikkeling binne die geskiedenis van die Afrikanerdom wat self so nóú verweef is met die konsep van nasionalebewustheid.

Die Black Consciousness Movement het die ruimte gevul wat gelaat is deur die verbanning van die ANC en PAC. In hierdie fase van die swart nasionale bevrydingstryd was dit veral 'n groep ‘bevoorregtes’ - die studente van die swart universiteite - wat in opstand kom teen Afrikaner-nasionalisme. Die eerste organisasie wat vir die Black Consciousness Movement voorspraak gedoen het, was die South African Students' Organization (SASO), onder leiding van Steve Biko (wat Breytenbach op sy 1975-besoek aan Suid-Afrika probeer werf het vir Okhela - vergelyk Breytenbach, 1984a: 83).

Die nuwe groep ‘organiese’ intellektuele besef spoedig dat hulle hul na die onderdrukte gemeenskappe moet wend om 'n breër basis vir die beweging te verseker. Die konsep word dan doelbewus van die universiteite na skole, die kerk en ander groepe uitgedra. In 1972 is die Black People's Convention gestig, die eerste openlike politieke organisasie onder swartes sedert 1960. In dieselfde jaar is die Black Community Programme in die lewe geroep. Teen 1976, met die uitbreek van die Soweto-onrus en Breytenbach in eensame aanhouding, was die Swart Bewussyn-filosofie die oorheersende invloed op die politieke sienings van jong, stedelike, middelklas swartes en een van die belangrikste motiverende kragte vir opstand (vergelyk hieroor Davies, 1984a: 33). Omdat bevryding in holistiese terme gesien is, het dit al die aspekte van die swart gemeenskap geraak en daarom het dit ook kulturele gestalte gekry - soos gesien kon word in die ‘township’-literêre oplewing van die vroeë sewentigerjare. In 'n gesmokkelde brief aan Marius Schoon verwys Breytenbach na die aande van ‘versetpoësie’ in Holland waar hy kennis gemaak het met swart (uitgeweke) digters soos Dennis Brutus, Mazisi Kunene, Lewis Nkosi, Kgositsile en Serowe (sic) (Viviers, 1978: 127).

Breytenbach was deeglik bewus van die invloed van Swart Bewussyn en sy besinning oor ‘Suid-Afrikanerskap’ en die rol van die intellektueel het raakpunte daarmee. Volgens hom is Swart Bewussyn nie slegs vir gekleurdes nie, maar ook vir politiek-bewuste blankes wat hulself sien as Afrikane en nie meer as Europeërs nie (*De Volkskrant*, 20.6.72). In *The true confessions of an albino terrorist* voer Breytenbach Swart Bewussyn aan as een van die redes waarom hy en sy vriende kritiek van links teen die veelrassige Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party se rol in die buitelandse vleuel van die ANC gehad het in die vroeë

sewentigerjare: '...we thought that the SACP was papering over the real problems of cultural awareness (after all, we've had Black Consciousness in the meantime!); and we thought that by grouping Black and White - in this way, at this level - in the same organisation, one was *diminishing the effectiveness of the militants* by confusing the feedback and making it difficult for people (with their daily experience of harsh Apartheid...) to identify with the Party' (1984a: 61-62; ook 333). Die stigting van Okhela was dus 'n poging om aan wit militantes wat as gevolg van die Swart Bewussynbeweging 'uitgestoot' kon word, die geleentheid te gee om effektief op te tree teen apartheid. (Vergelyk ook Breytenbach se brief aan Schoon in Viviers, 1978: 137.)

Soos vroeër met ander swart politieke bewegings gebeur het, het die Suid-Afrikaanse regering egter ook in die sewentigerjare teen die Swart Bewussynbeweging opgetree. Leiers soos Steve Biko van SASO en Bennie Khoapa, direkteur van die BCP, is ingeperk en aangehou - eersgenoemde sterf tydens aanhouding. (Breytenbach laat hom meermale uit oor 'dood in aanhouding', vergelyk 'Brief uit vreemde aan slagter' in *Skryt* (1972) wat sinspeel op die dood van die aangehoudene Timol; die daaropvolgende teks wat bestaan uit 'n naamlys van gevangenes wat 'onder behandeling van die veiligheidspolisie, geboorte aan hul dood (ge)gee' het, asook Lijphart (1985: 7) se aanvulling tot *Seisoen* (1976: 152) oor die geval Iman Abdullah Haroen.)

Op 19 Oktober 1977 word 'n verbod geplaas op die sestien belangrikste Swart Bewussynorganisasies, op die swart koerant *The World* en die veelrassige Christelike Instituut. Van die leiers word gevonnis tot gevangenisstraf op Robbeneiland; enkeles verlaat die land en die ou patroon word herhaal deur die totstandkoming van 'n 'Black-Consciousness-movement-in-exile' in Londen.

Sedert die 1976-opstande het die ANC homself bevestig as die politieke beweging met die grootste populêre aanhang in die swart woonbuurte van Suid-Afrika. 'n Herbevestiging van die uitgangspunte van die *Freedom Charter* van 1955 vind in 1983 plaas met die stigting van die nie-rassige United Democratic Front (UDF) wat die 'Charterist'-tradisie in die swart politiek voortsit.

Breytenbach, wat nog altyd krities gestaan het teenoor fasette van die ANC se beleid en strategie en ná sy vrylating nog nie glo dat daar enige kans is dat dit gaan verander in 'n vry demokratiese organisasie nie (1984a: 327), erken egter die ANC in die tagtigerjare as dié massa-organisasie wat die saak van swart politieke mag die beste verteenwoordig: 'The African National Congress... will eventually rule the country... It is conceivable that the present totalitarian State will be replaced by one which may be totalitarian in a different way... and yet there is no other way. How can we advance unless we destroy racism?' (*ibid.*)

Die swart 'politieke spel' van die tagtigerjare staan in die teken van 'n oplewing in sowel die 'gewapende stryd' as van 'popular resistance' (en die boikot-strategie) onder die vleuels van die 'buite-parlementêre, nie-rassige demokratiese beweging'. Betrokke organisasies word aan die een kant gekortwiek deur onderlinge botsings met mekaar en faksieverdelings in eie geledere. Aan die ander kant moes hulle hulself handhaaf binne die beperkings van twee

noodtoestande en die opkoms van reaksionêre en ‘vigilante’-bewegings. Die beperkinge wat die noodtoestande en die afkondigings van 24 Februarie 1988 die swart versetbeweging opgelê het, het moontlik bygedra tot 'n nuwe strategie: die tentatiewe uitreiking na gewettige, blank geïnisieerde buite-parlementêre of ‘brug’-organisasies soos IDASA en die ontbinde NDB, wat hulle beywer vir 'n ‘nuwe onderhandelingspolitiek’.

IV
Die rol van die pers ten opsigte van Breytenbach as openbare figuur

Breytenbach het in sy skrywers- en openbare lewe telkens gesorg vir ‘nuus’ in die sin van opspraakwekkende of belangwekkende ‘gebeure’. As skrywer word hy ‘nuuswaardig’ as gevolg van die publikasie van tekste wat die lesersverwagtingshorison drasties verskuif, van omstrede prystoekennings of -weerhoudings, van dreigende én werklike sensuuroptredes teen hom. As politieke figuur sorg hy vir ‘nuus’ as gevolg van sy huwelik, die visumweierings aan sy vrou en homself, sy omstrede politieke uitsprake, inhegtenisneming en vonnis, vroeë vrylating, deelname aan die Dakar-samesprekings, ensovoorts. ‘Nuuswaardig’ was hy dus wel deeglik in die oë van joernaliste - alhoewel hulle selde die gebeure om hom in verband met die wyer sosiale en politieke konteks gebring het.

Breytenbach ontlok uiteenlopende reaksies van die verskillende Afrikaanse koerante en van hulle lesers. Teenoor dié wat versigtige voorstanders van ‘verdraagsaamheid’ is en 'n lansie breek vir die toelaat van ‘uitsonderings op die reël’ ter wille van ‘menslikheid’, staan dié koerante wat Breytenbach etiketteer as ‘volksduiwel’ - as bedreiger van die ‘tradisionele’ en ‘algemeen’ aanvaarde. In dié proses help die pers mee om hom te verhef tot 'n ‘held’ in die oë van dié wat buite die hegemoniese groep staan.

Die uiteenlopende reaksie van die verskillende koerante op Breytenbach word in die hoofstukke wat hierop volg, voortdurend bekyk teen 'n wyer agtergrond: die stryd tussen die persgroepe, die bepalende rol wat die onderskeie redakteurs se ideologiese opvattings speel, en die geleidelike klemverskuiwings in die dominante ideologiese klimaat.

In die eerste dekades van hulle bestaan was die groot Afrikaanse persgroepe nou verbonde met faksies binne die Nasionale Party. Die koerante van die Nasionale Pers (byvoorbeeld *Die Burger*) het die ideologiese voorkeure van die Kaapse tak van die Nasionale Party onderskryf en bevorder, terwyl die Afrikaanse Pers Beperk (later Perskor) dié funksie ten opsigte van die Transvaalse tak vervul het. Die politieke funksie van die pers word duidelik

gedemonstreer in die vulling van hekwagtersrolle: veral die keuse van redakteurs asook die samestelling van direksies uit leidende politieke figure (vergelyk Hachter en Giffard, 1984: 179-180).

Tot in die sestigerjare het die Afrikaanse koerante gewoonlik die partyleiding lojaal gevolg en selde botsende menings uitgespreek of berig oor partywoelinge. *Die Burger* was die eerste Afrikaanse koerant wat 'n andersoortige rol in die Afrikanerdom begin vertolk het: ‘a role which is outonomous yet at one with the Nationalist Party - a role of mild rebelliousness conjoined with loyalty’ (Otto Krause, *News/check*, 13.3.64). Die koerant het dit sowel sy reg as sy plig begin beskou om ‘nuwe denkrigtings’ te verkondig en die publiek te beïnvloed en te lei (Pienaar, 1979: 128).

Dat die dae van slaafse navolging van die Party ook vir die ander Afrikaanse koerante iets van die verlede was, blyk uit die hantering van partywoelinge in die laat sestigerjare wat uitloop op die stigting van die HNP. Nasionale Pers se koerante (veral die Sondagblad *Die Beeld*, asook *Die Burger* en *Die Volksblad*) het nie net die Afrikanertwis gereflekteer nie, maar 'n veldtog teen die Hertzoggroep gevoer - iets wat skerp in teenstelling was met die tradisie dat sulke geskille uit die Afrikaanse pers gehou word. Dit gee aanleiding tot groot bitterheid onder die behoudendes oor ‘liberale’ Afrikaanse koerante wat ‘bitsige aanvalle’ op ‘leidende nasionaalgesinde Afrikaners’ doen (Scholtz in Dreyer, 1977: 68; Van Jaarsveld, 1971: 465). Die koerante van APB (veral *Die Vaderland* en *Hoofstad*) het in hierdie tyd van woelinge 'n forum vir ‘verkramptes’ geword en gereeld briewe gepubliseer waarin die ‘verligtes’ (en die Sestigers) en aspekte van adv. Vorster se beleid aangeval is. *Dagbreek en Sondagnuus* (later *Dagbreek en Landstem*), het in sy sirkulasiestryd met *Die Beeld* 'n dubbelslagtige rol in die verkramp/verlig-stryd gespeel. *Die Transvaler* se rol was deurgaans dié van 'n onsuksesvolle ‘vredemaker’.

In die sestigerjare is die reaksie op Breytenbach (en die Sestigers) 'n barometer van die stryd tussen verkramp en verlig as sodanig. In daardie stadium was die oorwig na die ‘verkrampte’ kant - daarom is die enkele uitsonderings (veral *Die Burger* wat nie kommentaar lewer op sake rakende die digter nie en wat 'n forum bied vir 'n ‘oop gesprek’ oor hom in sy briewekolomme) des te opvallender.

Sedert 1972 het die Afrikaanse koerante, óók Perskor-koerante, teen die grein van sommige direksielede in, ‘verligte’ denkrigtings geïnisieer, ondersteun en uitgebou - al het dit teen die koers van volkome geïntegreerde politiek gebly. Die tweede breuk in die Nasionale Party - dié onder leiding van dr. AP Treurnicht in 1982 - is deur die Afrikaanse koerante help voorberei deur ‘'n skerp kritiek op die regse pogings om die hervormingspolitiek te fnuik en die Nasionale Party te kaap’ (Willem de Klerk, 1984: 74). Tans beskik regse groepe (lede van die Konserwatiewe Party en die Herstigte Nasionale Party) nie oor 'n kommersiële dagblad in die Naspers- of Perskor-stal wat as spreekbuis vir hulle dien nie.

Die Afrikaanse koerante het in die sewentigerjare 'n groot aandeel gehad in die vorming van die openbare mening en 'n klimaat om pragmatiese afwykings van apartheid aanvaarbaar te maak. (Dit sal later blyk hoe hulle Breytenbach

in dié verband as 'n simbool gebruik het.) Die aksente wat in dié tyd baie sterk gelê is, was onder meer die noodsaaklikheid van beraad met swart en bruin; die afskaffing van ‘klein apartheid’; die aanvaarding van stedelike swartmense as permanent en die selfseggenskap oor hul eie sake; die wegbeweeg van diskriminasie en die hersiening van diskriminerende wetgewing; afskaffing van werkreservering; ‘normalisering’ van sport deur opheffing van baie van die begrensinge; die gevare van internasionale isolasie en die noodsaaklikheid van Afrika-diensbaarheid (Hachter en Giffard, 1984: 186 en Willem de Klerk, 1984: 73). Afrikaanse koerante het dan 'n klimaat van ‘verandering’ geskep en meegewerk in die rigting van die politieke beleid van die P.W. Botha-era (vergelyk hieroor WJ Wepener, *Rap.*, 14.10.79). Die Afrikaanse pers projekteer in hierdie tyd ‘verligtheid’ as beeld van die ‘verantwoordelike Afrikaner’ en ‘verkramptheid’ as die afwykende en selfs twyfelagtige (Willem de Klerk, 1983: 342 en 1984: 75). Maar dat die verligte Afrikaanse pers in 'n groot mate nog die dominante ideologie onderskryf, blyk uit uitsprake van die verligte segsman, Willem de Klerk. Hy plaas besondere klem op ‘perspatriotisme’ en onafhanklike politieke joernalisme ‘without violating (the) relationship with the Afrikaans political philosophy’ (1983: 338 en 340).

In die sewentigerjare toe ‘verligtheid’ ál meer ‘aanvaarbaar’ geword het en voorgehou is as die ‘verantwoordelike’ houding, tree daar 'n ander dimensie in vir sover dit persreaksie op Breytenbach betref. Hy word dus in 1973 met ope arms deur die Afrikaanse pers in sy geboorteland verwelkom. Met sy fundamenteel alternatiewe menings en optrede raak hy egter teen 1975 'n verleentheid vir die ‘verligte’ pers wat steeds Afrikanerbelange en ‘wet en orde’ vooropstel.

In die vroeë tagtigerjare steun al die kommersiële Afrikaanse koerante die PW Botha-administrasie en die ‘hervormingsbeleid’. Willem de Klerk verwoord die politieke uitgangspunte van die Afrikaanse pers teen 1984 só: ‘Die politieke koers van die huidige bewind geniet ongetwyfeld die algemene steun van die prominente Afrikaanse koerante... Nie dat die Afrikaanse koerante onkrities is nie... Daar is... 'n tendens om die Regering te maan om nie terug te deins en te veel oor sy regterskouer te kyk nie. Die Afrikaanse koerante is egter *teen die koers van totale geïntegreerde politiek*. Die konsep van afsonderlike ontwikkeling as 'n *leitmotiv* vir ons politiek bly steeds prominente beleid van die Afrikaanse pers. Dit blyk in die swaar aksent op selfbeskikking, 'n eie leefwêreld vir elke groep en eie onderwys... Die Afrikaanse koerante sal alleen hulle invloed as veranderingsagente behou as hulle hulself kan projekteer as onbetwyfelbaar in hulle geworteldheid in die Afrikaanse gemeenskap en in diens van die Afrikaner se behoud van sy selfbeskikking’ (1984: 74 en 77).

Afrikaanse koerante se geloofwaardigheid word in die Botha-tydvak betwyfel deur verskillende lesersgroepe: aan die een kant deur konserwatiewe Afrikaners wat dit te ‘liberaal’ vind en aan die ander kant deur ‘ontnugterde verligtes’ wat voel dat veral die Nasionale Pers se partydigheid vir PW Botha koerante soos *Die Burger* en *Beeld* eensydige nuusbronne maak. Die hantering van die Nasionale Party se ‘leierskapkrisis’ in 1989 dui egter daarop dat die amptelike Afrikaanse pers al meer sy steun verleen aan versnelde hervorming en dat hoop

gerig word op die leiding van FW de Klerk. Die grootste probleem - vir die héle pers - is die stryd om geloofwaardig te bly in die lig van die groeiende neiging van die regering om in reaksie op die sekuriteitskrisis en in naam van ‘wet en orde’ die dekking van sensitiewe nuus te beheer deur wetgewing (vergelyk Giliomee, 1981: 212-217; Willem de Klerk, 1983: 338 en Du Plessis en Olivier, 1987: 130-131).

Die reaksie op Breytenbach se vervroegde vrylating in 1982 is weer eens 'n refleksie van die amptelike Afrikaanse pers se ideologiese rol: as nuwe pragmatiste sien die redakteurs dit as 'n wyse stap op die vooraand van 'n ‘nuwe bedeling’. Sedertdien poog voorstanders van NP-geleide hervorming om Breytenbach skadeloos te stel deur sy uitsprake te betrek waar dit hulle pas (byvoorbeeld by argumente rondom die depolitisering van Afrikaans). Voorstanders van 'n ‘nuwe onderhandelingspolitiek’ en die alternatiewe Afrikaanse pers (by name die ‘onafhanklike’ *Vrye Weekblad*) betrek hom op hulle beurt weer by húlle aksies en strategieë.

Hoofstuk 2
Breytenbach en die Afrikaanse literêre bestel van sestig

Die datum van Breytenbach se verskyning op die Afrikaanse literêre toneel, naamlik 1964, staan in die hart van 'n periode wat gekenmerk is deur die strewe na ‘vernuwing’, veral in die prosa, maar ook in die poësie en drama. Teen hierdie tyd het die jong skrywers wat deel gehad het aan die ‘vernuwing’ reeds in die algemene omgang bekend gestaan as ‘Sestigers’. Van Breytenbach sou dan ook later gesê word: ‘Die poësie van Sestig was die poësie van Breytenbach’ (Coetzee, 1973: 75). Om Breytenbach se literatuuropvatting en teksstrategieë, asook die reaksie daarop, in perspektief te kan plaas, moet dus eers vlugtig na enkele aspekte van ‘Sestig’ as ‘beweging’ gekyk word. (Die strewes van die skrywers van die sewentiger- en tagtigerjare kom later ter sprake.)

I
Was Sestig 'n ‘beweging’?

Vroeg in die sestigerjare spreek jong prosaskrywers hulle uit teen die literêre en gemeenskapsituasie van die tyd. Uit skrywerspleidooie vir 'n prosa wat ‘geen vrees ken nie’ blyk dit dat die aandrang op ‘vernuwing’ nie net gerig was op tegniese vernuwing nie, maar ook op die deurbreking van sosiokulturele taboes en uitgediende opvattings ('n voorbeeld hiervan is die artikel wat André P Brink in 1960 vir *Die Huisgenoot* geskryf het, maar wat afgekeur is vir publikasie en opgeneem is in Brink, 1985b: 18-19). Dit was egter veral tydgenootlike kritici wat sedert die vyftigerjare 'n aanduiding gee van die stand van die Afrikaanse prosa en wat rigtinggewende voorstelle vir vernuwing maak (soos uiteengesit deur onder andere Anita Lindenberg, 1975: 8).

Enkele ‘ouer’ Afrikaanse prosawerke word deur NP van Wyk Louw in sy *Vernuwing in die prosa* (1961) aangedui as die ‘eerste tekens van vernuwing’ (Botha, 1980: 324-325 en Kannemeyer, 1983: 248 sluit by hierdie lysie aan en brei daarop uit). Die ‘vernuwing’ in dié vroeë werke lê, volgens hierdie en ander ingeligte lesers, veral op die vlak van surrealistiese ingrype, die voorstelling van 'n voortdurend veranderende realiteit, die poging tot uitbeelding van 'n karakter se binnelewe en sy outsiderskap, die gebruik van mitiese grondpatrone, perspektiefverskuiwing en die manipulasie van verteltyd. Daar is dus belofte van 'n breuk met die tradisie wat tot dusver gegeld het en die lesers se

verwagtingspatroon vasgelê het, naamlik die ‘gemoedelike lokale realisme’. Sedert die vyftigerjare is vernuwing ook, miskien minder opvallend as in die prosa, aangetref in die poësie. Dit is veral bewerkstellig deur tematiese verbreding - ruimer verwysingsvelde, meer onomwonde verwoording van liefdeservarings, die verwoording van plaaslike en aktuele aangeleenthede - asook tegniese aspekte soos die beoefening van die vrye vers, die gebruik van spreektaal, neologismes en woordspel (vergelyk Robinson, 1971; Antonissen, 1982: 124-127 en Cloete, 1980a: 116-132).

Die wérklik nuwe breek egter eers in 1962 deur met Etienne Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* en André P Brink se *Lobola vir die lewe* en word finaal bevestig deur ander prosa- en dramapublikasies in 1963 en 1964. Die verskyning van Adam Small se *Kitaar my kruis* (1961) en *Sê sjibbolet* (1963), Ingrid Jonker se *Rook en oker* (1963) en veral Breytenbach se *Die ysterkoei moet sweet* (1964) voer hierdie vernuwing deur na die poësie. Dwarsdeur die sestigerjare sou Breytenbach die toonaangewende digter bly; die skrywer wat die lesers se verwagtingshorison die radikaalste verskuif het.

Daar bestaan uiteenlopende menings oor die vraag of Sestig 'n ‘beweging’ was of nie. Aan die een kant is daar ingeligte lesers wat meen dat die Sestigerliteratuur die uitvloeisel van die berekende aksie van 'n groep en dus 'n bewuste strewe was (Grové, 1980: 1). Aan die ander kant voel ander ingeligtes dat die Sestigers nié 'n literêre groep was in die sin van die Nederlandse Tagtigers of eksperimentele digters van die vyftigerjare nie (Kannemeyer, 1983: 236). Die Sestigers sien hulleself ook nié as 'n skool of beweging nie. Volgens André P Brink (1967: 16) wissel die gehalte van die prosawerk te veel, terwyl die werk self ook van uiteenlopende aard en soort is; wat die Sestigers saamgebring het, was eerder 'n gemeenskaplike drif om 'n nuwe tydperk met 'n nuwe prosa tegemoet te gaan. Breytenbach voel ook dat daar geen algemene stel reëls was wat deur al die jong skrywers onderskryf is nie - hulle werk, en ná 'n tydjie ook hul stellinginnames (literatuuropvattings) was uiteenlopend - en dat die periode eerder gekenmerk is deur 'n spontane opbloei van jong werk vol talent (1974a: 25).

Benewens hul teksstrategieë wat ooreenkomste toon (asook die verskyning van die versamelbundel *Windroos* en die samebindende sameroepers- en woordvoerdersrol wat individue soos André P Brink en Bartho Smit vertolk het), het ander faktore binne die Afrikaanse literêre sisteem egter wel daartoe bygedra om die Sestigers losweg saam te groepeer. Hierdie faktore kan verbind word met die hekwagtersfunksies van persone en instansies. Só dra die uiteenlopende reaksie van kritici by tot saamgroepering. Aan die een kant lê enkeles (in die besonder Van Wyk Louw) 'n verband tussen enkelingskrywers; aan die ander kant dra die feit dat die meeste kritici aan die begin hulle werk met voorbehoude benader of negatief oordeel, daartoe by dat die jong skrywers hulle verbonde voel aan mekaar. Sowel die Afrikaanse as Engelse pers, asook die Afrikaanse radiodiens, het besondere publisiteit verleen aan die nuwe geslag skrywers. Veral die prominensie wat verleen is aan die afwysende reaksies van die publiek, dra by om 'n samehorigheidsgevoel onder die skrywers te verhoog. (*Die Burger* spesifiek bied homself aan as forum vir 'n ‘oop gesprek’ oor Sestig.) Mening-

vormers buite die letterkunde soos vooraanstaande politieke, kultuur- en gemeenskapsleiers se afkeurende houding teenoor die jonger letterkunde, skaar die geslag van Sestig onder 'n gemeenskaplike noemer. Die opkoms van nuwe uitgewerye versterk die neiging tot saamgroepering omdat hulle baie van die jonger werke publiseer - die belangrikste was Human & Rousseau (met vroeë publikasies van Leroux en Brink) en later Buren in die Suide; in die Noorde publiseer die Afrikaanse Pers Boekhandel die vroeë sestiger-werke van Barnard, Smit, Rabie, Jonker, Small en Breytenbach. Die instelling van die Publikasieraad teen die einde van 1963, en die reële moontlikheid van 'n sensuurverbod op tekste soos *Sewe dae by die Silbersteins* of *Lobola vir die lewe* (op grond van onder meer ‘onsedelikheid’) verhoog die spanning tussen skrywer en gemeenskap en versterk die samehorigheidsgevoel verder. Die besluit van die Hertzogpryskeurkomitee in 1964 om Leroux se *Sewe dae* met dié gesogte prys te bekroon, dra nie net by tot die vroeë kanonisering van 'n ‘nuwe’ soort prosawerk nie, maar dryf ook die spanning om sensuur heen tot 'n hoogtepunt en verstewig die ‘groepsgees’ onder die jonges. Die totstandkoming van 'n eie tydskrif, *Sestiger*, waarvan die eerste uitgawe in November 1963 verskyn, bied verder aan die jonges geleentheid om hul kragte saam te span en hul menings sonder voorbehoud te lug. Al was die ‘Sestigers’ nooit deel van 'n bewuste ‘beweging’ nie, het sowel teksinterne as sogenaamde ‘teksekstерne’ faktore bygedra tot hul saamgroepering.

II
Die Sestigers se literatuuropvatting

Al was daar onderlinge nuanseringe en uiteenlopende klemplasings, het die romanskrywers van Sestig tog gemeenskaplike trekke vertoon ten opsigte van hulle siening van die skrywerstaak en hul romanbeskouing of literatuuropvatting (soos onder andere aangedui deur Brink, 1967 en 1974; Robinson, 1971; Snyman, 1969; Steenberg, 1972; Malan, 1972; Coetzee, 1973: 50-77; Lindenberg, 1975; Cloete, 1980; Meij, 1983; Kannemeyer, 1983 en Johl, 1986).

Die Sestiger-prosaïste sien naamlik die skrywer as reisiger, soeker en ontdekker wie se taak dit is om diepere verbande met die werklikheid bloot te lê. Vir hulle is die funksie van die roman om nuwe insigte in ons ervaringswerklikheid te gee. Onder invloed van die wysgerige agtergronde van die twintigste-eeuse literatuur, veral die eksistensialisme, gaan die Sestigers (soos aangedui deur Bartho Smit, 1964, 1965 en 1974) nie meer uit van die illusionistiese werklikheidsbeeld nie; hulle glo dus nie meer in die spieëlbeeld, die rasionele kenbaarheid en afbeeldbaarheid van mens en wêreld as persoonlikheid en natuur nie. Uitgaande van die nuwe werklikheidsiening van die wêreld en mens

as Syn en Tyd, dit wil sê as irrasioneel en beeldloos, verloor die roman sy sosiale funksie en word dit iets meer persoonliks.

Die nuwe insigte in die ervaringswerklikheid werk deur tot die Sestigers se sienings oor die aard van die roman. Omdat die werklikheid voortdurend verander en dus nie kenbaar en afbeeldbaar is nie, kan die roman nie 'n ‘getroue afbeelding’ of ‘spieëlbeeld’ van 'n ‘realistiese werklikheid’ wees nie. Dit is eerder 'n spesifiek georganiseerde soort taalgebruik wat 'n outonome ‘wêreld in woorde’ opbou waarby ‘buite-literêre sake’ soos die kunstenaarspersoonlikheid buite rekening gelaat moet word en die kunswerk beoordeel moet word in terme van sy funksie as geheel.

Hierdie siening van die funksie en aard van die literêre werk kom dus neer op die deurbreking van norme wat deur ouer tekste gestel is; hierdie norme sluit in literêre, morele, godsdienstige, seksuele en - by implikasie - politieke konvensies. Sestig word dan 'n ‘rebellie’ wat stry vir ‘nuwe waardes en nuwe terme, nuwe maniere van dink en sê’ (Steenberg, 1972: 39).

In aansluiting by die nuwe literatuuropvatting ondergaan die Sestiger-prosa (en ook die poësie en drama) radikale verandering ten opsigte van temas én vorm (teksstrategieë). Die veranderde siening van die mens en die realiteit, van die funksie en aard van literatuur, lei onder meer tot 'n wegkeer van die realistiese uitbeelding van die plaaslike en tipies Suid-Afrikaanse en 'n aansluiting by die surrealisme of die spel met werklikhede waarby die aksent op 'n voortdurend veranderende realiteit val. Die aanvaarding van die wesenlike onkenbaarheid van die mens lei tot die wegkeer van eertydse voorstellings en 'n voorkeur vir die pre-rasionele persoonlikheid, die anti-held, die buitestaanderfiguur. En die nuwe kyk op die werklikheid gaan gepaard met 'n veel groter uitgesprokenheid oor sake wat vroeër taboe was. Ten opsigte van die vormaspekte van hul werk, val die klem vir die Sestigers op die uitbuiting van die woord en die sintaksis, die gebruik van collage, tipografiese eksperimente, die wisseling van perspektief, die bewussynstroom en terugflitstegnieke, die gebruik van ryk verwysingsvelde en oerpatrone, ensovoorts.

Dit was veral hul ooreenstemmende teksstrategieë wat die Sestigers in die oë van die lesers en publiek saamgevoeg het as ‘groep’. Onderling was daar egter in der waarheid heelwat nuanseringe in die opvattings oor die funksie en aard van die literatuur. Veral Breytenbach onderskei hom vroeg reeds van sy mede-Sestigers deur andersoortige aksente in sy literatuuropvatting.

III
Algemene lesersreaksie op Sestig

Die heftige reaksie van alle kategorieë lesers op die werk van die Sestigers hou verband met die drastiese verskuiwing in hul verwagtingshorison. Die grond-

liggende rede waarom besware oor 'n teks geopper is, was dan ook omdat dit sogenaamd ‘nuut’ of ‘anders’ was as waaraan die nie-ingeligte leser gewoond was (vergelyk hieroor onder andere Snyman, 1969: 160 en Steenberg, 1972: 90-91).

Die bekroning van *Sewe dae by die Silbersteins* met die Hertzogprys in 1964 - die jaar waarin Breytenbach debuteer - voer die twis rondom die vernuwing tot 'n hewige polemiek, en reaksie op hierdie roman kan geld as barometer van die algemene reaksie op Sestig. Snyman (*op.cit.*: 93-114) kategoriseer, naas die reaksie van nie-lesers en ‘isoleerders’, die volgende lesersbesware: (i) dat die werk nie vir kinders en leke bedoel is nie; (ii) dat dit suggestief, pornografies en walglik is; (iii) dat dit navolging van oorsese werke, tendense is; (iv) dat dit nie gemoedelik realisties is nie; (v) dat dit volksondermynend is; (vi) dat dit laster bevat en (vii) dat daar kritiek in te bring is teen die mens agter die boek. Lijphart (1983), wat die reaksie van Afrikaanse lesers op literêre tekste ondersoek vir die tydperk 1963-1974, deel die tipes lesersargumente in die volgende hoofkategorieë in: struktureel, emotivisties, realisties, moreel, vernuwing en intensioneel. Die lesersargumente in 'n blad soos *Die Kerkbode* is meestal moreel van aard, maar 'n groot aantal emotivistiese argumente kom ook voor (*op.cit.*: 61). By die populêre gesinsblad, *Die Huisgenoot*, se resensente oorheers tegniese norme gekoppel aan vernuwingseise; lesers van dié blad het egter nie baie geduld met nuwe of moeilike tegnieke nie en by hulle val die nadruk eerder op emotivistiese of op realistiese aspekte (*op.cit.*: 114).

Heelparty van die navorsers wat hulle toespits op die werk van en die reaksie op die Sestigers bring bogenoemde lesersbesware in verband met ‘misvattinge’ of ‘verkeerde opvattinge’ ten opsigte van die ‘wese van die kuns’ (Snyman, 1969 en Steenberg, 1972). Só 'n uitgangspunt impliseer dat daar 'n ‘korrekte’ opvatting oor kuns/literatuur bestaan waaraan alle ander getoets kan word - dat daar 'n vooropgesette en statiese definisie van ‘literatuur’ is. Wat wél die geval is, is dat die (oorheersend) afwysende reaksie wat die Sestigertekste uitlok, verband hou met uiteenlopende literatuuropvattings. Die vernuwing van Sestig het naamlik gepaard gegaan met 'n nuwe kyk op die aard en funksie van literatuur en dít verskil radikaal van gevestigde opvattings wat op 'n vroeër tydstip gespruit het uit ánder modelle, norme en waardes as dié wat sedert die sestigerjare oorheers.

Beswaarmakende lesers se siening van die taak van die skrywer verskil dan van dié van die Sestigers. Teenoor die siening van die skrywer as soeker na waarheid staan die lesers se uitgangspunt dat die skrywer 'n sekere waarheid of orde wat van buite op hom opgelê kan word, moet verdedig - ongeag of dit sy oortuiging is of nie. In teenstelling met die Sestigers, vir wie die funksie van die letterkunde die gee van nuwe insigte in die ervaringswerklikheid is, meen lesers dat die literatuur 'n sosiale funksie het wat neerkom op die bevestiging van erkende en beproefde waardes. Die lesers se opvatting van die aard van literatuur, naamlik die teks en sy onderdele as 'n getroue afbeelding van die vertroude, lokale en realistiese ervaringswerklikheid, bots reëlreg met dié van die skrywers self wat die kunswerk as 'n outonome woordwêreld sien wat nié 'n

spieëlbeeld van die alledaagse werklikheid is nie en wat in sy geheel beoordeel moet word.

Samehangend met die opvatting dat die literatuur werklikheidsgetrou is of behoort te wees, gaan die lesersvereenselwiging van die kunstenaar en sy werk, van die kunswerk as spieël van die skrywer se lewensbeskouing of ideologie. Só 'n siening verskil natuurlik radikaal van die Sestigers se uitgesproke outonomiebenadering. 'n Ander faset van die lesers se opvatting oor die aard van die kunswerk is dat dit behoudend moet wees ten opsigte van sowel taal, styl en vorm as norme. Kuns moet dus die norme bevestig wat deur ander tekste gestel is. Heftige reaksie teen die ‘vuil taal’, die ‘paragrawe sonder komma of punt’, die ‘onverstaanbaarheid’ en ‘walglikheid’ van die tekste moet in hierdie lig gesien word.

Uit hierdie oorsigtelike blik op die reaksie op Sestig kan dan afgelei word dat die kloof wat in die sestigerjare tussen skrywer en leser ontstaan het, te doen het met uiteenlopende literatuuropvattings en wisselende norme- en waardesisteme wat implikasies inhou vir verwagtingspatrone.

IV
Breytenbach en die verwagtingshorison

Uit die vroegste resepsies (dit wil sê dié wat ten tye van die verskyning van die bundels plaasgevind het - kyk Bibliografie C vir bronverwysings), blyk dit duidelik dat Breytenbach se tekste ontvang is as tekste wat in die teken staan van ‘vernuwing’ en van ‘Sestig’. Dit geld veral vir sy opspraakwekkende dubbele (en bekroonde) debuut in 1964 wat hom vroeg reeds nuuswaardig maak (soos blyk uit Dirk Richard se redaksionele kommentaar in *Db.*, 21.2.65).

Die kortprosabundel, *Katastrofes*, beeld volgens tydgenootlike ingeligte lesers (kritici) die nuwe wêreld- en lewensbeskouing van die Sestigers uit (Anna van Zyl) en lewer deur die moderne idioom 'n bydrae tot die ‘nou algemene strewe om die Afrikaanse prosa te vernuwe’ (JC Steyn). Die toekenning van die APB-prys aan dié bundel word gesien in die lig van die verdere ontwikkeling wat dit ná die Sestiger Jan Rabie se *21* bied (DJ Opperman) en die bydrae wat dit lewer tot die oopboor van nuwe bronne - deur die radikale aksent daarvan staan sy werk immers ‘vol in die teken van die gees wat... in die komende jare die heersende in ons letterkunde gaan wees’ (FIJ van Rensburg).

Die ysterkoei moet sweet trek veral die aandag omdat dit op die gebied van die poësie 'n revolusionêre of radikale vernuwing bring (TT Cloete en Opperman). Sommige lesers vermeld egter wel die band wat dit, veral via die aansluiting by oorsese ontwikkelings, met werk van die Sestigers het - die name van Jan Rabie, Bartho Smit, Pieter Venter, Etienne Leroux en André P Brink word spesifiek vermeld (byvoorbeeld R Schutte en Jan Kromhout). WEG Louw stel dit

onomwonde dat met *Ysterkoei* ‘Sestig... 'n voldonge feit (is) waaraan geen kritiek meer iets sal verander nie’.

Alhoewel hierdie vroeë resepsies toon dat ingeligte lesers sekere aansluitings by voorgangers opmerk (naas die Sestigers hierbo genoem, verwys lesers ook na Ingrid Jonker, na Eugène Marais met sy herskepping van 'n sprokieswêreld waar die kinderlike en gruwelike sáámbestaan, na Leipoldt met sy eksistensialistiese poësie en Oosterse belangstelling en Peter Blum se woordspel) was dit die ‘byna volkome nuwe klank’ (Van Wyk Louw) en die ‘splinternuwe inset, opvallend los van Afrikaanse invloede’ (Opperman) wat die aandag opeis. *Ysterkoei* het beslis nie 'n Afrikaanse of selfs Suid-Afrikaanse gees geadem nie en die leser was hier ver verwyder van die bekende osse wat aanstap deur die stowwe, die spruitjie met sy mooi geluidjie of die viooltjies wat in die voorhuis pryk (Kromhout).

In onlangse oorsigtelike resepsieverslae (byvoorbeeld Brink, 1982: 711-712 en Kannemeyer, 1983: 464-465) word die fasette van Breytenbach se ‘vernuwing’ en sy verskuiwing van die verwagtingshorison saamgevat. As die vroegste resepsies van *Ysterkoei* nagegaan word, blyk dit egter wie eerste die aandag op bepaalde vernuwende strategieë en kodes in Breytenbach se debuut gevestig het ('n werk waarin sy digterskap hom feitlik onmiddellik in sy volle omvang aanmeld, soos deur verskeie navorsers aangetoon is).

Die heel eerste resensie van *Ysterkoei* is dié van Ernst van Heerden. Dit verskyn in Desember, 'n goeie bekendstellingstyd vir nuwe publikasies in die Kersinkopie-mark, in die wydgelese destydse Sondagblad van die Afrikaanse Pers, *Dagbreek en Sondagnuus*. Van Heerden identifiseer reeds in hierdie vroeë stadium 'n hele aantal van die kenmerkendste trekke van die bundel (en, by terugskouing, van die oeuvre as sodanig) en speel as tussenganger heelwaarskynlik 'n rigtinggewende rol by latere lesersreaksies. Hy sonder die speelse fantasie van die bundel uit wat aan baie van die verse 'n naïewe en kinderlike kwaliteit verleen asof die digter al digtende die ding (en homself) ontdek. Nuut in die Afrikaanse poësiekonteks is volgens hierdie leser die ondersoek na die chaos en sinloosheid van die lewe en die ontmensliking van die atoomeeu, die siniese ondertoon en die haat-liefde teenoor sy geboorteland wat die wrangheid van ballingskap ondersteep. Wat die vorm betref, vestig Van Heerden nou reeds die aandag op die middele uit die surrealistiese skilderkuns waarmee die digter werk: die (heg geïntegreerde) naasmekaarstellings, onlogika en ontrafelings- en skokeffekte. Met betrekking tot die besondere woordhantering in die verse sonder die digter-resensent die volgende uit: die dramatiese wyse waarop die lig van die poësie in die ‘gewone woord’ gloei; die afbreek van ‘klasseverskille’ tussen woorde en die plastisiteit en suggestiewe rykdom van die taalgebruik. Verder val die verruklike beeldvondste op en die wisselbaarheid van sintuiglike waarnemings. Taalkundige truuks van die eksperimentele poësie wat in die spel kom, is woordradbraking, sintaktiese desintegrasie, rym- en interpunksieloosheid, funksiewisseling, neologismes.

Naas verwysing na sommige van hierdie strategieë en kodes wys 'n ander vroeë resepsie op die ‘gees van futiliteit en somberheid’ en die onafwendbare oorgelewerdheid van mens en ding aan verwelking, verwording, verrotting en die

finaliteit van ontbinding - maar getemper deur humor en ironie en veral deur deernis met die lotgebonde mens (Kromhout). Van Rensburg, Schutte en WEG Louw verwys onderskeidelik na die ek-gerigtheid van die bundel en degradering van die skryfdaad; die direktheid en uitgesprokenheid; die musikale saamhang van die op die oog af brokkelige en onsamehangende woorde en sinne.

Antonissen sien die debuutbundels as 'n reisiger en vreemdeling-op-aarde se verslag van 'n wêreld vol katastrofe en verskrikking wat sintuiglik ervaar word. Hy is die eerste leser wat pertinent die aandag vestig op die sentrale plek wat die dood/lewe opposisie in die tekste inneem en die feit dat dit hier gaan om die uitspraak van persoonlike nood en oor 'n doodsbenoudheid wat nog nooit in Afrikaans só beangstigend verwoord is nie. Rigtinggewend vir latere sienings oor die sáámbestaan van dood en lewe in Breytenbach se werk, asook die Oosterse konnotasies daaraan verbonde, is Antonissen se insig ten opsigte van die ‘osmose-proses’ wat vergestalt word: alles groei gestadig deur die mens heen, takel hom af, ontbind hom. Só word bestaan osmose; en dáárop behoort die mens homself in te stel - die dood word nie sy angel ontneem deur geloof in 'n (Christelike) metafisiese ‘verlossing’ nie, maar deur aanvaarding van 'n oplossing in nirwana.

Brink se belangrikste bydrae tot die vroeë ontsluiting van die ‘nuwe’ by Breytenbach lê in sy insig dat die tekste ooreenkomste toon met poëtiese vorme van die Taoïsme en verskillende uitinge van die (Zen-)Boeddhisme. Hy sou in latere artikels en sy Blokboek oor die digter se werk voortbou op die raakpunte wat hy reeds in hierdie eerste resensie aantoon (en ontwikkel tot een van die belangrikste ‘Breytenbach-kenners’): die oplos van die verhoudinge binnebuite en subjek-objek; metamorfose; die opgaan in die groter geheel; die ‘tathata’ of só-heid van dinge; die oomblik van satori waarin alles akuut en konkreet is; die weergawe van die ‘opeet van die ek’, ensovoorts. Brink wys vroeg reeds basiese opposisies uit wat in hierdie poësie ‘paradoksaal sáámbestaan’: dood/lewe; ontbinding/groei; ewige/momentele; werklike/verbeelde; gewone/magiese; skrikwekkende/deerniswekkende; gruwelike/tere; onmenslike/menslike; stilstand en verstarring/beweging en verandering.

TT Cloete se resensie verskyn in *Die Huisgenoot*, 'n gesinsblad met 'n hoë sirkulasiesyfer. Só 'n resepsieverslag het dan ook 'n groter kans om invloed te hê op die houding van die publiek teenoor 'n ‘vreemde’ digter soos Breytenbach. Cloete bemoei hom veral met die digter se literatuuropvatting en tipeer die gedigte as ‘anti-poësie’ en ‘poësie van ontbinding’. Hy vestig die aandag op die (vir die Afrikaanse poësie onbekende) organiese en biologiese pre-okkupasie van die digter en die rol van die oog wat aanleiding gee tot 'n skerp gekleurde wêreld wat ooreenkomste toon met Van Gogh se komplementêre landskappe. In latere besprekings van Breytenbach se werk sou Cloete hom veral toelê op die woord- en taalspel daarin.

Uit hierdie vroeë resepsies van *Ysterkoei* blyk dit dat Breytenbach se digterskap reeds in sy volle omvang gemanifesteer is in sy debuut. Ná hierdie opspraakwekkende eerstelingbundel en die debakel om die visumweiering wat die digter 'n openbare figuur gemaak het, is met meer as die gewone belangstelling uitgesien na sy tweede bundel verse. Dié verskyn, ná 'n breuk met

die APB wat deur Breytenbach geblameer word vir die onwelkome publisiteit oor sy huwelik met Yolande, in 1967 by Human & Rousseau. Tydgenootlike resipiënte is dit eens dat die ‘wêreld’ van *Die huis van die dowe* in hoë mate dieselfde is as dié van *Ysterkoei*. Lesers voel egter dat die verse hegter gestruktureer is (André P Brink), deurgekomponeer (Ernst Lindenberg) en met blyke van 'n groter vermoë tot vormgewing (Edith Raidt). Nuwe fasette van Breytenbach se digterskap, of fasette wat nou vir die eerste keer belig word, sluit in: die kruisverwysings, spiraal- of sikliese bewegings tussen verse (Brink, Raidt); die digter se siening van die gedig en die geliefde as (tydelike, brose) vesting/skuiling teen die dood (Brink, Joubert); die vereenselwiging van die gedig en die (ge)liefde en van taalspel en liefdespel (Raidt); die heel persoonlike aanwending van Bybelse verwysings, volkse uitdrukkings, tipiese taalgebruik en die ontginning van spreekwoorde (Lindenberg); die aansluiting by die Suid-Afrikaanse aktualiteit in verlangeverse of verse oor landsprobleme (Brink) en selfs verset teen aspekte van die Afrikaanse wêreld (Lindenberg).

Die verskyning van *Kouevuur* by Buren in 1969 (Breytenbach verbreek ná die ‘ope brief’ van 1968 van Human & Rousseau in *Die Burger* en die publikasieprobleme rondom *Om te vlieg* bande met sy vorige uitgewer) is op sigself 'n verrassing vir sommige lesers wat verwag het dat hy, ná 'n tweede visumweiering aan Yolande, nie weer in Afrikaans sou publiseer nie. Tydgenootlike resepsies dui aansluiting by vorige bundels aan, maar beklemtoon as ‘nuut’ die reis- en ballingskapmotiewe en die sin vir die aktuele (veral Rob Antonissen en TT Cloete). In 1970 verskyn *Oorblyfsels* - gedigte wat om presensuurredes uitgelaat is uit *Kouevuur* - en *Lotus*, albei by Buren. Vroeë resepsies van *Lotus* beklemtoon die oorheersing van liefdesverse (Verster) en die religieuse aard van die bundel (Van Rensburg, Cloete, Brink). Eers ná 1972, met die verskyning van *Skryt* by Meulenhoff, sou Breytenbach weer 'n radikale verskuiwing van die lesersverwagtingshorison bewerkstellig. Die versetverse daarin sou naamlik aanleiding gee tot heftige reaksies: tot in daardie stadium is sy ‘betrokke verse’ in ander bundels immers ‘verskans’ deur die meer opvallende liefdes-, verlange- en religieuse verse. (Die reaksie op die ander tekste uit die ‘voortronkfase’, naamlik *Oorblyfsels uit die pelgrim se verse na 'n tydelike, Om te vlieg / 'n Opstel in vyf ledemate en 'n ode*, *Skryt / Om 'n sinkende skip blou te verf, Met ander woorde / Vrugte van die droom van stilte*, *Voetskrif* en *'n Seisoen in die paradys*, hou verband met sogenaamde ‘buitetekstuele’ sake en kom elders in die ondersoek ter sprake.) Die resepsie van die tekste wat ná Breytenbach se vrylating uit die tronk verskyn het, is nie ter sake by die bespreking van sy verskuiwing van die literêre verwagtingshorison in die sestigerjare nie, maar word in Hoofstuk 7 IX bespreek waar Breytenbach in die konteks van tagtig geplaas word.

V
Lesersreaksies op *Ysterkoei*

Uit werklike reaksies (soos dié van WEG Louw en lede van die publiek) asook

geprojekteerde lesersreaksies (byvoorbeeld deur Van Rensburg, Schutte, Cloete en Van Heerden) kan die effek van Breytenbach se ‘vreemdsoortige’ poësiedebuut op die Afrikaanse leserspubliek afgelei word.

'n Ingeligte leser soos Louw erken dat hy selde 'n digbundel teensinniger begin lees het. As moontlike redes voer hy sekere artefak-eienskappe van *Ysterkoei* aan: die ‘afsigtelike’ stofomslagtekening, die opsetlike gebruik van kleinletters, die eksentrieke tipografie. Van Rensburg voorspel dat sommige lesers gaan lag oor die bundel en dat ander hulle gaan vererg oor die ekshibisionisme, die afbreek van tematiese hiërargieë wat tot dusver gegeld het en die volgehoue neiging om te skok. Schutte meen die nuwe skrywersnaam, die sonderlinge bundeltitel en die meer as vreemde stofomslag sal menige leser se belangstelling prikkel, maar dat dit twyfelagtig is of veel Afrikaanse lesers en liefhebbers van poësie hulle sal wil verdiép in hierdie gedigte wat maar net 'n modeproduk is. (Twee jaar later beskou ook AP Grové, 1967: 12, Breytenbach se nuutheid as ‘mode’ en daarom ‘in essensiële sin juis nie sodanig nuut nie’.)

Die voorspellings oor die reaksie van bloot belangstellende lesers en die publiek gee aanduidings van aspekte van hierdie lesers se literatuuropvatting. Kuns is naamlik gerig op die skoonheid en die orde; dit is 'n getroue afbeelding van 'n vertroude werklikheid en dit bevestig norme wat deur ander tekste gestel is. 'n Klompie briewe wat in 1965 in *Die Huisgenoot* verskyn, bevestig hierdie uitgangspunte. Slegs twee lesers spreek hul waardering uit vir Breytenbach se debute (GWP Geyser, *DHg.*, 15.10.65 en Danie Botha, *DHg.*, 26.11.65); laasgenoemde leser distansieer hom van wat hy noem die tradisionele konvensionele opvatting dat die skrywer se werk die lewe en toestande rondom hom weerspieël en dat hy skrywe vir mense wat hom moet verstaan. Die meeste briefskrywers beskou egter Breytenbach se tekste as ‘anagramme vir snobs’ (JA Jordaan, *DHg.*, 4.6.65); as pogings wat hoogstens geparodieer kan word (soos gedoen word deur ‘Stefaans’, *DHg.*, 24.9.65); as ‘louter snert’ en ‘walglike gemors’ wat nie bedoel is vir ‘doodgewone mense’ nie (‘Anti-Ysterkoei’, *DHg.*, 24.9.65); as probeersels wat beslis nie ‘opbouend en verheffend’ is nie en ook nie ‘letterkundig skoon en groot’ nie. Die publiek het duidelik min geduld met Breytenbach se nuwe en moeilike tegnieke en hul argumente is grootliks emotivisties en realisties van aard.

Onder ingeligte lesers is daar diegene wie se literatuuropvatting ooreenkomste toon met dié van die publiek en wat gevolglik nie beïndruk is deur Breytenbach se tematiek en werkwyse nie (vergelyk veral R Schutte). Ander ingeligtes se lesersweerstand word egter oorbrug. WEG Louw ontdek oral verse wat hy nie kan vergeet nie en besluit dat as die verse nie goeie en selfs gróót poësie is nie, hy nooit weer 'n gedig lees nie. Van Rensburg erken ook dat die verfrissende en die nuutheid van Breytenbach se debuut ‘oppermagtig en suiwer wins’ is. In 'n brief (wat in die SASKI-argief bewaar word) sê Chris Barnard dat Breytenbach se werk die leser aanvanklik mag afsit, maar dat dit ná 'n tyd in jou groei soos voëlent en deel word van jou bloed - 'n mens moet net onbevooroordeeld lees en in gedagte hou dat alle nuwe dinge aanvanklik skrikwekkend lyk.

Die toonaangewende skrywers en kritici reageer meestal positief op die

vernuwende aspekte van Breytenbach se debute. By hierdie ingeligte lesers oorheers tegniese norme gekoppel aan vernuwingsargumente. In sy vroeë en rigtinggewende resensie beklemtoon Van Heerden die ‘oorstelpende indruk’ wat *Ysterkoei* op hom gemaak het: ‘Hierdie nuwe stem in ons digkuns sê sy eie lewenservaring op 'n heel besondere en individuele wyse uit, waardeur hy nie alleen ons poësie nie, maar ook die geestesbelewenis van elke reagerende leser verryk.’ Sowel Van Wyk Louw as Opperman het hoë waardering vir die eie klank en nuwe inset van die jong digter se werk. Antonissen meen dat Breytenbach die sterkste nuwe digterskap ná Opperman is - 'n stelling waarby hy bly ná Van Rensburg hom gevra het om dit te motiveer ten opsigte van Blum. Brink beskou die debute as die ‘briljantste’ in baie jare en Cloete twyfel nie daaraan dat die ‘mees revolusionêre debuutbundel’ wat tot op datum in Afrikaans verskyn het, 'n belangrike bundel met merkwaardige poësie is nie.

Dit is belangrik om te onthou dat hierdie vroeë reaksies op Breytenbach dateer uit 'n tydperk vóór hy 'n omstrede politieke figuur geword het; slegs Cloete se resepsieverslag (Julie 1965) dateer uit die tyd ná die bohaai oor die visumweiering (Mei 1965), maar dit is moontlik dat die resensie reeds vroeër geskryf is. Uit hierdie aanvanklike reaksies blyk dit dat ingeligte lesers uiteenlopende literatuuropvattings huldig teen die middel van die sestigerjare. Aan die een kant is daar ingeligte lesers wie se negatiewe reaksie teenoor die ‘vernuwing’ dui op 'n literatuuropvatting wat nader lê aan dié van die beswaarmakers teen Sestigertekste in die algemeen. Aan die ander kant is daar dié wie se literatuuropvatting ooreenkom met dié van die Sestigerprosaïste en vir wie die ‘nuutheid’ van Breytenbach se bydrae wins is.

Hierdie laasgenoemde lesers voel (of het simpatie met die idee) dat die funksie van die literatuur is om nuwe insigte te gee in ons ervaringswerklikheid. Dit is nie net die Sestiger Brink wat waardering het vir Breytenbach se herskepping van 'n sprokieswêreld waar die kinderlike en gruwelike saambestaan nie. Die ‘ouer’ digter Van Heerden toon aan dat Breytenbach die chaos en sinloosheid van die atoomeeuwerklikheid uitdruk aan die hand van die surrealisme en bisarre; Antonissen vind die Breytenbach-wêreld waarin ‘alle skyn sy grynsende werklikheid’ wys en die méns verantwoordelik is vir korrupsie en katastrofe, aangrypend; Cloete het nie beswaar daarteen dat hierdie poësie nie 'n werklikheid bo of buite of behalwe ons tydruimtelike werklikheid veronderstel nie, maar dat dit praat van 'n werklikheid wat pols agter hierdie een; WEG Louw is positief ingestel oor die feit dat die verse 'n ‘persoonlike’ instrument tot ondersoek van die ‘eie gemoed’ (en werklikheid) is. Wat betref die aard van die kunswerk verwag hierdie lesers nie dat dit 'n gemoedelik-realistiese afbeelding van 'n vertroude en tradisionele werklikheid moet wees nie, maar 'n outonome ‘woordwêreld’. Dat hulle nie wesenlik teen die deurbreking van bekende teksnorme is nie, blyk uit hulle oorwegend positiewe reaksie op Breytenbach se tematiese én tegniese vernuwing.

Die feit dat toonaangewende skrywers en kritici oorwegend positief reageer op die vernuwende aspekte in Breytenbach se poësie is van tweërlei betekenis: naas hul rol as tussenganger-resipiënte dra hul oordeel (saam met die bekroning met

die APB-prys) by tot sy vroeë kanonisering binne die Afrikaanse literêre sisteem. Dit het egter nié beteken dat daar in die sestiger- en sewentigerjare in so 'n mate konsensus onder letterkundiges sou wees dat Breytenbach met die groot ereprys, die Hertzogprys, bekroon sou word en sodoende ‘trotse besitting van die Afrikaner’ word nie (Coetzee, 1984: 18). (Eers in 1984 word hy deur die Suid-Afrikaanse Akademie bekroonbaar bevind - 'n eer wat hy van die hand wys.)

VI
Breytenbach se literatuuropvatting in die voor-tronkfase van sy skrywerskap

Lesers reageer vanuit hulle (tradisionele) literatuuropvattings op Breytenbach as ‘Sestiger’ omdat sy teksstrategieë (byvoorbeeld taalontginning, gebroke sintaksis, leestekenloosheid) ooreenkom met dié van 'n bepaalde ‘groep’ skrywers. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die digter se opvattinge oor die funksie en aard van literatuur uit die staanspoor in bepaalde opsigte verskil van dié van sy mede-Sestigers.

Brink stel dit, terugskouend, dat die Sestigerprosaïste se literêre benadering bepaal is deur die Formalisme (1985a: 9), deur die ‘verbal icon’ en die ‘well-wrought urn’, deur ‘closereading’ en die ‘New Criticism’ - dit wil sê deur 'n instelling op die ivoortoring (1985b: 10). Selfs in die sewentigerjare toe aspekte van betrokke literatuur en die sosiale funksie daarvan sommige van hulle begin boei het, is nie afgesien van 'n geloof in ‘literatuur as literatuur’ nie (1985a: 9). Breytenbach, daarenteen, het egter in geen stadium uitgegaan van 'n ivoortoringbenadering nie; sy poësie was altyd gemoeid met ‘verhoudings’ (1976a: 55). En hierdie verhoudings het ook die verhoudings kunstenaar/ mens en kuns/werklikheid ingesluit.

Aanvanklik het Breytenbach hom in die openbaar vereenselwig met die vernuwingstrewe van die Sestigers wie se werk hy beskou as ‘die begin van ons Afrikaanse romankuns’. In 'n brief onder die opskrif ‘SA behoort aan die Sestigers’ (*Va.*, 23.6.67) reageer hy op uitsprake van kultuur- en kerkleiers (by name PC Schoonees, PFD Weiss en JD Vorster) oor die Sestigers. Hy sien homself as een van die jong skrywers wat ‘deur die bank alle bekrompe waardetjies’ verwerp; Suid-Afrika behoort ‘aan ons jongeres en ons gaan die land bewoonbaar maak’. Later sou Breytenbach homself en sy mede-Sestigers egter ook kasty. In die gedig ‘sestiger’ (*Kouevuur*) noem hy hulle ‘veeltongige gatlekkers van die burgery’ wat die ‘vrugte van die kapitalisme/(of die revolusie)’ eet met ‘vroomheid, piëteit/voorbeeldigheid, matigheid, kritiese oë en binne perke’. Die gedig ‘(la Neige d'antan)’ in (*Lewendood*) moet saam met die *Kouevuur*-gedig gelees word. Met nostalgie herinner die digter, wat nou die

prys moet betaal vir sy eie optrede buite perke, hom: ‘toe ons jonk was wou ons die wêreld aanvuur/aan vuur ryg’ onder die ‘suurknolle’, ‘die beterweters die beoordelaars die afslaers/die sensors die sedeprekers die afgunstiges’. Maar dít was ‘voordat die ordentlikheid aan ons begin hang het/.../ons jare 'n meer gewigtige skoenblink stap/ ons ambisies en ons vrees/ons verknogtheid en ons vergelyke 'n verknegte kruiperigheid/of 'n lojale binnekamerverset/ons skietgee 'n wysheid/en ons penne langsamerhand/'n gegeurde uitgekeurde hoogsaanvaarbare/stront/sonder noemenswaardige klank of ruimte of rykheid of ruik’.

Voorbeelde van tekste wat ingaan op hoe Breytenbach se literatuuropvatting ‘toegepas’ word in sy literêre tekste is onder meer Brink (in sy Blokboek, sy 1980-artikel en elders) en Coetzee (1973, 1976 en veral die inleiding tot *Blomskryf*, 1977). Brink en Coetzee gaan uit van hulle persoonlike literatuuropvattings in daardie stadium oor die literatuur wat ‘in eie reg’ op grond van sy ‘poëtiese middele’ moet kan bestaan. In haar proefskrif (1988) gaan Jeanette Ferreira in op die vraag of daar wel 'n politieke intensie in Breytenbach se poësie beliggaam is, en indien wel, hoe dit verband hou met aspekte van die Boeddhisme en die Christelike. Uitgaande van 'n ‘struktuuranalitiese prinsiep’ en 'n ‘rekonstruksie van die geïntendeerde leser deur resepsie-estetiese metodes en literatuursosiologiese insette’ (*op.cit.*: 12) voer sy aan dat Breytenbach die Christelike godsdiens as kulturele voedingsbodem van die apartheidsleer aan die Afrikaner koppel (*op.cit.*: 375) en dat hy, deur die Boeddhisme 'n strukturele element in sy poësie te maak, die Christelike wêreldbeskouing verdring: ‘In hierdie proses spreek hy veel meer as “concepts of nationalism” uit, hy lewer striemende politieke kommentaar en wyt selfs die politieke onreg aan dié volkskarakteriserende element, naamlik Christelike Nasionalisme’ (*op.cit.*: 356).

In die huidige ondersoek word nie gekyk na die ‘toepassing’ van Breytenbach se literatuuropvatting nie; daar word nagegaan watter uitsprake Breytenbach buite sy literêre tekste om gemaak het wat implikasies vir sy literatuuropvatting inhou. Om dit in perspektief te plaas, word hier slegs oorsigtelik gewys op enkele algemene aspekte van sy vroeë opvattings oor die taak van die kunstenaar en die funksie en aard van literatuur, soos waargeneem deur ingeligte lesers.

Feitlik al die vroeë resepsies van *Ysterkoei* en *Katastrofes* maak melding van die feit dat Breytenbach se werk wortels het in die Surrealisme, en sy Simbolistiese voorlopers, asook die Nuwe Realisme. Dit hou implikasies in vir Breytenbach se literatuuropvatting. Vir die Simboliste is die funksie van die literatuur die blootlegging of ervaarbaarmaking van dieperliggende verbande in die werklikheid; die abstrahering van gewone werklikheidservaring (die funksie is nié om wysigings aan te bring in die verhouding mens-omgewing of in sosiale omstandighede nie). Volgens hierdie opvatting is die aard van die kunswerk dat dit 'n outonome wêreld en komplekse metaforiese uitspraak is met 'n spesifiek georganiseerde taalgebruik (gedetailleerde beskrywings van objekte staan in diens van 'n ‘dieper realiteit’). Kenmerkende strategieë is suggestief oningevulde elemente en onkonvensionele beelde en metafore. Vir die Surrealiste is die sentrale funksie van die literatuur die uitdrukking van algemeen-menslike en

persoonlike onbewuste inhoude wat gerig is op 'n katarsis by skrywer en leser en hulle glo ook, soos die Nuwe Realiste, dat die literatuur nuwe insigte in die ervaringswerklikheid kan bring en die werklikheidservaring intensiveer. Die Surrealiste meen die aard van die kunswerk is: 'n outonome wêreld (eksakte werklikheidsafbeelding is hoogstens 'n strategie); komplekse metaforiek en normdeurbreking. Strategieë sluit in assosiasie in plaas van vergelyking; vervreemding en simboolgebruik. Die Nuwe Realisme, wat die aandag toespits op die ‘gewone werklikheid’ waarvan deur subtiele verskuiwings die ‘ongewone’ aangedui word, het as strategieë 'n direkte en eenvoudige (selfs ‘banale’) taalgebruik en die eksakte afbeelding van die werklikheid wat in diens staan van 'n bespotting van ons sin vir waardes en van die dinge self.

Breytenbach se literatuuropvatting het inderdaad, soos deur verskillende lesers aangetoon, belangrike raakpunte met dié van die Simboliste, Surrealiste en Nuwe Realiste. In ander opsigte verskíl sy opvatting egter van hulle s'n. Hy glo ook soos hulle dat die funksie van die literatuur is om nuwe insigte in die ervaringswerklikheid te bied, máár reeds vroeg in sy skrywersloopbaan knoop hy hierdie opvatting aan 'n sosiale funksie. In die spreekbuis van die jong geslag skrywers, *Sestiger* (1964: 12), vra hy hom reeds af (vóór die literêre establishment erkenning as ‘skrywer’ aan hom verleen deur resensies van sy debuutwerk) wat die nut/doel/roeping van die skrywer in die gemeenskap is. Volgens hom is die kunstenaar ook 'n navorser en 'n pionier wat altyd dieper moet dring en nuwe terreine van die sensitiwiteit moet blootlê, maar wat ook die gewete van sy gemeenskap beliggaam - wat vooruit moet kyk en waarsku as hy dink ons raak die weg kwyt. Soos die Simboliste, Surrealiste en Nuwe Realiste meen hy dat die literatuur uiteraard 'n komplekse metaforiese uitspraak en normdeurbrekend is; in teenstelling met hulle sien hy egter nié die literêre kunswerk as 'n outonome wêreld nie, maar as skepping wat in 'n dialektiese verhouding tot die werklikheid staan. Sy aansluiting by bogenoemde strominge lê veral op die vlak van strategieë - onkonvensionele beeld- en metafoorgebruik, assosiasietegniek en die ‘plat’ woordeskat.

Enkele fasette van Breytenbach se literatuuropvatting in die voor-tronkfase word hier uitgelig omdat dit saamgelees moet word met sy openbare uitsprake wat in die volgende hoofstukke aan die bod kom.

Geen ‘ivoren toren’

Reeds in vroeë resensies van *Ysterkoei* word melding gemaak van Breytenbach se sogenaamde minagting en ontheiliging van die digkuns (Schutte, Van Rensburg, Van Wyk Louw). Sy houding staan in teenstelling met die konvensionele opvatting dat die poësie alleen vir ‘ingewydes’ toeganklik is (Robinson, 1971: 23-52) en lei tot 'n vir die Afrikaanse letterkunde ongewoon nugtere siening van die digter as ‘maker’, ‘ambagsman’ wat afreken met die beeld van die digter as goddelik geïnspireerde en profeet wat op magiese deursuiwering wag (Du Randt, 1975: 13-33).

Breytenbach vertoon 'n diepe afkeer van die begrip ‘digter’ en stel hom selfs teenóór die digters. Annari van der Merwe (1975: 17-27) toon aan dat hy dit,

soos die Franse Surrealiste, het teen die opvatting dat die digter 'n ‘begenadigde’ is wat hom in 'n ivoortoring terugtrek om daar sy ‘Kuns’ te beoefen. Hy sien die digter as mens-onder-die-mense (daar is dus geen verskil tussen menswees en digterwees nie) en stel die kuns óóp, nie net vir die skone nie, maar vir die vólle werklikheid. Hierdie opvatting van die digter en sy arbeid het implikasies vir Breytenbach se sienings oor die funksie en aard van die literatuur.

Ek en ‘ek’

Reeds vir die vroegste lesers van *Ysterkoei* val Breytenbach se gebruik van die persoonlike ‘ek’ op en hulle lewer - afwysend of verduidelikend - kommentaar daarop (Van Wyk Louw, Opperman, Antonissen, Brink, Van Rensburg en Schutte). AP Grové (1967: 19-23), die sterkste beswaarmaker, bring die ‘ekkerigheid’ van Breytenbach se poësie pertinent in verband met 'n veranderde opvatting ten opsigte van die gedig. In dié proses laat hy duidelik sy eie ideologiese instelling en aansluiting by die ‘teksgerigte’ literatuuropvatting wat in daardie stadium aan die orde was, blyk. (Johl, 1986: 84-88 besluit dat alhoewel Grové van die destydse stilistici op linguistiese grondslag verskil wat betref hul siening van die absolute isolasie van die kunswerk, sy opvatting geen ruimte laat vir die kommunikasie van 'n teks binne 'n gemeenskap nie; hy is dus 'n outonomis en selfs 'n formalis.) Teenoor die ‘gestalteskepping’ van Eybers, Louw en Opperman wat ‘vorm en duursaamheid en universele betekenis’ aan persoonlike stemminge ‘binne die struktuur van die vers’ gegee het, staan Breytenbach as ‘prater, kletser’ wat nie sy ‘gevoelens en drifte... wegobjektiveer in 'n taalkonstruksie wat sy eie sê kan sê’ nie. Hierdie ‘opdring van die ek’ aan die leser bring volgens Grové die gevaar mee dat die gedig as ‘afsonderlike struktuur’ aangetas word en dat die ‘geslote, afgeronde, heel struktuur van weleer’ by Breytenbach plek maak vir die ‘stukkende gedig’ wat geen beskutting meer bied nie.

Grové se siening lok wye reaksie uit. Brink (1967: 49), Abraham H de Vries (1968: 51-52), John Miles (1968: 20-22) en Pirow Bekker (1969: 36-40) neem wel stelling in teen Grové se standpuntinname oor die ‘ekkerigheid’ van Breytenbach se poësie, maar het basies nie probleme met sy siening van die gedig as outonome struktuur nie. Brink maak selfs, uit Zen-Boeddhistiese hoek, 'n saak uit vir die ‘volkome afsterwe van die ek’. HL Stander (1974: 82-87) sluit hierby aan en lê veral klem op die integrasie van die ek in die kosmos; PH Roodt, wat die ‘biografiese metode as literêre benadering’ as ‘verkeerd’ beskou (1977: 13) en die ontiese status van die gedig voorop stel (*op.cit.*: 19), maak 'n saak daarvoor uit dat Breytenbach verskillende objektiverende gestaltes vir die ‘ek’ skep.

Ampie Coetzee, daarenteen, bring (in 1968: 20-22, Polley, 1973: 53-64; 1976 en 1977) Breytenbach se gebruik van die persoonlike ek in verband met 'n nuwe literatuuropvatting. In die eerste twee artikels voer Coetzee aan dat die gedig vir Breytenbach ‘maaksel’ en ‘versinsel’ is wat geen terugkeer na 'n verlore vaderland deur die ‘uiteindelike (Oppermaniaanse) reis met die klein

skip' inhou nie. In hierdie verse is die digter en gedig één. Daar hoef dus nie meer angsvallig weggeskram te word van die mens-agter-die-boek nie, want die digter sit nou binne sy gedig, maar 'geobjektiveer saam met die vers' (hieruit blyk Coetzee se destydse eie geloof in die 'soewereiniteit' van die gedig). In *Poësie en politiek* (1976: 3) gaan Coetzee so ver om te sê dat ons by Breytenbach 'die mees openlike verbreking van die soewereiniteit van die digter as gedistansieerde skepper kry' en 'n drastiese verbreking van 'n 'geëerde en geheiligde literêre tradisie' in Afrikaans. Coetzee motiveer Breytenbach se 'bewuste en blatante betrokkenheid by sy werk' (*ibid.*) as 'n tegniek om die kloof tussen skepper en skepping te verbreek sodat hy die gedig as spreekbuis vir die *mens* Breytenbach gebruik. Hy wil 'in die gedig as mens met ander mense praat oor die mens... omdat dit vir (hom) primêr oor die mens gaan' (Coetzee se eie literatuuropvatting in daardie stadium blyk egter uit dié toets dat so 'n ek-teks nog steeds 'in eie reg' op grond van sy 'poëtiese middele' moet kan bestaan - *op.cit.*: 102.)

Twee ander navorsers wat ruimte laat vir die feit dat Breytenbach (soms) namens homself praat, is Annari van der Merwe (1975: 18-24), wat dit verbind aan sy gelykstelling van mens en digter, en GH Weideman (1981) wat die 'ek' naas identifisering met 'n lydende ook sien as voorstander van sosio-politieke verandering.

Oop vir die volle lewe

Lesers ten tye van die verskyning van *Ysterkoei* en *Katastrofes* besef reeds dat dit vir Breytenbach níe daarom gaan om sintuiglik bevredigende gewaarwordings te verskaf wat gerig is op 'n estetiese ervaring waarby skoonheid vooropstaan nie. TT Cloete voer vroeg reeds Breytenbach se strategieë terug na 'n credo van Hans Sleutenaar, dat die poësie gebore word uit die anti-poëtiese en die werklikheid (nié uit die wensdrome van estete nie).

Breytenbach is nie daarop uit om 'mooi' dinge weer te gee nie. Dit gaan vir hom eerder om die wek van 'n nuwe vitaliteit. Sy poësie streef na 'n onversierde direktheid, staan oop vir alle sintuie (Verster, 1968: 22-32) en ervaar die werklikheid nie as streng geskeide vlakke van teenstellings nie - die negatiewe is 'n element van die positiewe en andersom (Robinson, 1971: 48-49). Breytenbach haal poësieskryf uit die 'hoë sfeer' van estetiese beginsels en idees en stel dit gelyk aan ander liggaamsuitinge (Van der Merwe, 1975: 24-26). Hy gryp die huidige moment aan, verewig die oomblik (*op.cit.*: 207).

Hierdie poësie is nie net normdeurbrekend omdat dit konvensionele hiërargieë afbreek nie, maar ook omdat dit die burgerlike waardesisteem (wat dikwels deur die tradisionele digter beskryf en onderskryf word) verwerp. Die digter stel hom oop aan die vólle lewe en verkies 'n 'vol lewe' bo die 'vervulde bestaan' van die digters en die bourgeoisie. Dit hang saam met die oopstelling aan pyn en dood. Die lewe van gelykmatigheid is die bourgeois ideaal en word gekenmerk deur die mens se drang om hom van pyn te vrywaar. Die bourgeois mens probeer dus die omstandighede waarin hy hom bevind, bewaar - hy is dus 'n voorstander van die *status quo* en is gekant teen verandering. Vir die mens wat

die volle lewe kies, is verandering egter 'n kenmerk van groei. En verandering beteken ten opsigte van die digter se rol in die samelewing dat hy vernietigingsagent moet wees: hy moet aanvaarde begrippe en waardes (ook in ideologiese en politieke sin) bevraagteken en omverwerp (Van der Merwe, 1975: 194-196).

Uit waarnemings soos hierdie blyk dit dat Breytenbach se siening oor die funksie en aard van die literatuur uit die staanspoor verskil van sowel dié van sy mede-Sestigers, en kritici wat positief staan teenoor hul werk, as die (destyds) oorheersende opvatting onder die publiek. Dit sou, soos in die volgende hoofstukke aangedui word, 'n belangrike rol speel by álle lesers se reaksie op die omstrede digter se (politieke) verse en sy openbare politieke optrede. Breytenbach skei immers nié mens en digter nie en ken 'n sosiale funksie toe aan die kuns - soos die deursnee leser - terwyl sy mede-Sestigers en toonaangewende kritici die outonomie van die teks voorop stel en ontken dat dit die skrywer se lewensbeskouing/ideologie reflekteer. Anders as die deursnee-leser egter - en in ooreenstemming met sy mede-Sestigers en positief ingestelde kritici - meen hy dat literatuur nuwe insigte in die ervaringswerklikheid gee en normdeurbrekend is. Die heftige reaksie wat Breytenbach van sowel medeskrywers as van die publiek uitlok, hou dan verband met hul uiteenlopende literatuuropvattings.

Hoofstuk 3
Huwelik en vroeë visumvoorvalle

I
Die APB-prys van 1964: Aanloop tot die visumweiering

In Februarie 1965 kom Breytenbach vir die eerste keer polemies in die nuus toe dit bekend raak dat hy die APB-prys van R2 000 gewen het vir sy dubbele debuut. *Dagbreek en Sondagnuus* (14.2.65) van die Afrikaanse Persgroep, was eerste met dié nuus. Dit is ironies dat Breytenbach se eerste bekroning juis gekom het van die APB en dat die koerante van hierdie groep soveel publisiteit daaraan verleen het. In hierdie stadium het APB immers nog onder voorsitterskap van dr. Verwoerd gestaan (die man wat in die daaropvolgende jaar sou pleit vir skrywers wat ‘die prestasies van die volk sal besing’) en was dr. Albert Hertzog nog lid van dié direksie waarin hy 'n leidende rol gespeel het (veral 'n rol van ‘onplesierige inmenging en geknoei in die koerantwese’ - volgens Richard, 1985: 28). Die verkramp/ verligstryd was reeds - alhoewel op bedekte wyse - aan die gang en die koerante van APB se lojaliteit het na ‘regs’ gelê, na die ‘verkrampte’ faksie binne die Nasionale Party (wat ook sterk finansiële bande met die persgroep gehad het).

Die drie beoordelaars vir die prys was hoogaangeskrewe in literêre kringe: NP van Wyk Louw, DJ Opperman en FIJ van Rensburg (Kannemeyer, *Beeld*, 16.1.86, voer aan dat Louw en Opperman vir Van Rensburg, wat die prys aan Chris Barnard se *Dwaal* wou toeken, oorgehaal het om hulle te steun). Hulle aanbevelings en die toekenning van die prys dra onteenseglik daartoe by dat Breytenbach se werk vroeg reeds gereken word tot die ‘hoë’, gekanoniseerde Afrikaanse letterkunde - 'n feit wat later verstewig sou word deur Louw se uitlatings oor die jong skrywer (in 'n brief in *Db.*, 30.5.65).

In *Kriterium* (1965: 1-4) verskyn die beoordelaars se motiverings vir die toekenning wat op 28 Februarie 1965 in 'n kunstenaarsrestaurant op die linkeroewer van die Seine in Parys aan Breytenbach oorhandig is. Dié motiverings lê klem op aspekte van Breytenbach se werk wat telkens daarna weer die aandag sou trek: die nuutheid, frisheid, spontaanheid en speelsheid; die fantasie en assosiasietegniek wat dikwels tot avontuurlike woord- en beeldgebruik aanleiding gee; die digter se ‘beheptheid’ met die ‘ek’; die spot met die ‘heilige’ dig-kuns, ensovoorts.

Die houding van 'n gedeelte van die publiek teenoor die soort letterkundige werke wat Breytenbach skryf, asook die bekroning daarvan, kan afgelei word uit berigte en briewe soos die volgende:

Die *Sunday Express* (21.2.65) beweer ‘a row is brewing in Afrikaans cultural circles over the award to Breyten Breytenbach, modernist author, of the prize for the best Afrikaans book for 1964’. Volgens dié berig word die besluit van die Afrikaanse Pers-Boekhandel gesien as 'n ‘direct snub to the dominees and “old school” orthodox Afrikaans writers’, wie se aanbevelings ná die *Silbersteins*-debakel geïgnoreer is: ‘They are amazed that a prize could be awarded by the APB - a company controlled by the Prime Minister, Dr. Verwoerd - to an author like Breytenbach. Their amazement has been increased tenfold because Breytenbach's wife is non-White, a fact which clashes head-on with the Government's political policy’. In hierdie kringe word beweer dat Leroux ‘mak’ is in vergelyking met Breytenbach.

'n Koerantleser skryf onder 'n skuilnaam 'n brief aan *Dagbreek* en spot aan die hand van ‘aanhalings’ uit *Katastrofes*, met die ‘deurlugte beoordelaars van Akademie en ander faam’ wat 'n klompie ‘nuwe, eertyds onbekende skittersterre aan ons vaal letterkundige firmament’ aanwys vir ons waardering en navolging - ‘en wee hulle wat ore het maar nie hoor nie, en oë maar nie sien nie, want wie durf hierdie hoogbetitelde...orakels weerspreek?’. Volgens hierdie briefskrywer is die ‘helde van die Sestigerjare aan die opmars om 'n nuwe bedeling te bewerkstellig waar die individu as volkome selfstandige entiteit sy aard, sy wil en wellus kan uitleef na hartelus en “biedem die consequences”’. In hierdie proses word terugkeer na die natuur, met vrye teuels aan die individuele gees en sy neigings en daar is geen sin meer vir waardes en godsdiens nie. Die implikasies hiervan vir die letterkunde is 'n wegbreek van outydse, stremmende inperkings: ‘Ware letterkunde is die veruiterliking, die vergestalting van wat daar in die psige van die onbenepe individu opborrel, gestel in 'n taal wat hom aan geen hinderlike reëls laat bind nie. Hoe uitgesprokener tot in die fynste besonderhede, hoe egter en waaragtiger die “kunstenaar”’. Die ‘here lede beoordelaars ook van die Akademie’ verkondig dan dat sulke werk literêre juwele is; die ‘ander’ moet 'n doodse swye bewaar omdat die letterkunde vir hulle 'n ‘imponderabiliteit’ is - ‘daarvan weet ons net so min as wat ons blykbaar van ons afskeidingsorgane se werking weet, te oordeel na ons swye daaromtrent - slegs die “kunstenaar” en “beoordelaar” is deur 'n magiese gesag begenadig met die monopolie van alle letterkundige kennis en -waardering’ (‘Ook 'n beoordelaar’, *Db.*, 21.3.65).

Soos dit in die rubriek ‘Van alle kante’ (*Bu.*, 16.2.65) beskryf word, het Breytenbach hom met die verowering van die grootste letterkundige geldprys waarvoor 'n Afrikaanse skrywer in die vroeë sestigerjare kon meeding, in die nuus bevind en, of hy nou wil of nie, in die politiek. Want die vraag het ontstaan of hy sy prysgeld sou kon gebruik om met sy Viëtnamese vrou, Yolande, 'n besoek aan sy vaderland te kon bring; of sý 'n visum sal kry vir so 'n besoek of nie.

II
Die 1965-visumweiering aan Yolande

In 1965 skilder *Dagbreek en Sondagnuus* 'n romantiese prentjie van die swerwersbestaan van die ‘seun van Bonnievale wat sy ouers en sy vaderland vyf jaar laas gesien het’ en wat nou sy prysgeld wil aanwend om sy geboorteland aan sy ‘koninklike lotus’, sy vrou van Oosterse afkoms - maar nou 'n Franse burgeres - te kom wys (14.2.65). Aan *Dagbreek* se korrespondent in Parys sou Breytenbach gesê het: ‘Ek het (Yolande) lief en sal haar nooit prysgee nie. Deur haar het ek toegang gekry tot 'n nuwe wêreld en 'n nuwe leefwyse wat my eie lewenswaardes verryk het. Ek het agting gekry vir die geesteskrag, agtergrond en verfyndheid van die Oosterling. Maar bo alles het ek met haar getrou omdat ek op haar as persoon verlief geraak het’ (*ibid.*). Volgens dié berig besef Breytenbach dat sy huwelik groot vraagstukke geskep het: ‘Ek hòop dat my vrou deur my mede-Suid-Afrikaners aanvaar sal word; dat ons in staat sal wees om ons in Suid-Afrika te vestig.’ Breytenbach wil hom graag permanent in Suid-Afrika vestig, maar beplan voorlopig 'n vakansie in sy geboorteland. Voordat dit gebeur, wil hy egter die versekering hê dat sy daar welkom sal wees: ‘Ek wil niks doen wat haar in die verleentheid kan bring nie en daarom gaan ek vasstel of daar van ampsweë beswaar sal wees dat ons Suid-Afrika as normale Suid-Afrikaners kan besoek of ons daar as sulks kan vestig’ (*ibid.*). (Dreyer (1980: 28) voer aan dat Breytenbach tot met die visumweiering nie die implikasies van sy huwelik met Yolande besef het nie; volgens hierdie waarnemer is ‘naïewe’ onkunde ten opsigte van klaarblyklike politieke realiteite 'n onderskeidende kenmerk van die digter se intellektuele samestelling.)

Op Sondag 2 Mei 1965 is daar 'n opvallende berig in *Dagbreek*: ‘Breyten Breytenbach bring sy vrou na Suid-Afrika. Visum gekry, sê hy. Weet niks daarvan, sê minister.’ In hierdie berig word verwys na 'n brief wat die skrywer Chris Barnard van Breytenbach ontvang het waarin gemeld word dat 'n visum aan Yolande toegestaan is. Die koerant berig verder dat die minister van binnelandse sake, senator Jan de Klerk, geen kennis dra van so 'n visum nie. Daar word bespiegel of dit wel toegestaan sal word in die lig daarvan dat sy ‘nie as Blanke in Suid-Afrika beskou word nie’.

In *Die Huisgenoot* (12.8.77) vertel Chris Barnard jare later van hierdie ‘ongelukkige ding’ wat gebeur het. Volgens hom het hy 'n maand ná hy uit Europa na Suid-Afrika teruggekeer het (waar hy ook op 28 Februarie die oorhandiging van die APB-prys aan Breytenbach bygewoon het) 'n brief van Breytenbach ontvang waarin hy gesê het dat 'n visum vir Yolande aangevra is en dat hulle hoop om binnekort 'n draai in die ‘paradys’ te kom maak. Op 'n middag het Barnard met 'n oud-kollega van hom, wat in daardie stadium by *Dagbreek* as subredakteur gewerk het, gesels oor die moontlikheid dat die Breytenbachs binnekort na Suid-Afrika sou kom. Die joernalis was nie seker dat dit wel moontlik sou wees vir die Viëtnamese Yolande nie, maar Barnard het dit

nie as 'n struikelblok gesien nie omdat hy geweet het dat Breytenbach tegemoetkomend behandel is toe hy navraag daaroor gedoen het by die ambassade in Parys. Wat Barnard as ‘vertroulike inligting’ beskou het, het die volgende Sondag gesorg vir hoofopskrifte in die Sondagblad van die APB.

Teen 26 Mei 1965 raak dit bekend dat 'n visum aan Yolande afgekeur is. Volgens Barnard het sy medeskrywers almal gevoel dat die skuld daarvoor syne was: hy het die nuus ‘koerante toe gedra’ en die publisiteit wat daaruit voortgevloei het, het dit vir die regering onmoontlik gemaak om die visum toe te staan (vergelyk berig in *Bu.*, 26.5.65). NP van Wyk Louw kon egter nie glo dat dit 'n ‘Regeringsbesluit’ kan wees nie, eerder 'n ‘amptenarebesluit’: ‘Ek kan nie glo dat 'n Regering van ons só sy beslissings laat bepaal deur koerante se kontralawaai nie - dat hy homself so deur sy teenstanders in die verleentheid laat inmaneuvreer nie. Dit glo ek nog nie op 26 Mei 1965 nie. Ons het op waardige wyse nog nooit boikotte met boikotte beantwoord nie, of dreigemente met terugdreig nie, of uitskel met terugskel nie. Sal ons dan roekelose “publisiteit” van een kant af met só 'n teenset antwoord - wat erger publisiteit uitlok?’

Wat ook al die rede vir die verbod was, Barnard is deur medeskrywers uitgewys as 'n sondebok wat 'n vriend ‘uitverkoop’ het. Volgens Barnard was die briewe wat aan hom gerig is, ‘gallerig’ en sommiges daarvan in ‘onbeheerste woede’ geskryf. Die gerugte wat hy uit die kweperlaning gehoor het dat die visum om ‘ander oorwegings’ geweier is, was weinig troos vir Barnard wat ‘vir Breyten meer omgegee het as vir enige ander vriend... voor of ná hom’. Breytenbach het in 'n brief gesê dat hy Barnard nie blameer nie, tog het die vriendskap 'n knou gekry (*Hg.*, 12.8.77).

In 1966 word weer eens 'n visum aan Yolande geweier. J du P Scholtz wat in 1966 vir Breytenbach in Parys ontmoet het, vertel later dat hy bereid was om vir die Breytenbachs voorspraak te doen hieroor. By sy terugkeer in Suid-Afrika het hy 'n brief van die digter ontvang waarin hy onder meer skryf dat sy vader al met die minister van binnelandse sake in verbinding was oor die moontlikheid van 'n visum vir Yolande; hy herinner Scholtz daaraan dat hy belowe het dat hy by die minister voorspraak sal doen. Kort daarna, of tegelyk met die brief, wat hom via Cloete Breytenbach bereik het, het Scholtz ook 'n boodskap gekry dat hy niks in die saak moet onderneem nie, omdat 'n visum weer geweier was (*Bu.*, 18.10.73).

Chris Barnard onthou jare later dat hy êrens in 1966 'n ongedateerde en taamlik swartgallige brief van Breytenbach ontvang het na aanleiding van sy manuskrip *Om te vlieg* wat afgekeur is deur 'n Kaapse uitgewer en die onttrekking van sy skilderye uit 'n groepuitstalling wat deur Hollandse kunsmuseums getoer het. Die brief bevat die volgende kriptiese sin: ‘Ek het vir julle ook 'n verrassing... en ek hoop aangenaam - maar gebruik nog 'n bietjie geduld. As dit kan, voor Kersfees.’ 'n Paar maande later bel Breytenbach uit Mbabane: Hul aansoek om 'n visum vir Yolande is weer afgekeur, toe besluit hulle om Swaziland toe te gaan. In 'n brief wat Barnard 'n dag of wat later ontvang, vra hy Barnard om die nuus stil te hou. Die nuus het wel uitgelek - aan

die *Sunday Times* - maar dié keer is Barnard nie aangewys as sondebok nie (*Hg.*, 19.8.77).

Ná 'n verblyf van byna drie maande in Mosambiek en Swaziland, waar Yolande Breytenbach haar skoonouers ontmoet, kom die Breytenbachs op 14 Februarie 1967 in Tafelbaaihawe aan as passasiers op die Portugese skip *Império*. Hulle word toegelaat om die skip te verlaat, in Kaapstad rond te ry en by sy broer te oornag (berigte in *Bu.*, 15 en 16.2.67; *Vo.*, 16.2.67).

Teen die einde van 1972 word 'n visum toegestaan aan Yolande Breytenbach. Met hul aankoms in Suid-Afrika word Breytenbach deur die grootste deel van die Afrikaanse pers met ope arms terug ontvang as ‘die verlore seun wat huis toe gekom het’. Hierdie koerante se houding koel egter merkwaardig af ná sy toespraak by die Kaapstadse Somerskool.

Breytenbach se volgende besoek aan Suid-Afrika was met behulp van 'n vals paspoort. Die besoek loop uit op 'n jarelange verblyf in die Pretoria Sentraal- en Pollsmoorgevangenisse. In 1987, meer as vier jaar na sy vrylating, word hy - nóu 'n Franse burger - 'n Suid-Afrikaanse visum geweier. Dit gebeur weer in 1988 (kyk hoofstuk 7 VI).

III
Persreaksie op die 1965-visumweiering

Die aankondiging van die visumweiering aan Yolande in *Dagbreek* en ander koerante gee aanleiding tot hewige openbare reaksie en meestal is dit politieke/ideologiese houdings en aannames wat ter sprake kom.

Uit die berigte, redaksionele kommentaar en selfs die aard van briewe wat gepubliseer is, blyk die koerante se ideologiese instelling. Daar is reeds daarop gewys dat dit die koerante van die APB was wat Breytenbach eerste in die kollig geplaas het. 'n Anonieme briefskrywer (*Va.*, 8.6.65) sou later die APB-blaaie só hieroor verwyt: ‘Voordat mnr. Breytenbach se prystoekenning aangekondig is, was daar verskeie stukke oor hom in die Afrikaanse pers. Nêrens was daar melding dat hy in 1962 met 'n Viëtnamees getroud is nie. Op dié manier is vooraf (bra opsetlik?) aan hom 'n soort aansien as 'n “Afrikaanse intellektueel” gegee. Toe word die prystoekenning aangekondig en skielik wemel die liberalistiese Sondagblaaie van foto's van Breytenbach en sy vrou:.. En toe is sy skryfwerk skielik van minder belang. Toe is almal bewus van sy vrou. Nou vra ek: waarom is die feit van sy vrou so stewig verswyg deur APB se blaaie voor die toekenning?’ André P Brink (*Va.*, 3.6.65), wat sekerlik nie hierdie koerantleser se afkeer van ‘liberalisme’ deel nie, beskuldig die koerante van die APB daarvan dat dit hulle was ‘wat met die toekenning van die R2 000-prys aan Breyten Breytenbach begin het met spekulasie en ongure publisiteit wat nou daartoe gelei het dat ons Blanke stamhoofde 'n visum aan mev. Breytenbach

weerhou'. (André P Brink was in hierdie stadium, net ná die verskyning van sy roman *Orgie*, nie baie vriendelik gesind teenoor die APB nie. Hy het *Orgie* aan APB voorgelê, wat dit ná 'n positiewe keurdersverslag deur Rob Antonissen vir publikasie aanvaar en geset het; die manuskrip en proewe is egter in 'n laat stadium aan hom teruggestuur. Daarna lê hy dit voor aan Human & Rousseau, waar dit deur DJ Opperman op 'literêre gronde' afgekeur is. Uiteindelik verskyn die roman by die firma John Malherbe. Intussen is die boekerubriek in *Dagbreek en Sondagnuus* ook van Brink weggeneem en aan Merwe Scholtz vir redigering oorhandig (Kannemeyer, 1983: 397). In 'n brief aan my, gedateer 27.5.85, skryf Brink só oor hierdie verbintenis met *Dagbreek*: 'Dirk Richard het my destyds, skaars 'n maand of wat nadat hy my aangestel het, sommer net laat weet hulle het besluit om 'n ander formaat daaraan te gee. Telefonies ook; wou niks op sy lêer hê nie...')

Dagbreek, wat voorloper was met die nuus oor Breytenbach, was destyds onder redaksie van Dirk Richard wat dikwels onder druk geplaas is deur verkrampte lede van sy direksie (veral dr. Albert Hertzog) en verkrampte redakteurs van sy persgroep. Tog beroep Richard (1985: 123) hom later daarop dat *Dagbreek* 'n 'beskeie deel' gehad het aan die 'strewe na hervorming', onder meer op grond daarvan dat dié koerant 'in die dae toe sulke joernalistieke astrantheid nog na party-dislojaliteit gelyk het... dit gelaak het dat... ('n) visum aan Yolande Breytenbach... geweier is'. Hierdie 'laking' vind egter nie neerslag in die politieke korrespondent se verslag oor 'Hoekom Breytenbachvisum nie toegeken is nie'. In hierdie opvallende berig (met banieropskrif op die linkerhandse bladsy agt van *Db.*, 6.6.65) som hy die redes vir die regering se optrede (soos hy dit uit 'n gesprek met 'n 'gesaghebbende bron' verkry het) soos volg op, sonder enige blyke dat hy nié akkoord gaan met die konsekwensies van die apartheids-ideologie en die handhawing van 'wet en orde' tot elke prys nie:

(i) Laat die Staat mnr. Breytenbach en sy vrou hier toe, sal die Parlement geminag word, want die Parlement het in sy soewereiniteit 'n wet, die Ontugwet, aangeneem. Daardie wet sou op Breytenbach en sy vrou van toepassing wees.
(ii) Sou die skrywer en sy vrou in sy ouerhuis of elders in die land in een vertrek slaap en iemand kla daaroor by die polisie, sal hulle verplig wees om op te tree. Dink aan die gevolge, die internasionale bohaai.
(iii) Die belangrikste oorweging was miskien dat 'n presedent dan geskep sou gewees het vir alle mans in Suid-Afrika wat met nie-Blankes wil trou. Hulle kon dan oor die grens na een van die protektorate of buurstate glip, daar trou en dan, in navolging van mnr. Breytenbach, aansoek doen om toelating vir hul vroue. Of hulle kan soos mnr. Breytenbach in die buiteland trou met 'n burgeres van 'n nie-Blanke nasie terwyl hulle byvoorbeeld in die Ooste studeer of reis en dan aansoek doen om 'n visum vir die nie-Blanke vrou.

In sy rubriek 'Die week in die politiek' (*Db.*, 20.6.65) lewer Willem van Heerden hoogstens versigtige kommentaar op die Breytenbach-voorval binne die wyer Suid-Afrikaanse politieke konteks. Hy beskou die visum-weiering as 'n

‘administratiewe oordeelsfout’, maar waarsku dat dit nie vir ‘partyvoordeel’ uitgebuit moet word nie:

> Ons mag ons verskille hê, en sommige onder ons mag selfs baie sterk voel oor dingetjies soos 'n visum vir mev. Yolande Breytenbach of simfoniekonserte in die Kaapstadse stadsaal of 'n permit vir Bantoe werknemers van die Universiteit Rhodes om te gaan kyk na studentevoetbal. Maar hierdie dinge, hoewel hulle gebruik mag word, en ook wel word, om gevoel in die buiteland teen ons te verskerp, het niks uit te staan met die werklike twisvraag tussen ons en dié gedeelte van opinie in die buiteland wat ons veroordeel nie. Dié gaan oor *Blanke politieke seggenskap in Suid-Afrika* (en nie oor die apartheidsbeleid as sodanig nie)...

Richard se aanspraak dat sy koerant die visumweiering ‘gelaak’ het, word hoogstens gereflekteer in die publikasie van NP van Wyk Louw se brief oor die voorval. Met die uitsondering van slegs twee briewe is die ander ‘Briewe van ons lesers’ wat in daardie stadium in die koerant gepubliseer is, ondersteunend van die politieke *status quo*. (In Oktober 1970 verskyn daar wel berigte deur Dirk Richard en Willem van Heerden waarin gevra word dat Breytenbach se saak in heroorweging geneem word. In 'n onderhoud met die *Sunday Tribune* (11.10.70) sê Breytenbach dat hy 'n bietjie moed put uit die feit dat prominente Nasionaliste die implikasies van die regeringsbeleid in menslike terme beskou, maar hy voel dat dit nie moet gaan om uitsonderings nie, maar oor die ideologie van apartheid in sy geheel.)

Die Vaderland bly aanvanklik neutraal oor die visumweiering. In sy brief wat op 3 Junie 1965 in dié dagblad gepubliseer word, daag André P Brink hierdie koerant van die APB uit om standpunt in te neem oor die visumweiering: ‘Is u koerant bereid om te protesteer teen 'n voorval wat noodwendig moet meebring dat een van die belangrikste digters wat Afrikaans nog opgelewer het, voortaan van sy eie land vervreem moet word - en dit omdat sy vrou... nie presies die “regte” kleurskakering vir ons goddelike suiderson vertoon nie...? As u dit met u gewete kan rym dan het u 'n keuse gedoen tussen die eng en meermale diaboliese grense van die politiek en die groter menslike ruimte van kultuur en beskawing.’ Die redakteur van *Die Vaderland*, AM van Schoor, aanvaar die uitdaging in die hoofartikel van dieselfde uitgawe van die koerant. Al vind hy dit ‘pynlik’ omdat sy koerant ‘die onbetreebare heiligdom van enige mens se persoonlike lewe eerbiedig’ noop Breytenbach se ‘striemende aanklagte sowel as die emosionaliteit van enkele Afrikaanse skrywers wat Afrikanerskap... op sleeptou sestiger’ die koerant om standpunt in te neem: ‘Breytenbach het... uit eie vrye sin en wil besluit om nie aan die lewensnorme of wetlike verordeninge van sy gemeenskap te formeer nie... (Hy) het duidelik genoeg intelligensie en begaafdheid om te weet dat hy met sy versoek om 'n visum die gemeenskap buite wie se lewensreëls hy homself uit eie vrye keuse gestel het, sal uitdaag en uittart. Hy begaan 'n groot oordeelsfout, bewus of onbewus: ONS het hom nie sy Afrikanerskap ontneem nie. Dis HY wat vir homself eerlik moet rekenskap gee wat “Afrikanerskap” van die draers daarvan verg en of hy dit nie lankal self, met voorbedagte rade, prysgegee het nie.’ (Laasgenoemde verwys na Breytenbach se ‘Afrikanerskap’-uitspraak in *Bu.*, 2.6.65.) Reaksie soos hierdie brand-

merk die digter as ‘buitestaander’ omdat hy nie konformeer aan die norme van die hegemoniese groep nie.

Abraham H de Vries, wat in daardie stadium kunsredakteur van *Die Vaderland* was, reageer op hierdie hoofartikel en wys sy hoofredakteur (in *Va.*, 4.6.65) daarop dat die definisie van Breytenbach se huwelik as ‘uitdaging van geskrewe en ongeskrewe lewensreëls van die gemeenskap’ van swak smaak getuig en dat die verheffing van ‘lewensnorme en wetlike verordeninge’ tot onbuigbare ideologie nadelig is vir die voortbestaan en ontwikkeling van Afrikaans. De Vries wonder vir en namens watter ‘vreemde soort Afrikaner’ hierdie hoofartikel geskryf is. Hy voel dat die meeste Afrikaners nie só eng gebonde is aan wetlike verordeninge dat hulle nie die waarde van hul geestesprodukte voorop sal stel nie. In 'n volgende brief (*Va.*, 15.6.65) beskuldig De Vries die koerant daarvan dat hy die visumvoorval as ‘politieke wisselgeld’ gebruik. Na aanleiding van die parodiërende woordspel in ander hoofartikels in dié koerant (8.6.65 en 10.6.65) asook die lesersbriewe beweer hy dat ‘as *Die Vaderland* 'n bietjie sy skuilnaambriewe agterweë hou en die briewe plaas van mense wat bereid is om hul name te teken by wat hulle sê en daarvoor in te staan, sal u uitvind: die *meeste* lesers se perspektief is veel, veel ruimer’. (Uit die reaksie van die publiek blyk egter meer simpatie met sienings soos dié van Van Schoor.)

Die visumvoorval kry minder aandag in Voortrekkerpers se *Die Transvaler*. Redakteur GD Scholtz se konserwatiewe en eksklusief Afrikaner-instelling blyk egter ondubbelsinning uit sy hoofartikel van 8 Junie 1965. Hy beskou hierin genetiese suiwerheid as dié aspek van die Afrikaner se lewensbeskouing wat tot sy behoud gelei het. Hy verdedig maatreëls om rassevermenging teen te gaan op grond van ‘wetenskaplike argumente’ asook op grond van ‘die goddelike roeping’ van die Afrikanervolk. Hy voer aan dat ‘hierdie aspek van sy lewensbeskouing die Afrikaner in direkte botsing met die liberalisme bring wat van geen rasseverskille wil weet nie’. Volgens hom kom Breytenbach se huwelik en die houding van Afrikaners wat hul aan sy kant skaar, daarop neer dat die wetgewing van die land ‘wat die lewenshouding van die Afrikaanse volk weerspieël’, verontagsaam en aan flarde geskeur word: ‘Afrikaners wat een van die belangrikste beginsels van hul volk se lewensbeskouing verwerp en wat hulle ook vir hul mense skaam, kan nou 'n besondere stap doen. Dit is om hul voet ook te plaas op die weg wat na Parys lei.’ Ook Neels Natte meen dat die voortbestaan van die ‘blankedom’ op die apartheidsbeleid gebou is; hy voel dit was 'n ‘politieke oordeelsfout’ om 'n prys toe te ken in omstandighede ‘waarvan voorsien moes gewees het dat dit sou lei tot die ongure gevolge vir ons vaderland waartoe dit gelei het’ (4.6.65).

In teenstelling met die koerante van APB het Nasionale Pers se koerant, *Die Burger*, geen standpunt oor die visumvoorval in hoofartikels ingeneem nie. Enkele berigte oor die prystoekenning, Breytenbach se omswerwinge en 'n aankondiging van die visumweiering verskyn sonder kommentaar (16.2.65; 18.2.65; 26.5.65). Breytenbach se omstrede brief teen apartheid verskyn egter in dié koerant (2.6.65). Op 4 Junie 1965 word in die rubriek ‘Gister in die Parlement’ berig dat die visumweiering in die begrotingspos Inligting in die

Volksraad ter sprake gekom het. Mnr. RB Durrant (Verenigde Party, Turffontein) het gesê dat die regering met sy dade al die goeie werk van die departement van inligting saboteer; die Breytenbach-voorval het meer ruimte in die wêreld-pers gekry as wat die departement met sy hele begroting kon koop.

Op 9 Junie 1965 verskyn daar in *Die Burger* 'n voorbladberig met die banieropskrif: ‘Breyten moes wys hy is blank’. Hiervolgens sou Breytenbach se moeder gesê het dat haar seun met geboorte- en doopsertifikate, geslagsregister en bloedtoets moes bewys het dat hy wit is voor hy met die adellike Yolande kon trou. (Breytenbach ontken hierdie bewering in *Bu.*, 14.6.65.) Onderaan die berig word verwys na 'n lesersbrief wat ook in die koerant opgeneem is. In hierdie brief pleit Jurie van As dat ons wette plek moet hê vir menslikheid: ‘As ons doen wat binne die grense van ons gedwonge lewensbeskouinge op suiwer Afrikaner-menslikheid geregverdig kan word, sal ons die pad na gesonde nasieskap nie byster raak nie. As ons te bang is om dit te doen, verloor ons die stryd, ook sover dit ons bruin Afrikaners betref.’ Volgens Marthinus van Schoor van UNISA, wat werk aan 'n biografie oor Piet Cillié, is *Die Burger* deur die regering kwalik geneem daaroor dat dit briewe gepubliseer het wat simpatiek teenoor Breytenbach was. Van Schoor haal aan uit 'n brief wat Piet Cillié op 10 Junie 1965 aan dr. TE Dönges ('n direksielid van Nasionale Pers) rig, en waarin hy verwys na 'n gesprek tussen hulle. Met verwysing na genoemde voorbladberig en pro-Breytenbach brief het Dönges vir Cillié gevra om 'n redaksionele standpunt oor die hele episode in te neem; hy het dit ook duidelik gemaak wátter standpunt hy graag in *Die Burger* gestel wil sien. Cillié se reaksie hierop kom daarop neer dat die regering self nog nie standpunt ingeneem het nie - as dit gebeur, sal *Die Burger* daarop reageer. (Hierdie inligting is van Van Schoor verkry tydens 'n gesprek in 1984.)

André P Brink verwyt *Die Burger* ook oor sy hantering van die saak, maar vanuit 'n ander hoek. Hy wys daarop dat Afrikaanse koerante, gesteun deur predikante en huisvrouens, tereg geprotesteer het teen die ouderdomsbeperking op die rolprent *Debbie* van Jamie Uys. Teen die gevaar dat Afrikaans een van sy sterkste en verrykendste nuwe kragte verloor, protesteer mense soos NP van Wyk Louw, wie se woorde swaarder weeg as die ‘effe menigte’. Maar na dié protes word nie geluister nie. ‘Die noordelike koerante gaan op kenmerkend histeriese manier tekere teen die protesteerders. *Die Burger* verkies om te swyg. Het u koerant, wat nog nooit geskroom het om die saak van die Afrikaanse kultuur te verdedig nie, nie ook hier 'n gewetenstaak nie?... Watter kant toe gaan hier gekies word? Die volk wat brood en botter en fliek wil hê? Of die suiwerste hart van die volk, die kultuur, waarsonder die liggaam sou verskrompel?’ (*Bu.*, 11.6.65).

Die feit dat *Die Burger* nié redaksionele kommentaar op die omstrede visumsaak gelewer het nie, was deel van sy ‘verligte’ strategie. Dit het immers 'n forum vir openbare debat geskep: nie net Breytenbach self (2.6.65) en sy familie (9.6.65; 14.6.65; 21.6.65) stel hier hulle saak nie, maar verreweg die meeste lesersbriewe oor die visumvoorval verskyn hierin - sowel heftige anti-Breytenbach- as pro-Breytenbachbriewe. Dit is egter belangrik om te besef

dat *Die Burger* nie 'n werklik *alternatiewe* standpunt ingeneem het nie - en daarom steeds nie die *status quo* fundamenteel bevraagteken het nie.

IV
Reaksie van die publiek en ingeligte lesers op die 1965-visumweiering

Berigte oor die bekroning van Breytenbach se werk en oor sy persoonlike lewe stel die digter bekend aan 'n publiek vir wie hy andersins net ‘'n skrywer’ sou bly. Die weiering van 'n visum aan Yolande, die reaksie daarop van die koerante, skrywers soos Van Wyk Louw en Brink asook Breytenbach se eie brief (veral sy ‘As ek my Afrikanerskap vandag kon opsê, sou ek dit doen...’, *Bu.*, 2.6.65) ontlok kommentaar van die algemene publiek in die vorm van briewe in koerante.

Met die uitsondering van enkele briewe (waarvan die meeste in *Die Burger* gepubliseer is) is briefskrywers gekant téén Breytenbach se huwelik en skryfwerk. Die anti-Breytenbach-reaksies kon ruweg verdeel word in twee groepe: reaksies op Breytenbach se oortreding van 'n landswet en die ‘nie-blankheid’ van sy vrou; en reaksie op Breytenbach as kunstenaar, sy ‘liberaalheid’ as skrywer, sy verbintenis met die Sestigers, ensovoorts (hierdie reaksies verskaf inligting oor die publiek se literatuuropvatting).

Briefskrywers in die eerste kategorie voer feitlik deurgaans aan dat Breytenbach met ‘voorkennis en voorbedagte rade’ 'n huwelik aangegaan het wat onwettig in Suid-Afrika is. Die mening word uitgespreek dat ‘mense wat die huwelik tussen 'n Blanke Afrikaner en 'n Nie-Blanke vrou goedpraat, nie in Suid-Afrika hoort nie’ en verdien om in die ‘buitenste duisternis’ gewerp te word (AP du Plessis, *Bu.*, 2.6.65). Die volk word gewaarsku om nie die ‘beginsels van sy voorouers’ prys te gee nie (Deon Kotzé, *Bu.*, 4.6.65) en om sy ‘identiteit te bewaar’, want dit is ‘elke trotse en beskaafde volk se waardevolste kleinood’ (Loubser, *Bu.*, 7.6.65). Hierdie voorval het ‘Suid-Afrikaners laat wakkerskrik vir die afskuwelike werklikheid van wat sal gebeur as die Ontugwet nie streng toegepas word nie’ (‘English Speaking Realist’, *Db.*, 20.6.65). Daar kan beslis nie toegelaat word dat die Breytenbachs 'n presedent skep wat ‘onberekenbare skade aan ons tradisionele leefwyse en landsbeleid’ sal berokken nie, want ‘bloedvermenging was nog nooit goed te praat nie... ondertrouery sal nie deug nie’ (Vincent van der Westhuizen, *Db.*, 20.6.65). Deur ondertrouery ‘sal die mensdom mos later uitbaster totdat almal dieselfde kleur het, en dit is seer sekerlik nie wat die Here bedoel het nie, want om watter rede sou Hy dan mense van verskillende kleure gemaak het?’ (Lisbie Dreyer, *Bu.*, 14.6.65). Die ‘godsdienstige en rasse-andersheid maak hierdie huwelik iets vreemds aan die norm’, want daar bestaan tog so iets as 'n soort-eksklusiwiteit of soort-andersheid (dr. CW Louw, *Bu.*, 18.6.65). Die besluit van die regering

om nié 'n visum toe te staan nie, word ondersteun deur briefskrywers (byvoorbeeld R Nel namens Die Konserwatiewe Studiegroep van Pretoria, *Db.*, 13.6.65 en AGV le Roux, *Tv.*, 23.6.65). GI Moelich (*Bu.*, 14.6.65) verklaar selfs: ‘As hierdie huidige Regering besig is om sy eie graf te grawe, sal ek graag saam met my Regering daarin begrawe wil wees, want dit sal die laaste suiwer graf in die skoot van ons lieflike land wees.’

Die argumente wat aangevoer word deur hierdie briefskrywers, naamlik gehoorsaamheid aan wetlike verordeninge wat gerig is op die bewaring van die ‘volk’ se identiteit/eksklusiwiteit/tradisies en 'n geloof in rassesuiwerheid en -meerderwaardigheid (gekoppel aan ‘beskawing’), belig hulle onkritiese aanvaarding van die dominante ideologie.

Briefskrywers in die tweede kategorie gee ook aanduidings van hul ideologiese voorkeure, maar bring dit in verband met hulle sienings oor die kuns en die rol van die skrywer of intellektueel. Hierdie briefskrywers vermeng gewoonlik die kategorieë: individuele skrywer, 'n sekere groep skrywers (die Sestigers) en die moderne letterkunde in die algemeen. Die besware berus nie op ‘suiwer’ literêre/strukturele argumente nie (iets waarvoor die Sestigers gepleit het), maar op morele argumente (veral ten opsigte van politiek en seks/sedes) en is dikwels emotivisties van aard. Daaruit blyk telkens die publiek se siening dat kuns en die (politieke) werklikheid nie geskei kan word nie: dat dit die funksie van die kuns is om die politieke *status quo* te onderskryf en dat die skrywer ‘volkskrywer’ moet wees.

Jan Pretorius (*Bu.*, 24.6.65) beskuldig APB daarvan dat ‘al die onwelkome publisiteit vir ons land nie sou plaasgevind het nie’ as hulle nie die prys ‘vir 'n man in die dekadente buiteland’ gaan aanbied het nie: ‘In die vervolg moet alle instellinge wat pryse vir letterkunde of iets anders uitloof, dit verpligtend maak dat deelnemers hulle *en* hul gades se persoonskaarte aan die bundel poësie of prosa aanheg wat hulle vir beoordeling voorlê. Deur hierdie reël streng toe te pas en eers die persoonskaarte te bestudeer, sal dit soms nie eens nodig wees om lang manuskripte vol onverstaanbare onsin deur te lees nie en sal baie onaangenaamheid uitgeskakel word. Op dié wyse hou ons ons letterkunde ook raseg en suiwer.’ Ook ander briefskrywers is van mening dat die kunstenaar nie ‘verhewe is bo die landswet en die sedewet’ nie (byvoorbeeld AH de Wet, AL van Heerden en C Grey, *Db.*, 10.6.65; ‘Kaspaas’, *Va.*, 7.6.65; GJ Pienaar, *Bu.*, 10.6.65).

Dit is veral Breytenbach se ‘verblindheid deur die kuns en kultuur van oorsese lande’ (G Terblanche, *Bu.*, 8.6.65) en sy verbintenis met die Sestigers wat beklemtoon word. Hierdie groep skrywers word onder andere 'n klompie ‘windbroekprotesteerders’ genoem wie se pogings tot dusver bestaan uit ‘'n paar boekies wat al klaar op die rakke lê en stof vergader, kletspraatjies oor hoe onbeskaafd die Afrikaner is, baie briewe aan die pers, 'n onophoudelike onderlinge gerugkrappery en 'n yslike grootbekkigheid oor die algemeen. Dus niks om oor te roem nie’ (Gert Pretorius, *Bu.*, 14.6.65). Sekere letterkundiges word ‘alte maklik op sleeptou geneem deur elke agitasie van baard- en plakkaat-draende “intellektueles”’, terwyl die volk ‘deur 'n soort literêre orde van sersant-majore beveel word om te klink en te drink. (Alles natuurlik ter

wille van die vryheid van spraak en pers en van hernieuing)' ('Ysterkoei', *Va.*, 8.6.65). Die versugting gaan op dat ons bewaar mag word van die dag dat die Sestigers die leiding oorneem (AP du Plessis, *Bu.*, 2.6.65); 'mag die Vader ons land en volk daarvan bewaar dat ons geregeer word volgens die norme en denkbeelde van die huidige geslag van "kunstenaars", baie van wie, hoewel in 'n bepaalde rigting begaaf, van die mees emosionele, oorgevoelige en soms kwalik toerekeningsvatbare mense in die land is. Die Sestigers is die eerste wat wild tekere gaan as kerk of staat oor hul "kuns" frons. Moet die mense tog nie maar liewer binne hulle "kuns"-kring bly en die Regering van die land en die reëling van normale menslike verhoudinge aan langkoppe met meer ervaring en ewewig in hierdie rigting oorlaat nie?' (GJ Pienaar, *Bu.*, 10.6.65)

Met verwysing na medeskrywers se kommer dat Breytenbach verlore mag gaan vir die Afrikaanse letterkunde, neem een briefskrywer die volgende standpunt in: NP van Wyk Louw is verniet 'so bevange geskrik hieroor... Breytenbach sal aanhou om in Afrikaans te skryf as hy enigsins publisiteit wil hê. In die Vastelandse letterkunde is die idioom waarin hy skryf reeds jare lank snuif getrap en deur groter geeste as hy' ('Een wat nie die beste in ons literatuur is nie, Kroonstad', *Db.*, 20.6.65). Die gevoel is oor die algemeen die volgende: 'Sal ons Afrikaners regtig iets verloor as ons nie Breytenbach met sy liberalistiese idees by ons het nie? Is sy werke nou waarlik so perfek en verhewe dat alle beskaafdes dit moet lees? Ek glo ons is sonder Breytenbach se werke nog beter daaraan toe. Laat ons dan maar liewer in onkunde en "geestelike onbeskaafdheid" verkeer eerder as om trots en beginsels prys te gee ter wille van liberalisme' (Nellis van Rensburg, *Db.*, 20.6.65). Pleidooie gaan op vir 'n 'egte volksdigter wat deur skade en skande by sy volk staan' (A de Wet, *Db.*, 13.6.65; HC Joubert, *Bu.*, 17.6.65).

Die pro-Breytenbach briewe is in die minderheid. Nie een van hierdie briefskrywers verwerp apartheid of wette soos dié op Gemengde Huwelike en Ontug volledig nie. Daar word wel beroepe gedoen op die regering om met realistiese buigsaamheid te werk te gaan (P Lourens, *Db.*, 27.6.65), met redelikheid en menslikheid (Jurie van As, *Bu.*, 9.6.65), met tegemoetkomendheid (Ronald Cloete, *Bu.*, 11.6.65) teenoor uitsonderlike omstandighede en uitsonderlike mense (Dirk Hertzog, *Bu.*, 25.6.65; FB Swanepoel, *Db.*, 20.6.65). Deurgaans is die gevoel dat die norm nie velkleur moet wees nie, maar opvoeding, beskawing, kulturele ontwikkeling (byvoorbeeld Pieter Venter, *Va.*, 17.6.65). Prof. Wouter de Vos (*Bu.*, 15.6.65) waarsku dat optrede soos hierdie niks te make het met die 'lofwaardige beginsels van die selfbeskikkingsreg van volkere en afsonderlike vryhede nie', maar tekens begin toon van 'fanatieke rassisme'.

Openbare reaksie van die kant van skrywers wat gesiene en/of omstrede openbare figure is, trek die aandag van die koerantlesende publiek. Die reaksies van sulke ingeligte lesers betrek die verhouding kuns en (politieke) werklikheid (dit wil sê aspekte van literatuuropvattings) asook Breytenbach se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem. Die skrywers spreek hulle almal uit téén 'n verstarde nasionalistiese en apartheidsideologie en sien die letterkunde as 'verhewe' bo die politieke werklikheid. Dit sluit aan by die opvatting wat die meeste

(pro-Sestiger) ingeligte lesers destyds oor die aard van die letterkunde nagehou het, naamlik dat die kuns outonoom is en die skrywer en mens aparte entiteite ('n opvatting waarmee die publiek meestal nie saamgestem het nie - en Breytenbach self ook nie, maar nie om dieselfde redes nie).

NP van Wyk Louw se toetrede tot die debat is van belang omdat hy (wat allerweë beskou is as die belangrikste Afrikaanse skrywer) in die openbaar standpunt ingeneem het ten opsigte van die jong Breytenbach se posisie binne die gekanoniseerde Afrikaanse letterkunde. Louw skryf in sy brief aan *Dagbreek* (30.5.65) dat hy met ‘pyn en skaamte’ verneem het van die visumweiering aan mev. Breytenbach wat ‘vermoedelik meebring dat haar man ook nie sal kom nie: nóú nie, miskien nóóit nie; dat hy as balling sal moet werk en leef, afgesny van sy land en sy taal - die ergste wat 'n jong skrywer kan oorkom’. Louw praat as Afrikaner, maar ook namens die literatuur wat ‘sal voortleef wanneer die grootste gedeelte van ons tyd se politiek en die groot massa van ons politici begrawe en vergeet sal wees’. Hy vra of die Afrikaanse nasionalisme (wat vir hom die grootste beweging binne ons geskiedenis en 'n teken van uitgroei, van steeds voller lewe was) nie nou 'n ‘verstarde ideologie’ word wat ‘deur amptenare met duimstokke afgemeet’ word nie. Dit gaan egter ook oor die Afrikaanse letterkunde wat dit nie kan bekostig om ‘werklike kragte’ te verloor nie: ‘ons *kan* 'n talent soos Breytenbach *net nie* wegklap, uittrap nie. Wat vir die amptenaar 'n pennestreep is, is vir die skrywer 'n totale ingryp in sy hele lewe, en vir ons letterkunde 'n vuishou in die gesig. Om van Breytenbach 'n ewige balling te maak? Ons kan nie. Ons durf nie.’ Louw verseker dan die Breytenbachs dat ‘baie, baie en van die béstes in ons literatuur, in hierdie oomblik by hulle staan’.

As voorste segsman van die Sestigers bevestig André P Brink die vroeë kanonisering van die jong Breytenbach as hy hom in 'n brief aan *Die Burger* (31.5.65) nie net 'n ‘toonaangewende digter’ noem nie, maar ‘een van die belangrikste digters wat Afrikaans nog opgelewer het’. Brink spreek hom ook duidelik uit teen enige determinante vir die kuns wat uitgaan van die apartheidsideologie: ‘In hierdie benouende broederskappie van witterige eksklusiwiteit sal daar weldra baie, baie min kunstenaars oorbly wat dit met hul gewete sal kan rym om tot die “kultuur” 'n bydrae te lewer. Blanke selfbeveiliging beteken vandag dan: beveiliging teen alles wat die naam kultuur, kuns en beskawing waardig is.’

In 'n brief in *Die Burger* (1.6.65) vereenselwig De Vries hom met kritici wat sê dat Breytenbach ‘die sterkste stem is sedert DJ Opperman’. Sy groot probleem met voorvalle soos die visumweiering aan Yolande Breytenbach is of ‘parallelle ontwikkeling’ 'n ‘ernstige strewe’ vir die regering is of slegs 'n partypolitieke truuk wat as rookskerm vir diskriminasie moet dien (De Vries self blyk positief ingestel te wees teenoor parallelle ontwikkeling as politieke uitgangspunt). Volgens 'n skrywe in *Die Vaderland* (4.6.65) voel hy dat die Afrikaanse letterkunde vir die regering swaarder moes geweeg het as wetlike verordeninge wat, as dit verhef word tot 'n onbuigbare en verstarde ideologie, ‘nadelig is vir die voortbestaan en ontwikkeling van... Afrikaans’.

Vir 'n ander ingeligte leser, Humphrey du Randt (*Db.*, 13.6.65), val die klem

by die verhouding kuns/politiek ietwat anders - vir hom staan die ‘morele kode’ van die ‘volk’ voorop en mag die ‘volkstrewe’ nooit aan die kuns diensbaar gestel word nie. Du Randt sien Breytenbach en sy protagoniste se oortuigings dus as 'n bedreiging vir die voortbestaan van die Afrikaner. Hy meen Van Wyk Louw betree met sy pleidooi vir Breytenbach die ‘gevaarlike’ gebied van die politiek en verloën daarmee die beginsel ‘skoenmaker hou jou by jou lees’. Eintlik gaan dit vir Du Randt hier om 'n beginsel wat bo die politiek verhewe is, die reg van 'n volk om te ‘veg vir die aristokratiese ideaal, die onwankelbare voorneme om die geestelike erfenisse ongeskonde deur die massa te dra... Daarom kan die volkstrewe nooit aan die kuns diensbaar gestel word nie en die kuns self kan nooit die dwalinge van sy makers regverdig nie... Dit gaan (hier) nie om Breytenbach se kuns nie. Die kunstenaar mag sy kuns nooit aan kontensieuse filosofieë ondergeskik stel nie. Die kuns styg altyd bo die politieke oortuigings van sy maker uit.’ Breytenbach se huwelik en aansoek om 'n besoekersvisum vir sy vrou is daarom nie soseer met sy kuns nie, maar met die ‘morele kode van 'n volk’ gemoeid. Hoewel Du Randt meen dat ons Breytenbach se oortuiginge eerbiedig en as mede-Afrikaners diep met hom saamvoel, mag hy en sy protagoniste nooit ‘ons grootste erfenis, ons voortbestaan as volk’, bedreig nie: ‘Ons veg nie vir ons “vel” nie, maar vir ons geloof in die waardes wat nie deel van ons is nie, maar waarvan ons deel is. Enige poging om die nie-blanke sosiaal of polities te integreer, veroorsaak die kettingreaksie wat uiteindelik tot die val van 'n klein maar kosbare beskawing moet lei.’

V
‘Klein apartheid’ en die Wette op Gemengde Huwelike en Ontug

In 'n ongedateerde brief aan Breytenbach (waarvan 'n handgeskrewe rofwerkkopie opgeneem is in die Louw-versameling van die JS Gericke-biblioteek) plaas NP van Wyk Louw die 1965-visumweiering binne die algemene politieke konteks. Hy sien Breytenbach en sy vrou as ‘slagoffers van die dag vir dag se politieke spel - set en teenset - méér as van ons “wette”’. Louw meen daar is baie Nasionaliste wat simpatie het met die Breytenbachs; hy glo selfs dat die regering graag ‘'n ongedaan maak van die beslissing met die nodige gesigsredding sal verwelkom’. Dat die visum wel geweier is, is volgens Louw 'n simptoom van die ‘stemming’ wat in 1965 in Suid-Afrika heers: 'n stemming wat na uiterstes toe neig eerder as tot die soepel hantering van situasies. Hy verwys na die rol van die pers (veral die *Rand Daily Mail*, maar ook *Die Transvaler* en die twee Afrikaanse Sondagblaaie) wat in ‘absolute roekelose opsweping’ hierdie stemming aanblaas. Louw self glo dat 'n staatsman bokant ‘stemmings’ (die verkramp/verligstryd) behoort te staan en hom nie deur propaganda laat

maneuvreer nie, maar dit is moeilik om staatsmanne uit gewone politici te sif.

Die tyd waarin Breyten Breytenbach 'n openbare figuur geword het (as gevolg van die publisiteit verleen aan sy bekroning met die APB-prys en die gepaardgaande visumweiering aan sy vrou) was in 'n stadium toe die Nasionale Party die wit dominante groepe reeds veilig deur die Sharpeville-krisis geloods het en bedreiging van links afgeweer het deur die Rivonia-ingrype. Teen hierdie tyd het wette soos dié wat sekere organisasies onwettig verklaar het (veral die ANC en PAC), wat effektief gesorg het vir die ‘Onderdrukking van Kommunisme’ en wat die staat die reg gee om mense vir negentig dae sonder verhoor aan te hou omdat hulle moontlik ‘staatsveiligheid’ bedreig, gesorg vir die onderdrukking van dissidensie en die totstandkoming van die tweede fase van apartheid wat eintlik die ‘goue tydperk’ was voor die ‘krisis van apartheid’ sedert 1973 (Davies, 1984a: 27-30).

Die jaar 1965 was die jaar waarin dr. HF Verwoerd as premier op die toppunt van sy mag was: ‘The government was more firmly entrenched than any other in the history of South Africa. The economy of the country was set for a boom. The threat from the militant left was almost eliminated. There was no sign of slackening in the drive towards the ideal of a radical, rationally reconstructed society, or the faith in the ultimate validity of the *apartheidsgedagte*’ (WA de Klerk, 1976: 275).

In twee belangrike beleidsverklarings wat dr. Verwoerd in 1965 in die Volksraad maak (uiteengesit deur SAIRR, 1966: 1-3) herhaal hy sy siening dat vrede in Suid-Afrika slegs verseker kan word deur die *skeiding* van wit en swart - hy glo in die oppermag van die blanke oor sy eie mense in sy eie gebied en is bereid om dit af te dwing. Met ‘skeiding’ bedoel die Eerste Minister grondgebiedelike, fisieke en veral politieke skeiding. Grondgebiedelike skeiding kom neer op die ontwikkeling van ‘tuislande’ vir swartes; terwyl hulle egter nog in die blanke areas is, sal fisieke skeiding afgedwing word deur wetlike verhindering van ‘gemengde huwelike’ en ‘geslagsgemeenskap oor die kleurgrens heen’, deur aparte skole en woongebiede en deur sosiale skeiding in die algemeen. Maar bowenal sal wit en swart 'n aparte politieke toekoms hê met die blankes in die bestaande Parlement. As die swartes geëlimineer is uit die politieke lewe in Suid-Afrika, sal daar 'n blanke meerderheid aan bewind wees. Die twee minderheidsgroepe, die kleurlinge en Indiërs, gaan slegs beperkte magte gegee word oor sake wat van spesifieke belang is vir hulle (opvoeding, welsyn, plaaslike bestuur, bruin woongebiede, ontspanning) terwyl hulle in sake soos buitelandse aangeleenthede, belasting, ensovoorts onderworpe sal wees aan die gesag van die staat wat in die hande van die blanke meerderheid sal wees. (Laasgenoemde was 'n ‘profetiese blik’ op die bedeling van die tagtigerjare.)

In hierdie tyd pleit ‘organiese’ intellektuele (soos dr. Piet Koornhof en leidende joernaliste van *Die Burger* en *Die Transvaler*) vurig dat blankes in Suid-Afrika die sosiale en politieke implikasies van hul afhanklikheid van swart arbeid moet besef en die noodsaaklikheid van opofferings moet aanvaar om grondgebiedelike skeiding te bewerkstellig. Regsgesinde faksies binne die Nasionale Party opponeer egter die konsep van onafhanklikheid vir swart

‘tuislande’ omdat hulle verkies dat die blanke sy ‘baasskap’ oor die hel Suid-Afrika moet behou. Die ‘verligte’ houding is dié wat ‘parallelle ontwik keling’ voorstaan. Na aanleiding van die visumweiering aan Yolande Breyten bach vra 'n verligte Sestiger soos Abraham H de Vries dan die eerste minister Is dit ‘ons erns’ met ‘parallelle ontwikkeling’ of is dit maar net 'n partypolitieke rookskerm vir rassediskriminasie? (*Bu.*, 1.6.65).

Saam met die klemverskuiwing onder die dominante faksie van die Party van ‘baasskap-apartheid’ na ‘positiewe’ ‘afsonderlike ontwikkeling’ (wat sou meebring dat die mag in blanke hande bly daar waar dit werklik saak maak) gaan die doelbewuste bevordering van ‘klein apartheid’. Die ‘Suid-Afrikaanse manier van lewe’ moet immers gerespekteer word en daar durf geen ‘klein toegewings’ gemaak word nie, want gee jy die pinkie word die hele hand netnou gegryp (soos benadruk deur dr. Verwoerd, SAIRR, 1966: 97).

In die praktyk lei ‘klein apartheid’ in die sestigerjare daartoe dat ministers weier om diplomatieke funksies of onthale by te woon as daar swart of bruin gaste teenwoordig is en ‘nie-blankes’ word verbied om lede van blanke wetenskaplike verenigings te word. Die weiering van 'n besoekersvisum aan die (‘nie-blanke’) Yolande Breytenbach is nie 'n geïsoleerde voorval nie. In 1965 word die immigrant George Paissis by sy aankoms in Durban meegedeel dat hy te bruin is en nie welkom in Suid-Afrika nie. Die besoek van die Amerikaanse oorlogskip *Independence* word gekanselleer omdat daar negers onder die bemanning sou wees. 'n Permit word geweier vir swart werknemers van die Universiteit Rhodes wat na studentevoetbal wou gaan kyk. Gekleurdes wat simfoniekonserte in Kaapstad se stadsaal wil bywoon, moet aparte ingange, kaartjieskantore en toilette gebruik en hulle sitplekke agter in die saal word met tou afgeskort. Die eerste minister kondig af dat besoekende sportmanne nie toegelaat sal word om ‘nie-blankes’ op 'n toer na Suid-Afrika te bring nie - geen Maori's dus in die Nieu-Seelandse All Black-rugbyspan nie. 'n Wit taxibestuurder vrees dat hy die wet oortree om 'n blinde wit meisie en haar bruin oppaster saam in sy motor te laat ry. Wit en bruin kinders word nie toegelaat om saam deel te neem aan 'n Rooikruis-kermis by Maynardville nie. In die stadsbiblioteek van Kaapstad word voorsiening gemaak vir aparte leestafels, al gebruik ‘blank’ en ‘nie-blank’ dieselfde boeke. (Briefskrywers wat reageer op die visumweiering aan Yolande Breytenbach verwys na hierdie ‘apartheidsvoorvalle’, vergelyk briewe in *Tv.*, 8.6.65; *Bu.*, 31.5.65, 1.6.65 en 24.6.65; ook Willem van Heerden se rubriek in *Db.*, 20.6.65 en WA de Klerk, 1976: 273-276).

In *Rapport* (21.3.73) sou WA de Klerk later vir Breytenbach daarvan beskuldig dat hy slegs besig is met 'n ongenuanseerde *aanklag* in sy politiek en letterkunde. Hy verwyt die Sestigers, en Breytenbach by name, daarvan dat hulle in die sestigerjare nooit die spesifieke, konkrete gevalle van onreg beveg het nie: Distrik Ses; die Nico Malanteater; onteiende strande; onteiende historiese gemeentes van die NG Sendingkerk; Dimbaza; loongapings; vervreemding van grondgebondenes; trekarbeid. Ook Breytenbach sou tot die spesifieke protes kon bygedra het, maar hy ‘het die gróót visie verkies’ wat toe die ‘klein visie geword het’.

Die vroeë visumvoorvalle binne die wyer Suid-Afrikaanse politieke konteks hou veral verband met twee wetlike maatreëls van die apartheidsbeleid: die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike (1949, uitgebrei in 1968) en Artikel 16 van die Ontugwet (1957). In sy brief aan *Die Burger* (2.6.65) noem Breytenbach laasgenoemde wet by die naam. Al verstrek die regering geen amptelike rede vir die visumweiering nie, knoop koerantberigte en lesersbriewe dit uitdruklik aan dié wette. In die anti-Breytenbach briewe en -berigte word klem gelê op die feit dat Breytenbach uit eie keuse die wetlike verordeninge oortree het wat daargestel is om die Afrikaner te beveilig; die pro-Breytenbach briewe bepleit nou wel nie die opheffing van die betrokke wette nie (‘al sou ons dit in 'n ander verband moontlik graag doen’ - André P Brink, *Bu.*, 11.6.65), maar pleit daarvoor dat ‘ons wette meer plek moet hê vir menslikheid’, sekere gevalle verg immers ‘toegewing’.

Die sleutelbepaling in die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike Artikel 1(1), is dat enige huwelik wat binne die grense van Suid-Afrika tussen 'n ‘blanke’ en 'n ‘nie-blanke’ gesluit word, verbode en ongeldig is. In Artikel 1(2) is die verbod ook uitgebrei na ‘gemengde’ huwelike wat in die buiteland deur mans met 'n Suid-Afrikaanse verbintenis gesluit word. Aanvanklik was sulke buitelandse huwelike net volgens die Suid-Afrikaanse reg ontoelaatbaar indien die betrokke man nog 'n Suid-Afrikaanse *domicilium* (permanente verblyfplek) het, maar in 1968 is dit gewysig, ‘na aanleiding van die geval Breyten Breytenbach’ (De Villiers en Kinghorn, 1984: 80-81), om ook mans met Suid-Afrikaanse burgerskap te omvat (Breytenbach het ten tye van sy huwelik in Frankryk nog Suid-Afrikaanse burgerskap gehad, maar nie meer 'n Suid-Afrikaanse *domicilium* nie). Artikel 16 van die Ontugwet is van toepassing op geslagsomgang tussen persone wat nie wettig met mekaar getroud is nie; persone wat in die buiteland 'n ‘gemengde’ huwelik sluit wat in die oë van die Suid-Afrikaanse reg ongeldig is, kan dus van 'n misdaad aangekla word (*ibid.*).

Politieke opvattinge en sosiaal-ekonomiese faktore het 'n rol gespeel in die ontstaan van dié wette kort ná die NP aan die bewind gekom het. Die opkoms sedert die dertigerjare van 'n mistieke volksnasionalisme het volgens laasgenoemde ondersoekers onder meer behels dat daar geen vermenging tussen volke mag wees nie, maar dat elke volk apart moes bly om sy goddelike taak te volbring. Die enorme wantoestande onder armblankes in dié tydperk, asook die feit dat hulle in die stede tussen gekleurde mense geleef het, was ook 'n motief vir die instelling van die wette omdat daar gevrees is dat te noue aanraking tussen dié groepe tot vermenging kon lei, waardeur die blankes hulle klasse- én rassemeerderwaardigheid kon prysgee. Onderliggend aan hierdie faktore was die bloedsuiwerheidsmotief: ten diepste het dit gegaan om die behoud van die Afrikaner en die blanke se identiteit, wat ten nouste met ‘rassesuiwerheid’ verbind is (*op. cit.*: 11-28).

Veranderende omstandighede lei egter daartoe dat daar reeds sedert die vyftigerjare 'n debat gevoer word oor die noodsaaklikheid van hierdie wette (Joubert, 1974: 84-85). Gedurende die sestigerjare neem die bedenkinge toe. In 1962 het Helen Suzman, die enigste verteenwoordiger van die Progressiewe Party, 'n wetsontwerp by die Volksraad ingedien ten einde Artikel 16 van die

Ontugwet opgehef te probeer kry. Sy grond haar argumente op die persoonlike ontwrigting wat die Wet meebring en die benadeling van Suid-Afrika se internasionale aansien as gevolg van die publisiteit wat aan sodanige sake gegee word. In dieselfde jaar praat *Die Burger*, 'verligte' lyfblad van die Nasionale Party in Kaapland, van 'n 'harde wet' met onvoorsiene neweprodukte wat die openbare lewe en Suid-Afrika se naam geen eer aandoen nie. Veral in dié koerant se meningskolomme het al hoe meer mense hul bedenkinge oor die wette en die toepassing daarvan begin uitspreek. (Dat die publiek uiteenlopende menings hieroor huldig, blyk duidelik uit die lesersbriewe wat in 1965 oor die visumweiering aan Yolande Breytenbach in die pers verskyn.) Ook van die kant van die Engelse kerke neem kritiek teen die wette toe. Ten spyte van kritiek, bly die wette op die wetboek - en word daar selfs in 1968, na aanleiding van die Breytenbach-geval, strenger bepalings bygevoeg tot die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike (vergelyk hieroor die uitspraak van 'n Volksraadslid en die reaksie van "n Afrikaanse letterkundige van die Rand' (pseud.) in *Db.*, 3.8.68).

Tot 1971 is gepoog om Artikel 16 van die Ontugwet streng toe te pas en daar is jaarliks soms meer as duisend vervolgings ingestel. Die vervolging in 1970 van 'n groep vooraanstaande mans van die Vrystaatse dorp Excelsior en die openbare opskudding wat dit veroorsaak het toe een van die mans selfmoord pleeg en die vroue later weier om teen die mans te getuig, het 'n nuwe beleid tot gevolg gehad. In 1971 is in die Parlement aangekondig dat vervolgings nie meer by die diskresie van die plaaslike staatsaanklaer sal berus nie, maar by die Prokureur-Generaal. Minder mense is hierna vervolg, maar daar was 'n hoër persentasie skuldigbevindings. Van 1973 (die jaar waarin die Breytenbachs, moontlik vanweë die 'verslapping' in die wetstoepassing, toegelaat word om as man en vrou die land te besoek) tot 1974 vind 344 vervolgings plaas en is 89% van die bevindings 'skuldig' (De Villiers en Kinghorn, 1984: 85-86).

In 1971 het Helen Suzman weer om 'n herroeping van die wette gevra, maar die regering het dit geregverdig op grond van die openbare mening, konsekwente politieke beleid en die histories opgeboude norme en orde van die samelewing (Joubert, 1974: 88-92 en 102-103). Suzman beskuldig die Volksraad daarvan dat hy ver agtergeraak het by die openbare mening soos verwoord in die Engelse én die Afrikaanse pers (byvoorbeeld *Bu.*, 27.2.71 en *Rap.*, 31.1.71 en 7.2.71). 'n Groot gedeelte van die publiek het ook al 'n toenemende afkeer van die wette ontwikkel - al is daar nog steeds dié wat vas glo aan die noodsaaklikheid daarvan (veral lede van die HNP wat in 1969 afgestig het). Sedert die vroeë sewentigerjare spreek ook die bruin gemeenskap hul al sterker uit teen die wette - iets wat saamhang met die politieke bewuswording van dié groep en wat selfs die NG Sendingkerk beïnvloed.

Die bewind van adv. John Vorster het in 1978 ten einde geloop met 'n toenemende gevoel dat die wette nie onveranderd kon bly nie, maar in die praktyk het nie veel gebeur nie. 'n Nuwe wending is egter aan die debat gegee deur die nuwe Eerste Minister, mnr. PW Botha, wat reeds in 1979 verklaar dat hy nie ongeneë is om die wette te 'verbeter' nie - veral die wet teen gemengde huwelike moet 'met deernis' toegepas word. Hy kry egter sterk teenstand van die HNP wat in 1981 duisende stemme weglok van die NP. Samesprekings in

April 1982 met die kerke lei ook nie tot 'n eenvormige standpunt nie. Die NG Sendingkerk en die meeste Engelse kerke was teenstanders van die wette - in so 'n mate dat hulle die weg van burgerlike ongehoorsaamheid betree het en gemengde pare deur kerklike seremonies ‘in die huwelik bevestig’ het; die Nederduits Hervormde Kerk en Algemene Sinode van die NG Kerk was voorstanders van die wette ('n jaar hierna besluit die Sinode van Wes-Kaapland egter dat die wette strydig is met die Bybel). Teen die tyd dat Breytenbach vrygelaat word uit die tronk, is die wette nog onveranderd.

'n Skakeloffisier van die SA Gevangenisdiens het in 'n verklaring na die vrylating Breytenbach se posisie verduidelik: ‘Uit die aard van die saak het dit hom vry gestaan om in die Republiek te wees vir solank as wat hy wou. Hy het egter verkies om in dié stadium na die buiteland te gaan. Dit staan hom natuurlik vry om na Suid-Afrika terug te keer soos en wanneer hy verkies’ (*Rap.*, 5.12.82). Vir die pers is dit nie duidelik of Breytenbach en sy vrou werklik toegelaat sal word om as wettig getroude paar saam te lewe in Suid-Afrika nie. Die *Eastern Province Herald* (7.12.82) meen: ‘Another healthy aspect of the poet's release is that the authorities say he will be able to return to South Africa as and when he pleases. But that largesse carries a certain irony. Undoubtedly, much of Breytenbach's bitterness against the system stemmed from the fact that, in the first instance, he was forced into exile to live freely with his Vietnamese wife.’ Die *Pretoria News* (6.12.82) is egter nie so seker oor hierdie ‘versekering’ nie: ‘Will this Afrikaner cultural celebrity continue to have to live in exile because of the existence of the Immorality Act? In a time of political reform, the Government should waste no time in clearing up this issue. The Minister of Internal Affairs, Mr FW de Klerk, has been unwilling to commit the Government on what it would do if Breytenbach wished to settle in South Africa with his wife.’ Ook die ‘verligte’ Afrikaanse pers voel dat Breytenbach se terugkeer na Parys dalk meer as 'n persoonlike keuse is: ‘Dit bly per slot van rekening 'n jammerlike refleksie op Suid-Afrika dat 'n Suid-Afrikaner moet uitwyk na die vreemde omdat hy met 'n Viëtnamese vrou getroud is’ (*Oost.*, 6.12.82); ‘Dat Breytenbach 'n soort banneling in Frankryk moet bly, al is dit uit vrye keuse, is nie 'n ding wat so hoort nie. Pollux hoop dat hy en die mooie Yolande hul nessie mettertyd hier kom skop en dat Suid-Afrika nie klippe in die pad sal rol nie’ (*Rap.*, 12.12.82).

Teen 1982 het daar in die blanke Afrikanergemeenskap al duidelike veranderings ingetree in die houdings teenoor die Ontugwet en Wet op Gemengde Huwelike, hoofsaaklik omdat hulle nie meer gesien word as noodsaaklik vir die blanke se voortbestaan of vir orde en stabiliteit in die samelewing nie. Volgens 'n meningspeiling was daar 'n duidelike toename in die stemme ten gunste van die afskaffing van die Ontugwet - teenoor 36,2% in Oktober 1976 tot 50,4% in Oktober 1981 (hiervan was 36,4% Afrikaanstalig en 70,7% Engelstalig; die ondersteuners van die onderskeie politieke partye omvat NP:40,9%, PFP: 83,4%, NRP:57,2% en HNP:12,6%). In 1976 was die gedagte aan die afskaffing van die Wet op Gemengde Huwelike vir 57% van die blanke Suid-Afrikaners onaanvaarbaar: in 1981 was daar 'n gelykopverdeling van stemme ten gunste van en teen afskaffing (hiervan was 31% Afrikaanstalig en

77% Engelstalig; NP:35%, PFP:77%, NRP:58% en HNP:10% - statistiek aangehaal in De Villiers en Kinghorn, 1984: 95-96). Teen 1983 bestaan daar ook reeds sewe wettige gemengde huwelike in die land waarteen geen vervolgings ingestel is nie (vergelyk berig in *PN.*, 17.4.85).

In 1983 gaan Suid-Afrika 'n 'nuwe politieke bedeling' in. Die eerste apartheidswette wat hieronder herroep word, is die sogenaamde 'kwetswette' op Ontug en Gemengde Huwelike in 1985. Naas die verregse reaksie hierteen van die kant van die HNP en KP, en die reaksie van links (dat die herroeping maar 'n 'geringe poging' is in die soeke na rasseharmonie), is die reaksie in die 'verligte' Afrikaanse pers positief. *Die Burger* (16.4.85) beskou die herroeping as 'meer as 'n simboliese daad wat die nuwe bedeling... kenmerk' en die rubriekskrywer Dawie (17.4.85) voel dat min dade mense so tot die besef gebring het dat daar in Suid-Afrika nie meer plek is nie vir die opvattinge van 'n verbygaande tydperk. *Beeld* loof die regeerders wat met 'soveel volwassenheid omstrede sake kan hanteer' en die 'burgery wat verstandig reageer' en meen dit is juis goed dat 'dié politieke geslag wat Excelsior geskep het, dit vervang het met 'n ander soort politieke, maatskaplike en morele excelsior' (18.4.85). *Die Vaderland* (16.4.85) sien die herroeping as bewys van die regering se 'opregte bedoelings met hervorming'.

Dit is die Engelse pers wat berig oor die reaksie van Breytenbach op die herroeping van die wette (*TDN*, 19.4.85 en *Star*, 20.4.85). Die Afrikaanse pers, wat in 1966 en 1973 so ywerig berig het oor hoe die wette die digter raak, verwys nêrens na die 'Breytenbach-geval' nie. Volgens die Engelse pers verskil Brink en Breytenbach oor die herroeping: In onderhoude met die Paryse oggendblad *Liberation*, sê Brink die verandering is minimaal, maar tog belangrik. Breytenbach voel: 'This is a ruse, not a concession. It is a tactic aimed at improving South Africa's image abroad.'

Tussen Breytenbach se versugting in 1965 dat sy geval meer Afrikaners mag laat besef wat die Ontugwet beteken in terme van die mees elementêre menseregte en die herroeping van die wette, het twintig jaar verloop. Twintig jaar tevore het 'n briefskrywer só gereageer op Breytenbach se versugting: 'Ten spyte van (Breytenbach se) pogings om andersdenkendes te oorreed, sal die Ontugwet behoue bly, want die huidige Regering is hier gestel, nie deur toeval nie, maar deur 'n Hoër Hand wat oor die lotgevalle van volkere en nasies beskik' (*Bu.*, 7.6.65). In 1985 blyk dit dat dit die Nasionale Party is wat oor hierdie mag beskik in Suid-Afrika.

Samevatting

Min gevalle in die Suid-Afrikaanse geskiedenis het so dramaties die lig gewerp op die ingewikkelde verhouding tussen individu en die hele sosiopolitieke stelsel waarin hy hom bevind as die visumweiering aan Yolande Breytenbach wat neergekom het op die 'verbanning' van haar man. Die ontdekking van sy 'verbanning' was vir Breytenbach 'n ontnugterende én radikaliserende gebeurtenis.

Terwyl duisende mense se lewens deur apartheidswette geraak is, is hulle

nooit as individue vir openbare aandag uitgesonder nie. Breytenbach se sleutelrol in heftige openbare polemieke (eers rondom die visumvoorval en later rondom sy uitsprake en optrede) kan waarskynlik toegeskryf word aan, enersyds, sy gekanoniseerde rol as skrywer en intellektueel en, andersyds, sy bedreiging as ‘afwykende’ omdat hy op 'n welsprekende wyse die hart van die apartheidsideologie kon aanval en die hegemonie ‘uitgetart’ het.

Die Afrikaanse pers se reaksie op die visumweiering in 1965 staan in die teken van die ‘baasskap’-ideologie agter die apartheidsisteem wat in daardie stadium dié pers rig - selfs die meer ‘verligte’ *Die Burger* neem in die tyd om die visumweiering nie standpunt in in verband met Breytenbach nie. Sy gekanoniseerde posisie en veral steun van Van Wyk Louw noop die pers hoogstens tot versigtige kritiek. Afgesien van enkele uitsonderings verteenwoordig die reaksie van die wye publiek op die visumweiering in 1965 die konserwatiewe pool; die klem val op waardes soos volksidentiteit en rassesuiwerheid. Dit kom selfs voor onder ingeligte lesers (byvoorbeeld die reaksie van Du Randt).

Binne die Nasionale Party self was daar polariseringe wat later uitloop op 'n breuk tussen die ‘verligtes’ en ‘verkramptes’. Besluitneming oor norme van aanvaarbaarheid sou oorgaan in die hande van ‘verligtes’ wat dit vaslê in wette. Ten opsigte van die wette op Gemengde Huwelike en Ontug sou Breytenbach bydra tot ‘aanpassings’; hy speel selfs 'n sleutelrol by die herroeping daarvan, omdat sy geval as eksemplaries voorgehou word.

Hoofstuk 4
Oor (Suid-)Afrikanerskap en die bevrydingstryd

Chris Barnard voer aan dat Breytenbach reeds in 1964, vóór sy verskyning op die Afrikaanse literêre toneel, heftig geraak het oor die Suid-Afrikaanse politiek: ‘As ek Breyten se politieke beskouinge van daardie tyd moes tipeer, sou ek sê hy het in 1964 so ongeveer bepleit wat die PFP vandag voorstaan. Met baie van sy kritiek het ek saamgestem, en sommige van die dinge wat hy destyds gepropageer het, is vandag regeringsbeleid’ (*Hg.,* 12.8.77).

Barnard noem dat dit aan hom gesuggereer is dat nie die publisiteit oor die visum nie, maar sekere ‘ander oorwegings’ die oorsaak was dat die visumaansoek van die hand gewys is. Daar was naamlik 'n storie dat Breytenbach in Holland in 'n radio-onderhoud sekere stellings gemaak het wat sy saak by die Suid-Afrikaanse regering nie goed gedoen het nie. In 'n brief in 1965 aan Barnard skryf Breytenbach hieroor: ‘Ek hét deelgeneem aan daardie radiopraatjies waarna jy verwys, maar dit was tog nooit 'n geheim nie... Ieder geval dit was nog altyd die geliefkoosde grappie tussen die ambassademense en my. Boonop glo ek nie ek kan ooit doekies omdraai oor hoe ek oor ons amptelike beleid voel nie...’ (*ibid.*). Hierdie reguit benadering geld ook Breytenbach se siening van (sy) Afrikanerskap asook sy vereenselwiging met die doelwitte van die vryheidsbeweging.

Dit is nodig om kennis te neem van hierdie uitsprake, die reaksie daarop en die konteks waarbinne dit plaasgevind het omdat dit bygedra het tot die politieke kode wat meespreek in die resepsie van Breytenbach se tekste en omdat dit aanduidend is van die ideologiese gronde waarop sowel Breytenbach as die publiek en lesers se literatuuropvattings berus. Literatuuropvattings is immers verwant aan, 'n funksie van, of gekondisioneer deur 'n breë ideologiese beskouing (vergelyk hieroor Jakes Gerwel, *Bu.,* 18.6.83).

Die klem val in hierdie hoofstuk op Breytenbach se uitsprake tot met sy gevangenskap; die reaksie daarop waaroor verslag gedoen word, is dié tydens die tydvak wat Davies (1984a: 27 en 30) die ‘goue era’ van apartheid noem - ongeveer 1966 tot 1973.

I
Uitsprake in die voor-tronkfase oor (Suid-)Afrikanerskap

In sy brief aan *Die Burger* (2.6.65), waarin Breytenbach reageer op die visumweiering aan sy vrou, stel hy dit onomwonde dat hy ‘apartheid met al sy

implikasies haat'. As apartheid 'verteenwoordigend is van die Afrikanerdom', as die twee nie geskei kan word nie, sien hy geen toekoms vir die Afrikaner in Suid-Afrika nie. Sy teleurstelling, en woede, kry uitdrukking in 'n stelling wat nog steeds teen hom gehou word: 'As ek my Afrikanerskap sou kon opsê, sou ek dit doen. Ek skaam my vir my mense.'

In 'n brief hierna aan Chris Barnard kwalifiseer Breytenbach egter dié distansiëring van Afrikanerwees: 'Ek is 'n Afrikaner en ek sal dit bly, dis tog nie 'n keuse nie en ek glo dat ek veg juis om die voortbestaan van my eie mense - liewer óók my eie mense - maar ek glo dat dit in Suid-Afrika alleen kan geskied as die beleid en die bewind bepaal word deur die meerderheid van *Suid-Afrikaners*' (aangehaal in *Hg.*, 12.8.77). In gesprekke met joernaliste, vroeg in 1967 tydens 'n besoek aan Swaziland, beklemtoon Breytenbach dat daar vir hom 'n verskil is tussen 'n Afrikaner en 'n Suid-Afrikaner en dat hy laasgenoemde is uit 'innerlike manifestasie'.

Al het Breytenbach Suid-Afrika oorspronklik nie om politieke redes verlaat nie (hy was eerder 'n boheemse uitgewekene), word hy ná die visumweiering aan sy vrou 'n *politieke banneling* wat doelbewus aan sy politieke standpunt formuleer. Die emosionele stelling in *Die Burger* is die eerste openbare uitlating wat sy breuk met die hegemoniese Afrikanerdom uitdruk. Die latere kwalifisering van hierdie omstrede uitspraak dui egter op sy dilemma: hy kon hom nooit werklik só losmaak van sy 'witterige' landgenote dat hy totaal onbetrokke by hulle lot is nie. Sy siening van die Afrikaner, sy eie mense, sou deurgaans 'n ineenstrengeling van liefde en haat, vereenselwiging en verwerping bly. Breytenbach se sosiale kritiek is dus 'n mengeling van 'kritiese afstand' en 'kritiese verbintenis'. (Walzer (1987:9-13) dui aan dat Sartre dié voorbeeld is van 'n sosiale kritikus wat 'kritiese afstand' ten opsigte van sy verhouding tot sy eie volk gekies het. Camus, daarenteen, kies vir 'kritiese verbintenis'.) Dít sorg vir 'n 'curious blend of radicalism and sentimentality' by Breytenbach (Lazarus, 1986: 171). Die 'oplossing' van die dilemma waarin Breytenbach verkeer, die onvermoë om te kies tussen 'vervreemd' wees of 'verbonde' wees, lê vir hom in die smee van 'n nuwe identiteit: dié van Suid-Afrikanerskap.

Die verwerping van eie identiteit en die smee van 'n nuwe is reeds sedert die sestigerjare die bron van Breytenbach se sosiale kritiek. In Maart 1967 skryf hy in die *Unesco Courier* (1967b: 40-43) dat apartheid 'n grootskeepse poging is om die totstandkoming van 'n Suid-Afrikaanse nasie teen te werk - polities, ekonomies, kultureel en in rasseterme. En dit terwyl die ontstaan daarvan, gegrond op interafhanklikheid en 'n gemeenskaplike verbasterde afkoms, een van die normaalste dinge op aarde sou wees. Op 11 November 1968 stel hy dit in 'n onderhoud in *Vrij Nederland* dat die blankes in Suid-Afrika inderdaad nie werklik 'wit' is nie; hyself oorweeg dit om (as teken van solidariteit en omdat hy 'bruinwees', byvoorbeeld in die gedig 'Bruin reisbrief' in *Skryt*, as manifestasie van Suid-Afrikanerskap sien) 'kleurlingskap' aan te vra. (Berigte oor hierdie onderhoud verskyn plaaslik in *Bu.,* 15.11.68 en 19.11.68.)

In die eerste helfte van die dekade sewentig laat Breytenbach die klem val op die *Afrikaan*-element van die nuwe identiteit waarvoor hy as pleitbesorger optree. Dít gee blyke van die rekening wat hy hou met die opkoms van die Swart

Bewussynsbeweging in hierdie era. Hy glo optimisties dat, alhoewel blankes in Suid-Afrika dit nog nie besef nie, daar reeds 'n ‘kulturele rewolusie’ aan die ontwikkel is in die land en dat die inwoners besig is om Suid-Afrikaners te word. ‘Swart Bewussyn’ is immers nie net relevant vir gekleurdes nie, maar ook vir politiekbewuste blankes wat hulself as Afrikane, en nie as Europeërs nie, sien. Vir hom is dit die enigste realistiese uitgangspunt in 'n land met sewentig persent gekleurde mense (*De Volkskrant*, 20.6.72).

Teen 1972 het Breytenbach hom reeds op militante wyse geïdentifiseer as Suid-Afrikaner, dit wil sê hom in die openbaar verbind aan die lot van die ‘vryheidsvegters’ en hom radikaal vereenselwig met die rewolusionêre aftakeling van apartheid en Afrikaner-hegemonie ter wille van die totstandkoming van vryheid vir álle Suid-Afrikaners (soos later in hierdie hoofstuk uiteengesit word). Sy sosiale kritiek neig in die periode 1968-1972 meer tot ‘kritiese afstand’ - as ‘buitestaander’ is hy analities, gedistansieerd en eis hy dat die sosiale kritikus hom lósmaak van die groep waartoe hy organies behoort sodat hy die saak van 'n ander, onderdrukte groep kan steun.

Aan die einde van 1972 egter word 'n visum, heel onverwags, toegestaan aan sy vrou en kom hy ná 13 jaar weer tuis in sy geboorteland en tussen sy familie en vriende. Die emosionele intensiteit van hereniging kompromitteer aanvanklik sy vervreemding en intellektuele distansiëring. Hy is immers nou nie meer 'n buitestaander nie, maar 'n teruggekeerde, 'n reisiger wat huis toe gekom het en wat weer eens ‘behoort’ tot die inheemse leefwêreld - vergelyk die *Seisoen*-passasies oor sy aankoms en herontmoeting met sy familie (1976: 19, 20, 26).

Sy terugkoms bring hom weer in direkte kontak met mense in ‘hartland’-Afrikanergemeenskappe. Hier vind hy strewes en 'n wesensaard waarmee hy kan identifiseer en wat hy kan onderskryf omdat hy dit ervaar as 'n ‘eenwees met Afrika’ - al ervaar die gemeenskappe self dit nie so nie. Dit is veral die Afrikaner-Karooboere (*op.cit.*: 83-104) wat vir hom die Afrikawese manifesteer deur hulle aanpassing by die land, hulle besondere verknogtheid daaraan (die vasklou aan die aarde, al word dit stof), hulle respek vir die grond en die son en die seisoene, hulle sin vir fatsoenlikheid, hulle onafhanklikheid. Breytenbach se tekening van hierdie mense is poëties en teer - hy beskryf hulle as eerlike, reguit mense wat harde en onopgesmukte dog eerbare lewens lei. Hulle is selfonderhoudende, ruwe, geïsoleerde tradisionaliste en in hulle swaarkry en vreugde, hulle gelowe en vrese, volg hulle in die voetspore van ander Afrikane wat die streek bewoon het: ‘Dis net onder volkere waar die afgestorwenes nooit werklik afwesig is nie waar mens so bang vir spoke is. Aan die wortels van ons leefwyse in hierdie land lê baie van die oorblyfsels van die ou Khoisan-mense: hulle woorde, hulle medisynes, hulle gebruike. Al begraaf ons nou nie ons voorvaders by die vuurmaakplekke nie, al val ons grafte ook in, iets van hulle bloed bly by ons spook, en in ons’ (*op.cit.*: 101).

Vir hierdie Afrikaners is ‘“regering” of “wet” 'n abstraksie’ (*op.cit.*: 99), wil Breytenbach glo; híér is die Suid-Afrikaner in die Afrikaner terug te vind en dáárvoor kan hy aanhou skryf in Afrikaans: ‘...nie vir die ophou van Afrikaans nie... maar aspris vir die voortbestaan van 'n sekere aantal “beginsels” (die

herwaardering?)' daarvan (*op.cit.*: 135). Walzer (1988: 33) toon aan dat Breytenbach hierdie 'beginsels' interpreteer as 'n soort vóór-nasionalistiese humanisme, 'n humanisme wat die kritikus met 'n aanvoeling vir sy mense nog kon herwin en aanwend in opposisie tot apartheid - hoewel die tyd daarvoor vinnig aan die opraak was. Uitgaande hiervan voer Walzer aan dat die sentrale tema van Breytenbach se sosiale kritiek is: 'Die wesenlike is nie elders nie'. As sosiale kritikus voel hy dat hy moet spreek tot die hart van sy volk (omdat hy nog glo in die wesenlike humanisme van die volk); hy moet dus 'volkskritikus' bly (al is dit dan as uiterste geval in die tradisie van Afrikaner-humaniste) en 'hoofstroom-kritikus' wat binne sy eie geskiedenis en nasionale kultuur werk. Volgens hierdie argument sou 'n mens dus kon aanvoer dat die besoek aan Suid-Afrika die 'betrokke' pool van Breytenbach se sosiale kritiek versterk het.

Volgens 'n waarnemer soos Lazarus (1986: 175-177) is Breytenbach se pleidooi vir 'n 'herhumanisering' of 'n herwinning van tradisionele humanistiese waardes wat dan die bron kan word van mobilisasie teen Nasionalisme, egter gebaseer op 'n essensialistiese en onhistoriese vertrekpunt en dít kompromitteer die samehang van sy radikale politiek ernstig. Dié pleidooi berus naamlik op twee gebreke in Breytenbach se politieke filosofie. Eerstens steun sy sienings dikwels op die foutiewe 'bloudruk'-teorie van apartheid. (Hiervolgens is apartheid 'n maaksel, 'n konstruksie wat geen organiese verbintenis het met die Afrikaner se politieke ervaring nie; dit is 'ontwerp' deur 'argitekte' soos Verwoerd sodat dit die belange dien van dié wat daardeur bestaan, terwyl die - oorgrote - meerderheid 'gewone mense', waarvan die hartland Afrikanergemeenskappe 'n belangrike deel uitmaak, die slagoffers is van hierdie 'agente' van apartheid.) Tweedens berus Breytenbach se sienings op 'n historiese flater. Hy besef naamlik nie dat die oorblyfsels van 'n vroeëre, humanistiese kultuur in die hartland-Afrikanergemeenskappe maar net oorblyfsels is nie. (Hierdie humanisme is lankal nie meer die sterk krag wat dit vroeër in die stryd teen Britse imperialisme, was nie: 'History has passed Afrikaner humanism by. The progressive, mobilizing aspects of this humanism have been drained from it, leaving only a residue whose concrete social meaning, far from being progressive, is actually reactionary'.)

Die gekompromitteerde aard van Breytenbach se radikale politiek word die oorheersende kenmerk van sy sosiale kritiek. Breytenbach self is bewus van die paradoksale in sy situasie (as voorbeeld noem hy dat hy in die vreemde sit terwyl hy tog 'met hart en niere betrokke wil bly met 'n alledaagse en *miskien veranderende* plaaslike realiteit' - 1976: 133), maar glo tog dat hy 'al is dit dan deur 'n byna organiese gekraaktheid, op 'n manier redelik getrou uiting gee aan 'n gevoel van tussen die mure sit wat deur heelwat Afrikaanssprekendes aangevoel word' (*ibid.*).

Die besoek aan Suid-Afrika het wel die 'betrokke' pool van Breytenbach se sosiale kritiek versterk, maar dit het hom ook daartoe gebring om, soos blyk uit die laaste aanhaling, die feit in die oë te kyk dat daar 'n deel van hom is wat onherroeplik vervreem is deur ballingskap. Dit is hierdie bewuswording wat die idilliese aanskyn van sy tuiskoms versteur. Teen die einde van sy besoek kom Breytenbach so ver om openlik te erken wat dié tussenspel vir hom beteken en

daarmee identifiseer hy ‘die dood se steek wat in eie boesem lê’. In 'n passasie wat weggelaat is uit die Afrikaanse uitgawe van 'n *Seisoen in die paradys* (1976: 171), maar aangevul is deur Lijphart (1985: 8-9), word dit duidelik dat dié mense met wie hy sy eenheid wóú vier - en hulle is nie net sy familie nie, maar Afrikanerdom, die ‘mense van my stam, mense van my geskiedenis, mense van my taal, mense wat aan die kern van my onbewuste veiligheid sit’ - juis dié is met wie ware gemeenskap nie moontlik is nie. Ware gemeenskap vloei immers uit positiewe redes en nie uit vrees as uitdrukking van geweld en afsluiting nie: ‘Hierdie land is 'n gillende hel as ons maar net wil luister. Selfs die witpleistery waarmee ons nou besig is, sal nie kan verhoed dat dit eendag oopbars nie. Ons is verantwoordelik vir wat gebeur het, ons is verantwoordelik vir wat gaan gebeur’ (*ibid.*). In plaas van die deelname wat sy groep van hom eis, bied hy weerstand; in plaas van om te antwoord op die oproep tot etniese gemeenskap, bied hy sy wyer visie van ‘'n groter Suid-Afrikaanse identiteit’ (1976: 146). Daar was dus inderwaarheid geen ware ‘tuiskoms’ nie - en Breytenbach aanvaar, én verwelkom dit, al is dit ook onwillig.

Terug in Europa na die 1973-besoek aan Suid-Afrika, beskryf Breytenbach sy geboorteland as 'n ‘skisofrene’ land (1974a: 10-31). Die Afrikaners hoort tot Afrika (ook omdat hulle oorspronklik uit verbastering ontstaan het), maar aanvaar Afrika nie en word groot in die waan van Europeërskap - hierdie skisofrenie word verder gemanifesteer op die vlakke van imperialisme/kolonialisme, christelikheid/barbaarsheid, demokrasie/ totalitarisme. Daar is teen hierdie tyd geen twyfel meer by hom dat 'n rewolusie onvermydelik is nie - ook om die Afrikaner te verlos van sy posisie as wrede onderdrukker, as selfmoordenaar wat in sy uiteindelike selfvernietiging vuur en haat bring in die lushof van sy land (*op.cit.*: 19-20). Hyself raak al nouer betrokke by 'n strategie van direkte ingrype in die situasie, moontlik, soos Walzer (1988: 32) dink, om van sy eie ballingskap te vlug - om oor apartheid te *skryf* uit die veiligheid van Parys moes vir hom oneg, moreel onvoldoende, sonder risiko's en impotent gelyk het.

Breytenbach se haat/liefde-verhouding teenoor sy mense kulmineer in die optrede wat lei tot sy verhoor en skuldigbevinding onder die Wet op die Onderdrukking van Terrorisme. Paradoksaal, sê hy, het dit altyd vir hom gegaan ‘om die voortbestaan van ons volk, 'n voortbestaan met regverdigheid soos Van Wyk Louw dit uitgedruk het, oor die inhoud en gehalte van ons beskawing’ (Viviers, 1978: 58). Sy optrede was dus nie teen Suid-Afrika gerig nie, maar teen wat hy beskou het as onregverdighede. Dat hy hierdie onregverdighede toewyt aan ‘sy mense’, en by name dié in magsposisies, blyk uit die brief wat hy gedurende die Soweto-onluste uit die tronk laat smokkel na André P Brink: ‘Mag Soweto... Treurnicht se Afrikaans en Afrikaners des moers brand. Hoeveel skande moet ons nog sien?’ (*op.cit.*: 105). Vir hom lê die oplossing immers in die groei van 'n Suid-Afrikaanse identiteit wat slegs in die stryd self gesmee sal kan word (briewe aan Marius Schoon, *op.cit.*: 126, 137). Sy eie plig, só stel hy dit tydens sy tweede verhoor, is om dit aan die kaak te stel dat Suid-Afrika geregeer word deur 'n minderheid van die bevolking - al kan hy homself nie onthef nie van sy bloedverbondenheid aan dié groep wat, by

implikasie, die totstandkoming van hierdie groter Suid-Afrikanerskap teenwerk (*op.cit.*: 173).

Sedert sy vrylating klink 'n ander toonaard op in Breytenbach se geding met sy identiteit. (Sy uitsprake in die ná-tronkfase word in hoofstuk 7 III nagegaan.)

II
Reaksie tydens die ‘goue era’ van apartheid op Afrikanerskap-uitsprake

Daar is reeds vroeër gewys op *Die Vaderland* en *Die Transvaler* se reaksie op Breytenbach se uitspraak in *Die Burger* (2.6.65) dat hy hom skaam vir sy mense en graag sy Afrikanerskap sou wou opgee as dit kon. *Die Vaderland* se redakteur, AM van Schoor, konsentreer in sy kommentaar op die visumweiering op hierdie uitspraak van Breytenbach. Hy plaas klem op die heersende norme en vorme, die ‘lewensnorme of wetlike verordeninge’ van die Afrikanergemeenskap en die onskeibaarheid van Afrikanerdom en apartheid. Breytenbach se ‘rebellering teen die Suid-Afrikaanse lewensorde’ (hier in die enger sin van ‘wit Afrikaner’-lewensorde) sedert sy studentedae en veral as gevolg van sy huwelik met 'n Viëtnamees word deur Van Schoor beskou as uitdaging en uittarting van die gemeenskap buite wie se lewensreëls hy homself uit eie vrye keuse gestel het. Dit is dus nie die Afrikaners wat Breytenbach sy Afrikanerskap ontneem het nie; as hy homself eerlik rekenskap sou gee van wat ‘Afrikanerskap’ van die draers daarvan verg, sal hy moet besef dat hy lankal self, met voorbedagte rade, sy Afrikanerskap prysgegee het (*Va.*, 3.6.65).

Die visumweiering en Breytenbach se skaamwees-uitspraak bied GD Scholtz, redakteur van *Die Transvaler*, die geleentheid om in sy kommentaar van 8 Junie 1965 sy eie eksklusiewe siening van Afrikanerskap uit te spel - 'n Verwoerdiaanse siening wat in dié tyd nog grootliks onbevraagtekende instemming geniet het onder die grootste deel van die dominante groep, die Afrikaners, en wat in opposisie staan met Breytenbach se pleidooi vir ‘'n Suid-Afrikaanse identiteit’. Volgens Scholtz het daar aan die suidpunt van Afrika 'n groep mense tot 'n ‘volk’ (‘'n geestelike eenheid’) gegroei deurdat hulle 'n bepaalde lewensbeskouing aanvaar het wat op sekere beginsels rus. Hierdie lewensbeskouing het gedeeltelik ontstaan uit die omstandighede waarin die volk verkeer het: ‘Hy moes naamlik die gebied waarop hy woonagtig was, met onbeskaafde nie-blankes deel. Ten opsigte van een besondere saak het die voorgeslagte sodanig opgetree dat die mense wat vandag die volk uitmaak, daar nie genoeg dankbaar voor kan wees nie. Dit was om die genetiese samestelling van die volk suiwer te bewaar... Dit is asof alle lede van die volk in die verlede instinkmatig geweet het dat, indien daar tot verbastering oorgegaan word, dit die einde van alles sou wees’. Omdat genetiese vermenging byna steeds die gevolg is van maatskaplike vermenging, word die Afrikaner, volgens Scholtz se siening, uit

selfbehoud gedwing om ook laasgenoemde nie te duld nie. Dit is ook deel van die Afrikaner se lewensbeskouing dat sy volk ''n bepaalde roeping' het (soos in 1949 geformuleer deur die Raad van Kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerk) en dit was dan ook in aansienlike mate op aandrang van die Afrikaanse kerke dat die owerheid daartoe oorgegaan het om deur middel van maatreëls soos die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike rassevermenging teen te gaan.

Volgens Scholtz bring hierdie aspek van sy lewensbeskouing die Afrikaner direk in botsing met die 'liberalisme' wat van geen 'rasseverskille' wil weet nie en wat gemengde skole, gemengde woonbuurte en gemengde huwelike 'nie as 'n euwel beskou nie'. Dit lê dus vir Scholtz voor die hand dat die Afrikaner 'verplig is om die liberalisme as een van sy grootste bedreigings te sien'. Breytenbach en sy protagoniste word gesien as 'Afrikaners wat nie teen die verwoestende invloed van die liberalisme bestand was nie'. Die feit bly egter staan dat die regering in sy pogings om die genetiese suiwerheid van die volk te verseker, die steun van die oorgrote meerderheid van die Afrikaners en van 'n aansienlike persentasie van die Engelssprekendes geniet. Om 'n ander houding aan te neem 'is om die wetgewing van die land wat die lewensbeskouing van die Afrikaanse volk weerspieël, te verontagsaam en aan flarde te skeur' (*ibid.*).

Uit die redakteurs van *Die Transvaler* en *Die Vaderland* se siening van Afrikanerskap blyk dit duidelik dat die begrip 'Afrikaner' in 1965 in die algemene omgang nie 'n taalaanduiding is nie, maar 'n politieke begrip met konnotasies van rassesuiwerheid tot elke prys, rassediskriminasie en oorheersing van ander groepe, geregverdig op grond van 'n 'goddelike roeping'. Dit is teen só 'n opvatting van 'Afrikanerskap' wat Breytenbach hom rig en dit is teen die agtergrond van só 'n Afrikanerskapsiening dat die afwysende reaksie wat Breytenbach se uitsprake (oor Afrikanerskap, oor die rol van die Afrikaanse skrywer en die funksie van die kuns) uitlok, gesien moet word.

Hoe voel die publiek oor Breytenbach se Afrikanerskapsiening? Die meeste briefskrywers voel dat Breytenbach geen reg het om homself 'n Afrikaner te noem nie. Só word daar byvoorbeeld aangevoer dat Breytenbach se 1965-uitspraak ietwat van 'n vertraagde aksie is, want hy het hom al geruime tyd 'losgemaak van sy volk' - nie net deur die veelrassige geselskap wat hy verkies nie, maar ook deur sy skryfwerk wat 'n politieke sentiment openbaar wat met volksvervreemding saamhang (hier word spesifiek verwys na 'Maar hou die pyn ver van my...' en 'Soos 'n vis in 'n mandjie' in *Ysterkoei*). Die regering is dus reg om nie Breytenbach se 'Afrikanerskap' en digterskap te probeer koop nie - 'die Afrikanervolk was nog nooit verleë oor sulke mense nie' ('Ysterkoei', *Va.,* 8.6.65). Velde Breytenbach (*Tv.,* 15.6.65) is ook skaam - nie omdat hy 'n Afrikaner is nie, maar omdat 'n Breytenbach 'wie se voorouers in ons land alles - ja, selfs hul lewe - opgeoffer het om ons land en volk blank te hou, die paadjie van die liberalisme gekies het'. HB Duvenhage meen dat dit nie eens vir Breytenbach nodig is om hom te skaam om Afrikaner te wees nie - 'dat hy in Suid-Afrika gebore is, gee hom nie die reg om hom as 'n Afrikaner te beskou nie' (*Db.*, 27.6.65); HJ Strauss meen daar is niks wat Breytenbach in die weg staan om sy Viëtnamese vrou na Viëtnam te neem en 'desnoods self 'n

Viëtnamees te word nie' (*Tv.,* 30.6.65). 'Waar jy ook al woon en jouself 'n Afrikaner noem, moet jy te alle tye bereid wees om jou beginsels uit te leef. Die Afrikaner wat nie bereid is om dit te doen nie, volg die pad van mnr. Breytenbach en hy word in die buitenste duisternis uitgewerp' (AP du Plessis, *Bu.,* 2.6.65). Volgens Loubser moes Breytenbach nooit 'n Afrikaner gewees het nie en sy bede is dat hy die vóórreg so spoedig moontlik prysgee (*Bu.,* 7.6.65), want 'wie dubbel skaam daaroor voel dat... Breytenbach... Afrikaner is, is die derduisende Afrikaners wat hulle op die Pad van Suid-Afrika bevind' ('Ag sies tog', *Bu.,* 15.6.65). Hierdie 'ware Afrikaners' word opgeroep om 'die vreemdeling en die renegaat' te verwerp en die tradisies na te volg 'soos hulle deur ons leiers aan ons voorgestel word', want ons mag 'geen haarbreedte van ons beginsels afwyk nie' (Jan Pretorius, *Bu.,* 24.6.65).

Ook ingeligte lesers van Breytenbach se werk spreek hulle uit oor die kwessie. Abraham H de Vries is die enigste skrywer en mede-Sestiger wat hom in 'n koerantbrief direk uitlaat oor Breytenbach se skaamwees-uitspraak: 'Nee, Breyten, jou skaamheid (of skaamte?) oor jou Afrikanerskap deel ek nie met jou nie. Die rebelse (bruin?) Hugenoteseun, Hendrik Bibault, het onder ewe moeilike omstandighede as joune in 1707 al in die ou meul op Stellenbosch gesê: "Ek ben een Africaander" en as ek goed onthou het hy glo bygevoeg dat hy dit is al slaan hulle hom, al haal hy ook die kromme note. As jy skaam is vir wat mede-Afrikaners *doen*, dan plaas jy elkeen van ons (egter) in die posisie waar selfondersoek begin, en moet ek na jou luister' (*Va.,* 15.6.65).

De Vries betrek hierdie 'doen' op die amptelike verdeling wat Afrikaners maak tussen 'blank' en 'nie-blank'. Dit lyk nie of hy meen selfondersoek oor die verdeling as sodanig is noodsaaklik nie, maar wel oor die feit dat maatstawe vir 'nie-blankheid' op Yolande Breytenbach, 'n vrou van Viëtnamese afkoms, van toepassing gemaak word. Sy is immers nie 'swart' of 'bruin' nie, sy is nie ongeletterd en 'agter' by die blankes nie, sy behoort nie tot 'n volksgroep wat ons hoef te vrees of sou wil 'ophef' nie; sy is geen kommunis nie. De Vries se pleidooi bly steeds vir buigsaamheid en ruimte vir uitsondering: Breytenbach is 'n Afrikaner wat nie geweet het hy oortree met sy huwelik 'n landswet wat net rekening hou met Chinese en Japanners nie. Hy is nog steeds 'een van ons' en hy is immers vir ons meer as net iets werd: 'Ons kan niks verloor deur hom en sy vrou die land te laat binnekom nie; inteendeel ons kan baie wen' (vir Afrikaans). Volgens De Vries is die Afrikaanse letterkunde immers 'outonoom' en verhewe bo die politiek.

André P Brink daarenteen loop selfs Breytenbach se 'skaam' gevoel (met kwalifiseringe) vooruit in die brief wat op 31 Mei 1965 in *Die Burger* verskyn. Die feit dat 'een van die mees beskaafde, intelligente en sjarmante mense' wat hy ken op grond van haar kleur (wat verhef word tot kenteken van beskawing, Christelikheid en menslike waardigheid) 'n visum geweier is, noop Brink om te vra: 'Kan 'n mens anders as om te dink: Vandag is ek voor God skaam om te sê dat ek Afrikaner is, dat ek in Afrikaans skrywe, dat ek 'n volk en 'n taal moet dien wat al verder wegdryf van alle norme van Christelike beskawing?' Hy waarsku: 'In hierdie benouende broederskappie van witterige eksklusiwiteit sal daar weldra baie, baie min kunstenaars oorbly wat dit met hulle gewete sal kan

rym om tot dié “Kultuur” 'n bydrae te lewer.’ In 'n ander brief, wat in *Die Burger* van 11 Junie 1965 verskyn, vra Brink na aanleiding van ander briefskrywers se voorstel dat Breytenbach uit die Afrikanerdom ‘in die buitenste duisternis’ uitgestoot moet word omdat hy as gevolg van sy huwelik nie ‘Afrikaans’ sou wees nie: ‘Word 'n mens se Afrikaansheid of nie dan só maklik getoets?’

NP van Wyk Louw se brief in *Dagbreek* van 30 Mei 1965 verskyn vóór Breytenbach se gewraakte skaamwees-uitspraak, maar daaruit blyk Louw se eie siening van Afrikanerskap. Hy praat nie net namens die Afrikaanse literatuur as hy hom uitspreek teen die visumweiering nie, maar ook as ‘Afrikaner’. Hy distansieer hom in ‘pyn en skaamte’ van Afrikanerskap in die vorm van ‘'n verstarde ideologie’ en spreek hom uit vir 'n Afrikanernasionalisme wat teken is van ‘uitgroei, van steeds voller lewe’, dit wil sê vir 'n ‘oper’ Nasionalisme.

In 'n brief wat Breytenbach op 1 Julie 1965 aan NP van Wyk Louw skryf, bedank hy die gevierde digter-denker vir die ‘mooi betuiging’ in *Dagbreek* (J du P Scholtz verwys in 'n artikel in *Bu.,* 17.10.73 na hierdie brief as ‘bitter’). Breytenbach vra verskoning vir die moontlike verleentheid wat sy ‘oorhaastige’ skaamwees-uitspraak vir Louw kon ingehou het, maar bevestig weer sy afkeer van Afrikanerskap wat 'n refleksie is van 'n absolute ideologie:

> Ons nasionalisme lyk vir my na 'n absolute ideologie wat hoe langer hoe minder teenstand kan duld. En hierdie inkorting van die mees elementêre vryhede - en dit het lankal begin - kan nié geregverdig word nie, selfs al gaan dit hier om ons lyflike voortbestaan. Inteendeel, ek glo ons bewerk juis só ons eie ondergang. Ons was te geneig om die behandeling van ons teenstanders (gewaand of eg) te verskoon. En nou word selfs die Afrikaner verstrik in die labirint van wette. Nou is ons nasionalisme verwring tot 'n negatiewe krag deur die mense wat die hef in die hande het. Beperkende wette en verdrukking - want objektief gesien word baie mense in ons land vandag verdruk al glo ons nou ook dis vir die uiteindelike heil van die geheel - lei tog net tot meer beperkings.

In die antwoord op Breytenbach se brief verseker NP van Wyk Louw die jong digter dat hy hom nie met sy koerantverklaring in verleentheid geplaas het nie: ‘Ek is nou maar iemand wat my nie aan aanvalle steur nie - so min, waarskynlik, as wat die Regering hom aan *my* steur! Ek begryp dat u nou die gevoel het van 'n oorhaastige optrede; maar ek het destyds vir meer as een gesê: “Hoe kan ons by 'n man ryp oorweging en 'n filosofiese onpartydigheid na só 'n klap verwag?” Dit sou 'n onmenslike koudheid openbaar.’ Louw laat hom nie uit oor Breytenbach se siening van Afrikaner-nasionalisme as 'n absolute ideologie nie (behalwe as sy sin vir onpartydigheid ook op hierdie uitspraak betrek kan word). Hy plaas eerder die visumweiering binne die algemene konteks van 'n ‘stemming wat na uiterstes toe neig’. (Hierdie briewe is opgeneem in die Louw-versameling wat gehuisves word in die JS Gerickebiblioteek).

Ander ingeligte en invloedryke lesers sou Breytenbach se skaamwees- en ander Afrikanerskap-uitsprake nog lank teen hom hou. Hierdie lesers is openlik gekant teen Breytenbach se ‘linkse ideologie’ en betrag die Afrikaanse

letterkunde vanuit ideologiese vertrekpunte op die ander end van die skaal; Jakes Gerwel (*Bu.,* 18.6.83) noem dit ‘akademiese konserwatisme’. Literatore wat hul openlik distansieer van Breytenbach se siening is onder andere AP Grové en TT Cloete.

AP Grové het reeds in 1967 in 'n artikel oor tendense in die jonger poësie (1967: 12-23) en tydens die jaarberaad van die Suid-Afrikaanse Akademie (berig in *Va.,* 29.6.67 en Grové, 1978: 141-149) Breytenbach se verklaring in die pers dat hy skaam is om 'n Afrikaner te wees, voorgehou as voorbeeld van 'n ‘koue wind wat aan die opsteek is in ons literatuur’: 'n verset wat nie ‘lojaal’ is nie, maar wat hom rig teen die identiteit van die Afrikaner. Breytenbach se persverklarings maak van hom 'n ‘prater’, 'n ‘kletser wat uitflap’, ‘belanghebbende betoger’ en hy kan hom nie langer beroep op die sogenaamde profetiese insig van die skrywer nie: hy moet hom dus nie verbaas as hy weerspreek word nie. Sestigerskrywers kan nie volgens Grové op die een oomblik daarvoor pleit dat die mens agter die boek geïgnoreer moet word, maar dan hulself as *mense* opdring aan die leser deur middel van allerlei verklarings in die openbaar nie. Dertien jaar later staan Grové (1980: 1-26) nog afkeurend teenoor skrywers wat hul openlik van hul Afrikanerskap distansieer, soos Breytenbach in die onderhoud met *Vrij Nederland* (berig daaroor in *Bu.,* 19.11.68), en skryf dit afkeurend toe aan die feit dat die Sestigerskrywers nie kon ontsnap aan die ‘slagkrete, skynheiligheid en skuldgevoel, die halfsagte humanisme, dubbele standaarde en omverwerping van ou waardes’ van hul tyd nie. Dit word dan vergestalt in 'n ‘kritiese en selfs afbrekende houding... teen 'n bestel wat mede deur die woord en inspirasie van vroeëre skrywersgenerasies tot stand gekom het’ en in 'n gejaag na die ‘nuwe’ wat nié 'n dieper kyk op die (ou) werklikheid gebring het nie, maar slegs uitgeloop het op 'n ‘vertoon van kunsgrepe en die gebruik van die “gewaagde” woord’ (*op. cit.*: 3, 4, 5).

In die era van ‘verantwoordelike verligtheid’ (ongeveer 1973-1978) ondergaan die opvatting van ‘Afrikanerskap’ 'n verbreding. Tydens die Somerskooloptrede van Breytenbach reageer die verligte Afrikanergehoor selfs simpatiek op sy uitsprake oor Afrikanerskap en Afrikaans (vergelyk hoofstuk 5 II). Sy 1975-verhoor dompel die verligtes egter in 'n verleentheid en lei tot 'n pleidooi vir ‘lojale verset’ wat gesien word as die teenpool van Afrikanerverraad (vergelyk hoofstuk 6 III en IV).

Sedert die laat sewentigerjare staan die diskoers rondom die begrip ‘Afrikaner’ (en die Afrikaanse taal en kultuur) in die teken van 'n beweging wat gerig is op die verruiming en verbreding daarvan. Binne hierdie konteks word vroeër gewraakte uitsprake van Breytenbach onderskryf en selfs ingespan in pleidooie vir de-eksklusivering en oopstelling; in die tagtigerjare gee ontnugterde verligtes en veral ‘Alternatiewe Afrikaners’ nuwe inhoud aan Afrikanerskap (soos uiteengesit in hoofstukke 6 XI en 7 III).

III
Uitsprake in die voor-tronkfase oor die bevrydingstryd

Op 4 Januarie 1968 verskyn daar 'n berig onder die opskrif ‘Sestiger se gruwelike aanval op SA’ in *Die Vaderland*, waarin gestel word dat Breytenbach ‘lid van die Franse Anti-Apartheidskomitee’ is. Die berig handel oor reaksie vanuit dié komitee op die hartoorplanting op dr. Blaiberg wat in hierdie stadium wêreldnuus was. Volgens hierdie berig het die komitee 'n beroep gedoen vir internasionale wetgewing om die hartoorplantings te verbied ‘van mense wie hul vryhede ontneem is, selfs al het die betrokke persone hulle toestemming gegee’. 'n Persverklaring van die komitee word soos volg aangehaal: ‘Daar is duisende politieke gevangenes in Suid-Afrika. Verdagtes word in hegtenis geneem en sonder verhoor onbepaald in die geheim aangehou, die regte van verdediging word nie gewaarborg nie en teregstelling vind dikwels plaas.’ Breytenbach sou volgens dieselfde berig gesê het dat dit uiters jammer is dat so baie publisiteit gegee is aan die hartoperasie wanneer die vordering van die mediese beroep in Suid-Afrika nie geëwenaar word deur die vordering in politieke sfere nie ('n soortgelyke berig verskyn in *Tv.,* 4.1.68).

Dagbreek (31.3.68) stel dit in 'n opvallende berig dat ‘Breyten lid is van die gevaarlike AAM (Anti-Apartheid Movement)’, dat hy al vergaderings van die Franse tak van dié beweging toegespreek het en as tolk vir swart sprekers opgetree het terwyl rolprente soos *Sabotage in South Africa* vertoon is; hy sou ook in Mei 1967 'n internasionale konferensie oor apartheid in Parys bygewoon het waartydens beroepe op alle Europese regerings gedoen is om geen wapens aan Suid-Afrika te verkoop nie - hierdie konferensie sou in noue samewerking gehou gewees het met die Kommunisteparty, Christian Action en die Defence and Aid Fund.

Breytenbach ontken in 'n berig in *Sunday Times* (7.4.68) dat hy lid is van die AAM en dat hy aktief betrokke is by die politiek, al is hy onomwonde oor sy siening van apartheid. Volgens hom bestaan daar nie 'n tak van die AAM in Frankryk nie - ‘the only committee I know about is a liaison committee which... deals with matters on Africa. This consists of six pastors and six lawyers, and I am certainly not one of them.’ Hy ontken ook dat hy iets te doen gehad het met die film *Sabotage in South Africa* en dat hy sy CNA-prysgeld aan 'n politieke organisasie gaan skenk.

Breytenbach ontlok in 1968 nie slegs reaksie uit oor sy moontlike lidmaatskap van 'n ‘kommunisties beheerde’ organisasie soos die AAM nie, maar ook oor die ‘bevordering van terrorisme’ teen sy geboorteland. In Oktober verskyn daar artikels in die koerante van die APB oor Breytenbach se aandeel aan 'n Belgiese tydskrif, *Yang Kahier*, se uitgawe getiteld ‘Antwoord aan Zuid-Afrika’ wat gepubliseer is as reaksie op 'n vorige uitgawe waarin Suid-Afrika sý perspektief op landsprobleme kon gee. Breytenbach bepleit in sy artikel aktiewe en geldelike steun vir die ‘vryheidsfronte’. Volgens hom is Suid-Afrika 'n

polisiestaat en verteenwoordig organisasies soos die ANC en PAC die meerderheid; hulle het nou oorgegaan tot 'n ‘gewelddadige vryheidsoorlog’ nadat hulle vyftig jaar vergeefs geprobeer het om die onregte te herstel by wyse van ‘petisies, afvaardigings, stakings, optogte en al die ander politieke handelswyses waarvan gebruik gemaak kan word in 'n land van Westerse, Christelike kultuur’. Hy beweer, volgens hierdie berigte, dat die ‘maksimale politieke eise’ van organisasies soos die ANC, ZAPU en SWAPO is ‘om 'n vry en onafhanklike staat, sosialisties van inslag, op te rig: 'n staat waar elke burger - afgesien van sy ras of geloof - vir stemreg kan kwalifiseer. Niemand dreig om die wittes in die see te jaag nie. Die land het ook sy vier miljoen tegnici, boere, sakemanne en intellektueles nodig’ (berigte in *Tv.,* 7.10.68 en *Db.,* 8.10.68).

Dit is veral Breytenbach se onderhoude met Nederlandse koerante in November 1968 wat hom die argwaan van die pers en publiek in Suid-Afrika op die hals haal. Hierdie onderhoude verskyn terwyl Breytenbach in Amsterdam is om die Reina Prinsen Geerligsprys te ontvang wat aan hom toegeken is vir *Die huis van die dowe*. 'n Onderhoud op 6 November 1968 met *De Volkskrant* onder die opskrif: ‘Breyten Breytenbach - digter, essayis, skilder, vegter teen apartheid’ word gerapporteer in die Afrikaanse pers (onder meer in *Vo.*, 12.11.68 en *Bu.,* 14.11.68). Volgens hierdie berigte meen Breytenbach dat die regering 'n gewelddadige beleid op Suid-Afrika afdwing wat slegs met 'n gewelddadige opstand beantwoord kan word. Hy self beywer hom vir die gelykheid van alle Suid-Afrikaners en sy bedrywighede sluit onder meer in die hou van lesings en die insameling van geld vir die ANC om hulp aan gesinne van politieke gevangenes te verleen.

Sy onderhoud in November 1968 met die blad *Vrij Nederland* vind ook neerslag in berigte in die Suid-Afrikaanse pers (byvoorbeeld in *Bu.,* 15.11.68 en 19.11.68). Hy roer onder meer die volgende aan in hierdie onderhoud: die lot van sy Suid-Afrikaanse vriende wat ‘in tronke sit of in ballingskap is’; statistieke oor kindersterftes en teregstellings wat bewys dat die swartman se lewe in Suid-Afrika ‘goedkoop’ is; adv. Vorster se staatshoofskap; blanke Europa wat bevoordeel word deur apartheid en daarom nie ingryp nie. Breytenbach vereenselwig hom in hierdie onderhoud in só 'n mate met die onderdrukte swartes dat hy sê hy oorweeg dit om kleurlingskap aan te vra (hy voel hom immers meer Afrikaan as Europeër) en dat hy hom sien as een van die ‘vryheidsvegters’:

> By ons duur die besetting al drie eeue. Maar ek is optimisties. Dit is onmoontlik om apartheid in stand te hou. Oor tien, vyftien jaar is dit klaar daarmee. Dáárvan is ek oortuig, omdat ons 'n jaar gelede vir die eerste maal tot 'n militêre konfrontasie oorgegaan het. Ons vryheidsvegters in Zambië en Tanzanië begin daarvandaan die infiltrasie van Suidwes-Afrika. Dit sal twee of drie keer misluk, maar dit kan nooit stopgesit word nie, dit kan alleen uitbrei. Ons is deur die Regering daartoe gedwing. Niks anders as die wapen het vir ons oorgebly nie. Maar omdat die Suid-Afrikaanse leër enorm sterk is, moet ook aangestuur word op ekonomiese ontwrigting deur onwettige stakings. Die buitelandse beleggers moet hulle vertroue in Suid-Afrika verloor. En die witvel moet afgetakel word en verdwyn. Nie omdat ons iets teen die blanke het nie, maar vanweë wat die blankes doen... (*ibid.*)

Breytenbach vervreem homself nog verder van 'n groot deel van die publiek deur artikels soos dié in *Sechaba* (Apr. 1970), amptelike spreekbuis van die ANC, waarin hy weer openlik rewolusie bepleit. Hy glo dat die ‘bevrydingsbeweging’ onder leiding van die ANC, wat hom vir 'n rewolusie gereed maak, net tydelik in toom gehou kan word, maar nie meer gekeer kan word nie. Die Afrikaner kan slegs gered word deur die rewolusionêre vernietiging van sy eie kapitalistiese, totalitêre en wreedaardige magstruktuur; hierdie rewolusie kan slegs van die proletariaat kom en sosialisties wees ('n opsomming van die artikel verskyn in *Bu.,* 22.4.70). In hierdie tyd skenk Breytenbach die opbrengs van 'n tentoonstelling van sy skilderye in Amsterdam aan die ANC (*Bu.,* 22.4.70).

In 'n artikel in die destyds geloodsde blad, *Deurbraak* (1972a: 17-18), bestempel Breytenbach Suid-Afrika as 'n ‘polisiestaat’ en skaar hy hom by die onderdruktes wat die kapitalisme met sy ‘uitbuiting en sy vraatsigheid, sy uitbreiding en sy dominansie’ omver wil werp: ‘Wanneer ons sê “alle mag vir die volk” en “ons soek 'n herwonne waardigheid waarmee selfs die witman aanvaar sal word” (as lid van 'n minderheidsgroep) dan bedoel ons allereers die omverwerping van die kapitalisme met sy gepaardgaande verdierliking en rassisme.’ (Persberigte oor die artikel verskyn in *Hoofst.*, 5.2.72, *Rap.*, 13.2.72.)

Breytenbach gaan van die standpunt uit dat die einddoel van die bevrydingstryd 'n sosialistiese Suid-Afrika moet wees. 'n Gemeenskap wat uitbuiting en diskriminasie sal afskaf, kan egter alleen opgebou word na 'n magsoorname deur die massa. Hierdie magsoorname is egter slegs één moment in die ontstaansproses van die nuwe gemeenskap wat hy self nie as 'n soort paradys of skitterende toekomsdroom voorstel nie ('n sosialistiese gemeenskap ken immers ook stryd en verandering en 'n kleurlose gemeenskap sal nie binne afsienbare tyd verwesenlik word nie) - maar dit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n herverdeling van ekonomiese en politieke mag. Die gewapende stryd moet egter gekoppel word aan ander strydvorme en beskou word as onderdeel van 'n langdurige volksoorlog, as 'n uitdrukking van legitieme rewolusionêre geweld teen die geweld van onderdrukkers en rassiste. Gewapende stryd as sodanig en sonder meer werk volgens hom kontraproduktief. Die volk moet homself herken in die gewapende stryd - een van die vorme wat die stryd sal aanneem. Die geveg is vir die vryheid van die hele Suid-Afrika en alle Suid-Afrikaners. Die bevrydingsbeweging moet leiding gee aan die alliansie van swart arbeiders, aan eksponente van die Swart Bewussynsbeweging, aan die kerkleiers en die blanke radikale, en die stryd reflekteer op elke vlak waarop hy hom manifesteer (1972e: 66-70).

In sy ‘'n Blik van buite’-toespraak tydens die Kaapse Somerskool van 1973 verwys Breytenbach nie direk na sy betrokkenheid by die bevrydingstryd nie, maar hy laat min twyfel oor wat sy eie keuse sal wees wanneer daar finaal gekies moet word tussen die ‘ons’ en die ‘hulle’; tussen ‘wit’ en ‘swart’ nasionalisme:

> En in hierdie nag wat ons nou betree sal die vure van nasionalismes aangeblaas word, nog helderder en meer verwoestend opvlam. Daar sal gesê word dat dit ‘ons’ of ‘hulle’ is - sonder dat ons weet wie ons is, sonder dat ons hulle ken. Daardie

> kant wat ons sal moet kies, gaan dit 'n wetende keuse wees, of 'n desperate stamkeuse? Sal ons selfs 'n keuse hê? Daar gaan verwag word dat iets verdedig word. Wat? 'n Westerse beskawing? Watter Westerse beskawing, en wie s'n? Die alleenreg tot magsbesluite van die witman? Die wit vel? Net die dood se vel is vlekkeloos wit. (1973a: 8)

Uit die konfrontasie met Panus ná hierdie toespraak (1976: 131-141) kan afgelei word dat Breytenbach se doelstelling vir Suid-Afrika nie aanpassing of hervorming is nie en dat hy hom verplig voel om hom te beywer vir *transformasie* en *oorname* van die huidige bewind (*op.cit.*: 138).

Ander *Seisoen*-uitsprake waaruit Breytenbach se simpatie vir en daadwerklike steun aan die vryheidsvegters/terroriste blyk, is deur die uitgewer Bartho Smit uitgehaal uit die Suid-Afrikaanse weergawe van die reisverslag wat eers in 1976 verskyn het omdat dit die skrywer se 'posisie (in die tronk) kan bemoeilik' (vergelyk brief in *Beeld*, 19.7.77). Hierdie uitgelate dele (wat aangevul is deur Lijphart, 1985: 4-9) sluit onder meer die volgende (gekursiveerde dele) in: Tydens 'n besoek aan Hermanus en Die Kelders (die grotte wat 'n duisend jaar gelede woon- en skuilplekke vir die Strandlopers, die Khoimense, was) reminisseer Breytenbach oor hierdie mense in wie se wêreld ons leef - 'sagte en soepel mense moes hulle gewees het, en hulle wêreld was 'n paradys. Totdat die barbare gekom het met hulle gelate soos maskers van die dood en die stokke van verwoesting in hulle hande. *Die stokke wat eendag in die hande van afstammelinge, stokke van bevryding sal wees*...' (uitgelaat uit 1976: 34). Wanneer hulle terug op Onrus na die radio sit en luister is daar sprake van 'terroriste' - '*daardie sogenaamde terroriste wat oor enkele jare die bewind gaan oorneem om dan as "politici" onthaal te word*' (*op.cit.*: 44). Breytenbach se eie keuse vir die rewolusionêre bevrydingstryd word geëggo in die 'rustige stem van 'n wyse man' wat oor die waters vanaf 'die eiland vir *politieke melaatses* gesweef kom': '*Dis net deur lyding, met opoffering en militante aksie dat vryheid verower kan word. Die stryd is my lewe. Ek sal aanhou veg vir vryheid tot aan die einde van my dae*...' (*op.cit.*: 51). Tydens 'n opvoering van *Sizwe Banzi is dead* in die 'veelrassige' Space Teater in Kaapstad besluit Breytenbach dat die pyn wat hierin gerealiseer word sy 'uitloper in die maatskappy (het) - want dis 'n bestaanspyn wat verskerp en gekontroleer word deur die Witman se wette. *Die enigste manier om weg te breek uit hierdie hel is om die witman se magsgreep te breek*' (*op.cit.*: 106). In 'n brief aan sy suster Rachel stel Breytenbach dat tegniese vermoë op sigself niks beteken nie - selfs mag beteken nie veel nie: 'Nou is die Witman nog haantjie op die mishoop in Suider-Afrika, in Gondwanaland. Tien jaar gelede sou mens jouself in kon beeld dat dit só voort sal duur. En nou weet ons reeds, nou sien ons klaar dat die Witman se baasskap (of selfs voogdyskap) nie eers die einde van ons 20ste eeu gaan haal nie... *Die witman se tydelike heerserskap sal dan nog net onthou word omdat dit een van die obstakels was in die swartman - oftewel die meerderheid van die land se bewoners - se stryd om bevryding en verteenwoordigende regering*' (*op.cit.*: 178).

Dit is gedurende hierdie besoek dat die gespletenheid van Breytenbach se situasie duidelik na vore kom. Hy vereenselwig hom met die verdrukte, maar hy besef terselfdertyd dat hy verteenwoordigend is van die institusionalisering en

verspreiding van onderdrukking. Om jouself te identifiseer met dié vir wie jy net 'n struikelblok is op die pad na bevryding, is om selfmoord aan te gryp. Breytenbach sien immers in dat die Suid-Afrikaner wat as nie-blank geëtiketteer word en dus ‘'n afwyking van die norm’ is, net weer ‘'n edele mens kan word wanneer hy my uit die weg kan ruim; en sodoende sal hy homself òf reinig òf vernietig’ (1976: 35). Die implikasies van só 'n argument is, volgens Lazarus (1986: 171), apokalipties. Herhaaldelik dus beklemtoon Breytenbach die *onafwendbaarheid* van rewolusie in Suid-Afrika en ook die vreemde, byna *suiwerende*, regverdigheid daarvan. Tog is daar die hele tyd 'n ongemak - iets wat Lazarus (*op.cit.*: 172) toeskryf aan die wesenlike tweespalt by Breytenbach: ‘He is a little like Camus... The coming cataclysm preoccupies (him) not only on account of its necessity and desirability, but also on account of what it threatens to destroy. There is rejoicing in Breytenbach's voice at the contemplation of mass mobilization and intensifying protest, but there is lamenting too. The values of Afrikanerdom that Breytenbach feels should be cherished turn to ashes in his mouth, for they are subsumed under the umbrella of Nationalism.’

Ná sy 1973-besoek aan Suid-Afrika en terug in Frankryk deel Breytenbach Roggeman van *De Vlaamse Gids* (1974a: 29-31) mee dat rewolusie in Suid-Afrika onvermydelik is in die lig van die land se geskiedenis en omstandighede. Die politieke bewussyn groei stadig, maar wanneer dit werklik deel van die volk is, sal geen tydelike welwillendheid, geen jakkalsdraai, valse beloftes of noodmaatreëls dit meer kan vernietig nie. ‘Rewolusie’ bestaan egter nie net uit magsoorname en dus 'n verandering van regering nie, maar is die onwrikbare begin van die transformasie van strukture - en dit gebeur nie vanself of in 'n vlaag van wraak en geesdrif nie; om dit te realiseer het jy 'n party nodig, 'n strategie wat onder andere sal poog om te keer dat die party of nuwe bewind 'n burokrasie word. Breytenbach voorsien dat, ten spyte van pogings om deur die toestaan van ‘onafhanklikheid’ aan tuislande die Afrikastate en Europese moondhede te paai asook verskerpte strategieë om in die naam van stabiliteit en ‘veiligheid’ alle ware teenstand teen blanke oorheersing te smoor, apartheid nie gaan slaag nie en dat die land op die vooraand van 'n rewolusie staan wat hierdie transformasie van strukture gaan bewerkstellig.

In die loop van die tien jaar sedert Breytenbach die eerste keer in die publieke oog gekom het, het sy openbare uitsprake volgens sommige waarnemers ‘dogmatieser en marxistieser geword en ook militanter’ (*De Volkskrant*, 21.3.86). Die behoefte om self fisiek aan die stryd deel te neem, het al sterker geword. 'n Vooruitwysing hierna is ook sy vroeëre uitspraak (byvoorbeeld in *De Volkskrant* van 6.11.68) oor die ‘obseniteit’ van ‘intellektuele uitdaging’ in die vorm van versetpoësie en die gevoel dat provokasie ‘veel dieper’ moet gaan ('n moontlikheid waaroor hy hom in daardie stadium nie verder wou uitlaat nie). Reeds teen die laat sestigerjare het Breytenbach tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n tyd kom dat 'n skrywer se woorde nié ingang vind en vlees en wapen word nie; dan is dit vir hom tyd om ‘die geweer op te neem’. In 1972 gaan Breytenbach só ver om te sê: ‘But I cannot convince my friends of this by words alone. There must be a break, a decision, a point of departure. I must get tied

to the struggle by my own experience, my own concrete participation. It is while walking that I learn how to walk' (opgeneem in 1986a: 252).

Breytenbach se bemoeienis met die swart bevrydingstryd het dus nie net gebly by openbare vereenselwiging met die doelwitte van die stryd en 'vryheidsvegters' asook finansiële steun aan die ANC nie. In 1972 het hy lid geword van die anti-Suid-Afrikaanse organisasie Atlas wie se doel dit was om die regering tot 'n val te bring (vergelyk sy aantekeninge in 1986a: 77-81). Tydens sy 1973-besoek aan die land het hy tentatief begin met die stigting van Atlas en Okhela, laasgenoemde deur hom en 'n paar vriende geïnisieer. Einde Julie 1975 kom hy met 'n vals paspoort na Suid-Afrika om verteenwoordigers uit die vakbonde vir Okhela te werf, maar in Augustus word hy in hegtenis geneem. Tydens die verhoor word getuienis aangevoer dat hy hom, naas aktiewe steun aan die ANC en Atlas/Okhela, aan elf 'terroristiese dade' ter bevordering van 'n anti-Suid-Afrikaanse-sameswering skuldig gemaak het (vergelyk Viviers, 1978: 43-48; die Okhela-manifes is opgeneem in 1984a: 329-336). Breytenbach het skuld beken op die klagstaat waaruit die verwysings na wapengeweld, plofstowwe, die optrede van ander mense en die Kommunistiese Party gehaal is. In sy verklaring in die hof (wat uit sommige oorde gesien is as 'n halfhartige terugkrabbeling, maar wat later blyk deels te gespruit het uit 'n ooreenkoms met die staat) maak Breytenbach verskoning vir die 'manier en die metodes' waarop hy wou werk vir die 'groei van ons beskawing en ons toekoms' en vir die 'onreg en verdriet' wat hy daardeur sy mense aangedoen het - al het hy geglo dat sy optrede nie teen Suid-Afrika gerig was nie, maar teen wat hy beskou het as onregverdighede (Viviers, 1978: 58 en 59). Hy besef nou hy is nie 'n politikus nie, nie 'n man van aksie en 'n rewolusionêr nie (*op. cit.*: 53); sy bydrae kan nie op die gebied van die politiek wees nie en hy sal hom dus 'nooit weer daarin begeef en vergiftig nie' (*op.cit.*: 59).

Stellings wat Breytenbach maak in briewe wat hy aan vriende skryf gedurende sy tydperk van eensame opsluiting (en wat na hulle 'gesmokkel' word deur die bewaarder Lucky Groenewald) bevestig egter sy geloof in die bevrydingstryd, en hy verbind hom, behalwe in die fantasieë wat hy vir Groenewald geweef het, ook aan aktiewe deelname. Alhoewel die tweede regsaak teen Breytenbach in sekere sin absurd was, het dit die doel gedien dat dit sy gesmokkelde briewe aan die lig gebring het. Dié toon aan dat Breytenbach nie sy politieke ideale en literêre engagement verloën het nie (vergelyk Ena Jansen, *De Volkskrant*, 6.12.82).

Uit briewe aan Gerry Maré, wat hy as lid van Okhela probeer werf het, en aan Marius Schoon (Viviers, 1978: 118-120; 134-139; 194-195), blyk dit dat Breytenbach nog geloof het in die tipe benadering wat die organisasie voorgestaan het - 'dit dui in 'n rigting van optrede wat kan meehelp tot die bevryding van hierdie land - en daarom - die transformasie van die gemeenskap'. Hy voel dat die blankes 'n weg móét hê waarlangs hulle, met inagneming van die voordele én nadele van hul klasse-agtergrond, rewolusionêr 'n bydrae kan lewer tot die bevrydingstryd, maar dat daardie stryd, waarin 'n 'Suid-Afrikaanse identiteit' gesmee kan word, onder leiding moet staan van die outentieke verteenwoordigers van die meerderheid van die bevolking. Alhoewel hy nie die

rol van die SAKP onderskat nie en glo dat daar met hulle saamgewerk moet word, is hy daarvan oortuig dat dié Party ideologies en analities nog nie werklik die komplekse Suid-Afrikaanse werklikheid baasgeraak het nie, dat dit 'n Moskou-instrument is, sekere onaanvaarbare 'Stalinistiese eienskappe' vertoon en nie rewolusionêr genoeg is nie (1986a: 228). Desnieteenstaande kan met die Party saamgewerk word in 'n front wat 'al die magte vir bevryding en transformasie sal kan artikuleer'. As gevolg van die genoemde voorbehoude moet daar egter ook voortgebou word aan Okhela omdat dié organisasie 'n *spesifieke* bydrae kan lewer; die doelstelling moet van nou af wees die 'ontplooiing tot 'n rewolusionêre en demokratiese party' wat wel klandestien sal moet opereer, maar so demokraties moontlik is en nie beperk deur etniese groeperings nie (Viviers, 1978: 120).

Sy jare in die tronk sou sy idees oor ondergrondse politieke bedrywighede (en die ANC) slyp en in die ná-tronkfase verskuif aksente in sy ideologiese diskoers (soos uiteengesit in hoofstuk 7 II).

IV
Reaksie tydens die 'goue era' van apartheid op uitsprake oor die bevrydingstryd

Koerante wat berigte plaas oor Breytenbach se assosiasie met en uitsprake oor anti-apartheidsbewegings en die bedrywighede van 'vryheidsvegters', doen dit òf sonder kommentaar (by *Die Burger* is dit deel van 'n 'verligte' benadering en die 'oop gesprek') òf op só 'n wyse dat daar min twyfel by die leser gelaat word oor wat die betrokke koerant (redakteur) se siening daaroor is (dit geld veral die koerante van die noordelike persgroep).

'n Voorbeeld hiervan is 'n berig in *Dagbreek* oor die Anti-Apartheid Movement waarvan Breytenbach dan 'n lid sou wees, waaruit duidelik blyk dat dié koerant die veiligheidspolisie se mening oor die beweging onderskryf. Volgens die berig het die AAM, wat sy ontstaan in die vroeë sestigerjare in Brittanje gehad het, in 1963 'n tak gestig in Frankryk onder leiding van die Suid-Afrikaanse Kommunis Harold Wolpe wat saam met Arthur Goldreich uit Suid-Afrika gevlug het tydens die Rivonia-saak. Bekende 'kommuniste' is lede van die Franse tak: Jean-Paul Sartre, Jean Jacques de Felice, Monique Antoine en Kantia D Kaupp. In die Republiek word die AAM 'deur die veiligheidspolisie beskou as blanke Suid-Afrika se grootste vyand' (*Db.,* 31.3.68). Reeds in 1964 het die 'verteenwoordigers van die volk' op 'n Volkskongres oor Kommunisme die AAM en sy 'affiliale' (onder andere die Colonial Freedom Campaign, die Africa Bureau, die Anti-Apartheid League en Christian Action) uitgesonder as 'kommunisties geïnspireerde' organisasies wat bedrywig is 'met 'n veldtog om die Suid-Afrikaanse Regering in onguns te bring en omver te

werp, en om algemene stemreg in 'n enkele veelrassige staat in Suid-Afrika in te stel' (Volkskongres, 1964: 95). Teen 1968 was 'n organisasie soos die AAM dus lank reeds onder verdenking.

Breytenbach se moontlike verbintenis met só 'n 'kommunisties beheerde' organisasie ('ontbloot' deur berigte in *Va.,* 4.1.68, *Tv.,* 4.1.68 en *Db.,* 31.3.68) sou 'n nasleep hê in die toekenning van die CNA-prys van 1967.

Die beoordelaars vir dié prys was die literator DJ Opperman, die joernalis Klaas Steytler en die skryfster Alba Bouwer. In *Die Burger* (22.3.68) word berig dat *Die huis van die dowe* 'deur al drie beoordelaars vir die hoofprys benoem is'. 'n Dag later (*Bu.,* 23.3.68) word dié misleidende beriggewing reggestel: Breytenbach het die prys slegs met 'één punt gewen', want twee van die beoordelaars, Klaas Steytler en Alba Bouwer, het die bundel onderskeidelik tweede en derde op hulle lys geplaas. In 'n brief, wat in hierdie *Burger*-berig aangehaal word, skryf Alba Bouwer:

> My aanbeveling was dat die prys aan Berta Smit toegeken word vir haar roman *Een plus een*. My tweede keuse was Boerneef se *Op die flottina*. Die beoordelaars moes egter vier boeke in volgorde van verdienste plaas, en ek het Breyten Breytenbach se *Huis van die dowe* derde op die lys geplaas omdat dit na my mening beter was as die orige boeke wat aan my voorgelê is.
> Toe die CNA my in kennis stel dat die prys aan Breyten Breytenbach toegeken is, het ek aan hulle geskryf dat ek nie gelukkig voel oor die keuse nie. My mening is dat so 'n jong en belowende, maar nog onvolwasse, digter eerder by kritiek as by ontydige bekronings baat sal vind.
> Ek is nooit genader vir samespreking of oorleg met die ander twee beoordelaars nie - wie hulle was, was trouens net aan die CNA bekend.
>
> Nou word die berig oor die toekenning van die prys so gestel asof daar volkome eenparigheid oor Breytenbach en 'die hoofprys' was - watter ander pryse was daar dan nog? Hierteen maak ek beslis beswaar.

Volgens hierdie berig was Klaas Steytler se eerste keuse *18-44* van Etienne Leroux; hy het Breytenbach tweede geplaas. Die berig eindig só: 'Die derde beoordelaar was prof. dr. DJ Opperman'. Die implikasie is dus: Opperman was die enigste een van die drie beoordelaars wat Breytenbach éérste geplaas het.

In *Dagbreek* (31.3.86) verskyn 'n berig wat die CNA-pryswenner van 1967 verbind met die AAM en ander anti-apartheidsorganisasies. In *Tydskrif vir Letterkunde* (1985: 56) beweer Koos Human, uitgewer van *Die huis van die dowe*, dat die destydse Eerste Minister, mnr. John Vorster, 'woedend' was en 'alles in sy vermoë gedoen het om te keer dat die prys toegeken word'. Human was by Opperman aan huis toe Vorster die keurder gebel en 'n lang gesprek met hom gevoer het: 'Op die ou einde het Opperman hom feitlik beledig deur te sê hy bespreek nie poësie met 'n leek nie. Vorster het in elk geval beweer dat Yolande nie die probleem is nie - "sy kan by my bly", was sy woorde. Maar Breyten moes gearresteer word, het hy gesê.' (Vergelyk Kannemeyer, 1986: 347-350 oor hierdie voorval.)

Opperman het op 'n verduideliking aangedring; dié het hy via Johan Spies ontvang. In 'n brief aan premier Vorster (gedateer 6.3.68) reageer hy só op die

‘verduideliking’ - wat, soos afgelei uit die brief - gaan oor inligting waaroor Vorster beskik wat verband hou met Breytenbach se politieke bedrywighede. Opperman berus hom daarby, soos blyk uit sy brief aan die Eerste Minister:

> Geagte mnr. Vorster
>
> Baie dankie vir die verduideliking (deur Johan heen) in verband met die geval Breyten Breytenbach.
> Ook wil ek my waardering uitspreek dat u bereid was om my op kort kennisgewing te woord te staan. Soos onder sal blyk, dink ek die noodsaaklikheid daarvan het verval.
> Ek, Alba Bouwer (die vrou van Hubert Coetzee van Nasionale Pers) en NG Steytler (redakteur van *Die Huisgenoot*) is gevra om 'n aantal boeke *suiwer letterkundig* te beoordeel - nie die persone nie. (U moet die aanbeveling dus nie beskou as 'n goedkeuring van 'n persoon se optrede nie.) Daarmee is ons taak afgehandel. Ek het my toe afgevra indien dit net oor Breytenbach se vrou gaan, behoort ons nie met ons uitwaartse beweging hulle toe te laat om sy prys te kom haal nie? Maar nou, na die verduideliking, begryp ek volkome die saak en het niks verder om te stel nie, sodat die noodsaaklikheid van 'n ontmoeting verval - tensy u anders dink. Ek sal in elk geval sorg dat die inligting aan CNA oorgedra word.
> Nogmaals baie dankie en alle seën op u werk.
>
> Hoogagtend,
> Die uwe,
>
> (Geteken)
> DJ OPPERMAN
>
> (Brief opgeneem in die Opperman-versameling van die JS Gericke-biblioteek.)

Koos Human het Breytenbach ingelig oor premier Vorster se houding (1985: 56); volgens Human het Breytenbach ‘verdraaide’ uitsprake wat hiermee verband hou, teenoor Nederlandse koerante gemaak. In 'n onderhoud in November 1968 met *Vrij Nederland* (ná die ontvangs van die Reina Prinsen Geerligsprys vir *Die huis van die dowe*) waarin Breytenbach hom aan die kant van die ‘vryheidsvegters’ van Zambië en Tanzanië stel, beskou hy naamlik die CNA-prys as 'n ‘omkoopprys’: ‘Die lede van die jurie het dit wellig op grond van letterkundige hoedanighede toegeken. Van regs is druk uitgeoefen om die prys nie te gee nie. Dat dit tog gebeur het, is alles deel van die Suid-Afrikaanse camouflage’.

Hierdie uitsprake van Breytenbach lok kommentaar uit van sowel sy uitgewers as van Sestigers soos Abraham H de Vries (*Bu.,* 20.11.68) wat beswaar aanteken teen Breytenbach se insinuasie dat hy slegs bekroon word om die skyn van vryheid in Suid-Afrika te bewaar, want die ‘literêre integriteit’ van mense soos Van Wyk Louw en DJ Opperman (wat in keurkomitees gedien het), is bo verdenking. (Die ope briewe word later in hierdie afdeling bespreek.)

In die brief wat Breytenbach op 22 Desember 1971 aan die direkteure van Human & Rousseau rig (*Stet*, Jun. 1985), stel hy dit dat hy destyds, in 1968, op

versoek van Human, 'n bandopname met 'n toesprakie gestuur het wat bedoel was vir die CNA-prysoorhandiging waar sy vader die prys namens hom ontvang het. Hy het ook 'n getikte toesprakie gestuur - 'n ‘hardegat toesprakie’ wat hy nie verwag het voorgelees sou word nie:

> Daarom het ek beloof om dit self ook nie aan die pers vry te stel nie en voorgestel dat u dit slegs op aanvraag aan die pers beskikbaar maak. En ek het voorgestel dat u 'n verklaring daaraan heg - of dit apart maak - waarin u u *dissosieer* met my politieke opvattinge. Omtrent terselfdertyd het ek 'n lang brief aan u gestuur waarin ek my posisie van toe so duidelik moontlik probeer stel het... Ek het gevra, mnr. Human, dat u daardie brief ook aan die here Rousseau en Opperman voorlê, sodat ons enige moontlike verdere misverstande kan vermy. Die brief was, op 'n lomp manier, 'n verduideliking van die siening wat ek verdedig op sosiale en politieke terrein.

Breytenbach skryf ook dat hy later besoek van Laurens van der Post, die 1967-wenner van die CNA-prys se Engelse afdeling, gehad het. Hy wou toe weet waarom Breytenbach dan nie eens 'n boodskap gestuur het die aand van die funksie nie - Human het hom verseker dat hy, ten spyte van 'n versoek, niks van Breytenbach ontvang het nie.

In 'n brief aan Breytenbach, gedateer 21 Januarie 1972 verwys Human wel na die toespraak wat hy ontvang het. Hiervolgens wou die voorsitter van die CNA, mnr. Alan MacIntosh, dit nie laat voorlees nie en Human self het ook nie kans gesien om dit te doen nie. MacIntosh wou net sekere dele laat voorlees, maar Human het hom gewys op Breytenbach se versoek dat die toespraak òf in sy geheel òf glad nie gelees word nie. Oor 'n gesprek met Laurens van der Post by die geleentheid het Human geen herinnering nie. Human maak Breytenbach se uitspraak dat die prys ‘omkoopgeld’ is, af as 'n leuen - ‘u weet baie goed dat dit is. Vergelyk alleen u brief van 2 Maart 1968 aan mnr. Koot Kruger van die CNA... asook sekere toepaslike dele van u boodskap’. (Brief opgeneem in Opperman-versameling in die JS Gericke-biblioteek.)

Breytenbach se ‘terroris’-uitsprake wat byna tot staatsingrype tydens die toekenning van die CNA-prys gelei het, lok ook reaksie uit van die pers en die publiek. Teen die middel van 1968 word van die kant van koerantlesers beswaar gemaak teen sekere Afrikaanse koerante se vergoeiliking van Breytenbach, ‘'n skrywer wat goed bevriend sou wees met iemand wat terrorisme teen sy geboorteland probeer bevorder’ (M Kok in *Va.,* 9.7.68, na aanleiding van 'n berig in die Sondagpers oor André P Brink, Etienne Leroux en Breytenbach waarin ook verwys word na Lewis Nkosi). Breytenbach se broer Cloete en sy ouers distansieer hulle in November 1968 van Breytenbach se uitsprake in die Nederlandse pers omdat hy, as dit waar is, ‘alles wat eers vir hom heilig en dierbaar was, verloën’ omdat hy ‘met verkeerde invloede verstrengel geraak het’ (berigte in *Bu.,* 21.11.68; *Va.,* 21.11.68 en *Db.,* 24.11.68).

Koerante van die APB lewer ook afwysende kommentaar op uitsprake wat Breytenbach veral in Oktober en November 1968 in Nederland maak oor ‘vryheidsvegters’. In berigte in *Die Transvaler* (7.10.68) en *Dagbreek* (8.10.68) byvoorbeeld, word sy bydrae tot die Belgiese tydskrif, *Yang Kahier*, afkeurend

gegroepeer saam met ‘leerstellinge’ van mense soos Nelson Mandela, Albert Luthuli en biskop Ambrose Reeves; dit word beskou as ‘alles behalwe 'n waardige antwoord aan Suid-Afrika’ en afgemaak as hoofsaaklik ‘gruwelike wanvoorstellinge’. Koerante van Nasionale Pers daarenteen, plaas uittreksels uit Breytenbach se onderhoude met *De Volkskrant* en *Vrij Nederland* sonder kommentaar - byvoorbeeld *Die Volksblad* (12.11.68) en *Die Burger* (14, 15 en 19.11.68). Aan briewe van ingeligte lesers wat afkeurend reageer op Breytenbach se uitlatings word egter prominensie verleen in *Die Burger* waarin dit die eerste keer verskyn voordat dit ook persdekking in ander koerante kry.

Berigte in *Die Burger* (22.4.70) en *Die Volksblad* (23.4.70) oor Breytenbach se artikel in die April 1970-uitgawe van *Sechaba*, amptelike spreekbuis van die ANC, is ook nie heeltemal sonder kommentaar nie: sy uitsprake word naamlik getipeer as die ‘bekende clichés van die internasionale kommunisme’ en as 'n ‘tirade’ teen die regering. In dr. Treurnicht se dagblad, *Hoofstad* (15.2.72), reageer die politieke korrespondent heftig op Breytenbach se artikel in die Februarie 1972-uitgawe van *Deurbraak*. Hy noem dit 'n ‘bitsige galbraking’ wat sterk steun op aanhalings uit Mao Tse-Toeng.

In hierdie tyd toe die Suiderkruisfonds gestig is vir Portugese soldate wat teen die bevrydings-/terrorisbewegings in Mosambiek en Angola geveg het, was dit veral die reaksie van ingeligte lesers op Breytenbach se gewraakte uitsprake wat prominensie verkry het in die pers.

Reaksie kom van jong digters (byvoorbeeld Lina Spies met 'n gedig in *Kol* 1:7, later opgeneem in *Digby Vergenoeg*) en daar is gerugte van 'n ‘breuk’ tussen Breytenbach en Brink; dit was egter die briewe van Abraham H de Vries en die direkteure van Human & Rousseau wat wye persdekking gekry het - laasgenoemde brief laat tot in die middel tagtigerjare naklanke.

In 'n ope brief aan Breytenbach (gepubliseer in *Bu.,* 20.11.68) herinner Abraham H de Vries sy mede-Sestiger aan die stemme wat opgegaan het om hom en sy werk te verdedig (byvoorbeeld tydens die visumvoorval en die woelinge in 1968 om die Hertzogprys). Nou vra De Vries hom egter pertinent: ‘Steun jy inderdaad, op watter manier ook, hierdie, wat jy noem “vryheidsvegters”?’ en verder: ‘Wat, indien enige, is jou simpatieë en/of verbintenisse met die Kommunisme?’ De Vries beskou Breytenbach se bewerings dat hy in al sy werk stelling inneem teenoor apartheid as 'n leuen. Hy verwyt hom dat hy net ‘pseudo-antirig’ is en in Nederland die rol van die ‘groot vryheidsbeyweraar speel’ met uitsprake wat inderwaarheid net ‘strooipoppraatjies’ is omdat dit nié in sy werk gereflekteer word nie.

Die ope brief van Koos Human, Leon Rousseau en DJ Opperman verskyn op 18 November 1968 in *Die Burger*, maar daar word volledig daaroor berig in ander koerante. Hierin distansieer Breytenbach se uitgewers hulle in die openbaar van sy politieke standpunte en stel dit dat die wêreld nou, na sy uitlatings in Nederlandse koerante, sal weet dat dit nie - in die eerste instansie - Yolande se ras was wat hulle verhinder het om na Suid-Afrika te kom nie, maar die feit dat Breytenbach hom ‘al lank op verskillende maniere vir 'n bloedige inval in sy eie vaderland beywer’. Die briefskrywers stel dit dat hulle, in teenstelling met Breytenbach, Suider-Afrika se ‘eie vryheidsvegters’ steun en

bydra tot die ‘fondse teen terrorisme’. Hulle voel hulle behoort eintlik verder te gaan en vir elke rand wat hulle in die vorm van outeursaandeel aan hom uitbetaal, 'n rand tot die anti-terroristefonds by te dra ‘net om die balans te bewaar’. Ten spyte daarvan dat hulle ideologies van hom verskil, wil hulle egter hul ‘literêre integriteit’ handhaaf en sal dit hulle strewe bly om ‘alle goeie Afrikaanse letterkunde uit te gee’, al sou dit afkomstig wees van 'n skrywer wat bekend is vir sy ‘drastiese politiek’ - dit is ook in ooreenstemming met die ‘gulle ontvangs’ wat Breytenbach se werk, ten spyte van sy politiek, gehad het onder Afrikaanse letterkundiges. (Die implikasie hierby is dat ‘letterkundiges van integriteit’ 'n onderskeid maak tussen kuns en werklikheid, die kunstenaar en die mens, dit wil sê dat hulle literatuur sien as 'n outonome verskynsel.)

In 'n brief wat Breytenbach op 22 Desember 1971 aan Human & Rousseau rig (1971a: 31-33), verwys hy na die onderhoud wat hy aan *Vrij Nederland* toegestaan het. Volgens dié brief is dit wat gepubliseer is 'n beknopte weergawe van 'n gesprek wat vyf uur geduur het; hoewel sommige dinge daardeur uit verband geruk is, staan Breytenbach egter by die weergawe in die koerant. Die digter beskou die ope brief van sy uitgewers as: ‘Ongevraag, oneerlik en tot die dag van vandag toe vir my heeltemal onverstaanbaar. U het besluit om 'n brief aan my te rig - sonder die mees elementêre ordentlikheid om my daarvan te verwittig of selfs toe te sien dat ek 'n kopie daarvan kry... lank na die publikasie daarvan... moes ek uit die mond van 'n joernalis, wat van my reaksie wou verneem, daarvan hoor. En toe het ek hom nie geglo nie. U brief was kwetsend omdat dit so oneerlik was, omdat dit my onder andere daarvan beskuldig het dat ek dan agter die kwessie van my vrou se visumaansoek skuil sou hou terwyl ek al die jare al 'n bloedige aanslag op my mense voorberei. En dit terwyl u volkome op hoogte was van my opinies!... Met daardie brief het u my *as skrywer* gerepudieer.’ (Breytenbach self tref nie 'n onderskeid tussen homself as ‘mens’ en as ‘skrywer’ nie.) Ná hierdie ‘ope brief’ was enige verdere samewerking tussen hom en Human & Rousseau, soos hy dit self stel, ‘buite die kwessie’. Breytenbach verbreek sy verbintenis met die uitgewery en gee daarna by Buren uit (vergelyk ook Cloete Breytenbach oor dié voorval in Viviers, 1978: 12).

Op 21 Januarie 1972 reageer Koos Human namens die uitgewery op Breytenbach se Desemberbrief ('n afskrif daarvan is opgeneem in die Opperman-versameling in die JS Gericke-biblioteek). Die trant van die brief is dié van die ‘bloot formele verhouding’ waarop Breytenbach aandring. In verband met die onderhoud met die Nederlandse blad, die direkteure van Human & Rousseau se ope brief en Breytenbach se reaksie dáárop, maak Human die volgende stellings: Eerstens dat hy en Leon Rousseau wel bewus was van Breytenbach se oortuigings, maar dat hy nooit aan hulle te kenne gegee het dat hy 'n ‘voorstander van geweld en terrorisme’ is nie en dat sy bewering dat hulle bewus was van sy standpunt dus 'n leuen is en tweedens dat Breytenbach verkies om agter die ou storie van die visumweiering aan sy vrou te skuil al het Human self aan hom die reaksie van die Eerste Minister meegedeel wat gesê het dat Yolande nie die struikelblok is nie, maar die digter se eie politieke bedrywighede. Volgens Human is die besware wat hulle in die

brief het (wat as gevolg van sy ‘oop’ aard nie eers vir kommentaar aan die ontvanger daarvan voorgelê hoef te gewees het nie) ‘logies en vir elke mens wat nugter kan dink oor feite, heeltemal verstaanbaar is’. Verder beskou hulle dit as 'n leuen dat hulle Breytenbach as skrywer gerepudieer het: ‘Soos talle ander mense wat meer of minder heftig verskil van u politieke opvattings, het ons nogtans 'n groot respek vir u as skrywer. Dit lyk egter nie asof hierdie onderskeid vir u en die kringe waarin u beweeg, begryplik is nie’.

Hierdie uitgangspunt gee blyke van Human se literatuuropvatting, naamlik dat die kunswerk ‘outonoom’ is en dat die kunstenaarspersoonlikheid geskei moet word van die ‘teks’ wat ‘op sy eie bestaan’. (Hierdie brief is met die medewete en goedkeuring van Opperman geskryf. Dit is nie duidelik nie hoe die opvatting wat in hierdie brief uitgespel word (naamlik dat die kuns ‘outonoom’ is) te ryme is met Opperman se elders uitgespelde literatuuropvatting wat wel voorsiening gemaak het vir genetiese faktore - vergelyk hiervoor Johl, 1986: 33 - 'n opvatting wat nie die ‘boosheid’ van die kuns ontken het nie en wat dus nie van die kunstenaar verwag het om bestaande norme te bevestig/bewaar nie.) Uit die trant van die betrokke paragraaf wil dit voorkom of Human hierdie opvatting as ‘beter’ as dié van byvoorbeeld Breytenbach (en dié wat in sy ‘kringe beweeg’) beskou.

Die ope brief van Human, Rousseau en Opperman lei daartoe dat Breytenbach sy bande met Human & Rousseau verbreek. Volgens Kannemeyer (1986: 350) is die ‘gedeeltelike breuk’ met Opperman later tydens 'n besoek van hom aan Breytenbach in die gevangenis herstel. In die JS Gericke-biblioteek se Opperman-versameling is daar 'n afskrif van 'n fonogram wat Opperman op 27 November 1975 aan Breytenbach in die gevangenis in Pretoria gestuur het ná sy vonnis. Dit lui: ‘My diepste medelye’.

In teenstelling met die ope brief van Breytenbach se eertydse uitgewers was daar ietwat later - maar met spesifieke verwysing na sy 1968-uitsprake oor geweld en vryheidsvegters - die ‘ondergrondse reaksie’ van 'n ander ingeligte leser. Dit neem die vorm aan van 'n ‘geheime’ voorlegging aan die Broederbond, maar die ideologiese geankerdheid van hierdie resepsie is inderdaad ‘openbaar’. Die bestaan van hierdie dokument kom eers in 1983 aan die lig toe JC Kannemeyer in die tweede band van sy *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (1983: 402) en in verskeie koerantartikels (byvoorbeeld *Rap.* 18.9.83 en 27.11.83; *Va.*, 1.10.84,; *Beeld*, 15.9.83 en *Bu.,* 19.9.83) ‘onthul’ dat die samesteller die bekende literatorskrywer TT Cloete is (kyk Galloway, 1986, vir 'n verslag van hierdie polemiek). Kannemeyer voer aan dat die studiestuk as manuskrip voorgelê is aan 'n uitgewer, maar dat dié op regsadvies besluit het om dit nie te publiseer nie.

In hierdie stuk (‘Versetliteratuur onder die Sestiger- en Sewentigerskrywers’) word aangevoer dat daar lank reeds 'n subtieler stryd (as dié op die sportgebied) teen die huidige Suid-Afrikaanse bewind, teen ons Christelike opvattings, sedelike norme en die openbare mening gevoer word deur sekere Afrikaanse skrywers. André P Brink en Breyten Breytenbach word uitgesonder as skrywers wat beoog om die blanke minderheidsregering in Suid-Afrika te beeïndig en selfs met geweld te vernietig; wat die Christelike godsdiens en

moraal verwerp en selfs laster teen God, en wat volslae seksuele vryheid bepleit (vergelyk berig in *Rap.*, 18.9.83 en *Bu.,* 19.9.83).

In die ‘versetstuk’ word wydlopig aangehaal uit Breytenbach se versetpoësie wat, hoewel dit (volgens die samesteller) 'n minder wye of populêre appèl as Brink se prosa het, veel drastieser en veelvuldiger uitdrukking aan sy rewolusionêre idees gee. Die klem in die stuk val egter op die ‘politieke konteks waarbinne Brink en Breytenbach sélf hulle eie werk plaas’. Aan die hand van aanhalings uit Breytenbach se onderhoude, artikels en toesprake (wat nie weer hier weergegee word nie, omdat dit elders neerslag vind) maak Cloete 'n saak uit vir die volgende: dat Breytenbach Afrikanerskap en blankheid verwerp en in eenstemming is met ‘terroriste’ wat die land deur geweld bewoonbaar wil maak; dat hy die literatuur as politieke versetsinstrument beskou; dat dit vir hom nie meer gaan om Afrikaans as sodanig nie, maar om die gebruik daarvan as ‘vryheidswapen’ en ‘vryheidsimbool’.

Kannemeyer voer aan dat die geheime studiestuk in die sewentigerjare wel in die besit van ander letterkundiges gekom het - hy verwys na dosente verbonde aan die Universiteite van Port Elizabeth en die Oranje-Vrystaat en by name na AP Grové en 'n invloedryke meningsvormer soos Gerrit Viljoen. Hy voel veral beswaard oor die ‘skade’ wat AP Grové se inleiding tot *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig* aan die Afrikaanse letterkunde berokken het: ‘Jaar na jaar moet baie studente 'n eensydige geskiedenis van Sestig bestudeer in 'n boek waarin Grové op die smeerstuk steun en wat deur Cloete geredigeer is’ (*Va.,* 1.10.84). Die stuk het verder ‘skade berokken’ deurdat 'n Port Elizabethse hoogleraar gegewens uit die stuk vir skoolleerplanne gebruik en hom daarmee 'n lastereis van twee skrywers op die hals gehaal het. ‘In watter mate skoolkinders polities deur sulke gegewens geïndoktrineer is in plaas daarvan om 'n studie van die literatuur te maak, kan 'n mens seker net na 'n deeglike opname beraam’ (*ibid*; vergelyk ook Weideman, 1986: 12 wat meen dat dit juis die feit is dat 'n hele korps Afrikaanse onderwysers die inligting in die UPE-stuk verder gaan ‘verhandel’ het, wat kommer wek). Cloete gee toe dat die stuk wel (beperkte) sirkulasie gehad het. Hy reken egter dit het ‘geen hond haaraf gemaak nie’ en dat uitlatings van skrywers self groter ‘skade’ aan die Afrikaner se kultuursaak gedoen het (1984: 5-7).

Die afleidings wat Cloete in die studiestuk maak uit Breytenbach se uitsprake dui op die digter se ideologiese verwerping van Afrikanerskap/Afrikaans in hegemoniese sin, asook sy opvatting van die funksie van die Afrikaanse skrywer/literatuur. Die aanhalings wat ter illustrasie gebruik word, kom uit bronne wat vrylik beskikbaar was. Daar het immers gereeld berigte in die (Suid-) Afrikaanse pers oor Breytenbach se onderhoude met Nederlandse koerante en ander oorsese uitsprake verskyn - *Die Burger* het selfs volledige vertalings van sommige stukke geplaas. (Kannemeyer, *Va.,* 1.10.84 meen egter dat daar sterk gesteun is op ‘obskure’ bronne en hy beweer dat hy weet wie die Nederlandse berigte aan Cloete gestuur het.)

Cloete se besware in die Broederbondstuk teen Breytenbach se uitsprake én sy evaluering van die digter se ‘betrokke’ tekste as ‘ellendig swak poësie’, berus op 'n andersoortige literatuuropvatting as die digter s'n en word openlik

geknoop aan 'n ander ideologiese instelling. Cloete se ideologiese vertrekpunte berus naamlik, in teenstelling met Breytenbach, op 'n eksklusief Afrikaans/Afrikanerbasis en is gemik op die bewaring van die politieke *status quo*. En in teenstelling met Breytenbach, wat van meet af 'n kontesterende sosiale funksie aan die letterkunde toeken, sien Cloete in hierdie stuk ‘die Afrikaanse literatuur’ as 'n outonome gegewe. Hierdie outonomie word ‘bedreig’ en hy voel dit sy plig om wal te gooi. Volgens hom is die leidende Afrikaanse literatuur van sy tyd deur die skrywers sélf so verbind aan 'n rewolusionêre anti-Afrikaanse politiek dat die ‘eiewaarde’ daarvan in gedrang kom. Bowendien het 'n skrywer soos Breytenbach hom in só 'n mate solidêr verklaar met Engelse versetskrywers en met bruin en swart linkse skrywers dat die Afrikaanse literatuur se ‘identiteit en selfstandigheid’ in die gedrang gekom het en dit maar net 'n deel van 'n pan-Afrikaanse konteks geword het. Uit die stuk blyk dit egter dat die ‘outonomie’ en ‘selfstandigheid’ waarop Cloete aandring vir die Afrikaanse literatuur nie werklik ‘ideologieloosheid’ behels nie. In die praktyk kom dit neer op die eis dat die literatuur nie moet afwyk van algemeen aanvaarde/heersende ideologiese norme nie, dit wil sê dat dit die *status quo* moet onderskryf.

Die dosent aan UPE na wie Kannemeyer verwys, is WSH du Randt; van wie daar reeds in 1965 'n brief oor die visumweiering aan Yolande verskyn waaruit sý literatuuropvatting blyk (vergelyk hoofstuk 3 IV). In sy werkboek vir die Afrikaanse literatuurgeskiedenis, *Deur grens en tyd*, haal Du Randt in die afdeling oor ‘betrokkenheid’ (1977: 7) woordeliks die Sestigers en Sewentigers se ‘oogmerke’ aan soos geformuleer in die Broederbondstuk. Sy negatiewe evaluering van ‘betrokkenheid’ hang saam met sy siening van die ‘korrekte’ literatuuropvatting of metode van literêre verklaring, naamlik dié een wat die ‘teks’ as ‘outonome struktuur’ sien en ‘verklaar’. As ‘verkeerde’ metodes sonder hy uit: die verklaring van die kunswerk deur die biografiese metode, die psigologiese metode en die metode wat die maker van die werk sien as 'n wese wat in 'n bepaalde historiese tydperk leef, daardeur gevorm en beïnvloed is en wat in sy werk die ‘gees’ van die tyd uitspreek (*op. cit.*: 1).

Die literatuuropvatting wat in die Broederbondstuk voorgestaan word, is dié van die literatuur as outonome entiteit. Die stuk was egter in opdrag van of vír die Broederbond opgestel - ‘the central organising body of Afrikaner nationalism’ wat probeer om op te tree as ‘“war council” for the entire Afrikaner nationalist movement, (to) coordinate and direct the policies and activities of all Afrikaner political, cultural, ideological, economic and religious organisations’ (Davies, 1984b: 266; vergelyk ook Weideman, 1986: 12). Binne hierdie konteks kan die stuk gesien word as deel van 'n wyer strategie wat gemik was op die ‘stolling’ of ‘bevriesing’ van sosiale/politieke norme en die handhawing van die *status quo*. Cloete het dan ook, volgens Kannemeyer, gebruik gemaak van gegewens in die Broederbondstuk in sy getuienis téén *Kennis van die aand* tydens die appèlsaak teen die verbod op die roman (kyk Galloway, 1985: 268-274 vir 'n oorsig van die sensuurgeskiedenis van *Kennis*). Dit is ook moontlik dat die stuk 'n rol gespeel het by die verbod op *Skryt*. Dus was die studiestuk, wat so téén die ‘ideologisering van die letterkunde’ was, juis self 'n ideologiese

instrument ter bevestiging van Afrikaner-hegemonie en deel van 'n wyer strategie waardeur ‘dissidensie’ in die sestiger- en sewentigerjare hokgeslaan is.

In sy antwoord op Kannemeyer se onthulling voer Cloete - ter verdediging - aan dat die Broederbondstuk in 'n bepaalde ‘klimaat’ ontstaan het, naamlik die gebeure rondom die verbod op *Kennis van die aand*. Dit is egter ‘roeringe wat nou reeds lankal tot rus gekom het’ en ‘die meeste mense in hierdie land wat destyds menings oor belangrike sake uitgespreek het, dink vandag anders as tien jaar gelede’. Hy voer as bewyse dat sy eíe sienings verander het, die volgende aan: sy bedanking uit die Broederbond en Sensuurraad; sy verkondiging van ‘ander gesindhede’ in die openbare pers en die positiewe artikels wat hy oor Breytenbach se werk gepubliseer het (1984: 6 en 7).

Verteenwoordig Cloete se jongste uitsprake oor Breytenbach werklik 'n fundamenteel nuwe kyk op die digter se bydrae tot die kultureel-politieke diskoers? Uitgaande van sy onlangs verklaarde opvatting van die literêre werk as ‘verrykte kommunikasie’ en ‘diskursus’ ('n heuristiese metode wat volgens Johl, 1986: 105 sterk herinner aan die stilistiese metode) spits Cloete sy aandag toe op struktuuraspekte van ‘nie-politieke’ tekste (vergelyk sy artikel oor ‘Die boenk’, 1980). In sy oorsig oor Breytenbach se oeuvre in *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig* (1980: 162-186), wat grotendeels bestaan uit vroeëre besprekings van die digter se werk en dus nie fundamenteel *nuwe* evaluasies is nie, beskou hy nog steeds 'n betrokke bundel soos *Skryt* as 'n ‘insinking in Breytenbach se werk’; hierdie poësie wat ‘selfs nie meer poësie wil wees nie... (maar) rewolusionêre aanwending van poëtiese én onpoëtiese middele vir militante en sosiaal-politiese doeleindes’ het vir Breytenbach as digter ‘weinig goeds opgelewer en sy eie digterskap eerder skade aangedoen’ (*op. cit.*: 179).

Sedert die middel sewentigerjare is ‘verligtheid’ voorgehou as die ‘verantwoordelike houding’ (vergelyk hoofstuk 2 IV vir die rol van die Afrikaanse pers in hierdie verband); in samehang daarmee het al meer Afrikaners ander menings oor die letterkunde begin nahou. (Coenie Slabber, kunsredakteur van *Rapport*, meen dan ook dat dit jammer is dat Cloete persoonlik en alleen ‘die las moes dra van wat maar net 'n formulering was van 'n betreklik algemene siening binne die kultuurpolitieke establishment tot taamlik onlangs’ - *Rap.,* 30.9.84).

Dit is egter so dat ook sommige ‘verligtes’ ongemaklik gelaat was deur Breytenbach se reguit, openlike oorskryding van die *status quo*, veral wanneer dit gekom het by sy vereenselwiging met die (swart) bevrydingstryd. Hulle konfronteer dit selde direk, maar probeer dit verskans agter hulle eie variant van ‘'n outonome woordwêreld’ wat klem plaas op ‘universele waarhede’. In hierdie verband kan gewys word op Lindenberg se minderheidsverslag oor die 1974-Hertzogprys (vergelyk hoofstuk 5 VIII). Ampie Coetzee gee wel rekenskap van Breytenbach se ‘buitetekstuele’ uitsprake oor sy literatuuropvatting (byvoorbeeld 1976: viii en 67), maar die toets lê vir hom in daardie stadium nog daarin dat Breytenbach ‘deur die gebruik van aanvaarde en literêr legitieme middele... 'n politieke versetvers skryf wat as gedig in eie reg staan’ (*op. cit.*: 102). Die *status quo* van die literatuuropvattings van Sestig word in hierdie gevalle nog gekontinueer.

In die tagtigerjare het daar weer 'n klemverskuiwing in die toonaangewende ideologiese klimaat plaasgevind, by name na die ‘nuwe realisme’ van die Botha-era. In hierdie tydvak word uiteenlopend gereageer op Breytenbach se jongste sienings oor die rol van massa-organisasies (soos die ANC) en strategieë ten opsigte van radikale verandering (vergelyk hoofstuk 7 II).

V
Breyten, Bram en Beyers - dissidente Afrikaners in die ‘goue era’ van apartheid

Breytenbach se sienings oor ‘Afrikanerskap’ en ‘vryheidsvegters’, asook die afwysende reaksie wat dit van die pers, publiek en ingeligte lesers ontlok (met die implikasies wat dit vir literatuuropvattings en die ideologiese fundering daarvan inhou) moet gesien word in die samehang daarvan met die algemene politieke konteks. In die volgende drie afdelings word bepaalde fasette van hierdie wyer politieke (ideologiese) agtergrond ten opsigte van die tydvak middelsestig - 1973 belig, met klem op (die onderdrukking van) Afrikanerdissidensie. Dit moet saamgelees word met die oorgang in hierdie tyd van ‘baasskap’-apartheid na ‘afsonderlike ontwikkeling’ (met die gepaardgaande bevordering van ‘klein apartheid’) en wetlike maatreëls soos dié op ‘gemengde huwelike’ en ‘ontug’ (wat reeds in hoofstukke 1 I en 3 V onderskeidelik bespreek is).

Breytenbach se uitsprake oor ‘Afrikanerskap’ ontlok veral in die sestigerjare heftige reaksie. Dit was juis 'n tydperk waarin die establishment baie gevoelig was oor die ‘afvallige’ of ‘afdwaler’ en die ‘verraaier’ of ‘oorloper’ (die ‘volksduiwel’) wat dikwels gebrandmerk is as ‘liberalis’ of ‘kommunis’ - etikette waaraan vandag nog 'n stigma kleef.

In die nágloed van Sharpeville word in die vroeë sestigerjare op alle terreine toegeslaan op ‘die bedreiging van links’ en die ‘Rooi Gevaar’. Op politieke terrein lei dit tot die verbod op die ANC en PAC en die veiligheidspolisie se insypeling van die ondergrondse Kommunistiese Party wat uitloop op die arrestasie van oorblywende lede van dié Party en die ‘kommunisties beheerde’ ‘Armed Resistance Movement’. Ook adv. Bram Fischer word ingevolge die 90-dae-bepaling aangehou en later formeel aangekla.

Die ‘eerste’ Fischer-saak wat in die tweede helfte van 1964 plaasvind, skok die publiek tot die bewuswording van blankes (onderwysers, 'n sakeman, 'n geneesheer, 'n joernalis en bowenal 'n Afrikaanse advokaat) wat ‘met duiwelse lis, gevoelloos en gewetenloos, die land wou ryp maak vir die Kommunisme...’ (Ludi en Grobbelaar, 1966: 50). In hierdie tyd beroep Bram Fischer hom op sy Afrikanerskap in sy pleidooi om borgtog: ‘Ek is 'n Afrikaner. Ek het net een tuiste, en dit is Suid-Afrika. Ek het geen begeerte om die land te verlaat bloot

omdat ek 'n ander politieke opvatting as die Regering het nie' (*Bu.,* 25.9.64). In Januarie 1965 besluit Fischer egter om te onderduik. Hy doen dit om sy politieke werk voort te kan sit, want hy glo 'dat dit die plig is van elke ware teenstander van hierdie Regering om hierdie monsteragtige beleid van apartheid met alles tot hulle beskikking te bestry'. Fischer meen wat wit Suid-Afrikaners nodig het, is 'om hulself uit hul slaap wakker te skud - 'n slaap wat intens geword het weens die huidige ekonomiese opbloei, wat op rassediskriminasie gebou is. Om dit verder te vermy, het die opperste plig van die *Afrikaner* geword, want dit is grootliks die verteenwoordigers van my mede-Afrikaners wat verantwoordelik is vir die ergste van die diskriminerende wette' (Ludi en Grobbelaar, 1966: 76-77).

In dié tyd dat die eerste resensies oor Breytenbach se debute en die berigte oor die APB-prys in die koerante verskyn, geniet Fischer se verdwyning en sy houding teenoor apartheid wêreldwye publisiteit; terwyl daar bespiegel word of Breytenbach se vrou 'n visum gaan kry, word Fischer se mede-aangeklaagdes skuldig bevind en op 12 April 1965 gevonnis. Terwyl Fischer deur sekere seksies van die oorsese pers as 'n held voorgehou word en die mening uitgespreek word dat sy land trots behoort te voel op die ekstremisme waarmee hy hom aan sy ideale gewy en die vonkie van opstand teen onderdrukking lewend gehou het (*op. cit.*: 7), word hy in die Afrikaanse pers en deur die algemene publiek beskuldig van verraad. Hy het hom, soos Breytenbach 'n paar maande later daarvan beskuldig sou word, 'verwyder van die hartklop van die volk waarvan sy voorvaders trotse baanbrekers was' (*ibid.*).

Dit is egter nie alle Afrikaners wat só oor Fischer gevoel het nie. In 1970 eer André P Brink hom as 'n Afrikanerdissident wat bewys het dat 'n Afrikaner ook iemand anders as die onderdrukker kan wees: 'His free life was devoted to a broadening of the Afrikaner; and if Afrikaans is eventually to survive as a language, much of it will be due to the fact that men like Bram Fischer have been prepared to prove, risking their all for it, that it is more than the language of one oppressive minority and of one frightening ideology - that it is indeed what many exiles call it today: *menstaal*, "the language of human beings"' (opgeneem in Brink, 1983: 60.

Ook Breytenbach self bewonder Fischer. In 1968 vra hy aan sy skrywerkollegas: 'Wat was fout met Bram Fisher, of was hy reg?' (1968b: 12). In 1975 praat Breytenbach by die kongres van die VVO se komitee oor apartheid en bring hy hulde aan Bram Fischer as ''n mede-Suid-Afrikaanse patriot' (berig in *SW-Afr.*, 6.5.75). In 'n brief wat hy na Marius Schoon smokkel in die tronk, laat Breytenbach hom 10 jaar ná Fischer in die nuus was met sy ontsnapping en opspraakwekkende getuienis só uit oor hom: 'Die een ding wat ek jou waarlik beny, is dat jy vir Bram geken het. Ek sou wat wou gegee het om daardie wonderlike mens ook te kon ken... Ook ons dag kom, of wat ek vra, is om my deeltjie ook te kan bydra en dan sal die naam van Bram Fischer helder wees, en opofferinge soos joune sal nie vergeet word nie. En ons sal dans, ou vriend, en bly wees met hulle wat dit saam met ons beleef - en baie dink, aan hulle wat nie meer daar is nie maar wat dit vir ons moontlik gemaak het' (Viviers, 1978: 138-139).

Die openbare debat wat in die middel van 1965 rondom Breytenbach se *Die Burger*-uitspraak oor Afrikanerskap ontstaan, kan ook gesien word in die konteks van openbare reaksie op 'n ander bekende Afrikaner-afwykeling - dr. Beyers Naudé. Hierdie predikant van die NG Kerk en lid van die Broederbond - en uit 'n streng Calvinistiese en patriotiese Afrikaner-familie - is deur die nagevolge van Sharpeville en die Cottesloe-kerkberaad in 'n rigting gestuur wat sou uitloop op 'n breuk met die Afrikaner-establishment. Sy uitsetting uit die Broederbond (wat volgens Naudé 'n ideologiese wurggreep op die kerk uitoefen) en sy aanvaarding van die direkteurskap van die Christelike Instituut het hom die argwaan van die Afrikanergemeenskap op die hals gehaal (Randall, 1982: 29). In sy afskeidspreek aan die NG Gemeente van Aasvoëlkop beklemtoon Naudé egter dat hy homself beskou as 'n *Afrikaner* wat sy mense met dieselfde liefde en lojaliteit wil dien as in die verlede; die kerk mag egter nie stilbly oor onreg nie. Dit is die plig van die kerk om die koningskap van Christus oor *alle* mense te verkondig en as die NG Kerk nalaat om dit te doen, dan faal hy sy mense en pleeg hy verraad teenoor hulle (die afskeidspreek word aangehaal in International Commission of Jurists, 1975:68-74).

Al het baie die oggend gehuil tydens die diens in Aasvoëlkop se NG Kerk (volgens 'n berig in *Bu.,* 23.9.63), word Naudé in die jare hierna ál meer van verraad beskuldig - en selfs gebrandmerk as ‘kommunis’. Dit geld veral vir reaksies uit die Afrikaner-establishment op sy Broederbond-openbaringe, sy publikasie *Pro Veritate* en die werksaamhede van die Christelike Instituut en *Spro-cas*. Gedurende 1965 - juis in die tyd toe die Breytenbach-visum ‘warm’ nuus was - wemel die koerante van berigte oor Naudé (die kabaal oor sy verkiesing as ouderling; die Belgravia-insident; die veiligheidspolisie se deursoeking van die Christelike Instituut; die Instituut se veelrassige toewydingsdiens) en sy ‘linkse’, selfs ‘kommunistiese’ affiliasies. (Naudé self verwerp alle bande met Kommunisme omdat dit die bestaan van God ontken, vergelyk International Commission, 1975: 93.)

Dat Breytenbach en Beyers Naudé as dissidente Afrikaners 'n gesamentlike impak gehad het op mede-Afrikaners as gevolg van hulle afwyking van die algemeen aanvaarde norme, blyk uit die volgende brief van dr. CW Louw wat op 18 Junie 1965 in *Die Burger* verskyn:

> Oor twee Suid-Afrikaners is daar nou 'n hewige polemiek aan die gang, te wete mnre. Beyers Naudé en Breyten Breytenbach. Oor eersgenoemde vind dit plaas omdat hy hom deur sy Christelike oortuiging vereenselwig het met die Christelike Instituut, 'n organisasie wat homself ten doel stel die kerstening van en eenwording van mense op kerklike gebied, hetsy Bantoe, Moor of Indiaan.
>
> Op suiwer Christelike beginsels geoordeel, kan 'n mens met sy optrede geen fout vind nie. Ek het vrede met sy moed van oortuiging; moontlik sal ek dit ook kan waardeer. Tog kan ek as Afrikaanssprekende wat trots is op my NG Kerk, ondanks al sy gebreke, nie anders as om sy benadering te veroordeel nie. Indien die ware liefde in hom was, of nog is, sou mnr. Naudé sy Christelike oortuiging aangaande apartheid in al sy fasette beter binne die NG Kerk kon gepropageer het. Deur sy optrede het hy die sekulêre by die kerklike ingesleep. En die Afrikaner het rede om die anderse ‘politieke predikant’ met bymotiewe te assosieer. Het mnr. Naudé nog

> die NG Kerk lief, of wil hy dalk deur afbrekende optrede hervorming bewerkstellig deur selfs 'n Joost de Blank te probeer oortref?
> En Breyten Breytenbach? Hoewel ek geen voorstander van die Ontugwet is nie, besef ek tog terdeë dat huwelike van so 'n aard soos syne deur sy mede-Afrikaner as vreemd beskou word. Daar bestaan tog so iets as 'n soort-eksklusiwiteit of soort-andersheid. In wese is die Viëtnamese Oosters en die Suid-Afrikaners Westers. Die godsdienstige en rasse-andersheid maak van hierdie huwelik iets vreemds aan die norm wat in Suid-Afrika gehandhaaf word. Of mag die Afrikaner nie praat van sy eie norm nie? Laat Breyten Breytenbach en sy gade liewer Franse burgers word.

VI
Onderdrukking van politieke dissidensie in die ‘goue era’ van apartheid

Teen 1965, toe Breytenbach se eerste opspraakwekkende politieke uitsprake in die pers openbaar gemaak word, heers daar, volgens sommige waarnemers, ‘vrede’ in die land. WA de Klerk vat die politieke klimaat tot 1966 só saam:

> The operation against those who threatened or attempted sabotage or insurrection had entirely succeeded. Vorster, as Minister of Justice, working closely with an efficient force of security police, had seen to this. There had been considerable protest against measures like house arrest, incarceration and so on. The protests had lasted for some time; and had then seemed to die down. There was no doubt about it: the country was at peace, and Vorster and the security police deserved a great deal of credit for it. (1976: 277-278)

Die moord op dr. Verwoerd op 6 September 1966 beteken egter die einde van 'n tydvak in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die aanbreek van die Vorsterera. As eerste minister het Vorster die advokaat geword van 'n beleid van ‘opheffing van isolasie’, van ‘uitwaartse beweging’. Ten spyte van sy ‘uitwaartse beleid’ het Suid-Afrika se internasionale posisie in die tydperk tot 1973 nie verbeter nie - inteendeel, die algemene vyandige houding teenoor die land het toegeneem (Van Jaarsveld, 1982: 550).

Dissidensie binne die Nasionale Party self kom gedurende 1968 in die ope. Aan die begin van daardie jaar het die eerste minister nog in die openbaar ontken dat daar enige werklike onenighede binne die Party is. Vanaf Julie egter val hy openlik die ‘verkrampte’ teenstanders van sy beleidsrigting aan (vergelyk SAIRR, 1969: 1-3). Die verskuiwing in hierdie tyd na meer ‘verligte’ ideologiese klemplasings, beteken egter nie dat 'n werklik nuwe era vir rasseverhoudings binne Suid-Afrika aangebreek het nie. Die onderdrukking van dissidensie is immers veral gerig teen andersdenkendheid van ‘links’ sodat protes teen apartheid vanuit hierdie hoek grotendeels oneffektief bly.

Gedurende 1968 word twee nuwe wette voorgestel wat protes van die

amptelike opposisie ontlok, maar wat ten spyte daarvan ingestel word (soos uiteengesit in *op.cit.*: 5-10). Wet nr. 50 van 1968 bring 'n einde aan 'Kleurlingverteenwoordiging' in die Volksraad. Wet nr. 51 plaas 'n verbod op politieke inmenging (en maak dit dus onwettig om aan 'n veelrassige party te behoort). Die Progressiewe Party lê hom 'onder protes en onder dwang' neer by die wet en beperk sy lidmaatskap tot blankes. Die Liberale Party besluit dat sy voortgesette bestaan as 'n eenrassige party onversoenbaar is met sy nie-rassige uitgangspunte en ontbind (die helfte van dié Party se 2 500 lede was swart en bowendien was 42 van sy lede oor die vyf jaar ingeperk). Protes teen die twee wette kom ook van die Black Sash, NUSAS, die Studenteraad van die Universiteit van die Witwatersrand en agt vooraanstaande kerkleiers wat 'n omskrywe aan 1 000 kerke rig waarin gevra word dat daar gebid word vir die gekleurdes wat van alle ware inspraak in landsake ontneem word én die reg ontsê word om enige effektiewe politieke assosiasie te hê met ander groepe. Die algemene gevoel onder die protesteerders is dat geforseerde politieke impotensie nie vir altyd geduld sal word nie en dat die rassesituasie nie vir altyd in die dwangbuis van apartheid gehou sal kan word nie.

Gedurende die laat sestigerjare word apartheidsregulasies weer eens verskerp: dit geld veral maatreëls ten opsigte van instromingsbeheer en die kontrole van swart arbeid (vergelyk SAIRR, 1969: 159-169). Tussen 1 Julie 1965 en 30 Junie 1966 word 479 114 mense vervolg (gemiddeld 1 313 per dag) oor paswet-oortredings (SAIRR, 1968: 71); die syfers vir 1966-1967 en 1967-1968 verskil nie veel hiervan nie (SAIRR, 1970: 51).

Breytenbach se afkeurende houding teenoor die implikasies van die paswette spreek uit sy onderhoud met *Vrij Nederland* van 9 November 1968 (volledige berig in *Bu.,* 19.11.68): 'Vorster was 'n Nazi in die oorlog. As jy nou weet dat in '66, '67 'n halfmiljoen swartmense weens pasoortredings in hegtenis geneem is, dat 'n halfmiljoen mense boete of tronkstraf opgelê is, soos misdadigers behandel is, dan is dit tog 'n bewys dat 'n kranksinnige die hef in die hande het. Dan is dit die plig van die internasionale gemeenskap om die (beskuldigende) vinger te wys en te sê: "Jul staatshoof is kranksinnig. Ons gaan nie met julle handel dryf nie. Ons wil nie polities verkeer met kranksinniges nie. Hy behoort nie die land te regeer nie, maar hoort in 'n gestig." Waarom is Stalin kranksinnig verklaar en Vorster nie? Vorster is anti-Kommunisties. Die seeroete om die Kaap is belangrik vir die anti-Kommunistiese wêreld. Ons verdedig die seeroete, daarom word Vorster aanvaar... Vorster word om dieselfde rede aanvaar as wat Hitler aanvaar is' (*Bu.,* 19.11.68).

Daar is reeds daarop gewys dat sulke uitsprake deur Breytenbach moontlik daartoe bygedra het dat daar in 1968 strenger bepalings bygevoeg word tot die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike (De Villiers en Kinghorn, 1984: 81) - 'n maatreël wat dit al hoe onwaarskynliker gemaak het dat Breytenbach ooit weer na die land sou kom. Hierdie protesterende uitlatings van Breytenbach, soos sy 'terroris-' en 'kommunis'-verbintenisse, haal in ieder geval vir hom die argwaan van die eerste minister persoonlik op die hals - soos blyk uit die gebeure rondom die CNA-prys in 1968.

Daar word immers van regeringskant streng opgetree om protesterende

stemme teen die apartheidsregulasies stil te maak. Veral protes vanuit kerk- en studentegeledere lei tot streng waarskuwing en/of optrede van die regering. Studenteprotes word beslis nie geduld in hierdie tyd van studente-onrus in Frankryk nie. Reeds in 1965 word leiers van NUSAS (die studente-organisasie waarvan Breytenbach in 1974 'n ere-president word) gewaarsku dat hulle ‘met vuur speel’ omdat hulle ‘heul en skakel’ met studente van Algerië en Tanzanië. Advokaat Vorster, destyds nog minister van Justisie, doen 'n dringende beroep op rektore om ondersoek na dié liggaam in te stel (*Va.,* 4.6.65). Teen Mei van die volgende jaar is Ian Robertson, president van NUSAS, ingeperk onder die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme. In 1968 lei woelinge aan vyf blanke universiteite (Kaapstad, Stellenbosch, Potchefstroom, Witwatersrand en Natal) tot polisie-optrede en 'n waarskuwing van die regering dat subsidies ingekort kan word tensy die ‘gees van die Suid-Afrikaanse samelewing gerespekteer word’ en ‘liberale idees’ en ‘integrasionistiese gedagtes’ bekamp word (*Va.*, 12.8.68 en 20.8.68).

Van die effektiefste wapens wat die regering teen andersdenkendes gebruik het, was aanhouding en vonnis ingevolge die veiligheidswetgewing (vergelyk SAIRR, 1969: 57 en SAIRR, 1970: 62-63 en die *Staatskoerant*, 30.8.68 vir statistiek), inperking en die terugtrek van paspoorte of weiering van visums (vergelyk SAIRR, 1969: 47). Laasgenoemde was die eerste meganisme wat van staatskant geaktiveer is om Breytenbach se invloed op die politieke sisteem af te weer.

Ingevolge die wette van apartheid het die veiligheidspolisie wye magte om enige ‘onwenslike’ persoon aan te hou vir so lank as wat dit duur vir die persoon om al die polisie se vrae na wens te beantwoord. In 1969 vervang die Buro vir Staatsveiligheid (BOSS) die Republikeinse Intelligensiediens wat sedert die vroeë sestigerjare 'n onderdeel was van die veiligheidspolisie en wie se reputasie gevestig was op die infiltrasie van die ondergrondse ANC en SAKP. Onder die premierskap van advokaat BJ Vorster (1966-1978) word BOSS die ‘elite’ sekuriteitsapparaat van die staat; die Buro moes net verantwoording doen teenoor die Eerste Minister.

Die dissident Breytenbach se paadjie het vroeg al gekruis met dié van die veiligheidspolisie en BOSS. In die onderhoud met *De Volkskrant* (6.11.68) beweer hy dat daar ‘spioene’ is wat hom dophou. Tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1973 trap ‘kolonel Huntingdon of een van sy saaidkicks’ heeltyd op sy spoor (verwysings na hulle kom voor in *Seisoen*, 1976: 33, 59, 113, 114, 171 en 178 - aangevul deur Truida Lijphart, 1985: 5-9). Hy word selfs genooi vir 'n ‘geselsie’ met ‘twee here van Pretoria’ wat min twyfel laat dat hulle alles van hom weet en sy kom en gaan na en van die land beheer - hulle stel selfs voor dat hy ‘'n bietjie koöpereer’ om só sy lewe makliker te maak (*op.cit.*: 171-173). Gedurende sy klandestiene besoek aan die land in 1975 was die veiligheidsmagte voortdurend bewus van sy bewegings (soos blyk uit 1984a: 76-101). Tydens sy ondervraging het dit duidelik geword dat hulle reeds van sy koms geweet het vóór hy uit Rome vertrek het en dat hulle ingelig was oor die hoogs geheime Solidarité (*op.cit.*: 27-28). Op 19 Augustus 1975 voorkom BOSS-agente (een van hulle was ‘een van die here van Pretoria’ met wie hy in 1973

'n gesprek gehad het) dat Breytenbach, alias Christian Jean-Marc Galaska sy vliegtuig terug na Europa haal. Ná sy bekentenis dat hy wel Breytenbach is, oorhandig hulle hom aan die veiligheidspolisie vir ondervraging (*op.cit.*: 6-13; 23-33).

Breytenbach is van mening dat BOSS (en die latere DNI) 'n *politieke mag* binne die land vorm; dat dit 'n besluitnemende orgaan is wat as 'n magswerktuig optree en wat diep betrokke is by 'internal mind-control' (*op.cit.*: 9). Hy beweer dat die afbakening van die verskillende veiligheidsmagte se gebiede nie altyd duidelik is nie en dat daar mededinging en jaloesie tussen die groepe is. BOSS (die 'Gryses') was volgens Breytenbach nie baie gelukkig daaroor dat hulle hom aan die veiligheidspolisie moes oorhandig nie. Een van die BOSS-agente het aan hom gesê dat hulle hom eerder self na 'Die Plaas' sou wou neem sonder dat enigiemand (ooit) daarvan geweet het. '"The Farm", as far as I could make out, is indeed a farm where the BOSS/DNS people prepare their "dirty tricks" in all impunity, and where they can work over their suspects in absolute secrecy - without the intervention of the Prisons Department or the Department of Justice. Had it not been for crossed lines and inter-agency rivalry I might never have been here to whisper to you, dear Investigator...' (*op.cit.*: 9-10; vergelyk Davies, 1984a: 194 oor beweringe van voorvalle van 'vuilspel').

Sy 'gesprek' met die twee BOSS-agente het Breytenbach in 1973 reeds laat besluit om 'te praat en te vertel van die afgryslike skadufigure' wat voorlopig die deksel op die kookpot van die Suid-Afrikaanse samelewing hou. Vir hom is dié afloerders en afluisteraars agente wat 'die uitbuiters en die afpersers se buit en magsposisie in stand probeer hou'; hulle is die 'dienders van die wet van die sterkstes, die soldate van die *Ü bermenschen*'; hulle is die mag, die sameswering, die korrupsie, die regters en die beuels wat beskik oor lewe en dood en wat onder geen morele of wetlike verpligting staan nie (uitgelaat uit 1976: 171 en aangevul deur Lijphart, 1985: 8-9). Tydens sy eie ondervraging in 1975 besluit Breytenbach die geheime dienste, die spioenerende 'broederbonde', is 'the real vermin living amongst us' (1984a: 29). Hy sien sy ondervraers as 'killers', gevaarlike manne wat 'per ongeluk' doodmaak, wat leef in 'n skynwêreld waarin feit en fantasie vermeng sodat hulle altyd hul dade kan regverdig as noodsaaklik in die lig van 'n gewaande kommunistiese komplot teen hul land, wat onbeperkte mag het as regter én beuel, wat in 'n poging om die reste van menslike meegevoel uit te wis, doodmaak in 'n 'paroxysm of unresolved frustrations (or) even... in an awkward expression of love and sympathy for a fellow human being' (*op.cit.*: 34-37, vergelyk ook die nota oor marteling *op.cit*: 318- 320).

Breytenbach beskryf die agente van die veiligheidsmagte wel as 'monsters' (uitgelate dele uit 1976: 171 en 178, aangevul deur Lijphart, 1985: 9), maar ontken nie dat hulle ook ménse is nie: 'daardie man wat homself en sy prooi en ons almal onteer, hy is familie van ons', net soos wat die gefolterde dit is (*ibid.*). Ook in *Confessions* (1984a: 308-309) beklemtoon hy dat hulle 'mense soos ek en jy' is en dat daar selfs 'n vreemde verband bestaan wat die aangehoudene en sy ondervraers in 'n intieme doodstryd verbind (*op.cit.*: 310-313): 'That is what makes them so horrible and so pitiful. And that is exactly why we must continue

condemning and combating their acts. I believe that the tortuter is as depraved by his acts as the one who is tortured... Never before has it become so all-important for all of us - especially for the most “ordinary” citizen - to struggle with all inventiveness at our disposal against the dehumanisation of man. The least that we can do is that all of us... should unite to expose *all* the intelligence services and the spy organs and the security or political police and the secret societies of the world’ (*op.cit.*: 308-309). In 'n onderhoud ná sy vrylating (1983a: 7) stel Breytenbach dit dat, as hy nog iets van die kruisvaarder in hom oorgehad het, hy 'n veldtog sou wou help loods, wêreldwyd, vir die bestryding en uitwissing van alle geheime dienste, veiligheidspolisie, netwerke, broederbonde en hul eweknieë op kulturele en literêre gebied. Hy voorsien egter dat ‘met die Calvinistiese beheptheid van die wit bevolking met “veiligheid” en suiwerheid, 'n neurose wat al hoe groter gaan word na gelang dit donkerder word (in die land), gaan hierdie mense... al hoe magtiger word’ (*ibid.*).

Die regering onderdruk in die periode tot 1973 nie net met alle moontlike metodes tot hulle beskikking dissidensie binne die land self nie, maar trek ook die net stywer om dissidente buite die landsgrense. Teen 1968, die jaar waarin Breytenbach vir homself vurige kole op die hoof haal oor sy uitgesproke vereenselwiging met die doelwitte van die ‘vryheidsvegters’, was die bevrydings-/terroristestryd in die Portugese kolonies, Rhodesië en Suidwes-Afrika reeds in volle gang. Suid-Afrika het toenemend betrokke geraak by gebeure in dié streke wat ‘soos 'n beskermende skild om die Republiek lê’ en dus as buffer dien teen ‘Swart-Afrika’ (Van Jaarsveld, 1982: 497). Suid-Afrika en Portugal het van 1964 op amptelike vlak nader aan mekaar begin beweeg en teen 1969 was daar heelwat bewyse van ‘samewerking’ op ekonomiese gebied. Amptelike militêre bystand is nie aan die provinsies verleen nie, maar verskeie noodleningsverenigings, veral die Suiderkruisfonds, het duisende rande ingesamel wat gebruik is om die Portugese gevegsmagte in Mosambiek en Angola se ‘probleme te versag’. Sedert 1967 verleen die Suid-Afrikaanse Polisie ook om strategiese redes hulp aan Rhodesië teen die invalle van vryheidsvegters/terroriste vanuit Zambië. Dít bring gespanne verhoudings met Zambië mee en president Kaunda verbreek sy dialoog met die Suid-Afrikaanse premier. Suid-Afrika se mandaat oor Suidwes-Afrika, wat ook van strategiese belang is vir die Republiek, is in 1966 ingetrek; desnieteenstaande word die Suid-Afrikaanse leër gebruik in die Caprivi-strook om guerillavegters van SWAPO wat uit Zambië die grens binneval te bekamp (vergelyk Van Jaarsveld, 1982: 501-512; 528-532.)

Behalwe deur militêre ingrype bestry die regering ook enige soort ‘terrorisme’ deur die Wet op Terrorisme wat sedert 1967 ook van toepassing is op buurstate en wat terugwerkende krag het tot 1962 toe die eerste rekrute gewen is vir opleiding buite die land. Daar word in regeringskringe aangevoer dat terrorisme die voorspel tot oorlog is. Rusland en China wil Suid-Afrika infiltreer met die doel om 'n guerilla-oorlog te begin wat sal uitloop op 'n ingrypende magstryd: ‘These cunning communist tactics, with so-called freedom fighters as vanguards, are aimed at violently overthrowing our legal Government and

institutions' (*SAD.*, 3.5.68); 'at taking South Africa out of the hands of the White man' (*SAD.*, 24.5.68).

Dit is nie net die regering wat sedert die middel sestigerjare deur wetgewing en militêre ingrype die land se 'weerbaarheid' probeer verhoog nie; onder die publiek self word 'n soort histerie oor 'terroriste' gevoed deur lesings en 'n 'volkskongres' oor Kommunisme. Afwykende of 'verligte' idees word gesien as teken van liberalisme wat daarop gemik is om mense los te maak van hul ankers en só die pad te berei vir die Kommunisme en sy werktuig - terrorisme. In 'n atmosfeer soos hierdie het selfs 'verligtes' in die laat sestigerjare Breytenbach se 'kommunis- en terrorisverbintenisse' of simpatieë streng afgewys en hom òf gerepudieer as skrywer òf 'n duidelike onderskeid getref tussen digter en mens op grond van die 'outonomie van die kuns'. In 1975 sou Breytenbach se optrede kulmineer in sy skuldigbevinding ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Terrorisme en die reaksie van die publiek en ingeligte lesers moet weer eens gesien word in die lig van die lot van die Portugese kolonies in daardie stadium en die implikasies wat dit vir Suid-Afrika ingehou het.

VII
Onderdrukking van dissidensie op kultuurfront in die 'goue era' van apartheid

Sedert 1963 onderdruk die staat dissidensie op kultuurfront amptelik deur onder meer die Wet op Publikasies en Vermaaklikheid. George Weideman stel dit só: 'Wat die heerser die letterkunde toelaat, of wat hy hom verbied - daarin setel sy ideologiese invloed oor die woordkuns' (1986: 12). In die sestigerjare was dit veral die werk van wit Engelse skrywers (onder andere Jack Cope en Nadine Gordimer) en swart skrywers wat hierdeur geraak is. (In sy brief na aanleiding van die Christelike Kultuuraksie se 1967-kongres verwys Breytenbach reeds na werk van Mphahlele, Nkosi, Themba, La Guma, Modisane en ander wat verban is - *Va.,* 23.6.67). Al was die Afrikaanse literêre toneel nog nie direk daardeur geraak nie, het die klimaat van vrees en agterdog wat deur die Sensuurwet geskep is, inhiberend ingewerk op skrywers en uitgewers versigtig gemaak vir moontlike 'aanstootlike' manuskripte.

André P Brink se *Lobola vir die lewe* is onmiddellik ná die afkondiging van die 1963-wet aan die Publikasieraad voorgelê en daar was in hierdie tyd ook agitasie teen ander werk van Brink en Leroux (onder andere deur Hennie Terblanche). Brink vertel in 'n *Spro-cas*-publikasie van 1970 dat daar in 1964 minstens vier Sestigers was wat boeke beplan het oor sabotasie, aanhouding sonder verhoor en soortgelyke sake - Jan Rabie se *Die agitator* is selfs voltooi, maar is nie gepubliseer nie; Brink se roman is afgekeur ná oorlegpleging met regsgeleerdes (Brink, 1983a: 79-80). In 1968 teken die NG Kerk beswaar aan

teen Brink se *Miskien nooit*, maar die Publikasieraad bevind dat dit nie ‘aanstootlik’ is nie; in dieselfde jaar word 'n ondersoek gelas na *Die kandidaat*, die eerste Afrikaanse rolprent waarin dit gaan oor die ‘moderne en sogenaamde politieke Afrikaner’ (*Db.,* 24.6.68).

Breytenbach self word ook reeds in die vroegste stadium van sy skrywersloopbaan ten nouste geraak deur die klimaat wat geskep word deur die vrees vir die Sensuurwet. Pre-sensuur in een of ander gedaante sou 'n skadu oor hom gooi tot in die tronk.

In 1966 ontvang Chris Barnard 'n ‘taamlike swartgallige brief’ (geteken ‘Job’) van Breytenbach waarin hy vertel dat sy manuskrip van *Om te vlieg* ‘deur 'n Kaapse uitgewery’ afgekeur is (*Hg.,* 19.8.77). In 'n artikel waarin die ‘oorspronklike weergawe’ van die prosawerk (wat toe eers in 1971 by Buren verskyn het) ondersoek word, gee Annari van der Merwe en Adriaan van Dis 'n samevatting van die publikasiegeskiedenis van *Om te vlieg* (1980: 56-106). Hulle weergawe word gestaaf deur die publikasie in *Stet* (Jun. 1985) van 'n brief wat Breytenbach op 22 Desember 1971 aan Koos Human, Leon Rousseau en DJ Opperman geskryf het.

Die manuskrip het waarskynlik in die najaar van 1963 ontstaan (vóór *Ysterkoei* en *Katastrofes*) en is in 1965 aan 'n Transvaalse uitgewer, die Afrikaanse Pers-Boekhandel wat sy eerste twee publikasies hanteer het, voorgelê. Dié het (volgens *Beeld*, 16.6.68) enkele besware gehad en wysigings aanbeveel. Die skrywer het egter geweier om wysigings aan te bring en die manuskrip is aan hom teruggestuur. Gedurende 1966 het Breytenbach die werk oorgeskryf en aan Human & Rousseau voorgelê, wat dit afkeur.

Reeds in 1967 (vier jaar vóór die boek se verskyning) word daar 'n uitgebreide bespreking deur André P Brink in *Standpunte* geplaas (1967b: 44-51). Die jaar 1967 word as publikasiedatum aangegee; ses maande later, onthul hy: ‘So pas het dit bekend geword dat *Om te vlieg* nie meer gaan verskyn nie... Breytenbach se *Om te vlieg* is die eerste Afrikaanse werk van gehalte - sover bekend - wat sonder die toedoen van die Sensuurraad deur die blote vrees vir die lagwekkende verouderde Wet doodgesmoor is voordat dit die publiek kon bereik wat dit verdien’ (1968a: 59). Intussen verskyn *Aspekte van die nuwe prosa* in 1967 waarin Brink drie keer na die onverkrygbare *Om te vlieg* verwys en in 1969 volg ook PJ Nienaber se derde *Perspektief en profiel* met 'n Brink-bespreking van dié prosawerk.

AP Grové tree met Brink in gesprek na aanleiding van uitsprake in hierdie artikel. Hy betwyfel dit dat daar 'n ongunstige ‘klimaat’ bestaan wat invloed het op (pre-)sensuur en hy wonder oor die moontlikheid of die manuskrip se ‘literêre gehalte’ iets met sy lot te make het (1968a: 60). Brink antwoord dat literêre gehalte nie vir die drukkers gegeld het wat bang was dat daar moeilikheid sou kom indien hulle die werk druk nie: ‘Die Sensuurwet is so vaag, en kan so omvangryk toegepas word, dat hulle geen risiko wou loop nie. As dit nie 'n diaboliese uitvloeisel van die bestaan van die Wet in sy huidige vorm is nie, weet ek nie. Dáárom het ek te velde getrek teen die onheilsame klimaat wat deesdae begin om werke reeds in die kiem te smoor - selfs sónder om hulle die kans van 'n objektiewe toets te gee’ (1968b: 62). Grové glo egter steeds dat die

feit dat die drukkers geweier het om die manuskrip te hanteer, nie noodwendig iets bewys teen die Sensuurwet nie, maar eerder teen die manuskrip: ‘Daar is tog so iets soos 'n openbare “sensuur” wat buite enige wet om funksioneer’ (1968b: 62).

In Februarie 1968 is Breytenbach vir die eerste keer amptelik deur Koos Human ingelig oor die vertraging: ‘Ons ondervind moeilikheid met die drukkers wat betref sekere passasies in die manuskrip. Ek het al heelwat moeite gedoen, maar ek kan nie sien hoe mens die bepaalde gedeeltes kan verander sonder skade aan die boek nie’ (brief gedateer 16.2.68). In Desember 1971 laat Breytenbach van hóm hoor:

> Terloops, as alles goed verloop - touch wood - dan verskyn *Om te vlieg* binne die eersvolgende tien dae by Buren-uitgewers, *sonder dat 'n jota of 'n titel verander is aan die manuskrip wat u onder oë had*. Dit moet seker 'n aanduiding wees van 'n radikale klimaatsverandering in die land - of is die wet gewysig? Of is die drukkers mal?... Ek wil die volgende afleiding maak: u het van die begin af gedink die boekie is stront, 'n oordeel wat ek desnoods in ag kon neem, maar waarom het u dit dan nie gesê nie? Of was u maar net bang vir die bohaai wat dalk by publikasie kon ontstaan? Of was u onder die een of ander druk of dwang? Gebeur dit soms dat u ook onder druk of dwang is, al is dit ook indirek, soos die wete - vooraf - dat 'n sekere werk of die werk van 'n sekere skrywer die gevaar loop om geboikot te word deur sekere invloedryke instansies? (En u geniet mos toegang tot gesaghebbende magsbekleërs!) U beklee die eerbare en moedige beroep van uitgewers, verspreiders van kultuur, sképpers van 'n intellektuele klimaat. Het u dan net die moed van magsvertoon teenoor u miserabele skrywertjies, veral as hulle oorsee is?... (brief aan Human & Rousseau, gepubliseer in *Stet*, Jun. 1985)

Van der Merwe en Van Dis voer aan dat Breytenbach nie sy manuskrip in 1966 ‘oorgeskryf’ het nie, maar dit ‘hérskep’ het: ‘In plaas daarvan dat *Om te vlieg*... herskryf word om dit meer aanvaarbaar te maak, doen Breytenbach presies die teenoorgestelde. Indien die manuskrip om sy enkele “obsene” passasies en algeheel eksperimentele karakter afgewys is in 1965, kom daar in 1967 nog ander gronde bý waarop die boek nie uitgegee is nie. Die styl en aanbieding is wel nie meer so blatant revolusionêr anders nie, maar dié tempering blyk in diens van 'n nóg onaanvaarbaarder doel te wees: *Om te vlieg* kry 'n ander swaartepunt - 'n nuwe *politieke* strekking. En die politieke inslag van *Om te vlieg* is waarskynlik die hoofoorsaak waarom Human & Rousseau die boek in 1967 nie kon, of wou, uitgee nie. Maar dit is nooit erken nie’ (1980: 62). Koos Human sê egter tydens die polemiek van 1968: ‘In nie een van Breytenbach se boeke word daar 'n opvallende standpunt teen apartheid ingeneem nie... as die skrywer daardie standpunt in sy werk ingeneem het, spreek dit vanself dat resensente dit in hulle kritiek beswaarlik oor die hoof sou sien’ (*Tv.,* 13.11.68). (Van die vroeë resepiënte wys dan ook net Brink vlugtig daarna as ook ‘een van die mees betrokke prosawerke in ons literatuur’.)

Human & Rousseau publiseer wel *Die huis van die dowe* wat aan hulle voorgelê is ná *Om te vlieg*. Volgens Van der Merwe en Van Dis word dié digbundel met ‘enige wysigings en die weglating van een gedig (“Swart dood”)’ in 1967

uitgegee (*op.cit.*: 56). J du P Scholtz wat Breytenbach in 1966 in Parys leer ken het en gesprekke met hom gevoer het oor die digbundel waaraan hy toe gewerk het, voer egter die volgende aan:

> Onderwyl ek nog in Europa was, het 'n Kaapse uitgewer wat gehoor het... dat ek die tikskrif van Breyten se tweede digbundel gelees het, (vir) my geskryf en gevra of hy na my oordeel moeite moet doen om die bundel vir uitgawe te verkry. Ek het geantwoord, ja beslis, maar ook gesê dat geen Suid-Afrikaanse uitgewer dit sal waag om die bundel in sy geheel soos dit is, uit te gee nie. Die bundel wat in 1967 onder die titel *Huis van die dowe* verskyn het, bevat 'n hele paar mooi verse van ná Junie 1966, maar daar is ook heelwat uitgelaat - te growwe politieke gedigte en ook ander wat nie as geheel bevredig nie... ('n gedig) na aanleiding van die moord op dr. Verwoerd wat die neo-beskaafde titel 'Begrafnis van 'n vark' gedra het... is vanselfsprekend nie in *Huis van die dowe* opgeneem nie. (*Bu.,* 18.10.73)

Kannemeyer verwys ook na die parodie op DJ Opperman se 'Sproeireën' wat nie opgeneem is in *Huis van die dowe* nie.

In die brief wat Breytenbach op 22 Desember 1971 aan die direkteure van Human & Rousseau stuur (gepubliseer in *Stet*, Jun. 1985) verwys die digter na die gedig 'Swart dood' wat uitgelaat is uit die bundel en na ''n paar wysigings in die oorspronklike manuskrip' wat aangebring is nadat die uitgewer 'regsadvies' ingewin het:

> ...(D)aardie geheimsinnige regsadvies wat altyd byderhand is en gebaseer waarop 'n uitgewer dan altyd bereid is om die skrywer aan die kortste end te laat trek... Presensuur - sensuur toegepas deur die *uitgewer* (ons praat nou van Afrikaanse werke) berus altyd op die *vertolking* van een van ons heilige wette (wat ons almal as oudmodies beskou!) en dis altyd onmoontlik, finansieel, vir die uitgewer om sy nek uit te steek in die hof... Miskien kan u my help - bestaan daar enige *presedent*, is enige Afrikaanse boek ooit verban? Wanneer u besluit om 'n manuskrip te sensureer, wat is u werklike oorwegings?... Het u onder andere 'n duidelike sienswyse oor wat goed en suiwer is vir die 'Afrikaanse kultuur?' Het dit miskien, met 'n omweg, te doen met die handhawing van die fassade van Afrikanereenheid? Of is dit maar net 'n kwessie van bankbalans?...

In die *Spro-cas*-publikasie van 1970, *Anatomy of apartheid*, beweer André P Brink: 'Even from Breytenbach's latest volume of poetry *Kouevuur* (Cold fire) several of the best poems had to be omitted because printers feared prosecution - and also because they feared discrimination by other influential and wealthy clients' (opgeneem in 1983a: 80). In *Raster* (1972) sê Brink dat *Oorblyfsels* (1970) die gedigte bevat wat 'uit *Kouevuur* weggelaat is'. Ook volgens Adriaan van Dis (in 'n onderhoud met Breytenbach in *De Vlaamse Gids*, Jun. 1974), bevat *Oorblyfsels* gedigte wat deur die uitgewer weggelaat is uit *Kouevuur*. (Volgens Brink het *Kol* die gedig 'Nie met die pen, maar met die masjiengeweer' geweier.)

Toe *Oorblyfsels* in 1970 by Buren verskyn het, het die uitgewer - mnr. Daantjie Saayman - in 'n onderhoud met *Die Beeld* gesê dat die bundeltjie van nege verse net in 'n oplaag van 150 gedruk is. Dit sal nie in boekwinkels te koop wees nie en kan slegs direk van die uitgewer bestel word. Die verse met hul 'kritiese

politieke inslag' sou vatbaar kon wees vir 'misverstand' en hy wou hom en die skrywer 'geen potjie met die Publikasieraad op die hals haal met 'n vrylik beskikbare uitgawe nie', tog het hy gevoel dit sou 'n onreg teenoor Breytenbach wees as die verse ongepubliseer moes bly lê (*DBeeld*., 28.6.70). By die herdruk van *Kouevuur* in 1981 is die gedigte in *Oorblyfsels* teruggeplaas in die bundel waartoe dit oorspronklik behoort het.

Breytenbach se literêre loopbaan word in die tydvak tot 1973 nie slegs deur pre-sensuur geraak nie, maar ook deur dreigemente van amptelike sensuur. Op 5 Februarie 1971 berig *Die Afrikaner* dat daar 'besliste pogings aangewend gaan word deur konserwatiewe kerk- en kultuurliggame om 'n digbundel van Breyten Breytenbach - wat onder meer 'n parodie op die gebed "Onse Vader" bevat - verbied te kry'. Volgens dr. Hennie Terblanche, voorsitter van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans, het Breytenbach met dié gedig in *Lotus* 'te ver gegaan en die Afrikanervolk sal dit nie aanvaar nie'. Hy self sou sorg 'dat instansies so optree dat die boek verbied en die uitgewer en die skrywer aan die pen ry'. Mnr. JH Jooste, direkteur van die Christelike Kultuuraksie, het gesê dat die CKA die boek en in die besonder die gedig onder die aandag van die Publikasieraad sal bring, al twyfel hy nou reeds of daar enigiets van dié vertoë sal kom.

Die rol van konserwatiewe kerk- en kultuurliggame ten opsigte van die onderdrukking van dissidensie moet gesien word teen die agtergrond van die woeling in Afrikanergeledere (die sogenaamde 'verkramp'/ 'verlig'-stryd). Die Nasionale Party is immers nie bloot 'n politieke party nie, maar 'n volksbewe-ging wat ten nouste met die kultuurfront skakel en deur kultuurorganisasies gerugsteun word. Daarom sal dié groep wat beheer oor instellings soos die FAK en veral die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns kon verkry, ook heelwat politieke invloed kon uitoefen (Serfontein, 1970: 84-117 en Schoeman, 1974: 90-115).

Sedert die moord op dr. Verwoerd het die 'verkramptes' geprobeer om die Broederbond as hul belangrikste wapen teen die 'verligtes' in te span. Die pro-Vorster groep het egter die Broederbond oorheers in die tydperk 1970-1976 en dit gebruik as instrument om Vorster se beleid te versterk. (Die 'Broederbondstuk' wat ná 1974 opgestel is, moet gesien word as deel van die Vorster-strategie wat gemik was op die totale uitroeiing van dissidensie op alle fronte.)

Die stryd om die beheer oor die Akademie het in 1964 begin met die toekenning van die Hertzogprys aan Etienne Leroux vir sy *Sewe dae by die Silbersteins*. Dit was nie net 'n twis om literêre strategieë wat deur dié toekenning ontketen is nie, maar een waarby politieke, godsdienstige en sedelike norme betrek is, en dit was die eerste keer dat 'inwaartse' en 'uitwaartse' Afrikaners (soos V Hiemstra dit in 1968 stel, soos aangehaal in Serfontein, 1970: 85) openlik teenoor mekaar te staan gekom het. Lijphart (1978: 42 e.v.) het in 'n ondersoek na die ontvangs van *Silbersteins* bevind dat die reaksies op 'n konfrontasie van verskillende werklikheidsbeskouings berus, dit wil sê, botsing van ideologieë. Johl (1986: 134-140) voer aan dat hoewel die vakkundiges wat die roman op morele gronde verdedig het én teenstanders van die werk van

dieselfde ideologiese basis uitgegaan het, naamlik dat apartheid goed is, hulle uiteindelik by totaal verskillende interpretasies van die gegewe uitgekom het. Voorstanders van die werk het op grond van hulle interpretasies besluit dat die roman apartheid verdedig, terwyl teenstanders die boek as 'n afkeuring van segregasie vertolk het.

Vanuit behoudende kringe word daar in die sestigerjare 'n stryd gevoer teen die ‘liberale’ elemente in die Afrikaanse kultuurlewe, veral die letterkunde, want ‘die liederlikhede wat in hul boeke opgedis word deur Afrikaanse skrywers wat tot die sogenaamde Sestigerbeweging behoort, dien om die weg te baan vir die bevordering van die Kommunisme in Suid-Afrika’ (JD Vorster, *Tv.,* 18.5.67). As teenvoeter vir die ‘liberale’ (dissidente) Akademie wat pryse toeken aan ‘ondermynende boeke’, word die Christelike Kultuuraksie (CKA) gestig. Dié aksie wou ‘die ware Afrikaanse kultuurwaardes’ beskerm en ‘liberale en Kommunistiese infiltrasie’ in die Afrikaanse letterkunde keer (Serfontein, 1970: 28). Prof. PFD Weiss was die voorsitter en ander lede sluit in mev. H Weiss (suster van dr. Beyers Naudé), ds. DFB de Beer, prof. AB du Preez; die perskommissie bestaan uit mnr. Beaumont Schoeman (toe assistentredakteur van *Hoofstad*, later redakteur van *Die Afrikaner*), mnr. AM van Schoor (toe redakteur van *Die Vaderland*), dr. AP Treurnicht (later redakteur van *Hoofstad*), mnre. Gert Beetge, Jaap Marais en HJ Jooste.

In Mei 1966 gee NP van Wyk Louw se feesstuk *Die pluimsaad waai ver* aanleiding tot 'n versugting van eerste minister Verwoerd dat 'n geslag van skrywers sal opstaan om ‘ook die prestasies van die volk te besing’. Hierdie uitspraak lei tot 'n polemiek rondom die skrywer se ideologiese uitgangspunte. Teenoor dié wat glo dat die skrywer as ‘ware volksletterkundige’ slegs die goeie en groot dade van sy volk moet uitbeeld, staan Louw en ander wat die nasionale skrywer sien as iemand wat nie bloot verheerlik nie, maar alles ‘oop’ sien. Louw onderskei tussen ‘nasionaal’ (wat ook die ‘liberale’ insluit, omdat dit nog ‘lojaal’ is) en ‘konserwatief’. Hy beskuldig die ‘Weiss squad’ daarvan dat hulle, met hulle literatuurbeskouing en ideologiese uitgangspunte, 'n letterkundige staatsgreep wil uitvoer - dit wil sê dat hulle hul literatuuropvatting en die ideologiese gronde waarop dit berus as die onbetwisbaar ‘korrekte’ voorhou aan die publiek: ‘Wat hulle... doen is... agterdog saai, verdeeldheid in nasionale kringe bring... (en) ons literatuur en literêre beskouings vir alle intelligentes belaglik maak’ (*Wurm*, Des. 1966; *Bu.,* 31.1.67; *RDM.*, 3.2.67 en *Db.,* 11.2.68).

In 1967 probeer die ‘verkramptes’, die ‘Hertzoggroep’, beheer verkry oor die Akademie. Die twis draai aanvanklik om botsings tussen die ‘verligte’ en pro-Vorster Akademieraad (met veral die voorsitter, prof. PJ Nienaber en raadslid regter VG Hiemstra as die leidende verligtes) en sy verkrampte amptenare (veral mnr. Daan Goosen en dr. HJ Terblanche, die direkteur van die Akademie se Vaktaalburo en voorsitter van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans). Dit brei egter volgens waarnemers uit tot 'n ‘goed georganiseerde anti-Akademieveldtog’ deur die verkramptes, met mnr. AM van Schoor van *Die Vaderland* en dr. AP Treurnicht as nie-amptelike beskermhere. Vir Serfontein was die politieke opset duidelik: as die Akademie aangeval

word oor taalhandhawing, oor ‘liberalisme’, oor ‘verwatering’ van Afrikanerwaardes, ensovoorts, is die teiken eintlik die Nasionale Party self, wat terselfdertyd met fluisterstories en deur briewe in die pers oor dieselfde sake deur dieselfde mense aangeval is (1970: 99).

Die Hertzoggroep se doel was om die Akademie op die 1967-jaarvergadering te ‘kaap’, maar die uitslag was vir hulle 'n verpletterende nederlaag. 'n Poging onder leiding van dr. Piet Meyer, die hoof van die Broederbond, om 'n herverkiesing van die Akademieraad af te dwing, loop op niks uit nie. Op 'n vervroegde raadsverkiesing in 1968 word die bestaande Akademieraad herkies en dit bring 'n einde aan die Hertzoggroep se ‘aanslag’ op die Akademie. (In dieselfde jaar misluk hulle pogings om prof. Weiss in die plek van prof. Thom verkies te kry as voorsitter van die FAK.) Ideologiese faktore en daarmee gepaardgaande uiteenlopende literatuuropvattings onder Akademielede sou egter steeds invloed uitoefen op byvoorbeeld die toekenning al dan nie van dié liggaam se belangrikste literêre prys: die Hertzogprys. Telkens sou Breytenbach in die brandpunt van gebeure staan waaruit duidelik blyk dat die toekenning of onthouding van pryse (veral deur 'n staatsverbonde instansie), net soos sensuur, deel uitmaak van die oorkoepelende strategie tot toesighouding oor samelewingsinstellings (soos die Afrikaanse letterkunde) en dus van die onderdrukking van dissidensie.

Anders as die Perskor- en CNA-pryse wat ‘bloot’ gerig is op die ‘beste’ Afrikaanse literêre werk, het die Hertzogprys tot laat in die sestigerjare ook in sy grondwet die Afrikanersaak gedien. Dit blyk uit klousule 13 van die ‘Prosedure by Toekenning van die Hertzogprys en die Akademieprys vir Vertaalde Werke, soos Gefinaliseer in 1961 en Geldig vanaf 1962’ wat bepaal:

> Hierdie pryse word slegs toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk. (Nienaber, 1965: 37)

Hierdie voorskrif het nie voorgekom in die oorspronklike ‘Akte van Overmaking’ nie (*op.cit.*: 16-18). Julian F Smith (1985: 26) meen dit is die geval omdat, gesien die omstandighede en doel van die stigting van die Hertzogprysfonds, Afrikaner-nasionalisme en -patriotisme so voor-die-hand liggend was dat destyds geen behoefte aan 'n formele voorskrif in dié verband gevoel is nie. Eers in die tyd van die ‘dissidente’ Sestigers, toe skrywers van ‘volksvreemdheid’ beskuldig is, het só 'n klousule nodig geword. Die SA Akademie het immers, gesien sy stigting, doel en staatsteun, 'n vennootskaplike verhouding tot die regering, en voel hom sterk volksverbonde (kyk uitsprake van Cronjé soos aangehaal in *op.cit.*: 27). Al is klousule 13 later geskrap, het die kwessie van die inagneming van die ‘lewensbeskoulike’ by kunsbeoordeling 'n strydpunt gebly by Akademieprystoekennings/-weerhoudings. Die Hertzogprys word immers nog steeds deur hierdie liggaam beskou as 'n prys wat ‘ten nouste saamhang met die taal- en politieke strewe van die Afrikaner, 'n prys wat gebore is uit die verset van die Afrikaner teen die onderdrukking en minagting van sy taal’ (Grové in *Akademie 75*:42).

Die bekroningsprosedures verbonde aan die Hertzogprys het deur die jare

aanleiding gegee tot kritiek en het tot 'n groot mate die ideologiese rol van die prys bevestig. Van 1928 kom die drie genres om die beurt in aanmerking vir die prys. 'n Kommissie (wat sedert 1965 op 'n driejarige basis benoem word) bespreek die meriete van verdienstelike werk. 'n Gemotiveerde aanbeveling word dan voorgelê aan die Akademieraad, wat die finale verantwoordelikheid vir 'n bekroning dra. Dit is ook moontlik vir 'n lid van die kommissie om 'n minderheidsverslag uit te bring. Geen ander Afrikaanse literêre prys het so gereeld polemieke uitgelok soos die Hertzogprys nie: ontevredenheid oor ‘verkeerde’ skrywers wat bekroon is, oor skrywers wat te láát of selfs nóóit bekroon is nie, oor toekenningsprosedures, ensovoorts.

In dieselfde tyd dat daar persberigte verskyn oor die CNA-pryswenner van 1967, Breyten Breytenbach, se moontlike verbintenisse met anti-apartheidsorganisasies en ‘terroriste’, begin die bespiegelinge ook oor wie die 1968-Hertzogprys gaan ontvang. Dit is veral JHP Serfontein, redaksielid van *Sunday Times*, en een van die sleutelfigure in die onthulling van die ‘verkrampte aanslag’ van die Hertzoggroep, wat gevoelig is vir die ideologiese implikasies van die toekenning. Hy voorspel ‘the biggest literary controversy for many years’ en glo dat ‘political considerations might play an important, if not decisive role in the decisions regarding the Hertzog prize’. Indien die prys aan die omstrede Breytenbach toegeken word, ‘the verkramptes will raise a big outcry and use it as an important part of their campaign against the present verligte Akademie Council... If the award does not go to Breytenbach a strong outcry is expected from many Afrikaans writers and poets who firmly believe that the only criterion should be literary factors. They state that 50 years from now people will not be interested in a poet's politics but only in his writings’ (*ST.*, 11.2.68; 'n soortgelyke berig deur Serfontein verskyn in *ST.*, 7.4.68). In April vertolk MM Levin van *Sunday Times* die pogings om Breytenbach te verbind met die anti-apartheidbeweging en Franse en Suid-Afrikaanse kommuniste as ‘a bitter (smear) campaign’ teen die skrywer, geloods deur 'n seksie van die Akademie en die Afrikaanse nasionale pers. Hierdie aanval teen Breytenbach word volgens Levin se segsman in die Akademie teengestaan deur ‘many leading members of the Akademie, who are standing by the rule that a writer's work should be considered purely on its literary value and nothing else’ (*ST.*, 7.4.68).

Ook die Afrikaanse koerante bly nie agterweë met bespiegelinge oor die pryswenner nie. Nasionale Pers se *Die Beeld* (wat ook 'n sleutelrol gespeel het in die onthullings rondom die Hertzoggroep) lewer breedvoerige kommentaar. Rykie van Reenen brei in *Die Beeld* (25.2.68) uit oor die moeilike besluit wat vir die keurders (AP Grové, Elize Botha en TT Cloete) wag. Daar is letterkundiges van aansien wat regsit om te protesteer as die ‘stormvoël van 'n Breyten Breytenbach’ nie bekroon word nie; as hy wel bekroon word, kom daar éérs 'n ding. Die keurkomitee het dan ook 'n vroegtydige vermaning in die Volksraad gekry toe dr. Johannes Otto (LV vir Koedoespoort) tydens die tweede lesing van die Akademiewetsontwerp gesê het die komitee moet by die toekenning van die prys ‘sy vinger stewiger en oordeelkundiger op die volk se pols hou’ en nie ‘die volkswense, die volksmaak en die volksoordeel summier verontagsaam nie’

(*Db.,* 25.2.68). Die bekroning van Breytenbach sal ook ‘beslis 'n dik stok in die hand van die anti-groep in die Akademie wees om die huidige Akademieraad vanjaar op die jaarvergadering in Port Elizabeth te kasty’ (Rykie van Reenen, *DBeeld*, 26.2.68).

In haar bespiegelinge oor 'n moontlike wenner wys Rykie van Reenen (*ibid.*) daarop dat mens uit hul uitlatings en gepubliseerde kritiek kan aflei dat ‘van die lede van die keurkomitee op letterkundige gronde min erg het’ aan die twee belangrikste aanspraakmakers: Breytenbach en Uys Krige. Krige is wel ‘verstaanbaarder vir die gewone man as Breytenbach. Maar dit is nie aldag seker of sy politieke sienswyses hom in sekere kringe meer bemind maak as Breytenbach nie. Hy was ewenwel darem met 'n Afrikaanse meisie getroud’. Van Reenen meen ‘'n uitkomkans’ vir die komitee sou wees om die prys vir die derde opeenvolgende keer nie toe te ken nie, maar dit sou ongelukkig wees vir die intellektuele prestige van die Akademie - die mense begin sê hy is bang. 'n Ander moontlikheid is dat die prys postuum toegeken word. Aangesien die skenkingsakte slegs bepaal dat die prys moet gaan ‘na die schrijver of schrijfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in die Afrikaanse taal’, meen sy daar is niks wat in die weg van 'n postume toekenning staan nie. In daardie geval sou Boerneef of Ingrid Jonker bekroon kon word. 'n Derde moontlikheid sou wees om Elisabeth Eybers 'n tweede keer te bekroon vir al haar werk wat ná 1943 verskyn het - as dit sou gebeur, sal die omstandighede herinner aan die vorige keer toe sy die prys gekry het omdat die letterkundige komitee mekaar ‘nie kon vind nie’ oor die vraag of WEG Louw, ID du Plessis of Uys Krige dit moes kry.

Serfontein (*ST.*, 7.4.68) bespiegel ook oor die gevoelens van lede van die keurkomitee. Volgens hom word daar ‘in akademiese kringe’ gesê dat nòg Grové (wat lid van die Publikasieraad is) nòg Botha dink Breytenbach verdien die prys; hulle baseer hul siening op ‘suiwer literêre gronde’. Volgens Serfontein mag Cloete ‘dalk ten gunste van Breytenbach wees’ - 'n siening wat in die lig van latere gebeure gerelativeer word.

In die redaksionele kommentaar van Schalk Pienaar in *Die Beeld* (31.3.68) word dit gestel dat die politieke bowetone wat al sterker na vore kom in debatte rondom letterkundige pryse ‘wesenlik onwenslik’ is, maar ‘niks verander aan die feit dat dit in die huidige omstandighede onvermydelik is nie’. Wat die Hertzogpryskeurkomitee besluit, hoe hulle moet besluit en waarom hulle so besluit, ‘sal beoordeel word ook deur 'n groot pawiljoen vir wie die letterkundige aspek die minste is, en wat ook letterkundiges sal insluit vir wie die letterkundige aspek nie noodwendig die swaarste weeg nie.’ *Die Beeld* spreek sy simpatie met die keurders uit, want ‘self het ons geen die geringste twyfel dat in sommige kringe hierdie artikel gelees sal word as 'n pleidooi dat die Hertzogprys aan Breyten Breytenbach toegeken moet word nie. Dis presies dieselfde politieke moedswilligheid waarmee die keurders te doen sal kry, wie hulle ook al bekroon’.

Die Afrikaanse Pers-koerante se houding teenoor die Hertzogprys-woelinge blyk veral uit hul ondersteuning van senator PA Stofberg se mosie vir die instelling van 'n Verwoerdprys vir Vaderlandsletterkunde wat hy 8 April 1968

in die Senaat indien. Die redakteur van *Die Vaderland*, AM van Schoor ('n nie-amptelike beskermheer van die verkrampte veldtog teen die Akademie), verskil byvoorbeeld van talle toonaangewende skrywers en literatore wanneer hy aanvoer dat dit ‘baie eenvoudig’ is om ‘vaderlandsliteratuur’ te definieer: ‘dit is naamlik literatuur wat aan 'n bepaalde gevoelsnorm beantwoord en die volksanksie dra vanweë die ontroering wat dit in die volksiel verwek’. Volgens Van Schoor kan woelinge om die Hertzogprys in rustiger kanale gelei word deur die instelling van só 'n prys: terwyl 'n ‘kunsroman’ die Hertzogprys kry, kan 'n ‘verliteratuurde stuk vaderlandsnavorsing of 'n outentieke, begeesterde biografie’ die Verwoerdprys verdien. Dit sou egter nie onmoontlik wees dat dieselfde werk met albei pryse bekroon word nie: ‘'n literêre werk sou deur sy “woordprestasie” kon kwalifiseer vir die Hertzogprys, maar deur sy “gevoelsfaktor” ook vir die Verwoerdbekroning’ (*Va.,* 19.4.68).

Afrikaanse skrywers en literatore beroep hulle almal in hul bespiegelinge oor wie die Hertzogprys behoort te kry op skeiding van die mens en skrywer en op ‘suiwer literêre gronde’ of hulle nou vir of teen Breytenbach is. Rob Antonissen glo dat Breytenbach sy plek kan inneem naas Van Wyk Louw en Opperman en dit plaas hom in 'n gunstige posisie vir die prys. Antonissen is nie geïnteresseerd in die digter se politieke sienings nie; 'n kunstenaar kan slegs aan sy werk beoordeel word (*ST*., 7.4.68). In 'n radiobespreking noem ook Ernst Lindenberg en PG du Plessis - op grond van die gehalte van sy werk - Breytenbach as eerste keuse vir die Hertzogprys.

J Smuts (*DBeeld*, 10.3.68) is van mening dat die Akademie self die oorsaak is van die storm wat ontketen is oor die toekenning van die Hertzogprys ‘omdat hy in die verlede toegelaat het dat politieke en ander oorwegings 'n rol speel by die verkiesing van lede van die Akademie en van sy rade en komitees, en by die toekenning van pryse’. Só is *Sewe dae by die Silbersteins*, volgens die bekroningsmotivering, nie as kunswerk bekroon nie, maar omdat die keurkomitee dit as voortreflike anti-kommunistiese lektuur beskou het; Uys Krige se werk daarenteen word nie bekroningswaardig gevind nie omdat sy politiek nie reg is nie. Smuts wys daarop dat twee lede van die 1968-keurkomitee ook deel was van die 1964-komitee wat *Sewe dae* op ideologiese gronde aanbeveel het vir bekroning. Een van hulle, AP Grové, se ideologiese verwerping van 'n kandidaat vir die 1968-bekroning, Breyten Breytenbach, spreek duidelik uit 'n *Standpunte*-artikel (1967), wat, volgens Smuts, geskryf was met die doel om dié skrywer ‘te diskrediteer en die publiek voor te berei op die beslissing van die keurkomitee’. Smuts glo dat as die feit van Breytenbach se huwelik met 'n sogenaamde ‘nie-blanke’ vrou (dit wil sê buite-literêre maatstawe) die deurslag gee by die toekenning van die Hertzogprys, ‘word die prys waardeloos en die hele aangeleentheid 'n klugspel’. PD van der Walt (*DBeeld*, 13.3.68), daarenteen, vind Smuts se ‘verdagmaking van prof. AP Grové se literêre integriteit’ uiters jammer en selfs 'n bietjie bedenklik. Hy maak 'n saak daarvoor uit dat die beoordelaars van 1964 se sienings (oor *Sewe dae* en oor Breytenbach in die geval van die *Standpunte*-artikel van Grové) ‘literêr verantwoord’ is en daarom ‘bo verdenking’.

Bartho Smit (*Db.,* 14.4.68) verwerp die uitgangspunt dat die meriete van 'n

werk in die laaste instansie bepaal word deur ‘die meriete van die man agter die boek’ - wat in der waarheid daarop neerkom dat die skrywer ‘polities en andersins 'n “goeie” Afrikaner’ moet wees. Hy haal voorbeelde uit die wêreldgeskiedenis aan om te bewys dat ‘die onvermoë of weiering om te onderskei tussen die skrywer en sy werk en tussen die kultuur en die politiek van die dag’ al tot absurde situasies gelei het (soos die verbod deur die Nazi-bewind op Heinrich Heine se werk in die Duitsland van die dertigerjare omdat Heine se moeder 'n Jodin was). Smit het begrip vir baie Afrikaners wat die mens Breytenbach beskou as ‘vyand van ons volk en sy strewe om voortbestaan’ en wat meen dat dit volksverraad sou wees om hom te bekroon met die Hertzogprys wat juis ingestel is om die voortbestaan van ons volk te help verseker. Laasgenoemde siening berus egter, volgens Smit, op 'n ‘totaal verkeerde opvatting van die saak’ omdat die grondwet van die prys nie voorskryf dat ‘die skrywer van 'n werk aan 'n sekere kerk of politieke party moet behoort of aan sekere sedelike norme moet voldoen nie’. Die andersdenkende Leipoldt se werk is twee keer bekroon sonder dat generaal Hertzog fout daarmee gevind het omdat hy geweet het ‘dat niks wat die *mens* Leipoldt sê of doen ook maar iets kon afdoen aan die waarde wat sy *werk* vir ons volk en kultuur sou hê nie’. Die besware teen 'n moontlike bekroning van Breytenbach se werk, is egter nie gegrond op ‘een van sy gedigte of selfs maar 'n reël uit een van sy gedigte’ nie, maar teen ‘wat die *mens* Breytenbach, geheel en al buite sy kuns om gesê of gedoen het.’ (Vir reaksie van die kant van die publiek op Smit se brief, kyk *Db.,* 5.5.68 en *Db.*, 12.5.68.) Smit beklemtoon in sy brief dat hy slegs 'n *situasie* probeer ontleed; sy bydrae moet nie gesien word as 'n pleidooi dat die Hertzogprys aan Breytenbach se werk toegeken moet word of nie toegeken moet word nie (*Db.,* 14.4.68). Gedurende die *Kol*-debat later in dié jaar (kyk hoofstuk 5 V) sou Smit hom sterk uitspreek teen die destydse Brink/ Breytenbach-siening ten opsigte van die sosiale funksie van die skrywer.

In hierdie tyd van woelinge om die Hertzogprys verwerp skrywers en literatore die instelling van 'n prys vir ‘vaderlandsletterkunde’. Hulle besware word saamgevat in die verslag wat saamgestel is deur die Letterkundige Kommissie, onder voorsitterskap van PJ Nienaber, wat deur die minister van nasionale opvoeding aangestel is om hom te adviseer in verband met die prys. Die besware teen die prys sluit volgens die verslag (1968: 7-14) onder meer in: die suspisie dat die motiewe vir die prys nie suiwer is nie; dat die status en prestige van die Hertzogprys aangetas sal word; die onomskryfbaarheid van die begrip ‘vaderlandsletterkunde’; regimentasie; voorskriftelikheid; dit herinner te veel aan die Stalin-prys.

Op 26 April 1968 word aangekondig dat die Hertzogprys postuum toegeken is aan Boerneef. Die aanbeveling van die komitee en die Akademie se be kragtiging was eenparig. (Die komitee se motivering verskyn in *Bu.,* 26.4.68.) Die besluit om Boerneef te bekroon, lei 'n moontlike konfrontasie tussen verkramp en verlig af, maar neem ook die wind uit die seile van mense wat ‘literêre meriete’ voorop stel. Die meeste literatore en skrywers beskou dit dan as ‘'n verstandige bekroning’ waarmee nie fout gevind kan word nie omdat die literêre meriete van Boerneef se werk nie betwyfel kan word nie (berigte in *DBeeld*,

28.4.68 en *ST*., 28.4.68). Uys Krige (*ST*., 28.4.68) voel wel dat die prys eerder aan Ingrid Jonker kon gegaan het; Etienne Leroux voel ‘as persoon’ dat Breytenbach dit moes gekry het (*Db.,* 19.5.68). Nie een van hierdie kommentators verbind egter die Akademie se besluit direk aan ideologiese/nie-literêre motiewe nie. Die enigste werklike standpuntinname téén die besluit om Boerneef te bekroon, kom van André P Brink wat uit protes daarteen uit die Akademie bedank. Selfs hy ‘koester nie bedenkinge oor die gehalte van Boerneef se poësie’ nie, maar sien die postuumtoekenning as ‘'n ontstellende en flagrante pypkan van die vernaamste kandidaat, Breyten Breytenbach’ en as ‘'n poging om 'n netelige politieke dilemma te systap’. Brink se besware is nie teen die feit dat ‘sy man nie ingekom het nie’, maar dat meer as net 'n suggestie van politiek by die Hertzogprys nou onmiskenbaar geword het en omdat die bekroning van 'n oorledene 'n presedent geskep het wat uiters gevaarlik mag wees (*DBeeld*, 12.5.68).

Die toekenning van die Hertzogprys gedurende die vroeë sewentigerjare bring weer opskuddings in literêre kringe mee. Só word die Hertzogprys vir prosa in 1970 aan Karel Schoeman toegeken in plaas van aan Etienne Leroux. Die letterkundige keurkomitee het 'n meerderheidsverslag ten gunste van Leroux uitgebring. 'n Minderheidsverslag ten gunste van Karel Schoeman is egter deur die Akademieraad aanvaar en daar is besluit om die prys aan hom toe te ken. Volgens koerantberigte was die Akademieraad bang om die prys aan Leroux te gee omdat daar van verkrampte kringe so 'n storm losgebars het toe die prys in 1964 aan hom toegeken is vir *Sewe dae by die Silbersteins*. Die besware was nie teen Leroux se letterkundige verdienste nie - daar is teen hom ingebring dat hy 'n ‘Sestiger’ is en ‘oor seks en sulke dinge’ skryf (*DBeeld*, 17.5.70). In literêre kringe word heftig gereageer teen die toekenning. AP Grové, Elize Botha en TT Cloete dreig om uit die letterkundige keurkomitee te bedank omdat dit geen doel dien nie (*DBeeld*, 17.5.70). In die woelinge staan twee sake voorop: die toekenningsprosedure (veral FIJ van Rensburg se besware daarteen) en die inagneming al dan nie van die lewensbeskoulike element in 'n werk.

In 'n artikel wat in 'n *Nuusbrief* van die SA Akademie verskyn, wys PJ Nienaber daarop dat die Akademieraad nog nooit gevoel het dat politieke of godsdienstige beskouings in aanmerking geneem moet word by die toekenning van die Hertzogprys nie. Hy voeg egter by dat aangesien dit 'n ‘literêre grondbeginsel’ is dat geen werk waarin die ‘bose’ verheerlik word of die ‘negatiewe’ tot algemene lewensvorm verhef word, ooit goeie literatuur kan wees nie, dit daarop neerkom dat boeke met sodanige strekking nooit vir bekroning met die Hertzogprys in aanmerking sal kom nie (*Hoofst*., 24.9.70; *Bu.,* 15.10.70).

Die kwessie van lewensbeskouing is ook ter sprake by 'n simposium wat op 29 Oktober 1970 gehou word oor probleme rondom die toekenning van die Hertzogprys. Die meeste skrywers en literatore hier teenwoordig is gekant teen 'n kunsmatige skeiding van sogenaamde estetiese en sedelik-godsdienstige waardes en die idee dat daar 'n ‘korrekte’ lewensbeskouing is wat bekroonbaar is terwyl 'n ‘afwykende’ lewensbeskouing 'n skrywer diskwalifiseer vir 'n prys (berigte oor die simposium verskyn in *Bu.,* 30.10.70 en *Tv.,* 30.10.70). Op 8

November 1970 verskyn daar in *Dagbreek en Sondagnuus* se boekeblad die menings van vyf letterkundiges oor die toekenning van pryse. Die gemene deler in hierdie beskouings is dat ‘literêre gehalte’ die deurslag moet gee en nie lewensbeskoulike elemente nie.

Die debat van 1970 is in dié opsig van belang in 'n oorsig van Breytenbach se werk: dit dra by tot die sfeer wat geskep word vir die ontvangs van sy werke en die oorweging daarvan vir bekroning. In 1971 ontstaan die vraag dus by literatore: wat sal vanjáár gebeur? Sal die Akademie hom weer laat lei deur die lewensbeskoulike element van werke wat vir bekroning in aanmerking kom, of sal sy beoordeling op ‘stewige literêre pote’ staan?

Werk wat in 1971 in aanmerking kom vir die Hertzogprys vir poësie is onder andere *Kouevuur* en *Lotus* van Breytenbach; *Onderdak* van Elisabeth Eybers; *Edms. Bpk.* van DJ Opperman, *Taxa* van Ina Rousseau; *Apocrypha* van MM Walters, *Argekrobaat* van SJ Pretorius en *Plektrum* van Sheila Cussons.

Die Letterkundige Kommissie van die Akademie wat die aanbeveling oor die prys moet doen, bestaan uit: AP Grové, Elize Botha en TT Cloete (wat toe nié uit die komitee bedank het nie), PG du Plessis, CA van Rooy, WEG Louw en Felix Lategan. PD van der Walt was afwesig op die dag toe daar gestem is.

Vroeg reeds word deur die pers bespiegel oor die toekenning van die prys in die lig daarvan dat Breytenbach die CNA-prys ontvang het. Dit is veral die Engelse koerante wat voorspel dat 'n groot herrie gaan losbars, wie ook al bekroon word. *The Star* (2.3.71) plaas Breytenbach bo-aan die lys van moontlike wenners, maar glo dat as hy wel bekroon word dit 'n ‘fierce battle’ onder Afrikaanse kultuurleiers sal ontketen op grond van sy huwelik en sy uitgesproke kritiek teen apartheid. Al dring letterkundiges dus daarop aan dat pryse slegs op grond van literêre meriete toegeken word, voel sekere Akademielede en kerkleiers dat 'n persoon se karakter en persoonlike uitsprake nie van sy werk geskei kan word nie. Gevolglik sal die toekenning van die Hertzogprys aan Breytenbach neerkom op 'n teken van aanvaarding van sy onkonvensionele leefwyse. (Kyk ook opvolgberigte in *Star,* 17.3.71, 19.4.71, 13.5.71 en 18.5.71.) Volgens *The Daily News* (14.5.71) ‘Breytenbach has come to represent the antithesis of Afrikaner conservatism’; 'n toekenning aan hom sal gesien word as ‘an endorsement of his controversial personal views on apartheid and of his (avant garde) writings’.

Die konserwatiewe Afrikaanse dagblad, *Hoofstad,* reageer skerp op die Engelse pers se hantering van beriggewing oor die Hertzogprys. Volgens dié koerant (24.3.71) wil die Engelstalige pers, soos in die verlede, ‘letterkundige gemoedere in Afrikanerkringe opsweep en die Akademie in ongelyk probeer stel’. Breytenbach het omstrede geword as gevolg van sy eie optrede en sy vereenselwiging met mense soos die politieke uitgewekene Dennis Brutus, en swart skrywers soos Mazisi Kunene, James Phillips en Lewis Nkosi. Dit het uiteraard implikasies vir die feit of Breytenbach ooit eers in aanmerking moet kom vir die Hertzogprys:

> Bewustelik of onbewustelik lê ten grondslag van die toekenning van die Hertzogprys die lewensbeskoulike en die aspirasies van die Afrikaanse volk. Dat genl.

> Hertzog dit in gedagte moes of kon gehad het blyk uit die skenkingsbepaling dat as die Akademie ontbind sou word of ophou om te bestaan, die fonds deur die gesamentlike moderatuur van die Afrikaanse Kerk in die Vrystaat oorgeneem sal word. Die Hertzogprys is 'n waardige toekenning. Wel kan gevra word: kan Breytenbach ooit in die lig van die vereistes en vanweë sy optrede 'n waardige ontvanger wees daarvan? (*ibid.*)

Die bespiegelinge oor 'n dreigende polemiek en waarskynlike wenner in ander Afrikaanse koerante is meer ‘gedemp’ as in die Engelse pers en in *Hoofstad* (sien berigte in *Tv.,* 18.3.71; *Bu.,* 18.3.71; *Vo.*, 18.3.71). Breytenbach word ook nie hierin prominent as belangrikste aanspraakmaker voorgehou nie.

Skrywers en literatore bly nie agterweë met hul bespiegelinge nie. By die simposium oor die probleme by die toekenning van die Hertzogprys, gehou deur die Potchefstroomse Werkgemeenskap van die Akademie, erken PD van der Walt - een van die keurkomiteelede vir die 1971-prys - dat ‘almal wonder oor Breyten’. Hy lig veral twee strydvrae om die prys uit. Die eerste raak die skenkingsakte wat bepaal dat die ‘beste oorspronklike Afrikaanse letterkundige werk’ bekroon moet word, maar terselfdertyd lê die prys ‘ingebed in die hele nasionale strewe van die Afrikanervolk’. Dit is daarom werklik 'n probleem om te besluit of iemand wat hom geheel of gedeeltelik distansieer van ‘ons nasionale strewe’ bekroonbaar is. Die ander omstrede saak is of die Letterkundige Kommissie se besluit bindend is op die Akademieraad. Van der Walt meen dit is wenslik, maar dit hoef nie te gebeur nie, want die Komitee se advies is ‘per slot van rekening nie vry van persoonlike vooroordele nie’ (*Rap.,* 28.2.71).

Ná gerugte in die Engelse pers dat Elisabeth Eybers bekroon gaan word, verskyn 'n berig in *The Star* (19.4.71) waarin vertel word dat twaalf Afrikaanse skrywers 'n brief van protes aan die SA Akademie gerig het. In die Oppermanversameling van die JS Gericke-biblioteek is 'n afskrif van hierdie protesskrif, tesame met twee briewe van André P Brink aan DJ Opperman. In die eerste brief, gedateer 3 April 1971 vra Brink of Opperman bereid sou wees om die aangehegte verklaring te steun. Volgens Brink het ‘sowat helfte van die name wat as aanduiding daarby getik is, reeds ingewillig om saam te werk’. Die verklaring is volgens die brief ‘iets wat spontaan op verskillende plekke ontstaan het’ en Brink tree net as koördineerder op. Hy erken dat die bewoording ‘taamlik sterk’ is, maar glo dat mens so iets ‘òf sterk òf glad nie stel nie’. Die verklaring lui soos volg:

> Ons, ondergetekende skrywers, het kennis geneem van die toekenning van die Hertzogprys aan Elisabeth Eybers. Ons wil pertinent ons hoë agting vir die werk van die bekroonde betuig, tesame met die oortuiging dat dit al lank gelede bekroning verdien het. Maar in die huidige omstandighede kan ons die aankondiging nie beskou as 'n toekenning aan Elisabeth Eybers nie: waarop dit in laaste instansie neerkom, is gewoon 'n lafhartige en literêr immorele weiering om die prys aan Breyten Breytenbach toe te ken.
> Enige literêre keurkomitee en enige akademiese liggaam kan soms menslik dwaal; maar wanneer daar, soos in die geval van die Hertzogprys, in die loop van amper 'n dekade haas sonder uitsondering jaar vir jaar toekennings gemaak of

> weerhou word op 'n wyse wat mettertyd die hele integriteit van ons literatuur aantas, dan kan ons nie anders as om te protesteer nie. Ons wil ons dus hiermee uitdruklik as skrywerskorps distansieer van die Hertzogprys en dit onomwonde stel dat ons die toekenning van hierdie prys in die toekoms sal beskou as 'n belediging vir wie dit ook al mag ontvang.
>
> Geteken (in alfabetiese volgorde):
> Hennie Aucamp
> Chris Barnard
> André P Brink
> Abraham H de Vries
> Phil du Plessis
> PG du Plessis
> Marlise Joubert
> Uys Krige
> Etienne Leroux
> John Miles
> George Louw
> DJ Opperman
> Jan Rabie
> Casper Schmidt
> Adam Small
> Bartho Smit
> Ernst van Heerden

In 'n brief gedateer 24 April 1971 verwys Brink na 'n telegram wat hy van Opperman ontvang het na aanleiding van sy versoek om die verklaring te steun. Hieruit kan afgelei word dat Opperman nie genoeë geneem het met die betrokke aksie nie en hom nie daaraan wil verbind nie en dat, op grond van die moontlike totstandkoming van 'n meer ‘verligte’ pryskomitee, die protesskrif teruggehou gaan word:

> Ek het gisteraand met my terugkeer van Bloemfontein jou telegram gekry. Ek is baie jammer dat jy dit as voorbarigheid beskou het om jou naam by die voorgestelde brief te noem; maar soos ek probeer verduidelik het, was dit net om aan die persone wat genader word 'n aanduiding te gee van *wie* almal die omsendbrief sou kry. Ek glo nie enigiemand van die betrokkenes het dit verkeerd geïnterpreteer nie, maar ek sou nietemin opreg verskoning wou vra as jy meen dat misbruik van jou naam gemaak is. Op die oomblik staan die saak so dat die Johannesburgse groep wat die protes geloods het, nou meen dat daar in ieder geval reeds genoeg druk op die Akademie uitgeoefen is om met redelike sekerheid te verwag dat die nuwe pryskomitee meer ‘verlig’ gaan wees - WEG Louw, Rob, Ernst Lindenberg en jongeres. Gebeur dit wel, is die beoogde protes nie meer ter sake nie. Gebeur dit nie, kan 'n ander en meer oorwoë vorm van protes onderneem word.

Op 19 Mei 1971 word dit bekendgemaak dat die prys inderdaad aan Elisabeth Eybers toegeken is (Cloete se motivering verskyn in *Bu.,* 20.5.71). *The Star* en *The*

Daily News (20.5.71) meen dat die Akademie met dié besluit weer 'n konfrontasie met Afrikaanse kultuurleiers gesystap het. Die ontevredenheid van skrywers en literatore is volgens hierdie berigte verkieslik bo 'n botsing met dié leiers wat streng gekant is teen Breytenbach se onkonvensionele kuns en onpatriotiese politieke instelling. *Sunday Times* (23.5.71) haal Breytenbach se reaksie op die toekenning aan. Hiervolgens glo Breytenbach dat Eybers deur die toekenning ‘insulted and belittled’ is, want die Hertzogprys ‘has become a

small prize awarded on political grounds... it has become a tribal decoration which the chief hangs around the neck of a do-gooder'. Breytenbach glo die Afrikaanse literatuur het 'n gevaarpunt bereik - daar sal 'n hele nuwe benadering moet kom as Afrikaans wil oorleef: 'If we, the Afrikaans writers, have our language's interest seriously at heart, we shall have to abandon not only the Hertzog Prize, but the Akademie and the whole concept of Afrikaner literary awards'.

Hoofstad (24.5.71) meen Breytenbach het geen bewyse vir sy bewering dat die toekenning op politieke grondslag gemaak is nie - 'die Akademie het dit sonder meer ontken'. Volgens die koerant 'verraai Breytenbach in sy kommentaar 'n kleinsieligheid en geestelike krenterigheid benewens 'n intellektuele voosheid wat 'n mens haas alle simpatie met sy standpunt laat verloor. Daarom hoef ons nie enige waarde te heg aan sy voorspelling dat die Afrikaanse letterkunde 'n "gevaarpunt" bereik het en dat Afrikaans gevaar loop om heeltemal onder te gaan nie. Dit smaak alte veel na 'n geval van suur druiwe. Al wat onder sal gaan, is die werke van skrywers wat so ver buitekant die geestesstrominge van die Afrikanervolk en sy denke staan dat dit aan geestelike bloedarmoede ly'.

André P Brink se reaksie op die toekenning van die prys is dat die Hertzogprys nie op 'suiwer literêre grondslag' aan iemand toegeken word nie en daarom het die CNA-prys die barometer geword waarvolgens skrywers en digters hulle werk kan meet (ander kommentators deel sy mening oor die CNA-prys). Die 1971-Hertzogprys is weerhou van iemand wat dit werklik verdien het: 'Enigeen wat iets weet van die Suid-Afrikaanse letterkunde sal saamstem dat Elisabeth Eybers die prys verdien. Nogtans kan ek net sê dat dit om politieke redes weerhou is van Breyten Breytenbach vir sy digbundel, *Lotus*.' Volgens Brink is Suid-Afrika die enigste land waar mense wat in pryskomitees dien ook lede van die sensuurraad is. Tensy hulle vervang word, sal die toekenning van die prys nooit tot sy reg kom nie. (Die sensors na wie verwys word, is AP Grové en TT Cloete) (*Tv.,* 22.5.71).

Ernst Lindenberg se reaksie op die toekenning van die prys aan Eybers is een van ontsteltenis. Hy voel skaam om lid te wees van die Akademie wat nie Breytenbach se werk wou bekroon nie al verteenwoordig sy poësie tans die belangrikste groeipunt in ons letterkunde: 'Hierdie besluit illustreer op pynlike wyse die Akademie se onvermoë - of vrees - om leiding te gee op letterkundige gebied'. Hy voel 'n onreg is gepleeg teenoor sowel Breytenbach as Eybers. 'Ook die prestige van die Akademie is 'n gevoelige slag toegedien. Sedert die miskenning van NP van Wyk Louw aan die begin van sy loopbaan, het die Akademie geen groter ondiens bewys aan die Afrikaanse letterkunde en kultuur as nou nie' (*Vo.*, 22.5.71).

'Dit is om van te wanhoop,' sê Ernst van Heerden oor die Akademie se 'maneuvers' wat meebring dat Breytenbach nie die erkenning kry wat hom toekom nie. Hy voel die Akademie se weiering om Breytenbach te bekroon is 'n 'ontwyking van verantwoordelikheid wat nie alleen die ingeligte publiek se vertroue in die Akademiepryse ondermyn nie, maar ook die hele besigheid van die toekenning tot 'n klugspel vervlak'. Vir Van Heerden lyk dit of die Akademie homself wil verhef 'tot 'n tweede soort Publikasieraad: om sy eie,

subtieler vorm van sensuur toe te pas - die sensuur van ekskommunikasie' (*Rap.,* 23.5.71).

FIJ van Rensburg noem die bekroning 'n 'tipiese ontwyking' deur die Akademie. Volgens hom is dit vir alle deskundiges buite die Akademie duidelik dat Breytenbach bekroon moes word, want in sy drie bundels wat in die statutêre bekroningsperiode verskyn het, 'staan daar van die beste gedigte in Afrikaans'. Hy glo daar 'heers groot ingenomenheid in akademiegeledere oor die vernuftige wyse waarop die beste met die goeie oortref is'. 'n Mens voel jammer vir Elisabeth Eybers dat sy op dié manier slagoffer gemaak is van 'n strategie wat heeltemal buite haar beheer lê, want 'n mens het agting vir haar werk. Maar dis die soort skade wat die Afrikaanse letterkunde toegedien word 'as die literêre spel nie eerlik gespeel word nie' (*Oost.*, 21.5.71; *Rap.,* 23.5.71). In 'n artikel in *Die Vaderland* (25.5.71) beweer Van Rensburg dat die feit dat Breytenbach nie bekroon is nie 'niks te doen het met 'n rustige opweeg van die literêre meriete van twee ongeveer gelyke aanspraakmakers en die delf van die onderspit deur die swakkere nie'. Van Rensburg stel onomwonde:

> Dit is bekend dat invloedryke Akademievoormanne voor die tyd daarvoor te vinde was om, ingeval die keurkomitee Breytenbach sou aanbeveel, 'n verklaring deur die Akademieraad te laat uitreik dat die Akademie wel agting vir Breytenbach se werk het, maar dat hy hom nie kan bekroon nie, nie nou nie en ook nie in die toekoms nie. Die rede: politiek.

Van Rensburg verwys na klousule 13 (wat 'na alle waarskynlikheid ingeskryf was om die lastige Peter Blum uit bekroning te hou') wat intussen geskrap is sodat die hoeksteen van die bekroningsreëls die inagneming van literêre meriete is. 'Wanneer daar egter opnuut "'n lastige geval" soos Breytenbach opduik, is die Akademie (egter) bereid om weer met sy reëls rond te spring soos dit hom pas'. As gevolg hiervan het die Akademie se bekroningslys 'heeltemal verband met die werklikheid verloor' en het ander pryse, 'veral die CNA-prys' hom in aansien verbygesteek - iets waaroor daar in akademiekringe 'n gevoel heers 'wat wissel van hartseer tot bitterheid' (*Va.,* 25.5.71).

Die Voorsitter van die Akademieraad, prof. G Cronjé, gee egter die versekering 'dat politiek glad nie ter sprake gekom het' by die toekenning aan Eybers nie (*Tv.,* 31.5.71). Ook TT Cloete, ondervoorsitter van die Komitee, verwerp bewerings dat die prys om politieke redes nie aan Breytenbach toegeken is nie: 'In die notule kan swart op wit gesien word dat politiek nooit ter sprake gekom het nie. Dit is net die buitestaanders wat politiek daarvan wil maak. Ek het teen Breytenbach gestem, maar dit is bekend hoe hoog ek hom aanslaan'. (Hier word verwys na Cloete se vroeë resensie oor *Ysterkoei* wat die bundel hoër aangeslaan het as byvoorbeeld Van Rensburg s'n.) Van Rensburg verwerp Cloete se verweer en sê dit is 'naïef om te verwys na notules van die SA Akademie as bewys daarvan dat politiek nie 'n rol speel in die toekenning van die Hertzogprys nie, want die eintlike beraadslagings vind in informele hoedanigheid plaas'. Sy beswaar teen die bekroningsprosedure bly dat 'voormanne mekaar vooraf pols, versigtig druk uitoefen, koppe tel, ensovoorts'. Teen

die tyd dat die formele vergadering plaasvind, ‘is al die kontensieuse dinge klaar gesê en heers daar eenstemmigheid oor wat op so 'n vergadering nié gesê moet word nie, of wat nié genotuleer moet word nie’ (*Tv.,* 1.6.71).

Die woelinge om die Hertzogprys lok nie veel kommentaar van die publiek nie. In een van die weinige briewe oor die onderwerp stel Melwyn Minnaar (*Bu.,* 28.5.71) dit dat lesers hul vertroue verloor in die Akademie se oordeel. ‘Elke jaar is daar 'n geknoei agter die skerms en word 'n soort kompromistoekenning gedoen waardeur die Akademie rustig en veilig op die draad bly sit’. Die bekroning van *Onderdak* was weer 'n ‘gerieflike ontsnappingsroete’ en 'n ‘miskenning van Breytenbach se digterskap’. Ander briefskrywers voel egter dat die Akademie deur die woelinge onregverdig in 'n swak lig gestel word. In 'n naamlose brief wat in *Die Vaderland* (3.6.71) verskyn, word beswaar gemaak teen FIJ van Rensburg se siening dat Breytenbach die prys moes gekry het. Die briefskrywer meen Van Rensburg moes eerder ingegaan het op redes waarom Breytenbach die prys verdien en hom nie besig gehou het met ‘'n klomp vae aantygings om die Akademie en die Letterkundige Kommissie onder verdenking te bring’ nie. Ook dr. HJ Terblanche (*Tv.,* 11.6.71) verwys na Van Rensburg se stelling dat ander faktore as literêre oorwegings Breytenbach uit die bekroning gehou het. Terblanche voel dat 'n mens moet toegee dat literêre oorwegings moet geld by die toekenning van 'n literêre prys, ‘maar alle beoordelaars is mense en by die mens geld ook die inhoud, al is hy ook nie 'n gewone mens nie, maar bloot “letterkundige”’.

Reeds sedert die sestigerjare het sisteembewakers die toekenning van pryse aan Breytenbach probeer teëwerk. Dit was nie altyd so blatant soos tydens die CNA-prysvoorval van 1967 nie. In die geval van die Hertzogprys wat meermale van Breytenbach weerhou is, het die Letterkundige Kommissie hulle immers beroep op ‘suiwer literêre maatstawe’. Eers tydens die 1974-polemiek (wat in hoofstuk 5 VI bespreek word) is openlik erken dat dié prys gekoppel is aan 'n bepaalde literatuuropvatting en ideologiese raamwerk wat ingestem is op die belange van die bestaande sosiopolitieke sisteem. Soos sensuur ingespan word om 'n besondere soort kuns daar te stel en te handhaaf, só behels bekroning die aanmoediging van 'n besondere soort kunswerk - al is ‘heersersklasverbintenisse en ideologiese implikasies by laasgenoemde nie altyd so klinkklaar nie’. (Smith, 1985: 26).

In 1971 het Breytenbach - sekerlik met dit wat in voorafgaande jare met hom gebeur het in gedagte - gewys op die klassieke ‘carrot-and-stick approach’ wat ingespan word om dissidensie op die vlak van die Afrikaanse literatuur teen te werk:

> The carrot is the possibility of having the book prescribed for schools or bought in bulk by provincial libraries; of being commissioned to write or translate for one of the provincial theatre councils; the carrot is any of a number of literary prizes; of being taken to the bosom of the tribe by being put on a pedestal - of becoming the Poet.
> The stick can be the spelling out (beforehand) of any of a whole series of laws: the law on blasphemy, the law protecting any section of the population against verbal injury, the law on the suppression of Communism, even the law against

> terrorism. (I need not remind you that these are some of the walls of Apartheid.) Or senior intellectuals when consulted in their capacity as guardians of the Culture will advise against unnecessary and disruptive controversy: 'high instances' will pick up the phone to enquire, to threaten or even to bargain; a member of the Publications Board (who may also be a respected *literatus* doctor or a writer) will intervene (beforehand) to confirm in private.
> If all else fails the printers will simply refuse to print the objectionable work. (1971b: 57-58)

Samevatting

Uit hierdie hoofstuk blyk onder meer dat die ideologies begrensde kode 'Afrikanerskap' in die tydperk onder bespreking ingespan word om die bestaande (politieke en literêre) sisteme te 'bevries', of ten minste die dinamiese aard daarvan teen te werk en te kontroleer. 'Afrikanerskap' word dus gebruik vir hegte, ideologies bepaalde, sistemiese verskansing. Breytenbach se fundamentele bevraagtekening van 'Afrikanerskap' en ander gevestigde en nuwe kodes, soos 'verligtheid' en 'terroriste', versteur die ewewig van die gevestigde sisteme.

'n Groot deel van die Afrikanerpubliek, wat deur die nasionale Afrikanerpers 'op hoogte' gehou word van Breytenbach se sienings, brandmerk hom as 'volksduiwel' en verenig teen hom in hul pogings om sisteemstabiliteit te herstel. Pogings van regeringskant om literêre pryse van Breytenbach te weerhou, sensuuroptrede en verskerpte wetlike maatreëls wat dit onwaarskynlik gemaak het dat hy ooit weer na Suid-Afrika sou terugkeer, maak deel uit van die Afrikaner-regering se oorkoepelende strategie om politieke en kulturele 'dissidensie' te onderdruk en sodoende sisteemstabiliteit te bewaar.

Binne die literêre sisteem gebruik invloedryke ingeligte lesers 'herskrywings' (in die vorm van interpretasie en kommentaar), veral van Breytenbach se 'politieke tekste', as instrumente om sisteemstabiliteit te probeer behou. Die opvallendste voorbeelde hiervan is AP Grové se toespraak voor die Akademieberaad van 1967 (en sy daaropvolgende *Standpunte*-artikel) en TT Cloete se 'Broederbondstuk'. Die nie-toekenning van die Hertzogprys kan ook in hierdie lig gesien word. Die aard van hierdie herskrywings is bepaal deur die lesers se organiese verbondenheid aan geïnstitusionaliseerde instansies wat gerig is op die beskerming van bepaalde belange: die Suid-Afrikaanse Akademie, die Sensuurraad, die Broederbond, ensovoorts. Die genoemde twee invloedryke literatore het in die sestigerjare bande met verskeie van hierdie instansies gehad. Deur die 'Afrikanersaak' voorop te stel, kom die herskrywingsaktiwiteite van hierdie establishment-verteenwoordigers neer op doelbewuste manipulasie van die literêre sisteem en op die beskerming van bepaalde sisteemhiërargieë.

Hierdie herskrywers se strategieë word gerig deur behoudende of 'verkrampte' ideologiese vooronderstellings wat daarop ingestel is om norme en vorme wat voortdurend in oop sisteme (behoort te) verander te 'stol' of te 'bevries' ter wille van en ter bewaring van die *status quo*. Die 'verkrampte' herskrywers beroep hulle op 'n outonomistiese literatuuropvatting (net soos die 'verligte' herskrywers). Die norme wat deur hierdie benadering voorgestaan word

(isolasie van die omringende werklikheid, outonomie en eenheid) is dieselfde norme (eenheid, afsonderlikheid, uniekheid) waarvolgens die apartheidsisteem op kulturele, politieke en kerklike gebiede groeperinge bewerkstellig het. Die ‘objektiwiteit’, ‘selfstandigheid’ en ‘selfgenoegsaamheid’ wat hierdie variant van die outonomiebenadering bepleit, kom neer op 'n pleidooi vir die bevestiging van bestaande algemeen aanvaarde (dit wil sê hegemoniese) norme en vorme.

Hierdie ‘verkrampte’ herskrywings kon Breytenbach egter nie uit die Afrikaanse literêre sisteem weer nie. Hy was reeds ‘gekanoniseer’ teen die tyd dat hy die sisteem-ewewig so radikaal versteur het met sy ‘politieke tekste’. Reeds vroeg in sy skrywersloopbaan is Breytenbach se tekste, deur die positiewe herskrywings van lesers wie se *bona fides* nie binne die literêre sisteem te betwyfel is nie én deur prystoekennings, tot die Afrikaanse literêre kanon verhef. Dit was immers ‘die grootste Afrikaanse digters’, NP van Wyk Louw en DJ Opperman, wat hom met die APB-prys bekroon het en die toonaangewende literatuurhistorikus, Rob Antonissen, wat hom uitgeroep het tot ‘die sterkste nuwe digterskap wat na Opperman by ons sy verskyning gemaak het’. Herskrywingstekste deur lesers van hierdie kaliber het Breytenbach se vroeë tekste gekanoniseer in terme van die waardes wat in daardie stadium as dominant voorgehou is binne die literêre sisteem: die oopboor van nuwe bronne, woordontginning, eksperimentering met poëtiese vorme, ensovoorts. Sedert sy dubbele debuut is Breytenbach se tekste dus verhef tot die ‘hoë’ letterkunde en hy self tot toonaangewer/segsman van 'n belangrike literêre subsisteem, die ‘nuwe’ Afrikaanse poësie.

‘Verkrampte’ herskrywers het verskillende uitweë probeer kry uit hierdie kanoniseringsdilemma. Grové se herskrywing dat ‘Breytenbach se nuutheid in hoë mate 'n modeverskynsel is, en daarom in essensiële sin juis nie so danig nuut nie’ was daarop gemik om Breytenbach ‘af te skuif’ in die sisteemhiërargie. Cloete plaas Breytenbach se ‘politieke strydverse’ op 'n laer vlak en voer aan dat dit sy ‘digterskap eerder skade aangedoen het’, dit wil sê hom ‘afgetrek’ het in die sisteemhiërargie.

Breytenbach se eie dilemma is dié van identifisering met 'n groep/sisteem. Hy kan nie sy bloedverbondenheid aan die groep waartoe hy struktureel/organies behoort, ontken nie, maar hy deel geen ideologiese bande met hierdie ‘Afrikaners’ (in hegemoniese sin) nie. Hy kan egter nie struktureel deel word van die groep met wie hy hom wel ideologies vereenselwig nie. Kanonisering vergroot hierdie dilemma. Deur kanonisering verkry Breytenbach wel die ‘vastrapplek’ waarvandaan hy ‘volkskritiek’ kan uitspreek, maar daardeur word hy ook ‘ingetrek’ en ‘opgeneem’ in die Afrikaanse literêre sisteem, wat in sy begrensdheid 'n manifestering is van die apartheidsideologie wat deur die skrywer verwerp word. Breytenbach is die hele tyd bewus van die teenstrydige sosiale posisie wat hy beklee: al vereenselwig hy hom met die onderdrukte groepe staan hy, as verteenwoordiger van sy mense, vir die institusionalisering en uitbreiding van onderdrukking.

Hoofstuk 5
Kultuur, taal en die rol van die skrywer

I
Uitsprake in die voor-tronkfase oor die Afrikaanse taal en kultuur

Die artikel wat Breytenbach vir die Maart 1967-uitgawe van die *Unesco Courier* (1967b: 40-43) skryf oor die effek van apartheid op kultuur, bevat heelwat van die idees wat hy later elders sou herhaal of waarop hy sou uitbrei. In hierdie artikel omskryf hy ‘kultuur’ as die uiting gee aan die drome, hoop, angste, fantasieë en verlangens van 'n nasie. Die kultuur is ‘nasionaal’ vir sover die individue wat hierdie gevoelens formuleer en tot uitdrukking bring, behoort tot 'n nasie wat 'n gemeenskaplike tradisie ken, in dieselfde land woon, 'n gemeenskaplike hede verken en gestalte gee aan 'n beter toekoms. Kultuur is dan die wyse waarop die lede van 'n nasie hulself en hul landgenote vind. Dit behoort nooit 'n voorreg te wees nie, maar 'n politieke reg wat nie bevraagteken word nie. In Suid-Afrika is dit egter nie die geval nie. Volgens Breytenbach het stamgebonde blankes die nasie 'n manier van lewe opgelê wat kultuur tot volksoorleweringe/ folklore gereduseer het of wat die ontwikkeling van folklore tot kultuur teëhou. Apartheid, wat klem lê op dit wat een groep van 'n ander onderskei, bring 'n verheerliking van die alledaagse en die plaaslike teenoor die oorspronklike en universele mee en onthou die *hele* bevolking van kultuur en menslike waardigheid. Die fundamentele ideologie van die blankes wat Christelik-nasionalisties of Calvinisties-stamgebonde is, is die middel waardeur één stam probeer om homself te handhaaf deur die monopolisering van alle mag en deur aan ander stamme sý vorm van sogenaamde kulturele, politieke en ekonomiese ontwikkeling voor te skryf. Hierdie ‘ontwikkeling’ staan noodgedwonge in verband met die behoud van die wit magsmonopolie. En die blanke stam skryf selfs aan sy eie lede die wet voor, want elke vorm van verset teen of bevraagtekening van die ideologie wat die monolitiese magstruktuur sou kon ondermyn, is verbode.

Só verstik apartheid volgens Breytenbach (*ibid.*) die kulturele bydrae van die swart, bruin en geel mense en in die verloëning van moraal, menslikheid en waardigheid is dit ook op pad om die bydrae van die blankes te vernietig. En só is apartheid 'n grootskaalse poging om die vorming van *een Suid-Afrikaanse* nasie teen te gaan. Solank daar apartheid is - en die wedersydse angs, haat en wantroue wat dit tot gevolg het - sal dit vir Suid-Afrika, en vir al die etniese groepe in die land, onmoontlik wees om 'n lewende kultuur te ontwikkel.

In sy bydrae tot die konferensie wat onder die titel ‘Kulturele regte as

menseregte' van 8 tot 13 Julie 1968 deur UNESCO in Parys gehou is, voer Breytenbach aan dat 'kultuur' *interaksie* is - op individuele, sosiale, etniese, nasionale en internasionale vlak. Dit gaan vir hom in hierdie referaat (1968a: 44-48) oor die reg op interaksie van die individuele kunstenaar/stryder/opvoeder; kulturele interaksie op nasionale vlak en op internasionale vlak. Ten opsigte van eersgenoemde voer hy aan dat dit van groot belang is dat die individu, die kulturele basiseenheid, beskerming moet geniet sodat hy vrylik in interaksie met sy omgewing kan tree - al bevraagteken hy ook die gewoontes, strukture, instellings, sedes en algemeen aanvaarde opvatting - want kulturele interaksie op die persoonlike vlak waarborg die voortdurende verryking van bestaande strukture. Met betrekking tot interaksie op nasionale vlak stel hy dit dat alle kultuur voortkom uit bepaalde klasse en dat dit bepaalde politieke idees oordra - kuns om die kuns bestaan nie. In Suid-Afrika is daar weinig sprake van kulturele interaksie op nasionale vlak (eerder 'n kunsmatige instandhouding van die folkloristiese), maar akkulturasie en die ontwikkeling tot 'n meer omvattende kultuur kan slegs tydelik teëgehou word - die kulture in Suid-Afrika is immers alreeds die resultaat van vroeëre vermenging. Breytenbach glo dat daar in Suid-Afrika slegs sprake kan wees van vrye uitwisseling van kultuur as daar 'n einde gemaak is aan die politieke hiërargie: om iets te kan beteken, sal die kulturele aktiwiteite in die land 'rewolusionêr' en 'sosialisties' moet wees. Hy self sien dus die funksie van kultuur nie bloot as die oordra van gedagtes nie, maar ook as middel om sosiale en politieke verandering tot stand te bring. In later jare sou hy self sê dat baie van die gedagtes in hierdie UNESCO-bydrae bestaan het uit gemeenplase en vrome wense verwoord in die destyds so modieuse linkse jargon - tog verwerp hy geeneen van die oortuigings wat hy reeds in 1968 verwoord het nie (1986a: 234).

Breytenbach se gelykstelling van die blanke kultuur in Suid-Afrika aan 'apartheid' moet gesien word in die lig van bovermelde uitsprake oor die kunsmatige belemmering van die ontstaan van één Suid-Afrikaanse kultuur. Die gevolge van apartheid vir die wit kultuur is volgens hom 'n kultuur wat nie uit persoonlike ervaring voortkom nie, maar geënt is op 'n ander (die Europese); die isolering van wit kunstenaars wat uitloop op verminderde kontak met die werklikheid en op 'n terugtrekking in 'the tranquillity of a little intellectual house on the plain by a transparent river' (1971b: 56); die omkoop - deur lokaas (soos literêre pryse) of dreigement (soos sensuur) - van die kunstenaars om die rol van die vertolker van die stamnorme te bly; 'n kultuur wat 'n stelsel van leuens is en wat lei tot onopregtheid, ontwording, skande en bederf omdat die wit kunstenaar, wat tog in die sisteem lewe, nie die geïnstitusionaliseerde geweld daarvan aan die kaak stel nie, maar òf bly steek in 'n keurslyf van gesentimentaliseerde tradisionalisme òf besete eksperimenteer met vorme. Vir Breytenbach bestaan daar nie 'n verskil tussen die gevestigde orde en sy kulturele eksponente nie - hulle is onafgebroke besig om mekaar in die lewe te roep. Maar die toekoms van die land lê egter nie in die hande van hierdie blanke kulturele eksponente nie, maar in dié van die hele bevolking. Daar bestaan geen kulturele stryd wat apart van die stryd van die volk kan ontwikkel nie (*op.cit.*: 53-61).

Terwyl Breytenbach in 1972 in Holland is om die Van der Hoogtprys vir *Lotus* te ontvang, verwys hy in 'n onderhoud met Lidy van Marissing (*De Volkskrant,* 20.6.72) na die Somerskool wat vir die volgende jaar by die Kaapstadse Universiteit beplan word. Volgens hom sal dit 'n geleentheid wees om na te dink oor die ‘kulturele rewolusie’ wat stadigaan vorm begin aanneem. Die blankes besef dit nog nie werklik nie, maar hulle is besig om op 'n pynlike manier Suid-Afrikaners te word.

Wanneer Breytenbach sy ‘Blik van buite’ bied tydens die Somerskool in 1973 ('n toespraak wat wye publisiteit geniet) word dit dan 'n poging om ‘die Sestiger-nageboorte... te plaas teen die agtergrond van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse kulture waarvan ons s'n maar net 'n klein, 'n piepklein onderdeeltjie is’ (1973a: 3). Volgens hom kan die voortbestaan van die ‘Afrikaner’ en sy ‘kultuur’ alleen verseker word deur die aanvaarding van *Suid-Afrikanerskap*. Die Afrikanervolk is 'n bastervolk, maar het daardie gedeelte van sy bloed wat uit Europa kom, gestol tot 'n gewaande stam-identiteit: ‘Ons het van ons andersheid die norm, die standaard gemaak - en die ideaal. En omdat die handhawing van ons andersheid *ten koste* van ons mede-Suid-Afrikaners - en ons Suid-Afrikaansheid - is, het ons ons bedreig gevoel’ (*op.cit.*: 5). Sy aanklag is dat die mure wat ons om ons gebou het om ons ‘identiteit’ te beveilig, die ‘bestek van ons selfmoord, ons selfvernietiging, ons dood’ geword het en dat ons kultuureksponente, ons skrywers veral, die mure help bou en dit in stand hou in 'n rassistiese klassekultuur (*op.cit.*:6). Hy doen dan 'n beroep op sy mede-Afrikaanse skrywers om nie te bly vassit in ‘die strikke van Apartaans nie, maar *Afrikaans* (te) praat’ - en só hul Suid-Afrikanerskap en ménslikheid uit te leef.

In die konfrontasie met Panus, sy alter ego, ná sy Somerskooltoespraak sit Breytenbach sy siening van kultuur as klassekultuur verder uiteen. Volgens hom kan 'n skrywer se werk moeilik volgens ‘suiwer’ literêre maatstawe beoordeel of geplaas word - veral tydens krisis- of oorgangstye: ‘Literêre waardes of kriteria, oënskynlik onpartydig en onskadelik, bevat of is selfs die verwoording van sosiale kriteria. Die kulturele manifestasies van enige groep mense is ook om hul belange te verbeeld en te beskerm’ (1976: 137). In die geval van die Afrikaners het ons 'n ‘bourgeoiskultuur’ wat behoudend en verkramp is; die minderheidsgroepie wat al tastend probeer werk na 'n alternatiewe, bevraagtekende siening se lojale verset kan ‘maklik weer ingesluk en aangepas word by die heersende kultuur’ sodat hulle werk ‘kanteltjies en tierlantyntjies (word) wat op sy allerbeste slegs bydra tot 'n vernuwing ('n verruiming?) van die oue’ (*ibid.*). Die vraag vir die skrywer wat bevraagtekend werk, moet wees of sy doelstelling aanpassing/reformasie is of *transformasie* wat die ‘oorname van die kulturele hefbome deur mense wat nie die huidige bourgeoisie aan bewind verteenwoordig nie’ insluit (*op.cit.*: 138). Breytenbach se wens is dat ons in ons gewaarwording en handelswyses (kultuur) mag uitbreek tot 'n ‘groter Suid-Afrikaanse identiteit’ (*op.cit.*: 146). Hy glo egter dat slegs 'n herverdeling van mag die kettings van kulturele ballingskap sal verbreek om ons uiteindelik vry te maak om 'n konstruktiewe bydrae te lewer tot een Suid-Afrikaanse kultuur (1974b: 83).

Die uitsprake wat Breytenbach rondom Afrikaans (as kultuuruiting) maak reflekteer, soos sy uitsprake oor Afrikanerskap, die ‘mengelaard’ van sy sosiale kritiek. As skrywer, wie se medium tot skepping Afrikaans is, is hy onlosmaakbaar *verbind* daaraan; as radikale teenstander van apartheid handhaaf hy 'n kritiese *afstand* ten opsigte van die taal. Hy ontken aan die een kant nooit die liefde vir Afrikaans, die taal waarin hy ‘voel, leef en treur’ nie (*Bu.,* 16.2.67) en hy stel die liefde (ook die liefde vir ‘sy mense’) gelyk aan taal: ‘Love is like language... you love some language, however much it's been misused’ (*Star*, 25.4.85). Aan die ander kant verag hy die politieke konnotasies wat aan Afrikaans geheg word: onderdrukking (*Vrij Nederland*, 9.11.68; *Bu.,* 19.11.68); fascisme (1972a: 17), rassisme (1973a: 5 en 8).

Breytenbach se teenstand teen apartheid is, soos in hoofstuk 4 III aangetoon is, radikaal. Hy glo nie dat dit ‘aangepas’ of ‘hervorm’ kan word nie; dit moet omvergewerp en deur 'n nuwe sisteem vervang word. Hy is bewus daarvan dat só 'n omverwerping gewelddadige rewolusionêre dimensies kan aanneem (1985b: 136; 1985e: 205). Reeds in die voor-tronkfase van sy sosiale kritiek besef Breytenbach dat die ‘oorlewing’ van Afrikaans binne 'n nuwe sisteem nie 'n moreel-verantwoordbare eis kan wees nie (*Vrij Nederland*, 9.11.68; *Bu.,* 19.11.68).

In hierdie stadium doen hy egter wel strategieë aan die hand om die taal te ‘red’. In 1968 stel hy dit dat die taal se vernietiging teengewerk kan word deur die politieke bewuswording van die Afrikaanse skrywer en die uitpluis van Suid-Afrika se strydvrae in Afrikaans (*Tv.*, 7.10.68; *Db.,* 8.10.68). Afrikaans het hoop op voortbestaan in 'n post-rewolusionêre Suid-Afrika ‘indien dit, en wat dit kultureel omsluit, op gesaghebbende wyse geskei kan word van die reaksionêre, inderdaad fascistiese bewind waarmee dit ongelukkig vereenselwig is, waardeur dit versmoor word, en indien dit mondstuk word vir die belange van die vólk van Suid-Afrika’ (1972a: 17; ook Viviers 1978: 173). Hy pleit dus vir die ontkoppeling van Afrikaans(heid) aan *mag* en vir die demokratisering daarvan, want: ‘Ek dink dat ons deur kennis te neem van die natuur van die stryd waarby ons betrek word en waarin ons 'n aandeel het, deur daardie stryd duideliker te maak - en meer nog: deur stelling te neem gebaseer op hierdie kennis, verruim ons ons menslikheid en ons taal’ (1973a: 10). Breytenbach glo dat die taal se *wesensaard* die bevryding daarvan moontlik maak - Afrikaans is immers geen Europese of ‘wit’ taal nie (*De Volkskrant*, 20.6.72); dit is 'n ‘bastertaal’ (1973a: 5 en 8), 'n kreoolse taal wat die vermoë besit om hom aan te pas by Afrika. Hierdie siening van Afrikaans se inherente aard is die vertrekpunt vir sy pleidooi tydens die Kaapse Somerskool van 1973 dat Afrikaans bevry moet word van die boeie van ‘Apartaans’ sodat dit waarlik een van die tale van Afrika kan word (*op. cit.*: 10).

Breytenbach glo dus dat net deur 'n Afrikataal te word, geskik vir die onderhoud van 'n waarlik humane gemeenskap, Afrikaans hoop het om sinvol voort te bestaan. Maar hoe kan hierdie transformasie van Afrikaans en die Afrikaanse kultuur bewerkstellig word en wat is die waardes waarop 'n gehumaniseerde Afrikaanse kultuur kan berus? Vir Breytenbach lê die antwoord (in 1973 in ieder geval) daarin dat die hartland Afrikanergemeenskap reeds ‘Afrikaan’ is. Die Karooboere, geïsoleerde tradisionaliste, gee, soos in die

vorige hoofstuk aangedui, uitdrukking aan dié waardes waaruit 'n gehumaniseerde Afrikaanse kultuur kan groei. En dit is vir die voortbestaan van hierdie beginsels wat hy werk, nie vir die voortbestaan van Afrikaans as sodanig nie (1976: 135). Deur hom te beroep op 'n skeiding tussen die ‘agente van apartheid’ en die blanke ‘burgerlikes’ wat, passief, daarby betrek en onwetend daardeur gekontamineer word (vergelyk Lijphart, 1985: 8 se aanvulling by Breytenbach, 1976: 171) kan Breytenbach argumenteer vir die herhumanisering van Afrikaans en die Afrikaanse kultuur. (Vir swakhede in hierdie argumentasie vergelyk Lazarus (1986: 176-177) se sienings in hoofstuk 4 I).

II
Reaksie van die pers en die publiek op Breytenbach se 1973-besoek en sy Somerskooltoespraak

In 1973 was dit die eerste keer dat Breytenbach sy houding teenoor Afrikaans en Afrikanerskap werklik ‘openbaar’ gemaak het in dié sin dat hy dit voor 'n Afrikaanse gehoor gelug het en deurdat dit baie publisiteit in die Afrikaanse pers ontvang het. Die openbare reaksie in en deur die pers tydens sy aankoms word vergelyk met die reaksie rondom sy Somerskooltoespraak. Hierdie reaksie is 'n barometer vir die stand van die algemene ideologiese diskoers in hierdie tydvak - die begin van die era van ‘verantwoordelike verligtheid’.

Dit is die ‘verligte’ Afrikaanse Sondagkoerant, *Rapport*, wat die nuus van die Breytenbachs se aankoms in 'n eksklusiewe voorbladberig aankondig. Dit blyk later dat 'n visum onvoorwaardelik toegestaan was aan Yolande Breytenbach. Die beoogde ‘private familiebesoek’ word spoedig deur die pers in 'n skouspel omskep (byvoorbeeld in foto-artikels oor die ‘Sestigersaamtrek’ op Onrus en die besoek aan Matjiesfontein asook die beriggewing oor die digter se ontvangs op Wellington) en ook deur Breytenbach se optrede by die Kaapstadse Somerskool.

Die meeste Afrikaanse en al die Engelse koerante verwelkom die ‘hoogs begaafde ballingdigter’ aan wie ‘die verlange na sy geboorteland al die jare gevreet het’, maar wat nou ‘huis toe gekom het’ om die ‘plek waar sy hart is’ aan sy ‘mooi, verfynde, opgevoede vrou uit die Viëtnamese adelstand’, sy ‘geel lotus’, te wys. *Rapport* (onder redakteurskap van Willem Wepener) se redaksionele kommentaar is in die vorm van 'n ‘briefie aan Breyten’, om aan hom welkom te sê en te vertel hoe nodig die land hom as digter het: ‘Verskoon asseblief die vleitaal, maar jy weet ons het glad te min manne soos jy. In 'n hele geslag lewer ons soms nie eens een man met jou soort talent op nie. Ons kan nie bekostig om jou te verloor nie. Ons wil hê jy moet by ons bly - indien nie in die liggaam nie, dan tog wel in die gees, soos die ou dominees altyd gepraat het.’ Die briefie vra dat Breytenbach nie uit reaksie teen aanvalle uit eie (Afrikaner-)

kring sy rug op sy mense moet draai en sy gevoelens deur verdrywers laat bepaal nie, want dan sal hy invloed by sy eie mense verloor, selfs by dié wat aanvanklik soos hy gedink het (7.1.73).

Die Burger lewer, weer eens, nie redaksionele kommentaar nie, maar 'n susterkoerant, *Die Volksblad* (4.1.73), stel dit in sý kommentaar dat die vroeë visumweiering 'n 'flater' was wat 'skadelike propaganda' meegebring het: 'Die Breytenbach-geval toon... dat dit die beste is om in sommige van hierdie sake nie die letter van die reëls en regulasies meedoënloos toe te pas nie, maar ook met 'n simpatieke oog en uit oorwegings van menslikheid daarna te kyk.'

Selfs die dagblaaie van die APB is positief ingestem teenoor die koms van die Breytenbachs. *Die Vaderland* (nou onder die 'verligte' redakteurskap van Dirk Richard) sê in sy redaksionele kommentaar dat dit verwelkom moet word dat 'n visum aan Yolande toegestaan is: al word gemengde huwelike nie toegelaat nie, is *ad hoc*-oplossings soos dié op menslike gronde te regverdig (4.1.73). Selfs die konserwatiewe *Hoofstad* plaas 'n fotobeeld van die 'skone Yolande' onder die opskrif: 'Haar kleur maak nie saak' (14.2.73).

Die hartlike ontvangs deur die pers en skrywersvriende van Breytenbach, ontlok afwysende teenreaksie. *Die Afrikaner* (19.1.73) spot met die 'Sestiger saamtrek op Onrus'. Koerantlesers laat ook van hulle hoor. LP Lochner (*Va.*, 11.1.73) stel, na aanleiding van die gulle persverwelkoming, 'n paar vrae oor die omstrede Breytenbach: of hy 'n Suid-Afrikaanse burger is, die Christelike geloof bely, enige verbintenisse met anti-Suid-Afrikaanse groepe het en as 'n goeie ambassadeur vir die land beskou word. S Marais (*Tv.*, 17.1.73) voel die 'bulletin' oor die doen en late van Breytenbach en sy 'volgelinge' is 'snert' en hoort nie in 'n 'lyfblad waarvan 'n beter oordeel verwag word nie'. Daar is ook digters wat hul bitterheid oor die groot ontvangs wat Breytenbach te beurt geval het, nie kan wegsteek nie. MM Walters (*Bu.,* 10.1.73) se klag is dat geen ophaal gemaak word oor die digter wat maar altyd in sy land bly nie. Ook Adam Small (*Bu.,* 10.1.73) het sy kritiek teen Breytenbach wat balling buite die 'wye en droewe land' is, terwyl hy self 'steeds "balling" binnekant' bly. Een van die anonieme 'kwasi-digters en woordwiggelaars' wat hul parodieë aan *Die Burger* (13.1.73) stuur, druk sy misnoeë oor Breytenbach só uit:

> Dames en here, vergun my om
> u voor te stel aan
> Breyten Breytenbach
> die maer man met die Protea.
> Hy sal probeer om dit 'Nkosi
> Sikilele Afrika' te maak
> sing -
> op Afrikaans, natuurlik.

'n Groot deel van die pers, wat so hartlik gereageer het op die koms van die Breytenbachs na Suid-Afrika, sing 'n ander deuntjie ná sy Somerskooltoespraak. Die afwysende reaksie wat dit uitlok, is veral gerig op Breytenbach se uitsprake oor Afrikanerskap en Afrikaans (kyk hoofstukke 4 II, 6 XI en 7 III vir die historiese verloop van die diskoers rondom Afrikanerskap).

Hoofstad, wat selfs onder redakteur At de Beer nie kon loskom van die invloed van dr. AP Treurnicht nie, distansieer hom van Breytenbach se definisie van die Afrikaner en Afrikaans as ‘bastervolk’ en ‘bastertaal’, en meen dat die digter faal as politikus: ‘Hy slaan die politieke bal skoon mis met sy gelykstelling van “apartheid” aan net “identiteit”. Wat van byvoorbeeld vreedsame en ordelike naasbestaan en eie selfstandigheid? Politieke onkundigheid kan volg as 'n mens té lank uit die land is’ (*Hoofst.*, 15.2.73). In sy redaksionele kommentaar van 17 Februarie 1973 sê dié koerant dat hy ‘beroepe en oproepe van ons goeie lesers ontvang het waarin aangedring word op die onmiddellike uitskopping van Breyten Breytenbach uit die land’. Volgens dié lesers van *Hoofstad* het die digter hom nou bewys as uitlander, 'n letterkundige ‘terroris’ en 'n verlore seun wat gerus maar verlore kan bly in die linkse wêreld van Parys. *Hoofstad* voel egter dat dit nie nodig is om teen Breytenbach op te tree nie: ‘Ons Regering het waarskynlik met sy besluit om hom tog in Suid-Afrika toe te laat, hierdie digter-agitator genoeg tou gegun om homself aan op te hang. Waarom hom nou van dié galg bevry deur hom die land uit te help?’

In die rubriek ‘Politieke perspektief’ van *Hoofstad* (14.2.73) word, met terugskouing op vroeëre berigte oor Breytenbach se uitlatings, die ‘verlore seun’ se ‘verlore verhoudingsin’ bespreek en afkeurend verwys na *Rapport* se reaksie op Breytenbach. Op 16 Februarie 1973 berig *Hoofstad* dat Nasionale Party-politici in Kaapstad se tonge klap oor Breytenbach se ‘kompostoespraak’: die meeste lag daaroor, ander word kwaad en meen dis tyd dat sy visum moet verstryk. Oud-redakteur dr. Treurnicht, nou LV vir Waterberg, se ‘spitsvondige, oulike’ stukkie kommentaar word aangehaal: ‘Breyten is soos 'n jakkals wat sy stert in die ys verloor het. Nou prys hy die feit dat hy nie 'n stert het nie.’ Volgens Treurnicht is dit pateties om te sien dat 'n man wat Afrikaans praat ‘ons taal misbruik om met terminologie uit die komposhope op sy eie volk te vloek’.

Die Transvaler (16.2.73) wat in hierdie stadium nog 'n hegte verbintenis toon met die Nasionale Party (iets wat eers op 14 Augustus 1973 met die aanstelling van Willem de Klerk tydelik verbreek word), het 'n ander siening as Breytenbach van die Afrikaner en sy taal: ‘Wat ons betref, bestaan die Afrikanervolk uit die vermenging van bloed van die voortreflikste volke in die wêreld en is Afrikaans die lewenskragtige jongste spruit van die Germaanse taal waarin reeds pragtig gepresteer is as draer van die gedagtes en die bedes van 'n volk met 'n groot verlede - en 'n ootmoedige geloof in 'n groter toekoms.’

Die Vaderland wat 'n meer ‘verligte’ pad inslaan onder Van Schoor, voel dat Breytenbach met 'n regmatige grief in sy gemoed na Suid-Afrika gekom het en dat die vroeëre visumweiering aan sy vrou 'n belediging en oordeelsfout van owerheidskant was wat reggestel is. Die koerant hoop egter nou, ná die toespraak, dat die blote feit dat niemand hom uit die land wou skop ná sy ‘afstootlike galbrakery’ teen apartheid en die Afrikaner nie, vir Breytenbach 'n ‘ontnugtering en kuur’ was en dat ‘herwaardering’ sy skeppende vermoë sal deurdring en die ‘haat verplaas wat in sy hart was’ - ‘die Afrikaanse letterkunde kan net daarby baat vind’ (*Va.*, 4.4.73). In 'n artikel deur Dirk Rezelman (‘skakelman, oud-inligtingsbeampte en gegradueerde in letterkun-

dige stilistiek') op 19 Februarie 1973 in *Die Vaderland* word die standpunt ingeneem dat die digter Breytenbach en die 'gefrustreerde Afrikanermens' Breytenbach van mekaar geskei moet word ('n verdeling waarmee Breytenbach self nie saamstem nie). Sy werke dus daargelaat, word sy politieke uitsprake beskou as 'non-intellektueel, beledigend, nihilisties en... 'n weergawe van totale onbegrip van werklikhede', want 'ons sal ons nie laat wegpraat uit Afrika nie, ons sal nie toelaat dat ons lot deur die swartman bepaal word nie, ons sal nie toelaat dat aanvalle op die rasse-integriteit van ons volk skuil agter die baarde van diegene wat verkies om elders te gaan woon nie'.

In teenstelling met die kommentaar van koerante soos *Hoofstad* en *Die Transvaler,* lê *Die Burger* en *Rapport* klem op die hartlike ontvangs wat Breytenbach tydens sy toespraak van 'onse mense' in die gehoor geniet het (vergelyk hieroor Chris Barnard, *Hg.*, 23.3.73). Schalk Pienaar sê in *Die Burger* (16.2.73) dat hy met 'n oop gemoed gaan luister het, maar uitgestap het 'met die gevoel van 'n man wat drama gaan kyk en vaudeville gekry het'; die praatjie was vol clichés en pretensie en sonder riglyne van watter aard ook al omdat Breytenbach slegs verbonde is aan wanhoop en nihilisme - tog het hy 'n waarderende gehoor gehad by wie hy sterk aanklank gevind het vir sy 'emosioneel gelaaide opstand teen blanke verwaandheid in die moderne wêreld'. In sy politieke rubriek in *Rapport* (18.2.73), waarin hy ook sterk krities teenoor Breytenbach staan, beklemtoon Pienaar hierdie 'intense belangstelling van Afrikanerkant' in Breytenbach se 'Afrikaner-opstand teen Afrikaner-politiek sover dit kleur betref' (partypolitiek skeel Breytenbach nie en hy weet bitter min daarvan), sy verset teen die gevestigde Afrikaner-orde. Hierdie verset teen 'n verbygaande orde is ook nie net 'n uitspattigheid by 'n Sestigerbyeenkoms nie; dit is te vinde oral waar jong Afrikaners ernstig saamkom, ook by formele Nasionale byeenkomste. Volgens Pienaar is daar niks bemoedigender as dit nie, 'dat op elke vlak frisse winde onder die jong mense waai, al sou daar ook nuwe dampe van verrotting wees'.

In dieselfde uitgawe van *Rapport* skryf Rykie van Reenen in haar rubriek, 'Op die randakker', die emosionele reaksie van daardie aand in 'n saal vol Afrikaners toe aan 'n houdingsverandering: ''n Gesindheid vat stormenderhand by ons pos wat - net soos die Ossewabrandwag-geesdrif van 'n geslag gelede - ook in sy eie politieke bestel sal uitkristalliseer... Die Boere wil nie meer base wees nie, maar in die allereerste plek bantoe... wat as dit vertaal word, maar alleen beteken: Ménse.'

Ook die Engelse pers beskou die gehoorreaksie op Breytenbach se 'brilliant, moving, dramatic, impetuous, frightening' toespraak as 'n teken dat die Afrikaner ver gekom het sedert 1959 toe 'n spreker soos Breytenbach stilgemaak sou gewees het deur 'n soortgelyke gehoor (*ST.*, 18.2.73).

'Verligte' persreaksie ontlok op hul beurt téénreaksies uit. In *Die Afrikaner* (16.3.73) word te velde getrek teen *Rapport* (en sy hantering van die Breytenbach-uitsprake) wat ''n nuwe era in Suid-Afrikaanse en Afrikaanse geskiedenis' geskep het waarin ''n goed georganiseerde, liberale, integrasionistiese kliek' (waaronder ook Schalk Pienaar val) 'n veldtog loods teen die 'blanke Afrikaner van die Transvaal en die Vrystaat'.

Briefskrywers aan *Die Burger*, maak beswaar teen dié koerant se ‘liberale neigings’. Dié koerant het in der waarheid geen redaksionele kommentaar gelewer op die toespraak nie, maar wel breedvoerig daaroor berig asook lesersbriewe geplaas. FA Loots, LUK, byvoorbeeld, voel die ‘twak’ wat Breytenbach kwytgeraak het, verdien nie dié koerant se simpatie nie: ‘Deur die publisiteit wat *Die Burger* aan hom gee, wil dit voorkom of u saamstem met sy aftakelende siening van alles wat 'n enigsins nugtere en ordentlike mens nog durf huldig... Dit stem 'n mens tot hartseer om vir *Die Burger* te moet sê: Hoe zijn de helden gevallen!’ (21.2.73). 'n Anonieme briefskrywer (16.3.73) stem nie saam hiermee nie: *Die Burger* doen maar net verslag oor wat gebeur het by die Sestigersimposium en gee só sy lesers geleentheid om ‘af te reken met die man wat windop spoeg’. *Die Burger* het hierdie digter net weer ‘bekend gestel’ en ‘die bietjie wat ek van hom gedink het, is daarmee heen’.

Vanuit 'n heel ander instelling laat Breytenbach self hom ook uit oor *Die Burger* se ‘verligtheid’ ('n instelling wat vir hom net so verwerplik is as ‘verkramptheid’). Hy rig op 14 Maart 1973 'n brief aan dié dagblad in verband met die afspraak met die studente van die Kaapstadse Universiteit wat hy nie nagekom het nie. Hierin sê hy dat hy huiwer om briewe aan die Afrikaanse koerante te skryf: ‘'n Mens wil nie deur jou bydrae ook help om die skyn van vryheid wat oop gesprekke en lang briewe in die leserskolomme veronderstel is om te bewerkstellig, te bevorder nie. (Dat die Afrikaner genoeë wil neem met die valse verligtheid van party-organe soos *Die Burger* en *Rapport* is jammer. Verligtheid is die reukwater wat van tyd tot tyd gestrooi word oor die vrot (maar giftige!) karkas van hierdie Staat, 'n *wit* Staat vir witmense).’ In *Deurbraak* (1973c:13) sien hy ‘verligtheid’ en ‘oop gesprek’ as onbegrippe: ‘Verligtheid (is) 'n vorm van egoïsme, 'n selfbevrediging, 'n ontworteling, 'n luukse. 'n Manier om nie die ware oorsake van ware probleme raak te sien nie. Salf vir kankerlyers. A lilac flag on a mudbarge.’

Die algemene publiek laat hulle ook uit oor die Somerskooltoespraak. Lesers van *Hoofstad* en *Die Transvaler* reageer in hul briewe aan hierdie koerante téén Breytenbach. Die algemene gevoel oor Breytenbach se tirade/vertoning/ uitbarsting is dat dit ‘sieklik’ en ‘walglik’ is en die briefskrywers is gevul met wrewel en ergernis oor die ‘snert’ wat die digter kwytraak. Die besware teen sy toespraak val hoofsaaklik in twee groepe.

Eerstens is daar dié teen Breytenbach se siening van die Afrikaner as iets ‘laakbaars’ en ‘veragteliks’. Die algemene gevoel in hierdie briewe is dat die Afrikanervolk die volk is wat hierdie land staande hou omdat sy kultuur al een is wat nie aan die permissiewe tydgees van die nuwe moraliteit toegee nie en wat in sy volkskarakter Christelik is. Dit is egter teen die digter se onkiese taalgebruik en sy houding teenoor Afrikaans wat die hardste geprotesteer word. Breytenbach self word telkens, ten spyte van die feit dat hy Afrikaans praat, *nie* beskou as 'n ‘Afrikaner’ nie - hý is die kultureel ‘verbasterde’. Tweedens is daar die besware teen die kunstenaar wat hom met die politiek bemoei en profeet probeer speel. Een uitsondering is die brief wat onder 'n skuilnaam in *Die Transvaler* van 24 April 1973 verskyn waarin Breytenbach nie net beskou

word as ‘ons grootste digter’ nie, maar as ons ‘grootste politieke denker van alle tye’.

Hierdie reaksie van koerantlesers is egter nie die enigste soort reaksie wat Breytenbach se toespraak van die publiek uitlok nie. Chris Barnard stel dit in sy verslag van ‘'n Somerweek by die Sestigers’ (*Hg.*, 23.3.73) dat dít waaroor nog langer gedink en gepraat gaan word as Breytenbach se omstrede toespraak die gehoor se reaksie daardie aand is. Die meer as agthonderd mense in die saal was nie 'n ‘boel pienk en Engelssprekende liberaliste nie’, maar nege uit tien ‘stoere Afrikaners’ wat Breytenbach, ten spyte van sy genadelose kastyding, dawerend toegejuig het. En die rede daarvoor was nie 'n blote Breytenbachpsigose of kollektiewe skuldgevoel teenoor die balling nie, maar omdat die gehoor groter ‘rebelle’ geword het as die Sestigers wat tien jaar gelede aan die voorpunt was van 'n intellektuele ‘spring cleaning’.

Jack Cope (1982: 177) daarenteen meen dat dit byvoeg tot die ironie van sy pelgrimsreis dat Breytenbach se bewonderaars byna almal blank en meestal Afrikaanssprekend was: ‘The university students and others who sat openmouthed at his feet were paying homage to the peculiar image of the poet-as-hero created for the Afrikaner people by the patriotic writers from the time of the Anglo Boer war and the succeeding struggle for national identity. He was being admired as a *national* figure.’

PP Louw spekuleer in *Bolt* (1973:19-20) waarom die Afrikaners in sulke groot getalle opgetrek het na die Somerskool en waarom die Sestigers groter populariteit geniet het as in die hele tydperk van ‘hulle’ dekade. Hy glo nie dit kan toegeskryf word aan 'n skielike, dramatiese en populêre kulturele ontwaking onder die Afrikaners nie en ook nie bloot aan nuuskierigheid om legendariese figure soos Brink, Leroux en Breytenbach in lewende lywe te sien nie. Louw skryf die intense belangstelling waarmee die gehoor na die Sestigers geluister het toe aan die feit dat dié skrywers 'n dekade lank die naaste gekom het aan ‘opposisie’ vanuit Afrikanergeledere. Vyf en twintig jaar lank was die amptelike parlementêre opposisie, die Verenigde Party, irrelevant vir hul lewe; buite die Party, die Afrikaanse kerke, die FAK en Broederbond bestaan daar geen politieke groepering of beweging waaraan hulle hul op groot skaal kan verbind nie. In soverre daar enige afwyking binne Afrikanerkringe bestaan oor die aard, identiteit, toekoms en waardes van Afrikanerdom, was dit die uiteenlopende idees wat geartikuleer is, deur en rondom sommige werke van die Sestigers:

> This opposition articulated by the writers was permitted partly because it was, and was seen to be, within the tribe; and partly because, even where the opposition was resented, it had to be endured: Afrikaans language and culture is so much part of the cement of Afrikaner Nationalism, so much part of what is called the Afrikaner identity, that the political front of Afrikanerdom was scarcely ever in a position to excommunicate a whole generation of writers constituting an essential part of the Afrikaner cultural existence. This does not mean that the opposition had power. What it does mean is that it had a substantial freedom of speech, something corresponding to the parliamentary privilege accorded to the ‘official opposition’. (*op.cit.*: 20)

In 'n onseker tyd, van ‘terroriste’ wat op die grense sluip en binnelandse stakings en ekonomiese insinkings, kry die Afrikaners min troos uit die werkinge van hul parlement en die voorbeeld van hul politieke leiers. Dit lei daartoe dat hulle hul wend na hul eie interne opposisie in die hoop dat hulle daar 'n mate van leiding en troos sal vind in moeilike tye (*op.cit.*:21). Hul rol as Afrikanerdom se interne opposisie verleen spesiale belang aan die Sestigers ‘at a time when confidence in the official *volksleiers* is beginning to ebb, especially among the younger layers and the literary and university elite’ (*ibid.*).

Hierdie ‘uitpratery’ van die Sestigers oor Afrikaans en die Afrikanerkultuur word dan ook skadeloos gestel deur Otto Krause van *Die Transvaler*, wat meen dit is geduld ‘omdat ons Afrikaners in die algemeen glo dat die ou Engelse liberale bedreiging nie meer tel nie en selfs nie ter sake is nie... Daarom kan die Sestigers na hartelus praat sonder dat die hoofstroom van die volk hulle erg kwalik neem. Dus maak dit nie groot saak dat hulle in sekere opsigte dieselfde liberale taal van die linkse opposisiemagte praat nie’. Die ‘uitpraters’, word ‘aanvaar... as synde deel van ons eie intellektuele gisting. Hulle bly lede van ons volk’ - en dít is 'n aanduiding dat die ‘Afrikaanse solidariteitsgevoel sodanig aangegroei het dat ons nie meer bang hoef te wees vir sulke meningsverskille nie’. Krause sien die ‘Nuwe Menslikheid’ wat nou formeel van stapel gestuur is as 'n onvermydelike aspek van die ontplooiing van ‘aparte ontwikkeling’ (*Tv.*, 27.2.83).

In *Die Burger* verskyn enkele lesersbriewe van persone wat self in die gehoor was en wat Louw se waarneming van die Sestigers in die rol van ‘interne opposisie’ bevestig. 'n Anonieme briefskrywer (21.2.73) meen dat alhoewel die Sestigerliteratuur ‘deels te elitêr, deels te vervelig’ is, stroom die Afrikaners na die Sestigerkursus en deel daar in 'n tinteling ‘soos in 1938 laas by 'n Afrikanerkultuursaamtrek te kry was’. Volgens hom is dit omdat:

> Hierdie sogenaamde Sestig vir ons funksioneer as simbool, hoe gebrekkig ook, van ons eie bevryding. Hierdie bevryding behels nog maar net ons nuwe vermoë om dinge onbevrees en duidelik uit te sê, en allerweë dra dit 'n optimisme dat dit ons in staat sal stel om volwaardig as Afrikaners met ons verhoudingsprobleme in die reine te kom, ja selfs om ons bas te red. (En dan kom sê die ‘smagtende profeet’ vir ons dat ons nie naastenby sterk genoeg is nie.) Vir ons, wat moeisaam en met kiese en kuise woorde in die gewone lewe moet streef na duidelikheid, beteken dit iets om te sit en luister hoe die jongeling..., krank aan liefde vir ons taal, gedrewe, digterlik, die soort twak praat wat ons net agter die kraalmuur sou kan praat. Intellektuele en politieke twak, ja. Maar hy beset daarmee 'n punt op ons spektrum wat ons nie kan ontbeer nie as ons volwaardig wil wees.

Manie van der Spuy (*Bu.,* 26.2.73) verskil van Schalk Pienaar se siening dat Breytenbach geen profeet is nie en voel dat daar meer mense soos hierdie digter nodig is om alle Afrikaners bewus te maak van die ‘monsterbeeld’ van die Afrikaner wat deur die jare geskep is en waaraan die staat, kerk, kultuurorganisasies en die letterkunde meegehelp het. Daar is Afrikaners wat hulle nie kan vereenselwig met dié beeld van die Afrikaner as uitbuiter, verontregter en iemand wat deur die wet verplig is tot rassediskriminasie nie en wat hulle nie

kan vereenselwig met 'n stelsel wat daarop roem dat dit die ‘Afrikaner’ verteenwoordig nie. Die briefskrywer meen die Afrikaner het mense soos Breytenbach nodig om hom bewus te maak van die beeld wat in sy naam geskep is sodat daar dalk nog 'n kans mag wees om ‘iets van ons mensheid te red’.

III
Reaksie van ingeligte lesers en meningsvormers tydens die era van ‘verantwoordelike verligtheid’ op die uitsprake oor die Afrikaanse taal en kultuur

Sedert die vroeë sewentigerjare het Breytenbach se tipering van die wesensaard van Afrikaans en die strategieë wat hy voorgestel het om dié taal en kultuur van verdoemenis te red, uiteenlopende reaksie uitgelok. ‘Agt opregte Afrikaners’ van die Lydenburgse Hoërskool het die gevoel van talle volksgenote in 'n brief aan *Die Vaderland* (21.3.73) ná Breytenbach se Somerskooltoespraak verwoord: ‘Ons spreek ons misnoeë uit oor mnr. Breyten Breytenbach se beledigende uitlatinge in verband met ons taal en die Afrikaners... Ons het volle vertroue in die voortbestaan van die Blankes en die Afrikaanse taal, danksy die beskermende Hand van God wat (hy) so versmaai.’ Dit was nie net die publiek (en die pers, soos uiteengesit in die voorafgaande afdeling) wat Breytenbach gestriem het oor sy sienings nie, maar ook Afrikaner-intellektuele. Breytenbach se verwysing na Afrikaans as ‘bastertaal’ met 'n bastertoekoms lok byvoorbeeld reaksie uit van die taalkundige Louis Eksteen: ‘Alle tale is op een of ander manier gemeng en alle volke is ook gemeng. Ek is nie seker of Breytenbach net 'n taalkundige feit staaf nie en of hy dalk beledigend is nie, want dan word dit net 'n klompie slegsêwoorde’ (*Ogb.*, 16.2.73). Selfs sommige mede-Sestigers, soos Etienne Leroux en PG du Plessis, staan skepties teenoor Breytenbach se oproep tot die humanisering/demokratisering van Afrikaans. Du Plessis voel hom selfs geroepe om teen Breytenbach se ‘roubedryf en weeklaag’ op te staan en te sê: ‘Ek sal sorg dat Afrikaans voortbestaan - al vrek ek ook!’ (*Va.*, 21.2.73); al wat immers vir hom as skrywer nodig is, is ‘om Afrikaans te skryf so goed as ek kan, met elke woord 'n belydenis in my geloof in die voortbestaan van die taal’ (*Rap.*, 18.2.73).

Teenoor hierdie afwysing van Breytenbach se sienings en voorgestelde reddingsaksie, is daar dié intellektuele en groepe wat, weliswaar om verskillende redes, instemmend daarop reageer. Adam Small deel Breytenbach se bedenkinge oor die politieke konnotasies van Afrikaans en hy onderskei tussen die stemme vir ‘wit-Afrikaans’ en dié vir ‘swart-Afrikaans’ (Polley, 1973: 147). Hy voorspel 'n ‘nuwe tydperk met Afrikaans’ waarin sý mense nou met ‘die taal gaan loop’ en Afrikaans gaan ‘losmaak van daardie wese wat homself Afrikaner noem’ (*Rap.*, 18.2.73). ‘Betrokke’ skrywers het vóór die Sestiger-

kongres al die waarde van Breytenbach vir die saak van Afrikaans besef. In 1970 stel André P Brink dit só: ‘If Afrikaans is eventually to survive as a language, much of it will be due to the fact that men like him have been prepared to prove, risking their all for it, that it is more than the language of one oppressive minority and of one frightening ideology - that it is indeed... *menstaal*, “the language of human beings”’ (1983a: 60). In 1973 voel Jan Rabie saam met Breytenbach dat ‘'n taal waaraan die stigma van rassisme kleef’ geen toekoms in Suid-Afrika het nie (Polley, 1973: 180) en die Afrikaner-filosoof, JJ Degenaar, gee applous vir Breytenbach se dialekties-kreatiewe ingrype op Afrikaans met die wete dat dit die implikasie inhou dat daar gehelp sal moet word om die samelewing te verander sodat daar ruimte kom vir hierdie soort ‘afwykende’ denke (*op.cit.*: 158).

Die ‘terroris’-verhoor van Breytenbach het die Afrikaanse kultuurwêreld in 1975 in 'n krisis gedompel (soos uiteengesit in hoofstuk 6 IV). Een van die argumente wat sentraal staan in die reaksie van medeskrywers op Breytenbach is die vooropstelling van die Afrikaanse taal en kultuur (vergelyk die polemiek wat in hoofstuk 6 VI bespreek word). Alhoewel Adam Small ideologies van Breytenbach die mens verskil (‘soos dag en nag’) bly Breytenbach die digter ‘kultureel Afrikaans’ en al sou hy ‘geheel en al in politieke diskrediet staan dan beteken dit nog nie dat sy werk kultureel in diskrediet staan nie’. Small voel dat daar juis in ‘die jaar van die Afrikaanse taal’ 'n les te leer is uit die Breytenbach-saak: ‘Dat selfs jou vyand in die politiek nog Afrikaans soos jy kan wees...; en dat ons baie, baie duidelik moet verstaan dat die politiek (of politieke...) van die dag een ding is en die kultuur 'n ander’. Breytenbach se misdaad word nié verskoon nie, maar ‘sy digterskap bly’ (*Va.*, 2.9.75.). HCT Müller (*Rap.*, 7.9.75) is op sy beurt besorg daaroor dat die hele Breytenbach-aangeleentheid en die ‘liggelowige’ optrede van letterkundiges soos Miles, Coetzee en Lindenberg die Afrikaanse literêre saak benadeel omdat dit die kritici wat 'n koor aanhef daaroor dat ‘Afrikaans vandag ook die taal van die ondermynende skrywers is’ se argumente sal versterk.

JC Steyn (*Rap.*, 30.11.75) meen dat daar binne die gemeenskap veral een groep mense was vir wie die saak nie 'n minder onthutsende ervaring was as vir Breytenbach nie, en dis ‘die mense wat opreg belangstel in die Afrikaanse kultuur’, maar wat lank nie meer eensgesind is nie, onder meer oor Breytenbach. Alhoewel Steyn TT Cloete gelyk gee oor wat hy September 1974 in *Buurman* oor Breytenbach se uiteindelike oogmerke geskryf het (naamlik dat dit die Afrikaner en Afrikaans kan vernietig) vra hy hom self af of Breytenbach se dade wat op sigself verkeerd was, tog nie naderhand betekenis sal kry, júís omdat hulle misluk het nie. Alhoewel net die geskiedenis die antwoord hierop sal kan gee, voer Steyn 'n saak aan wat dalk later oordele en veroordelinge kan ‘temper’. Daar is naamlik die moontlikheid dat Breytenbach, ‘as 'n soort verpersoonliking van Afrikanersolidariteit met die bruinman, nuwe belangstelling vir Afrikaans en begrip vir die Afrikaners by bruin intellektuele gewek het’. Later (1980: 281- 282) loof Steyn vir Breytenbach as iemand wat ‘met sy optrede homself geoffer het om Afrikaans te help bevry van die stigma

“verdrukkerstaal”’. Sedert hierdie tyd het daar dan ook 'n aksie op dreef gekom wat gerig is op die bevryding én voortbestaan van Afrikaans.

Mobilisering ter wille van 'n politieke saak is immers nie vreemd aan die Afrikaner nie. Hy het 'n geskiedenis wat getuig van die burokratisering van sy kultuur en die institusionalisering van sy instellings wat deur die elite ingespan is om die massa te mobiliseer ter wille van Afrikaner-nasionalisme. Degenaar (1978: 22-26) toon aan dat die dertiger- en veertigerjare die beslissende tydperk was en dat veral die strategieë van die Afrikaner-Broederbond en sy kultuurfront, die FAK, die strukturele basis verskaf het vir die Afrikaner se ‘lewens- en wêreldbeskouing’. Teen 1937 was reeds 300 kultuurliggame, kerkrade, jeug- en studente-organisasies, maatskaplike, wetenskaplike en opvoedkundige groepe geaffilieer by die FAK (O'Meara, 1977: 169). Belangstelling in die Afrikaanse letterkunde is gestimuleer en die Afrikaner is aangemoedig om deel te neem aan die industriële en besigheidswêreld. Groepbewegings soos die Voortrekkers en die Noodhulpliga is gestig asook, in 1939, die Instituut vir Christelike Nasionale Onderwys. Ná die Nasionale Party in 1948 aan die bewind gekom het, het Afrikanerdom begin om sy laer te sluit en sy belange te verskans, onder meer deur die verstrengeling van organisasies wat uitloop op die skepping van 'n ‘establishment’ vir die Afrikaner en deur die duidelikmaking van prioriteite vir die handhawing van Afrikanereenheid.

So laat as 1969 word taalhistoriese teorieë en die apartheidsideologie ‘onbeskaamd gesinchroniseer’ (Esterhuyse, 1986: 13); deur middel van mitologisering word die ‘oorsprong van Afrikaans na edel wortels teruggevoer’ en grens taal-nasionalis en Afrikaner-nasionalis die gekleurdes af (*ibid.*). Die blanksentriese en meer bepaald Afrikaner-sentriese, dit wil sê eksklusivistiese, beskouings oor die ontstaan, ontwikkeling en bestaan van Afrikaans word in die vroeë sewentigerjare slegs deur randfigure bevraagteken. Die ontsteltenis rondom Breytenbach, Rabie en Brink se sienings soos verwoord tydens die Sestiger-Somerskool in 1973 moet teen hierdie agtergrond gesien word.

In 1975, die jaar van Breytenbach se eerste verhoor, was dit ‘Taaljaar’ ter viering van die honderdjarige ‘bestaan’ van Afrikaans. Daar is ‘in/oor die amptelike kultuurtaal Afrikaans, “ons pêrel van groot waarde”,... met optimisme en hartstog, gerustheid en gelukkige selftevredenheid gesing en gepraat en geskryf’ (Pretorius, 1984: 62) - ten spyte van die stemme van protes, wat, onder andere uit skrywersgeledere, opgegaan het teen die blanke eksklusiwiteit van die taalfees. Die Afrikaner is egter uit sy euforie geskok in 1976 toe die Soweto-opstand - waarby Afrikaans die vonk tot ontbranding was - en die gebeure daarna ‘'n skadu oor die vanselfsprekende voortbestaan van Afrikaans as kultuurtaal en die Afrikanervolk as kultuurvolk gegooi het’ (*op.cit.*: 63). Sedertdien word as deel van hul legitimiteitskrisis, van alle kante en in alle erns deur Afrikaners besin oor en opnuut gemobiliseer vir die ‘behoud’ en ‘toekoms’ van hulle taal en kultuur. Aan die vooraand van 'n nuwe politieke en staatkundige bedeling neem JC Steyn, wat reeds in 1978 die diskoers rondom Afrikanerskap en die rol van die Afrikaner-intellektueel gestimuleer het deur die verskyning van en die reaksie op sy *Dagboek van 'n verraaier*, in sy monumentale *Tuiste in eie taal* (1980) Afrikaans se posisie en kanse op oorlewing in oënskou. Hy

kom onder meer tot die gevolgtrekking dat apartheid die vervreemding tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes vererger het - tot nadeel van Afrikaans - en dat 'n regverdiger politieke en ekonomiese beleid noodsaaklik geword het vir die oorlewing van die Afrikaanse taalgemeenskap.

Steyn word gesien as die vader van die ‘Derde Afrikaanse Taalbeweging’ wat verskillende strategieë inspan wat gerig is op ‘regstelling’ met die oog op die verskansing van die Afrikaanse taal en kultuur. Binne hierdie diskoers word Breytenbach se kwarteeu-oue pleidooi vir die demokratisering van Afrikaans onderskryf (soos uiteengesit in hoofstuk 7 IV).

IV
Uitsprake in die voor-tronkfase oor die rol van die Afrikaanse letterkunde en die skrywer

Breytenbach, wat van die begin van sy skrywersloopbaan betrokke was by die swart bevrydingstryd, het hom reeds vroeg in die sestigerjare uitgespreek oor die rol van die Afrikaner-intellektueel in die algemeen. In 'n brief wat hy in 1963 aan André P Brink geskryf het, pleit hy vir 'n ‘meer positiewe, selfs militante, politieke houding’ by diesulkes. In November 1964, pas ná sy debuut, het Breytenbach in *Sestiger* ook 'n praktiese rol vir die Afrikaanse skrywer spesifiek uitgespel (in teenstelling met sy mede-Sestigers vir wie dit in daardie stadium in die eerste én laaste instansie gegaan het oor gestaltegewing aan 'n persoonlike siening, 'n persoonlike werklikheid of onwerklikheid):

> (H)y moet ook die gewete van sy gemeenskap beliggaam. Hy moet vooruit kan kyk en waarsku as hy dink ons raak die weg kwyt. Hy is 'n seismograaf en 'n weervoorspeller. Hy moet daagliks probeer bewys dat die mens nie net 'n dier is nie; of dat ons eie vrede en geluk afhang van die vrede en geluk van almal. Hy bewaar ons gemeenskaplike ervaring, die voetspore van ons langsame ewolusie. Hy moet sorg dat daardie kort paadjie wat ons tot dusver gekruip het nie toegroei nie. Hy moet sorg dat ons are nie verkalk nie. Hy is ons geheue en ons spaarbank, ons flitslig en ons horlosie - as hy dit nie is nie, wie sal dit dan wees? (1964: 12).

Hierdie uitspraak, wat dateer uit 'n tyd vóór Breytenbach 'n omstrede openbare/politieke figuur geword het, bevat die kiem van later uitgespelde opvattings oor die aard en funksie van die skrywer/literatuur, naamlik dié van gewete, gevoelige instrument, vegter teen verstarring, instansie van bewaring, wegwyser én pasaangeër.

Hierdie uitgangspunte vloei uit Breytenbach se siening van en voortdurende bemoeienis met kultuur en kulturele interaksie (soos uiteengesit in hoofstuk 5 I). Vir sover kultuur ook die uitdrukking moet wees van maatskaplike idees en waardes, moet die kunstenaars (die tradisionele intellektuele binne die groep) dit as sodanig gebruik: hulle moet die kultuur gebruik om te veg vir politieke

vryheid, vir waardigheid en vir regverdigheid. In hierdie proses moet elke kunstenaar vir homself uitmaak hoeveel ‘boodskap’ of propaganda sy werk kan dra, en in watter vorm (1967b: 43). Breytenbach betrek hierdie uitspraak van hom direk op die omstandighede in Suid-Afrika in sy brief wat op 23 Junie 1967 in *Die Vaderland* verskyn as reaksie op die destydse kongres van die Christelike Kultuuraksie.

Uitsprake wat tydens hierdie kongres gemaak word en die reaksie wat dit van Sestigers en hul (jong) aanhangers ontlok, kan dien as verteenwoordigende steekproef van die uiteenlopende norme, ideologieë en literatuuropvattings wat destyds aan die orde van die dag was. PC Schoonees, PFD Weiss, JD Vorster, FJM Potgieter en MJ Booyens staan 'n bepaalde siening van die kunstenaarstaak voor en lig bepaalde waardes uit wat die kunswerk behoort te bevestig. Die taak van die kunstenaar is hiervolgens die verdediging van 'n waarheid of orde wat van buite op hom gelê is - ongeag of dit sy oortuiging is of nie: hy moet naamlik 'n Christelike kuns skep vanuit ‘'n volkome oorgawe aan en erkenning van God as groter dan alle artistieke roem en skoonheid’ en hy moet die ‘lewenswyse en geestesgoedere van die Afrikaner’ eer en uitbou (Schoonees). Die kunswerk (en kunstenaar) het 'n sosiale funksie in dié sin dat dit/hy erkende en beproefde sosiale waardes asook norme wat deur ander tekste gestel is, moet bevestig: die ‘waardes en die sedes van ons Christelike erfenis’ (Potgieter). Waardes wat nie hieraan konformeer nie, word verwerp as ‘dekadensie’ en ‘rioolkonformisme’ (Weiss) en die kunstenaars se ‘ideaal’ om ‘rewolusionêr en skokkend te wees’ as 'n uiting van 'n tydsgees ‘wat hoofsaaklik nihilistiese en Kommunistiese gedagtes uitdruk’ (Booyens). Omdat die Sestigers en hul werk (wat nie van mekaar geskei word nie) *nie* vertroude waardes bevestig en 'n vertroude volkswerklikheid afbeeld nie, bepleit JD Vorster 'n boikot: ‘As 'n volk se morele standaarde afgetakel is en sy kuisheidsgevoel afgestomp is, as hy nie meer tussen goed en kwaad kan onderskei nie, is hy ryp vir oorname deur die donker magte van rewolusie’ (berigte in *Tv.*, en *Va.*, 9 en 10.6.67).

Uit die reaksie van Breytenbach (*Va.*, 23.6.67), Brink (*Tv.*, 30.6.67) en (in mindere mate) Stephan Bouwer (*Tv.*, 30.6.67) blyk ander siening(s) van die rol van die kunstenaar en die funksie en aard van die literatuur. Brink se siening van die kunstenaar is dat hy reisiger en soeker is wat uitdrukking gee aan 'n persoonlike visie: die kunstenaar interpreteer wat hy belewe en sien en probeer nie sy lesers beïnvloed op 'n wyse van ‘gaan en doen net so’ nie. Die roman het dus nie 'n sosiale funksie in die sin dat dit bestaande norme moet bevestig nie; dit deurbréék eerder norme omdat dit nuwe insigte gee in die ‘lewe wat verandering en beweging is’ - daarom ook is dit nie ‘maklike leesstof bedoel vir kinders nie’. (Vergelyk ook Steenberg, 1972: 163-178 oor die ontwikkeling van Brink se romanbeskouing in die sestigerjare. Hy beklemtoon dit dat Brink in hierdie tyd die roman nié beskou as *engagé* nie.)

Uit Breytenbach se brief (*Va.*, 23.6.67) blyk sowel sy aansluiting by Sestigerprosaïste soos Brink se literatuuropvatting as sy verskille. Hy sien ook die aard van die literatuur as normdeurbrekend, maar verbind dit spesifiek met politieke waardes: ‘Ons jong skrywers verwerp deur die bank alle bekrompe waardetjies wat ons gaan verhinder om 'n Suid-Afrika te skep waar almal sal kan leef.’ Hy

glo dat die Afrikaanse taal en kultuur slegs in hierdie land sal bly voortbestaan as dit ‘deur kan dring tot waardes wat (ons) aanvaarbaar vir (ons) medeburgers sal maak, nie net vir 'n ingroeiende aparte minderheid nie; 'n land waar (ons) ewe trots sal kan wees op (ons) blanke en bruin voorouers.’ Breytenbach het dit teen verstarde en verstokte norme waardeur 'n bepaalde soort ontwikkeling geregverdig en geïnstitueer word asof die mens nou volmaak of volgroei is en die republiek van 'n duisend jaar aangebreek het. Vir hom is dit juis die kunstenaarstaak om ‘ons omgewing te omskep en te verander’ - dus om nuwe insigte in die ervaringswerklikheid te gee, maar met 'n duidelike sosiale (en nie bloot persoonlike) funksie voor oë. Hy verduidelik hierdie sosiale funksie van die skrywer en kunswerk deur verwysing na die sienings van Alexander Solzjenitsen. Die skrywer het naamlik die reg om sy veronderstellinge betreffende die moraliteit en die gemeenskap te lug, om sy siening van sosiale probleme te gee of van die geskiedkundige ondervindinge wat sy land ondergaan het. Sulke geskrifte sou 'n ‘aktuele en heilsame invloed kan uitoefen op die gebied van die intellek of die ontwikkeling van die sosiale gewete’. Daar mag dus nie (morele) beperkinge op die literatuur gelê word nie (byvoorbeeld ‘dit sal of sal nie deug nie’ of ‘jy mag hiéroor skryf, maar nie dáároor nie’): ‘Literatuur wat nie uiting aan die moderne gemeenskap gee of wat dit nie durf waag om vir die gemeenskap te vertel van sy pyn en besorgdheid en wat nie betyds kan waarsku teen dreigende morele en sosiale gevare nie, verdien dit nie om bekend te staan as letterkunde nie, maar slegs as skoonheidsmiddels. So 'n letterkunde verbeur die respek van die volk.’ Vir Breytenbach is die literatuur uit sy aard normdeurbrekend, maar nié 'n outonome woordwêreld nie - eerder 'n skepping wat in 'n dialektiese verhouding tot die werklikheid staan.

In die eerste uitgawe van die tydskrif *Kol*, wat presies drie jaar ná die laaste uitgawe van die Sestigers se eertydse lyfblad, *Sestiger*, verskyn - en wat 'n bepaalde leemte wou vul - verskyn 'n skerpbewoorde brief van Breytenbach, gerig aan die redaksie (1968b: 8-13). Hy vra 'n aantal vrae wat polities, kultureel, literêr, moreel van aard is - maar wat hy doelbewus nie ‘apart’ hou nie omdat hy nie glo in ‘afsonderlike waterdigte hokkies’ (én ‘afsonderlike ontwikkeling’ of ‘aparte vryhede’) nie. Die vrae spruit uit twee basiese probleme wat Breytenbach ondervind by die verskyning van *Kol* en wat implikasies inhou vir sy eie opvatting oor die rol van die Afrikaanse skrywer en literatuur, naamlik: wat is die betekenis van *Kol* in die Suid-Afrikaanse landskap en wat is die funksie van die Afrikaanse letterkunde in die huidige omstandighede in die land self? Met betrekking tot eersgenoemde blyk dit duidelik dat Breytenbach afkeurend daarteenoor sou staan as die nuwe tydskrif maar net sy ‘eie’, aparte, eier wil lê - veg vir die reg om 'n paar Afrikanertaboes omver te werp of uiting te gee aan 'n eksperimenteerdrif ten opsigte van vorm. Hy sou eerder wou sien dat die tydskrif 'n forum word vir werk wat bewys dat die Afrikaanse taal sensitief en oop staan vir vrae en probleme wat al hoe meer ‘internasionaal en interkultureel’ is. Met betrekking tot die tweede vraag vind hy dit verwerplik dat die Afrikaanse letterkunde - aktief of passief - verteenwoordiger en draer van die apartheidsbeleid is. Hy meen die Afrikaanse skrywer

as intellektueel moet standpunt inneem teenoor die implikasies van die landsbeleid.

Breytenbach se opvatting van die skrywer as werker-van-die-rewolusie (in teenstelling met ‘hervormer’) blyk duidelik uit die onderhoude wat hy teen die einde 1968 voer met Nederlandse koerante waarin hy homself verbind met die swart bevrydingstryd in sy geboorteland. Hy verwerp in die progressiewe blad *Deurbraak* die idee van die Afrikaanse intelligentsia as 'n ‘elite van bevoorregtes’, maar verwag van hulle - wat onder huidige omstandighede tog as 'n groep of ‘klas’ bestaan - 'n verduideliking van hul posisie binne die sisteem. Op die skrywers spesifiek doen hy 'n beroep om duidelik kant te kies, hulself te situeer met verwysing na die twee kampe, want selfs 'n vermyding van dié keuse is 'n manier van kies: ‘Aan die een kant is daar die volk van Suid-Afrika, die meerderheid wat enige seggenskap oor hul eie lot ontsê word, hulle wat nie deel het in (die wit) politieke spel nie...; aan die ander kant is daar die blankedom, die soms verwarde verteenwoordigers van buitelandse belange...’ Die Afrikaanse skrywers moet besluit wie hul teikengroep is en hoe hulle die belange van die mense vir wie hulle skryf die beste kan dien (1972a: 18). Want wat die Afrikaanse skrywer doen of nie doen nie, is immers van uiterste belang: hy regverdig die waardes van sy bourgeoiskultuur en is 'n digter met 'n hoofletter D, 'n soort priester. Daarom sal dit so 'n groot indruk maak as hy in 'n teenoorgestelde rigting sou werk en die algemeen-aanvaarde ‘ondermyn’ (*De Volkskrant*, 20.6.72).

Teen 1972 het Breytenbach (soos Sartre) van die tradisionele intellektueel (wat hom gewoonlik daarop beroem dat hy ‘neutraal’ en ‘outonoom’ staan, maar wat inderdaad verbind is aan die groep waaruit hy stam) geëis dat hy hom sou lósmaak van die groep waartoe hy tradisioneel behoort en die saak van 'n ander, gedomineerde, groep steun. ‘Objektiwiteit’ bestaan nie: in 'n situasie waar kulturele ‘engagement’ 'n wapen in die bevrydingstryd of 'n hulpmiddel by die heropbou kan wees, is die skrywer nie alleen ‘proletariër’ of ‘bourgeois’ nie, maar ook letterlik vír bevryding of dáárteen. Die skrywer is 'n produk van sy gemeenskap en sy tyd - hoeveel hy dit ook al probeer kamoefleer - maar hy help ook mee om gestalte te gee aan sy gemeenskap en sy tyd (1972f: 71-76). ‘Engagement’ beteken vir Breytenbach dat die skrywer daadwerklik aan die kant staan van diegene wat veg vir regverdigheid, vir gelyke kanse, vir 'n eerlike verdeling van mag - in werklikheid vir die mag aan die volk. Die motivering sal verskil na gelang van die feit of 'n skrywer behoort tot die heersersklas of tot 'n gedomineerde groep. Vir homself byvoorbeeld, as bevoorregte blanke, is die stryd gerig teen dié wat hom verneder en in die skande steek deur die uitoefening van hul genadelose en afstompende mag - wat alleen geregverdig word deur 'n wit vel of Europese kultuur. 'n Swart skrywer sal weer die vernedering wat sy mense ondergaan aan die kaak moet stel en sy betrokkenheid uitdruk by hul pogings om mag te verkry. Breytenbach beskou nie ‘engagement’ as 'n statiese komponent van iemand se literêre toerusting nie; dit is ook nie abstrak of beperk tot lippediens nie. ‘Engagement’ is 'n elementêre verbondenheid met 'n saak en met 'n volk op wie die saak betrekking het: dit is 'n bewuswording van die moontlikhede wat buite iemand se beperkte

bewussyn, iemand se gekwelde gees, die ivoortoring, lê; dit is 'n manier om betrek te word by veranderings en inderdaad self verandering te ondergaan - 'n manier om deelgenoot te word in die stryd (1972-uitspraak opgeneem in 1986a: 252-253).

Breytenbach kry in 1973, met die Sestiger-Somerskool in Kaapstad, die kans om hom vir die eerste keer in die openbaar te rig tot 'n Afrikaanse gehoor. Hy maak dan ook van die geleentheid gebruik om sy siening oor die funksie van die Afrikaanse skrywer (‘wat 'n bevoorregte alhoewel onbenydenswaardige posisie beklee in die stam’) en literatuur uit te spel. In Sartreaanse selfkastyding beskuldig hy sy mede-Sestigers daarvan dat hulle ‘gepeuter met die instellings en taboes van die stam’, wat in 'n sekere mate geduld word omdat dit bydra tot die fasade van soepelheid, die ‘spasmodiese geraas van wandelende dooies’ is. Hulle het in werklikheid die apartheidsmure help bou en hulle hou dit in stand met verwronge, pretensieuse *nouveau riche* werke - geskryf vir 'n paar vriende aan universiteite wat die werk deur dit voor te skryf 'n bestaansreg gee. Vir hom is die Afrikaanse literatuur, hoe slim ook soms, ‘grotendeels 'n produk van ons verstarring en ons vervreemding van Afrika’. Hy meen dat daar wel ander alternatiewe vir die skrywers is as om die blanke establishment se skokbrekers en waghonde te wees. Hy sluit by die uitspel van hierdie alternatiewe aan by uitsprake van Pasolini, Roman Jakobson en Godard, naamlik dat die sosiale implikasies van 'n kunswerk nie ontken kan word sonder dat dit lei tot opsluiting in 'n romantiese idealistiese gestig nie; dat in die taal geen private eiendom bestaan nie en dat elke kunswerk, wanneer dit in kontak met die publiek kom, sosiaal word en dat die burgerlike stelsel kuns vervaardig wat 'n bourgeois-ideologie en waardes propageer. Breytenbach se alternatief kom neer op 'n literatuur wat 'n ‘bedreiging vir die bestaande orde, 'n werktuig of 'n wapen’ is. Omdat skryf kommunikasie is en dus gaan oor die verhoudings tussen mense, is sy persoonlike credo: om te skryf vir híér, vir nóú. Hy wil in sy werk so na moontlik probeer kom aan die verbygaande, die plaaslike - nie die ewige nie, want dié was altyd daar en sê niks. Hy roep sy medeskrywers op: ‘Ons het werk om te doen... Ek dink dat ons deur kennis te neem van die natuur van die stryd waarby ons betrek word en waarin ons 'n aandeel het, deur daardie stryd duideliker te maak - en meer nog: deur stelling in te neem gebaseer op hierdie kennis, verruim ons ons menslikheid en ons taal’ (1973a: 10).

In sy ‘nabetragting’ oor die Somerskooltoespraak, wat inderdaad 'n digtersmanifes daarstel (opgeneem in 1976: 131-146), belig die digter sy opvatting oor die rol van die (blanke) intellektueel en skrywer binne die Suid-Afrikaanse konteks. (Hierdie uitsprake moet sáámgelees word met sy *Seisoen*-uitsprake oor die Suid-Afrikaanse kultuur soos uiteengesit in hoofstuk 5 I.) Enkele fasette word hier uitgelig:

Die intellektueel (denker, geestelike navorser, pynwerker) staan nie bo en buite enige maatskaplike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid nie; inteendeel, hy het 'n groter verantwoordelikheid omdat hy help bepaal hoe die mense aan wie hy uiting gee, hulself sien; hy help die ideale van ‘sy mense’ formuleer. Maar hy kan ‘oop sien en sê’, of ‘toesmeer’. Laasgenoemde, byvoorbeeld deur

selfsensuur, veroorsaak egter 'n sekere afstomping; hy gebruik sy werktuie vir verkeerde doeleindes sodat die werktuie self oplaas aangetas word (*op.cit.*: 143).

In die meeste Westerse of Westers georiënteerde gemeenskappe (soos Suid-Afrika) is die intelligentsia 'n aanhangsel van die bourgeoisie. Die rol van die kunstenaar - die elite of die hanswors - is 'n uitgroeisel van daardie klas, sonder om noodwendig 'n geïntegreerde deel daarvan te wees. Dié rol sal slegs verander in 'n ander tipe magsverhouding tussen die kapitaliste en werkers en pagters. Dan - maar ook intussen reeds - kan hul kuns 'n strydmiddel wees en kan hul op 'n doeltreffende wyse meewerk aan die transformasie van die gemeenskap. Die ‘praat met meesters’ kan Dialoog wees, dit hoef nie Saampraat te wees nie (*op.cit.*: 144).

Indien die Afrikaner (-skrywer) se verhouding met ander mense in die land nie van 'n koloniale aard was nie, indien die ‘behoud van die stam’ (‘volk’) nie so 'n gelykmaker was nie, sou hul dalk hul eie klasseposisie beter kon insien. Die land staan egter op die punt van drastiese veranderinge, omwentelinge. Die skrywer kan òf deel van die probleem wees òf deel van die oplossing. Niemand weet hóé die omwenteling daar gaan uitsien nie, maar die Afrikaanse skrywer se enigste keuse is nou die wyse waarop hy deel wil (en kan) neem aan die oopgaan (*op.cit.*: 144-145).

Skryfwerk as sodanig is verset (*op.cit.*: 135), maar ook vanuit die meganisme van ‘skrywer wees’ kan veel vermag word in die stryd. Vanuit sy professie kan die wit skrywer druk uitoefen op die uitgewers sodat hulle kan begin omsien na die skrýwers se belange; op die owerhede deur te weier om hul werk te laat gebruik; op sensuurmeganismes deur boikot-aksies; op voorskryfinstansies deur die ‘uitwerk van die beklekkers en stertswaaiers in fakulteite’. Veral kan die Afrikaanse skrywer direk daarvoor sorg dat die verbode werk van medeskrywers, landgenote, andersdenkendes gedruk en versprei word (*ibid.*).

Die intellektueel wat hom skaar by die verdruktes, by die proletariaat terwyl hy beide van geboorte en van beroep tot die bevoorregtes behoort, ís 'n anomalie; hy beklee wel 'n posisie tussenin. Veral in 'n land soos Suid-Afrika waar die ooglopende uiterlike manifestasie of identifikasie van sy groep - die velkleur - 'n onafwasbare teken is en waar sy medium (die Afrikaanse taal) gebrandmerk is as werktuig en verskoning van die verdrukking. Tog kan 'n wit skrywer ‘al is dit dan deur 'n byna organiese gekraaktheid, op 'n manier redelik getrou uiting gee aan (juis hierdie) gevoel van tussen die vure sit wat deur heelwat Afrikaanssprekendes aangevoel word’ (*op.cit.*: 132-133).

Ná sy 1973-besoek aan Suid-Afrika brei Breytenbach in 'n onderhoud met *De Vlaamse Gids* (1974a: 10-31) uit op die gedagtes wat hy in die Kaap uitgespreek het oor die rol van die Afrikaanse skrywer. Enkele gedagtes uit hierdie lang onderhoud word uitgelig:

Die Afrikaanse skrywers verkeer onder enorme druk om te konformeer, om binne perke te bly. Hulle probleem is dus hoe om hulle los te maak van die verwerplike politieke bedeling waaraan hulle verbind is. En vir wie, namens wie, skryf hulle dan? Met wie, in wie se naam, om wat te doen (*op.cit.*: 14)? Tog, ten spyte van die druk waaronder hul verkeer om te konformeer, beklee die Afrikaanse skrywer as kultuurdraer 'n bevoorregte posisie in die gemeenskap.

Hy kan dus méér sê (en word toegelaat om meer te sê) as sy swart of Engelstalige wit landgenote (*op.cit.*: 13-14).

Dit is egter te betwyfel of Suid-Afrikaanse skrywers en hul werk werklik 'n ‘foyer’, 'n brandpunt van verset kan wees. Die kultuurfront is belangrik, maar nie soveel as byvoorbeeld die arbeidsfront of studentefront nie. Bowendien is daar nie genoeg Afrikaanse skrywers wat met ‘woord en daad’ bereid is om die politiek van apartheid te beveg nie en byna al die belanghebbende literatuur in Engels kan nie deur Suid-Afrikaners gelees word nie, omdat dit verbode is (*ibid.*).

As mense wat kommunikasie moontlik maak, het skrywers soms buitengewone mag - het hulle in ieder geval spesiale verpligtinge. Die Westers georiënteerde skrywer se werk kan verstewiging van die heersersklas se bewind wees - dan is hy die harpspeler in die voorkamer van bankiers, van fabrieksbase, van ministers, van die geestelike owerheid al is die spel ietwat vals. Òf hy kan kies vir dié wat werk vir die transformasie van die gemeenskap en só word hy dan deel van die stryd vir bevryding. Dit beteken egter *nie* dat die skrywer wat laasgenoemde keuse maak, aanvaar sal word deur die mense wie se kant hy kies nie. Inlywing by 'n ander klas kan immers net struktureel geskied - selfs nie die warmste méévoel met die stryd van verdruktes maak dat jy een van hulle wórd nie. Maar op die minste beteken dit dat só 'n skrywer nie meer in die klein huisie van sy eie persoonlike gevoeligheid opgesluit sit nie (*op.cit.*: 27).

Soos vroeër aangetoon, het Breytenbach sedert die laat sestigerjare toenemend gevoel dat dit nie genoeg is om in en rondom sy kuns die sosiale betrokkenheid van die literatuur te manifesteer nie, maar dat hy sy intensies moes bewys deur fisieke deelname aan die bevrydingstryd. Dit loop uit op sy skuldigbevinding ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Terrorisme in 1975. Ten spyte van sy aanvanklike ‘ommeswaai’ en bieg dat hy 'n ‘fout gemaak het’ en nie 'n ‘rewolusionêr’ is nie, kry Breytenbach die geleentheid om tydens sy tweede verhoor sy langstaande opvattings te herbevestig. Hy glo nog steeds dat die Afrikaanse skrywer 'n besondere rol het om te vervul, naamlik om aan die kaak te stel dat Suid-Afrika geregeer word deur 'n minderheid van die bevolking. Sy kritiese betrokkenheid (soos dié van Camus) blyk uit die credo: ‘Ek glo in die algemeen ook dat die skrywer moet kommunikeer oor dit wat hy om hom waarneem. Ek glo nie die skrywer moet hom ooit afsny van sy agtergrond, van sy mense, van sy gemeenskap of van die problematiek nie. Ek dink dit is baie moeilik om daardie kontak vol te hou en dit is partykeer gevaarlik. Die skrywer kan nie bekostig om enigiets toe te smeer of te verloor nie. Hy mag homself nie toelaat om te lieg nie. Hy moet sy woord gebruik as 'n soort ploeg waarmee hy alles kan blootlê. Al is dit soms nie konstruktief nie’ (Viviers, 1978: 173).

Wat is Breytenbach se oordeel oor die waarde van sy eie ‘betrokkenheid’ in hierdie fase van sy skrywerskap? In 1968 maak hy die stelling dat hy in ‘al sy werk’ stelling inneem teen apartheid en dat hy hoop om daarmee invloed uit te oefen (*De Volkskrant*, 6.11.68). In 1972 kwalifiseer hy hierdie uitspraak deur te stel dat sy vroegste werk slegs as artefak 'n politieke stellingname was. Tog word hy as 'n gevaarlike digter beskou omdat hy deur sy manier van lewe die

outoriteite ontstel het. Hy het sy posisie as skrywer uitgebuit deurdat hy gestalte gegee het aan onderdrukking en deurdat hy 'n gesprek ontketen het oor apartheid (*De Volkskrant*, 20.6.72). Hy verwerp die houding by lesers wat sê dat hulle polities nie met hom saamstem nie, maar sy poësie aanprys. Volgens hom kan die poësie nie losgemaak word van die bepaalde sosiale situasie waaruit dit voorkom nie, want dan maak jy daarvan 'n louter tegniese saak. Hy erken egter dat sy invloed net sover strek dat mense sy werk koop bloot as simboliese gebaar, vanweë sy huwelik met 'n Viëtnamees of sy steun aan die bevrydingsbeweging - dít word vir talle hulle eie vorm van protes (*ibid.*).

Tydens sy 1973-besoek aan Suid-Afrika maak Breytenbach, soos reeds aangetoon, dit vir homself uit dat sy poging om hom te skaar aan die kant van 'n groep waartoe hy nie organies behoort nie, minstens poëtiese uitdrukking gee aan die ‘gevoel van tussen die vure sit’ wat deur heelwat Afrikaanssprekendes ervaar word (1976: 133). Hy glo nie dat hy geïnteresseer is in provokasie ter wille van die provokasie nie, maar dat hy op sy manier probeer saamwerk vir die verandering van die houdings en verhoudings van en tussen mense (*ibid.*). Vir Breytenbach kom al sy digterlike ‘gepeuter’ terug na verhoudinge: ‘Dié tussen binne en buite, tussen mens en mens, tussen sê en sê, tussen ding en gewaarwording... Ek glo tog nie juis in onversoenbare paradokse nie; liewers in die verhoudings tussen uitgangspunte, in spanning tussen daardie paradokse’ (1976: 136; vergelyk ook sy ‘Monoloog deur 'n anus’ in 1980: 111).

Alhoewel 'n kunswerk se beoordeling berus op oorwegings wat bepaal word deur groepsbelange, het dit tog ook 'n biologiese lewe, 'n eie selstruktuur al belig verskillende tye verskillende vereistes. In die lig hiervan meen Breytenbach dat daar min van sy verse is wat volkome bevredigend is en dat die werk dikwels die indruk van collages gee: ‘Een ding is seker - dit gaan op die duur baie duidelik word dat die waarde van die werk veel minder gaan wees as wat die relatiewe lawaai van die afgelope paar jaar mens tans sal laat vermoed... My laaste werk... het 'n moralistiese strekking en selfs 'n prekerige toon... Bowendien is dit sonder werklike wortels in 'n gegewe omgewing en, is dit twyfelagtig of dit aanvaar word deur die mense aan wie dit gerig word’ (1976: 139).

In 1974, in 'n onderhoud met Willem Roggeman van *De Vlaamse Gids* wat hom onder meer uitvra oor die ontvangs van *Skryt*, stel Breytenbach dit dat daar 'n groot verskil bestaan tussen die opspraak wat sy werk in Suid-Afrika wek en die werklike impak. Hy glo sy werk het 'n groot skokwaarde, maar die skokwaarde word veroorsaak deur die politieke implikasies daarvan en hoe dit deur instansies soos die koerante gebruik of misbruik word. Sy werk is egter in die laaste instansie marginaal (1974a: 28). Ook in hierdie onderhoud verwys Breytenbach na die simboliese waarde wat sy (en ander wit ‘versetskrywers’) se werk het omdat dit beskou word as afkomstig van die bose. Hy twyfel egter of dit in der waarheid enige verskil gemaak het aan die openbare mening (*op.cit.*: 24).

In 'n gesmokkelde brief aan Marius Schoon terwyl hy in eensame opsluiting was, skryf hy dat die enigste waarde van sy ‘engagement’ was dat hy (ás Afrikaner en Afrikanerskrywer) 'n mate van invloed gehad het onder jong

Afrikaanse skrywers en studente - hierdie waarde is egter hoogstens dié van ‘doring-in-die-bos’ (Viviers, 1978: 128).

V
Reaksie van skrywers in die era van ‘verantwoordelike verligtheid’ op Breytenbach se siening van die rol van die skrywer

Breytenbach se sienings oor die sosiale rol van die Afrikaanse skrywer/intellektueel lei in 1968 'n diskoers oor ‘betrokkenheid’ in. Dit is veral sy uitsprake in *Kol* en tydens die Kaapse Somerskool wat reaksie uitlok en aanleiding gee tot argumente wat die Afrikaanse literêre sisteemgrense in die sewentigerjare versit. Hierdie verskuiwing is in 1970 voorspel deur Henry Katzew in 'n artikel in *Die Beeld* (18.1.70), wat hy geskryf het in reaksie op Rob Antonissen se positiewe *Kouevuur*-resensie in *Die Burger* (27.12.69). Hy het geglo dat die sewentigerjare gekenmerk gaan word deur 'n al groter aandrang op die ‘oop gesprek’ omdat die skeppende geeste onder die Afrikaners ten volle bewus is van die beperkinge wat gelê word op hulle reg om hulle volledig uit te druk en hul volk en land na regte te dien: ‘I believe we are set for the most creative and, intellectually speaking, for the most stimulating decade in the history of the Afrikaner. The battle, in essence, is between the “laager survivalists” and the “contact survivalists”, a conflict in no way represented by present groupings.’

Alhoewel Breytenbach hom reeds vroeër buite sy literêre tekste om uitgespreek het oor die sosiale funksie van die literatuur (byvoorbeeld in 1964: 12) is sy brief in *Kol* 1/1 (1968b: 8-13) en André P Brink se artikel ‘Tussen sestig en sewentig’ in dieselfde uitgawe (1968a: 2-5) die eerste gelyktydige standpuntinname van Sestigers omtrent die ‘taak’ van die letterkunde - 'n siening wat tot in hierdie stadium heftig ontken is deur al die Sestigers behalwe Breytenbach. Dit is egter te maklik om, soos Brink dit later doen (1983a: 27), die *Kol*-debat te herlei tot 'n ‘brief but fierce clash’ tussen twee duidelik geskeide groepe Sestigers: Etienne Leroux en Chris Barnard wat die saak van *l'art pour l'art* bepleit het teenoor Breytenbach, Brink en Rabie wat aangedring het op 'n táák vir die letterkunde. So 'n siening wil hê dat Breytenbach en Brink dieselfde literatuuropvatting gedeel het - wat nié die geval was nie, alhoewel daar raakpunte was. Die debat was eerder 'n prutpot van verskuiwende literatuuropvattings en van ideologiese verankerdhede.

Breytenbach se opvatting (uiteengesit in hoofstuk 5 IV) dat die Afrikaanse letterkunde en skrywer standpunt moet inneem teen die apartheidsbeleid (dit wil sê aanvaarde norme moet omverwerp), kom nie as so 'n groot skok soos Brink se pleidooi vir 'n literatuur wat, in mindere of meerdere mate, 'n ondersoek en 'n kontestasie van 'n gegewe sosiale struktuur is nie. Mede-Sestiger Bartho Smit (1968: 6-8) het dit inderdaad vreemd gevind dat Brink,

die leiersfiguur van Sestig, die groep se, en veral sy eie, bydrae reduseer tot 'n stryd om ‘'n paar vryheidjies (meestal seksueel van aard) en (nuwe) vorme’. Brink se artikel was egter nié 'n totale breuk met die literatuuropvatting waarvoor hy in die hoogbloei van Sestig gestry het nie. Soos hy in sy antwoord aan Smit uiteensit (1968b: 4-6), is hy wel bekommerd oor die politieke/sosiale dimensie wat afgeskeep is deur die jonger Afrikaanse letterkunde, maar hy bepleit nie 'n blatante *littérature engagée* nie: ‘Engagéheid as sodanig het nog nooit iets met die uiteindelike kunswaarde (estetiese integriteit) van enige werk te doen gehad nie’. Brink se nuwe bemoeienis met die sosiale funksie van die kunswerk sou egter maar ongemaklik inpas in sy ‘ou’ opvatting van die kunswerk as outonome verskynsel. Reeds in 1968 gee dit aanleiding tot teenstrydighede - veral as 'n mens sy uitspraak dat engagéheid *nie* die kunswaarde van 'n werk bepaal nie vergelyk met 'n ander uitspraak tydens die debat: Indien die skrywer nié sy land probeer óópskryf nie, impliseer dit dat ‘elke “neutrale” of “ontwykende” werk wat daar in Afrikaans verskyn, *ongeag* sy literêre verdienste, stilswyend aanvaar dat die *status quo* goed en reg is... (en) dan het (die skrywer) op sy minste aangedui dat dit goed en reg is om luit te speel terwyl Rome brand’ (1968a: 5). In latere kritiek op byvoorbeeld werke van Karel Schoeman (*Die Noorderlig*, 1975) en JC Steyn (*Dagboek van 'n verraaier*, 1978) keer die begrip ‘ontwyking’ inderdaad by Brink terug as 'n negatiewe waarde (vergelyk hieroor ook Johl, 1986: 145-146). Die *Kol*-debat dra die vroeë tekens van die ongemak waarmee Brink se outonomiebenadering die ‘las’ sou moes probeer dra van die sosiale of praktiese funksie wat onlosmaaklik deel is van die betrokke werk.

Bartho Smit se kritiek (1968: 6-7) teen Brink se aandrang op 'n deurbraak na die politieke en sosiale dimensie is dat dit 'n terugkeer na die ‘rassekwessie’ van die vyftigerjare is en na 'n ou literatuuropvatting wat veel waarde heg aan die ‘inhoud’ en ‘strekking’ van 'n literêre werk ('n beskouing wat vroeër deur Brink self afgemaak is as ‘windskeef’ omdat dit nié die kuns se taak is om die lewe se praktiese vraagstukke op te los nie). In sekere sin was dit seker 'n teruggryp na 'n vroeëre opvatting dat die literatuur 'n sosiale funksie het, maar Sestig het nuwe dimensies daaraan toegevoeg - die normdeurbrekende aard van hul werk (wat gedurende Sestig eerder gerig was op literêre en morele konvensies) sou rigtinggewend wees vir die ‘betrokke’ fase wat in die sewentigerjare volg.

Die heftige reaksie wat Breytenbach en Brink ontlok, het veral verband gehou met die feit dat skrywers hulle nie wou laat voorskryf nie en met uiteenlopende ideologiese verankerdhede. Dit is veral Etienne Leroux (1968: 2-6) wat daarop aandring dat die ‘goeie skrywer (kan) skryf net waarvoor hy lus het’ en dat die skrywer in die Weste vir hom die reg verower het om sy eie wêreld te skep en volgens sy eie reëls die menswees te verken in teenstelling met die Russiese skrywer wat 'n Taak het. Sy afwysing van Brink en Breytenbach se stukke as die soeke na ‘verhewe propagandisme’ is in sekere sin teenstrydig omdat sy eie romanopvatting uit die staanspoor veel meer *engagé* was as Brink s'n (soos uiteengesit deur Steenberg, 1972: 154-163). Slegs enkele fasette daarvan word hier uitgelig: die idee van die skrywer as vakman in verset teen volkstaboes - op

paradoksale wyse afhanklik van die gemeenskap om die kollektiewe materiaal te kry, maar tog nie in diens van die gemeenskap nie omdat hy ‘in sy eie wêreld leef’; die vooropstel van die gedagte-inhoud van die kunswerk bó die vorm; die verwerping van die skoonheidsteorie en die erkenning van die lewensgeldigheid as terrein vir die roman. Steenberg (*op. cit.*: 202) kom op grond van uitgangspunte soos hierdie tot die slotsom dat Leroux die roman binne die kader van sy beskouing wesenlik as *engagé* aanvaar (teenoor Brink se aanvanklike verwerping van só 'n opvatting). *Engagé* slaan hier op ‘betrekking hê op die werklikheid’, maar impliseer nie 'n ‘sosiale funksie’ in die vorm wat dit tot in die vyftigerjare in die Afrikaanse letterkunde gehad het nie, omdat die aanvaarding van die werklikheid as problematies en onontgin lei tot hoogs persoonlike singewing: die roman word resultaat van 'n persoonlike ontdekkende, vormgewende aktiwiteit en word as persoonlike poging en ‘eie wêreld’ aan die leser gebied. In die lig van sy romanopvatting wat wel die hele terrein van die werklikheid vir die roman toeëien en sy eie latere kontesterende romans, lyk dit of Leroux se besware teen Brink en Breytenbach se pleidooi om betrokkenheid nie soseer gebaseer is op 'n beswaar teen die beklemtoning van die gedagte-inhoud nie, maar eerder op die moontlike verskraling van ‘werklikheid’ tot die politieke/sosiale dimensie en op ideologiese verskille - veral met Breytenbach.

Adam Small (1968: 9-13) wys op die ideologiese determinante in Chris Barnard (1968: 14-18) se antwoord op Breytenbach se tweede vraag. Dié het naamlik gegaan oor die funksie van die Afrikaanse letterkunde in die huidige omstandighede in die land en was gekoppel aan vrae oor optrede in verband met die verbod op Engelse werke, die feit dat landgenote in die tronk sit oor hul andersdenkendheid en dat medeburgers oor die landsgrens wapen opneem teen verteenwoordigers van die Afrikaner se beleid en kultuur. Barnard sien die funksie van die Afrikaanse letterkunde só: ‘Dat hy my mense sal leer selfstandig dink’. Voortvloeiend hieruit beantwoord hy die daaropvolgende vrae: ‘Toe ek gepraat het van my mense wat moet leer dink, het ek ons Engelse skrywerskollegas... ingesluit, én die lede van die Publikasieraad. As ons eers geleer het om selfstandig en verantwoordelik te dink sal baie van (ons) Engelse skrywerskollegas nie meer boeke skryf wat in die ban gedoen sal word nie, die Publikasieraad sal nie meer boeke in die ban kan doen net omdat hulle gevaarlik lýk nie;... my geregsdienaars sal nie meer mense molesteer net omdat hulle anders dink nie en sal mense in tronke stop wat net genoeg verstand het om dinamietlonte brand te steek;... (verder) moet ek bely ek weet nie van medeburgers noord van my landsgrense wat die wapen teen my opgeneem het nie’. Barnard beskou die werk van swart skrywers wat verban is as ‘geen verlies nie’ en Nelson Mandela as ‘iemand wat sy mense voor die swyne wou gooi en gelukkig betyds gekeer is’.

Small vestig die aandag op die ideologiese implikasies wat Barnard se tweedeling (my mense/sy mense) - en Bartho Smit (1968: 8) se ons/'n swart meerderheid - inhou. Hy vra: ‘Wat maak (Barnard se mense) so uitsonderlik dat húlle in die hele malende wêreld 'n geleentheid gegun moet word... om so ver soos “selfstandig en verantwoordelik te dink” te kom? Want dit lyk vir my asof hy dít vir húlle verwag, maar vir ánder, wat dan óók nog nie “selfstandig en

verantwoordelik" dink nie, dat húlle "betyds" *gekeer* word.' Small voel dat daar by Barnard 'n die-tyd-is-nog-nie-ryp-nie-houding is wat spreek van die meedoënlose beeldspraak van die magsbekleërs. Small self meen ons sal moet 'minder mye en sye van dié soort' skep en meer bewus wees van ménse om ons, want 'wat baat dit jou tog dat jy die hele Afrikanerskap... wen, maar skade ly aan jou eie menswees?... Voortbestaan is nie die kwessie nie, maar *hoe* voortbestaan. Met die gees van 'n polisieman, of liewers... 'n hele paar polisiemanne, selfs die héle Veiligheidspolisie - in jou gees?'

Bartho Smit spel sy ideologiese parameters selfs duideliker uit as Barnard: '"Laat ons 'n slag waaragtig ons land óópskryf onder die son"... Daarin is ek... dit roerend met (Brink) eens. Maar dan óópskryf, nie vir 'n swart meerderheid ten koste van onsself nie, maar juis vir onsself wat tog seker net soveel reg het om hier te wees en hier voort te bestaan, al hoef en mag dit nie ten koste van die ander te wees nie...'.

Leroux is totaal téén Breytenbach se radikale simpatie of affiliasies met Lenin, Mao, Ché Guevara - ook met Bram Fischer, Nelson Mandela en uitgeweke swart skrywers. Hy glo dat 'as jy politikus en rewolusionêr wil wees, moet jy 'n gevangenis aanvaar as jou tweede tuiste' - iets wat soos 'n voorspelling klink as dit saamgelees word met 'al sit jy en Lewis Nkosi en al die verlatenes in die tronk...'. Leroux sit ideologies nié om dieselfde vuur as Breytenbach nie en maak daar geen geheim van nie: 'Ek sal (jou) optrede... veroordeel; ek sal (jou) selfs skiet met 'n .303 as (jy) my veiligheid en my familie bedreig...' Tog onderskei Leroux tussen Breytenbach as politikus en rewolusionêr, en Breytenbach as skrywer. Al soú Breytenbach en Nkosi in die tronk sit, sal hy - as skrywer - 'saam met hulle wees'; al sou hy Breytenbach wou skiet vir sy optrede, 'het ons 'n bloedband as skrywers'.

Hierdie onderskeid tussen mens en skrywer is 'n opvatting wat tot 'n spits gedryf is in die hoogbloei van die outonomistiese benadering - deels ook omdat die Sestigers dit as 'skerm' teen die aanvalle van hul publiek kon gebruik. Leroux voer dit in hierdie *Kol*-debat deur tot 'n skeiding tussen 'n skrywer se ideologiese opvattings en sy vakmanskap: 'Ek was... onder die indruk dat die skrywer geen antwoord op vrae ten opsigte van sy politieke opvattings, persoonlike lewe, rol in die maatskappy, houding ten opsigte van brandende vraagstukke aan iemand verskuldig is nie. Ons moet oppas dat ons nie, buite die skryf om, eise gaan begin stel aan skrywers nie...' Chris Barnard gee wel toe dat politiek, kultuur, letterkunde, moraliteit, ensovoorts, nié in waterdigte hokkies van mekaar te skei is nie, maar glo dat die 'taak van die skrywer' ander eise aan hom stel as om polities betrokke te wees. Barnard en Leroux se skeiding van die mens en kunstenaar verskil uiteraard hemelsbreed van Breytenbach se eie sienings hieroor - 'n siening wat deur Small onderskryf word: '...elkeen van ons (is) een mens, sonder stukkies. En van dié waarheid kan jy nou maar net nie ontslae raak soos ons politici en hulle trawante nie, wat nou in hierdie "kapasiteit" en dan in daardie "kapasiteit" kan klim nie, wat so kan in-en-uit-kapasiteit nie...'

Uit hierdie debat blyk nie net dat sommige skrywers se nuwe eise vir die literêre teks moeilik begin inpas in die keurslyf van die outonomiebenadering

nie (terwyl ander hard probeer keer dat die walle van hul ‘eie wêreld’ nie wegkalwer nie), maar ook dat die destydse toonaangewende jong kritici probleme ondervind met Breytenbach en Brink se aandrang op ‘betrokkenheid’. Ampie Coetzee (1968a: 7-8) wys daarop dat Sestig juis 'n nuwe funksie aan die kritikus opgedwing het, naamlik om die (voornemende/bevooroordeelde) leser te leer om net die werk te lees en hom nie te steur aan wie of wat (watter soort ‘boetie’) die skrywer is nie. Teen die einde van Sestig duik die verskynsel van die skrywer binne sy werk egter op en die taak van die kritikus in die sewentigerjare sal moet wees om dit te motiveer: ‘Om nog altyd die werk as werk te lees, miskien met die skrywer as deel daarvan deur sy doelbewuste betrokkenheid daarmee - of as brug tussen werk en politieke, sosiale werklikheid.’ Coetzee glo egter dat die ‘estetiese stryd’ sal voortduur, want alleen as die ‘estetiese’ bewys is, sal die kritikus met 'n ‘vrymoedigheid kan verdedig’ - kritiese beginsels mag dus nié tweede viool begin speel ter wille van die eerlike ondersoek na die Suid-Afrikaanse wêreld waarin ons leef nie. As kritikus vra hy op die vooraand van ‘betrokkenheid’ van die skrywer: ‘Kontesteer, val aan, staan oop vir probleme, betrek die politiek. Maar is dit nie gevaarlik om so op loop te gaan met die bestryding van en fulminasies teen die euwels in die wêreld, en veral dié in Suid-Afrika, dat jy vergeet dat jy *kunstenaar* is nie? Want ons het geleer - en ons sal seker in Sewentig nog méér moet leer... - om net die *werk* te beoordeel’. Komende van 'n kritikus wat later een van die weinige Marxistiese kritici in Afrikaans sou word, wys hierdie uitlatings van Coetzee vooruit op die stryd wat in die dekade van sewentig gestry sou word oor die outonomiebenadering wat oënskynlik in Sestig die skrywer - en kritikus - bevrý het, maar allengs as 'n inperking ervaar sou word.

Tydens die Kaapse Somerskool van 1973 is dit nie net Breytenbach en Brink wat skrywers oproep tot politieke betrokkenheid nie. Al hoe meer stemme het bygekom vir ‘verandering’. Reeds in sy openingsrede wys adv. DP de Villiers daarop dat daar skaars meer geredeneer kan word oor die noodsaaklikheid van ‘dringende verandering en aanpassing in ou gevestigde lewenspatrone’; skrywers behoort hulself af te vra of hulle nie 'n ‘wesentlike taak’ in die ‘maatskaplike veld’ het nie (Polley, 1973: 14). In sy referaat oor die verhouding tussen letterkunde en samelewing respekteer die filosoof JJ Degenaar die woordkunstenaar se outonomie, maar hy vra tog dat die skrywers die heilige koeie moet slag wat ons weerhou van 'n volwaardige saamlewe: ‘Erken dat die samelewing nie staties is nie, maar dinamies en in 'n rigting beweeg (moreel of immoreel) wat deur die letterkunde medebepaal word’ (*op.cit.*: 159). Jack Cope en Adam Small beskuldig die Sestigers direk daarvan dat hulle in die valstrik van formalisme beland het en dat hul intense konsentrasie op vorm en tegniek 'n ontvlugting van wesenlike stydvrae soos politiek en rassisme was (*op.cit.*: 151 en 144). Selfs Chris Barnard, wat in 1968 'n ivoortoring-literatuuropvatting nagehou het, vra nou dat die letterkunde nie gereserveer word vir die esoteriese en sogenaamde universele dinge nie, maar die ‘aktuele en dwingende probleme van ons subkontinent, die angste en onsekerheid wat uniek is aan ons geslag mense hier in Suid-Afrika, die politieke spanning waaraan ons blootgestel is’ weerspieël (*op.cit.*: 98).

Op Breytenbach se oproep tot betrokkenheid, reageer Brink met: ‘Breyten has done his duty - now it's up to us’ (*TCT*., 16.2.73). Hy meen daar moet nie net oor die sosiale dimensie van die letterkunde gepráát word nie:

> Dit is tyd dat ons... iets daaromtrent doen. Sodat enigiemand wat vandag in die gehoor sit, die reg kan hê om oor sê, 'n jaar aan elkeen van ons op die naam te kan vra: *Wat het jy gedoen om te bewys dat dit jou erns was toe jy gesê het dat jou gewete jou ‘betrokke’ wil maak?* (1973a: 125)

In *Standpunte* van dié jaar herhaal Brink onder die opskrif ‘Op soek na Afrika’ sy oproep tot 'n groter mate van ‘betrokkenheid’ by die Suider-Afrikaanse sosiaal-politieke aktualiteit (1973b: 1-9). Hy word in die sewentigerjare die groot kampvegter vir ‘betrokkenheid’. ('n Uiteensetting van Brink se ideologiese en teoretiese uitgangspunte word gegee deur Van Zyl, 1988: 12-39.)

Tydens die Sestiger-‘saamtrek’ is daar nie werklik ernstig gedebatteer oor Breytenbach se lykrede op die ‘nog warm lyk van Sestig nie’. Daar was egter wel dié skrywers wat nie so entoesiasties was oor Breytenbach en Brink se oproep tot betrokkenheid nie. Die neiging onder dié skrywers was om die politieke betekenis van hul sogenaamde nie-politieke houding te ontken (vergelyk hieroor PP Louw, 1973: 25). Etienne Leroux was die belangrikste voorstander van die nie-politieke houding: ‘My tema word nie beperk in terme van politiek-sosiale probleme nie. Ek probeer die mens sien buite hierdie bepalende verband; in 'n sekere sin probeer ek die roman vry maak van die politiek - politiek in 'n eng sowel as in 'n breë sin; selfs, indien moontlik, ook vry van die politiek van die letterkunde. Die politieke neiging is altyd links...’ (Polley, 1973: 133). P.G. du Plessis glo dat elke skrywer sy eie keuse gegun moet word en dat eksterne faktore soos politieke druk nie ter sake moet wees nie - hy self verkies die soeke na 'n ‘dieper realiteit’, verby die ‘tydelik-politieke’ na die ‘onveranderbare grondmateriaal’ (*op.cit.*: 84 en 85). Adam Small is die enigste Sestiger wat tydens die kongres Breytenbach in die openbaar afwys: ‘Breyten's lamentation was one in which I thought I detected the voice of a dying Europe, of a dying “West”, in which there is little joy, if any, anymore. It is a voice related to the voice of a White South African eaten by fear, eaten by dread, haunted... by insecurity. Breyten's voice... is basically... the voice of a White South Africa bewailing itself, lamenting its sins, and - to be quite blunt... thus salving its conscience, perhaps even “getting a kick out of it”’ (aangehaal deur PP Louw, 1973: 30).

Louw meen hierdie ‘vervalsing’ van Breytenbach se sienings en posisie as die ‘stem van wit Suid-Afrika’ kan nie net aan misverstand toegeskryf word nie, veral nie in die lig daarvan dat Small bereid was om Brink en al die ander Sestigers te aanvaar nie. Hy wonder of dit nie eerder toegeskryf moet word aan die feit dat Breytenbach nie vir Small uitsonder as hy Sestig beskryf as stamgebonde, pretensieus en reaksionêr nie. Louw self sonder Breytenbach uit as ‘the only true voice of South Africa, the voice of all our people, the voice of the single, undivided nation struggling to come into its own’. Hy voer, met verwysing na ander uitsprake van Small, aan dat die aanspraak wat Small maak

dat hy Afrikaans is, maar nie 'n Afrikaner nie, vals is - hy het homself nog altyd beskou as 'n ‘bruin Afrikaner’ en dit wys in al sy werk: die houding en waardes wat daarin gereflekteer word, is Mikroaans en daarop ingestel om 'n beroep te doen op die hart van die Base (*op.cit.*: 31-35).

WA de Klerk (*Rap.*, 21.3.73) waarsku teen die ‘oorname’ deur BBB (Breytenbach, Brink en Buthelezi), maar ontken nie dat letterkunde ‘polities’ kan wees nie; sy beswaar is teen Breytenbach se ‘onvermengde, ongenuanseerde aanklag’ wat nie 'n ‘universele dimensie’ het nie: ‘Breytenbach's political poetizing, and his general writing would need to transcend its rage and return to terror and pity - not pity for any special cadre of humanity, but pity for the human race as such, in bondage.’

Alhoewel skrywers soos Breytenbach en Brink se ‘ekstreme’ formuleringe oor betrokkenheid in die letterkunde nie op alle Afrikaanse literatuur van die sewentigerjare van toepassing is nie en Brink self later met Hennie Aucamp se pleidooi vir die literatuur van die ‘private ache’ (*Bu.,* 5.6.75) akkoord gaan, toon die hoofstroom van die Afrikaanse letterkunde in die sewentigerjare wel 'n groter mate van gemoeidheid met Afrika en sy problematiek as vroeër (vergelyk hieroor Kannemeyer, 1983: 230). En Brink se vraag - is daar nog geen Afrikaanse boek verbied nie omdat ons dalk nog niks geskryf het wat verbied werd is nie? (Polley, 1973: 30) - word in die sewentigerjare ‘beantwoord’ deur die verbod op werke van Breytenbach, Brink self én Leroux - die teenstander van polities betrokke literatuur.

Volgens Johl (1986: 19-20) hoort hierdie Sewentiger-tekste tot verskillende variëteite van ‘betrokkenheid’. Aan die een kant is daar Brink se eie oeuvre (‘wat in die poësie van Breyten Breytenbach 'n soort parrallel vind’) wat gestalte gee aan sy eksistensialistiese opvatting van ‘betrokkenheid’ wat, volgens haar, neerkom op 'n ‘onverbloemd en eensydig afwysende en aftakelende’ houding teenoor die Suid-Afrikaanse politieke bestel en instansies wat dit in stand hou en wat geassosieer word met die ‘opstand’ van die individu teen die *status quo*. (Ook Ia van Zyl (1988: 19) voer aan dat dit 'n spesifieke soort ‘betrokkenheid’ is waarvoor Brink as kampvegter optree en dat hy die *littérature engagée* afkeur as dit bots met sy ideologiese uitgangspunte, maar dit as imperatief sien as dit met sy eie ideologiese uitgangspunte ooreenstem. Aan die ander kant is die tekste van byvoorbeeld JC Steyn, Karel Schoeman, Leroux en Elsa Joubert voorbeelde van ‘aktuele literatuur’ omdat dit krities gemoeid is met die problematiek van die aktualiteit, sonder dat dit 'n partydige standpunt propageer of ‘oplossings’ aandui.

In die ‘betrokke’ fase van die Afrikaanse literêre bestel het die outonomiebenadering tot die literatuur toenemend ontoereikend geword as gevolg van die klem wat dit geplaas het op die isolering van die werk en sy selfstandige, selfgenoegsame (geïsoleerde) bestaan en op fiksionaliteit of die verbeeldingsaspek van die kunswerk. As voorbeeld van die toenemende teenstrydighede wat gespruit het uit skrywers se skeppende ‘betrokke’ aktiwiteite en pogings om dit op een of ander manier te versoen met aspekte van die outonomiebenadering (wat gelei het tot ‘verligte’ en ander variante van die opvatting) word hier

kortliks gewys op Brink se uitsprake rondom *Kennis van die aand* (Johl, 1986: 126-128 en 147-156 gaan uitvoeriger daarop in).

In sy voorwoord tot die eerste druk van *Kennis van die aand* (1973) erken Brink dat die ‘klimaat en geskiedenis en omstandighede’ waaruit die verhaal kom na ‘herkenbare werklikheid’ mag lyk. Wanneer hy egter gekonfronteer word met die werklikheidsgerigtheid van die roman (die verhouding tussen die roman en die Suid-Afrikaanse aktualiteit) beroep hy hom in sy beëdigde verklaring (opgeneem in 1985a: 90-96) ter ondersteuning van die appèl teen die verbod op die roman op die outonomie van die teks waardeur dit as kunswerk van ‘werklikheidsweergawe’ onderskei word. Sy standpunt is dat ‘die literêre werk 'n woordwêreld in eie reg tot stand bring, waarin ooreenkomste met die wêreld daarbuite glad nie ter sake is nie’; die funksie van die ooreenkomste van elemente in die werk met dié in die aktualiteit dien alleen maar om 'n ‘werklikheidsillusie’ te skep, om die ‘roman se geloofwaardigheid, as woordwêreld te versterk’. (In die 1982-uitgawe van *Kennis van die aand* is die voorwoord of skadeloosstelling weggelaat.)

Ook die debat rondom die nie-toekenning van die 1974-Hertzogprys aan Breytenbach, onderstreep die dilemma van literatore wat nie afwysend staan teenoor kontesterende tekste nie, maar wat nog 'n saak probeer uitmaak vir die selfstandigheid van die literêre teks en die skeiding van skrywer/mens en teks/werklikheid.

VI
Die 1974-Hertzogprys

In die woelinge om die Hertzogprys-toekenning van 1974 staan ‘betrokkenheid’ en die politieke profiel van Breytenbach as een van die kandidate sentraal.

Die belangrikste aanspraakmakers vir die 1974-Hertzogprys was Ernst van Heerden (*Teenstrydige liedere*); Elisabeth Eybers (*Kruis of munt*); WEG Louw (*Naggesprek*); Uys Krige (met 'n bundel keurgedigte) en Breyten Breytenbach (*Met ander woorde* en *Skryt* - bundels wat 'n minder entoesiastiese ontvangs as sy voriges gehad het).

Die Engelse pers voorsien dat Breytenbach nie 'n kans staan om te wen nie: ‘For the Akademie has taken a rightwing turn. (And) members of it forecast that the next literary committee, chosen from the ranks, is bound to be even more conservative and anti-Breytenbach’ (*Star*, 2.3.74). (Die ‘swaai na regs’ het plaasgevind toe 'n groep binne die Akademie dit reggekry het om 'n onverwagte staatsgreep in die Akademieraad uit te voer. Regter Victor Hiemstra se ‘verligtheid’ is gebruik om hom uit die voorsitterskap van die Akademieraad te hou - vergelyk *Rap.*, 30.11.75.) Volgens die *Star* is Breytenbach heel waarskynlik gevonnis tot ‘lifelong dispossession of the prestige Hertzog Prize’; ‘the lengthy pawn game to keep him forever out of the elite inner circle of

Afrikaans literature will have succeeded. Those who see the language as a tool of Afrikaner Establishment will have won. The danger in this process is that the Hertzog Prize itself will become devalued coinage. One that may eventually be refused by other Afrikaans writers'.

Hoofstad wys daarop dat 'elke jaar se kortstondige spel - die raai oor wie die gesogte Hertzogprys gaan kry' daardie jaar afspeel teen 'die agtergrond van letterkundige onrus in ons land soos min', naamlik die twis om Brink se *Kennis van die aand*. Die sewe keurders sit met 'die warmste patat in jare' met Breytenbach, 'bitsige vyand van die land', weer eens die wentelpunt van die twis (*Hoofst.*, 8.2.74).

Skrywers en literatore hou in 1974 uiteenlopende menings na oor Breytenbach se kanse. Maar weer eens beroep hulle hul almal op literêre gronde. Chris Barnard meen: 'Suiwer op letterkundige meriete beoordeel, is dit nie vir my 'n uitgemaakte saak dat Breyten Breytenbach die Hertzogprys moet kry nie. Drie jaar gelede was sy kanse myns insiens heelwat beter. Sy twee werke wat vanjaar in aanmerking geneem word, handhaaf nie die peil van sy vroeëre werk nie. As Uys Krige dus vanjaar die Hertzogprys kry vir die jongste keur uit sy gedigte sal ek, en baie ander saam met my, nie noodwendig aanvaar dat die Akademie Breytenbach se werk op nie-literêre gronde geïgnoreer het nie'. Volgens hom word die Hertzogprys 'nie toegeken op grond van politieke diens aan volk en vaderland nie - dis 'n letterkundige prys, niks minder nie en niks meer nie', daarom sal Breytenbach egter wel 'vroeër of later sy dag kry' en die Hertzogprys ontvang op grond van sy vermoëns as woordkunstenaar. (*Hoofst.*, 8.2.74). Ook PD van der Walt meen Breytenbach is, 'suiwer literêr gesien' laag op die lysie van aanspraakmakers: 'Van 'n grondige vernuwing en groei wat tema en tegniek betref, was daar nie sprake nie. Hy het in 'n self-ykende proses verval, 'n eie soort retoriek. Wat sy politieke verse betref, raas hy te veel, betoog hy te veel, word sy kuns 'n soort kruisvaartkuns'. Van der Walt voeg egter ook, naas sy literêre redes, by dat dit vir hom moeilik is 'om die gees van Breyten se latere werk te versoen met die Hertzogprys en alles waarvoor dit staan' (*Va.*, 8.3.74).

Ander ingeligte lesers voel egter dat Breytenbach die sterkste aanspraakmaker vir die prys behoort te wees. JC Kannemeyer beskou wel nie die betrokke twee bundels as die digter se beste nie, maar hy glo dit bevat 'verse wat tot die beste in Breytenbach se oeuvre behoort en wat tot die grootste gedigte in Afrikaans gereken kan word'. Daarom hoop hy dat die Akademie die 'moed en die oortuiging (sal hê) om - ondanks die politieke verskille wat kan bestaan - die Hertzogprys... aan Breytenbach toe te ken en op dié wyse een van die grootste digters wat nog in die Afrikaanse taal geskryf het, te vereer' (*Ogb.*, 7.3.74). Ampie Coetzee meen dat as die Hertzogprys ''n prys was wat net van gehalte afhang, sou die prys vir poësie moet gaan aan Breytenbach vir sy *Skryt* en sy *Met ander woorde*... want gedigte uit die bundels, soos "Die beloofde land", "Die lewe in die grond", "Vlerkbrand", "Die wit perd", "Op reis na die Suide" is die beste gedigte wat die afgelope drie jaar in Afrikaans verskyn het'. Maar 'ongelukkig skryf Breytenbach oor kontensieuse politieke dinge soos byvoorbeeld swart kinders wat in Suid-Afrika doodgaan van die honger. En ons

weet almal dis nie waar nie'. Omdat die Hertzogprys die kwalifiserende aanhangsel bygekry het dat die bekroonde werk binne 'n sekere Christelike en nasionale lewenshouding geskryf moet wees, sal Breytenbach nie die prys kry nie - al skryf hy goeie gedigte (*Hoofst.*, 8.2.74). Coetzee staan die beginsel voor dat die 'mens-agter-die-boeke' nie behoort mee te spreek by literêre beoordeling nie - al wat behoort te tel, is 'die literêre beginsel dat die wérk geld en nie die man wat dit geskryf het nie'. Omdat die Akademie nie só redeneer nie, sal Breytenbach nie die prys kry nie. Vir Coetzee bly daar dus net een besluit oor vir die Letterkundige Kommissie om te verseker dat die Hertzogprys 'n betekenisvolle prys bly, naamlik om te sê: 'Volgens gehalte moet Breytenbach die prys kry, maar ons hou nie van hom nie, hy hou nie van ons nie, hy hou nie van ons Regering nie - daarom gee ons nie vir hom die prys nie. Deur nie 'n toekenning te maak nie, erken ons dat hy die beste digter is, en dat ons nie 'n Hertzogprys toeken vir 'n tweede beste nie' (*Ogb.*, 7.3.74).

Dit is Etienne Leroux, wat self as Hertzogprys-wenner met *Sewe dae by die Silbersteins* 'n groot letterkundige rusie ontketen het, wat daarop wys dat dit *nie* net literêre meriete is wat die maatstaf by prystoekennings is nie - of ons dit wil erken of nie, politieke oorwegings, oordele en vooroordele, spéél 'n rol daarby: 'Dis eenvoudig die gang van sake, want geen kontemporêre beoordelaar kan volkome objektief wees nie; dis alleen 'n historiese terugblik wat soms die skyn van objektiwiteit het.' Leroux vergelyk die beginsel wat ten grondslag lê van die kies van 'n literêre pryswenner met dié van die keuse van skoonheidskoninginne: Dis nie slegs die voorkoms wat tel nie, maar ook die persoonlikheid, die innerlike gloed. In die geval van die Hertzogprys is dit die politiek en literêr-politieke aanvaarbaarheid. Hy dink dus Breytenbach het nie 'n 'snowball's hope' nie - 'En hy het self daarna gesoek. As hy die Akademie en sy mense in die oog spoeg, dan is hy skaars 'n kandidaat vir die prys' (*Hoofst.*, 8.2.74).

Breytenbach sê vanuit Parys dat hy die saak maar van ver af volg: 'Daar is blykbaar 'n soort herhalende krisis in die Akademie oor my. Ek weet nie of dit polities, persoonlik of van 'n ander aard is nie.' Hy bring ook 'literêre meriete' in die spel as hy sê dat hy nie weet wat hy sal doen as die Hertzogprys aan hom toegeken word nie, maar sy werk in die afgelope drie jaar regverdig dit nie - 'daar is 'n hele paar digters... wie se jongste werk ek as van 'n hoër peil as myne beskou'. Hy meen egter dat geen toekenning van die Akademie 'n uitwerking kan hê op die vordering van die Afrikaanse taal en kultuur nie: 'Die Akademie is vir my soos twee mans wat op 'n spoorlyn baklei omdat die ander sy albasters afgeneem het. Intussen snel 'n trein volstoom op hulle af' (*Ogb.*, 9.3.74).

Die Letterkundige Kommissie kom in 1974 'onder dramatiese druk bymekaar, veral in die lig van die sterk klimaat wat jonger Afrikaanse literatore vir 'n bekroning van Breytenbach probeer veroorsaak het' (*Rap.*, 10.3.74). Bykomende spanning word veroorsaak deur die optrede van een van die Kommissielede, wat in die binnekring as verdagmakery geïnterpreteer kon word. Ernst Lindenberg rig naamlik in *Rapport* (17.2.74) 'n verwyt na die kant van drie lede van die Kommissie wat ook in die Publikasieraad dien: AP Grové, H van der

Merwe Scholtz en TT Cloete. Volgens Lindenberg behoort hulle hul aan die Akademie se keurkomitee te onttrek.

Vermoedelik ook as gevolg van Lindenberg se verwyt (*Rap.*, 10.3.74) woon Cloete nie die keuringsvergadering by nie en word sy plek geneem deur Elize Botha, sy sekundus. Die ander keurders is: Grové (wat voorsitter is in die plek van WEG Louw wat hom moes onttrek omdat sy eie werk op die kortlys is), Scholtz (wat as sekundus Louw se plek in die kommissie neem), CJM Nienaber, Ernst Lindenberg, CA van Rooy en Audrey Blignault.

Op 8 Maart vergader die Kommissie. Die stemming is vier vir Uys Krige, twee daarteen. Van dié twee was, na wat *Rapport* (10.3.74) verneem het, een vir Breytenbach en ‘as dit nie prof. Lindenberg s'n was nie, maak niks in die literêre politiek meer sin nie’. Dié koerant bespiegel dan dat die minderheidsverslag wat ten gunste van Breytenbach ingedien sal word, van hóm kom. Die aanbeveling van die Kommissie wag nou op bekragtiging van die Fakulteitsraad en die Akademieraad voordat 'n aankondiging gedoen word.

Op 22 April 1974 kondig die Akademieraad aan dat die 1974-Hertzogprys vir poësie aan Uys Krige toegeken is vir sy bydrae tot die Afrikaanse poësie. Die motivering opgestel deur CJM Nienaber word gepubliseer in *Die Burger* van 23 April. Teen sommige se verwagting in, besluit Krige nié om die toekenning van die hand te wys nie (*Tv.*, 6.5.74).

Op versoek van *Rapport* skryf Breytenbach 'n brief van gelukwense aan Krige wat in die koerant gepubliseer word (12.5.74). Al weet hy dat dit na ‘suur druiwe’ mag lyk, formuleer Breytenbach weer sy standpunt oor die Akademie. ‘Jy weet hoeka wat ek van die Akademie-van-Witmanskap-en-Aars dink: dis 'n instelling en 'n uiting van Afrikaner-nasionalisme net soos die Broederbond en Apartheid... en Boss... dit is, ek bedoel dat elk van hul 'n veiligheidsdiens op sy of haar terrein is.’ Oor keurders en pryse het hy sy bedenkinge: ‘Hoe literatore oor die skrywe kan oordeel, sal ek tog nooit begryp nie, veral wanneer van hulle nog sensjôrs ook is...’; ‘kompetisie’ en pryse lyk vir hom ‘uit die bose’.

Hierdie ‘brief aan Uys’ verskyn in die tyd toe daar 'n woeste storm woed om Breytenbach, ontketen deur die publikasie van Ernst Lindenberg se minderheidsverslag ten gunste van die toekenning van die Hertzogprys aan Breytenbach. Hy beroep hom op literêre maatstawe en sonder enkele gedigte in *Skryt* uit as ‘nie alleen die allerbeste Afrikaanse verse uit die betrokke periode nie, maar (as) onmisbare bydraes... tot die blywende Afrikaanse poësieskat’. Hy gee toe dat die politieke gedigte in *Skryt* ‘nie die peil van die ander handhaaf nie’, maar in elk geval nie so eng en uitsluitend is dat hulle net op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing is nie. Ten spyte van wat Breytenbach sê wat mense die harnas injaag (‘en selfs sy bewonderaars in die verleentheid stel’) bly sy werk volgens Lindenberg 'n groot aanwins wat al die tydelike omstandighede sal oorleef. Dit verdien dus ruimskoots die hoogste erkenning. Dat dit nié gebeur het nie, skryf Lindenberg toe aan die feit dat die Akademie nie ‘ruim genoeg (kon) wees om bo die kleinlike en persoonlike en politieke dinge uit te styg nie’. Die toekenning aan Krige is verder ook die eindresultaat van ‘'n reeks

onreëlmatige omstandighede' wat deur Lindenberg uiteengesit word (*Rap.* 28.4.74).

AP Grové en TT Cloete antwoord in *Rapport* (28.4.74) 'op versoek van' die Akademieraad op Lindenberg se aantygings. Hulle voer aan dat by die 1974-besluit van die Letterkundige Kommissie, net soos in die verlede, slegs literêre kwaliteit ter sprake was. Lindenberg bring nou egter Breytenbach se politieke betrokkenheid na vore en dwing die Akademie om sy jarelange swyging oor Breytenbach die politikus en mens-agter-die-boek te verbreek. Die wyse waarop Grové en Cloete op Lindenberg se stuk gereageer het, bevestig in der waarheid wat nog altyd as beskuldiging teen die Akademie aangevoer is - naamlik dat ideologiese faktore *wel* 'n rol speel by besluite oor die toekenning van dié prys. Grové en Cloete verwerp Lindenberg se siening dat Breytenbach se politieke gedigte wyer toepaslik (dit wil sê 'universeel') is - volgens hulle is dit uitsluitend van toepassing op Suid-Afrika. Aan die hand van uitsprake deur Breytenbach voer die Akademie se segsmanne aan dat 'die eer van die Akademie, die prestige van die Hertzogprys en die belange van die Afrikaanse letterkunde' nie veel werd is vir Breytenbach nie. Grové en Cloete se standpunt-inname bevestig vir Lindenberg dat die Akademie Breytenbach nie bekroon nie vanweë sy politiek (*Hoofst.*, 1.5.74).

In briewe wat Cloete hierna aan die pers skryf, word alle pretensie laat vaar dat hy as leser 'suiwer literêr' oordeel oor 'n skrywer soos Breytenbach. Hy voel dis ongerymd dat daar aanvaar word dat 'n skrywer polities mag skryf, maar dat 'n beoordelaar nie polities mag oordeel nie. Cloete glo dat 'n skrywer soos Breytenbach 'n taal en 'n volk kan bedreig: 'Natuurlik kan een man met al die moderne kommunikasiemiddele tot sy beskikking, dit doen. Ook deur beïnvloeding. Selfs één woord kan geweldig vér reik'. En Breytenbach staan ook nie só alleen nie: hy het homself (volgens koerantberigte) solidêr verklaar met terroriste en vryheidsvegters, met mense soos Ezekiel Mphahlele, Lewis Nkosi, Alex La Guma, Dennis Brutus, Themba, Modisane, Malcolm X, Ho Ssji Minh en selfs Lumumba deur sy assosiasie met die ANC, PAC en AAM. Cloete glo ook dat Breytenbach nie alleen staan onder die skrywers in Suid-Afrika nie; sy besoek in 1973 aan ''n sekere universiteitskampus' het heelwaarskynlik ook verband gehou met die opstande wat daarop gevolg het. Cloete meen dit is goed en reg dat Breytenbach die eer gegee word wat hom toekom as skrywer - hy self het al dikwels op die verdienste van sy werk gewys - 'maar as ons polisie op ons grense gedood word, kan ons nie ons oë sluit vir dié literatuur tussen ons nie. Sekere verskynsels in die hedendaagse Afrikaanse literatuur gee my slapelose nagte'. Cloete voel hy het 'n verantwoordelikheid teenoor die literatuur, maar hy het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die jong mense wat militêre opleiding doen, teenoor die polisie op ons grense en sy eie kinders (*Va.*, 8.5.74).

In 'n onderhoud met *Die Transvaler* (10.5.74) praat Cloete 'as burger van die land wie se vak die literatuur is'. Hy sê dit is so dat ons as lesers dalk ons skrywers en ons letterkunde kan bedreig, maar omgekeerd is dit ook so dat 'die skrywers en die literatuur ons hele bestaan kan bedreig en daarmee ons taal en ons voortbestaan'. In *Die Vaderland* (23.5.74) haal hy breedvoerig aan uit uitsprake van Brink en Breytenbach om te bewys dat dié skrywers self politieke

argumente by die beoordeling van letterkunde ter sprake bring en dus nie-politieke of sogenaamd suiwer literêre oordeel verwerp. (Hierdie aanhalings kom ooreen met dié in die 'Broederbondstuk' wat ongeveer in hierdie tyd deur Cloete opgestel is en in hoofstuk 4 IV bespreek word.)

Cloete brei uit op sy argumente in *Buurman* (1974: 37 en 40) en spreek hom uit téén die outonomiebenadering. Hy reageer in hierdie artikel op JC Steyn (1973, 1974a en b) wat in uitsprake oor 'versetskrywers' in Afrikaans die standpunt inneem dat daar slegs gekyk moet word na 'die werk wat voor ons lê' en dat ons alleen 'uit en deur die teks self' moet leer ken en nie moet kyk na die ideologiese raamwerk daaromheen nie. Cloete glo dat hierdie uitgangspunt (wat oorspronklik van Van Wyk Louw kom) 'met onderskeidingsvermoë en nie absolutisties' opgeneem moet word nie, want Louw het alleen gewaarsku teen irrelevante (meestal psigologistiese) gegewens agter die boek. Cloete meen ook dat 'n ander standpunt van Steyn met 'onderskeidingsvermoë' hanteer moet word, naamlik dat letterkundiges nie uitsprake van die mens agter die boek oor wat hy nou eintlik met sy werk wóú doen, aanvaar nie. Cloete glo dat die skrywer (soos Van Wyk Louw aangedui het) die 'inhoud' of 'lewe' of 'visie op die werklikheid' wat in sy werk sit as belangriker as die vorm beskou. Hieruit besluit Cloete dat sommige van die kunswerke van Breytenbach nie tuis hoort *binne* 'n (rewolusionêre) ideologiese raamwerk nie, maar integrerend déél is van dié raamwerk, 'dienskneg van (sy) ideologie, déél daarvan, instrumenteel in die ideologiese raamwerk opgeneem'. By Breytenbach is daar dus ''n ideologiese werkraam, 'n werkprogram, waaroor (hy)(sy) kuns instrumenteel maak, net soos (hy) graag in vele van (sy) uitsprake terrorisme en wapengeweld instrumenteel in daardie ideologiese raamwerk wil sien'. Cloete glo dat ons in die geval van Breytenbach (en Brink) nie moet dink aan allerlei 'buite-literêre uitsprake' wat verontagsaam kan word by die lees van hul tekste nie - ons het hier te maak met 'verliteratuurde politiek en verpolitiseerde literatuur'. Cloete se besware teen Breytenbach berus dan nie op 'vorm'-argumente nie, maar op die ideologiese: '(Breytenbach) het politieke oogmerke wat, as dit verwerklik word, die Afrikaner en Afrikaans sal vernietig... Ons soek nie na die skrywer agter die boek nie, ons soek na wat die skrywer met sy boek met ons wil doen, en sover my insigte daarvan reik, is dit gevaarlik, lewensgevaarlik, ook vir... almal wat... die literatuur as blote fiksie en luukse speletjie sien en dit 'n onaantasbare primaat in die lewe van 'n volk en in die bestel van die land wil gee.' Met sy betrokkenheid by die Broederbond-'studiestuk' oor 'versetskrywers' hef Cloete die 'primaat' van die literatuur dan ook verder op as hy pleit vir 'n bepaalde soort literatuur, naamlik een wat die Afrikanersaak dien.

Die gebeure rondom die 1974-Hertzogprystoekenning (veral die standpunt-inname van die Akademieraad en die daaropvolgende uitsprake deur een van die prominente lede van die Letterkundige Kommissie) het tot gevolg dat daar vir die eerste keer in die openbaar erken is dat ideologiese faktore wel 'n rol speel by sowel die individuele leser se reaksie op 'n skrywer as by die beslissings deur keurkomitees om 'n skrywer te bekroon al dan nie.

VII
‘Verligte’ Afrikaner-nasionalisme en ‘pragmatiese apartheid’

Die era van ‘betrokkenheid’ in die Afrikaanse letterkunde val saam met die wegbeweeg van tradisionele apartheid en die hoogbloei van ‘verligte’ Afrikanernasionalisme. Vir 'n waarnemer soos Davies (1984a: 30) markeer die jaar 1973 - die jaar waarin die Breytenbachs toegelaat word om na Suid-Afrika te kom - ‘the end of the “golden age” of apartheid when the system stood on the eve of a crisis’. Oor hierdie tydvak sê hy:

> South Africa was characterized on the eve of the crisis of apartheid, by a polarisation of class forces along broadly racial lines as well as by acute structural contradictions between the exploiting and oppressing classes on the one hand and the exploited and oppressed masses on the other. At the same time, secondary contradictions were beginning to emerge between the most important sections of the capitalist ruling class and their historic allies (these differences were manifested in an intense ideological struggle between ‘verligtes’ and ‘verkramptes’ in the Nationalist Party). While the boom lasted and repression could still maintain ‘social peace’, these contradictions remained largely latent. But when the log jam was broken by mass action in the 1970's, an organic crisis erupted which shows little sign of abating. (*op.cit.*: 31-32)

Koerantberigte in 1973 plaas die toestaan van 'n visum aan Yolande Breytenbach in die wyer politieke konteks deur dit in verband te bring met regeringsoptrede in ander ‘kleur’-kwessies. Dit is veral ‘Pollux’ se kommentaar in die rubriek ‘Die nuwe politiek’ (*Rap.*, 7.1.73) wat die verandering in die regering se houding en in die politieke klimaat as sodanig belig: In die sestigerjare weier die regering 'n visum aan Yolande Breytenbach; in 1972 word dit onvoorwaardelik toegestaan. In die sestigerjare verbied dr. Verwoerd Maori's in 'n Nieu-Seelandse toerspan na Suid-Afrika; vyf jaar later is die Maori's hier, sonder enige probleme. In die jare sestig word die ‘kleurling’-krieketspeler Basil D'Oliviera in 'n Engelse toerspan na Suid-Afrika verbied; enkele jare daarna toer 'n swart vleuel, Rogel Bourgarel, met 'n Franse toerspan deur Suid-Afrika. In die jare sestig word 'n Japanse jokkie verbied om hier aan perdewedrenne deel te neem; 'n paar jaar daarna kom en gaan Japanse sportmanne so dikwels dat dit nie eens meer nuus is nie.

In al hierdie gevalle was kleur die haakplek. Volgens Pollux was die verweer telkens dat die ‘openbare mening’ of die ‘tyd’ nog nie ‘ryp’ was vir sulke dinge nie. Hy besluit: ‘As daardie oordeel destyds korrek was, moet 'n mens dankbaar wees dat die openbare mening en die tyd so vinnig ryp word. Ek wonder of dit nie dikwels ryper is as wat ons dink nie.’

In die Engelse pers noem Hans Strydom (mede-outeur van *The Super Afrikaners*) bogenoemde voorvalle voorbeelde van die ‘stop-go-approach’ van die regering (*ST.*, 7.1.73) en wys op inkonsekwenthede in die beleid, selfs in 1973: Opperhoof M Buthelezi mag nie 'n drankie drink in 'n Johannesburgse

hotel waar mnr. Vorster en dr. Banda 'n veelrassige banket bywoon nie; Eartha Kitt kan voor 'n wit gehoor sing, maar Luisillo en Rolf Harris kan nie vir bruines dans en sing nie (gekleurdes word ook toegang verbied tot die Nico Malan-skouburg); 'n visum word toegestaan aan Yolande Breytenbach, maar die Turk, Orhan Hyseyin (wat as blank beskou word), word verbied om met die Indiërmeisie Kamronisa Sonday te trou - hulle moet die land verlaat om wettig te mag saamleef. Dié koerant besluit: 'The Government... must make up their minds whether they want to lead or follow the whims of the verkramptes, who have lost their deposits in one election after another. All the verligte moves, in terms of Government ideology, have been welcomed by the people. The electorate has advanced farther than the Nationalist leaders realise. A young generation of Afrikaners has emerged in the cities who can see the need for adaptation and change. They do not fear the new situation and cannot understand the pettiness.'

Die regering se besluit om die Breytenbachs toe te laat, berus nie op goedgunstigheid nie. Dreyer (1980: 33) voer aan dat die visum moontlik toegestaan is omdat toutjies getrek is ('After all Breytenbach's brother Jan was a senior officer in the South African Army, and another brother, Cloete, held a post in the SABC propaganda machine'). Hy spekuleer ook dat die regering besluit het om Breytenbach te probeer terugwen vir die apartheidsaak - 'in part by persuading him of the benevolent intentions of the state and appealing to his tribal instincts as an Afrikaner, and in part by regaling him with details of his conspirational activities... in demonstration of the lengthy reach of BOSS' (*op.cit.*: 34). Lazarus (1986: 160) meen 'n ander moontlikheid is dat die maghebbers gedink het hulle kan politieke munt uit die Breytenbach-besoek slaan: 'After all, these were the years of South Africa's much-vaunted *détente* with other African nations, of stepped-up governmental efforts to be seen as flexible in the eyes of the Western world, and of a self-congratulatory dismantling of certain of the more immediately visible instruments and effects of apartheid... (Yolande) would be permitted to visit freely, to "play" herself, but the social meaning of her visit would be orchestrated for her.' 'n Ander rede waarom die besoek toegelaat is, volgens Lazarus, was om die owerhede in staat te stel om op Breytenbach en sy 'kontakte' te spioeneer.

Die gulle ontvangs wat Breytenbach van sy hoofsaaklik 'verligte' gehoor gekry het tydens die Kaapse Somerskool (soos uiteengesit in hoofstuk 5 II) getuig daarvoor dat dit teen 1973 nie meer so maklik was om te omskryf wie en wat 'n 'Afrikaner' is nie - die stereotipering van die Afrikaner as Calvinisties, landelik, tradisievas en aangevuur deur 'n allesverterende nasionalisme (Willem de Klerk, 1984: 11) het beslis nie meer vir alle Afrikaners gegeld nie. Die einste De Klerk, skepper van die term 'verligtheid', het in 1973 in sy koerant, *Die Transvaler*, in 'n berig getitel 'Wie is die ware Afrikaners?' daarvoor gepleit dat Afrikaners wat nie konformeer aan die gangbare definisie van wat 'n 'Afrikaner' is, nie gediskwalifiseer moet word nie. Want Afrikanerskap het 'n heterogene aard: daar is liberale, progressiewe, ateïstiese en selfs Rooms-Katolieke Afrikaners (*Tv.*, 21.12.73).

'Verligtheid' het inderdaad respektabel geword in die sewentigerjare en 'n

aantal gebeure het bygedra tot die belangstelling wat veranderings in Afrikanerkringe uitgelok het: die verwerping van HNP-leiers deur die NP-leiers en die kiesers en die bevraagtekening deur Afrikaner-intellektuele van bepaalde beleidsrigtings. Houdingspeilings deur Afrikaanse koerante en akademici (*Rap.*, 19.2.72) het byvoorbeeld bevind dat 75% Afrikaners hulself in die eerste instansie as Suid-Afrikaners beskou en dán as Afrikaners; 69% van die Nasionale Party-ondersteuners sien hulself as ‘verlig’; volgens 'n ondersoek deur C Alant in vyf NG Kerk gemeentes in Pretoria meen 62,9% van die manlike en 52,2% van die vroulike lidmate dat dit nie 'n sonde is om te stem vir 'n politieke party wat nie spesifiek die Afrikaanse taal en tradisies handhaaf nie. In 1973 is selfs 'n ‘Verligte Aksie-beweging’ gestig wat volgens sommige waarnemers neerkom op ‘opposisie van links vanuit eie geledere’ teen die regering; in dieselfde jaar teken 29 akademici 'n petisie vir die integrasie van die bruin bevolking, waarop 1 165 Afrikaanssprekende akademici hulself verbind tot die konsep van ‘multi-nasionale ontwikkeling’ (Van Jaarsveld, 1975: 461). In 1973 stig dr. Theo Gerdener ook sy Demokratiese Party wat daarop gemik is om rasseverhoudinge te verbeter.

Kritiek word gereeld vanuit hierdie kringe, asook deur 'n beduidende deel van die Afrikaanse pers, uitgespreek teen die sportbeleid, ‘klein’ apartheid, werkreservering en ander diskriminerende wette; vanuit hierdie kringe word ook aangedring op dialoog met swart en bruin leiers en op stemreg vir die bruin Suid-Afrikaners. Vir hierdie verligte Afrikaners het aanpassing te stadig plaasgevind - vir behoudende Afrikaners weer té vinnig. En dit veroorsaak dat voormalige Nasionaliste ál meer aansluiting vind by opposisiepartye - links én regs.

Ontwikkelinge op die gebied van rasse-aangeleenthede het dikwels momentum gekry vanuit die sportbeleid. Veral om toenemende isolasie van internasionale sport teen te werk, besluit die regering om nie-blanke sportpersoonlikhede in die land toe te laat en in 1971 is begin met 'n reeks internasionale atletiekbyeenkomste in Pretoria, Kaapstad en Johannesburg - die sogenaamde ‘SA Spele’. Die poging tot dialoog met Afrikastate lei in die vroeë sewentigs tot konferensies tussen wit en swart leiers (akademici, besigheidslui en politici); sake wat bespreek word sluit onder meer in grondgebied-eise, die afskaf van diskriminasie, klein apartheid en die vernouing van die loongaping tussen swart en wit asook die idee van 'n federasie van tuislande.

Die ‘betrokke’ fase van die Afrikaanse letterkunde in die sewentigerjare is dus nie 'n geïsoleerde verskynsel nie - op alle gebiede het verligte Afrikaner-intellektuele na vore getree in 'n poging om die grofste manifestasies van diskriminasie te wysig of aan te pas. Aanpassings in die beleid van afsonderlike ontwikkeling kan egter gesien word as pragmatiese antwoorde op tydgenootlike politieke behoeftes (of ‘liberale’ idees soos die behoudendes dit geëtiketteer het). Die versigtige artikulering van verligte idees deur kunstenaars, joernaliste, akademici, kerklui en besigheidsmense verteenwoordig nie 'n totale breuk met die Afrikaner-hegemonie nie. Dit bly volgens sommige waarnemers (soos in hoofstuk 1 II aangedui) afwykende sienings bínne die Nasionale establishment óf word hoogstens steun vir die oneffektiewe amptelike blanke opposisie wat 'n

beleid volg van ‘verantwoordelike toegewings’ en ‘dialoog’. Die aandag wat Afrikanerverligtes in dié tyd trek, onder meer ook van die Engelse pers, is nie soseer toe te skryf aan ingrypende fundamentele veranderings wat deur 'n verenigde beweging tot stand gebring word nie, maar aan die irritasiewaarde wat prominente individue binne Afrikanerorganisasies het - sodra daarbuite beweeg word, is só 'n individu weer op die tradisionele liberaal-konserwatiewe vlak van wit politiek.

Reeds in 1973 het PP Louw, na aanleiding van Brink se oorsig van Sestig tydens die Somerskool, die volgende indrukke weergegee: ‘Brink's lengthy academic treatise which seeks to establish a Western European citizenship for Sestig serves a political end: it reflects the mythmaking of those who seeks to pass off the real divisions in South Africa - the divisions into haves and have-nots, masters and servants, rulers and ruled - as a division between a small European community and the barbarous black majority surrounding it. Brink's treatise amounts to pimping to the European pretentions of the rulers’ (1973: 237). Louw meen dat daar 'n ‘vast emotional gulf’ is tussen die gebeure van die sestigerjare ('n era wat begin het met Langa-Sharpeville en die noodtoestand en wat uitgebrei het tot die verbod op en potensiële uitroeiing van die swart bevrydingsbeweging; 'n era van brutale onderdrukking, aanhouding sonder verhoor, gerugte van marteling en die dood van politieke aangehoudenes, uitgerekte politieke hofsake) en die literatuur van Sestig (*ibid.*).

Breytenbach staan uit die staanspoor skepties teenoor sowel 'n ‘liberale’/‘progressiewe’ houding as teenoor ‘verligtheid’. Volgens hom bly bepaalde vorme van opposisie maar net maniere om saam te werk (1974b: 83). Ná sy vrylating uit die tronk rig hy dié kritiek spesifiek op die ‘betrokke’ Afrikaanse skrywers (soos uiteengesit in hoofstuk 7 X).

VIII
Swart weerstand en die onderdrukking van dissidensie: Die ‘krisis van apartheid’

Die oënskynlike politieke rustigheid en die ekonomiese opswaai van die jare 1963-1973, onder andere as gevolg van die effektiewe onderdrukking van swart verset, was die uitvloeisel van die magsoorwig van die dominante wit groep. Hierdie interne én regionale magsbasis het egter dramaties begin verander sedert 1973.

Die vroegste bedreiging vir die bestaande magsbasis was die vlaag massastakings wat in Durban begin het teen die einde 1972/begin 1973 en wat daarvandaan deur die land versprei het. Die onmiddellike oorsaak van die stakings was die lae lone van die werkers wie se lewenspeil onder hoë druk geplaas is deur stygende pryse. Die Durban-stakings wat volgens sommige

waarnemers (vergelyk Davies, 1984a: 33) grootliks spontaan in karakter was, was op so 'n groot skaal (ongeveer 60 000 swart arbeiders het deelgeneem) dat die dominante groep nie op die gebruiklike manier kon reageer nie - naamlik om die stakers te arresteer en hulle deur nuwe rekrute te vervang. Alhoewel die polisie traangas gebruik het om samekomste van stakers op te breek, is nie oorgegaan tot massa-arrestasie nie; sommige werkgewers het toegewings in verband met loonverhogings gemaak om voortgang van produksie te verseker en aanpassings is mettertyd in die Arbeidswet aangebring wat voorsiening sou maak vir beperkte reg tot stakings.

Volgens Davies (*ibid.*) was die lesse wat in die Durban-stakings geleer is - naamlik dat voordeel getrek kan word uit massa-optrede - nie verspil op werkers in ander gebiede nie: die Durban-stakings is gevolg deur soortgelyke aksies elders. Meer nog, die behoefte aan organisasie is spoedig besef en dit was nie lank voor vakbonde begin opskiet het nie. Teen 1975 begin swart werkers die reg eis om hulself te organiseer en om eise te stel ten opsigte van lone en werksomstandighede. Sedertdien is 'n hoë vlak van staking-aksies volgehou terwyl die getalle swart werkers wat in vakbonde georganiseer is steeds gegroei het: teen 1981 behoort ongeveer 247 000 swart werkers aan vakbonde teenoor die 40 000 van 1975 (*op.cit.*: 34). Vakbonde sou veral ná die regering in 1979 erkenning daaraan verleen het 'n toenemende politieke rol vervul - iets waarteen die blanke establishment sterk gekant is, maar wat deur sommige sosioloë beskou word as een van die belangrikste kragte wat die grondslag vir 'n demokratiese bestel in die land kan lê (vergelyk Maree 1985: 20-22).

Breytenbach, wat tydens sy 1973-besoek ook deur Natal toer en in Durban aandoen, was oortuig daarvan dat die manier waarop die stakings beheer is deur komitees en die algemene solidariteit, ook van nie-stakers, getuig het van 'n ‘besonder hoë vlak van politieke kennisname en verantwoordelikheidsin’. Volgens hom het die swartes deur hierdie stakings nie net al meer bewus geword van hul eie krag nie, maar die blankes het bewus geword van die krag en roeringe onder die swart bevolking (1973c: 4). (J du P Scholtz bespiegel in *Die Burger* van 18.10.73 ‘in hoever die onrus wat ná Breytenbach se besoek op baie plekke uitgebreek het, met sy “gesels” met blank en nie-blank te make het’.)

Die vooruitgang wat swart weerstand in die sewentigerjare beleef, was egter nie beperk tot die vakbonde nie. Ander kragte onder die onderdrukte groepe - veral studente en seksies van die *petit bourgeois* - het georganiseerd geraak en deelgeneem aan verskillende vorme van die stryd. In die era net voor en insluitende die Soweto-opstand van 1976 was die oorheersende ideologiese vorm waarin die stryd gemanifesteer is, dié van Swart Bewussyn (soos uiteengesit hoofstuk 1 III).

Breytenbach het tydens sy 1973-besoek diep onder die indruk gekom van die invloed van Swart Bewussyn en Swart Teologie. Die positiewe daarvan lê vir hom hoofsaaklik daarin dat dit eenheid op nasionale vlak beklemtoon, ten spyte van ‘apartheid en tuislandkrummels’ (*ibid.*). Al sou hierdie Swart Bewustheid op die vlak van SASO en BCP té beperk wees tot die intellektuele bolaag, dien dit volgens hom tog as purifikasie, as erkenning van die positiewe van eie identiteit en dit wys 'n ‘nodige en gesonde pad’ uit.

Die tydvak rondom 1973 word nie net gekenmerk deur die al sterker aandrang op ‘hervorming’ van die kant van verligte Afrikaners en op fundamentele herstrukturering van die kant van die swartes self nie. Dit is ook, juis as gevolg daarvan, 'n tydperk waarin streng opgetree is om dissidente stemme op alle fronte stil te maak.

Gedurende 1973 is bykans 100 mense ingeperk, insluitende die leiers van swart organisasies, soos SASO en die BCP. Dit was egter die inperking van wit studenteleiers as gevolg van die bevindinge van die Schlebusch-kommissie wat reaksies uitgelok het. Die ‘Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies’, eers onder voorsitterskap van mnr. JT Kruger en later mnr. AL Schlebusch, is in die lewe geroep om ondersoek in te stel na die bedrywighede van NUSAS, die CI, die SA Instituut vir Rasse-aangeleenthede, die University Christian Movement asook aanverwante organisasies en persone - veral *Spro-cas* en die ‘Wilgespruit Fellowship Centre’. Die eerste tussentydse verslag van die Schlebusch-kommissie stel voor dat dringend opgetree moet word teen NUSAS en veral teen agt studenteleiers. Op 27 Februarie 1973 word dié studente ingeperk ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme. Later dié jaar, op 24 September, weier dr. Beyers Naudé van die CI om geheime getuienis af te lê voor die kommissie en dit lei tot 'n uitgerekte verhoor wat strek oor vier hofsake.

Ontstel deur die inperkings op die studente, spreek opposisie-politici en verligte Afrikaners hul bedenkinge uit oor die Schlebusch-kommissie. Veral die VP kom onder die skoot omdat vier van sy lede in dié kommissie dien. Die Party se betrokkenheid by die kommissie verskerp interne verdelinge wat reeds lank bestaan en is water op die meule van die Jong Turke van die VP wat 'n meer progressiewe beleid voorstaan.

Op die laaste dag van die Kaapstadse Somerskool onderteken tien skrywers en literatore (Breytenbach, André P Brink, Etienne Leroux, Jan Rabie, Hennie Aucamp, John Miles, Abraham H de Vries, Chris Barnard, PG du Plessis en Ampie Coetzee) 'n verklaring waarin hulle hul solidariteit uitspreek met studente wat streef na die bevordering van menslike waardigheid onder alle rasse in Suid-Afrika en wat in die aangesig van wette en dreigemente bereid is om dit aan te hou doen, in terme van die basiese demokratiese beginsel van sosiale protes soos erken deur die Kaapse Hooggeregshof (*TCT.*, 1.3.73). Ná dit bekend geword het dat die agt NUSAS-leiers ingeperk is, onttrek Leroux, Du Plessis en Barnard hulle van die petisie op grond daarvan dat waar die petisie, toe hulle dit onderteken het, 'n algemene stelling onderskryf het dit nou 'n ‘baie spesifieke kleur’ gekry het. Hulle stel dit in hulle verklaring dat hulle in daardie stadium ‘nog te min weet van die omstandighede waarin die... leiers ingeperk is om (hul) name aan 'n protes teen hulle inperking te koppel. Sowel die aard as die wettigheid van die protes, die invloed daarvan op die voortbestaan van die goeie orde, moet in ag geneem word.’ Hulle glo wel in beginsel in die reg van protes, maar ‘indien groepe sou besluit op rewolusionêre optrede, dan verkrag dit die hele beginsel van demokratiese protes’ en daarmee sou hulle nie solidariteit kon verklaar nie (*Vo.*; *Ogb.* en *Tv.*, 2.3.73 en *Bu.,* 3.2.73). (Die ondertekenaars verskil in hierdie stadium oor die bewoording van die oor-

spronklike verklaring wat hulle geteken het voor dit deur Breytenbach oorgetik is. Op die getikte weergawe verskyn die handtekening van Leroux, Rabie en Aucamp.)

Breytenbach self spreek ook, terwyl hy nog in Suid-Afrika is, herhaaldelik sy solidariteit met die ingeperkte segsmanne van NUSAS en SASO uit. Hy glo, volgens 'n brief aan *Die Burger* (14.3.73), dat hierdie inperkings van sestien jong Suid-Afrikaners ‘wat ook nou verdoem is tot die “lewende dood” soos soveel honderde van ons landgenote... ons sal help om ontslae te raak van die illusies wat die soganaamde opposisieparty, onder meer, ons voor die oë hou’. Volgens Breytenbach onderstreep hierdie soort ‘arbitrêre optrede’ van die regering die ware aard van die Suid-Afrikaanse staat, naamlik dat dit totalitêr is: ‘'n Totalitêre staat vernietig alles, en oplaas ook homself, in die naam van “veiligheid”.’ (In *Die Burger* van 19.3.73 verskil D de Villiers van Breytenbach se siening van Suid-Afrika as 'n totalitêre staat; hy meen die regeringstelsel slaag die toets van 'n demokratiese stelsel. 'n ‘Stellenbosse Student’ in *Die Burger* van 28.3.73 verwerp egter die resultate van De Villiers se ‘toetse’. Ander reaksies op Breytenbach se brief verskyn in *Bu.,* 21 en 22.3.73.) In *Deurbraak* (1973c: 3) laat Breytenbach hom ook uit oor die McCarthy-herlewing en die gevolge wat spruit uit die ‘Slaan-dood-en-Schlebusch-kommissie-vir-uitruik’: landsbeleid word nie net ál meer die gyselaar van veiligheidsdienste nie, maar polarisasie neem toe. Die betrokkenheid van die amptelike opposisie by 'n kommissie van hierdie aard veroorsaak volgens hom dat 'n groepie blankes hul hoop op parlementêre verandering heeltemal verloor. Die feit dat die owerhede nader aan eie vlees en been begin sny, en gewillig is om ‘die skyn van demokrasie te laat verflou’, bring volgens die digter 'n vernouing mee van die basis waarop die regering berus en dit in 'n periode van groter onsekerheid juis vir die blanke gemeenskap. Die regering erken dus nou die gevaar van ‘polarisasie’ (‘maar wat polariseer meer as aparthaatheid?’), terwyl die studente net bestaande polarisasie herken het (*ibid.*).

Onderdrukking van dissidensie neem in 1973 ook die vorm aan van paspoorte wat ingetrek word en weiering van permitte aan voornemende besoekers. Studente-onrus aan die Universiteit van Wes-Kaapland lei tot die sluiting van die universiteit teen die middel van die jaar en die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek na studentegriewe en die oorsake van onrus.

Daar is nie net al meer mense wat ingeperk word in hierdie tyd nie, maar sensuur word al strenger toegepas. (In *Die Burger* van 14.3.73 verwys Breytenbach na die verbod op werke van James Matthews en Gladys Thomas. Hy voer ook elders aan (1972f: 250-257) dat apartheid die ontwikkeling van produksiekragte reguleer ten einde 'n bepaalde magsisteem te bevoordeel en dat instellings soos ‘Bantoe’-onderwys, wetgewing ten opsigte van sensuur en groepsgebiede wat kulturele kontak bemoeilik asook die verbanning of inhegtenisneming van swart skrywers die meeste mense in die die land ontneem van die vryheid van uitdrukking en hul reg tot verset.) Die publiek is 'n sperdatum gegee om hul mening oor sensuur te lug en die Kommissie van Ondersoek na sensuur voltooi sy werksaamhede. Net voor die inwerkingtrede van die aangepaste sensuurwet sou André P Brink se *Kennis van die aand* die eerste Afrikaanse

literêre werk word wat ingevolge die 1963-wetgewing verbied is. In 1973 kom die vryheid van die pers ook al meer in die gedrang: op partykongresse waarsku die eerste minister en dr. Connie Mulder herhaaldelik die Engelse pers om hul ‘huis in orde te kry’ voor 1974, anders sal die pers onderwerp word aan wetlike kontrole.

In 1973 reageer Suid-Afrika ook op die verslegtende situasie aan sy grense en in gebiede onder sy beheer. In Suidwes-Afrika vind wydverspreide betogings plaas teen die eerste minister se Adviesraad asook 'n boikot van die eerste Ovambo-tuislandverkiesings. Massa-aanhoudings van SWAPO-ondersteuners en die openbare geseling van politieke opponente deur regeringsaangestelde stamhowe dra by tot die verslegting van verhoudinge met die VVO, wat uiteindelik uitloop op 'n besluit van dié organisasie om nie meer dialoog met Suid-Afrika te voer oor die toekoms van Suidwes nie. Verskeie Suid-Afrikaanse polisiemanne kom in die Caprivistrook in landmynontploffings om en 'n beroep word gedoen op al strenger veiligheidsmaatreëls en -optrede te midde van toenemende ‘terroristiese’ aktiwiteite in Rhodesië en Mosambiek. Die spanning loop veral hoog ná die sluiting van die grens tussen Zambië en Rhodesië. Breytenbach verwys in sy *Deurbraak*-artikel (1973c: 4) na die gewapende konflik in Rhodesië. Hy wonder of die teenwoordigheid van groot Suid-Afrikaanse magte op die grense 'n permanente toedrag van sake gaan word. Vir hom lê veiligheid nie in die mobilisasie van die bevolking nie, maar in ‘gelykheid, vryheid, dieselfde geleenthede’.

Breytenbach voel ná sy besoek aan Suid-Afrika dat die destydse politieke bedeling aan die verbrokkel is en dat die situasie een van toenemende geweld en vrees is. Die blanke gemeenskap is 'n verskeurde groep: ‘Teenpraters, teenstanders, heldhaftige groepe en mense spring oral op, soos sampioene op 'n mishoop. Het hulle die tyd om 'n gangbare alternatiewe bedeling uit te stippel? Sal hulle die vryheid gegun word - siende die maghebbers die komende omwenteling aan hulle wil toeskryf en nié aan hulle eie kortsigtigheid nie, aan die gevolge en nie aan die oorsake nie? Want ons gemeenskap is patriargaal en paternalisties. Ons neem nie werklik déél aan die behartiging van ons land, aan landsbesluite nie... Selfs in die (ware) opposisie... berus ons opsies en stellingnames nog op alternatiewe *soos voorgeskryf deur hulle aan bewind*' (*ibid.*).

Samevatting

As Afrikaanse skrywer word Breytenbach deur 'n taalkode verbind aan bykans 5 miljoen Afrikaanssprekendes. Sy dilemma is dat hy hom met die taal identifiseer, maar nie met die ‘Afrikaner’, die helfte van die taalgroep, nie. Vir hom is die kode ideologies belas, soos die konsep ‘kultuur’ wat ook as ideologiese kode benut word. Breytenbach wil die normatiewe lading van dié kodes verander ten gunste van groter verbande: Suid-Afrikanerskap, 'n Suid-Afrikaanse kultuur. In die voor-tronkfase van sy skrywerskap pleit hy vir die ontkoppeling van Afrikaans aan Afrikanermag en vir 'n demokratisering van die taal - want net deur 'n Afrikataal en die taal van die bevrydingstryd te word, kan Afrikaans hoop hê op 'n sinvolle voortbestaan.

Teenoor sisteembewakers wat Breytenbach se uitsprake rondom Afrikaans herskryf as ‘verraad’, staan sisteemverskuiwers wat sy waarde vir die saak van Afrikaans besef. Aanvanklik word hy slegs gesteun deur (verdagte) ‘liberales’, maar sedert die ‘krisis rondom Afrikaans’, ingelui deur die 1976-opstande, beroep meningsvormers binne die Afrikaner-establishment hulle op die voorbeeld van Breytenbach (as een van dié skrywers wat Afrikaans ‘oopgeskryf’ en onder ander bevolkingsgroepe aanvaarbaarheid laat verwerf het) én op sy vroeë argumente ten opsigte van Afrikaans, wat nou as strategie in die stryd om die behoud en voortbestaan van Afrikaans aangewend word.

Voor sy gevangeskap eis Breytenbach dat die Afrikaner-intellektueel hom moet lósmaak van die klas of groep waartoe hy tradisioneel behoort om sodoende die saak van 'n ander, gedomineerde groep te steun - al kan hy nie struktureel ingelyf word by dié groep nie. Hy verwag van die Afrikaanse skrywer, wat 'n bevoorregte posisie beklee, om as werker-van-die-rewolusie, as ‘ondermyner’ van die *status quo*, op te tree - want die woord is verset. Terselfdertyd begin hy twyfel aan die mag van hierdie woord en vul hy dit aan met die daad, met fisieke deelname aan die bevrydingstryd.

Aanvanklik was die reaksie vanuit Afrikaanse skrywersgeledere op Breytenbach se siening van die rol van die skrywer afwysend, soos spreek uit die *Kol*-debat van 1968. Die sosiale funksie wat Breytenbach (en Brink) tydens dié debat aan die letterkunde toeken, word in 1973 op dramatiese wyse deur hom oorgedra aan medeskrywers en die publiek. Die ‘Sestiger-Somerskool’ staan ná hierdie toespraak nie soseer in die teken van bestekopname van Sestig, met sy outonomistiese literatuuropvatting, nie, maar van padwyser vir Sewentig, met sy strewe na ‘betrokkenheid’ ten opsigte van die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke ‘werklikheid’, wat die grense van die Afrikaanse literêre bestel sou verskuif.

Breytenbach se hartlike ontvangs deur die hoofstroom- Afrikaanse pers in 1973 (ná hy as gevolg van die visumweierings aan sy vrou in die sestigerjare, banneling uit sy eie land geword het) en die emosionele reaksie van 'n hoofsaaklik Afrikanergehoor op sy omstrede Somerskooltoespraak is (soos die verskuiwing na ‘betrokke’ letterkunde) manifestasies van 'n houdingsverandering onder Afrikaners en 'n wegbeweeg van ‘baasskap-apartheid’ na verligte Afrikaner-nasionalisme.

Breytenbach verwag van die skrywer om die gevestigde kodes en ideologie te bevraagteken en sisteemstagnasie te verhoed. Hy waarsku egter teen die koöptering, deur lokaas of dreigement, van die bevraagtekenende skrywer, wat daarop neerkom dat sy alternatiewe sienings slegs bydra tot 'n vernuwing of verruiming van die bestaande sisteme, maar nie tot wesenlike transformasie nie. Die artikulering van ‘verligte’ idees deur die Sestigers (wat aanvanklik sterk weerstand uitgelok het vanuit die bestaande sisteme) is mettertyd ‘opgeneem’ en ‘ingesluk’ deur die heersende norme: ‘verligtheid’ word immers sedert die laat sestigerjare deur die maghebbers (veral met behulp van die Afrikaanse pers) voorgehou as die ‘verantwoordelike houding’ omdat dit die klemverskuiwing na ‘pragmatiese apartheid’ rugsteun. Die Sestigers, wat aanvanklik uitgaan van 'n outonomiebenadering en dit in die sewentigerjare met allerlei weersprekings probeer verbind aan 'n literatuuropvatting wat nie die beroep op

die ‘onafhanklikheid’ van die literêre teks teenoor die ‘buitetekstuele werklikheid’ kan dra nie, help (volgens Breytenbach se siening) die koöpteringsproses aan deur hul volgehoue skeiding van mens en werk en die tipering van hul eie alternatiewe sienings as ‘lojale verset’ (soos blyk uit hoofstuk 6 IX). Deur nie die Sestigers ‘uit te dryf’ uit die bestaande sisteme nie (maar wel in toom te hou met maatreëls soos sensuur), het die maghebbers gebou aan die beeld van 'n ‘soepeler’ bedeling.

Die nie-toekenning van die Hertzogprys aan Breytenbach in 1974 en die debat wat daaromheen ontstaan, is binne die konteks van hierdie ondersoek om verskillende redes belangrik. Aan die een kant hef dit die mite rondom die ‘outonomie’ van die teks op en bevestig dit dat literêre maatstawe by die evaluering van tekste nie losgemaak kan word van ideologiese maatstawe (verkramp, verlig én radikaal) nie. Aan die ander kant is dit een van die vroeë tekens van die agterdog wat daar, ook binne die literêre bestel, bestaan teen ‘betrokkenheid’ en kontesterende skrywerskap. Bowenal gee dit 'n aanduiding van die dilemma van dié (her-)skrywers wat wel dink dat 'n skrywer hom kan of behoort te bemoei met sosio-politieke aktualiteite, maar wat in verleentheid gestel word deur die ‘radikalisme’ van Breytenbach wat moeilik te verskans is agter ‘lojale verset’. Dié dilemma van ‘betrokkenheids’-voorstanders, word tot 'n spits gedryf deur Breytenbach se ‘terroris’-verhore.

Hoofstuk 6
Rondom die verhore

I
Die verbod op *Skryt*

Die eerste literêre teks van Breytenbach wat in Suid-Afrika verbied word, is *Skryt* - 'n bundel wat in 1974 reeds 'n polemiek uitgelok het om die toekenning van die Hertzogprys (soos uiteengesit in hoofstuk 5 VII). Omdat die verbod implikasies ingehou het vir die eerste Breytenbach-verhoor, word die gebeure daaromheen hier bespreek; omdat dié verbod 'n toetsgeval vir die nuwe sensuurwetgewing was, word in breër trekke na die algemene diskoers rondom sensuur verwys.

Skryt, wat einde 1972 by die Nederlandse uitgewery Meulenhoff verskyn, kry aanvanklik nie veel aandag van ingeligte lesers en kritici nie. Die vroegste kritiese reaksie op die bundel was in der waarheid redelik gedemp. Van die kant van literatore kom daar in 1973 slegs reaksie van TT Cloete en André P Brink. Cloete (1973: 374) verwys na die ‘opspraakwekkende en onthutsende’ aard van die bundel as gevolg van die politieke inhoud en volgens hom ‘haal dit nie die peil van Breytenbach se ander bundels nie (*Oorblyfsels* buite rekening gelaat)’. Teen 1980 het Cloete (soos in hoofstuk 5 IV aangedui) nog nie van mening verander nie en verwys hy na *Skryt* as 'n ‘insinking’ in die digter se werk: die politieke verse in die bundel het ‘vir Breytenbach as digter weinig goeds opgelewer en sy eie digterskap eerder skade aangedoen’ (1980: 178 en 179). In die 1973-uitgawe van sy blokboek oordeel Brink op sy beurt versigtig en ‘met al die voorbehoude van 'n voorlopige uitspraak’ oor *Skryt* en meen die bundel is ‘minder afgerond’ as die digter se ander werk. In sy 1978-blokboek wysig hy egter sy aanvanklike twyfel in die bundel en prys die ‘essensiële digwaardigheid’ daarvan. In 1980 hersien hy sy vroeë waarde-oordeel radikaler: ‘Myns insiens is *Skryt* een van die mees déúrgekomponeerde bundels in Breyten se werk en kort en klaar poësie van die suiwerste allooi - óók, en in baie opsigte veral, wat die politieke verse betref’. Brink praat nou van die bundel as een ‘wat stellig mettertyd erken sal word as een van die indrukwekkendste in die Afrikaanse poësie’ (1980b: 1 en 27). In laasgenoemde opstel gee hy 'n oorsig van die resepsiegeskiedenis van *Skryt* en veral die gedig ‘Brief uit die vreemde aan slagter’.

Dit is eerder omstandighede rondom die teks wat *Skryt* sporadies in die kollig plaas: die ophef wat koerantaankondigings maak van die ‘bundel politieke gedigte’ (byvoorbeeld *Rap.*, 24.9.72 wat wyd aanhaal uit Breytenbach se

onderhoud met *De Volkskrant* waarin hy onder meer uitwei oor sy nuwe bundel ‘moralistiese poësie’ en die taak van die skrywer) wat beloof om ‘niks minder omstrede te wees as die digter nie’ (*Rap.*, 31.12.72); die feit dat dit op die Suid-Afrikaanse winkelrakke kom in die tyd toe dit bekend word dat 'n visum aan sy vrou toegestaan is en die omstrede paartjie op besoek in die land aangekom het; die polemiek rondom die Hertzogprys in 1974 en die verbod in Junie 1975 op die toe reeds byna onverkrygbare bundel.

Op 21 Junie 1975 word met banieropskrifte in die pers aangekondig dat die nuwe sensuurbedeling van 1974 sy eerste Afrikaanse slagoffer geëis het deurdat sensors ‘'n bekroonde Afrikaanse digbundel’ verbied het. In hierdie berigte (byvoorbeeld *Beeld* en *Bu.*, 21.6.75) word aangevoer dat *Skryt* in 1972 met die Nederlandse Van der Hoogt-prys bekroon is - wat nié die geval was nie: dit was *Lotus* wat só vereer is (vergelyk Galloway, 1985: 82). Volgens *Die Burger* (21.6.75), wat na die *Staatskoerant*-afkondiging verwys, is die bundel verbied ingevolge Artikels 47(2)b, c, d en e van die Wet op Publikasies van 1974. In Desember 1975 het die Minister van Binnelandse Sake, dr. CP Mulder, egter bevestig dat die bundel nie verbied is omdat dit pornografies is nie, maar omdat dit die staatsveiligheid in die gedrang bring (*Bu.*, 4.12.75).

In sy redaksionele kommentaar sê *Beeld* (23.6.75) dat die naamlose sensors Breytenbach 'n groot guns bewys het deur sy dooie bundel uit die graf te laat opstaan - die onplesierige gevolge (veral die nuwe herrie tussen owerheid, skrywers en letterkundiges) was ‘onnodig, en dus verkeerd’.

Ook ander Nasionale Perskoerante lewer kommentaar op die nuwe publikasiewet wat ‘klaarblyklik mank gaan aan minstens één gebrek van die oue, naamlik dat dit nie genoeg speling vir gewone gesonde verstand laat nie’ (*Bu.*, 23.6.75 en *Vo.*, 23.6.75). *Rapport* (22.6.75) vereenselwig hom nié met die uitsprake van sommige skrywers wat die verbod as ‘doelbewuste provokasie’ en ‘'n poging om die skrywers te intimideer’ beskryf nie, maar vind dit ‘'n hoogs eienaardige en onwyse verbod’.

Die besware in hierdie koerante is nie soseer teen die gees van die wet wat bedoel is om ‘ongewenste’ leesstof aan bande te lê nie, maar eerder die feit dat die laat verbod op *Skryt* 'n prikkel tot herdruk in Nederland sal wees, met die reklame dat dit 'n moedige boek is wat Suid-Afrika nie kon sluk nie.

Ook Perskor se *Oggendblad* (23.6.75) meen dat ‘'n mens ná die absurde Jannie Kruger-era meer takt verwag het van die mense wat met sy ongelukkige erfenis opgesaal sit’, veral in die lig daarvan dat die verbod ‘geen praktiese betekenis het nie’, aangesien net mense ‘met 'n intensiewe belangstelling in die letterkunde’ die bundel besit en dit nie meer in die handel verkrygbaar is nie. Al stem dié koerant nie met die ‘oordrewe reaksie van Suid-Afrikaanse skrywers en letterkundiges’ op die verbod saam nie, meen hul die verbod op 'n boek wat uit druk is, het nou ‘alle hoop op begrip by skrywers en letterkundiges vir die sensors se moeilike taak en op vertroue in hulle oordeel’ vernietig en ‘opnuut van Breytenbach 'n heldefiguur in die buiteland gemaak’. *Die Vaderland* (23.6.75) stem met laasgenoemde uitspraak saam. *Die Transvaler* (23.6.75) waarsku egter ook teen die ongewenstheid om die hele sensuurbedeling op grond van die ongelukkige optrede teen *Skryt* af te skryf.

Ingeligte lesers is dit eens oor die onnodigheid van die verbod op 'n boek wat reeds uitverkoop is, maar verskil in hul menings oor die literêre gehalte van die bundel. Ernst Lindenberg (wat in 1974 'n minderheidsverslag ten gunste van *Skryt* en ander Breytenbach-bundels by die Akademieraad ingedien het as protes teen die besluit om die Hertzogprys nie aan Breytenbach toe te ken nie) vind dit ‘een van die beste bundels in Afrikaans’ (*Beeld*, 21.6.75). André P Brink dink wel nie dis Breytenbach se beste bundel nie, ‘maar tog van die beste in Afrikaans’ (*Rap.*, 22.6.75). FIJ van Rensburg daarenteen beskou *Skryt* nie ‘'n besonder goeie bundel nie’ - daar kom 'n aantal goeie gedigte in voor, maar ook van Breytenbach se ‘swakstes’ waarin hy hom ‘openbaar as pamflettis en nie as digter nie’; van die nie-politieke gedigte en veral die tekeninge asook die nawoord deur HC ten Berge getuig van ‘swak smaak’ (*Rap.*, 22.6.75). Beswaar teen die tekeninge kom ook van Lina Spies wat sê dat sy sommige ‘obseen’ vind; sy hou oor die algemeen ook nie veel van die bundel nie (*Rap.*, 22.6.75). HCT Müller meen die bundel bevat ‘goeie reëls en onderdele’, maar ook ‘heelwat swakker werk van Breytenbach’ (*Rap.*, 22.6.75). JC Steyn vind dit 'n bundel van ‘ongelyke gehalte’ (*Rap.*, 22.6.75). Waarnemers oordeel ook uiteenlopend oor die tekeninge in *Skryt*, soos blyk uit die polemiese briefwisseling in *Rapport* tussen Elza Miles en FIJ van Rensburg (*Rap.*, 29.6.75; 6.7.75; 13.7.75; 20.7.75).

Al verskil hierdie ingeligte lesers in hul evaluering van *Skryt* (uitgaande van verskillende ideologiese verankerdhede) vorm hulle 'n verenigde front teen die sensuurstelsel vir sover dit die Afrikaanse literêre bestel raak. Volgens Ernst Lindenberg was die verbod seker te verwagte ‘in die lig van die huidige sensuurtoestand in ons land en die amptelike vyandigheid teenoor die jong, ontplooiende Afrikaanse letterkunde’; hy hoop dat ‘letterkundiges met integriteit’ wat dien in die Staat se sensuurrade van hierdie geleentheid gebruik sal maak om te bedank (*Bu.*, 21.6.75). Net soos Lindenberg sê Brink dat hy die verbode teks met sy studente sal bly behandel sonder om enige toestemming te vra. Volgens Brink het die verbod op *Skryt* ‘die ergste wat van die nuwe sensuurbedeling verwag is, bewaarheid’. Hy sê dat mens die indruk kry dat ‘'n georganiseerde vendetta teen die Afrikaanse letterkunde nou begin het’ wat skrywers ondergronds sal dwing (*Beeld*, 21.6.75). Jan Spies het dit veral teen die stelsel wat nie rekening hou met die ‘stratifikasie van lesers’ nie (*Rap.*, 22.6.75). Selfs die skrywers en literatore wat nie juis beïndruk is met *Skryt* nie, keur die ‘heksejag’ wat nou op skrywers geopen is, af (Lina Spies, *Rap.*, 22.6.75) en glo dat die nuwe stelsel met hierdie verbod sy absurditeit toon. FIJ van Rensburg het veral beswaar teen die ‘demonstratiewe element’ in die verbod (dit wil sê die feit dat die stelsel hier gerig is teen 'n teks wat in die verlede lê) asook die gebruik om lede van die gemeenskap in te span as keurders - ‘'n bevolking kan nie gemonster word vir dié soort ding nie’ (*Rap.*, 22.6.75). HCT Müller reken die verbod sou ongelukkig wees as dit neerkom op 'n maneuver in die ‘algemene kampanje om skrywers hok te slaan’ (in teenstelling met 'n verbod gebaseer op ‘'n noukeurige oorweging van literêre gehalte’); die verbod beklemtoon ook weer die ontoereikendheid van 'n sensuurstelsel wat nie daarvoor voorsiening

maak nie dat 'n dergelike bundel slegs vir 'n ‘selektiewe leserskring toeganklik bly’.

Terwyl sensuur soms wel brûe slaan tussen literêre segsmanne van uiteenlopende ideologiese oortuiging, dryf dit wîe al dieper in. Dit polariseer tussen dié wat van *binne* die sensuursisteem probeer ‘versoepel’ en die Afrikaanse letterkunde se belange behartig en dié wat hulle ‘van buite’ teen die stelsel rig. Só het die 1973-verbod op Brink se *Kennis van die aand* uitgeloop op die afsplitsing van ‘betrokke verligtes’ uit die Afrikaanse Skrywerskring en die stigting van die Afrikaanse Skrywersgilde. In aansluiting by die Gilde-aktiwiteite rig Ernst Lindenberg, Ampie Coetzee en John Miles in 1975 die onafhanklike uitgewersfirma Taurus op met die doel om werke wat om sensuurredes deur gevestigde uitgewers afgekeur of moeilik aanvaar sou word, uit te gee. (Ná sy vrylating word Taurus Breytenbach se uitgewer.)

In hierdie ondersoek is deurlopend aangetoon dat sensuuroptrede teen skrywers nie losgemaak kan word van die algemene onderdrukking van (politieke) dissidensie en andersdenkendheid nie. Die Wet op Publikasies en Vermaaklikheid (1963) en die 1974-Wet op Publikasies is maar net een maatreël wat gebruik word om te sorg dat die *status quo* nie versteur word nie. (Ander wette wat, volgens Grobler (1986: 30-31), vir hierdie doel ingespan word, is die Wet op Binnelandse Veiligheid, die Wet op Terrorisme, die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, die Wet op Amptelike Geheime, die Verdedigingswet, die Gevangeniswet, die sabotasie-artikel van die Algemene Regswysigingswet van 1962 en ander.) Die Wet op Publikasies en Vermaaklikheid (1963) en die Wet op Publikasies (1974) lê verder ook die norme vir ‘aanvaarbaarheid’ neer en gee wetlike status aan 'n bepaalde literatuuropvatting en aan 'n bepaalde ideologie, gegrond op artikel 1 van die Wet, naamlik: ‘Die strewe van die volk van die Republiek van Suid-Afrika om 'n Christelike lewensbeskouing te handhaaf, word by die toepassing van hierdie Wet erken’. Dié literatuuropvatting lê 'n bepaalde taak aan die skrywer op, naamlik om die Christelike lewensbeskouing te verdedig - ongeag of dit sy oortuiging is of nie. Verder word 'n sosiale funksie, wat neerkom op die bevestiging van erkende en beproefde waardes, aan die kunswerk voorgeskryf. Die Wet dwing nie net 'n bepaalde literatuuropvatting af nie, maar ook 'n bepaalde ideologie. Van der Vyver (1983: 22-24) meen daar kan basies drie besware ingebring word ten opsigte van die ideologiese inslag van die Wet soos vervat in artikel 1 daarvan: Dit berus op die foutiewe, selfs vals, aanname dat dit die strewe van die hele Suid-Afrikaanse bevolking is om die Christelike lewensopvatting te onderskryf; dit bevat 'n bevel dat die kriteria van onwenslikheid geïnterpreteer moet word in die lig van die norme van Christelike etiek (ongeag bevolkingsgroepe se godsdienstige oortuiginge); dit word gesien as rigtinggewend vir gemeenskapstandaarde.

Soos afgelei uit die reaksie op sensuur in die algemeen in die sewentigerjare en die reaksie op die verbod teen *Skryt* spesifiek, kan beswaarmakers teen die sensuurstelsel in vier kategorieë ingedeel word.

‘Verkramptes’ se beswaar is dat die Publikasieraad nie hóu by sy voorskrifte nie, veral ten opsigte van die feit dat die belange van ‘konserwatiefgesinde

mense met sterk godsdienstige oortuigings' nie meer voorop staan nie. Die Publikasieraad begin volgens hierdie waarnemers 'ook ander norme toepas' om 'n beeld van 'engheid' af te skud om sodoende meer 'aanvaarbaar' te wees vir die buitewêreld sodat 'n 'gees van bandelose vryheid en liberalisme hier ingang kan vind' (JA Jooste oor waarom hy nie glo dat die Publikasieraad teen *Lotus* sal optree nie in *Afr.*, 5.2.71).

'Betrokke' skrywers wat in die sewentigerjare toenemend die teikengroep vir sensuur word, beroep hulle in hul afwysing van die sensuurstelsel (op teenstrydige wyse) op die 'outonome' aard van die literêre werk. Die implikasies hiervan is dat 'n literêre werk nie getoets kan word aan die norme wat geld vir die 'werklikheid' nie omdat dit 'n 'woordwêreld in eie reg tot stand bring'; die 'benadering, beoordeling en toets van so 'n werk lê uitsluitlik in die vasstel van die sinvolle verhouding tussen alle onderdele binne die werk self...' (Brink tydens die appèl teen die verbod op *Kennis van die aand*, aangehaal in 1985a: 90).

'Verantwoordelike verligtes' se besware teen die stelsel spruit uit probleme met 'tegniese aspekte' soos of 'n werk as geheel beoordeel word of afgewys word op grond van aanstootlike onderdele ('n aspek wat veral deur FIJ van Rensburg beklemtoon word); die relevansie van estetiese oorwegings en literêre gehalte; die inagname al dan nie van die 'gemiddelde man' of 'waarskynlike leser'; die gebruik van lede van die publiek as sensors; die afskaffing van appèl na die howe, ensovoorts.

Dan is daar waarnemers wat uitgaan van die standpunt dat sensuur in Suid-Afrika 'n politieke aangeleentheid is. Breytenbach se verwerping van sensuur val in hierdie laaste kategorie. Reeds in 1967 verwerp hy die verbod op die werk van swart skrywers as onchristelik en sien hy dit as 'n aanklag teen 'n gemeenskap wat weier om 'n sosiale gewete te ontwikkel en liewer blindweg sy eie norme wil bevestig en regverdig (brief na aanleiding van die CKA-kongres in *Va.*, 23.6.67). In die artikel wat in die Maart 1967-uitgawe van die *Unesco Courier* verskyn, waarin Breytenbach kyk na die effek van apartheid op kultuur, beklemtoon hy dat die instelling van 'n sensuurraad onbetwisbaar polities gemotiveerd is. Vir hom kan daar nie so iets bestaan as 'n 'stryd teen sensuur', soos wat in die sestiger- en sewentigerjare deur 'verligtes' gevoer is, sonder onomwonde verwerping van apartheid as sodanig nie:

> Complaining about (recent laws which, for example... create a board of censorship) is what I would term 'giving battle', a token (or real) resistance to what is considered excessive - whereas the whole ideology underlying apartheid must be abolished before we can think in terms of culture, and therefore in terms of human dignity. Advocating the liberalization of a situation is another way of condoning the *status quo*. It is like treating the patient for bilharzia without purifying the water. (1967b: 41)

In hierdie stadium reeds glo Breytenbach dat hy, ten spyte van sy uitgesproke verwerping van apartheid, om twee redes toegelaat word om in Suid-Afrika te publiseer: aan die een kant, om te bewys hoe 'liberaal' dit daar toegaan; aan die ander kant om te demonstreer hoe ver hy afgewyk het sodat hy daarvoor aangeval kan word. Daarby is hy 'n erkende Suid-Afrikaanse skrywer en moet

hy na buite toe meewerk aan die beeld van die land. Hy verwag egter dat sy werk wel verbied sal word. ‘Nadat die kommunistiese, die swart, die Engelse skrywers verban is, sal hulle begin om die afwykelinge in hul eie geledere weg te stoot’ (*De Volkskrant*, 6.11.68).

Toe *Skryt* in 1975 verbied word, stel hy dat hy trots is ‘om gereken te word by die talle swart en Engelstalige blanke Suid-Afrikaanse skrywers wie se werk in die Republiek verbied is’ (*Beeld*, 21.6.75). In daardie stadium oorweeg hy dit nie om te appelleer teen die verbod nie, want ‘dit is nie moontlik om regverdige uitspraak oor so iets in 'n Suid-Afrikaanse hof te kry nie - dit is in elk geval politieke sensuur’ (*Bu.*, 21.6.75).

Op 11 Julie 1975 word egter berig dat appèl aangeteken gaan word teen die verbod. In Augustus raak dit bekend dat Breytenbach deur die veiligheidspolisie in hegtenis geneem is. Op 14 Oktober 1975 word in *Oggendblad* berig dat die appèl teen die verbod op *Skryt* op 6 November verhoor sal word - ‘vier dae voor Breytenbach ingevolge die landsveiligheidswette in die landdroshof sal verskyn’. Die appèl sou namens hom deur André P Brink behartig word. Op 6 November 1975 word berig dat adv. Percy Yutar daarin geslaag het om die appèl onbepaald uitgestel te kry. Hy het aangevoer dat die boek in die hangende saak teen die skrywer gebruik sal word (*Vo.*, en *Oost.*, 6.11.75); volgens regsbeginsels moet 'n siviele saak terugstaan vir 'n strafsaak (*Ogb.* en *Tv.*, 7.11.75). Brink was baie ontsteld hieroor: ‘Dis nie Breyten wat voor die Appèlraad teregstaan nie, maar sy gedigte’ (*Tv.*, 7.11.75).

Met Breytenbach se skulderkenning en die gewysigde klagstaat het *Skryt* nié as 'n bewysstuk in die saak gedien nie. Ná die verhoor, waarin Breytenbach skuldig bevind is, word dit bekend dat die appèlsaak teen die verbod op *Skryt* waarskynlik in Januarie 1976 sal plaasvind. Vir Brink ‘wag daar egter... 'n harde neut om te kraak’, naamlik die verwysing in een gedig na die eerste minister as ‘slagter’. Volgens die koerantberigte is daar ‘betroubaar verneem dat prof. Brink in sy oorspronklike pleidooi sou aanvoer dat die gedig nie na mnr. Vorster verwys nie; in sy bekentenis aan die einde van sy verhoor het Breytenbach egter self sy verskoning aan mnr. Vorster aangebied oor dié spesifieke gedig wat na die Eerste Minister verwys’ (*Ogb.* en *Oost.*, 28.11.75). Op 21 Desember 1975 berig *Rapport* dat die appèl amptelik teruggetrek is op versoek van Breytenbach.

Tydens Breytenbach se eerste verhoor is daaroor bespiegel dat, indien hy skuldig bevind word ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, sy boeke verbied sal word; hy sou dan ook nie aangehaal mag word nie, tensy die minister van justisie anders beslis (*Oost.*, 17.11.75). By sy skuldigbevinding ingevolge die Wet op Terrorisme is sy werke nie verbied nie, maar as politieke gevangene mag geen tekste wat tydens sy gevangeskap geskryf is, gepubliseer word nie (Van der Merwe, 1983: 157). (*Voetskrif* is geskryf terwyl hy in aanhouding was en *Seisoen* was 'n manuskrip wat reeds drie jaar tevore voltooi is.) Terwyl hy in die tronk was, is 'n bundel met vertalings van sy gedigte - *And death white as words* - in die ban gedoen. Redes vir die verbod, soos uiteengesit in 'n brief aan David Philip-Uitgewers, is vervat in 'n *Gilde-Nuusbrief* (1979). Die ‘verswarende omstandighede’ teen die publikasie is suiwer polities van aard:

‘The fact that Breytenbach has since (the prohibition of *Skryt*) been exposed as a revolutionary terrorist increases the seriousness of the prejudice to the safety of the State as a result of favourable publicity to him.’

In die era van ‘verligte sensuur’ (ingelui deur die aanstelling van prof. Braam Coetzee as Direkteur van Publikasies en prof. JCW van Rooyen as Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies in 1980) word die verbod op *Skryt* op 8 Junie 1985 opgehef. Die aankondiging in die pers (byvoorbeeld *Bu.*, 8.6.85 en *Beeld*, 11.6.85) gaan sonder enige ophef verby. Marcus de Jong, bekende Johannesburgse boekhandelaar, sê dat twee uitgawes van die bundel indertyd in Nederland verskyn het. Die een het Nederlandse vertalings agterin, en dié uitgawe is nooit in Suid-Afrika ongewens verklaar nie en was al die tyd vrylik in sy boekhandel te koop (*ibid.*). (In hoofstuk 7 V kom die betekenis van ‘verligte sensuur’ in die tagtigerjare ter sprake.

II
Die eerste verhoor: 1975

Soos reeds vroeër op gewys, het Breytenbach sedert 1972 betrokke geraak by die ondergrondse bedrywighede van die buitelandse vleuel van die ANC. In 1975 het hy met 'n vals paspoort na Suid-Afrika gekom om lede te probeer werf vir sy organisasie, Okhela. Die veiligheidspolisie was heeltyd op sy spoor en op 19 Augustus 1975 is hy op die lughawe Jan Smuts in hegtenis geneem - op dieselfde dag dat eerste minister Vorster en sy entourage van 'n *détente*-besoek aan Paraguay en Uruguay teruggekeer het.

Terwyl Breytenbach deur die veiligheidspolisie ondervra is (soos uiteengesit in Breytenbach, 1984a: 23-33), is vriende van hom aangehou en het hulle verklarings afgelê oor hul ontmoetings met hom: eers James Polley en sy vriendin, Megan Riley, asook Glenn Moss, Gerry Maré en Gordon Young; daarna mev. Dürten Rohm en nog later Karel Tip, Norman Lewis, Laurence Dworkin, Nicholas Martens en Horst Kleinschmidt. In Breytenbach se gesmokkelde tronkbriewe is verwysings na hierdie aanhoudings; hy probeer ook vanuit die tronk kontak maak met van hierdie mense (vergelyk onder andere Viviers, 1978: 97, 114, 118, 122-123); in *Confessions* word ook na hulle verwys (1984a: 25-26, 39-40, 51).

Regter PM Cillié, Regter-president van Transvaal, het besluit om self die verhoor waar te neem en op 21 November 1975 verskyn Breytenbach voor hom om te antwoord op aanklagte ingevolge die Wet op Terrorisme. Die aanklaer was dr. Percy Yutar en hy is bygestaan deur advokate Dennis Rothwell, T Verschoor en JWF van Jaarsveld. 'n Senior advokaat, dr. Piet Henning (in opdrag van mnr. Sam Norval van die prokureursfirma Couzyn, Hertzog en Horak) het namens Breytenbach opgetree. (Vergelyk 1984a: 47-49 waar

Breytenbach vertel hoe dié firma, wat in opdrag van sy familie opgetree het, afgedreig is; sy regsverteenwoordigers was nie bedrewe in politieke sake nie en hy het hulle ook nie gevra om sy saak as 'n politieke saak te hanteer nie om redes wat later uiteengesit word.)

Breytenbach het op die eerste dag van die verhoor skuld erken op die lywige klagstaat waaruit verwysings na wapengeweld, plofstowwe, die optrede van ander mense en die Kommunistiese Party gehaal is (Viviers verwys na die wysigings in die klagstaat en gee 'n samevatting daarvan in 1978: 27-29). Die redes waarom Breytenbach skuldig gepleit het, sou eers tydens die tweede hofsaak duidelik word. Ondanks Breytenbach se bekentenisse op die klagstaat het die staat tog getuies teen hom geroep. Dürten Rohm, Norman Lewis en Nicholas Martens (laasgenoemde twee was die eerste lede van die Atlas/Okhelagroep wat in Parys deur Breytenbach touwys gemaak is in ondergrondse bedrywighede) asook Karel Tip, Glenn Moss en Laurence Dworkin. (Vir Breytenbach se uiteensetting van die drie kategorieë getuies teen hom, kyk 1984a: 51-52.)

Op 25 November bevind regter Cillié Breytenbach skuldig aan die hoofaanklag dat hy 'n aktiewe ondersteuner is van die verbode ANC en stigterslid van die geheime organisasies Atlas (wat doelgerig gestrewe het na die rewolusionêre verandering van die Suid-Afrikaanse samelewing) en Okhela (met dieselfde mikpunte en doelstellings). Verder word hy skuldig bevind aan elf ‘terroristiese dade’ ter bevordering van bogenoemde ‘sameswering’: Hy het Dürten Rohm versoek om besonderhede van meeluistering van telefone te bekom en om metodes van oorskakeling van radiotoestelle na senders te ontwerp of te verkry. Hy het Rohm beweeg om in Augustus 1975 as tussenganger op te tree tussen hom, Barend Schuitema en ander. Hy het Rohm aandadig gemaak aan die tik van die planne vir Revolutionary Action Groups wat deur haar broer, Jobst Grapow, opgestel is. Hy het Horst Kleinschmidt beweeg om van die Christelike Instituut en *Spro-cas* publikasies en inligting te verkry indien dit tot nut van Atlas en Okhela sou wees. Hy het by wyse van toesprake en lesings die mikpunte en oogmerke van die ANC gepropageer en aan Norman Lewis die bou van 'n infrastruktuur gerapporteer wat die ANC en Atlas kon gebruik in hul (gewapende) stryd teen die Suid-Afrikaanse regering. Hy het aan 'n aantal persone hulp verleen en hulle aangemoedig om opgelei te word in ondermynende en ondergrondse optrede teen regerings (byvoorbeeld geheime metodes van kommunikasie, maatreëls om opsporing of arrestasie te voorkom, vervalsing van dokumente, ontsnappingsmetodes, afluistering, selfverdediging). Hy het Young, Dworkin en ander aangemoedig om inligting en publikasies wat tot nadeel van die Republiek kan wees aan Atlas of Okhela te stuur en Lewis en Martens aangemoedig om te help of te reël dat persone die Republiek onwettig binnekom en verlaat, 'n ondergrondse drukpers te verkry, ensovoorts. Hy het die land onwettig besoek gedurende Augustus 1975. Hy het in hierdie tyd lede vir die Okhela-organisasie probeer werf in die SACTU-kantoor, die doelstellings van Okhela gepropageer en die Okhela-manifes aan bepaalde persone oorhandig. Hy het persone gehelp of aangeraai of aangemoedig om inligting oor politieke ontwikkeling in die Republiek aan Okhela te stuur, om persone te werf

vir opleidingskursusse in ondergrondse bedrywighede, om bystand te verleen aan ander om die land onwettig binne te kom of te verlaat (Viviers, 1978: 44-48). Die staat voer aan dat hy deur die getuienis wat afgelê is en die bekentenisse van die beskuldigde ‘bo redelike twyfel bewys het dat die beskuldigde gedurende die tydperk 10 Desember 1972 tot Augustus 1975 in die Republiek en elders, wederregtelik, onwettig en met die opset om die handhawing van wet en orde in die Republiek in gevaar te stel, deelgeneem het aan terroristiese bedrywighede. Daarom word hy skuldig bevind aan die hoofaanklag wat hom ten laste gelê is’ (*op.cit.*: 48).

Die regter het in sy uitspraak verwys na planne vir ‘geweldpleging’ - 'n bewering wat, soos vroeër op gewys is, juis uit die klagstaat gehaal is voordat Breytenbach skuld beken het. Hy is egter nou daaraan skuldig bevind en dit kon implikasies inhou vir sy vonnis.

Vóór die vonnis uitgespreek sou word, het dr. Henning getuienis ter versagting aangebied. Mev. Cecile Cilliers is na die getuiebank geroep en gevra om 'n beeld te gee van Breytenbach se betekenis vir die Afrikaanse letterkunde en sy plek daarbinne. Oor die Breytenbach-gedigte wat voorgelees is, berig *Die Burger* (26.11.75): ‘Afrikaans op sy heel mooiste het die Hooggeregshof... vasgevang in 'n greep waaruit niemand rondom Breytenbach hom kon loswikkel nie... Dit was aangrypende oomblikke. Baie mense - en party van hulle polisiemanne - het hard teruggeveg teen die trane van weemoed.’ Net so onwerklik as poësie in 'n ‘terroriste-verhoor’ was die feit dat die ondersoekbeampte in die saak, kolonel Kalfie Broodryk, 'n lansie vir Breytenbach gebreek het toe hy aanvoer dat die beskuldigde, 'n romantikus en skrywer, bitter spyt was oor wat hy gedoen het (*Oost.*, 26.11.75). (Breytenbach se verleentheid oor hierdie twee getuies spreek uit 1984a: 52.) Maar meer as enige ander getuienis ter versagting, was dit Breytenbach se eie verduideliking van sy lewensverloop en optrede wat sy vriende én teenstanders onkant betrap het.

Breytenbach het sy gehoor (die tweede voor wie hy in sy eie land opgetree het) teruggevoer na sy kinder- en jeugjare in die Boland en sy studietyd aan die Universiteit van Kaapstad waar hy die eerste keer mense van 'n ander velkleur op gelyke vlak ontmoet het. Van die mense in hierdie milieu het 'n sterk invloed op hom uitgeoefen. In die loop van 1959 het hy na Parys vertrek, gelok deur die vertellinge van sy kunstenaarsvriende, en dáár vir Yolande ontmoet met wie hy in 1962 getroud is. Die skok van die implikasies van sy huwelik het in 1965 gekom met die visumweiering aan sy vrou en dít was die begin van sy tweeslagtige verhouding met sy land - sy verknogtheid aan sy land en mense het hom bewus gemaak van sy groeiende vervreemding, sy bestaan in 'n lugleegte, en dit het langsamerhand ontaard in 'n haat-liefde-verhouding. Mettertyd het die bohaai oor sy huwelik, sy uitlatings en sy situasie as banneling ander uitgewekenes na hom getrek en geleidelik het hy betrokke geraak by hulle saak en aktiwiteite. Hy het egter deurentyd geglo dat sy optrede nie teen Suid-Afrika gerig was nie, maar teen wat hy as onregverdighede beskou het. Nou ‘beken’ hy egter dat die manier en die metodes waarop hy wou werk vir die groei van die land se beskawing en toekoms verkeerd was, en dat dit waarmee hy met

goeie bedoelings gemoeid geraak het, aan ander mense leed sou aandoen. Hy verklaar dus nou dat hy berou het oor sy optrede en van sy uitlatings omdat hy tot die besef gekom het dat sy bydrae nie op die gebied van die politiek kan wees nie. Hy sou ook graag wou vergoed vir die onreg en die verdriet wat hy sy mense oor die verkwiste jare aangedoen het en hy vra dié om verskoning wat hy beledig het (by name die eerste minister vir 'n kras en beledigende gedig aan hom gerig). Hy bedank verder kolonel Broodryk en die offisiere wat onder hom werk vir die korrekte en menslike wyse waarop hy behandel is (Viviers, 1978: 54-60).

Ná hierdie verduideliking deur Breytenbach was daar min twyfel in die hof dat die straf nie swaar sal wees nie. Selfs die Prokureur-Generaal, Percy Yutar, het dit sy plig geag om die versagtende omstandighede in die saak te noem (*op.cit.*: 67-68) en het die pleidooi vir 'n minimum vonnis gesteun.

Regter Cillié se bevinding en vonnis op 25 November 1975 het egter teen alle verwagtinge in klem gelê op ‘die erns van die misdaad’. Die persoonlike omstandighede, die betuiging van berou noop hom om 'n ligter vonnis op te lê, maar hy vind dit nie moontlik om die minimum vonnis op te lê nie: ‘In die omstandighede wat vandag bestaan, die klimaat wat nou heers, is wat u gedoen het 'n ernstige bedreiging vir die veiligheid van die staat en die vreedsame naasbestaan van die inwoners van hierdie land. In al die omstandighede het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die vonnis wat ek moet oplê, een is van *nege jaar gevangenisstraf* en dit word u dan ook opgelê’ (*op.cit.*: 73-74). (Vir Breytenbach se reaksie op die vonnis, vergelyk Viviers, 1978: 75-76.)

Op 29 Januarie 1976 word Breytenbach se aansoek om appèl afgewys deur regter Cillié. Dr. Henning het daarna 'n petisie opgestel vir die Hoofregter wat ook dít verwerp het. Breytenbach sou geen appèl teen die vonnis van nege jaar kon aanteken nie.

III
Reaksie van die pers en publiek op die eerste verhoor

Daar is dikwels aangevoer dat Breytenbach se verhoor uniek was. Só vreemd dat die spesiale afgevaardigde van die Vereniging van Juriste in Switserland wat die verhoor as waarnemer bygewoon het, sy kop geskud het. Dat daar poësie gelees word in 'n hof, dat die polisie-offisier wat 'n saak teen 'n beskuldigde ondersoek, in die hof vir versagting van sy vonnis getuig, dat die staatsaanklaer redes aanvoer waarom die minimum vonnis opgelê behoort te word - dit gebeur selde in 'n Paleis van Justisie (vergelyk berigte in *Oost.*, 26.11.75 en *Rap.*, 30.11.75). Vir hierdie ondersoek is die verhore egter nie die fokuspunt nie, maar

die reaksie wat dit uitlok (en die implikasies wat dit inhou vir literatuuropvattings en die ideologiese ingebedheid daarvan) en die plasing van die verhore binne die wyer politieke konteks.

Breytenbach se 1975-verhoor vind plaas tydens die hoogtepunt van *détente* en ‘verligtheid’. Teen hierdie tyd inisieer en ondersteun al die belangrike Afrikaanse koerante 'n ‘verligte’ denkrigting en die behoudende of regse groepe beskik nie oor 'n kommersiële dagblad wat hulle as spreekbuis kon gebruik nie. In hierdie stadium het die vroeëre onderskeid, naamlik verlig/verkramp, wat betref die koerante van Nasionale Pers en Perskor onderskeidelik, dus verval.

Die gebeure om Breytenbach se aanhouding en verhoor was ietwat van 'n verleentheid vir die verligte pers wat hom in 1973 met ope arms terugverwelkom het in die land en wat selfs na sy Somerskooltoespraak 'n saak kon uitmaak vir die opkoms van die ‘nuwe’ Afrikaner (soos uiteengesit in hoofstuk 5 II). Dit het inderdaad tóé gehandel oor die verbreding van die Afrikanerlaer wat ook plek gemaak het vir ‘afwykelinge’ soos die Sestigers. Brink self erken dit as hy sê: ‘Ostracism is less effective since the laager itself has expanded, the concept of “the Afrikaner” has broadened to include a much wider spectrum than before. And so, even when a person is cast out by hardcore conservatives he may still feel himself acceptable to a large variety of Afrikaners within the laager’ (1976: 5). Maar hierdie nuwe Afrikanerlaer het natuurlik ook sy grense en Breytenbach se aandadigheid aan ‘terrorisme’ het hom daarbuite gestel. Dit was dus in 1975 vir die koerante moeilik om dieselfde entoesiasme teenoor hom te handhaaf as wat die geval tydens sy koms na Suid-Afrika in 1973 was. Die probleem word ontduik deur heelhartig saam te stem met die vonnis, maar terselfdertyd Breytenbach se ‘verskoning’ aan te gryp as 'n geleentheid om hom weer binne die laer te kry, sy ‘Afrikanerskap’ so te sê aan hom ‘terug te gee’, ter wille van die Afrikaanse Letterkunde/Kultuur. Die *Rand Daily Mail* (28.11.75) stel dit wyer: ‘In the circumstances (of his context and confession) many South Africans will probably view him not in anger, as a revolutionary loose in our midst, but more in *sorrow*, as a talented son of South Africa who chose a misguided and ill-conceived road’. Die begrip ‘jammer’ duik dan ook op in die bepaalde redaksionele kommentare wat hierna bespreek word.

Die Afrikaanse koerante erken almal in 1975 dat Breytenbach sy vonnis verdien. *Oggendblad* (27.11.75), *Hoofstad* (28.11.75), *Beeld* (28.11.75), *Rapport* (30.11.75) en ander meen die vonnis is in ooreenstemming met die erns van die misdaad waaraan hy volgens eie erkenning skuldig is. *Die Vaderland* (28.11.75) meen die krasheid daarvan is geregverdig gesien teen die agtergrond van die erns waarmee oortreding van die Wet op Terrorisme bejeën behoort te word. *Die Transvaler* (26.11.75) voel die ‘oortreder van wet en orde’ verdien sy slae. Al die koerante omseil egter die werklike politieke vraagstukke wat rondom Breytenbach se verhoor opduik deur sy ‘inkeer’ of ‘bekering’ te loof en/of daarvoor te pleit dat mens en kunstenaar geskei word. ‘Verkramptes’ beskuldig die pers op grond van bogenoemde strategieë daarvan dat hulle joernalistieke vernuf gebruik om van Breytenbach 'n martelaar te maak en dat hulle hul nie werklik uitspreek oor Breytenbach se motiewe nie (*Afr.*, 5.12.75).

Sommige reaksies lê klem op Breytenbach se skuldbelydenis. Dirk Richard

van *Die Vaderland* (28.11.75) ondersteun die bestaan van 'n wet soos dié teen Terrorisme heelhartig en twyfel, soos enige ‘regskape mens’, nie daaraan dat Breytenbach ingevolge dié Wet skuldig is nie; hy gee egter wel toe dat die vonnis vir sommige mense te straf mag lyk in die lig van ‘Breyten se berou, sy samewerking met die polisie, die amateuragtigheid van sy optrede en die Staat se versoek dat die minimum van vyf jaar tronkstraf hom opgelê moet word’.

Die eertydse Treurnicht-blad, *Hoofstad* (in hierdie stadium onder redaksie van Arthur Blake), gaan verder as Richard se versigtige formulering en druk Breytenbach (noudat hy veilig agter tralies sit, volgens *NRC Handelsblad*, 7.12.82) aan die volksboesem as ‘die verlore seun wat huis toe gekom het’ vanuit die ‘vreemde’ waar hy die ‘klatergoud van die Paryse kunstenaarslewe’ ten prooi geval het. Hierdie grootmoedige ommeswaai in die koerant se houding is teweeggebring deur die feit dat Breytenbach ‘tot besinning gekom het en besef het dat sy dromer-ideale, gevoed deur die permissiewe, anarchistiese atmosfeer in Parys, nie in die praktiese politiek ten uitvoer gebring kon word sonder dat sy vaderland vernietig word nie’. Dit was die digter se ‘berou oor die dwase, onbesonne dinge wat hy gedoen het’ en sy ‘mannemoed’ om te erken dat hy op 'n dwaalspoor was wat *Hoofstad* bereid maak om Breytenbach te vergewe: ‘Breyten Breytenbach - sulke seuns het Suid-Afrika nodig. Jy het teruggekom, en as jy jou nuwe drome eendag in ons midde kan verwesenlik sal ons jou verwelkom soos 'n vader sy kind, in 'n ware seisoen in die paradys’ (*Hoofst.*, 28.11.75).

In teenstelling met *Hoofstad* wat Breytenbach se belydenis in terme van ‘mannemoed’ sien, voel *Die Burger* dat sy openbare ontkleding en bekering 'n ‘wéinig heroïese vertoning’ was wat sy ‘gewese rewolusionêre vriende (sal noop om) met nog sterker oortuiging as sy eertydse politieke kritici 'n aanklag van verraad teen hom in te bring’. Volgens die redaksionele kommentaar in dié koerant ‘is dit nie aangenaam om 'n mens so te sien breek nie. Hy gaan nou die prys betaal vir 'n gevaarlike onbesonnenheid wat hy te laat as sodanig herken het. Dit is bitter duur en hard, en ons kan jammerte nie uitsluit uit die gevoelens wat dit by ons wek nie’ (*Bu.*, 27.11.75).

Willem de Klerk, die verligte redakteur van *Die Transvaler*, skryf in 'n rubriek in *Rapport* (30.11.75) die ‘oorweldigende reaksie van meegevoel en aandoening’ tydens die vonnis toe aan die belydenis van Breytenbach wat geskryf en gelewer was ‘in die taal van die hart met al sy gevoelige ondertone: die hartseer van berou, die brand van selfverwyt, die nederigheid van loutering. Dit was iets van 'n terugkeer na sy plek en sy bloed. 'n Katarsis wat soos loog gesuiwer het.’ En op grond hiervan was die Afrikaner bereid om Breytenbach weer te aanvaar, te herstel en op te neem in die volkskring. De Klerk onderskei dan ook twee sentrale ‘boodskappe’ in Breytenbach se belydenis: die gevolge van vervreemding van jou volk aan die een kant en die gevaar van indoktrinasie aan die ander kant. Alhoewel De Klerk waarsku teen ekstreme aandrang om konformisme aan die volkswil, klee hy sy eie siening van volksgebondenheid in terme soos ‘die mistieke naelstring’, ‘die voedingsbron vir die individu’, ‘'n soort kontrole wat geborgenheid gee’, ‘'n sensitiewe roering van verbondenheid’, ‘'n amper tere verhouding met jou mense’. Verset teen 'n mens se volk moet 'n ‘lojale verset’

wees: ‘Solank jy met jou mense swaarde kruis in liefde en respek, met deernis amper, soos Van Wyk Louw, sal jy staande bly en diens lewer’. Maar as jy ‘denasionaliseer’, as jy ‘skimpend en uit die hoogte volksemosie kleineer’, as jou ‘geregverdigde twis en worsteling met jou volk omslaan in bitterheid en afkeer’, ‘as jy wegdraai en agtertoe klap terwyl jy self uit die kraal wegstap’ dan ‘verdwaal jy in 'n wildernis’. De Klerk se eerste boodskap, afgelei uit Breytenbach se belydenis, is dan: bly binne die Afrikanerlaer, die volkskring, en sorg dat jou verset ‘lojaal’ is en van binne die kraal (dit wil sê verlig, maar nie fundamenteel anders nie), want ‘as die afstand tussen jou en jou volk letterlik en figuurlik te groot word, word hierdie byna mistieke naelstring geknip, en dan gaan iets in jou dood’. Die tweede boodskap wat De Klerk aflei, is dat indoktrinasie dinamiet is: ‘Betrokkenheid wat 'n soort dwanggedagte word, vernietig vryheid en verslaaf sy slagoffer aan sy eensydige slagspreuk.’ Ideologie vermeng met 'n oordosis van emosie en kondisionering, is 'n gif tot verderf, iets wat ‘die lewe van 'n volk kan saboteer’. Hierdie waarskuwing geld vir sowel die kweek van anti-Afrikanerskap as vir dié soort Afrikanerskap wat ‘roekeloos nasionalisme en verengde politieke en kulturele selfgenoegsaamheid stook’. De Klerk is dus roerend teen verkramptheid én ‘radikalisme’.

Van verligte Afrikaanse koerante gaan ook 'n pleidooi op vir die skeiding van mens en kunstenaar, politieke werklikheid en kuns. *Oggendblad* (27.11.75) meen daar moet 'n onderskeid getref word tussen ‘Breytenbach die digter en Breytenbach die aspirant-rewolusionêr’, want ‘sy beste werke bly vir Afrikaans en vir die Afrikaner 'n kosbare bate’ - selfs sy bitterste verse sal voortaan ‘vanweë sy inkeer en sy erkenning van vervreemding, verwarring en misleiding eerder medelye as gramskap wek’. *Die Burger* (27.11.75) se siening dat Breytenbach se ‘hoë idealisme wat die vermoë tot selfkritiek kwytgeraak het’, sy ‘talent’ verneder het, word teruggevoer na die uitgangspunt: ‘Die skone en suiwere kan nie in diens gestel word van meer of minder siniese magsbewegings sonder om besoedel te raak nie.’

Dit is die verligte Willem de Klerk wat breedvoerig uitwei oor die kwessie van skeiding. In die redaksionele kommentaar van sy eie koerant, *Die Transvaler* (26.11.75), waarsku hy teen die veralgemening dat Breytenbach se skrywersvriende en die Afrikaanse skrywers kop in een mus is met hom en dat hul motivering dus ook die ‘uitlewering van hul land en sy mense’ is (ook onder ingeligte lesers is daar die kommer dat die Breytenbach-saak die Afrikaanse literêre wêreld skade aangedoen het). Volgens De Klerk is dit ‘suiwer oordeel’ om te *skei*: die persoon van die saak (Breytenbach die kunstenaar behou sy meriete los van Breytenbach die skuldige aan terreur); vorm van inhoud (sekere van sy werke is na vorm aangrypende kuns hoewel die inhoud soms aanvegbare politieke ideologie verwoord); individu van groep (dat Breytenbach toevallig 'n skrywer is, maak nie van alle betrokke Afrikaanse skrywers mense wat sy motiewe en metodes deel nie).

As 'n mens kan oordeel volgens die aantal lesersbriewe wat in koerante verskyn het ná Breytenbach se skuldigbevinding en vonnis, het hierdie gebeure heelwat minder reaksie van die publiek uitgelok as die visumdebakel van 1965. Dit is ook duidelik dat die digter nou selfs minder ondersteuning van die publiek

geniet het as toé. Volgens 'n meningspeiling wat in 1975 deur *Rapport* gedoen is, meen slegs 21,1% van die Afrikaners wat ondervra is dat dit die Afrikaanse letterkunde tot nadeel sou strek as Breytenbach nie langer in Afrikaans skryf nie; 35,6% sê dit sal die letterkunde tot voordeel strek as hy ophou skryf; byna die helfte wou geen mening uitspreek nie. Een uit elke drie Nasionale Party-ondersteuners sê hul sou Breytenbach nie mis nie. Engelssprekendes stem nie saam nie en 30,9% glo dit sal tot Afrikaans se nadeel wees. Dié vraag oor Breytenbach is deur die oorgrote meerderheid beantwoord vóórdat dit nog bekend geword het dat hy in hegtenis geneem is (*Rap.*, 28.9.75). Ondanks die publisiteit en aandag wat Breytenbach in hierdie tyd ontvang, het dit ook geen noemenswaardige verandering aan die verkope van sy boeke meegebring nie (*Tv.*, 29.8.75).

Die Afrikanergehoor wat hom in 1973 toegejuig het vir sy kras Somerskooltoespraak swyg nóú:

> As long as he kept on being a great poet... he could count on their uncritical admiration. But not for promoting the revolution; not for driving the whites into the sea or for the smell of spilt blood; not for being castrated and raped. If it came to action he could not count on one in ten thousand of the white population he despised. The blacks, so far as they knew of him, dissociated themselves from him because he was white and a member of the ruling nationality, or in the case of those who were politically conscious, because of his ideas which were unrealistic to say the least. (Cope, 1982: 177)

Die lesersbriewe wat wel verskyn, val uiteen in twee groepe. Aan die een kant is daar die klein groepie wat aangegryp is deur Breytenbach se berou en bereid is om hom weer op te neem in Afrikanerkringe en aan die ander kant is daar die lesers wat meen dat sy straf, in die lig van landsomstandighede, heeltemal ontoereikend is. Net soos in die geval van redaksionele kommentaar in die pers is daar in hierdie briewe nie aanduidings van besinning oor die moontlike legitimiteit van alternatiewe sienings of 'n alternatiewe politieke bedeling vir die land nie.

Lesersbriewe in die eerste kategorie beklemtoon dat Breytenbach se belydenis bepaalde omstandighede uitgewys het wat versagtend inwerk op sy misdaadhede: sy hele agtergrond is een wat hom uiters vatbaar gemaak het vir die oortredings wat hy begaan het (veral die feit dat hy as Suid-Afrikaanse burger nie toegelaat is om met sy eie vrou in sy eie land te woon nie) en verder is hy 'n dromer wat totaal misplaas was in die rol wat hy in die sameswering vervul het (‘Straf regverdig’, *Ogb.*, 2.12.75). Hierdie lesers is verontrus oor ‘'n kunstenaarsiel wat verder versmoor sal word agter vier mure’ en gaan só ver om te sê dat daar by die owerhede gepleit moet word dat nie net Breytenbach se vonnis opgehef moet word nie, maar Yolande die vryheid moet kry om in Suid-Afrika te bly (PW Marais, *Tv.*, 16.12.75 en ‘Gawie op K’, *Beeld,* 15.12.75). Misdadigers wat ‘waarlik begerig’ is om 'n nuwe bestaan te maak en ‘genoegsame bewys daarvoor gelewer het’ moet sonder voorbehoud ‘in die gemeenskap opgeneem word en soos normale mense behandel word’ (H Purchase, *Tv.*, 11.12.75). Die uitgangspunt in hierdie briewe is (soos wat dit in

1965 die geval was by die lesers wat hul teen die visumweiering uitgespreek het) dat daar plek moet wees vir die uitsonderings op die reël - deur aan Breytenbach amnestie te verleen sal Suid-Afrika aansien wen in die buitewêreld: ‘Ja, selfs die persone wat elke dag besig is om Suid-Afrika te beswadder, sal moet erken dat ons in Suid-Afrika net na menslikheid strewe’ (PW Marais, *Tv.*, 16.12.75).

Koerantlesers in die tweede kategorie (waarvan die meeste briewe in die verligte *Die Burger* verskyn) staan verbaas oor mense wat geïmponeer is deur Breytenbach se kastige berou en oor die onverdiende meegevoel wat hy losslaan (byvoorbeeld C Jordaan, *Beeld*, 3.12.75 en ‘Knypie Sout’, *Bu.*, 3.12.75). Wat hy gedoen het, is ‘duiwelse werk’, ‘verloëning’ en ‘verraad’ op 'n skaal wat geen simpatie regverdig nie. Byna al hierdie lesers weeg Breytenbach op teen ‘ons manne op die grens’ en vra onder meer: ‘Wie doen die meeste vir ons taal? Húlle beskerm ons sodat ons taal en volk en land kan voortbestaan’ (‘Suid-Afrikaner’, *Beeld*, 4.12.75); ‘Waarom pleit ons nog vir (iemand soos Breytenbach)? Pleit ons vir ons eie ondergang...? Dink ons nie aan die Suid-Afrikanerbloed wat op ons grense vloei nie?’ (CF Schoeman, *Beeld*, 5.12.75). Daar is selfs dié lesers wat meen dat in plaas van ‘nege jaar op staatskoste en in staatsveiligheid aangehou te word’ Breytenbach liewers na ‘ons grense’ gestuur moes gewees het om ‘teen terroriste te gaan veg en te bewys dat hy sy land liefhet’ (A van der Merwe, *Bu.*, 2.12.75). In die lig daarvan dat nege soldate in hierdie tyd aan die grens gesterf het, besluit laasgenoemde leser: ‘Hier in ons mooi land is baie eenvoudige mense met minder intelligensie, skryfvermoë, ensovoorts, wat vir hul land baie meer werd is as die een Breytenbach’. Van 'n vader wie se seun in November 1975 aan die grens doodgeskiet is, kom dié bitter woorde: ‘Ek blameer nie die terroriste aan ons grens vir my seun se dood nie, maar wel die terroriste in ons midde soos Breyten Breytenbach. Ek sou graag 'n koeël deur sy kop wil jaag’ (*Va.*, 28.11.75). (In 1984a: 39 wys Breytenbach daarop dat die begrip ‘die grens’ 'n mitiese konsep is in die hedendaagse blanke Suid-Afrikaanse bewussyn: ‘The history of the Afrikaner has been one of borders, of the enemy lurking just over the horizon, of buffer states used against a world wanting to take over the lands their ancestors conquered. They were proud of their periods on the border, of the hunts they participated in. But I think (the security police) conceive of their activities inside the country as just an extension of the same hunt and patrolling the same border. Later, when in Cape Town, I often had a similar impression from the prison warders: that looking after me was their way of combating and fighting communism on the frontier’.)

Twee reaksies van die kant van die wye publiek lok in hierdie tyd heelwat belangstelling uit en daarom word dit van nader bekyk - JH Coetzee se artikel, ‘Die “geval” Breyten Breytenbach’ wat in die Calvinistiese maandblad *Woord en Daad* verskyn (1976: 13) en Jaap Marais se ‘Linkses meet met dubbel maat oor Breytenbach’ in die konserwatiewe blad *Die Afrikaner* (16.1.76).

Coetzee lig twee ‘lesse’ uit die Breytenbach-aangeleentheid wat verband hou met die ‘plig’ van die skrywer en die ‘plig’ van die volk onderskeidelik: Die eerste les is naamlik dat die Afrikanerskrywer 'n ‘swaar verantwoordelikheid’ het indien hy aanspraak wil hê op Afrikanerskap en op waardering vir sy werk:

hy moet daarteen waak dat sy kuns ‘verkrag en misbruik’ word vir ‘ondermynende geweld’ waardeur dit net so ‘volks- en vaderlandverraderlik word as die gebruik van landmyne en submasjiengewere’. Die tweede les geld die kunstenaar se volk: ‘Moenie te ligtelik die kunstenaar verstoot en vereensaam en hom in verydeling en verlange die hand laat uitsteek na desperate wraakmiddels nie... as 'n klein volkie wat onder benarde omstandighede leef, kan ons werklik nie bekostig om 'n enkele volksgenoot in die arms van die wagtende wolwe te dryf nie.’ (Daar moet gelet word op die ooreenkomste tussen Coetzee en Willem de Klerk se sienings, veral ten opsigte van volkswil/volksplig.) Twee temas wat uit Coetzee se artikel na vore tree, en waarop Jaap Marais in sý artikel reageer, is dié van ‘volk’ en ‘verraad’.

Marais se sienings hieroor verskil van dié van Coetzee wat hy afmaak as 'n ‘Afrikaanstalige liberalis’ wat op ‘tipies liberale’ wyse fout vind met Breytenbach se metodes, maar tegelyk die Afrikanernasie berispe oor sy vergryp - die pleidooi dat Breytenbach nie verwerp moet word as ‘Afrikaner’ nie, is volgens Marais deel van die ‘liberale strategie’ om die definisie van Afrikanerskap so wyd te trek ‘dat haas elkeen wat nie 'n Afrikaner wil wees nie, of wat besig is om die Afrikanervolk te probeer vernietig, ook ingesluit kan word’ (*op.cit.*: 7). Soos die verligtes (byvoorbeeld Willem de Klerk en Coetzee) beroep Marais hom op die ‘volk’, maar volgens hom is die volk se kern nie die ‘uitwaarts geneigdes’ nie, maar dié wat ‘na bo en na binne gerig is (en) deur 'n diep verbondenheid aan die oerbronne van die volk intuïtief weet wat reg en wat verkeerd is, wat hoort en wat nie hoort nie...’ en wie se leuse ‘Witmanskap, Afrikanerskap en Suid- Afrika Eerste’ is (*ibid.*). Breytenbach het hom, deur sy linkse politiek en huwelik met 'n ‘nie-blanke vrou’ *uit vrye keuse* buite en teen die Afrikanervolk gestel. Hy is 'n *verraaier* wat hom ‘in 'n oorlog by die vyand aangesluit het’, wat ‘aktief toegetree het tot die oorlog teen sy volk’ - en daarom deur ‘die konsensus van die Afrikanervolk’ verwerp word as Afrikaner, 'n ‘feit wat deur geen argument verander kan word nie’ (*ibid.*). (Vergelyk hoofstukke 4 II, 6 XI en 7 III vir die historiese verloop van die diskoers rondom Afrikanerskap.)

IV
Reaksie van ingeligte lesers op die eerste verhoor

Die hoofindruk waarmee 'n mens gelaat word as die reaksie van ingeligte lesers op Breytenbach se aanhouding, skuldbelydenis en skuldigbevinding asook vonnis nagegaan word, is een van verleentheid (Jaap Steyn, *Rap.*, 31.8.75 praat selfs van ‘bitterheid’) aan die een kant en 'n leedvermakerigheid aan die ander kant (soos Rykie van Reenen, *Rap.*, 23.11.75, waarneem). In teenstelling met 1965 toe hierdie lesers briewe aan koerante gestuur het vir publikasie en selfs in

polemieke betrokke geraak het, neem hulle reaksie in 1975 die vorm aan van uitlatings teenoor joernaliste wat hul nader om kommentaar. In *Confessions* (1984a: 55) skryf Breytenbach dat hy weinig ‘prominente literêre figure’ by sy (eerste) verhoor opgemerk het: ‘Fear was at their throat; fear and Schadenfreude. They had rejected me entirely by then; they were not going to be identified in any way with a terrorist’. Selfs nie eens die nuwe ‘rebelle’-vereniging van die Afrikaanse letterkunde, die Skrywersgilde, neem ‘amptelike’ standpunt in oor die verhoor nie (in later jare sou die Gilde hom egter uitspreek oor die omstandighede van Breytenbach se gevangenskap).

'n Gevoel van verleentheid spreek uit die reaksie van sy (eertydse) literêre vriende en lesers wat vroeër sterk vir hom opgekom het (veral gedurende die visumvoorval van 1965); 'n ek-het-jou-mos-gesê-houding spreek veral uit die reaksie van ingeligte lesers wat in die verlede bedenkinge oor Breytenbach se openbare optrede of literêre werksaamhede uitgespreek het. Die argumente vanuit albei hierdie fronte kan saamgevat word onder drie kategorieë: die pleidooi dat die mens en die kunstenaar, sy lewe en werk duidelik geskei moet word; die vooropstelling van Afrikaans en die Afrikaanse kultuur (soos uitgewys in hoofstuk 5 III) en die bekommernis oor die beeld van die Afrikaanse skrywers in die algemeen. Voordat teruggekeer word na hierdie argumente, word eers gekyk na algemene houdings.

Skrywersvriende soos Jan Rabie, Adam Small en Breytenbach se uitgewer Daantjie Saayman was, volgens koerantberigte, ‘diep geskok en ontsteld’ toe dit bekend word dat Breytenbach reeds op 19 Augustus in hegtenis geneem is (*Ogb.*, 28.8.75, *TDN.*, 27.8.75). Die twee vriende met wie Breytenbach in Johannesburg kontak gehad het en wie se huise deur die veiligheidspolisie deursoek is, Ampie Coetzee en John Miles, lewer nie kommentaar nie (*Va.*, 29.8.75; *Hoofst.*, 29.8.75); volgens een koerantberig het die persoon in wie se studeerkamer boeke met versteekte paspoorte in gevind is, in trane uitgebars toe hy daarmee gekonfronteer is (*Va.*, 29.8.75). Fanie Olivier (een van die jong digters van die sewentigerjare wat die ‘betrokke’ fase van die Afrikaanse letterkunde ingelei het) sien Breytenbach se verset as ‘sinloos’ in die lig daarvan dat hy ‘doelbewus 'n internasionale wet oortree (het) deur Suid-Afrika onwettig binne te kom’ (*Rap.*, 31.8.75). Adam Small se ‘gemoed het vol geskiet’ oor Breytenbach (*Va.*, 28.8.75): ‘My groot vriend, Breytie, was maar altyd 'n bietjie mallerig. Maar God weet, die man skryf wonderlik Afrikaans. Ons weet dat Breytie verlang, en ons weet ook hy moet dit nie só doen nie... As Breytie deurmekaar is met die Kommies, is dit moontlik dat ons hom ook sal wil skiet, maar anders as ander mense, sal ons dadelik huil so groot as wat ons nog nooit gehuil het nie’ (*ibid.* asook *Hoofst.*, 30.8.75). As dit waar is dat Breytenbach 'n Kommunis is, dan word alles vir hom ‘en vir ons almal wat vir sy digterskap eerbied het... gekompliseer en moeilik, baie moeilik gemaak’ - aldus Small (*Va.*, 2.9.75). Dié woorde van Small by 'n taalsimposium van die SA Akademie op Potchefstroom eggo die sentimente van Daantjie Saayman in 'n onderhoud 'n paar dae voor Breytenbach se inhegtenisneming: ‘As Breytenbach saam met die Kommuniste hierheen kom, sal ek hom skiet en agterna oor hom huil’ (aangehaal in *Va.*, 29.8.75). En dit is hoe Etienne Leroux sewe jaar

gelede tydens die *Kol*-debat gevoel het: ‘Ek sal (jou) optrede miskien veroordeel: ek sal (jou) selfs skiet met my .303 as (jy) my veiligheid en my familie bedreig, maar ons het 'n bloedband as skrywers’ (1968: 4).

In teenstelling met sy skrywersvriende se verleentheid (en distansiëring van sy politieke motiewe) is daar die reaksie van 'n ingeligte leser soos HCT Müller wat ‘ontsteld’ is oor ‘die jongste sinnelose optrede van die digter’, maar wat dit sien as ‘die konkrete kulminasie van 'n lang reeks laakbare uitsprake’. Hy staan ook afwysend teenoor die ‘liggelowigheid van die letterkundiges met wie Breytenbach sosiaal-persoonlik verkeer het’; deur nie 'n ‘gedistansieerde onbevangenheid te behou’ ten opsigte van die digter se politieke loopbaan en betrokke kuns nie, het John Miles, Ampie Coetzee en Ernst Lindenberg die Afrikaanse letterkunde in 'n slegte lig gestel (*Rap.*, 23.11.75). Al ontken TT Cloete Rykie van Reenen se verwysing na die leedvermakerige glimlag waarmee hy by die Breytenbach-verhoor opgedaag het (*Rap.*, 23.11.75) en stel hy dit dat die digter ‘as mens die diepste simpatie by hom wek’, verwys hy tog na sy ‘voorspellings’ tydens die Hertzogprys-polemiek (hoofstuk 5 VII) - en inderdaad ook na sy uitlatings in die ‘Broederbondstuk’: ‘Toe dit agtien maande gelede vir my duidelik geword het dat die situasie gaan ontstaan wat nou bevestig is, het ek reeds gesê dat dit my ontstel’. Tog lei Cloete hieruit af dat hy ‘ook tans... allermins rede het om met genoegdoening in (sy) skik te wees, veral omdat daar vir die beskuldigde dalk 'n swaar straf wag’ (*Rap.*, 30.11.75).

Soos hierbo aangedui, word veral drie argumente gebruik deur ingeligte lesers in hul reaksie op die eerste Breytenbach-saak. Twee van dié argumente word vervolgens uitgelig.

Sowel die lesers wat hul nog altyd vír Breytenbach uitgespreek het as dié wat tot nou toe krities gestaan het ten opsigte van aspekte van sy lewe/kuns, voer argumente aan dat die *mens en kunstenaar geskei moet word*. Adam Small (*Va.*, 28.8.75) meen Breytenbach se woorde sal oor 200 jaar, ‘wanneer ons al vergeet het hoe die politiek en kultuur nou deurmekaar neuk’, nog bly leef, ‘ondanks sy malheid’. Chris Barnard (*Tv.*, 29.8.75) vind Breytenbach se politiek onaanvaarbaar, maar sal ‘vir sy skryfwerk altyd net die hoogste agting hê’. Volgens Barnard se opvatting is die kunstenaar 'n vakman: ‘'n Man kan 'n Kommunis wees as hy wil, maar as hy 'n goeie skrynwerker is, sal die tafels en stoele wat hy maak, van vakmanskap getuig. Die letterkunde stel insgelyks en uitsluitlik belang in vakmanskap.’ Ook FIJ van Rensburg onderskei tussen die mens as burger en as skrywer: ‘Ek het al die jare gepleit dat as 'n skrywer hom skuldig maak aan ondermynende dinge, die gereg sy gang moet neem. Maar as hy die prys verdien vir sy werk, moet hy dit kry, selfs in die tronk’ (*Tv.*, 29.8.75). DH Steenberg (*Tv.*, 29.8.75) glo dat 'n kunswerk wat as kuns goed is, met ander woorde die toets van die literêre dissipline en algemene geldigheid deurstaan het, onafhanklik van die skrywer se lotgevalle moet voortbestaan. Selfs dié werke van Breytenbach wat nie die toets deurstaan het nie, moet steeds krities gelees word, ‘met die volle inbegrip van die leser se lewens- en wêreldbeskouing.’ (Steenberg laat dus wel ruimte daarvoor dat die teks nie ‘suiwer literêr’ beoordeel kan word nie, want die leser kom daarheen vanuit 'n bepaalde beskouing; hy verreken egter nie die rol wat die literatuuropvatting van die

1. Chris Barnard en Bartho Smit van APB saam met Breyten Breytenbach in Oktober 1964 op die lughawe Orly buite Parys. Dit was 'n maand voor die verskyning van *Die ysterkoei moet sweet* en *Katastrofes*.

2. Breyten Breytenbach, in sy geleende pak klere en strikdas, word deur Yolande gelukgewens met die APB-prys vir sy dubbele debuut.

3. Chris en Annette Barnard, saam met Breytenbach en Yolande tydens die onthaal wat op 28 Februarie 1965 in 'n hotelletjie op die linkeroewer van die Seine gegee is om die bekroning van *Ysterkoei* en *Katastrofes* te vier.

4. Die Breytenbachs in hul blyplek van die vroeë sestigerjare: Kamer nommer 5 in die Rue du Sommerard, Parys se vyfde distrik. Chris Barnard beskryf die jong digter jare later as ‘die rustige man met die sagte brystem en die byna weerlose bok-oë en die skaam glimlag’ tussen die dosyne ongeraamde skilderye - ‘’n reeks onthutsende skrikbeelde in olieverf’.

5. Op Sondag, 2 Mei 1965 plaas *Dagbreek en Sondagnuus* dié foto van Breytenbach en sy vrou naas die berig wat 'n storm om hulle laat losbars. Die byskrif lui: ‘Breyten Breytenbach en sy Viëtnamese vrou in Parys afgeneem. Sy word nie as blanke in SA beskou nie. Mnr. Breytenbach sê hy het 'n visum gekry om sy vrou na Suid-Afrika te bring. Die Minister sê hy weet niks daarvan nie.’



6. Toe sy vrou in 1966 weer eens 'n visum geweier word, neem Breytenbach haar na Swaziland om haar daar aan sy ouers voor te stel. Hierdie foto is in 'n Swazilandse hotel geneem.

7. Die Breytenbach-familie voor hul hut in 'n Swazilandse wildtuin. Van links is Sebastiaan ('n broer), Breyten, Yolande en dan Breyten se ouers, Kitty en Hans Breytenbach - die ‘Ounooi’ en ‘Oubaas’ van Breytenbach se verlangeverse.

8. Ten spyte daarvan dat Breytenbach banneling is as gevolg van sy huwelik, bly sy Suid-Afrikanerskap vir hom 'n ‘innerlike manifestasie’.

9 en 10. Op 14 Februarie 1967 kom die Breytenbachs, ná 'n verblyf van drie maande in Mosambiek en Swaziland, in Tafelbaaihawe aan as passasiers op die Portugese skip ‘Império’. Hulle word toegelaat om die skip te verlaat, in Kaapstad rond te ry en by sy broer te oornag.

9 en 10. Op 14 Februarie 1967 kom die Breytenbachs, ná 'n verblyf van drie maande in Mosambiek en Swaziland, in Tafelbaaihawe aan as passasiers op die Portugese skip ‘Império’. Hulle word toegelaat om die skip te verlaat, in Kaapstad rond te ry en by sy broer te oornag.

11. Breytenbach en Yolande saam met sy uitgewers, Koos Human (links) en Leon Rousseau (regs), tydens die aandoen aan die Kaap. In November die volgende jaar rig die direkteure van Human & Rousseau 'n ope brief aan hom in die pers waarin hulle hul distansieer van sy politieke standpunte. Dit lei daartoe dat Breytenbach sy bande met Human & Rousseau verbreek.

12. Hierdie ongewone foto, wat André P Brink in Parys geneem het, vergesel in Oktober 1967 'n berig met die opskrif: Opslae kom oor Sestigers se drie nuwelinge. Dié drie boeke - wat hier bestempel word as 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die Sestigerbeweging - verskyn gelyktydig: Etienne Leroux se *18-44,* André P Brink se *Miskien nooit* en Breytenbach se *Die huis van die dowe*.

13. Etienne Leroux, André P Brink en Breytenbach by 'n straatkafee in die Rue Soufflot gedurende April 1968, tydens Brink se tweede verblyf in die Franse hoofstad en Leroux se *Isis*toer.

14. Breytenbach saam met Uys Krige en André P Brink in Parys, November 1968. Vir Krige skryf Breytenbach die juigende ‘Oggendlied’ wat in *Kouevuur* (1969) verskyn.

15. In die era van ‘verantwoordelike verligtheid’ word 'n visum vir drie maande aan Yolande toegestaan en in Desember 1972 kom die Breytenbachs in Suid-Afrika aan. Vir die eerste maal sedert 1959, toe hy Parys toe vertrek het, is Breyten weer saam met sy ouers op Suid-Afrikaanse bodem.



16. André P Brink het dié foto van sy vriend geneem terwyl Breytenbach ‘rus op Onrus’.

17. Breyten en sy Geel Lotus uiteindelik in die ‘fraaiste kaap in die hele omtrek’.



18. Parys-Onrus: Retoer. Breytenbach in gesprek met Uys Krige.

19. By die see met sy vriende en die buurt se honde. Met sy rug na die kamera staan Jan (Biltong) Rabie en regs 'n buurman van hom, Simon Rappaport. Hy en die ander leer vir Breyten hoe om perlemoen uit te duik.



20. Breytenbach in die kroeg van Matjiesfontein se Lord Milner-Hotel - met die eggo van Olive Schreiner en NP van Wyk Louw - tydens die Karoo-reis waaroor hy verslag doen in *'n Seisoen in die paradys*.

21. Skrywers by die Sestigerkongres. Van links na regs: Chris Barnard, John Miles, PG du Plessis, Lina Spies, Jan Rabie, Berta Smit, Breytenbach, Hennie Aucamp, George Weideman en Wilhelm Knobel.

22. Breytenbach bring sy ‘Blik van buite’ na die Sestigerweek. Schalk Pienaar beskryf dit as 'n ‘drama wat vaudeville uitgedraai het’ en Chris Barnard as 'n ‘genadelose kastyding’ wat dawerend toegejuig is deur die stoere Afrikaners in die gehoor wat groter ‘rebelle’ geword het as die Sestigers.

23. Op 31 Maart 1973 verlaat Breytenbach en Yolande die Kaap - maar nie sonder 'n laaste skop in die rigting van die koerante nie. Hier is Breytenbach aan die hardloop vir *Rapport* se fotograaf kort voor hy sy nuwe Wuppertallers, sy ‘koeranttrappers’, ingewy het op die einste fotograaf se sitvlak. In 'n ope brief in die pers vra hy later die fotograaf wat hulle met goeie bedoelinge op die lughawe kom afsien het, om verskoning - dis seker nie sy skuld dat ‘die een se treurigheid die ander se nuus’ is nie.

24. In 1975 kom Breytenbach met 'n vals paspoort na Suid-Afrika om lede te probeer werf vir Okhela. Die veiligheidspolisie neem hom op die lughawe Jan Smuts in hegtenis. Op 21 November 1975 begin sy verhoor toe hy voor regter P M Cillié verskyn op aanklagte ingevolge die Wet op Terrorisme. Op hierdie foto drom mense voor die hof saam. Die galery in die Paleis van Justisie was reeds voor nege-uur die oggend volgepak.

25. Die twee vriende met wie Breytenbach tydens sy klandestiene reis in Johannesburg kontak gemaak het en wie se huise deur die veiligheidspolisie deurgesoek is, is hier voor die hof afgeneem: John Miles en Ampie Coetzee.

26. Rykie van Reenen het verwys na 'n leedvermakerige glimlag by TT Cloete wat hier saam met sy vrou, Anna, by die verhoor opdaag. Cloete ontken so 'n houding, maar verwys na sy

vroeëre ‘voorspellings’ toe hy aangevoer het dat 'n skrywer soos Breytenbach 'n taal en 'n volk kan bedreig.



27. Die Breytenbach-verhoor was uniek. Poësie is in die hof gelees, die ondersoekbeampte getuig ter versagting van sy vonnis, die staatsaanklaer voer redes aan waarom die minimum vonnis opgelê behoort te word. Maar meer as enigiets anders was dit Breytenbach se eie verduideliking van sy lewensverloop en optrede wat sy vriende én teenstanders onkant betrap en vir hoofnuus in die dag se koerante gesorg het.



28. Al die getuienis ter versagting van die vonnis help niks. Regter Cillié lê in sy bevinding klem op die ‘erns van die misdaad’ en vonnis die ‘maer man met die groen pak’, wat in die vorige maande merkbaar ouer geword het, tot nege jaar gevangenisstraf.

29. Hierdie foto van 'n Breytenbach-tekening verskyn ná die verhoor in die pers met die volgende byskrif: ‘TERUGKEER - op 'n koei en met 'n vuurhoutjie in die hand: Breyten

Breytenbach se eie tekening vir die voorblad van sy boek *'n Seisoen in die paradys*, wat weens die huidige sensuurbestel nog geen uitgewer kon vind nie... Die religieus-georiënteerde simboliek van die stralekrans van arms en die voorhoof-oog van die wit koei daargelaat, is dit veral die vuurhoutjie in sy onderste linkerhand wat opval. Breytenbach was volgens eie erkenning aandadig aan die opstel van die opruiende Okhela-manifes, en okhela beteken: brandmaak.'



30. Op 20 Februarie 1967 word *Voetskrif*, die bundel wat Breytenbach in aanhouding geskryf het, aan sy broer Cloete (links) oorhandig deur mnr. Schalk van der Merwe (regs) van Perskor. Die ander op die foto is Chris Barnard en Bartho Smit wat in 1964 gemoeid was met die publikasie van Breytenbach se debuutbundels.



31. Gedurende 1977 wek Breytenbach weer eens opspraak toe hy die tweede maal in die hof verskyn. Hierdie keer is hy daarvan beskuldig dat hy vanuit sy sel kontakte probeer bewerkstellig en planne gesmee het waardeur hy die staatsveiligheid in gevaar sou bring. Hier is Breytenbach buite die Landdroshof op 13 Mei 1977. Die verhoor is uitgestel tot Junie, wanneer hy summier verhoor word in die Pretoriase Hooggeregshof.

32. Tydens die verskyning in die Landdroshof sien Breytenbach weer sy vriende - en vir die eerste keer die versamelbundel *Blomskryf*, wat deur Taurus uitgegee is. Hier sit Ampie Coetzee met die bundel in sy hand saam met John Miles (regs) en Ernst Lindenberg (links).

33. Breytenbach arriveer by die Hooggeregshof tydens die tweede verhoor.

34. Die verloop van die tweede verhoor bring nie net Breytenbach se lang periode van eensame aanhouding onder die openbare aandag nie, maar stel sy belydenis tydens die eerste hofsaak in 'n ander lig. Uit die feite wat nou na vore kom, blyk dit dat hy nie sy eertydse politieke ideale en literêre betrokkenheid verloën het nie.

35. Ná 'n verhoor van twee weke lank lewer regter WG Boshoff op 16 Julie 1977 sy uitspraak. Breytenbach word onskuldig bevind ingevolge die hoofaanklag en verbandhoudende alternatiewe klagte; hy word skuldig bevind ingevolge 'n klag weens die smokkel van briewe, maar hy word slegs gevonnis tot 'n boete van R50 of drie maande tronkstraf. Terwyl 'n verligte Breytenbach hier uitstap om die res van sy nege jaar tronkstraf uit te dien, broei 'n storm in die literêre wêreld wat uitloop op die ‘betrokkenheidsdebat’.

36. Op 2 Desember 1982 word Breytenbach onverwags uit die gevangenis vrygelaat ná hy sewe van sy nege jaar tronkstraf uitgedien het. Ná 'n besoek aan sy familie in Grahamstad, vertrek hy en Yolande na Frankryk. Hier is hy in Parys afgeneem kort ná sy vrylating, met sy baard vol wit snare - ‘'n silwermyn waaruit ek weinig munt kon slaan’.

37. Die vrygelate digter en sy vrou ‘iewers waar daar sneeu is’ in die suide van Frankryk om sewe jaar se verlange te vergoed.

38. Sedert die middel sestigerjare was Breytenbach herhaaldelik betrokke by polemieke rondom literêre pryse. In 1986 word die nuwe Rapportprys die eerste maal toegeken - aan (*'yk'*) - en die patroon herhaal homself. Hier kan Dalene Matthee en Yolande nie hulle vreugde verberg toe aangekondig word dat Breytenbach die wenner is nie. Links agter is Kaia van Heerden.

39. Van staatsgevangenis na staatsteater... en omring deur die (literêre) establishment: regs is Karen en Ampie Coetzee, voor Marjorie Wallace en Jan Rabie en links agter Louis en Liona Eksteen.

40. Mnr Fanie Jordaan, bestuurder van *Rapport*, wens Breytenbach in sy goue aandbaadjie geluk met sy prys. In die middel gun naaswenner Antjie Krog hom sy oomblik van glorie; regs staan die seremoniemeester, Nic de Jager.

41. In Maart 1987 word Breytenbach 'n visum geweier om sy siek vader te besoek. Dít weer hom egter nie uit die (literêr-) politieke diskoers nie. Vroeg in Julie word berig dat IDASA en Breytenbach 'n ontmoeting gereël het tussen die ANC en 'n Suid-Afrikaanse groep. Breytenbach beklee 'n sentrale plek in die geskiedkundige Dakarsamesprekings.

42. Breyten plant 'n boom vir 'n nuwe toekoms in Ougadougou, Burkina Faso, tydens die Dakar-beraad.

43. Breytenbach kan hom maar nie losmaak van Suid-Afrika nie. Ten spyte van sy kritiek teen die ‘Nuwe Bedeling’, bly sy taak as skrywer en radikale teenstander van apartheid die soeke na ‘the rifts and cracks through which a shift in awareness can be promoted’. Hier is hy saam met nog 'n bekende Afrikaner-dissident, dr. Beyers Naudé, tydens samesprekings tussen wit Suid-Afrikaners, Russe en ANC-ampsdraers in Leverkussen, Duitsland, in Oktober 1988.



44. Breytenbach tydens die ‘Watervalberaad’ tussen Afrikaanse skrywers en die ANC - 'n gebeurtenis wat plaasvind in Julie 1989 en wat dus buite die bestek van hierdie ondersoek val, maar wat lei tot nuwe groeperinge binne die Afrikaanse literêre konteks.

skrýwer behoort te speel by die lees van 'n teks nie.) In 'n beskouing van die gedig ‘En toe het hy homself gekritiseer’ uit *Kouevuur* bekyk Ampie Coetzee (*Rap.*, 7.12.75) die digotomie mens-digter, en die digter as profeet, in Breytenbach se poësie. Breytenbach, wat die opvatting verbreek het dat die skrywer nie in sy werk gesien mag word nie, het ín sy poësie sy misnoeë met die woord vergestalt. Deur die pyn en wonde van die daad te kies bewys hy vir homself sy *mens*-heid. Dit noop Coetzee om te vra: ‘Sal hy... nou... aan die woord glo? Want vir ons, Afrikaners wat ons taal liefhet, gaan net “die rofies in die spieël” oorbly. Maar is die woord, die woorde van hierdie dolosgooier, nie ál wat ons het nie; nie ook belangriker as die futiele daad nie?’ (Hiermee gee Coetzee aanduidings van sy eie literatuur- en ideologiese opvatting wat op hierdie punt ooreenstemming toon met dié van Brink soos hieronder uiteengesit.)

Van die kant van sy kritici gaan ook pleidooie op vir die skeiding mens en kunstenaar. TT Cloete (*Rap.*, 30.11.75) beroep hom op hierdie skeiding; Jaap Steyn (*Rap.*, 31.8.75), wat meen dat die geval Breytenbach toon dat ‘die skuld vir alles’ nie outomaties op apartheid gepak behoort te word nie, reken dis ‘goed dat die digter Breytenbach om sy literêre werk geëer word’, maar dat die ‘politieke naïeweling Breytenbach tot held en martelaar opgebou word, moet so ver moontlik voorkom word’. Ook Louis Eksteen (*Hoofst.*, 2.12.75) wat Breytenbach se optrede kritiseer as deel van die ‘internasionale aanslag teen die bestaande orde’ en die ‘orde en wet van die staat’ bo alles stel, reken dat ‘'n mens die saak agter die persoon moet skei van die persoon self’. Vir al hierdie lesers staan die belang van die Afrikaanse taal en kultuur voorop; hulle reageer dus Afrikaans-sentries (vergelyk hoofstuk 5 III).

Die bekommernis wat ná die Breytenbach-verhoor in literêre kringe heers oor die beeld van die Afrikaanse skrywers vloei deels voort uit 'n vooropstelling van Afrikaans en die Afrikaanse kultuursaak; andersyds is dit ook 'n poging tot selfbeskerming van die kant van die skrywers wat in verleentheid gestel is deur die aangeleentheid. Volgens *Die Vaderland* (3.12.75) meen skrywers dat sekere Afrikaanse skrywers se teenwoordigheid by die Breytenbach-verhoor hulle almal onder verdenking geplaas het. Die saak het hul beeld as skrywers benadeel omdat 'n vooroordeel dat hulle hul kuns, soos Breytenbach, vir nie-literêre doeleindes kan gebruik, ontstaan het. Chris Barnard is van mening dat Afrikaanse skrywers nou ‘gedwonge is om selfsensuur toe te pas’ (hy sien dit as 'n ‘soort sielkundige reaksie wat 'n nadelige uitwerking op 'n skrywer se skeppende vermoë het’) terwyl uitgewers selfs banger sal wees om enigiets te publiseer wat riskant lyk. Hy verwerp ‘die neiging dat die meeste skrywers nou oor dieselfde kam geskeer word as Breytenbach’ en skryf dit toe aan persberigte wat op ‘moedswillige wyse’ alle skrywers ‘onder verdenking’ wil plaas (*Va.*, 3 en 4.12.75).

André P Brink en PG du Plessis stem egter saam met Barnard dat daar deeglik met die vooroordeel rekening gehou moet word (*Va.*, 3.12.75). Vir FIJ van Rensburg is dit 'n belangrike saak: ‘Die Afrikaanse letterkunde en jong skrywers moet nie nou in die gedrang kom ná die digter Breyten Breytenbach se skuldigbevinding dat hy die Wet op Terrorisme oortree het nie. Daar is reeds 'n neiging om hulle as 'n slaansak te gebruik.’ Alhoewel hy glo dat daar by

sekere skrywers wel die neiging bestaan om ‘hul kuns vir nie-literêre doeleindes te gebruik’, dit wil sê om maatskaplike, politieke en ekonomiese idees te verkondig, moet daarteen gewaak word om alle skrywers hiervan te verdink: ‘Ek weier om te aanvaar dat alle Afrikaanse skrywers hul kuns op hierdie manier gebruik.’ Sy bekommernis is oor 'n ‘kragtige letterkunde’ wat nie geknou behoort te word nie omdat ‘'n gesonde letterkunde een van die belangrikste gronde vir die voortbestaan van 'n volk’ is (*Tv.*, 26.11.75; *Va.*, 4.12.75).

Die reaksie van André P Brink, vóórste segsman van ‘betrokkenheid’ in die sewentigerjare, op die eerste Breytenbach-verhoor verdien spesifieke vermelding, veral in die lig daarvan dat hy self erken dat díe saak 'n ‘sleutelsituasie was in die ontwikkeling van sy eie politieke insigte’ (*Rap.*, 30.5.76). Aanvanklik het dié omstrede skrywer nog op kenmerkende wyse gereageer op die aanhouding van die eerste groep mense wat by die saak betrokke was: ‘Hierdie inhegtenisneming, tesame met die aanhouding van SASO-ampsdraers, is nog 'n strooi op die kameel se rug en toon hoe onverdraaglik die afwyking van die regsoewereiniteit geword het. Dit bewys hoe skynheilig *détente* is’ (*Bu.*, 27.11.75). Kort ná die verhoor het Brink gesê dat die ophef wat oor die Breytenbach-verhoor gemaak word ‘eintlik belaglik is - dit is 'n berg wat van 'n molshoop gemaak is’ (*Beeld,* 28.11.75). Aan Cloete Breytenbach het hy gesê dat Breyten ‘'n fout gemaak het deur die eerste minister om verskoning te vra oor sy dade teen Suid-Afrika’; dié verskoning het die ‘skrywersbeweging in Suid-Afrika geen goed gedoen nie’ (*Va.*, 8.12.75). Later sou Brink egter hierdie uitlatings van hom kwalifiseer of terugtrek. Op 12 Desember 1975 erken hy naamlik aan *Tempo* dat hy ‘te vinnig gepraat het’ toe hy laasgenoemde uitlating gemaak het en dat hy dit ‘onder die emosionele spanning van die hofsaak gemaak het’; hy het ‘Breyten se verskoning nie objektief gesien nie’. Tydens die polemiek in 1977 sê hy dat sy uitspraak oor die aanhouding van mense rondom die Breytenbach-saak nie gerig was teen die feit van Breytenbach en ander se arrestasie of die feite van die saak wat later aan die lig gekom het nie, maar dat dit bedoel was as ‘protes teen 'n stelsel waarvolgens mense vir 'n onbepaalde tyd aangehou kan word sonder dat 'n aanklag teen hulle ingebring word’ (*Bu.*, 18.2.77).

Brink, vir wie die tyd rondom die Breytenbach-verhoor 'n tyd van persoonlike spanning was (vergelyk briewe in Viviers, 1978: 106; Welz, 1977: 146), se ‘nuwe insigte’ blyk veral uit die artikel wat hy vir *The New Review* skryf oor die Breytenbach-aangeleentheid, naamlik ‘The Breytenbach file’ (wat ter sprake kom in die gesmokkelde korrespondensie gedurende die vroeë tronkjare - vergelyk Viviers, 1978: 102 en 105-106, asook 'n onderhoud met *Rapport*, 30.5.76). In die *New Review*-artikel (1976: 3-8) ontleed Brink die motiewe agter Breytenbach se optrede soos volg: Hy was, anders as Mandela of Fischer, aangespoor deur private en persoonlike oorwegings wat hom terselfdertyd tot 'n hoogs uitbuitbare gebruiksartikel gemaak het vir parasiete wat hom misbruik het vir hul eie belange (vergelyk hieroor Jack Cope, 1982: 165-182 en Breytenbach, *NCR Handelsblad*, 11.12.82 en 1984a: 79). Brink se artikel is egter veral daarop gerig om dit duidelik te maak dat hy self reeds sedert 1968 verskil van Breytenbach se ideologiese vertrekpunte. Terwyl hý die geloof in die

geskrewe woord behou het en in die vitale en vormende invloed wat die skrywer in die Suid-Afrikaanse konteks het, kon Breytenbach dit nie verstaan of aanvaar nie en hy wou dus ‘bewys’ dat daar méér was as woorde.

Brink stel dit in hierdie artikel dat hy glo dat Breytenbach se belydenis in die hof nié gelewer was onder druk van sy ondervraers of regsverteenwoordigers nie; dit was egter ook nie 'n ontkenning van dit waaraan hy vir so 'n lang tyd geglo het nie, maar ‘a reflection of his intention to find that personal and private wholeness disrupted by the demands of his own social conscience and aggravated by the pressure of his exile’ (*op.cit.*: 7). Brink voer aan dat Breytenbach se belydenis nie vergelyk kan word met Bram Fischer se hofverklaring in die sestigerjare nie. Vir Fischer was dit naamlik nodig om sy beginsels en optrede in die hof te verdedig - in daardie stadium was die hele gang van sake in die land van só 'n aard dat 'n mens waardering kon hê vir die feit dat hy geglo het dat hy geen ander keuse gehad het as dié vir radikale ingrype nie. Maar die destydse gang van sake het, volgens Brink, verander sodat daar in Breytenbach se geval wel 'n ander opsie bestaan - ‘and it says much for his integrity and his insight that he chose it’ (*op.cit.*: 8). Hierdie opsie - wat dan ook die een is waarvoor Brink hom hier uitspreek - is dié van geleidelike verandering of verbetering, selfs van *détente*:

> One may have every reason to be cynical about the motivation of the once much vaunted and now rather shaky emergence of ‘détente’ in South Africa: but in this case the fact seems to me more important than the motive. A *process* of change has been initiated; a *principle* of change has been acknowledged (and rather than jeopardised or stopped, both the principle and the process have been accelerated by the Angolan adventure): from here on an historical process develops in its own inexorable way, gathering its own momentum... The chances of a significant measure of success achieved through violent revolution seem to me, in spite of Angola, remote. I am not a patient person by nature; but in this situation the much despised concept of gradualism may well have much in its favour. (*ibid.*)

In die onderhoud met *Rapport* (30.5.76) oor sy *New Review*-artikel beklemtoon Brink dit weer dat hy tydens die Breytenbach-verhoor tot die insig gekom het dat ‘geweld niks kan oplos nie’. Die gebeure om Breytenbach en die wyse waarop hy self die futiliteit van sy optrede bely het, het dit vir Brink ‘moontlik gemaak om dieper as ooit tevore die waansin van gewelddadige oplossings in te sien’. Iets anders wat tot hierdie sienswyse bydra, is die *détente*-ontwikkeling wat die ‘moontlikheid van ander soorte oplossings sterker maak’. In teenstelling met die sestigerjare toe die ‘onregte en misstande in Suid-Afrika... simptomaties van 'n basies negatiewe en destruktiewe rigting in die hele Suid-Afrikaanse politiek was’, is die onregte wat in daardie stadium voorkom vir Brink ‘oorblyfsels uit 'n vroeëre periode wat nog met ons is ten spyte van die feit dat die rigting van die geskiedenis in Suid-Afrika... verander het na 'n positiewe’. Vir Brink lê die oplossing van die land se probleme dus nie (meer) in 'n fundamentele of radikale verandering nie, maar in ‘elke poging om met redelikheid en menslikheid antwoord te soek op 'n grondslag van natuurlike historiese evolusie’.

In die laat sewentigerjare verkondig Brink die leerstelling van die mag van die literêre woord (vergelyk sy opstelle in 1983a). Die woord word draer van die waarheid sodat ‘skryf as sodanig 'n bevestigende daad in die naam van die lydende mens en sy strewe na vryheid (word)’ (Olivier, 1987: 8). Hierdie mag wat Brink toedig aan die woord is 'n uitvloeisel van sy opvatting van die skrywer as openbare gewete en blootlegger van die waarheid (*ibid.*). In die tagtigerjare reageer waarnemers uiteenlopend op hierdie uitgangspunte van Brink (kyk hoofstuk 7 X).

V
Die verskyning en ontvangs van *Voetskrif* en *Seisoen*

Vroeg in 1976 verskyn *Voetskrif*, die bundel wat Breytenbach in aanhouding geskryf het. Later die jaar word *'n Seisoen in die paradys*, wat reeds in 1973 geskryf is, gepubliseer. Die reaksie op hierdie tekste staan in die teken van Breytenbach se ‘bekering’ tydens die hofsaak. ‘Wat Perskor betref, is Breyten Breytenbach die verlore seun wat teruggekom het’, het mnr. Schalk van der Merwe, hoof van Perskor Boeke op 20 Februarie 1976 in Johannesburg gesê toe hy *Voetskrif*, wat opgedra is aan Yolande en die ondersoekbeampte Kolonel Broodryk, aan sowat twintig mense bekend gestel het (*Hoofst.*, 21.2.76).

Terwyl die verskyning van *Voetskrif* by die uitgewery Perskor, die opdrag aan Kolonel Broodryk en die bundel se bekroning met die Perskorprys Breytenbach in diskrediet bring by sy (radikale) vriende wat reeds verwar is deur sy belydenis van ‘opregte berou’ (sien hieroor Ena Jansen in *De Volkskrant*, 6.12.82 en Adriaan van Dis in *NRC Handelsblad*, 7.12.82), word die bundel as 't ware met trompetgeskal verwelkom in die Afrikaanse pers en geloof deur kritici.

Die Transvaler (16.2.75) glo dat ‘'n nuwe Breyten Breytenbach gebore is uit die skokervaring wat (hom) te beurt geval het met sy inhegtenisneming, aanhouding, verhoor en vonnis van nege jaar tronkstraf’ en gee sy lesers ‘'n kykie in die diepste en teerste emosie’ van die skrywer in aanhouding deur van die verse uit *Voetskrif* te plaas (dit val saam met 'n reeks artikels oor Breytenbach waarin sy broer Cloete sê dat ‘'n opregte bekering’ by die digter plaasgevind het - *Tv.*, 16-23.2.76). In hierdie tyd hef die SAUK ook sy verbod op Breytenbach op nadat sy naam vir jare nie gebruik is of sy werk nie genoem is nie - en dit met 'n bespreking deur FIJ van Rensburg wat *Voetskrif* aanprys as ‘nie net een van die mees besondere bundels in Breytenbach se poësie nie, maar in Afrikaans’ (*Rap.*, 29.2.76).

Die verskyning van *Voetskrif* lok ook kommentaar uit van die publiek. Mees omstrede hiervan was die reaksie van dr. Koot Vorster, assessor van die Algemene Sinode van die NG Kerk en broer van die eerste minister, by die opening van 'n vrouediensbyeenkoms van die NG Kerk vir Noord- en Wes-

Kaapland. Hy beskou dit naamlik as 'n ‘tragedie’ dat, ‘terwyl ons seuns aan ons grense sterf’, Breytenbach in die gevangenis sit en skryf. ‘Die ink is skaars droog dan word dit deur die pers gejaag en terwyl die drukkersink nog nat is, word hierdie onsin deur groot letterkundiges as kuns uit die boonste rakke opgehemel’ (*Beeld,* 11.3.76). Vir Vorster is die feit dat 'n ‘volksvyand’ se ‘snert’ aan ‘ons seuns en meisies aan ons universiteite’ opgedis word as goeie letterkunde, deel van die ‘stryd om ons bloed’: ‘Op maatskaplike gebied en letterkundige terrein, op politieke vlak en op kerklike erf, word alles in die stryd gewerp om ons van ons eiendom te beroof en ons tot een groot vaalgrys massa slawe, volgens die resep van die Kommunisme “een volk, een kerk en een wêreldregering” te maak’ (*ibid.*). Teenoor *Rapport* (14.3.76) erken Vorster dat hy nie self *Voetskrif* gelees het nie en ook nie van plan is om dit te doen nie; hy grond sy aanval op die resensie van FIJ van Rensburg wat hy oor die radio gehoor het. In 'n brief in *Rapport* (21.2.76) verdedig Vorster sy sienswyses verder en stel hy dit dat hy die boek nie hóéf te lees nie, maar kan beoordeel ‘in die lig van die getuienis wat in die hof uitgekom het’; hy wil hom immers nie uitspreek oor ‘letterkundige gehalte’ nie.

FIJ van Rensburg (*Rap.*, 28.3.76) beskou só 'n stelling as ‘onhoudbaar’. Hy wys weer eens (soos ná afloop van die verhoor) daarop dat hy self nog altyd ‘gepleit het om nugterheid teenoor Breytenbach se werk’, in plaas van ‘matelose verering’ of ‘blinde verguising’. Alhoewel die digter se politieke optrede vir Van Rensburg ‘van redelik vroeg af verwerplik’ was en hy dit volkome aanvaarbaar vind dat hy in die tronk is, het hy waardering vir 'n ‘groot deel van sy werk’ - bowendien staan *Voetskrif* vir hom in die teken van ‘berou en ommekeer’. Vir Van Rensburg lê die groot verskil tussen homself en Vorster daarin dat laasgenoemde ‘glo dat ons op die oomblik net een taak het: om skanse op te rig’; hy self glo ‘dat agter daardie skanse ons geesteslewe moet voortgaan’. Die Afrikanervolk kon dit immers nie bekostig dat daar ‘'n breuk in sy geestestradisie ontstaan nie’; militêre paraatheid en skeppingslewe moet in 'n ‘sowel-as’-verhouding staan: ‘Elke goeie ding wat in Afrikaans geskryf word, is net so 'n bevestiging van die Afrikanervolk se reg op voortbestaan in hierdie land en in die wêreld as watter ander onderneming ook al’. Van Rensburg se mikpunt is dus net soos dié van Vorster gerig op die ‘voortbestaan van die Afrikanervolk’ - al vertrek hy vanuit 'n ander hoek.

JA Loader van die departement Semitiese Tale, Universiteit van Pretoria, voel dit sy plig om op Vorster se uitlatings te reageer, veral omdat laasgenoemde se sienswyses vertolk kan word as verteenwoordigend van kerklike opinie in die algemeen - 'n indruk wat kan bydra tot die reeds bestaande wrywing tussen kerk en kunstenaar (iets wat bevestig word deur Jeanne Goosen in die rubriek ‘Straat af’ in *Hoofst.*, 13.4.76). Loader meen die prinsipiële grondslag van Vorster se verdediging (in *Rap.*, 21.3.76) skep 'n verleentheid vir die kerk en teologie en kan nie teenoor denkende mense verantwoord word nie. Loader se kritiek is gerig teen die idee dat oordele gevorm kan word aan die hand van tweedehandse inligting en dat Vorster se redenasie stry teen die prinsipes van die eksegetiese wetenskap wat berus op die interpretasie van literêre produkte: Die gebeurtenisse en omstandighede *rondom* 'n literêre werk kan nie as

uitgangspunt vir beoordeling geneem word nie; die teks moet sentraal staan. Eers moet die vorm en inhoud daarvan ontleed word voordat dit in verband met historiese omstandighede gebring word. Die onaanvaarbaarheid van die persoon van die kunstenaar kan nie as kriterium vir teksoordeel gebruik word nie. Vorster se optrede is ‘'n teksboekvoorbeeld van die selfgenoegsaamheid wat vervat is in 'n geslote sisteemdenke waar die vermoë ontbreek om klanke in die wêreld rondom hom ernstig te neem en te interpreteer’ - dit verteenwoordig ‘'n verstarde wysheid wat die betrekking met die werklikheid en aktualiteite van die wêreld verloor het’ (*Rap.*, 11.4.76).

Wat betref die ontvangs van *Voetskrif* deur ingeligte lesers (kyk Bibliografie C vir verwysings) is dit opvallend dat sommige lesers - wat in 1975, toe Breytenbach in diskrediet was en die Afrikaanse letterkunde daardeur ‘skade berokken is’, so aangedring het op die skeiding van kuns/werklikheid en kunstenaar/mens - nou die ‘agtergrondgeskiedenis’ van die bundel en/of Breytenbach se ‘bekering’ in berekening bring of laat meespreek in hulle waarde-oordele. ('n ‘Bekeerde’ Breytenbach hou immers nie gevaar in vir die *status quo* aan die een kant of vir die saak van ‘betrokke’ skrywers aan die ander kant nie.)

Annari van der Merwe skryf die groot belangstelling waarmee daar op hierdie bundel gewag is, toe aan redes wat ‘uit die aard van die digter se oënskynlike politieke ommeswaai ten tye van die verhoor, nie suiwer literêr kan wees nie’; as lesers egter op ‘belydenispoësie en verduideliking gehoop het, was dit tevergeefs’. Vir sommige lesers bevestig die bundel egter wel ‘dat sy betuiging van berou in die hof geen leë gebaar was nie’ en die bundel word gesien as 'n geleentheid vir Breytenbach ‘om hom deur sy skryfwerk te rehabiliteer en te regenereer’ (komende van FIJ van Rensburg wat, soos vroeër aangetoon, die bundel hoog aanslaan - *Rap.*, 28.3.76). Ander lesers formuleer dit versigtiger en betrek nie soseer die skuldbelydenis nie, maar die gevangeniservaring. PD van der Walt meen byvoorbeeld dat die ‘agtergrondgeskiedenis’ bydra tot die leeservaring en aan die gedigte van onthou en verlang 'n dringendheid en intensiteit verleen wat die bestes 'n ontroerende leesgebeurtenis maak. Gerrit Olivier beklemtoon dat die bundel méér is as 'n ‘kuriositeit van biografiese belang’, maar ontken nie dat *Voetskrif* die ‘resultaat is van Breytenbach se resente ervaringe’ nie. Abraham H de Vries waarsku egter teen die ‘gevaar’ van die gebruik van die agtergrondgeskiedenis by die beoordeling van *Voetskrif*.

Hoewel kritici daarop wys dat *Voetskrif* nie soseer opvallende ‘vernuwing’ in Breytenbach se poësie bring nie (Brink, Cloete, Olivier, Van der Merwe) word die bundel entoesiasties ontvang as 'n ‘nuwe hoogtepunt’ in Breytenbach se oeuvre - veral ná die ‘insinking in sy vorige twee bundels’ (Cloete, Olivier, Johl). André P Brink sien *Voetskrif* in sy geheel as 'n ‘indrukwekkende toevoeging tot 'n indrukwekkende digterskap’, maar meen dat 'n finale oordeel teruggehou moet word tot al die feite om die publikasie daarvan opgeklaar kon word.

Twaalf jaar ná die Afrikaanse Pers-Boekhandel sy eerste omstrede prystoekenning aan Breytenbach gemaak het, sorg hy weer vir nuus deur *Voetskrif* te bekroon. Tydens die informele oorhandigingsgeleentheid het Elize Botha,

sameroeper van die beoordelaarspaneel, wat verder bestaan het uit WEG Louw en Ernst van Heerden, 'n kort motivering gegee vir die eenparige bekroning van *Voetskrif*. In sy reaksie op die toekenning sê Brink dat dit bewys dat daar by die keurkomitee ‘slegs suiwer literêre oorwegings gegeld het en nie aan die man agter die boek gedink is nie’ (*Ogb.*, 2.3.77). Anita Lindenberg glo die werk is die bekroning absoluut werd, maar vind dit jammer dat Breytenbach ‘nou eers begin pryse wen, aangesien hy beslis Suid-Afrika se sterkste jong kunstenaar is’ (*ibid.*). AP Grové sê die feit dat ‘'n baie goeie keurkomitee die beoordeling gedoen het’, bewys dat dié werk wel die heel beste was (*ibid.*). Hoe ‘suiwer literêr’ hierdie besluit egter wel was, sou moeilik vasgestel kon word; 'n mens moet immers in ag neem dat die aanbeveling gemaak is in 'n tyd toe die Afrikaanse literêre establishment nog diep onder die indruk was van Breytenbach se ‘bekering’.

Die bedenkinge wat Brink in sy 1976-resensie gelug het, word bevestig toe nuwe feite oor die publikasie van *Voetskrif* tydens die tweede Breytenbachverhoor op die lappe kom. In 'n gesmokkelde brief aan Brink, wat tydens die hofsaak as getuienis voorgelê word, noem Breytenbach *Voetskrif* 'n ‘slapgat’ bundel wat in 'n maand geskryf is en wat hy nie kon hersien of korrigeer nie. Die ‘opdrag’, afgesien van dié vir Yolande - ‘was op dringende’ versoek (Welz, 1977: 142; Viviers, 1978: 103; *NRC Handelsblad*, 11.12.82). In *Confessions* skryf Breytenbach soos volg oor die aandeel van kolonel Broodryk (‘Huntingdon’) in die publikasie van die bundel:

> The very existence of this volume was exploited by Huntingdon. He saw herein one more way to manipulate me and simultaneously to improve his image and, he hoped, his acceptability to the literary community among the Afrikaners. He did not want to be known as a cultural barbarian, and in any event he was intuitive enough to understand that the real threat to the Afrikaner would come from within their own ranks - so, farsighted, he already had to lay the first lines of infiltration into the ranks of the Afrikaner writers from whom he suspected subversive ideas or rebellious noises in time to come. He insisted quite brazenly that the volume of verse should be dedicated to him. It was a naked instance of horsetrading: you dedicate this to me and I allow you to have it published. (1984a: 138)

Volgens Breytenbach was die res van die bundel ook gesensor deur Broodryk self (Welz, 1977: 142; Viviers, 1978: 103) - die ‘grappigste weglating’ was 'n vers getiteld ‘Help’ waarvan die teks bestaan het uit ‘help!’ Breytenbach sien dit as ironies dat ‘my nemesis, the man who was - however insiduously - trying to have my guts and to flip me inside out, at the same time acted as my literary agent - in fact creating or giving me the possibility of survival’ (1984a: 138).

‘Die jaar 1976 het begin met die publikasie van Breyten Breytenbach se digbundel *Voetskrif*, sowat die laaste publikasie van literêre betekenis uit dieselfde jaar is sy “reisboek” *'n Seisoen in die paradys*; en as mens in terme van literêre pryse moet dink, dan het hy hier min of meer 'n wenkombinasie soos laas in 1964 met *Katastrofes* en *Die ysterkoei moet sweet*’ (André P Brink, *Rap.*, 23.1.77).

Dit is ironiese sameloop van omstandighede wat veroorsaak dat *Voetskrif* en

Seisoen weer, soos sy dubbele debuut in 1964, by Perskor (die ou APB) verskyn. *Seisoen*, wat geskryf is ná Breytenbach en sy vrou se ‘negentig dae’ in Suid-Afrika gedurende 1973, het by aanvanklike voorlegging aan die skrywer se destydse uitgewer, Daantjie Saayman van Buren, probleme gekry. In *Rapport* (13.10.74) is berig dat Saayman, uitgewer van die verbode *Kennis van die aand*, voor die vraag te staan gekom het of hy *Seisoen* onveranderd moet publiseer. Met die Hooggeregshof-uitspraak van 3-0 teen *Kennis* het sake vir hom as uitgewer moeilik geraak: ‘Ek moet nou by die lees van 'n manuskrip dubbel probeer oordeel: Eers wat ek dink, en dan wat ek dink die Publikasieraad sal dink!’ Hy weier om die manuskrip voor publikasiedag aan die Publikasieraad voor te lê; hy sal egter ook nie daarvan hou om dele uit te sny nie - en die skrywer sal in elk geval daarteen gekant wees. Breytenbach weier dan ook om aan die werk te verander (*ST.*, 20.10.74). Die manuskrip is nie deur Buren gepubliseer nie omdat Saayman sy uitgewery gesluit het (*Tv.*, 12.8.75).

Uiteindelik word *Seisoen* in 1976 gepubliseer - ‘drie jaar na die skrywe daarvan en intussen het die situasie van die skrywer verander’ (*Ogb.*, 30.11.76). Oor hoe dit gekom het dat *Seisoen* (en *Voetskrif*) juis deur Perskor gepubliseer is, bestaan uiteenlopende menings. Volgens uitgewer Bartho Smit het hy, nadat hy *Voetskrif* gepubliseer het, ‘via Cloete (Breytenbach) 'n versoek van Breyten ontvang om na die manuskrip, waarvoor daar toe reeds byna drie jaar lank geen uitgewer gevind kon word nie, te kyk’ (*Beeld*, 25.7.77). Perskor het aangebied om *Seisoen*, met bepaalde snitte, uit te gee. Uit die gesmokkelde tronkbriewe blyk dit dat Breytenbach van Perskor gebruik maak omdat hy verplig is om aan te hou ‘staatmaak op die dienste - as bemiddelaar by die Eerste Minister - van Bartho se baas, ene (Marius) Jooste’ (Viviers, 1978: 161 en 188). Die rede waarom hy hierdie oú manuskrip weer opdiep was ‘in order not to have my voice cut off entirely’ (1984a: 139).

Die Afrikaanse pers maak, in die lig van Breytenbach se ‘bekering’, 'n groot ophef van die verskyning van *Seisoen*: ‘Dis seker nie onwaarskynlik dat *'n Seisoen in die paradys* vanjaar se grootste Afrikaanse verkoper in die Kerstyd sal word nie’ (*Rap.*, 21.11.76); ‘'n Boek van Breyten Breytenbach waarop Afrikaanse lesers al die afgelope vier jaar in spanning wag... verskyn vir die eerste keer oor 'n week of twee by Perskor’ (*Va.*, 26.11.76); ‘*Seisoen* is 'n intens persoonlike belewenisdokument, amper 'n pelgrimstog, en ook 'n spieël van wat die oë van die teruggekeerde verlore seun gesien het. Vandag, vier jaar later, is daardie spieël nog glashelder’ (*Va.*, 9.12.76).

Kritici (kyk Bibliografie C vir verwysings) verwelkom en prys deur die bank die reisjoernaal as ‘van die fynste prosa wat ons in Afrikaans het’ (*Va.*, 9.12.76 en *Hoofst.*, 18.2.77); 'n ‘hartseer lofsang’ selfs in sy ‘baldadigheid van woordspel, fantasie, wisseling van prosa en poësie en deurmekaargooi van style’ (Abraham H de Vries); 'n ‘triomfantelike geheel... van versoening, integrasie’ (André P Brink); 'n ‘boeiende en briljante relaas’ (PD van der Walt); ‘'n voortreflike stuk werk waarin die vakmanskap, die taalvernuf en die veelsydigheid van Breyten Breytenbach duidelik na vore kom’ (Fanie Olivier).

Die meeste van die kritici verwys, op die een of ander manier, na Breytenbach se ‘bekering’. ‘HW’, resensent van *Die Vaderland*, meen die omstrede dele is

geskrap ná Breytenbach verhoor is en ‘'n verandering van geesteshouding jeens die Regering ondergaan het’. Abraham H de Vries kan ook nie nalaat om te vermeld dat die skrywer se situasie sedert die skryf van *Seisoen* verander het nie; hy verwys spesifiek na die gesprek met Panus wat hy as ‘'n sleutel tot die stryd van 'n digter met homself en sy omstandighede’ sien. De Vries glo dat die *Seisoen*-argument, ‘hardloop jy weg van beide die sosiale... en die persoonlike verantwoordelikheid’ (1976: 139), in Breytenbach se ‘bestaansbelydenis’ tydens sy verhoor voortgesit word. Brink sien *Seisoen* ook as verslag van ‘die baie nuwe velle wat die swerwende slang onderweg sal afwerp, al sy nuwe dode en geboortes en reïnkarnasies’; die reis is nie net ‘terugkeer’ nie, maar ook ‘reïntegrasie’. Volgens hom roep die teks dié vraag op ‘vir die nie-literêre maar sommer net min of meer denkende en voelende mens’: ‘Watter oordeel roep 'n bewind op homself af wat so 'n gees tot 'n uiterste wanhoopsdaad dryf en hom daarna in die gevangenis smyt?’ PH Roodt (*Rap.*, 6.2.77) vergelyk laasgenoemde uitlating van Brink met Breytenbach se woorde in die hof (‘Ek is jammer oor die onbesonne en dom dinge wat ek gedoen het...’) en besluit: ‘Hier het ons aan die een kant die groot man (twee woorde) Breytenbach: vol wysheid, smart en berou; aan die ander kant: die heer Brink vol bravade... Daar is iets makabers en treurigs aan 'n mens (erger nog: 'n vriend) wat 'n ander se ongeluk en berou minag en dit desnieteenstaande vir sy eie klein politieke speletjies wil gebruik. Dis jammer dat Brink dié hofwoorde wil doodpraat. Die verklaring in die hof was sekerlik ook 'n repudiëring van die “onbesonne” politiek in *'n Seisoen in die paradys*.’ Minder as twee weke later beroep Brink hom egter wel op Breytenbach se ‘bekering’ as hy Aat Kaptein daarvan beskuldig dat hý nie werklik Breytenbach se berou aanvaar in die sin van ‘relativering van die verlede’ nie (*Bu.*, 18.2.77). Sy uitlating in die resensie van *Seisoen*, waarteen Roodt dit het, plaas Brink in hierdie brief in die konteks van die 1965-visumweiering wat Breytenbach tot sy ‘wanhoopsdaad’, sy ‘oomblik van futiele geweld’ gedryf het.

Toe *Seisoen* uiteindelik verskyn het, was dit met snitte. Volgens Bartho Smit (*Beeld*, 25.7.77) was dit op versoek van Breytenbach self wat gevra het dat Smit enigiets wat sy ‘posisie in die tronk sou kon bemoeilik’ moet uithaal - op voorwaarde dat dit in oorleg met Ampie Coetzee en John Miles gedoen word. In gesmokkelde briewe aan Brink vertel Breytenbach dat *Seisoen* om ‘taktiese en finansiële’ redes ‘gekater’ by Perskor gaan verskyn; hoewel ‘Ampie en John darem probeer keer het’, glo hy dat Smit en Chris Barnard ‘seker die botoon sal voer’ - hy self het die veranderde manuskrip nie gesien nie (Viviers, 1978: 104 en 188; *Bu.*, 8.7.77). In 'n brief aan Yolande skryf Breytenbach ‘dat Cloete bietjie deur Bartho om die bos gelei kan word’; hy vrees veral ‘dat Bartho dink of maak asof hy dink dat Boetie gesprekke met my gevoer het oor die weglatinge in die teks waarop Bartho besluit het. Blykbaar bo en behalwe die weglatings van Ampie en John en ook sonder dat hulle daarvan geweet het. En hy dink miskien selfs dat Boetie my toestemming daarvoor gekry het. Dis alles nie waar nie. Inteendeel, elke keer as hy my sien, verseker Boetie my dat nie te veel uitgesny is nie, ensovoorts - behalwe die laaste keer in September toe hy my

vertel het dat Bartho verder gegaan het met die weglatings van die kêrels' (*op.cit.*: 161).

Ná hierdie uitlatings in die tweede hofsaak aan die lig gekom het en Breytenbach se 'bekering' in 'n ander lig gestel is, verweer Bartho Smit hom in 'n brief aan *Beeld* (25.7.77) deur hom daarop te beroep dat hy die manuskrip, met die nodige regshulp, met 'n fyn kam deurgegaan het en die voorgestelde snitte voorgelê het aan Coetzee, Miles en Lindenberg wat deur hulle bygebring is: 'Daar moet onthou word dat *Seisoen* geskryf is voor Breytenbach se "bekering" waarmee hy ons almal met 'n kluitjie in die riet gestuur het'. Smit beklemtoon dat niks uit *Seisoen* gesny is 'sonder goedkeuring van (Breytenbach) se drie beskermhere nie' en die snitte is gedoen om 'Breyten te beskerm'. Met die deurlees van die galeie is los sinne wat aanvanklik 'misgekyk' is, met toestemming van die driemanskap geskrap. Volgens hierdie brief is daar 'hoogstens altesaam 10 of 12 folio's uitgesny' uit die manuskrip van oor die 300 folio's. In 'n artikel in *Die Vaderland* (18.7.77) word Smit egter anders aangehaal: 'Altesaam sowat 30 bladsye is verwyder'.

In 'n artikel in *Stet* (1985: 4) vertel Truida Lijphart dat sy in September 1984 die 'driemanskap' een vir een uitgevra het oor wat hulle nog kan onthou van die snitte wat hulle aangebring het. Hulle het al drie onthou dat 'n stuk oor Robbeneiland gesny is, een oor 'n besoek aan Sobukwe en hulle was nie seker of die stuk oor die veiligheidspolisie moes uitkom nie. Hulle glo nie een dat klein fragmentjies en los sinne hier en daar in die teks geskrap is nie. 'n Vergelyking wat Lijphart met die Nederlandse en Engelse vertalings gemaak het, toon egter talle verskille - op baie plekke ontbreek in die Afrikaanse teks 'n sin of woord, afgesien nog van langer fragmente. Onder die weggeraakte fragmente, wat Lipjhart in hierdie artikel aanvul, is daar volgens haar 'die mooiste of ontroerendste stukkies van die hele boek'; buitendien onderbreek die weglatings die kettings van motiewe wat dwarsdeur die boek loop. Die vertalings is nie verbied in Suid-Afrika nie - 'dit het dus nooit baie sin gehad om die Afrikaanse uitgawe so te vermink as die uitgesnyde dele tog vryelik verkrygbaar was nie'.

Meulenhoff het gewerk met 'n tiposkrif wat hulle laat vertaal het. Lijphart weet nie of hierdie tiposkrif dieselfde is as Perskor se bron nie en sy kon nie 'n kopie van die oorspronklike manuskrip, wat wel in omloop was in Suid-Afrika, in die hande kry nie. Die Perskor-bladproewe in SASKI se besit bevat nie die uitgelate dele wat deur Lijphart gestet is nie. 'n Lysie met 'politieke probleme' maak melding van langer passasies wat uitgelaat is (byvoorbeeld dié oor Robbeneiland, die besoek aan Sobukwe en die veiligheidspolisie) asook sinne en sinsnedes. Daar is ook 'n lysie woorde wat 'aanstootlik' is en daarom weggelaat is.

VI
Skryf en/of publiseer: 'n Polemiek

Vroeg in 1977, terwyl Breytenbach nog in eensame aanhouding is, ontstaan daar in *Die Burger* se briefkolomme 'n polemiek na aanleiding van Abraham H de Vries se brief oor die uit die gevangenis gesmokkelde Lehnberg-verhaal (Marlene Lehnberg was die berugte ‘skêr-moordenares’ wat in 1975 tot twintig jaar tronkstraf gevonnis is en in 1986 vrygelaat is) en die beplande wetgewing van die minister van gevangenisse teen sulke ongewenste praktyke. De Vries was besorg daaroor dat sodanige wetgewing sou verhinder dat Breytenbach in die tronk kon skryf en van daaruit publiseer: ‘Wie wil nou toesien dat, weens die onverantwoordelikheid van sensasiejoernalistiek, 'n stuk Afrikaanse letterkunde nege jaar lank in die tronk gestop word saam met Breytenbach?’ De Vries beroep hom in sy pleidooi op skryf en publikasie-geleentheid vir Breytenbach op historiese voorbeelde soos Oscar Wilde, Francois Villon, Ezra Pound, asook op Genet, Solzjenitsen en Achterberg wat ‘geld gemaak het uit eie misdaad’, maar sonder wie ‘die letterkunde darem baie armer sou gewees het’ (*Bu.*, 22.1.77).

Hierdie brief lok kommentaar uit van Aat Kaptein (eienaar van die uitgewery Culemborg wat De Vries, Ingrid Jonker en Etienne Leroux se debute gepubliseer het) wat voel dat Breytenbach wel toegelaat moet word om in die tronk te skryf (‘in die naam van menslikheid en in belang van ons taal’), maar nie om te publiseer nie (*Bu.*, 27.1.77). Hierdie siening lei weer tot teenreaksie van Frans Venter, André P Brink en De Vries. *Die Burger* gee die laaste woord in die debat aan Aat Kaptein. Omdat hierdie debat verteenwoordigend is van die soort reaksie wat rondom die verhoor hoogty gevier het, word dit bespreek.

Kaptein voer vyf redes aan waarom Breytenbach nié toegelaat moet word om te publiseer nie. Die publikasie van sy tekste sou daarop neerkom dat daar 'n onderskeid getref word tussen die digter en die terroris: ‘Ons kan nie oor die digter Breytenbach praat sonder om oor die veroordeelde man te praat nie’ (*Bu.*, 10.2.77). Kaptein meen Breytenbach ‘is nie verniet vir nege jaar in die tronk gestop nie: elke staat het die reg en die plig om homself en sy mense te beskerm’. Vir hierdie leser weeg die ‘veiligheid van sy land’ méér as ‘oorweginge van artistieke aard (want) met gedigte hou jy die vyand nie buite die grense nie’ (*Bu.*, 27.1.77).

Dit sou 'n teken wees dat Breytenbach se ‘betraande politieke paljas’ (*Bu.*, 27.1.77) in die hof sy vorige optredes kanselleer. Kaptein haal dan wyd aan uit vroeëre uitsprake van Breytenbach om te beklemtoon dat dit nie, in die belang van die letterkunde, vergeet moet word nie dat Breytenbach hom oor 'n lang tyd beywer het vir ‘'n gewelddadige rewolusie’ in sy land: ‘Waar op aarde word dit nog gevind dat mense só lief is vir hul eie letterkunde dat hulle bereid is om alles (selfs gewone oordeelsnorme) op te offer vir één digter?’ (*Bu.*, 10.2.77).

As hy toegelaat word om te publiseer sou dit 'n presedent skep wat sou ‘uitrimpel tot op die strandjies van Robbeneiland’ (*Bu.*, 27.1.77). Dit sou 'n ‘liberale beeld’ verleen aan die regering en daardeur Breytenbach se siening bevestig dat hy toegelaat word om in Suid-Afrika te publiseer sodat dit kan lyk of die owerheid liberaal is (*Bu.*, 10.2.77). Dit sou 'n knou wees vir 'n ‘volk se nasionale selfrespek’ (*ibid.*). En volgens Kaptein is dit juis 'n volk se ‘nasionale selfrespek’ wat hom in staat stel om ‘elke vorm van verraad te behandel met die veragting wat dit verdien’ (*Bu.*, 11.2.77).

De Vries, Venter en Brink - wat almal meen dat Breytenbach ook toegelaat moet word om te publiseer - tref 'n onderskeid tussen Breytenbach die politieke figuur en Breytenbach die digter. De Vries stel dit dat die man Breytenbach ‘oor sy verraad’ in die tronk sit, maar dat dit ‘suiwer onsin’ is om te sê dat sy poësie en die publikasie daarvan ‘verraad’ is (*Bu.*, 19.2.77). Venter voel Kaptein se clichés oor die prioriteit van staatsveiligheid is ‘irrelevant omdat dít nie is waaroor die gesprek gaan nie’; Kaptein ‘preek vir die Kommuniste en die militantes, want geen enkele verantwoordelike Suid-Afrikaner en sekerlik geen enkele beduidende Suid-Afrikaanse skrywer het nog ooit, in enige opsig, met die owerheid fout gevind omdat Breytenbach vir sy wilde en gevaarlike politieke manewales gestraf is nie’. Máár, hoe ‘verwerplik Breytenbach se politieke doen en late ook al is, sy bydrae tot Afrikaans is voortreflik. Daarom gaan dit hier om veel meer as net Breytenbach se persoon. Dit gaan om die Afrikaanse letterkunde... En dit in 'n jaar dat ons met soveel ophef Taalfees gevier het!’ Sy pleidooi is: ‘Straf die man, maar laat die digter dig, laat hom publiseer. Afrikaans het hom bitter nodig!’ (*Bu.*, 1.2.77). Venter meen dat ‘selfs die mees deurwinterde dwarstrekker’ nie met Kaptein sal stry dat Breytenbach ten regte ‘vasgetrap, verhoor en gestraf’ is vir sy politieke oortredings nie - ‘ons is dit almal roerend eens dat Breytenbach erg gesondig het en dat hy na verdienste gestraf is’, maar die dígter Breytenbach moet toegelaat word om te publiseer, ‘ter wille van Afrikaans’ (*Bu.*, 22.2.77). Brink (*Bu.*, 18.2.77) stem volledig saam met Frans Venter se ‘uitmuntende bydrae’ tot die Breytenbach-debat; ook hy aanvaar soos ‘elke redelike mens dat Breytenbach gestraf moet word vir sy wetsoortreding’, maar die ‘kern van die saak’ is dat ‘een van ons grootste digters nie die swye opgelê moet word nie’. (Hierdie debatspunt moet in die konteks van die wyer diskoers om Afrikaans gesien word, soos uitgelig in hoofstukke 5 III en 7 IV.)

Hierdie briefskrywers distansieer hulle met groot nadruk van Breytenbach se politieke beskouing en veral van sy onderskrywing van geweld. De Vries herinner Kaptein daaraan dat eersgenoemde hom reeds in 1968 in die openbaar gedistansieer het van Bryetenbach se politiek en die ‘man hard genoeg aangespreek het’ in ‘sulke sterk taal dat die redakteur aangedring het op meer parlementêre taal’ (*Bu.*, 19.2.77). Brink, wat Breytenbach se huidige posisie sien as uitvloeisel van ‘sy oomblik van futiele geweld’ beklemtoon dit dat hy ‘deur baie jare met Breyten geargumenteer het oor die rol van geweld’ en vir dié wat nog twyfel ‘bevestig ek dat ek vandag - anders as in 'n kort periode ná 1968 - vir géén saak 'n morele oplossing in geweld sien nie. (Daarom ook nie in die konstruktiewe (*sic.*) geweld van 'n bewind wat sy teenstanders dryf tot so 'n

blindheid dat hulle naderhand dink geweld ís al wat oorbly nie.)' (*Bu.*, 18.2.77).

Daar word 'n beroep gedoen op Breytenbach se 'opregte' berou en sy insig in die 'futielheid van geweld'. Venter noem Kaptein se ongeloof in die opregtheid van Breytenbach se bieg ''n tragiese gebrek aan insig'; hy self sien Breytenbach se ommekeer in die hof as uitvloeisel van 'die haglike tweestryd in Breytenbach tussen mens en digter, sy opsetlike uitlewering van homself as burger, om gestraf te word, sodat die digter in hom bevry kan word' (*Bu.*, 1.2.77). Breytenbach het, volgens Venter, 'sy les geleer' - 'hy het na sy vaderland teruggekeer om vir sy politieke dwalinge te boet' en mense soos Kaptein, wat dit nie kon insien nie, is 'naïef' (*Bu.*, 22.2.77). De Vries tipeer op sy beurt Kaptein se ongeloof in Breytenbach se bekering as 'doodgewone beterweterigheid' en 'n gebrek aan 'deernis' (*Bu.*, 19.2.77). Vir Brink is die kern van Breytenbach se berou dat dit 'die verlede relativeer' (*Bu.*, 18.2.77). ('Verligtes' sou enkele maande later in 'n verleentheid wees toe 'onthullings' tydens die tweede Breytenbach-verhoor die digter se ommekeer in 'n ander lig geplaas het.)

Klem word (soos in 1965 met die visumweiering) geplaas op die uniekheid van die Breytenbach-geval. Venter glo Breytenbach se geval 'is sekerlik uniek en daar is tog wat te sê daaroor dat hy anders behandel moet word' (*Bu.*, 1.2.77). De Vries maak Kaptein se argument dat toelating aan Breytenbach om te publiseer 'n presedent sal skep, af as belaglik omdat Breytenbach se geval so uniek is: 'Watter ander Afrikaanse skrywer of digter, trouens watter skrywer of digter in enige taal, sit op Robbeneiland? En selfs al sou daar een wees - van wie ek nie bewus is nie - het hy drie maal 'n literêre prys gekry omdat sy werk drie jaar deur drie verskillende keurkomitees aangewys is as die heel beste van daardie jaar? Breytenbach het die CNA-prys drie maal gekry. Wie sit op Robbeneiland - of in enige Suid-Afrikaanse tronk - wat al die Reina Prinsen Geerligsprys ontvang het én die APB-prys...? Of die ekwivalente van hierdie pryse in enige taal? Watter ander gevangene kan dus met dieselfde literêre agtergrond aansoek doen om publikasievergunning?... Om publikasievergunning aan Breytenbach as presedent te beskou, lyk my selfs op 'n manier grappig. Want mnr. Kaptein se gevreesde anargie en losbandigheid kan slegs dan losbars as daar twee, drie, ses skrywers in Suid-Afrikaanse tronke sit met gelyke meriete of meer. Bid jou aan. Hierdie land se naam is nie Soviët-Afrika nie, dis Suid-Afrika. Kom ons hou dit so!' (*Bu.*, 2.2.77).

Die briefskrywers staan krities teenoor bepaalde fasette van die politieke stelsel in Suid-Afrika. Venter glo dat Breytenbach as gevolg van die visumweiering in 1965 rede gehad het om 'tot in sy diepste vesel verbitterd te wees' en dat dít, alhoewel dit hom nie ''n permit verskaf het om sy eie land te beswadder soos hy gedoen het nie', wel sy 'verbittering, sy blinde en dwase verset' verklaar (*Bu.*, 22.2.77). Brink staan krities teenoor 'n regering wat met die visumweiering ''n hipergevoelige man begin dryf het tot waar hy uiteindelik 'n wanhoopsdaad gepleeg het' en hy protesteer teenoor 'n stelsel wat mense vir 'n onbepaalde tyd kan aanhou sonder dat 'n aanklag teen hulle ingebring word (*Bu.*, 18.2.77). Hierdie briefskrywers se kritiek is beperk tot bepaalde fasette van die amptelike beleid. Hulle spreek hul egter in hierdie polemiek nie uit oor

Afrikaner-nasionalisme en die beleid van apartheid as sodanig nie. Hulle beklemtoon deurentyd hul afkeer van geweld en die feit dat hulle ideologies verskil van Breytenbach, die rewolusionêr, maar lewer hier nie kommentaar op bepaalde sake wat Breytenbach dwarsdeur sy openbare politieke loopbaan en selfs tydens sy hofverklaring afgewys of bepleit het nie, byvoorbeeld: die totstandkoming van ‘'n Suid-Afrikaanse identiteit’; 'n kompromislose afwysing van rassisme; die uitgangspunt dat 'n wit minderheidsregering in Suid-Afrika onwettig is; die siening van demokrasie as een-mens-een-stem en dus 'n swart meerderheidsregering; die aangrype van geweld as laaste instrument tot bevryding in die lig daarvan dat alle ander wettige metodes swart Suid-Afrikaners ontneem is.

VII
Die tweede verhoor: 1977

Gedurende Junie-Julie 1977 wek Breytenbach weer eens opspraak toe hy die tweede maal in die hof verskyn. Hierdie keer is hy daarvan beskuldig dat hy vanuit sy sel kontakte probeer bewerkstellig en planne gesmee het waardeur hy die Suid-Afrikaanse staatsveiligheid in gevaar sou bring. Kort ná sy vrou hom in Oktober 1976 besoek het in Pretoria-Sentraal, waar hy nog steeds in eensame opsluiting aangehou was, het die veiligheidspolisie hom in kennis gestel dat hy weer aangekla gaan word op sewentien klagte ingevolge die Wet op Terrorisme, die Strafproseswet, die Wet op Gevangenisse.

Die staat het sy saak gebou om die getuienis van die bewaarder Pieter Gerhardus (Lucky) Groenewald wat na bewering, teen alle reëls in, gesprekke met Breytenbach begin voer het en toe aan die veiligheidspolisie gaan vertel het wat daar gesels is oor ontsnapping, Okhela, paspoorte en briewesmokkel. Pleks van hom te berispe, albei aan te kla of Breytenbach volgens tronkvoorskrifte op dieetstraf te plaas, het die veiligheidspolisie - wat nog steeds gehoop het om lede van Okhela aan te keer - met Groenewald as pion 'n spel begin speel (Viviers, 1978: 83). ‘Hy was die lokaas, die geplante spioen wat met 'n bandopnemer onder sy uniform versteek op die loopvlak gestaan en hul gesprekke opgeneem het. Hy was die man wat die briewe een vir een aan die veiligheidspolisie oorhandig het om dit te laat fotostateer voordat hy dit gaan aflewer het. Hy was die duurste posbode in Suid-Afrika - altyd geneem op staatskoste, altyd saam met 'n paar veiligheidsmanne om briewe te gaan aflewer...’ (*ibid.*). (Vergelyk Breytenbach, 1984a: 213-214 vir die digter se siening van ‘Lucky the Pimp’.)

Die ondersoek van die veiligheidspolisie is in alle geheimhouding voortgesit en eers op 10 Mei 1977 het Alf Ries van *Beeld* die nuus die wêreld ingestuur: Breytenbach gaan weer aangekla word - onder meer op grond daarvan dat hy

wou ontsnap. Ander dinge waarvan die klagstaat melding gemaak het, was dat Breytenbach tussen 17 April 1976 en 19 Oktober 1976 met die opset om die handhawing van wet en orde in die Republiek in gevaar te stel, deelgeneem het aan terroristiese bedrywighede deur onder meer die doelstellings van Okhela te bevorder; dat hy Groenewald gebruik het om briewe aan mense in en buite die gevangenis te neem of aan hom te bring; dat hy Groenewald opgelei het in ondergrondse tegnieke; dat hy Groenewald meegedeel het dat, vanweë die swart onluste, die tyd geleë is om grootskeepse sabotasie in Suid-Afrika te pleeg; dat hy Groenewald gewerf het om as terroris in die buiteland opgelei te word. Onder die alternatiewe aanklagte het die skryf van briewe waarop hy nie geregtig was nie, die oorhandiging van briewe aan Groenewald en ontvangs van ander briewe die grootste deel uitgemaak (Viviers, 1978: 84-85).

Soos die eerste keer, was daar nou weer 'n summiere verhoor - hierdie keer deur die waarnemende Regter-president, regter WG Boshoff. Breytenbach se vrou het die hulp ingeroep van die prokureurs Andrew Williamson en John Brand wat adv. Johann Kriegler, en Ernesto (Ernie) Wentzel gevra het om namens Breytenbach te verskyn (in 1984a: 184 en 221 vertel Breytenbach van sy respek vir hierdie mense). Hierdie keer sou dit 'n ‘suiwer politieke verhoor’ wees (*op.cit.*: 221), in teenstelling met die eerste toe daar juis probeer voorkom is dat die verhoor 'n politieke aangeleentheid sou word (Viviers, 1978: 75).

Ná 'n twee weke lange verhoor waarin die gesmokkelde briewe as bewysstukke voorgelê is en Groenewald en Breytenbach in kruisverhoor geplaas is, lewer regter Boshoff uitspraak. Op grond van die onbetroubare getuienis van Groenewald, die feit dat daar geen bewys was van die bestaan van 'n Okhela-organisasie in die Republiek of van Breytenbach se beweerde deelname aan terroriste-aktiwiteite nie (hierdie uitspraak verskil drasties van die eerste wat betref Breytenbach se bewegings in 1975), word hy onskuldig bevind op die hoofaanklag en verbandhoudende alternatiewe klagte; hy word skuldig bevind op 'n klag vir die smokkel van briewe, maar as gevolg van die feit dat hy *uitgelok* is om soveel briewe moontlik te skryf, word hy slegs gevonnis tot 'n boete van R50 of drie maande tronkstraf. (Die uitspraak is opgeneem in Viviers, 1978: 205-217; Breytenbach se ervaring van die verhoor in 1984a: 222-229.)

Prof. Charles-Albert Morand, wat deur die Internasionale Kommissie van Juriste afgevaardig was om die eerste Breytenbach-verhoor by te woon, se verslag is vrygestel terwyl die tweede verhoor aan die gang was. In *Beeld* (30.6.77) verskyn 'n berig waarin Morand aangehaal word oor sy siening dat die eerste verhoor 'n ‘elegante spektakel’ was; sommige van die aanklagte illustreer volgens dié waarnemer die ‘perversiteit van die onderdrukkende stelsel wat in Suid-Afrika van krag is’. Morand merk op:

> The Breytenbach case constitutes a remarkable success for the government. It has helped to impress upon the white community the image of a vast subversive conspiracy. It must be expected that the government will exploit this favorable situation by intensifying the repression... In the political context... the Breytenbach trial, like many of those which preceded it, is to be seen as a lever which enables the white government to legitimate and reinforce its dictatorial powers and to pursue its policy of apartheid. (In Dreyer, 1980: 50-51)

Die verslae van mnr. Martin Garbus, wat die tweede verhoor as 'n waarnemer vir die ‘International League for Human Rights’ bygewoon het, beskuldig die Suid-Afrikaanse regters daarvan dat hulle opdragte van die regering kry en beskryf die regters as ‘elegant facades covering one of the most vicious police states in the world’ (*Oost.*, 21.7.77). Hierdie ‘venynige aanval op Suid-Afrikaanse regters en howe’ word deur Suid-Afrikaanse regsgeleerdes as die ‘grootste onsin’ bestempel (*Oost.* en *Ogb.*, 21.7.77). Tydens die eerste verhoor het die Afrikaanse pers die stand van regspleging in Suid-Afrika geloof. Willem de Klerk (*Rap.*, 30.11.75), byvoorbeeld, het verwys na die regter wat koelkop gebly het en die ‘trotse tradisie van Suid-Afrika se regspraak gehandhaaf het’ deur 'n ‘korrekte vonnis’ uit te spreek. In die lig van gebeure rondom die saak wat later bekend geword het, word hierdie siening ietwat gerelativeer. In die tagtigerjare word die ‘onpartydigheid’ van die Suid-Afrikaanse howe 'n debatspunt, soos onder meer blyk uit 'n artikel in *Weekly Mail* (1-7.8.86) waarin, na aanleiding van hofuitsprake wat die algemene noodtoestandmaatreëls bevraagteken, daarop gewys word hoe dit gebeur het ‘that after some thirty years of court-rulings favouring the state, we now seem to be witnessing a judicial shift in the other direction, in favour of the individual’.

Een aspek rakende die verhoor wat hier uitgelig kan word omdat dit implikasies inhou vir die ideologiese konteks en vir literatuuropvattings, is die feit dat Breytenbach se getuienis asook die geheime briewe wat in die proses openbaar geword het, sy opspraakwekkende ‘belydenis’ tydens die eerste hofsaak in 'n ander lig plaas. Uit feite wat nou aan die lig kom, blyk dit duidelik dat Breytenbach nie sy eertydse politieke ideale en literêre betrokkenheid ‘verloën’ het nie, en dat sy ‘ommekeer’ die gevolg was van ‘'n sekere druk wat uitgeoefen is’, ‘pogings wat deur die veiligheidspolisie en later ook deur ander oorde’ aangewend is om hom te oorreed om nie 'n ‘politieke aangeleentheid’ van sy saak te maak nie - met ander woorde om nie ‘van die geleentheid gebruik te maak om 'n aanval te doen op die Regering of op aspekte van die Regering se beleid nie’ (Viviers, 1978: 75; Breytenbach, 1984a: 48). Dit kom ook nou aan die lig dat destyds aan Breytenbach voorgehou is dat, indien hy ‘saamwerk’, hy alle rede het om te hoop op die minimum vonnis en dat, watter vonnis ook al opgelê word, die veiligheidspolisie enige poging tot vertoë vir 'n vroeë ontslag sou steun. Sy behandeling in die gevangenis sou ook afhang van sy mate van samewerking met die veiligheidspolisie (*ibid.*). In *Confessions* (1984a: 48) vertel Breytenbach in 'n voetnoot dat so 'n onderneming gedoen is met die medewete van die hoogste gesag - naamlik Jimmy Kruger (die destydse minister van justisie) en die ‘Sitting Bull’ (die eerste minister) self.

Breytenbach se ‘skuldbelydenis’ in die hof en sy apologie aan min. Vorster verkry dus ander implikasies in die lig van hierdie ‘ooreenkoms’ met die veiligheidspolisie/staat. Uit die gesmokkelde tronkbriewe (Viviers, 1978: 98; 102; 128-129), opmerkings teenoor Adriaan van Dis ná Breytenbach se vrylating (*NRC Handelsblad*, 11.12.82) en *Confessions* (1984a: 47-49) blyk ook ander beweegredes vir sy belydenis. Hy wou nie een van die mense wat rondom sy saak aangehou en ondervra is, verkoop of brandmerk nie. Hy wou nie aan die staat die geleentheid gee om via sy saak 'n aanval te loods op NUSAS, die

Christelike Instituut en ander organisasies wat betrokke is by vakbondaangeleenthede nie, omdat die mense met wie hy saamgewerk het uit hierdie kontekste kom. Hy wou nie die jong Afrikaanse skrywers en studente vervreem nie. Hy kon hom nie voorhou as verteenwoordiger van die ANC nie, want hy het immers ondergronds in die organisasie gewerk. Hy wou nie sy familie onder groter druk plaas nie. Ook die psigologiese omstandighede van urelange ondervraging en eensame opsluiting het bygedra tot die deemoedige verklaring.

Wat ook al die redes daarvoor was, Breytenbach is oorreed om ‘saam te werk’ - in die proses het hy egter, soos Lazarus (1986: 179) dit stel, ‘“over-cooperated”, even to the extent of praising the Security Branch effusively for its treatment of him’. Hy het ten einde toegegee aan die druk en die ooreenkoms aangegaan met sy aanklaers. Ten spyte van hierdie ooreenkoms het latere pleidooie om opskorting van Breytenbach se vonnis nie geslaag nie.

Op 19 Augustus 1985 onthul die *Pretoria News* en *The Star* dat Breytenbach in 1975 verwag het om 'n effektiewe vonnis van slegs één jaar uit te dien in terme van die ooreenkoms wat hy met die staat aangegaan het. Die destydse minister van justisie het die ooreenkoms goedgekeur, maar het dit ontken ná Breytenbach gevonnis is. Die koerante het in besit gekom van beëdigde verklarings deur Breytenbach, Percy Yutar, Piet Henning en Johann Kriegler. Die terme van die ooreenkoms was: dat Breytenbach skuldig sou pleit op 'n gewysigde klagstaat; dat die staat dit sou aanvaar en op sy beurt 'n pleidooi vir die minimum vonnis van vyf jaar steun; dat Breytenbach nie soos 'n politieke gevangene behandel sou word nie, maar geregtig sou wees op die voorregte van 'n gewone gevangene - insluitende vroeë vrylating; dat die staat en die veiligheidspolisie 'n aansoek vir sy vrylating ná een jaar gevangenisstraf sou steun. Breytenbach se vrylating het egter eers ná sewe jaar plaasgevind toe sy regsverteenwoordigers begin het om regstappe te doen op grond van die verklarings wat hulle bekom het van die partye betrokke by die ooreenkoms. Yutar het wel in 1975 die pleidooi vir minimum gevangenisstraf gesteun, maar die regter het Breytenbach tot nege jaar tronkstraf gevonnis. Volgens die berigte in *Pretoria News* en *The Star* ontken min. Jimmy Kruger enige kennis van so 'n ooreenkoms: ‘It would have been impossible to make such a deal without a Cabinet decision.’ Yutar wou nie kommentaar lewer nie.

Volgens 'n ander berig in *The Star* (19.8.85) vertel Yutar in sy beëdigde verklaring, geteken 28 November 1979, van 'n besoek aan min. Kruger ná die verhoor om die inwerkingstelling van sy onderneming te bespreek. Yutar het geglo dat min. Kruger sy optrede goedgekeur het. Drie jaar later het hy en adv. Johann Kriegler die minister gaan spreek oor Breytenbach se vrylating op parool. Gedurende hierdie ontmoeting het die minister ontken dat Yutar hom voor die hofsaak geraadpleeg het; hy het ook gesê dat Yutar geen reg gehad het om so 'n ooreenkoms aan te gaan nie. Yutar ‘deeply resented Mr. Kruger's attitude’ (*ibid.*). In sý beëdigde verklaring vertel Piet Henning dat hy op die dag van Breytenbach se vonnis meegedeel is dat die hof moontlik 'n langer vonnis as een van vyf jaar kan gee. ‘We were told not to worry, since the real sentence was determined by the agreement.’ Breytenbach se verklaring in Desember 1979 lui dat hy gebly het by die voorwaardes van sy ooreenkoms met die staat.

Dit was vir hom 'n groot skok toe hy, in weerwil daarvan, tot nege jaar gevangenisstraf gevonnis is. Hy het geglo sy tydperk van gevangenisstraf sou bepaal word deur die ooreenkoms en dat hy ná 'n jaar vrygelaat sou word. Die owerhede het egter nie net hierdie deel van die ooreenkoms gebreek nie, maar ook die onderneming dat hy nie soos 'n politieke gevangene behandel sou word nie. In sy verklaring sê Breytenbach se vader dat hy gedurende die verhoor deur Yutar meegedeel is dat Breytenbach nie langer as 'n jaar in die tronk sal wees nie as gevolg van sy goeie samewerking met die staat. Ten spyte van al hierdie verklarings het voorleggings deur Breytenbach se regsverteenwoordigers aan die nuwe eerste minister, mnr. PW Botha, misluk. In Maart 1979 het min. Jimmy Kruger parool aan Breytenbach geweier.

VIII
Reaksie van die pers op die tweede verhoor

Die verhoor self en veral die gesmokkelde briewe wat as getuienis dien, sorg weke lank vir sensasionele hoofopskrifte in die Afrikaanse koerante. Volgens ‘verkrampte’ bronne is die keuse van opskrifte, vir menings, kommentaar, foto's en die beklemtoning van berigte alles deel van ‘'n beplande aksie van die pers om van linkse skrywers helde te maak, hoofsaaklik omdat hulle belangrike veranderingsagente is wat 'n nuwe politieke bedeling vir swartes wil bewerkstellig’ (*Afr.*, 29.7.77).

Die amptelike (redaksionele) kommentaar op die hofuitspraak is egter veel meer bedees as die sensasionele belangstelling wat die verloop van die verhoor self uitgelok het - al dink alle waarnemers nie so nie. *Die Afrikaner* (22.7.77) beskuldig die ‘Regeringsgesinde Afrikaanse koerante’, sáám met die ‘Engelse koerante, linkse Afrikaanse skrywers en ander liberaliste’ daarvan dat hulle ‘gejubel het oor die uitspraak’ - ‘sowel Afrikaanse as Engelse koerante kon nie genoeg beskrywende woorde vind om die tonele na die regter se uitspraak aan die lesers oor te dra nie’. Dit is veral *Rapport* wat vanuit hierdie oord geroskam word oor die feit dat die blad deurgaans drie senior verslaggewers by die verhoor gehad het (onder andere die assistent-redaktrise Rykie van Reenen en die kunsredakteur Coenie Slabber) en dat daar die Sondag ná die hofuitspraak ‘drie volle bladsye aan die Breytenbach-saak en kommentaar gewy is’, afgesien van 'n berig op die voorblad en 'n eerste hoofartikel. Die Durbanse koerant *Tempo* (22.7.77) meen dat ‘as hierdie bladsye suiwer bedoel was om die uitspraak weer te gee of menslike aspekte van die verhoor te beklemtoon, sou niemand gekla het nie. Dit is per slot van rekening die taak van die pers om sulke dinge te doen. Maar die indruk wat geskep is, is eerder dat die koerante probeer om van Breyten Breytenbach 'n simpatieke figuur te maak, byna soos 'n martelaar. Dit kan nie gedoog word nie. Die feite is dat hy op sy ongelooflik

dom en kinderagtige manier probeer het om sy land te na te kom. Daarvoor kan niemand simpatie hê nie'. Volgens *Die Afrikaner* (29.7.77) 'stem dit denkende mense tot kommer dat Afrikaanse koerante, wat moeitevol met die geld van Afrikaners opgebou is, vandag hulle simpatie gee aan linkses, die kritici en ondermyners van die sedelike waardes van die Afrikanervolk. Waarom moet 'n held gemaak word van 'n man wat in sy skryfwerk net afbrekend teenoor die Witman en die Afrikaner opgetree het en wat op politieke gebied geheul het met die magte wat rewolusionêre verandering in Suid-Afrika beoog?'

In werklikheid was 'n 'verligte' koerant soos *Rapport* se amptelike kommentaar op die hofuitspraak veel meer ingetoë as wat uitsprake hierbo laat vermoed. Al wys die koerant se voorbladberig (op 17.7.77) na die verskil in die bevindings tydens die twee verhore oor die sogenaamde Okhela-organisasie en dié se verhouding met die verbode ANC, en ook op die verskil in getuienis oor Breytenbach se beweerde ondermynende bedrywighede tydens sy besoek in 1973 aan Suid-Afrika, word in die redaksionele kommentaar bo alles klem gelê op die feit dat die 'verloop van die verhoor weer eens die absolute onberispelikheid van die regspraak in Suid-Afrika bevestig het'. 'n 'Newe-aspek' van die saak wat volgens *Rapport* nou die aandag van politici moet kry, is die kwessie van verblyfreg aan Yolande Breytenbach: 'Deur aan mev. Breytenbach verblyfreg te gee, kan ons ook ons politieke geloofwaardigheid, wat al 'n paar knoue weg het, 'n bietjie aansien gee'. Rykie van Reenen se artikels oor die verhoor in die rubrieke 'Op die randakker' en 'Dink weer' - wat veral vir *Die Afrikaner* aanstootlik was - beklemtoon wel die 'human interest'-aspekte van die verhoor, maar is krities ingestel teenoor Breytenbach se geswig voor die 'rewolusie-lokstem' ('Dink weer', *Rap.*, 26.6.77) en oor die 'bitter pil van verraad' wat 'in hierdie dae verwerk moet word in verband met die skraal man met die warm, vinnige glimlag' (*Rap.*, 26.6.77). Die 'verraad' waarna Rykie van Reenen verwys, hou verband met uitsprake in die gesmokkelde briewe wat daarop dui dat Breytenbach se 'belydenis' en 'ommekeer' tydens die eerste verhoor nie 'eg' was nie. Sy hoop dat die verhoor implikasies mag inhou vir 'die denke en geesteslewe en toekoms van die land' en beklemtoon die feit dat die uitspraak 'n mens weer (ná die 'fantasie, verdigsel, verraad, teenverraad, verdraaiing en valse voorstellings') 'op die vaste grond van 'n geregtigheid gebring het wat die werklikheid in diepte en met deernis sien', maar Breytenbach is vir haar 'n toonbeeld van iemand wat nié 'volkome weerbaar' is nie en bowenal 'grensloos naïef' (*Rap.*, 17.7.77).

Die Noordelike dagblaaie beklemtoon in hulle kommentaar op die hofuitspraak almal die kwaliteit van die regspraak in Suid-Afrika en hulle voer almal redes aan tot verontskuldiging van die veiligheidspolisie se optrede in die saak. *Die Vaderland* (18.7.77) meen 'die verhoor en vonnis van Breyten Breytenbach strek ons regbank tot eer'. Al het die 'vraagtekens oor die Afrikaanse digter en die saak as geheel nie almal verdwyn nie' (veral in die lig daarvan dat sulke ernstige aanklagte in die eerste plek teen hom aanhangig gemaak is en dat hy, by skuldigbevinding, die doodvonnis opgelê kon word), reken dié koerant dat 'n verguisende aanval op die veiligheidspolisie onbillik sou wees: 'Die Veiligheidspolisie se hoop was dat die Breytenbach-korrespondensie voorbokke van Okhela

uit die buiteland na Suid-Afrika sou lok... 'n billike en begryplike optrede'. Die finale beslissing oor die aard van die aanklagte het ook nie by die veiligheidspolisie berus nie, maar by die Prokureur-generaal, advokaat Nothling. 'Die gevolg van die mistasting met die aanklagte het nie ons regbank aangetas nie. Maar dit het wel skade gedoen aan die beeld van Suid-Afrika en sy Veiligheidspolisie.' Willem de Klerk van *Die Transvaler* (18.7.77) verwys ook na die teenstelling tussen die vonnis en die uiters ernstige aanklagte wat dit kan laat lyk 'asof 'n berg van 'n molshoop gemaak is'. As sake 'in perspektief' gesien word, moet egter in ag geneem word dat 'die Veiligheidspolisie geprobeer het om ander lede van die beweerde Okhela-organisasie, die sogenaamde wit vleuel van die ANC, vas te trek' - 'oor van die metodes wat gebruik is, kan gedebatteer word, maar nie oor die oogmerk van die polisie om die veiligheid van die Staat en onskuldiges te verseker nie... die feit is dat Suid-Afrika te doen het met 'n Kommunistiese vyand wat hom nie aan aanvaarde norme steur nie'. 'n Rubriekskrywer van *Hoofstad* (19.7.77) glo die belangrikste uitvloeisel van die verhoor is 'die demonstrasie van onpartydige regspraak deur 'n Suid-Afrikaanse Hooggeregshof... (wat) 'n voorbeeld (gestel het) van die blindheid van die gereg vir Staatsbelang en -wense. Die saak is op sy meriete... oorweeg en die uitspraak onbevrees deur die regter gegee.'

In teenstelling met die noordelike Perskor-koerante, spreek die dagblaaie van Nasionale Pers hulle ook uit oor 'Breytenbach die digter' of die implikasies van die verhoor vir die Afrikaanse literêre toneel. Vir *Die Volksblad* (18.7.77) is dit 'jammer dat 'n Afrikaanse digter, wie se werke aan sommige universiteite voorgeskryf word en wat al hoë bekronings ontvang het, vir die tweede keer in die hof tereg moes staan op onder meer 'n aanklag ingevolge die Wet op Terrorisme'. Al is Breytenbach vrygespreek op dié aanklag, het dit wat in die hof aan die lig gekom het, 'vrae laat ontstaan of sommige Afrikaanse skrywers nie die Afrikaanse taal wil gebruik vir literêr-politieke doeleindes wat nie met die volksbelang te versoen is nie'. Die 'gees' wat uit die gesmokkelde briewe straal en die 'ruwe taalgebruik' daarin kan volgens *Die Volksblad* 'die Afrikaner se vertroue in die Afrikaanse skrywer, wat hom tog ook van geestesvoedsel moet voorsien, so 'n skok toedien dat die verhouding tussen volk en skrywer noodlottige skade berokken word'. In die lig van uitsprake in die briewe meen dié koerant dat dit nie sal pas om van Breytenbach 'n martelaarsfiguur te maak nie. 'n Pleidooi vir affirmatiewe of 'neutrale' kuns volg: 'As die digter ook soldaat is, soos al gesê is, is dit seker nie te veel gevra dat die Afrikaanse skrywer ook vír Suid-Afrika die wapen sal opneem nie, is die minste wat hy kan doen om nie téén Suid-Afrika stelling in te neem nie'.

Die Burger (18.7.77) is bekommerd dat die Breytenbach-saak 'die ernstige verwydering wat klaar tussen die Afrikaanse skrywer en die gemeenskap bestaan', kan vergroot. Dié koerant meen dit is van kardinale belang om te besef dat die saak 'teen die persoon Breytenbach was, en seer seker nie teen die Afrikaanse skrywerskorps as sodanig nie'. *Die Burger* meen daar is 'n dubbele gevaar daaraan verbonde as die verhoor en uitspraak gebruik gaan word om aksies 'vir' of 'teen' sekere aspekte van die Afrikaanse letterkunde te voer: 'Dit kan die verdeeldheid en groepvorming wat tot dusver meer smorend as iets

anders onder die Afrikaanse skrywers gewerk het, laat voortduur en vererger. En dit kan die ongelukkige polarisasie tussen die Afrikaanse skrywers en die Afrikanervolk laat toeneem.' Dié koerant beskryf die 'kloof van vervreemding tussen skrywer en gemeenskap' as die 'bittere vrug van pogings om die literatuur te misbruik as 'n wapen in die Suid-Afrikaanse magstryd, om deur literêre aktivisme sekere politieke doeleindes te bereik'. Die redakteur van *Die Burger* (met sy lang tradisie van 'verligtheid') maak geen geheim van sy afkeurende gevoel teenoor ''n selektiewe literêre "establishment" (wat) deur 'n groep opstandiges tot stand gebring (is) wat met groot onverdraagsaamheid 'n bepaalde koers ingeslaan het en in die proses kleinerend losgetrek het teen die Afrikaner, sy instellings, sy gesag en selfs sy taal, wat die skrywers se medium vir die profetiese woord aan hul volk moet wees'. *Die Burger* se pleidooi is 'vir die groot korps van Afrikaanse skrywers wat nog as vakmanne hul taak daarin sien om 'n eerlike literatuur te beoefen' - dit beteken nie dat die literatuur 'n 'susmiddel' moet wees nie, wel 'bestraffing' wat die Afrikaner 'wil red, nie verdelg nie' (laasgenoemde wegwyser vir die aard van die literatuur word onderskraag met 'n verwysing na NP van Wyk Louw se *Lojale verset*).

Dit is opvallend dat nie een van die Afrikaanse koerante, wat tydens die eerste verhoor soveel klem gelê het op Breytenbach se 'bekering', nou daarna verwys in die lig van die onthullings daaroor nie.

IX
Reaksie van ingeligte lesers op die verhoor met klem op die 'betrokkenheidsdebat'

Met die verskyning van die eerste berigte dat Breytenbach weer verhoor gaan word op aanklagte dat hy uit die gevangenis probeer ontsnap en wette oor landsveiligheid oortree het, ontken sy skrywersvriende dat hulle hom gehelp het. Vir Uys Krige is dit natuurlik dat 'n man wat in die gevangenis is, sal probeer uitkom - maar hy het hom 'beslis nie gehelp nie'; Ernst Lindenberg vind dit ''n baie snaakse ding' dat Breytenbach onder streng bewaking met ander mense in verbinding kon tree - hy het hom nie gehelp nie; Ampie Coetzee en André P Brink (wat soos later sou blyk, betrokke was by die smokkeling van briewe) wil niks van die saak sê nie of verkies om te wag vir die hofsaak om te sien wat in die spel is voordat hulle kommentaar lewer. John Miles, daarenteen, is spyt dat Breytenbach dit nie reggekry het om te ontsnap nie. Bartho Smit, destydse voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde, sê 'dit sal bitter jammer wees as Breytenbach iets gedoen het wat sy saak verder versleg'; Etienne Leroux is 'stomgeslaan' (al hierdie skrywersreaksies is aangehaal in *Vo.*, 11.5.77).

Ná die hofuitspraak is medeskrywers verheug oor die vonnis. Chris Barnard

is verlig oor die hele aangeleentheid: ‘Uit menslike oorwegings is dit goeie nuus dat Breyten op die hoofaanklag onskuldig bevind is. Ek kry daai ou eintlik verskriklik jammer.’ Jan Rabie meen die hele hofsaak was bedoel om ‘ons Afrikaanse skrywers by te kom... én in diskrediet te bring’. Breyten was ‘maar net 'n pion in die spel’ en ‘dalk was dit 'n illustrasie van die vyandskap van die owerheid teenoor die skrywer. Maar dit is 'n onverdiende ding teen die skrywer.’ Brink, wie se naam gereeld opgeduik het tydens die verhoor, se reaksie oor die ligte vonnis was: ‘Wragtie. Is dit so? Rêrigwaar? Dit is wonderlik.’ Hy meen dit is jammer dat die aanklagte teen Breytenbach nie vooraf deegliker deur die staat oorweeg is nie, ‘dan kon 'n hele onnodige saak vermy gewees het’, want die verhoor het Suid-Afrika ‘geweldig skade berokken’ - gelukkig is die ‘feit dat Breyten op sulke verspotte aanklagte verskyn het, deur die uitspraak reggestel’. Brink voeg daaraan toe dat hy dink ‘'n mens moet Breyten met 'n soort digterlike vryheid beoordeel. Sy lewe is eintlik 'n gedig en hy moet in dié lig beoordeel word’ (al hierdie reaksies is aangehaal in *Tv.*, 16.7.77). Ampie Coetzee is baie verlig en dankbaar oor die uitspraak; hy ontken gerugte dat hy self onder groot persoonlike spanning verkeer het tydens die verhoor. Ofskoon hy meen dit is ironies dat so 'n groot saak aangepak is om tot só 'n uitspraak te lei, voel hy dat juis een van die goeie gevolge van die saak was dat die afsondering waarin Breytenbach aangehou is, aan die lig gekom het (*Tv.*, 16.7.77).

Die verhoor en veral uitlatings en standpunte in die gesmokkelde tronkbriewe wat tydens die hofsaak openbaar gemaak word, gee in die tyd ná Breytenbach se tweede verhoor aanleiding tot 'n polemiek onder literatore en skrywers oor ‘betrokkenheid’ en die ‘kaping’ van *Rapport* se boekeblad. Dit sou in 1978 verder uitkring met die debat oor die rol van die Afrikaner-intellektueel tydens die verskyning van JC Steyn se *Dagboek van 'n verraaier*.

Die aanklaers in eersgenoemde polemiek meen die gesmokkelde briewe ‘bevat soveel verdoemende dinge op die gebied van letterkundige verhoudinge dat die literêre lewe vir 'n hele tyd vorentoe onmoontlik dieselfde sal kan wees as wat dit die laaste aantal jare was’, want hierdie briewe ‘het soos min ander dinge maskers afgeruk’ (*Beeld*, 18.7.77) en bewys gelewer van die ‘vals moraliteit’ van Breytenbach en die ‘klein groepie’ rondom hom (*Vo.*, 27.6.77) wat ‘ou vriende in die rug steek’ (*Beeld*, 18.7.77). FIJ van Rensburg (*Beeld*, 18.7.77) verwys in hierdie opsig spesifiek na Chris Barnard, Bartho Smit en DJ Opperman wat so deur Breytenbach ‘in die steek gelaat is’. Die hofsaak en briewe het volgens Van Rensburg nie net die Afrikaanse literêre wêreld in 'n krisis gedompel nie, maar dit hou implikasies in vir die Afrikaner se geesteslewe as sodanig (*Vo.*, 27.6.77). Dit was inderdaad 'n krisistyd vir ‘verligtes’ wat al meer onder verdenking geplaas is deur die gebeure rondom Breytenbach én vir die ‘betrokke’-literatuuropvatting wat nog steeds 'n ongemaklike alliansie probeer aangaan het met die outonomie-opvatting.

Tydens hierdie debat kon ‘aanklaers’ en ‘aangeklaagdes’ nie meer so maklik ingepas word in die tradisionele verdeling van ‘verkramp’ teenoor ‘verlig’ soos in die sestiger- en vroeë sewentigerjare nie. Teen hierdie tyd was ‘verlig’ reeds lankal die ‘verantwoordelike’ houding en albei kampe het hulle immers daarop

beroep. Die hoofaanklaers, literatore FIJ van Rensburg en Merwe Scholtz, verwerp albei ‘ekstremisme na beide kante’ en sien hulself as ‘ewewigtige’ (dit is ‘verantwoordelike’) Afrikaners wat kampvegters is vir 'n ‘kragtige, kreatiewe Afrikanerdom’ (Van Rensburg in *Beeld*, 20.5.77; *Rap.*, 17.7.77; *Vo.*, 20 en 22.8.77 en Scholtz in *Rap.*, 24.7.77; ook die TV-debat van Van Rensburg en Scholtz). Van Rensburg spreek hom dan ook skerp uit téén die Nasionale Party se afwysende houding teenoor die letterkunde asook teen die sensuurstelsel (wat nie die werk as ‘geheel’ in ag neem nie) en hy pleit vir 'n ‘vrugbare, waarlik oop verhouding’ van die Afrikaanse kerke en kultuurliggame met die kuns (*Beeld*, 20.5.77). Die ‘aangeklaagdes’ in die debat (Breytenbach en ‘die klein groepie rondom hom’) is volgens die aanklaers 'n groepie ‘aktiviste’ in opstand teen die landsbestel en daarop uit om die Afrikaanse taal te verneder (Van Rensburg, *Rap.*, 16.6.77).

In werklikheid is die meeste aangeklaagdes in die ‘betrokkenheids’-debat nié ‘radikaal linkses’ nie - hoogstens ‘betrokke verligtes’, effens links van die ‘ewewigtige verligtes’. Die hoof-aangeklaagde in die debat, André P Brink, het hom immers, soos ander verligte Sestigers, in die tyd ná Breytenbach se eerste verhoor onomwonde gedistansieer van Breytenbach se ‘radikale politiek’. Soos die ander Sestigers het Brink Breytenbach se ‘bekering’ aangegryp as bewys dat sy soort radikalisme ‘futiel’ is - Brink het hom in die openbaar uitgespreek vir ewolusie, geleidelike verandering, *détente* en daarop gewys dat die verligte Sestigers al deel is van die nuwe, uitgebreide ‘Afrikanerlaer’.

Naas persoonlike aanvalle van albei kante (wat hier ter syde gelaat word), kom bepaalde argumente voor by die ‘aanklaers’.

Hulle het dit bowenal teen ‘betrokke’ letterkunde. Van Rensbureg meen die literatuur is deur die gedagterigting van ‘betrokkenheid’ misbruik ‘vir doeleindes waarvoor dit nie bestem is nie’ omdat dit die letterkunde ‘tot 'n sosiaal-tegniese instrument’ omskep sodat dit ‘'n wapen in die magstryd van die land’ kan word (*Rap.*, 17.7.77). Scholtz het dit teen Brink en Breytenbach se ‘variëteit van betrokkenheid’ wat nie meer die ‘saak van die letterkunde’ dien nie (*Rap.*, 24.7.77). Hulle is albei gekant teen die deureenspeling van kuns en werklikheid; teen 'n opvatting wat Van Rensburg omskryf as een wat die kuns ‘konfrontasie laat opsoek met die elkedagse werklikheid (en) die grens tussen kuns, politiek en die ander groothede van ons tydgenootlike wêreld volkome uitwis’ (*Beeld*, 23.7.77). Hulle het dit teen die verheffing van die ‘Brink-Breytenbach-gesigspunt’ (‘betrokkenheid as gedagtegang’) tot ‘kriterium vir literêre noodsaaklikheid en belangrikheid’ (Scholtz), dit wil sê teen ‘monopolievorming’ ten opsigte van 'n bepaalde literatuuropvatting (Van Rensburg).

Volgens hierdie waarnemers het die letterkunde 'n ‘eiendomlike funksie’ en hoort dit tot ‘'n gebied en 'n vlak wat geen ander grootheid s'n is nie’ (Van Rensburg, *Rap.*, 17.7.77 en *Beeld*, 23.7.77). Scholtz glo daar is genoeg skrywers en lesers wat ‘weet waar dit om gaan in literatuur wat werklik sy sout werd is’ (*Rap.*, 24.7.77). Hierdie ‘eiendomlikheid’ word egter nie uitgespel in die betrokke artikels nie. Aanduidings van wat hulle beskou as literêre kriteria kom egter wel voor. Volgens Scholtz se uiteensetting van werke wat waarlik tél onder

die eietydse literatuur, lyk dit of die tyd bestee aan die skryf van 'n werk iets met die grootheid daarvan te make het (André P Brink, in *Rap.*, 24.7.77, verwyt Scholtz daaroor dat hy só 'n maatstaf tot waardekriterium verhef); Van Rensburg weer meen dat ‘eensydigheid’ afbreuk doen aan 'n literêre werk: ‘Wat noodsaaklik is, is 'n helder, oop oog, wat bereid is om na álle kante te kyk.’ (Brink verwerp in bogenoemde artikel een-, twee of veelsydigheid as literêre kriterium.)

Etienne Leroux (*Vo.*, 25.7.77) meen die ‘behoudende literatore’ eis van die skrywer om ‘ter wille van sy kunstenaarskap die drif van die sosiopolitieke werklikheid as mens afsydig (te) aanvaar’ - die volk daarenteen eis dat ‘die skrywer hulle besonder politieke siening moet verwoord’. Die eise oor die ‘eiendomlike’ van die literatuur van die kant van Van Rensburg en Scholtz is egter nié so polities-belangeloos (dit wil sê ‘ideologievry’) nie. Van Rensburg eis immers van die letterkunde dat dit ter uitbouing van ‘'n kragtige, kreatiewe Afrikanerdom’ moet dien (in teenstelling met die ‘ondermyning’ van die staat) én ter opheffing van Afrikaans (kyk hierbo aangehaalde artikels en briewe). Al is Scholtz teen 'n ‘geburokratiseerde’ letterkunde en een wat ‘bloot welaangenaam, skokvry en verliteratuurd’ is, het hy dit teen 'n bepaalde ‘variëteit van betrokkenheid’. Dit impliseer dat 'n ánder ‘variëteit’ (affirmatiewe letterkunde? lojale verset?) wel aanvaarbaar sou wees.

Enkele fasette uit die ‘aangeklaagdes’ se reaksie word hier uitgelig omdat dit implikasies inhou vir literatuuropvattings en die ideologiese ingebedheid daarvan.

Die hoof-aangeklaagde ten opsigte van die eensydigheid van die *Rapport*-boekeblad, Brink, ontken dat hy ‘betrokkenheid’ as literêre kriterium gebruik. Hy beroep hom daarop dat hy ‘op suiwer literêre gronde’ waarde-oordele uitspreek en dat die kriterium wat vir hom saak maak ‘die *kwaliteit* van voorstelling’ is (of dit verskil of gelyk is aan wat Van Rensburg die ‘eiendomlike’ van die literatuur noem en Scholtz ‘dit waaroor dit werklik gaan in goeie literatuur’ is nie duidelik nie, maar die klem is tog wel op ‘literatuur as literatuur’). Waar Brink wel 'n werk ‘literêr swak’ gevind het, maar tog ‘relevant vir die groot debat oor Suid-Afrika’ stel hy dit dat hy ‘duidelik onderskei tussen literêre maatstawe en die politieke of ander opinie’. Hy verwys na vroeëre uitsprake deur homself om die aanklag te weerlê dat hy ‘betrokke literatuur wou/wil verhef tot eksklusiewe rigting’ (*Rap.*, 7.8.77).

Die aangeklaagdes beroep hulle, soos hulle aanklaers, op 'n *skeiding* van letterkunde en kwessies ‘rondom’ die literatuur. Lindenberg (*Beeld*, 19.7.77) neem Van Rensburg kwalik dat hy hom besig hou met ‘die vuil bedryf rondom die kuns’ en raai hom aan om liewer oor Breytenbach se werk in 'n vaktydskrif te skryf. Brink (*Beeld*, 19.7.77) meen Van Rensburg is ‘besig met nie-literêre ekshibisionisme’ en hy distansieer hom daarvan. (HCT Müller, *Beeld*, 21.7.77, en Van Rensburg, *Beeld*, 23,7.77, vind dit albei vreemd dat sulke verwyte kom van mense wat juis die kuns ingetrek het in die gebied van dinge rondom die kuns in die alledaagse werklikheid.) Lindenberg (*Rap.*, 31.7.77) herinner Van Rensburg daaraan dat hy wat Lindenberg is in 1974, tydens die Hertzogpryspolemiek oor *Skryt*, onderskei het tussen Breytenbach die mens ‘wat skuldig

bevind is' en die skrywer wie se werk en die betekenis daarvan nie aangetas is deur wat gebeur het nie. Hy beklemtoon dit dat ook Breytenbach se beskouings niks te make het met die gehalte van sy werk nie. Die implikasie is dus dat, ook vir Brink, die letterkunde 'outonoom' is. Hy self spel egter nie in hierdie debat uit hoe hy wel die verhouding fiksie/werklikheid in die 'betrokke' werk sien nie sodat die debat nooit in 'n werklike besinning oor verhoudinge soos literatuur en samelewing, skrywer en samelewing of skrywer en literatuur ontwikkel nie ('n verwyt wat Brink op sy beurt voor die deur van sy aanklaers lê).

Die aangeklaagde 'aktiviste' is self ideologies gekant teen Breytenbach se radikalisme (vergelyk uitsprake hierbo aangehaal) - selfs Chris Barnard (*Rap.*, 31.7.77) wat meen daar moet vir alle soorte stemme plek wees in die koor en Etienne Leroux (*Vo.*, 25.7.77) wat, alhoewel hy 'so what?' vra ten opsigte van die feit dat daar onder Afrikaanse skrywers diegene is wat op die politieke spektrum wissel van regs tot radikaal links, rewolusionêre/radikale/gewelddadige ingrype as verraad afkeur.

Al sou sommige dit in latere tekste doen, gee die 'betrokke verligtes' nêrens in hierdie debat aanduidings van wat hul 'betrokkenheid' presies behels nie. In die lig van vorige polemieke en die afwysing van 'rewolusionêre ingrype' is dit 'lojale verset' waarop hulle hul, net soos hulle 'ewewigtige' verligte aanklaers, beroep. In hierdie verband kan ook daarop gewys word dat die skrywers wat tydens die eerste verhoor Breytenbach se 'bekering' aangegryp het as bewys van die 'futielheid van geweld' nou heeltemal swyg oor die feit dat dit 'vals' bewys is (en Breytenbach dus nog by sy ou politieke insigte bly).

'Aanklaers' en 'aangeklaagdes' in hierdie polemiek word dus *gebind* deur gedeelde uitgangspunte en doelwitte. Die verskille tussen die twee kampe lê daarin dat verskillende variante van die outonomie-opvatting ter sprake is (in die geval van die skrywers was hul skeppende aktiwiteit in der waarheid hul 'teoretiese' literatuuropvatting voorúít) en dat daar ideologiese graadverskille bestaan het ten opsigte van wat gesien is as 'lojale verset'.

Johl (1986) wys op hierdie variante in die outonomie-opvatting. Scholtz was 'n grondlegger van die Stilistiek op Linguistiese Grondslag, 'n dissipline wat aanvaar dat die literêre werk 'n objektiewe bestaan het; dit is 'n 'gevormde vorm' wat deur organisasie tot onafhanklikheid of selfgenoegsaamheid geïsoleer is (*op.cit.*: 51-61). By Van Rensburg val die klem op die aspek van (strukturele) organisasie waardeur werklikheidsmateriaal of verbeeldingsmateriaal deur bemiddeling van die taalmedium in 'n nuwe bedoelingsgeheel verenig word (*op.cit.*: 61-68). Ook vir Lindenberg is eenheid (konsentrasie of hegte integrasie) 'n waardekriterium. Ten opsigte van die verhouding teks en werklikheid teleskopeer hy twee teoretiese modelle: Coleridge se organisme-metafoor en 'n mimesis-standpunt (*op.cit.*: 68-71). Gedurende die sestiger- en sewentigerjare is Brink se literatuurbeskouing gerig deur 'n mimetiese of 'n mimeties-kreatiewe instelling waarvolgens die teks 'n nuwe, 'n 'seepbelwêreld' was waarin die 'buitewêreld' binne die moontlikhede en grense van die taalmedium herskep word (*op.cit.*: 107-114).

X
‘Détente’, hervorming en onderdrukking van dissidensie

Oorsigberigte in die pers beskryf teen die einde van 1975 dié betrokke jaar as ‘'n rooiletterjaar in die Suid-Afrikaanse politiek (wat) gewissel het van *détente*-suksesse tot stembusteleurstellings vir die Regering; van die kleurlingkrisis tot die inflasie- en onderwyskrisis’ (*Va.*, 10.12.75); 'n jaar van ‘ekonomiese resessie, geweld en terrorisme’ (*Tv.*, 31.12.75) en 'n jaar waarin ‘die skadu van die Kommunistiese Rooi Beer oor al groter dele van die wêreld geskuif het - ook oor Angola en Suid-Afrika’ (*Vo.*, 30.12.75). In teenstelling met die hoop dat 1976 'n beter jaar sou wees vir Suid-Afrika, word dit toe ‘een van die moeilikste jare in sy geskiedenis’ (*Tv.*, 25.12.75), een waarin die regering deur die ergste ekonomiese, diplomatieke en strategiese terugslae in sy onlangse geskiedenis getref is (*TW.*, 21.12.76) en wat onthou sal word vir geweld op die grense, onrus in die stede, verlaagde lewenstandaard en onomkeerbare inflasie (*FM.*, 24.12.76). Die jaar 1977 bring toenemende isolasie van die buitewêreld - en wapenboikotte teen die land (*TC.*, 27.12.77); binnelands word die verpligte militêre dienstydperk verdubbel, toegeslaan op dissidente organisasies en koerante en 'n vlaag protes ontketen deur die Biko-tragedie (*WP.*, 31.12.77) - dit word die jaar ‘waarin swart onluste voortgewoed het en waarin die Regering van sy buitengewone magte gebruik moes maak om ondermyners aan die man te bring’ (*Hoofst.*, 30.12.77). Dié drie jaar word afgesluit met 'n rekordoorwinning vir die Nasionale Party wat die anti-Carter-sentiment uitbuit en 'n buitengewone verkiesing uitroep om sy mandaat te bevestig. Teen 1978 was daar duidelike aanduidings van interne spanninge in die Party en met die breekspul van die ‘Inligtingskandaal’ kom die Vorster-era in die Suid-Afrikaanse politiek tot sy einde.

Gedurende 1975 verbind die eerste minister homself en die regering tot 'n ‘strewe na vrede, samewerking en ontwikkeling’ in Suider-Afrika en in Afrika as 'n geheel. Met betrekking tot sy binnelandse program van aksie stel hy dat die derde fase van die apartheidsbeleid nou aangebreek het waarin die klem val op ‘onafhanklikheid’ aan ‘tuislande’, die hoeksteen van ‘aparte ontwikkeling’ (SAIRR, 1976: 1-2). Die Transkei word op 26 Oktober 1976 die eerste tuisland met onafhanklike status. Die feit dat Transkeise burgers hul reg op Suid-Afrikaanse burgerskap moet prysgee, lei tot 'n gesamentlíke verklaring van die ander selfbesturende tuislande dat hul nie van voorneme is ‘to opt for so-called independence’ omdat hulle nie bereid is om hul geboortereg as Suid-Afrikaners en hulle deel ‘of the economy and wealth we have jointly built’ prys te gee nie (SAIRR, 1977: 3-4). Tog aanvaar president Lucas Mangope op 6 Desember 1977 onafhanklikheid vir Bophuthatswana; in 1978 word Venda die derde onafhanklike tuisland. Grondeisgeskille, veral van die kant van Transkei en Ciskei, versomber voortdurend die tuisland-scenario. Die VVO verwerp Transkei as toekomsmodel vir groot-apartheid, veral op grond van die feit dat die

grondverdeling ten opsigte van die ‘tuislande’ die blankes met die grootste deel van Suid-Afrika laat, asook met die vernaamste hulpbronne en industrieë, terwyl die arm en afgeleë streke aan die swart bevolking toebedeel is (Van Jaarsveld, 1982: 598).

Breytenbach verwys na die ‘tuislandbeleid’ as deel van die ‘verdeel-en-heersstrategie’. Einde 1972 het hy voorspel dat 'n ‘skyn van territoriale onafhanklikheid’ verleen sal word, maar dat die ‘onafhanklikheid’ by gebrek aan ekonomiese lewensvatbaarheid 'n leë begrip sal bly. Die ekonomiese mag sal in die hande van die wit minderheid en/of van die buitelandse kapitaliste bly. Die etniese verskeidenheid van die swart volk word dus deur die maghebbers misbruik (1972e: 67).

Die val van die Portugese koloniale ryk in Afrika en die instelling van swart (tussentydse) regerings in Mosambiek en Angola lei tot 'n herformulering van Vorster se streekstrategie. Een aspek daarvan behels 'n verdere uitbreiding van militêre magte (Davies, 1984a: 182). 'n Ander was die begin van 'n nuwe diplomatieke politieke inisiatief wat bekend staan as *détente* (die beleidsrigting waaroor Brink so positief is in die tyd rondom die eerste Breytenbach-verhoor). Volgens Van Jaarsveld (*op.cit.*: 569-570) was min. Vorster se bedoeling ‘'n *ontspanningsbeleid* in Suider-Afrika en 'n *vredesoffensief*... wat 'n vreedsame naasbestaan kon verseker en 'n einde maak aan die guerillabedrywighede’. Davies (1984a: 44) daarenteen meen *détente* was ‘orchestrated and conceived by BOSS’ en die doelwit daarvan was ‘a search for influential allies within the Organization of African Unity’. Omkoopprosedures, geheime diplomatieke kontakte (dikwels gereël deur BOSS se kontakte in Westerse intelligensiedienste), besoeke deur minister Vorster aan 'n paar Wes-Afrika-lande en 'n ontmoeting met pres. Kaunda van Zambië (Breytenbach verwys in 'n gesmokkelde brief na hierdie voorval - Viviers, 1978: 98) is (saam met geringe binnelandse aanpassings ten opsigte van ‘klein apartheid’) gebruik ‘to give credence to “dialogue” as a viable alternative to “confrontation”’ (Davies, 1984a: 44).

Ten spyte van aanvanklike suksesse het die *détente*-beleid in 1976 misluk as gevolg van twee gebeurtenisse: Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese burgeroorlog gedurende Oktober 1975 tot Maart 1976 en die Soweto-opstande van 16 Junie 1976 tot 19 Oktober 1977 (Van Jaarsveld, 1982: 576). Die Suid-Afrikaanse inmenging in die Angolese burgeroorlog, was strydig met min. Vorster se verklaarde buitelandse beleid om nie in buurstate in te meng solank hulle nie met Suid-Afrika se sake inmeng nie. Op 20 November 1975 is bekend gemaak dat Suid-Afrikaanse troepe die grens na Angola oorgesteek het ‘om die waterwerke by Ruacana en Calueque te beskerm’. Die pers is ingevolge die Verdedigingswet gedwing om terughoudend te skryf oor die mate waarin Suid-Afrika by die stryd in Angola betrokke was (vergelyk oorsigberigte in *Va.*, 10.12.75 en *Beeld*, 27.12.75). Die regering het ook nie die wêreld uitvoerig ingelig oor sy steun aan die UNITA/FNLA-alliansie, as teenvoeter vir Russiese ondersteuning aan die MPLA, nie. Die ongunstige reaksie wat die Suid-Afrikaanse inmenging vanuit die swart Afrikastate ontlok het (op grond van hul volslae afkeer van apartheid) en die teëstand van die VSA-Senaat teen betrokkenheid in die Angolese konflik, lei tot 'n Senaatsbesluit gedurende die

Januarie 1976-sitting van die kongres om wapenhulp aan die UNITA/FNLA te verbied. 'n Gedeeltelike onttrekking van Suid-Afrikaanse troepe begin op 21 Januarie. Teen middel Februarie het die MPLA die grootste deel van Angola beheer en die totstandkoming van die Volksrepubliek van Angola afgekondig. Teen Junie dieselfde jaar plaas gebeure binne Suid-Afrika self die finale demper op *détente*-inisiatiewe.

Terwyl Breytenbach in die tronk gesit het vir sy ‘pogings tot verwoesting van die Suid-Afrikaanse bestel’ het sy broer Jan in Angola geveg teen ‘die terroriste en Rooi magte wat suidwaarts aan die aanspoel was’. In 1964, toe Breyten gedebuteer het, het sy broer die sogenaamde ‘Recce’-kommando gevestig; in dieselfde maand toe Breyten gearresteer is, het Jan op 'n geheime sending na Angola vertrek - sy opdrag was om 'n nuwe taakmag in die suide van Angola op die been te bring ‘om terrorisme en geweld teen Suid-Afrika te bestry’. Teen die tyd dat onafhanklikwording op 11 November 1975 aanbreek, het sy taakmag reeds verseker dat die grootste deel van Angola in die hande van Suid-Afrikaanse en FNLA-magte was (Van Wyk, *Hg.*, 29.6.86; Jan Breytenbach, 1986).

Die datum van Breytenbach se eerste verskyning voor regter Cillié in 'n summiere verhoor op aanklagte ingevolge die Wet op Terrorisme, naamlik 21 November 1975, volg op die bekendmaking dat Suid-Afrikaanse troepe die grens na Angola oorgesteek het. Eers tydens sy tweede verhoor word een van die redes duidelik waarom Breytenbach so geredelik skuld erken het op die aanklagte teen hom tydens die eerste verhoor. Hy is naamlik, soos reeds uiteengesit, deur die veiligheidspolisie oorreed (gerugsteun deur 'n belofte van 'n minimum vonnis en vroeë vrylating) om nie 'n ‘politieke aangeleentheid’ van sy saak te maak nie. Indien Breytenbach wel van die hofsaak gebruik sou gemaak het om die wêreldaandag te vestig op die apartheidsbeleid, kon dit 'n verleentheid skep vir die regering wat toe juis aan die een kant ‘amptelik’ besig was met sy *détente*-offensief en, aan die ander kant, sy ‘nie-amptelike’ inmenging in 'n buurstaat se sake. In *Confessions* (1984a: 48) betrek Breytenbach die feit dat hý nie toegelaat was om 'n ‘political showtrial’ van sy saak te maak nie direk op die Angolese offensief:

> You must remember that the trial took place during the ‘secret’ invasion of Angola by South African troops. What a heavensent gift, propagandawise at least, my capture must have been to the government! No wonder such a big fuss of it was made in the papers. (Poor editors - prevented by law from writing about the real war being waged.) If, as a bonus, I could be prevented from using the court as a political platform - well, then the good little Nationalists could really wag their tails. (And, come to think of it, when one now remembers how much backstabbing there was going on between the CIA and the Greys concerning Angola, it becomes clear why BOSS was so uptight and anti-CIA).

In die briewe wat Breytenbach en Schoon in die tronk aan mekaar skryf, is daar verwysings na die gebeure in die Portugese kolonies. Schoon skryf byvoorbeeld: ‘Jy weet seker dat daar nou Marxistiese regerings in Angola en Mosambiek is. Die onverbiddelike kom al hoe nader en jy en ek gaan nog saam in die strate

dans wanneer ons ons land se bevryding vier' (Viviers, 1978: 140). In 'n brief aan Schoon verwys Breytenbach na ontwikkeling rondom 'Zimbabwe' en 'Namibië' en die opbou van Kubaanse troepe op die Angola-Namibië grens (*op.cit.*: 143).

'n Waarnemer soos Van Jaarsveld (1982: 605) sien die val van die Portugese kolonies in die lig van die feit dat dit 'Swart-Afrika tot teen Suid-Afrika se grense laat vorder het'. Die mislukking van Vorster se vredesoffensief in Afrika het gewig verleen aan die eertydse minister van verdediging, PW Botha, se siening dat die land se militêre mag uitgebrei moet word op die beginsel 'wie vrede wil hê moet vir oorlog voorberei' (*op.cit.*: 599). Sedert 1976 'voer Suid-Afrika (dus) in 'n tyd van dekolonisasie 'n Derde Vryheidsoorlog van lae intensiteit teen Swart-imperialisme om sy behoud, soos hy in die 19e eeu 'n Tweede Vryheidsoorlog teen die Britse ryk in 'n tyd van Blanke-imperialisme moes voer' (*op.cit.*: 605). Davies (1984a: 44-45) glo dat die ineenstorting van die *détente*-streeksbeleid senior militêre strategiste tot 'n kritiese herevaluasie van die streeks- en veiligheidsbeleid gebring het: 'These criticisms covered both important aspects of the organisation of military interventions in the regions and the existing approach towards winning regional allies, which relied on influencing individual "decision makers" rather than the objective environment within which decisions were made.' In die 1977 Verdedigingswitskrif - die dokument waarin hierdie generaals vir die eerste keer 'n uitleg gee van en 'n beroep doen op die aanvaarding van hul 'Totale Strategie' - is geargumenteer dat die mobilisasie van sowel ekonomiese, politieke én ideologiese as militêre hulpbronne nodig is om die belange van die apartheidstaat te verdedig en te bevorder sowel op streek- as op binnelandse vlak. Dit is hierdie 'totale beleid' wat die hoeksteen van die 'Nuwe Bedeling' sou word.

In 'n tyd van toenemende isolasie, stygende inflasie en groeiende ontevredenheid onder die bruin en swart Suid-Afrikaners word die binnelandse politieke beleid van die laaste Vorsterjare gekenmerk deur twee pole: aan die een kant was daar stappe ter afskaffing van diskriminerende maatreëls, sogenaamde 'klein-apartheid'; aan die ander kant (veral ná die Sowetoopstand) is dissidensie op al groter skaal onderdruk.

Sedert 1975 word doelbewus gewerk in die rigting van meer buigsame maatreëls ten opsigte van die toelating wat bruin- en swartmense in hotelle, gelisensieerde restaurante en teaters in blanke gebiede (die 'oopstel' van die Nico Malan-teater ontketen aanvanklik heelwat protes). Op sportgebied word 'gemengde' uitnodigingspanne toegelaat om teen oorsese rugby- en kriekettoergroepe te speel. Die regering doen stappe om die loongaping tussen die verskillende bevolkingsgroepe te vernou; werkreservering in die boubedryf en elders word verslap; opleidingsfasiliteite vir swart werkers word uitgebrei; swartes word opgeneem in die rade van tuislandkorporasies en tuislandleiers word uitgenooi om voorstelle in te dien ten opsigte van toestromingsbeheer; stedelike swartes word toegelaat om grond te bekom in terme van 'n huurpagstelsel en professionele swartes en handelaars om hul eie spreekkamers, winkels of kantore in stedelike gebiede te besit. Verskillende kommissies word in hierdie tyd aangestel om bepaalde knelpunte te ondersoek en aanbevelings te maak -

die Theron-kommissie ten opsigte van sake rakende die ‘Kleurling’-gemeenskap; die Wiehahn-kommissie ten opsigte van wetgewing wat verband hou met arbeidsverhoudinge; die Riekert-kommissie ten opsigte van alle ander wetgewing wat verband hou met die benutting van mannekrag (SAIRR, 1976: 3-4; SAIRR, 1977: 4-5; SAIRR, 1978: 5-6).

Ten spyte van hierdie aanpassings was daar teen 1976 nog geen amptelike beleid vir die swartes binne ‘wit’ stedelike gebiede nie; hulle is gesien as ‘uitlanders’ of vreemdelinge uit die tuislande. ‘Dit het duidelik geword dat polarisasie en konfrontasie tussen Blank en Nie-Blank dreig’; ‘die skrif was aan die muur’ en op 16 Juie 1976 beland die Nasionale Party ‘in een van sy grootste krisisse sedert 1948’ met die Soweto-opstand wat tot 19 Oktober 1977 landwyd uitgebrei het (Van Jaarsveld, 1982: 587 en 593).

Die onmiddellike oorsaak van die Soweto-opstande (vir 'n uiteensetting van gebeure sien SAIRR, 1976: 51-82) was die druk wat op swart skoliere geplaas is deur die ‘Bantoe-onderwys’-sisteem (wat met sy onderbegroting gelei het tot oorvol skole en verslegtende studie-omstandighede) wat die apartheidsideologie afgedwing het op 'n toenemend stellinginnemende en militante studentegemeenskap. Die breekpunt het gekom met die afkondiging dat Afrikaans die medium van instruksie moet wees vir die helfte van die vakke wat aangebied word by swart sekondêre skole.

Terwyl hy in eensame aanhouding is, verneem Breytenbach brokkies nuus oor die Soweto-opstande en verwys hy daarna in sy gesmokkelde tronkbriewe (Viviers, 1978: 98, 105, 106, 126, 143, 148-149). In 'n brief aan Breytenbach sien Brink (*op.cit.*: 166) die opstande as die begin van ‘die omwentelinge’: hy meen 'n uitbarsting gaan die verskriklikste wees juis vir dié wat klaar die swaarste kry en vra: ‘Is die die moeite werd om 'n land te beërwe as hy lyk soos Viëtnam?’ Breytenbach sê aan Schoon: ‘Things seem to be moving, however desperately - and at what bloody cost will it be? How I'd love to be outside’ (*op.cit.*: 98).

Volgens waarnemers soos Davies (1984a: 34) het die 1976-opstande ingrypende effekte gehad op sowel die toekomsrigting van massaverset as die reaksie van die dominante groepe. Belangrik ten opsigte van die massaverset was dat groot getalle deelnemers aan die 1976-opstande besef het dat die bestaande metodes van verset ontoereikend is. Ná Soweto het duisende jong swartmense die land verlaat op soek na militêre opleiding. Die meeste van hulle het aangesluit by die ANC en sy militêre vleuel *Umkhonto we Sizwe*. Dit, saam met die veranderde streeksituasie, het gelei tot 'n herlewing van gewapende stryd in Suid-Afrika - nou op 'n baie groter skaal as vroeër. Massaverset sedert Soweto was egter nie beperk tot die gewapende stryd nie. Behalwe vakbonde het 'n groot aantal nuwe gemeenskapsorganisasies en burgerlike verenigings (sowel wettiges as semi-wettiges) ontstaan, terwyl talle van dié wat vroeër bestaan het aanpassings gemaak het. Die belangrikste kenmerk hiervan was 'n swaai na die werkersklas wat nodig was om die massabasis te vergroot wat nodig is vir die groei van die versetbeweging.

Van die kant van die Nasionale Party-regering is die swart opstande ‘deur doeltreffende polisie-optrede gedemp’ en die kabinet het onderneem om ‘wet

en orde met krag te herstel, maar geen aanduiding van 'n ingrypende koersverandering gegee nie' (Van Jaarsveld, 1982: 593). Sedert 1975, en toenemend sedert die Soweto-opstande, het die regering hom gewend tot verskerpte veiligheidsmaatreëls en die getal aangehoudenes het toegeneem: gedurende die tydvak Junie 1976 tot September 1977 is 2 430 mense aangehou (SAIRR, 1978: 144), onder wie die Swart Bewussynsleier Steve Biko wat in opspraakwekkende omstandighede in aanhouding sterf. Al meer persone en organisasies is 'stilgemaak' deur hulle te verban, of in te perk, soos in Oktober 1977 gebeur met die Christelike Instituut en sewentien Swart Bewussynorganisasies.

Onder dié persone wat in 1975 gevonnis is, was twee wittes: Raymond Suttner, 'n senior dosent in regte aan die Universiteit van Natal, wat skuldig bevind word aan oortreding van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme en tot 7½ jaar gevangenisstraf gevonnis word (SAIRR, 1976: 63) en Breytenbach. (Breytenbach verwys na Suttner in Viviers, 1978: 130 en 1984a: 225.) 'n Aantal blankes word rondom die Breytenbach-saak aangehou. Dit gee aanleiding tot 'n vlaag van protes teen aanhouding sonder verhoor. ('n Berig in *Bu.*, 27.11.75 gee 'n oorsig van die kommentaar wat op protesvergaderings en elders gelewer is.) Petisies en ope briewe aan die minister is geteken deur akademici van die Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand.

Ook ander onderdrukkende maatreëls word ingespan, soos die verbanning van mense uit die land (SAIRR, 1976: 46; SAIRR, 1977: 106), die weiering of terugtrekking van reisdokumente (*ibid.*), die kontrole op publikasies en vermaak en die dreigement van die instelling van 'n Koerantwetsontwerp in terme waarvan die regering beheer oor die pers sal kan uitoefen deur die instelling van 'n statutêre perskode en persraad (SAIRR, 1978: 3). Op 19 Oktober 1977 word dan ook direk ingegryp in die perswese toe die swart koerant *The World* verbied word en sy redakteur Percey Quboza in aanhouding geneem is.

Die tyd sedert 1975 word ook, naas toenemende swart ontevredenheid en onderdrukking van die kant van die dominante groep, gekenmerk deur verskuiwings in die blanke politiek. Vorster se beleid van 'versagting van apartheid' het nie oorgegaan tot 'opsienbare snelle veranderinge' nie, omdat hy, in die lig van die stryd tussen die 'verligte' en 'verkrampte' vleuels van sy party 'nie in die geskiedenis (wou) deurgaan as 'n man wat Afrikanervolkseenheid verbreek het nie' (Van Jaarsveld, 1982:578). In hierdie tyd was daar egter veral twee belangrike politieke kragte binne die wit magsblok wat 'hervorming' wou bespoedig. Davies (1984a: 37-38) noem dié kragte 'monopoly capital' (wat toenemend 'n alliansie tussen Afrikaner en nie-Afrikaner monopolieë geword het) en die 'top echelons of the military'. Eersgenoemde het aangedring op die afskaffing van bepaalde openlike vorme van diskriminasie en die verslapping van maatreëls ten opsigte van die vertikale en horisontale mobiliteit van arbeid en werksopleiding. Voorste militêre verteenwoordigers beskou sommige aanpassings as noodsaaklik vir die versekering van 'n militêr weerbare staat. Dit was veral ná 1976 dat daar toenemende politieke samewerking tussen hierdie twee groepe gekom het.

Gedurende 1977 het die verligte vleuel 'n openbare debat aan die gang gesit

oor 'n nuwe grondwetlike bedeling. Die gedagte was om af te sien van die Westministerstelsel en 'n grondwet wat aangepas is by die veelrassige bevolkingstruktuur van Suid-Afrika in te voer. Dit sou neerkom op drie gelykwaardige parlemente (vir blankes, bruines en Asiate) met seggenskap in ‘eie sake’ en medeseggenskap in ‘gemeenskaplike sake’.

Op 21 Augustus 1978 is Staatspresident Diederichs oorlede; op 20 September kondig premier Vorster aan dat hy weens gesondheidsredes uit die politiek tree, maar hom beskikbaar stel as kandidaat vir die Presidentskap. Op 28 September wys die koukus van die Nasionale Party PW Botha as nuwe eerste minister aan. Botha, in wie se visie Suid-Afrika bedreig word deur die oprukkende kommunisme, en vir wie ‘militêre oorweginge 'n belangrike plek in sy kyk op die posisie van die land’ inneem (Van Jaarsveld, 1982: 581), se eerste bewindjaar staan in die konteks van die ‘Inligtingskandaal’. Eers ná die stof daaromheen gaan lê het, kon hy sy beleid wat neerkom op ‘aanpassing of ondergaan’, ontplooi.

XI
Volkskrisis, kultuurkrisis en nuwe groepvorming teen die einde van die sewentigerjare

Breytenbach se eerste verhoor (wat die Afrikaanse letterkunde soveel ‘skade’ berokken het omdat die hele skrywerskorps verdink is van ‘ondermynende’ motiewe) vind plaas in dieselfde jaar dat 'n monument onthul word in die Paarl ter wille van die ‘blanke’ oorsprong van Afrikaans. Die tweede verhoor vind plaas ná die Soweto-opstande waarby juis die haat jeens Afrikaans die lont by die kruitvat was.

Die twee Breytenbach-verhore het dus plaasgevind in 'n klimaat van, aan die een kant, toenemende swart verset teen die *status quo* (én toenemende onderdrukking van andersdenkendheid van die kant van die regering) en, aan die ander kant, toenemende introspeksie aan die kant van Afrikaner-intellektuele, vanuit die literêre bestel gestimuleer deur onder andere JC Steyn se ‘private ache’ oor volk en taal (soos verwoord in *Dagboek van 'n verraaier*) en deur JJ Degenaar se lesing van Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* wat uitloop op formuleringe oor ‘strukturele geweld’ en die rol van die Afrikaner in die totstandkoming van 'n ‘konsosiasie-demokrasie’ (die debat hieroor in *Die Burger* is opgeneem in Degenaar, 1980: 65-92). Dit is 'n tydperk wat uitmond in die Nasionale Party se nuwe grondwetlike voorstelle (wat nog steeds die swartman uitsluit) en die groot debat (ook in die literatuur) ‘om Afrikaneridentiteit en -eksklusiwiteit, die aanpasbaarheid van die Afrikanervolk en sy kanse op oorlewing’ (Johl, 1986: 122).

Die jare 1974-1978 was ‘traumatiese jare’ vir die Afrikaner(-skrywer). Johl (1987b: 33) noem dit ‘die Afrikaner se eintlike Rubicon’. Dit is nie net die

ontwikkelinge en die gebeure op die politieke front wat aanleiding gee tot 'n ‘volkskrisis’ nie, maar ook dié op kultuurfront.

Die Afrikaanse letterkunde is in hierdie tyd uit sy suur verdiende ivoortoring geruk en in die ‘strydperk’ geplaas. Die verskuiwings, alliansievorming en polarisering wat die mite van ‘Afrikanereenheid’ die nekslag toedien op politieke terrein, word geëwenaar deur skeurings en polariserings binne die Afrikaanse literêre establishment. Ook hier krummel die eenheid onderling en tussen skrywers en hul begeleide kritici wat gedurende die voorafgaande dekade moeisaam opgebou is teen 'n meermale vyandige leserspubliek. Ook hier is ideologiese verskille, grondliggend aan uiteenlopende literatuuropvattings, die oorsaak.

In 'n tydperk dat die Afrikaner-intellektueel herbesin oor sy taal en kultuur, dat die Afrikanerhistorikus FA van Jaarsveld geteer-en-veer word oor sy Geloftedag-uitsprake en 'n openbare diskoers gevoer word oor Afrikanermeningsvormers se verbintenis al dan nie met die Broederbond ná Wilkens en Strydom se openbaringe in *The Super-Afrikaners* (1978), wentel die debat in die Afrikaanse literêre establishment om die aard en funksie van die woordkunswerk en die rol van die Afrikaanse skrywer. Dit kry gestalte in argumente vir of teen ‘betrokkenheid’ (soos uiteengesit in hoofstukke 5 V en 6 IX).

Die ontrafeling van die problematiek van die rol van die skrywer ten opsigte van die groep, die stelsel en die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap, lei soms tot vreemdsoortige - en weersprekende - pogings om te onderskei tussen die verskillende ‘stemme’ van die skrywers, soos blyk uit die reaksie uit skrywersgeledere op Breytenbach se ‘terrorisme’ (hoofstuk 6 IV en VI) en uit ingeligte lesersreaksies op ‘omstrede’ tekste soos *Sewe dae by die Silbersteins*, *Kennis van die aand* en *Magersfontein, o Magersfontein*!. Veral by Brink, vóórste segsman vir ‘betrokkenheid’, lei dit, soos reeds aangetoon is, tot uitsprake wat die praktiese funksie van die literêre teks wil versoen met en verskans agter sekere uitgangspunte van die outonomie-benadering.

Teenoor die strategie om ‘betrokkenheid’ te probeer versoen met die outonomie-benadering, staan daar sedert die laat-sewentigerjare die vernuwende denke van 'n nuwe ‘groepie’ binne die literêre bestel. (Johl, 1986: 128 beskryf dié denke en formulerings as 'n ‘meer fundamentele en aggressiewe’ strategie wat neerkom op ‘die aftakeling van bestaande opvattings en waardes’.) Ampie Coetzee se ‘ommekeer’ in die laat sewentigerjare geld hier as opvallende voorbeeld. Uit sy bydrae tot die *Kol*-debat rondom sosiale betrokkenheid blyk sy outonomistiese literatuuropvatting duidelik (kyk hoofstuk 5 V). Selfs die teks oor betrokkenheid, *Poësie en politiek*, lewer op sigself weinig bewys van 'n radikaal ‘nuwe’ kyk op die funksie en aard van die letterkunde en bly in hoë mate ‘tradisioneel’. Sô byvoorbeeld word ‘betrokkenheid’ as tematiese gegewe behandel en word daar nog steeds op die strukturele toets vir ‘estetiese waarde’ gesteun. (Selfs sommige eietydse resensente was teleurgesteld deur die verwagtinge wat Coetzee geskep het - vergelyk AvZ, *Vo.*, 24.8.76 en Anoniem, *DSW*, 18.4.77.) Reaksie op kritiek van HCT Müller (in *Standpunte* 130 en 133, asook *Inspan*, Okt. 1978) bring Coetzee egter vir die eerste keer tot die uitspreek van 'n meer fundamentele breuk met die heersende literatuuropvatting, die

Afrikaanse establishment en die politieke *status quo*: ‘Die letterkunde kan nooit belangriker wees as die lewe nie. Die letterkunde is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die letterkunde nie... ek weier om getrou te wees aan 'n eksklusiewe Afrikaanse letterkunde, aan ons wit demokrasie, aan Afrikaneridentiteit gehandhaaf met geweld’ (1978: 66 - kyk ook sy uitsprake rondom Afrikaans in hoofstuk 7 IV).

Teen die tweede helfte van die sewentigerjare was daar spanning tussen ‘betrokke verligtes’ en eertydse betrokkenes wat 'n nuwe, radikaler inhoud aan ‘betrokkenheid’ wou gee (vergelyk die talle artikels onder dié noemer in *Donga*). Die verbod op ‘radikale’ tekste - soos Miles se *Donderdag of Woensdag* en lyfblaaie - versnel polarisering. Literatore getuig selfs in die hof téén die Afrikaanse literatuursisteem (vergelyk Galloway, 1983: 275-278 vir 'n bespreking van die *Taaldoos*-verhoor waarin HCT Müller en DH Steenberg as getuies van die staat optree). Charles Malan noem hierdie ‘ekstremiste’, die nuwe betrokkenes, die ‘breyteneske boksombende’ wat ‘polêre gorilla-aanvalle’ uit ‘dongas’ rig (1977: 2).

By hierdie ‘groepie’, veral gesentreer rondom die ‘little magazines’ *Donga* en - 'n bietjie later - *Inspan* en *Taaldoos*, was daar tekens van 'n nuwe bewustheid, 'n meer radikale identifisering met Afrika en met mede-Suid-Afrikaners. Welma Odendaal, Rosa Keet en enkele van hulle medewerkers soos John Miles en Ampie Coetzee, stel hulle byvoorbeeld krities op teen die eksklusiwiteit van die Afrikaanse letterkunde (Coetzee, *Donga*, Nov. 1976) en teen die Afrikaanse Skrywersgilde wat eksklusief Afrikaans wil bly (*Donga*, Jul. 1976, Sept. 1976, Nov. 1976). In die redaksionele kommentaar van die eerste uitgawe word gestel dat ‘*Donga* reeds verby 'n Gilde kyk en hom werp by die lot van “alle skrywers in hierdie land”’ (Jul. 1976); hulle wil voorsien in die behoefte aan ‘'n klas mense, digters en skrywers, wie se visie en gemeenskaplike kunstenaarskap hulle verby die historiese toevallighede van kleur en ras en taalverskille moes rig’ (Sept. 1976). 'n Oorspronklike redaksielid, PJ Haasbroek, word gevra om te bedank omdat hy die indruk geskep het dat *Donga* verbind is met die Afrikaanse Skrywersgilde (Nov. 1976); eertydse stigterslede distansieer hulle van dié vereniging wat ‘onbesorg’ bly oor die lot van Breytenbach omdat ‘hulle buitendien nooit van sy politiek gehou het nie’ en wat verval is in ‘vertroeteling, huldiging en oorverheerliking van gestorwe, afgetrede en skadelose skrywers’ (Coetzee, Nov. 1976).

Die *Donga*groep sien hulself as ‘die jonger Afrikaners’ wie se wortels diep in Afrika lê en wie se taak dit is om daardie wortels bloot te lê. Dit gaan vir hulle om ‘'n nuwe idioom, 'n nuwe denkrigting: 'n betrokkenheid met Afrika - want ongeag ons taal- of kleurgebondenheid, is Afrika ons gemeenskaplike ervaringsveld’. *Donga* wil dus in die tyd dat Soweto brand, ‘die isolasie waarin skrywers van verskillende groepe hulle bevind, breek’ om wedersydse begrip en verryking te bespoedig (Jul. 1976). Die credo is 'n ‘Suid-Afrikaanse identiteit’ en 'n ‘Suid-Afrikaanse letterkunde’ (Sept. 1986; Nov. 1976) in teenstelling met ‘maklike’ betrokkenheid. Redakteur Peter Strauss waarsku teen die ‘exploit (ation) (of) one's situation for easy rewards’ en teen pretensie. Dit moet nie gaan om ‘a simple unity and community of interests between South African

writers of all kinds on the sentimental grounds that we are all South Africans, all writers' nie, want só oppervlakkig sal dit skade doen aan 'the artist's project of understanding the particularity of his experience'. Die strewe moet wees na 'profoundly involved work' en na 'exploitative work' (Nov. 1976). In *Inspan* (1978) waarsku Coetzee teen 'betrokke' skryf as literêre modeverskynsel omdat dit vals is.

Teen die einde sewentigerjare, terwyl Breytenbach in die tronk sit en geen bydrae kan lewer tot die kultureel-politieke diskoers nie, gaan daar stemme op vir 'gedurige rebellie' teen 'ongeregtigheid'. Dit is inderwaarheid die bottende begin van 'n wegbeweeg binne die Afrikaanse literêre establishment van die verligte kyk op onderdrukking - wat onderdrukking bloot in terme van kleur sien - na 'n gerigtheid op die manier waarop *mag* in die land aangewend word. En binne hierdie diskoers eggo daar duidelike klanke van Breytenbach se voor-tronk argumente ten opsigte van Afrikanerskap, die Afrikaanse taal en kultuur en die rol van die skrywer (soos uiteengesit in hoofstuk 5).

Terwyl die Afrikaner-intellektueel egter in die post-Soweto-jare worstel met sy identiteit, sy rol in die samelewing, die voortbestaan van sy taal, betrokkenheid en sensuur, bly die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking onbewus van die (literêre) uitinge daarvan. Die sentrum van die Afrikaanse literêre sisteem, aan die ander kant, bly weer geslote vir sover dit bewuswording en beïnvloeding van die kant van die florerende swart kultuur, wat saam met ander vorme van massaverset groei, betref. En Breytenbach word in sy tronksel daarvan geïsoleer.

Samevatting

Met verloop van tyd het Breytenbach al meer onvergenoeg geraak met sy rol van 'woordterroris' vanuit 'n gekanoniseerde posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem. Dit was nie meer vir hom voldoende om deur die poëtiese verwoording van alternatiewe sienings verandering teweeg te probeer bring. Hy het al meer gevoel dat sy 'literêre' kontestering nie veel meer bewerkstellig het as 'n lastige irritasie nie; hierdie tekste is heel waarskynlik nie eens gelees deur die groep met wie se lot hy hom verbind het nie. As 'n uitkoms uit die teenstellings waarin hy hom bevind het, het hy hom algaande tot 'konkrete' deelname aan die swart bevrydingstryd gewend.

In 1975 is eers sensuuroptrede teen hom gebruik as deel van die oorkoepelende strategie wat gerig is op sisteemverskansing. Sy onwettige terugkeer na die land en sy bewegings (wat van die begin gemonitor was deur die veiligheidspolisie) het egter die maghebber die geleentheid gegee om met ander wetlike maatreëls en regspleging in te gryp om sy versteurende invloed lam te lê. Met die lokaas van 'n ligte vonnis is Breytenbach omgehaal om 'saam te werk' en nie die hofsaal te gebruik as politieke verhoog nie. Die saak word dan 'n propaganda-oorwinning vir die staat.

Die nie-lesende publiek, wat ironies genoeg nooit onderskei het tussen Breytenbach die mens en die digter nie, maar verwag dat die digter 'volksdigter' moet wees wat aanvaarde norme verdedig, brandmerk hom as 'verraaier'

en werp hom uit. Die ‘verligtes’, vir wie dit oor die jare al moeiliker geword het om Breytenbach se radikale oorskryding van sisteemgrense te verdedig, word in 'n krisis gedompel deur sy skuldigbevinding as ‘terroris’. As uitkoms uit die kanoniseringsdilemma en die vertrouenskrisis rondom die Breytenbach-verhore, beroep die ‘verligtes’ hulle al dringender op 'n skeiding tussen mens en werk. Die ‘verligte’ nasionale Afrikaanse pers gebruik hierdie onderskeid ook as koöpteringstegniek: Breytenbach se ideologie word totaal verwerp, maar sy ‘verskoning’ tydens die eerste verhoor en sy ‘bydrae’ tot die ‘Afrikaanse kultuur’ word aangeprys om hom weer binne die laer te kry, hom soos die ‘verlore seun’ terug te ontvang.

Die Sestigers het aanvanklik die onderskeid mens/werk gebruik om hulle teen sisteemdruk te verweer. Ten tye van Breytenbach se verhore, wat ook die Afrikaanse literêre sisteem onder verdenking geplaas het, gebruik hulle dit om hulle binne die sisteem te verskans. Deur Breytenbach se ideologie te verwerp, maar sy ‘suiwer literêre bydrae tot Afrikaans’ aan te prys as iets wat losstaan van dié verwerplike ideologiese vooronderstellings, probeer hulle die agterdog teen hulleself neutraliseer.

Die gebeure rondom die verhore dra grootliks by tot die skipbreuk van ‘betrokkenheid’ as ideologiese, teoretiese en kritiese uitgangspunt. Aan die een kant kom dit al meer onder verdenking as gevolg van wat sommige skrywers en literatore ervaar as ‘voorskriftelikheid’ en die opdring van 'n bepaalde soort betrokkenheid, naamlik opstand teen die politieke *status quo*. Aan die ander kant raak dit al meer verstrik in teenstrydighede wat spruit uit die pogings om dit te versoen met die outonomiebenadering en met ideologies ‘aanvaarbare’ kontestasie: ‘lojale verset’.

In 'n tydvak waarin dit al moeiliker geraak het vir enige herskrywer om sistemiese skeidings te handhaaf in die lig van die interaksie tussen sisteme (selfs die regering kom met 'n ‘totale strategie’), het pogings om dié tekste wat gerig is op eietydse problematiek in die keurslyf van 'n outonome woordwêreld in te pas anachronisties begin lyk. ('n) Nuwe literatuuropvatting(s) (en ideologiese vooronderstellings) wat op ‘radikaler’ wyse rekenskap wou gee van die verband tussen teks en ‘werklikheid’, skrywer en mens was aan die opkom. En hierdie nuwe opvatting(s) wat in skeppende én besinnende tekste begin uitdrukking vind het, sou lei tot nuwe ‘groeperinge’ binne die Afrikaanse literêre bestel.

Hoofstuk 7
Breytenbach in die konteks van tagtig

I
Die vrylating en die reaksie daarop

Reeds rondom sy eerste verhoor was daar buitelandse veldtogte vir Breytenbach se vrylating. Op 24 September 1975 het 'n landwye veldtog van drie weke in Frankryk 'n hoogtepunt bereik toe vyftien verteenwoordigers van 23 antiapartheidsgroepe gepoog het om 'n petisie aan die Suid-Afrikaanse ambassade te oorhandig - die ambassade was egter gesluit vir die dag en die ambassadeur met verlof (*Beeld*, 25.9.75). Op 11 November 1975 het twee Britse toneelskrywers (Robert Bolt en Edward Bond) en twee Suid-Afrikaanse skrywers (Alex la Guma en Lewis Nkosi) in die Britse Laerhuis byeengekom vir 'n perskonferensie wat bestempel is as die begin van 'n wêreldwye veldtog vir Breytenbach (*SW.*, 10.11.75). 'n Franse en 'n Nederlandse *Comité*-Breytenbach is in die lewe geroep wat gereeld omsendbriewe met nuwe inligting oor die digter versprei het aan ‘diegene wat belangstelling toon in sy geval’.

Dwarsdeur sy gevangeskap was daar pleidooie vir sy vrylating. Breytenbach self glo dat die uiteindelike besluit om hom vry te laat die resultaat was van ‘an accumulation of approaches made to the authorities and of careful opinions expressed either publicly or in private by influential groups or individuals’ (1984a: 284). Hy self (*ibid.*) noem die voorbeeld van die Franse regering wat by monde van meneer Plaisant, gesant in Pretoria, gevra het vir sy vrylating (toe dit wel gebeur, is baie klem gelê op dié ‘aandrang van die Franse regering’ - byvoorbeeld in *TCT.*, 6.12.82). Ook PEN-Internasionaal en spesifieke PEN-groepe in verskillende lande het pleidooie gerig (vergelyk *PN.*, 5.4.80 en Breytenbach hieroor in 1983d: 98). Die Afrikaanse Skrywersgilde het deur die jare hom, ten spyte van aanvanklike stilswye rondom die verhoor, blý bemoei met Breytenbach se omstandighede. In 1979 het Charles Malan byvoorbeeld 'n mosie ingedien waarvolgens die Gilde die minister van justisie sou nader met die versoek om Breytenbach ‘in die belang van die Afrikaanse letterkunde’ toe te laat om sy studie in die gevangenis voort te sit en ook om te skilder (*Bu.*, 30.6.79). Tydens die 1980-jaarberaad dien Jan Rabie 'n mosie in waarin die owerheid versoek word om ‘in die belang van beter kommunikasie’ dringend aandag te gee aan die vrylating van daardie politieke gevangenes wat ‘deur hul deelname aan 'n permanente openbare forum 'n bydrae kan lewer tot die vreedsame oplossing van sosio-politieke probleme’ (*Vo.*, 18.4.80). Die mosie is met 6 teenstemme aanvaar. Jan Swanepoel van die Potchefstroomse Universi-

teit het gesê dit is nie vir hom duidelik hoe die Gilde sy taak sien nie. Die mosie lê op die ‘politieke vlak’ en hy meen die Gilde moet hom weerhou van so 'n polities omstrede saak. PJ Haasbroek het gesê die probleem is watter politieke gevangenes 'n bydrae kán lewer. Die geval Nelson Mandela, oor wie se moontlike vrylating in daardie stadium 'n openbare debat geheers het, is nie bespreek nie, alhoewel die voorsitter (André P Brink) sy naam terloops genoem het (*Vo.*, 18.4.80).

Selfs Afrikaanse koerante het versigtig bewoorde voelers uitgesteek na die moontlikheid van vervroegde vrylating (Breytenbach noem dit ook in 1984a: 283). *Die Vaderland* (23.12.80) ‘wil geen vergoeiliking soek vir sy aandeel aan sekere bedrywighede en sy verbintenis met sekere organisasies en elemente nie’, maar die koerant meen tog dat daar 'n saak uitgemaak kan word waarom daar weer 'n keer na die geval Breytenbach gekyk moet word: hy is naamlik nie gemaak van die stoffasie van geharde en gevaarlike revolusionêre nie en hy het nie werklik groot skade aangerig as persoon nie. Verder het die ‘blanke openbare mening’ teen hom grootliks verflou. Begenadiging mag dalk ‘beter rehabiliterende resultate’ oplewer as ‘uitvoering van die letter van die vonnis’.

Instansies wat hul volgens Breytenbach nié bemoei het met sy omstandighede of vrylating nie was Amnestie Internasionaal (omdat hy volgens hulle nie voldoen aan hulle definisie van iemand ‘incarcerated for his beliefs and opinions’ nie) en die Franse MRAP (‘Mouvement contre le racisme, l'antisémitisme et pour la paix’) (1984a: 284).

Individue wat in hierdie tyd Breytenbach se belange op die hart dra, sluit - naas sy vrou en familie - invloedryke openbare figure soos die hartchirurg Chris Barnard (*EPH*, 1.12.80; *RDM.*, 22.12.80), liberale politieke leiers soos Helen Suzman en F van Zyl Slabbert (laasgenoemde vertel in 1985: 93-100 van sy bemoeienis met Breytenbach en dié se vervroegde vrylating) asook skrywersfigure in. Breytenbach glo sekere lede van die Nasionale Party ‘discreetly tried to point out, in inner circles, the possible benefits (of an early release)’ (1984a: 285). Reeds terwyl hy in eensame aanhouding was, het André P Brink in sy gesmokkelde briewe aan Breytenbach beloftes gemaak dat hy via mense met ‘invloed’ by die eerste minister - soos Senghor, Kissinger, Giscard - druk sal probeer uitoefen om die nege jaar te verminder (Viviers, 1978: 106, 166). Etienne Leroux, Nadine Gordimer, Sheila Cussons en Elisabeth Eybers het hulle almal, tydens toesprake by die oorhandiging van literêre pryse en elders, uitgespreek vir Breytenbach se vrylating.

In Februarie 1979 het die sekretaris-generaal van PEN-Internasionaal, Peter Elstob, Suid-Afrika besoek, onder meer om onderhandelinge aan te knoop dat Breytenbach vrygelaat sal word om politieke asiel in Holland te verkry. Die minister van justisie, mnr. Jimmy Kruger, het die versoek geweier (berigte in *Tv.*, 15.2.79; *TCT.*, 15.2.79; *Vo.*, 12.3.79; *Star*, 12.3.79). 'n Groep Suid-Afrikaanse letterkundiges en skrywers stel 'n versoekskrif saam om aan die minister te stuur; daarin word gevra dat Breytenbach op parool vrygelaat word. Volgens Ampie Coetzee moet die versoekskrif nie aan 'n ‘politieke drukgroep’ gekoppel word nie, maar gesien word as komende van enkelinge (*Tv.*, 28.3.79), wie se

motiewe verskil het (vergelyk briewe van HCT Müller en John Miles in *Beeld*, 19 en 23.9.80).

In Februarie 1981 kondig die nuwe minister van justisie, mnr. Kobie Coetzee, aan dat amnestie met die Republiekfees van daardie jaar aan talle gevangenes in Suid-Afrikaanse tronke toegestaan gaan word. Uit die persverklaring kan die afleiding gemaak word dat mense wat ingevolge die land se veiligheidswetgewing gevonnis is, waarskynlik nié die voordeel van 'n verkorte vonnis sal geniet nie (*Beeld*, 8.2.81; Breytenbach verwys ook hierna in 1984a: 282). Vroeg in 1982 word 'n wetswysiging deur die Volksraad gevoer wat onder meer voorsiening maak vir die vervroegde vrylating of vrylating op parool van mense wat skuldig bevind is aan misdrywe teen die veiligheid van die staat.

In *Confessions* (1984a: 282) beskryf Breytenbach hoe 'n kopie van die minister se verklaring ook aan hom oorhandig is. Hy is deur een van die gevangenispersoneel ingelig dat sy lêer ‘getrek’ is en na Pretoria gestuur is. Hy het hom egter daarvan weerhou om te glo dat iets daarvan sou kom. Tog word hy op 2 Desember 1982 onverwags uit die gevangenis vrygelaat ná sewe jaar tronkstraf (in *op.cit.*: 286-294 beskryf Breytenbach die aanloop tot die aankondiging van sy vrylating). Hy word in die hande geplaas van sy literêre raadgewer tydens die later deel van sy gevangenskap, Merwe Scholtz. Ná 'n besoek aan sy familie in Grahamstad (vergelyk *op.cit.*: 299-300) vertrek Breytenbach en Yolande na Parys.

Die SA Gevangenisdiens reik 'n amptelike verklaring uit waarin gewys word op voorwaardes vir vervroegde vrylating. Hiervolgens is Breytenbach vrygelaat nadat hy gekwalifiseer het vir strafvermindering ingevolge verklaarde beleid soos vroeër in die jaar afgekondig:

> Besluite van dié aard is die resultaat van die geheelbeeld wat opgebou word van 'n persoon se agtergrond, gedrag, aanpassing, benadering, moontlike toekomstige optrede en die verwagte risiko of bedreiging wat so 'n persoon ná vrylating vir die gemeenskap kan inhou... Geen hoop vir strafvermindering of voorwaardelike vrylating kan gehou word vir enige ander persone wat egter steeds volhard in hul oorspronklike misdadige doelstellings nie. (*Rap.*, 5.12.82)

Die reaksie van die pers op hierdie vervroegde vrylating wissel. *Oggendblad* (16.12.82) is ‘bly dat (Breytenbach) verkies het om elders te woon en... wil hoop dat hy 'n duur, maar goeie les geleer het: om nie te diep in rewolusionêre politiek betrokke te raak nie. Sy straf is uitgedien en hy het sy prys betaal. Nou is dit belangrik dat hy liefs van die openbare toneel verdwyn. Breyten Breytenbach is geen held nie, al wil sommige mense hom as een sien. Hy is iemand wat 'n misdaad teen ons en ons land gepleeg het.’ *Oosterlig* (6.12.82) meen Breytenbach se terugkeer na Parys is 'n ‘jammerlike refleksie op Suid-Afrika dat 'n Suid-Afrikaner moet uitwyk na die vreemde omdat hy met 'n Viëtnamese vrou getroud is... Hopelik sal sy digkuns nie vir Suid-Afrika verlore wees nie’. *Die Volksblad* (6.12.82) hoop die afslag op sy vonnis sal 'n ‘stimulant wees om hom van verdere geknoei teen staatsgesag te weerhou’. *Die Burger* (6.12.82) spreek die hoop uit dat hy ‘sy ou politieke paaie van ekstremisme sal vermy en dat hy die onbetwisbare talente waaroor hy beskik,

voortaan uitsluitend sal aanwend in die belang van die Afrikaanse taal en letterkunde'. *Hoofstad* (6.12.82) en *Rapport* (12.12.82) laat ruimte vir Breytenbach se politieke gedigte. Volgens *Hoofstad* kan ''n woordkunstenaar soos Breyten Breytenbach steeds in sy betrokke skrywery in nuwe perspektief 'n groot en opbouende bydrae lewer tot vreedsame verandering in die land'. Volgens *Rapport* 'hoef hy ons nie lofsange toe te voeg nie. Die byt, die sout in die wonde en die twis met jou mense is iets wat ons alleen sterker kan maak.'

In 'n amptelike verklaring sê die voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde, Jan Rabie, dat die Gilde verheug is dat Breytenbach oplaas vrygelaat is. 'Ons hoop dat hy nie nou vir altyd vir die Afrikaanse letterkunde verlore gaan wees nie.' (Volgens 'n berig in *Tv.*, 6.12.82 het die Gilde alreeds in Augustus aanduidings gehad dat sy vrylating oorweeg word, maar hulle het onderneem om geen publisiteit daaraan te gee nie.) André P Brink sê dit was werklik hoog tyd vir sy vrylating. Etienne Leroux voel dit is die 'beste Kersgeskenk' vir al Breytenbach se vriende en vir die literêre wêreld. Ernst Lindenberg is bly vir elke dag wat Breytenbach vry is, 'al is dit jare te laat'. Vir Sheila Cussons is dit 'vreugdenuus' waarop ''n loflied gesing kan word' (berigte in *Vo.*, *Tv.*, *Va.*, 6.12.82).

II
Breytenbach oor die 'Nuwe Bedeling' en die bevrydingstryd

Breytenbach glo dat die toegewing wat in 1982 gemaak is in die Gevangeniswetgewing om voorsiening te maak vir die heroorweging van die vonnisse van politieke gevangenes, gesien behoort te word binne die wyer politieke konteks van 'hervorming':

> This 'humanisation' arrived at a time when the Whites felt more sure of their own powers (truly draconian) than ever before. One can see that they thought it to their advantage to try to improve their image with the outside world. It furthermore must have become obvious to the more sophisticated among them that releasing a few mangy politicals was not going to bring the Republic crashing down around their ears. (1984a: 284)

Tydens sy verskyning voor die hoof van die Gevangeniswese en 'The Man himself' (*op.cit.*: 286-289) het dit vir Breytenbach duidelik geword dat daar 'n 'boodskap' vir hom was en dat sy vrylating deel was van 'n strategie van aanpassing:

> If we release you it will only be if we are sure that you will not rally the dissidents (students and intellec-chals) around you; that you will not embarress the government by insisting on staying in the country with your wife... All of the before-going was presented in a carefully wrapped package of political blah-blah: the possibility

> of change in the country, the need to strengthen the forces of reform, the resistance to reform from certain quarters, the difficult path to be followed by those in power at the moment because if you want to beat a dog any stick will do and how easy it is to upset the applecart. (*op.cit.*: 288)

Teenoor Adriaan van Dis van die *NCR Handelsblad* (11.12.82) stel Breytenbach dit dat sy vrylating gesien moet word teen die agtergrond van die magstryd binne die Afrikaner-establishment. Dit is nie soseer 'n gebaar teenoor die kritiese buitewêreld nie as een van welwillendheid van die kant van die regering in die hoop dat dit enkele van die Afrikaner-intellektuele wat van die Nasionale Party vervreemd geraak het, goedgunstig sal stem.

Die Afrikaanse pers plaas Breytenbach se vervroegde vrylating ook teen die agtergrond van die wyer politieke konteks in die land: '(Breytenbach) sal stellig reeds weet dat die Suid-Afrika van vandag nie heeltemal dieselfde een van sewe jaar gelede is nie - behalwe waar 'n sterk owerheid nog steeds die veiligheid van die Staat jaloers bly bewaak. Die Suid-Afrika van 1982 is een wat, onder leiding van 'n dinamiese Eerste Minister, die weg van eerlike en welwillende evolusie ingeslaan het' (*Hoofst.*, 6.12.82).

Elf maande ná Breytenbach se vervroegde vrylating kon wit stemgeregtigdes 'ja' of 'nee' gaan stem vir 'n 'Nuwe Bedeling'. Die pers het nie agterweë gebly om prominensie te verleen aan die menings van Afrikaanse skrywers en literatore nie. Volgens persverklarings het slegs enkele 'nee'-stemme (vanuit 'linkse' hoek) van die literêre establishment uitgegaan teen die voorgestelde nuwe grondwet. André P Brink is oortuig dat die grondwet 'n stap na regs sal wees omdat dit, onder meer, 'n argaïese struktuur van wit oorheersing sal bevestig (*ST.*, 23.10.83). Jakes Gerwel lig die gevaar uit van die opstel van valse teenstellings (deelname aan die regering se grondwet-inisiatiewe enersyds of rewolusie andersyds) terwyl die geloof in die ideaal van die demokratiese staat as iets verwesenlikbaar die afgelope aantal jare weer sterk toegeneem het (*Deurbraak*, Feb. 1983). Van die 181 akademici wat 'n verklaring onderteken waarin beswaar gemaak word teen die voorgestelde grondwet, is drie Afrikaanse letterkundiges: André P Brink (Universiteit Rhodes), RH Pheiffer (Universiteit van Kaapstad) en Ampie Coetzee (destyds verbonde aan die Universiteit van die Witwatersrand).

Die oorwegende reaksie vanuit die Afrikaanse literêre establishment was egter 'n 'ja'-reaksie. Vir Etienne Leroux is 'ja beter as niks' en dit kan 'vir die land in die buiteland 'n bres slaan' (*Va.*, 3.10.83). Vir Chris Barnard het Suid-Afrika nou net twee keuses: 'revolusie of geleidelike evolusie... (en) 'n ja-stem beteken 'n belangrike tree op die pad van geleidelike evolusie' (*Beeld*, 17.10.83). PG du Plessis sien 'n ja-stem as 'n begin om 'die Afrikapatroon te ontwyk... om iets te doen waar daar te lank onregverdige stilstand was, en om weer 'n slag 'n vriend te wen' (*Va.*, 21.10.83). Antjie Krog vermoed in 'onnosele idealisme' dat 'n ja-stem ''n stem vir verandering is' (*Beeld*, 29.10.83). In die dertiende NP van Wyk Louw-gedenklesing span Willem de Klerk (toe nog redakteur van *Rapport*) dié denker in om sy saak te versterk dat 'n 'ja' vir

mede-seggenskap sonder prysgawe van blanke groepsbelange, die verantwoordelike houding is (*Beeld*, 4.10.83).

Breytenbach self meen 'n ja-stem sal rampspoedig vir die swart bevolking van Suid-Afrika wees, want dit sal lei tot 'n wit diktatorskap en diskriminasie verder wettig (*PN.*, 4.11.83). Vroeër dié jaar het hy reeds in 'n lesing voor die Hollandse tak van PEN gesê dat die ‘aanpassings’ onder die Botha-bewind 'n vals front skep waardeur die regering sy beeld na buite probeer verbeter en sodoende sy aansien, en dus verdedigbaarheid, probeer vergroot:

> What we witness taking shape down there is in reality a controlled experiment in co-opting a number of non-Black politicians to bolster the present power structures against the Black majority. The real scenaria is a militarist one; the strategy - against the so-called Total Onslaught (of communism) - worked out by non-elected security ‘experts’, the real power already in the hands of the military and of the political police. (1983d: 100)

Vir Breytenbach verteenwoordig die Nuwe Bedeling die strategiese en strukturele veranderinge wat nodig is om die wit minderheid se magsmonopolie te versterk. Deur weg te doen met sommige van die mees opvallende manifestasies van apartheid hoop die magsélite om hul magsbasis uit te brei en só in 'n beter posisie geplaas te word vir die onafwendbare konfrontasie met die ontevrede meerderheid (1984e: 171). Ná 'n ontleding van die kenmerkende eienskappe van die nuwe sisteem (*op.cit.*: 171-172), besluit Breytenbach dat die werklike stukrag en algemene uitwerking daarvan klinkklaar is. Daar word geen voorsiening gemaak vir die toetrede van swartes tot die parlementêre struktuur en dus vir meerderheidsdeelname nie; daar is geen devolusie van mag nie; die plaaslike administratiewe strukture wat bedoel is om swart politieke aspirasies te ondervang, word deur die massa verwerp. Hierdeur het die blanke - en die Nasionale Party spesifiek - sy eksklusiewe politieke en uitvoerende mag beveilig en verskans deur die verfyning van die strukture van diskriminasie, sy bewegingsruimte vir manipulasie uitgebrei en effektief enige moontlikheid vir die vreedsame vervanging van die party aan bewind uitgeskakel (*op.cit.*: 172). Breytenbach se siening van nuwe ontwikkelinge kom op hierdie stadium neer op die volgende:

> I do not believe that there has been real change - although we witness a lot of manoeuvring and some obfuscation. I think we are assisting at the unfolding of a major strategy for the preservation of privileges and power, which indeed includes some social engineering and a big effort at creating the impression of change. There may be some modifications brought about by interacting interests..., but the end goals - in terms of the type of economic, social and structural environment they wish to establish - remain clear.
> I believe there is little chance of the present constitutional and attitudinal modifications generating an uncontrollable momentum for change: we are seeing a very controlled development and the machinery does not allow for alternative growth. (*op.cit.*: 179)

In 1984/5 voorsien Breytenbach sekere strategieë wat deur die Nasionale Party

aangewend gaan word om sy politieke doelwit te bereik. Volgens hom kan dit verwag word dat Suid-Afrika bepaalde skuiwe gaan maak op die eksterne front. 'n Aggressiewe buitelandse beleid sal gevolg word ‘which is expressed, *inter alia*, by creating or supporting rebel factions in neighbouring states as means of intervention in their affairs (UNITA in Angola, RENAMO in Mozambique); by direct incursions when they see fit (as in Lesotho, Angola, etc.); by establishing a military presence of sorts elsewhere in Africa, or weaving a tissue of complicity by selling them arms (Somalia, the Comoro Islands, Malawi, probably Zaire too) (1985b: 136). Hierdie posisie of deurbraak ‘will conceivably be consecrated by an impressive visit by PW Botha to several African countries in the near future’; ‘The conflict in Namibia will be used to the hilt to secure concessions and international condonation. But ultimately the takeover by SWAPO does not constitute a threat to their own security. Namibia will remain a satellite state and, as the humiliation and taming of Samora Machel is showing, they can obtain and retain control even via Marxist leaders’ (1984e: 178-180). Aan die binnelandse front kan 'n reeks inisiatiewe die indruk skep van verandering. In dié proses mag ontslae geraak word van, of aanpassings gemaak word, aan sekere heilige/onskendbare simbole van apartheid: die Groepsgebiedewet kan gemodifieer word om voorsiening te maak vir die ontwikkeling van 'n kleurlingen Indiërmiddelklas en vir die groei van ‘grys-areas’; die Wette op Gemengde Huwelike en Ontug sal geskrap word (iets wat inderdaad gebeur in 1985 en bespreek word in hoofstuk 3 V); strukture sal ontwikkel word om aan stedelike swartes 'n mate van sekuriteit en permanensie te verleen in blanke Suid-Afrika; Nelson Mandela sal op die ‘regte oomblik’ vrygelaat word; die ANC - ‘suffering from blocked or cut-off pipelines into the country, and very likely going through an intense period of internal upheaval caused by their diplomatic setbacks’ - mag selfs instem tot gesprekke. Al sulke ontwikkelinge ‘will reinforce the power of those now ruling South Africa, and it will be self-indulgent blindness - or scarcely masked collaboration - to pretend otherwise’ (*ibid*.).

Vir Breytenbach het die Suid-Afrikaanse staat dus geen evolusie ondergaan nie - ‘except for an adjustment to changing circumstances, a refinement of the theoretical matrix underpinning the praxis, the introduction of some flexibility to make it more resilient - *all that in terms of overall goals and basic assumptions that have not undergone even an iota of change*’ (1985a: 189). Uit die Afrikaner se perspektief het twee verskuiwings plaasgevind: die ‘break-up of Afrikaner tribal orthodoxy, the split between Far Right and Pragmatic Right’ en die toenemende militarisering van die land en die toenemende politieke invloed van die militêre establishment (1985b: 135). Maar van ware ‘hervorming’ het nie veel gekom nie:

> Reform, in the present context, consists of the piecemeal deployment of methods of adaptation. The underlying pattern, however, remains one of military containment... The goals and the methods remain constant: sectioning the country according to a military grid that would assure control and allow for a containable level of upheavel and resistance; liberalising some abhorrent and obsolete apartheid fixtures to procure coloured and Asian support and to assuage foreign faint-

> heartedness; creating alternative representative structures for blacks to divert their demands... ultimately regrouping (the) mare's nest of institutions and bodies... in the semblance of a participatory confederation that would leave white-run political and economic power intact. (*op.cit.*: 136)

Ná sy besoek aan Suid-Afrika in 1986 sien hy geen hoop meer in blanke leierskap en die beleid van ‘hervorming’ nie: ‘Geen hervormingsbeleid sal die “wit leierskap” nog kan beredder nie. Dié is byna ontroerend irrelevant, asof daar, by wyse van spreke, oplaas weggedoen word met hutbelasting terwyl die bomme reeds bars... 'n Vorm van totalitarisme (Apartheid), sê iemand vir my, is wanneer gepoog word om die reeds bestaande puntenerig te herskep’ (*Rap.*, 27.4.86).

Die ideologiese grond van apartheid het nie verskuif nie en die Suid-Afrikaanse staat bly ‘totalitêr’. Volgens hom is die voorwaardes van 'n *totalitêre sisteem*, waaraan die Suid-Afrikaanse sisteem voldoen, die volgende: Wanneer 'n enkele party, soos uitgedruk in 'n magstruktuur wat gewoonlik optree in die belang van 'n soort homogene ideologie, 'n staat op só 'n wyse regeer dat enige ware geldige alternatief uitgesluit of, waarskynliker, onderdruk word. Dissidensie mag in bepaalde omstandighede toegelaat word, ‘opposisie’ geduld word - maar slegs om 'n beeld van verdraagsaamheid voor te hou of tot só 'n mate dat weerstand geïnkorporeer kan word om die onderdrukkende sisteem te versterk deur dit meer buigbaarheid te verleen. Omdat 'n totalitêre sisteem byna altyd in stand gehou word deur 'n minderheid ter wille van hulle eie belange, moet militêre en polisie-metodes gebruik word om die sisteem op die meerderheid af te dwing. Onderdrukking, met sy begeleidende verskynsels van geweld en korrupsie, sal onvermydelik geregverdig word in die naam van ‘staatsveiligheid’. Arbitrêre administratiewe maatreëls kry voorkeur bo verteenwoordigende politiek (1985a: 185-186).

Totalitarisme in Suid-Afrika se ‘claim to fame’ lê in die volgende:

> In its constitutional, institutionalized, structural and codified racism colouring (excuses the pun!) all forms of human intercourse and enterprise - politics, economics, religion, social life, culture, sport, sex... It is unique in constituting a living alternative solution to the problems of cultural and economic coexistence, problems of an increasing urgency for all of us living on this planet: the alternative of camps, homelands, border industries, mass removals, classification, repression and crisis control. It is unique in its shaping of new forms of colonialism... It is unique in it s conscious banalization of inhumanity. It is the cutting edge of a new *Realpolitik* expressed in the callousness to hunger and poverty and death. (*op.cit.*: 188)

Hierdie staat is volgens hom ‘barbaars’ (soos met voorbeelde uitgewys in 1983d: 101) en as ‘anomalie en 'n anakronisme’ is sy ‘malheid doodsgevaarlik (want) dit beteken ontwrigting vir die buurstate, massamoord vir die meerderheid, vernietiging van hulle - julle - in wie se naam die staatsterreur gepleeg word’ (*Rap.*, 13.4.86).

Wat is die alternatief wat Breytenbach nastreef vir hierdie land waarvan hy hom nie kan losmaak nie (soos uiteengesit word in hoofstuk 7 III)? Hy formuleer dit as *vryheid* - 'n konsep wat voorop staan in die na-tronkfase van sy intellektuele diskoers (volgens hom was die jare in gevangenskap ‘a laboratory experience of the mechanics of freedom’). Toegepas op die politiek, omskryf hy ‘vryheid’ soos volg:

> Daar is vryheid as presiese maatband: om vry te wees *van* uitbuiting, vry *van* onderdrukking. Solank die gemeenskap getipeer en gekondisioneer word deur eksploitasie en oppressie kan niemand in daardie gemeenskap vry wees nie; die onderdrukte is nie vry van armoede, verhongering, plakkerstoestande, siekte, bitterheid, vernedering, korrupsie, kollaborasie selfs - die onderdrukker is nie bevry van sy mens-onterende leefwyse, sy ekonomiese en politieke en kulturele en morele korrupsie nie. (*Rap.* 27.2.88; vergelyk ook *Rap.* 13.3.83 en 1985g: 226)

In reële terme is die alternatief vir die ‘onwettige’, totalitêre Suid-Afrikaanse staat ‘vryheid’ soos uitgedruk in ‘'n unitêre demokratiese staat met 'n meerderheidsregering’ (*Rap.*, 13.6.86). Die nie-verhandelbare vereistes is: die vreedsame saambestaan van alle Suid-Afrikaners in 'n eenheidstaat; algemene - en dieselfde - burgerskap; geen rassisme nie (1985d: 48). Sy motivering hiervoor is nie verraad nie, maar Suid-Afrikaansheid, regverdigheid, verdraagsaamheid, fatsoenlikheid (1986a: 15). Breytenbach se ideaal bly:

> Nasionale bevryding - onvermydelik via die uitskakeling van die huidige magstrukture - wat moet lei tot 'n bewindsoorname van verteenwoordigers van die meerderheid van die landsbevolking in 'n unitêre, geïntegreerde staat, op so 'n wyse dat die pad dan oopgemaak word vir die diepgaande transformasie van die gemeenskap betreffende ekonomiese en uiteindelik persoonlike verhoudings, geskool op sosialistiese patroon... (*Rap.*, 15.5.83)

Net soos in die tyd voor sy gevangenskap beywer Breytenbach hom vir *transformasie* in teenstelling met ‘hervorming’ van Apartheid/die Suid-Afrikaanse staat. Alhoewel hy nog 'n rol toeken aan die bydrae van die individu en die tradisionele intellektueel om deurslaggewend verandering te weeg te bring (vergelyk hoofstukke 7 III en VII met hoofstuk 5 V), verskuif die klem nou by hom na die rol van die ‘people’ (1985g: 229) en na die ‘struggle’ as sodanig.

Die transformasie gaan nie as gevolg van (druk van) buite kom nie; die oplossing vir die probleme ‘must be found *within* the country, *with* the people, *all* the people’ (1984a: 328; kyk ook 1986c: 10). Vryheid self lê in oorgawe aan die ‘people’:

> Maybe we must, very paradoxically, extend our confidence to the people and whatever mass organisations the people may throw up. Ah, but that means that we have to accommodate the very notion that our way, and particularly our goals, may be diluted or changed completely... since we shall be losing control over the evolution that we became part of.
> Isn't that what ‘power to the people’ implies?... So, if I may sum up: the struggle itself is a means of political awareness, of cultural awakening, ultimately of

> social and economic transformation... The liberating concept is exactly to give over to the people the way a fish gives itself over to the sea; and also, despite, or because of the watery taste of failure in the mouth, to continue struggling. (1984a: 71-72)

Hy is nou gereed om die ANC te erken as dié organisasie wat die saak van die ‘people’ die beste verteenwoordig (*op.cit.*: 327). In 'n land van kru uiterstes, is die liberale alternatief ‘a non-starter, a non-adaptable transplant from more clement climes, ill-equipped to do battle with nationalism and extremism’; ‘in the final analysis, “liberalism” (the old-fashioned kind, not the present one where “liberal” equals New Right) can but fit a more humane mask over the embittered features of the clowns running the show’ (1985a: 190; kyk ook 1984e: 177). Effektiewe opposisie ‘more and more clearly situates itself in relation to the aims and the practices of the historical avant-garde *and* mass organisations (and foremost amongst them the African National Congress)’ (*ibid.*).

Die transformasie en vryheid waarna Breytenbach streef, vind vir hom uitdrukking in twee spesifieke vorms: die ‘struggle for freedom’ en die aanwend van die gedig as instrument van vryheid (in hoofstuk 7 VII word laasgenoemde uitgangspunt toegelig). Die ‘struggle for freedom’ behels mobilisasie:

> Die mees eksakte smáák van vryheid is wanneer jy daarom stry. Daardie mobilisering - ongeag die swakhede en insinkings - van die vryheidsliewende en gulle en kameraadskaplike en verdraagsame eienskappe van die mens, deur die politieke *daad* uitgedruk op ekonomiese of kulturele of sosiale of morele vlakke van die vryheidstryd - dit is 'n besonder kosbare *benadering* van vryheid. Meer nog: die stryd vir vryheid is reeds 'n daarstelling van vryheid. (*Rap.*, 27.2.83)

Breytenbach postuleer nie dat ‘vryheid’ bestaan as 'n absolute gegewe nie, maar hy glo: ‘We have to go on living *towards freedom*, we have *to extend our liberties*’, ons moet daarvoor stry: ‘To live freedom is therefore to be implicated in the struggle’ (1984b: 143). Dáárom identifiseer hy hom openlik met die ‘Liberation Movement’ (1983d: 102).

Hierdie vryheidstryd is egter nie slegs 'n blinde reaksie op die heersende omstandighede nie:

> Increasing the rents or trying to enforce the teaching of Afrikaans in Black schools may serve as catalysts for the eruption of discontent - but linking all these incidents there is a political awareness and a tradition of organized struggle for freedom.
> Despite the fact that all effective organized political opposition has been banned for more than a generation now in the country, there still prevails the willingness to mobilize and articulate alternative ideas on a national scale. The authorities have not succeeded either in stamping out ideological questioning, the fermentation of idea systems and even - to a limited extent - the dialogue and the testing of strategems among different opposition formations. (1984e: 177)

Breytenbach spreek hom ook uit oor die verskillende *strategieë* wat in die vryheidstryd aangewend kan word om 'n ‘ware demokrasie’ tot stand te bring.

Een moontlikheid is dié van *ondergrondse politieke bedrywighede*, 'n strategie

waaroor sy idees tydens sy tronkverblyf geslyp is. Die positiewe aspekte daarvan beskryf hy só: ‘It is true that it is, as near as possible, a clean form of political activity, divested of the more mundane horse-traiding and compromising of everyday politics. There is a certain purity of thinking. There is often a heightened political consciousness because the awareness must be applicable to direct and nearly always immediate translation into action. There is therefor not the gap between theory and practice which so often is a debilitating aspect of political life’ (1984a: 67). Laasgenoemde was sekerlik één van die redes waarom Breytenbach self vroeër die keuse gemaak het vir aktiewe politieke optrede van klandestiene aard: hy kon immers nie ‘wettig’ deelneem aan die strategieë van versetpolitiek binne Suid-Afrika nie en deur só 'n keuse kon hy 'n brug slaan tussen ‘teorie’ en ‘praktyk’ én tussen ‘afstand’ en ‘betrokkenheid’.

Ander positiewe aspekte wat deur hom uitgesonder word, is die strawwe dissipline en intense lojaliteite wat so kenmerkend is van die gemeenskap van ondergrondse aktiviste. Verder versterk sulke bewegings selfvertroue; dit bevry deelnemers van onnodige aangroeisels wat gewoonlik verhoudings met ander mense dwarsboom; dit leer jou om logies te dink, maar om nie jou eie denke te vertrou nie; dit ontwikkel by jou 'n instink vir jou omgewing. Die ondergrondse werk van toegewyde groepe kan sekere areas van denke bevry wat dan weer as voorbeeld en aanmoediging kan dien vir die totstandkoming van ander, soortgelyke sones van vryheid; dit mag selfs toegewyde rewolusionêre smee. Bo en behalwe dit, impliseer die keuse vir sulke optrede gewoonlik dat 'n mens 'n bepaalde afstand daarstel tussen jouself en die tradisionele openlike politieke groeperinge in jou land - jy is dus minder gebind deur die nasionalistiese simptome wat binne hierdie groepe gemanifesteer mag word. Deur dié keuse beweeg jy buite die ‘familie’ van wettige of bogrondse politieke partye; grense word minder belangrik en jy kry 'n begrip van 'n stryd bo en verby grense, groeiende uit soortgelyke toestande in verskeie wêrelddele - 'n internasionalistiese bevrydingstryd gegrond op 'n klasse-analise (1984a: 67-76).

Breytenbach waarsku egter terselfdertyd dat hierdie positiewe waardes van ondergrondse politieke bedrywighede 'n romantisering daarvan kan blyk te wees. Hy bevraagteken dan ook bepaalde strategieë en uitgangspunte ten opsigte van die keuse vir en die aard van sulke bedrywighede:

> Has it ever been successful, apart from, in some instances, making it possible for the clandestine activists to come to power? Does the need for such a type of action always correspond to a truly rigorous dissection of the conditions in the area you choose to operate in? Have all the other alternatives been exhausted?... True (in South Africa), all effective political opposition to the Nationalist government has been outlawed, and in answer to that the underground organisations have opted for armed struggle... But again - have we finally found it impossible to bring about change in any other way? Have we veritably thought *through* all the negative connotations and results of armed struggle, and the dangers to the political ideas, which we cherish, of underground work itself? Isn't it very often just a Boy Scout game? Adults carrying forward the excitement the child has when teasing fire or running round the garden for a game of hide-and-seek? Because it must be

> underlined that we have seen over the years the abberations that clandestine activity gave rise to. We've seen... how such groups become a law unto themselves, so infatuated with their own analysis, so turned in upon themselves and so concerned when these analyses prove to be incorrect that the only way out seems to be even more vigorous forms of terrorism... (Also) the need for structuring when involved in underground activity... make of (it) a very undemocratic process and it constitutes a structure which can be a very manoeuverable vehicle for whoever happens to occupy the central nervepoint. Cells, colonies of gravedwellers, are so easily exploitable. (*op.cit.*: 71)

Behalwe die parallelle wat Breytenbach trek tussen ondergrondse militante selle en spioene (‘spieël en spieëlbeeld’) en vir die bewuswees van korrupsie binne sulke groeperinge (*ibid.*), is bostaande reflektering op ondergrondse politieke aktiwiteit belangrik omdat dit daarop dui dat Breytenbach nog hoop dat ander alternatiewe as dié van geweld bestaan om verandering in Suid-Afrika te weeg te bring, want ‘no cause can justify the destruction of life’ (*op.cit.*: 382.)

Eerstens het hy dit teen die gebruik van ‘“acceptable” violence’ soos ingespan deur die Suid-Afrikaanse regering en wat gelei het tot ‘the atmosphere of violence permanently impregnating the South African scene’: ‘The country is a police state... The physical presence of police or army units in camouflage outfits and armed to the teeth, patrolling the townships in their armoured vehicles (the real borders that need to be protected are within), or using dogs and whips to terrorize people - these have become everyday sights hardly commented upon’ (1984e: 173). Een moontlike toekoms-scenaria, die ‘most gruesome alternative’, is dan een van ‘blood and suffering, treachery and bestiality’ (1985a: 191).

Tweedens dink Breytenbach nie meer dat 'n ‘Jericho solution’ (‘the all-encompassing and purifying revolution inexplicably bringing down the fortified walls’) 'n realistiese alternatief bied nie (*op.cit.*: 192). Daar bestaan nie 'n ‘majority strategy for revolution’ nie (1985b: 136), maar daar is:

> (A) depth to the despair and the bitterness and the resolution of the people (and an inner liberation too: a cultural awareness, a political tempering) that expresses itself in the willingness to die for the cause, in the burning of corpses, in the attempts to create autonomous power centres and germinal people's armies. The mourning, the strikes, the marching, the acrid smoke, the breakdown of white-imposed civic structures, the refusal to accept white ‘peace’ - these flash one clear signal: the point of no return has been reached. (*ibid.*)

Hy verwys daarna dat daar 'n ‘significant willingness’ bestaan ‘to drown the pestilential Apartheid in blood’ (1985c: 205). Tydens sy Rapportprys-toespraak waarsku hy: ‘Moenie maak dat Apartheid net nog in bloed gesmoor kan word nie’ (*Rap.*, 13.4.86).

Die Suid-Afrika van vandag is 'n ‘land of death and regeneration - of death mentality, suicide mentality, border paranoia, revolutionary é*lan* (1985a: 187).

Die uitbarstings van geweld is manifestasies van 'n ‘festering, low-level civil war’ (1984e: 176), van 'n ‘civil war (which) has already started’ (1985b: 136; ook *Rap.*, 13.6.85).

Breytenbach vra homself af of sy visie vir Suid-Afrika apokalipties is:

> It seems as if we are all waiting for the Apocalypse down there. I too am frustrated by the monolithic nature of the South African set-up, the fact that nothing seems to have any effect on the smooth surface of repression - at least not anything one may be able *to do* from here. But although you may not always realize it, some things have happened there. It may take years for an idea to come to fruition. (1983d: 105)

Hy glo dus dat daar stappe gedoen kan word om iets te dóén aan die situasie - 'n mens hoef nie terug te sit en te wag op die finale opgaan in vlamme nie. (In hierdie spesifieke opstel doen hy byvoorbeeld voorstelle aan die hand ten opsigte van wat die Hollandse PEN-tak kan doen om die bevrydingstryd te ondersteun.)

Teenoor die opsie van ‘'n Libanisering, 'n rasse-oorlog wat soos 'n onblusbare vuurwind deur die sub-kontinent gaan woed’ en ‘die afbreek van alle norme en die saai van draketande’, teenoor ‘vernietiging, bloedbad, anargie - en Libanon en Kambodja (wat) wink’ stel hy die ‘*redelik geordende oorgang* tot 'n demokratiese staat met meerderheidsregering’ (*Rap.*, 16.4.86 en 27.4.86). As ‘program’ sal geld ‘geduldige, maar revolusionêre optimisme’, wat ‘'n dieper denke, 'n breër bewussyn, 'n fyner gewete, die ontplooiing van 'n weerstandsetos’ behels (*Rap.*, 13.6.86). ‘Revolusie’ beteken dan vir hom ‘the transformation of a stultified and fear-frozen society to one of greater social justice’ (1985e: 209).

Oor die bestaan van 'n ‘tussengrond’ van waar dié redelik geordende transformasie gestuur kan word, het hy sy bedenkinge:

> There has been an all but total collapse of the ‘middle ground’ where, with mutual goodwill, the future could have been talked into shape. (It is true that borderline contacts with the ANC have been established, but these are as yet too timid to start a *process* of discussion that would pull the parties into an interdependence and provoke a *need* to continue talks which in turn could *create* grounds for negotiation.) The black man no longer pleads for participation. In fact, the white state, as authority and promotor of change, is massively rejected. (1985b: 136)

Hy glo dat 'n politieke tussengrond - ‘not to be mistaken for state occupation, meaning centralized or “legitimized” control over society's essential digestive functions’ - net tot stand kon gekom het as daar teen dié tyd sê twee- of drieduisend blanke politieke gevangenes was, ‘because that fact would have denoted a significant pro-South African minority among the masters and the foremen’ (1985c: 204). Dit het egter nie gebeur nie: ‘And it is why the whites are irrelevant to the revolutionary process - apart from being a minority whose position will have to be accommodated beyond takeover’ (*ibid.*).

Dít beteken egter nie dat ‘ál die wittes *ipso facto* uitgeskakel is in die bevrydingstryd nie’ (*Rap.*, 27.4.86). ‘Interne worsteling’ wat uitmond in ‘bevraagtekening’ en die ‘oop gesprek’ is egter nie bruikbare instrumente nie (1986c: 10 en *Rap.*, 27.4.86). Wat heel eerste sal moet gebeur, is dat blankes wat

wil bydra tot die totstandkoming van 'n demokratiese staat ‘die bevrydingsideologie (sal) moet ontleed in al sy samestellende komponente, toepaslik gemaak vir die afsonderlike groepe en rasse’ (1983a: 9).

Breytenbach se eie besinning oor die kragte wat tans werksaam is in Suid-Afrika toon dat hy rekening hou met sowel die pragmatiese aanpassings van die staat self (wat volgens hom gerig is op die versterking van eie mag) en wit linkse opposisie (1984e: 169-177) as met die Stalinistiese neigings in die ANC (vergelyk 1984e: 327) en met die twee hoofstrome van verset - aan die een kant die voorstanders van die *Freedom Charter* wat 'n nie-rassige sosialistiese gemeenskap gepleit, en aan die ander kant die Swart Bewussynsbeweging wat 'n eksklusiewe swart nasionalisme voorstaan (1984e: 177-178). Al erken hy die ANC as die instansie wat die saak van die ‘people’ die beste verteenwoordig, staan hy ook krities teenoor sekere fasette van dié se bevrydingsideologie:

> The African National Congress... will eventually rule the country. What's left of it. Judging from its practices in exile, internal to the organisation and towards other South African political groupings, its alliances and its ideological examples and commitments - it is conceivable that the present totalitarian State will be replaced by one which may be totalitarian in a different way, and intolerant of alternative revolutionary schools of thought, more hegemonous, *but minus the racism*. (1984a: 327)

Hy erken die bitter kloof tussen die twee hoofstrome van swart verset en aanvaar dat die stryd ‘more diversified, more complex’ sal word (1985a: 192). Vir hom word die stryd nou 'n *proses*, ‘that will continue way beyond liberation’ (1984e: 178); 'n *proses* en nie 'n ‘rigid goal or structure’ nie (1984a: 328).

Die blanke sal net *as* blanke deel kan hê aan hierdie ‘proses van stryd’. Die ‘werk binne eie omgewing’ kan verskillende vorme aanneem. Vir die ‘taalarbeiders’ is dit onder meer ‘'n verruimende bewussyn - eksistensieel én polities - en die realisering van sekere prinsiepe daaruit voortvloeiende, in die werksituasie asook in die affiliasies met ander’ (1983a: 9). Die linkse praktiese politieke werker moet ‘probeer help hervorm en verander met daardie werktuie, daardie strukture wat (hy) tot (sy) beskikking het’ (1985d: 48). Breytenbach sê hy twyfel nie ‘that there are means by which whites, in an organised way, within their professions, within their cultural groupings, within political groupings, can become effectively involved in the transformation process, but to do this they will have to realise that the necessary change is not going to be brought about by the government’ (*Star*, 26.6.86). (Die rol van die wit Afrikaner-skrywer word in hoofstuk 7 VII bespreek.)

Wat almal betrokke by die stryd moet beveg, is dogmatisme (1984a: 328) en oorvereenvoudiging (1983d: 100; 1985a: 187). En waarna gestreef moet word, is *dialoog* - volgens die beginsel van eerlike inagneming van verskille in agtergrond en vorme van verset - en die bevordering van verdraagsaamheid (1984a: 328). Hy meen dat die ‘werklike debat’ vandag al hoe meer in die kerke gevoer word; tot 'n mate in die vakbondbeweging, en miskien selfs tussen politieke partye (1985d: 47). Dit is egter nie oor die totstandkoming van 'n eenheidstaat waaroor

onderhandel moet word nie, maar oor die besonderhede daarvan: ‘Moet 'n mens die voorregte of die vrese van die minderhede verskans? Selfs die regstelsel kan miskien beter na gekyk word. Moet 'n mens dink in terme van een handves van menseregte vir alle Suid-Afrikaners? Dit is bygaande sake daardie’ (1985d: 48).

As hierdie oorsig van Breytenbach se ná-tronk-uitsprake saamgelees word met sy uitsprake daarvóór (uiteengesit in hoofstuk 4 III), is dit duidelik dat hy van die begin ‘radikaal’ was in dié sin dat hy nooit gedink het dat apartheid aangepas, mensliker gemaak of hervorm kan word nie. Hervorming - en hervormers - versterk volgens hom die *status quo*. Die sisteem sal fundamenteel omvergewerp moet word - verkieslik deur dié soort onderhandeling wat lei tot 'n eenheidstaat, want geweld behoort die heel laaste opsie te wees.

Daar word uiteenlopend gereageer op Breytenbach se ná-tronk-uitsprake oor die Suid-Afrikaanse staat en die vryheidstryd. 'n Nederlandse resensent meen, ná die lees van die Hollandse uitgawe van *End papers*, dat Breytenbach ná sy jare in die tronk nie minder radikaal as vroeër in sy verset teen apartheid is nie, maar wel meer bewus van sy eie teenstrydighede en ‘minder naïef en hoopvol’ oor die vryheidstryd (*De Volkskrant*, 21.3.86). Volgens die Amerikaanse filosoof Michael Walzer het Breytenbach in die tagtigerjare nie meer 'n duidelike ideologiese posisie nie, maar hy bly toegewyd aan die saak van swart politieke mag (1988: 32). Binnelands verskil intellektuele se resepsie van die ná-tronk-Breytenbach. Lazarus (1986: 180) vergelyk uitsprake uit dié periode met uitgangspunte in *Seisoen in die paradys* en besluit dat die pragmatieser instelling, kalmte en nuutgevonde volwassenheid van besinning daarop dui dat Breytenbach daarin geslaag het om die vroeëre sentimentaliserende imperatief in sy denke te transendeer: ‘Breytenbach has not relinquished his commitment to South Africa in the slightest... (although) he is unlikely ever again to express his commitment directly as a political actor... it is... as an intellectual... in the service of his community's freedom that Breytenbach will be remembered’ (*op.cit.*: 181-182). JM Coetzee (1985: 72) is van mening dat Breytenbach se uitsprake in *Confessions* bewys daarvoor is dat hy nie bloot ‘rebel’ binne Afrikanerkringe is nie, maar 'n ‘revolutionary, in will if not in deed. And he is no longer one of the family’. Jeremy Cronin (1985: 17), daarenteen, het probleme met Breytenbach se ‘skeptiese selfbelang’ en ‘kulturele reaksionisme’ (vergelyk hoofstuk 7 X). Reaksie vanuit Afrikanerkringe varieer na gelang van ideologiese oriëntasie, soos duidelik blyk uit die ontvangs van die Rapportprys-toespraak (hoofstuk 7 V) en die kritiek op sy uitsprake vanuit links ‘radikale’ geledere (hoofstuk 7 X).

III
Breytenbach en die diskoers rondom Afrikanerskap

Waar Breytenbach hom in sy voor-tronkfase uit skuldgevoel in 'n ‘ons’-verhouding verbind het met die Afrikaners, deins hy ná sy vrylating terug van

Afrikanerskap. Teenoor Adriaan van Dis stel hy dit só kort na sy aankoms in Parys: Ek is nie meer 'n Afrikaner nie. En dit is nie so uit opstand of uit skaamte nie. Ek voel my net nie meer verbonde aan die konsep nie. Ek is hoogstens nog Suid-Afrikaans (*NCR Handselsblad*, 11.12.82). In een van sy eerste 'Intussen, stroom-op...'-bydraes tot *Rapport* se kunsblad verwys hy na die begrip 'Afrikaner' as 'n omstrede definisie: 'Ek is byvoorbeeld nie 'n Afrikaner nie al het ek by tye 'n witterige vel en al is my harttaal Afrikaans...' (*Rap.*, 13.3.83; vergelyk ook *Rap.*, 24.7.83). Kort hierna herhaal hy in die openbaar sy distansiëring en, vir die eerste keer, ontken hy ook sy Suid-Afrikanerskap: 'I do not consider myself an Afrikaner; the definition, whichever way you turn it, has a political interest with which I cannot identify. Even culturally I can't claim to be an Afrikaner. (I'm not particularly concerned about being a South African either, in fact, I'm just a *bandiet*!)' (1983d: 102). Hy beskryf homself in hierdie stadium as 'n 'non-black African exile' (*ibid.* en *CT.*, 12.4.83) of as ''n man sonder papiere' wat weer vir hom 'n identiteit sal moet skep (1983a: 8-9).

As sy 'ek-is-nie-meer-'n-Afrikaner-nie'-uitspraak saamgelees word met sy *Confessions* word dit duidelik dat sy wedervaringe gedurende die voorafgaande tien jaar Breytenbach daartoe gebring het om heelparty van sy gekoesterde beskouings en strewes te heroorweeg. Sy jare in die tronk het saamgeval met die Soweto-opstand, die hoogbloei van Swart Bewussyn en die dood van Steve Biko asook die opkoms van 'n nuwe, militante vakbondbeweging. Deur sy verwerping van Afrikanerskap reageer Breytenbach op hierdie ontwikkelinge. Die repudiëring word dus 'n aanduiding van die gevoel van futielheid wat hy ervaar ten opsigte van sy vroeëre ideaal, naamlik om hom te beywer vir die transformasie van die Afrikanergemeenskap. Vir Breytenbach het die Afrikaner 'n historiese anomalie geword:

> It would seem as if history passed by the Afrikaners, the ultimate settlers from a previous and picaresque epoch. In the folds of darker and more pristine ages they live an archaic contradiction: they are a people with a mission, put there by God with a purpose; they cling to the belief of pre-destination - which accounts for their obstinacy and their fatalism - and yet reject utterly the notion of historical determinism. They are a *White* African tribe tragically defending a superannuated vision of Western civilisation, thereby dooming themselves and their values to extinction. (1985b: 135)

Ná hy in Desember 1983 'n Franse burger geword het, kwalifiseer Breytenbach die ontkenning van sy Suid-Afrikanerskap só: '(I see myself as) a Parisian maybe, or perhaps an African Parisian. But it's difficult to lose every scrap of your past. I have come to terms with the reality that South Africa will always be a sore area living somewhere inside myself for ever. I can't argue it away. I can't write it to death. I accept that it will always be there. I can do nothing about it' (*ST.*, 8.7.84). Hy aanvaar dat 'that peculiar South African experience will always be there in my mind, colouring my way of life, colouring my perceptions' (*Star*, 25.4.85; *PN*, 25.4.85). In 'n onderhoud met Van Zyl Slabbert erken hy dat daar 'n agtergrond, wortels, lewe en 'n geskiedenis is wat hy nie met 'n penneveeg ongedaan kan maak nie. Hy leef sy lewe ten volle uit in Parys,

as Franse burger, maar daar is tog 'n dimensie wat vir hom onmiddellik aanwesig bly: die hele Afrika-dimensie (1985d: 48). In die ‘selfportret’ wat hy skryf-skilder in 1986 definieer hy hierdie Afrika-dimensie as sy ‘right position and place’:

> I realize that my expectations, my apprehensions, my instinctive recognition of *the right position and place* (read for this, if you wish, the unquestioned sense of security, of belonging), the means by which I experience space and rhythm and structure or the way of my relationship to the environment and to other people, my notion of breath and/or breathing space which flows from mountains and a cloud very high in the sea-coloured sky, that which reverberates as ‘blue’ in me if you were to utter the sign, as in blue like a coffin - that this substratum which constitutes the mechanism of my being was formed during the tender pre-rational years in Africa. I am an African. (1986f: 126)

Sy visie van Afrika is egter nie 'n geromantiseerde een nie:

> I feel at one with Africa, with the African peoples, with the resilience and the absurdity and the fragility and the poverty and the decadence and the inadaptability and the garishness of her cultures. With the swaggering dictator twirling his fly-whisk, the strutting murder-man toting his weapon, the gun-on-hip soldier, the poacher, the goatherd, the marabout, the beggar all heel and elbow. Africa humiliated. Africa in exile. Africa with rotten and greedy rulers, and beggar economies. (1985c: 209)

Het sy sewe jaar verblyf in ‘Niemandsland’ hom heeltemal skoongebrand van alle verbondenheid met die Afrikaner en Suid-Afrika? Hy self sê: ja én nee - ‘It is true that I experience a profound revulsion, shot through with pity, when I think of the Afrikaners, when I even hear Afrikaans! (The pity comes from seeing them foundering apathetically in the mire of their own making - a compassion one senses, for different reasons, for other population groups also. But disgust and pity remain debilitating sentiments.)’ (1985e: 208).

Hy dra nou nie meer gewillig saam aan die skande van sy eie mense nie - hy is gegrief oor hierdie saamdra; uit promosietoesprake vir *Confessions* blyk dit dat hy glo dat die jare in die tronk hom van die skuld gelouter het. Belangriker nog, hy repudieer alle skuld-bewuste politiek: ‘Guilt and all wishy-washy or breast-beating sentimentalism engendered by guilt - these are out. Leave that to the judges and the preachers...’ (1984a: 328). Maar sy vrykom van skuld en sentiment maak egter nie 'n gedistansieerde en objektiewe kritikus van Breytenbach nie (soos aangedui deur Walzer, 1988: 33-34).

Sy verbondenheid met die land het komplekser geword, ‘my rooting more painful, my involvement deeper, my concern more acute’ (1985e: 208). As fasette van hierdie verskerpte verbintenis sonder hy uit: sy herinnering aan die landskap wat die grondstof van sy wese vorm en die verbondenheid met ál die mense van die land:

> But more than the land I have a sense of closeness with the people. Not an exclusive sentiment: I feel I can identify from within with all the poor bastards of that ravaged country - the cocky but obtuse white peasant boy, the insufferable captain

> of industry brimming over with charitable comprehension, the snooty city Jew, the tattooed Brown *skollie* or the prissy coloured intellectual, the Indian coolie or the silly chap in business, the low-profiled Chinaman, the Black *tsotsi* or the African migrant labourer. Prison has destroyed the barriers and broken the stays. More than any of these I feel an association with the human forces battling for betterment, projecting revolution... (1985e: 208)

In sy toespraak tydens die Rapportprys se oorhandigingseremonie voer Breytenbach aan dat die woorde ‘Afrikaner’ en ‘Boer’ in die buitewêreld én in die land ‘sinoniem geword het met geestelike agterlikheid, etiese verval, wreedheid, mens-ontering, gewapende bobbejaanbendes, die brandmerk van brutale geweld’. Hy self kan hom egter nie volkome losmaak van die Afrikaner in hom nie, en sleep hom soos ‘'n donker boetie’ oral met hom saam. Hy formuleer die rede waarom hy teruggekom het in terme van sy verbondenheid met 'n kontinent en 'n land: ‘Ek het gekom omdat ek my onherroepelik verbind het tot Afrika, omdat ek my vereenselwig met die stryd om bevryding van die Suid-Afrikaners’ (*Rap.*, 13.4.86).

In die konteks van die tagtigerjare is Breytenbach nie meer ‘volkskritikus’ uit skuld en sentiment soos hy dit in 1973 was nie. Hy is kompromisloos toegewy aan die saak van swart politieke mag en meerderheidsregering en erken, soos reeds aangetoon, die ANC as die massa-organisasie wat dié saak die beste verteenwoordig (1984a: 327). Maar selfs as radikale teenstander van apartheid bly hy by die Afrikaner betrokke - en wel in die rol van ‘bewusmaker’ of ‘gewete’ (soos uiteengesit word in hoofstuk 7 VII).

Al voel Breytenbach dat blankes waarskynlik irrelevant geraak het vir die bevrydings- of rewolusionêre proses (soos uiteengesit in hoofstuk 7 II), is hy vasbeslote om op eie terme betrokke te bly by die lot van die blanke Suid-Afrikaner en die Afrikaner spesifiek. Een rede hiervoor is omdat hy glo dat die problematiek van Suid-Afrika 'n impak en 'n omvang het wat wyer as die land self strek: ‘Die soort van oplossing, die gehalte van ons stryd, die gehalte van ons voortbeweeg na daardie oplossing toe, gaan maak dat ons 'n bydrae kan lewer tot die geskiedenis van die hele mensdom’ (1985d: 48). En die Afrikaner hét 'n rol te speel:

> Om Afrikaner te wees is nog lank nie somaar of dáárom 'n diskwalifikasie nie. Waarom sou ek anders my hart hier staan en uitpraat? Ek verwerp met al my oortuiging die fatalistiese voortbestemmingsteorie wat van ons eers moordenaars en dan selfmoordenaars maak. Hierdie land se ménse, ál sy mense, gaan - al is dit ook hoe pynlik - die werklikheid omskep. Deur die ekonomie, die politiek te bedryf met 'n verantwoordelikheidsin, sosiale praktyke, kulturele skepping... Die Afrikaner het 'n wonderlike bydrae om te lewer, oplaas tot voordeel van al die Suid-Afrikaners. Maar die tyd is *nou*... (*Rap.* 13.4.86; vergelyk ook 1986c: 12).

Die reaksie (uiteengesit in hoofstuk 7 IV, V en X) op Breytenbach se jongste uitsprake (onder meer oor die Afrikanerbeeld in die oë van die wêreld en die rol wat die Afrikaner kan speel in die bevrydingstryd toon die verskuiwing wat daar in die profiel van Afrikanerskap plaasgevind het sedert die sewentigerjare toe

‘verkramp’ en ‘verlig’ die ideologiese spektrum gedek het (met uitsondering van die paar ‘radikales’ van wie albei hierdie groeperings hulle gedistansieer het).

Die stereotipe (en dikwels geromantiseerde) siening van ‘die Afrikaner’ (soos onder andere uitgespel deur Du Preez, 1983 en Brink, 1988) is nie meer van toepassing in die tagtigerjare nie. Onder Afrikaner-intellektuele en progressiewe jong Afrikaners het ander definieses van Afrikanerskap ontwikkel. Onder die ‘respektabele linkse’ Afrikaners tel byvoorbeeld die hervormingsgesinde ‘Vierde Mag’ van die Demokratiese Party - Afrikaners wat tradisioneel die Nasionale Party ondersteun het, maar nou daarmee gebreek het, asook dié wat nog steeds verbonde is aan die party, maar oortuig is dat die NP nie kan deurbreek na ware hervorming nie (kyk hoofstuk 1 I en II). Hierdie Afrikaners beywer hulle vir 'n nie-rassige demokrasie, erkenning van menseregte, algemene stemreg, vrye assosiasie en 'n onafhanklike regbank (dinge waaroor Breytenbach hom al sedert die sestigerjare uitspreek) met dien verstande dat wet, orde en veiligheid asook die beskerming van groepsregte nie in die gedrang kom nie (Mischke, 1989). Hierdie Afrikaner-‘liberaliste’ is bereid om vanweë pragmatiese oorweginge ‘Afrikanerskap te reduseer tot 'n minderheidsmanifestasie van 'n algemene Suid-Afrikanerskap’ maar kies nog vir ‘die magspolitiek van die parlement’ - dit wil sê téén protespolitiek, vír posisionering in die ‘sisteem’ en nie in die ‘stryd’ nie (Willem de Klerk, 1989: 29-30). Afrikanerverset uit dié oorde behels dus nie die soort vereenselwiging met die ‘stryd’ wat Breytenbach voorstaan nie (kyk hoofstuk 7 II). Vanuit regse kringe word egter afwysend gereageer op dié ‘radikale’ geluide wat nou nie van ‘ontstamdes soos Breytenbach en Brink’ kom nie, maar van ‘persone uit die Afrikanerestablishment’ (*Afr.*, 7.11.84).

'n Verskeidenheid van andersdenkende Afrikaners word vandag saamgehark onder die sambreelterm ‘Alternatiewe Afrikaners’ (vergelyk *De Kat*, Jun. 1988). *Highveld Style*-joernalis Hilary Prendini Toffoli definieer dié term vaagweg as ‘Afrikaners who go against the stereotyped mainstream’ (1989: 38). Hulle kon só ver weggedryf het dat hulle verengelsde Afrikaners geword het. Of hulle kon so intens betrokke gebly het dat hulle as ‘Afrikaner-patriotte’ beskou kan word - ‘like Breytenbach en Beyers Naudé, willing to sacrifice themselves for the volk and its future, even though they've been ostracised for breaking away’ (*ibid.*). Hierby word dramaturge soos Ryk Hattingh en Reza de Wet gevoeg wie se werk ‘die kritiese en meedoënlose ondersoek van die wese van die Afrikaner’ behels (*DSA.*, Aug. 1988). Die ‘Boere Rock’-musikante Johannes Kerkorrel, die Gereformeerde Blues Band en André Letoit, wat intens bewus is van die ‘“issues” van die dag’ (*Insig*, Apr. 1988), vul die lys aan (vergelyk *VW.* 14.4.89); Letoit byvoorbeeld sien homself as 'n ‘Afrikaffer... (a person) trying to learn to be (a) South African’ (*WM.*, 27.1-2.2.89). En ‘Alternatiewe Afrikaanse’ skrywers publiseer by Taurus en in *Stet* (Toffoli, 1989) - soos Breytenbach ook doen.

Hierdie Afrikaners het selfs hulle eie koerant, die *Vrye Weekblad*, al ontken redakteur Max du Preex dat dit 'n ‘alternatiewe’ publikasie is (Louw, 1989: 20). In die eerste uitgawe berig die redakteur dat die koerant ‘geheel en al

onverbonde' is en geen bande of spesiale lojaliteite het teenoor enige politieke party of belangegroep nie. Die riglyne waarvolgens hulle beriggewing gerig word, is die volgende: 'Ons glo in 'n oop, nie-rassige demokrasie; die soewereiniteit van die reg; basiese menseregte soos vryheid van spraak en assosiasie; die verwerping van alle vorme van geweld; vrye onderneming sonder uitbuiting; onderhandeling; versoening en nasionale eenheid; en verantwoordelike, effektiewe en skoon regering op alle vlakke'. Die koerant glo in 'n 'vreedsame, regverdige en aanvaarbare oplossing vir die land se probleme' - en (soos Breytenbach) dat die Afrikaanssprekende 'n belangrike rol het om te speel op die pad daarheen en in 'n nuwe Suid-Afrika ná apartheid. Dit is 'onbeskaamd Afrikaans' en sien geen konflik tussen 'volwaardig Afrikaans wees en gekant wees teen wit oorheersing nie'. *Vrye Weekblad* is nie 'liberalisties' nie, maar 'Suid-Afrikaans nasionalisties' (*VW.*, 4.11.88). Teenoor Chris Louw van *Die Suid-Afrikaan* (self 'n 'onafhanklike' blad) stel Du Preez dit dat die klem in sy koerant van op 'nasionale versoening', maar hy wil ook 'die beweging wat daar die laaste jare in Afrikanerdom is weg van Afrikaner Christelike Nasionalisme en weg van isolasie en rasseskeiding, verder stimuleer'. Die koerant 'wil help om 'n tuiste te skep vir mense wat wil wegbreek van die apartheidlaer af. Vir mense soos Beyers Naudé en Breyten Breytenbach, wat vroeër weggebreek het, was dit baie moeilik gewees. Dit word al makliker. Ons wil dit nóg makliker maak. Ons wil dit aanvaarbaar maak om links van die regering te staan' (Du Preez in Louw, 1989: 20).

Breytenbach het hom tot 1988 nie uitgelaat oor die nuwe 'alternatiewe' Afrikaner-joernalistiek en 'aanvaarbare' alternatiewe Afrikanerskap nie. As 'n mens ná-tronk-uitsprake van hom oor die rol van die Afrikaner-intellektueel (kyk hoofstuk 7 VII) in ag neem, sou verskillende reaksies moontlik wees. Sou hy onlangse ontwikkelinge dalk interpreteer as pogings om 'saam te werk aan die nodige transformasie na 'n demokratiese staat' (soos hy tydens die Rapportprys-toespraak bepleit) en as 'n bydrae wat die Afrikaner-intellektueel binne *eie* kring lewer tot die verandering van gevoelens binne die blanke gemeenskap? Of sou hy dit in die lig van sy kritiek teen die versigtige en oneffektiewe 'betrokkenheid' van wit intellektuele (kyk hoofstuk 7 X) sien as net nog 'n maneuver om soepelheid aan die onhervormbare sisteem te verleen?

Die sogenaamde alternatiewe Afrikaanse 'scene' word immers reeds vanuit progressiewe kringe self bevraagteken. Steenkamp en Massyn (1988: 2-3) wys byvoorbeeld daarop dat die bestel probeer om die opkoms van 'n progressiewe opsionele diskoers te verhinder onder meer deur die onderskepping daarvan deurdat die heersende orde die ontwikkeling daarvan as 'n gemarginaliseerde subkultuur aanvaar en self aanmoedig. 'Alternatiewes' word toegelaat om gesprekke te voer 'wat net die intellektuele (Europees-georiënteerde) room van die volk kan verstaan'. 'n 'Geakademiseerde', klein pretensieuse cocktailparty-atmosfeer heers in dié kringe wat tot die skepping van 'n nuwe verligte establishment bydra wat op die lang duur 'n reaksionêre rol moet speel.

Ook Gerrit Olivier reageer teen die 'heroïese' beeld wat van 'alternatiewe Afrikaners' voorgehou word in die 'yuppie'-media. Hy wys daarop dat 'byna

alle selfrespekterende lede van die (Afrikaner-)groep deesdae alternatief wil doen':

> Waar stedelike Afrikaners vandag byeenkom, word apartheid deur die bank verdoem... Maar die volgende dag gly die land nog 'n entjie verder in die rigting van 'n korrupte tirannie. En ontstaan die vraag: kan die sogenaamde Alternatiewe Afrikaner tot meer in staat geag word as 'n periodieke uitbarstinkie teen die heersende magte?... Ons is in ons selfvertroetelde alternatiwiteit vasgevang... En die Alternatiewe Afrikaner... is 'n wilde groeisel aan dieselfde loot (as 'die Afrikaner'). (*VW.*, 3.2.89)

Die Afrikaner kán homself volgens Olivier nie vernuwe nie; slegs 'in samewerking of vereenselwiging met ander mense' kan die Afrikaner uitkom by 'n ware 'alternatief': iets nuuts wat die voorafgaande uitsluit en oorbodig maak (*ibid.*). Gesien in die lig van Breytenbach se konsekwente verwerping van 'hervorming', sou 'n mens kon aflei dat hy met laasgenoemde stelling van Olivier akkoord sou kon gaan.

In 'n era waarin 'alternatiewe' Afrikanerskap vinnig besig is om die 'aanvaarbare' ('verantwoordelike') norm te word, word daar anders gekyk na Breytenbach se 'Afrikaner-verraad' (vergelyk uitsprake tydens sy verhoor in hoofstuk 6 II). Breytenbach word wel nie 'n 'patriot' genoem soos in die liberale Engelse pers nie (Toffoli, 1989), maar jong, progressiewe Afrikanerdenkers, soos die historikus Albert Grundlingh (1985: 33-34), bring nuwe gesigspunte in die debat rondom 'verraad'. Met verwysing na 'n uitspraak van eerste minister Vorster (aangehaal in Breytenbach, 1984a: 283) dui Grundlingh aan dat Breytenbach vir Vorster 'n verraaier is omdat hy die land onder valse voorwendsels binnegekom het en van plan was om die oogmerke van 'ondermynende' versetbewegings teen die bestaande bestel te bevorder. Sy broer, Jan Breytenbach, daarenteen was as lid van die 'recce'-kommando, die snypunt van die Suid-Afrikaanse Weermag, 'n held. En dit terwyl die weermag, volgens Grundlingh, 'intiem gemoeid is met die behoud van die *status quo* in die land'.

Volgens Grundlingh is verraad 'n komplekse aangeleentheid wat 'binne die bepaalde historiese konteks beoordeel moet word' omdat 'die mate van legitimiteit wat die heersersklas oor 'n breë front op formele sowel as informele vlak by die totale bevolking geniet' van deurslaggewende aard is (*ibid.*). Toegepas op die hedendaagse Suid-Afrikaanse situasie is die argumente soos volg. Aan die een kant is daar dié wat reken dat daar met reg gevra kan word of die huidige Suid-Afrikaanse regering soveel steun van die oorgrote meerderheid bevolking in Suid-Afrika geniet dat dit enigsins op formele of informele legitimiteit kan aanspraak maak; strukturele geweld deur die regering dra volgens hierdie waarnemers daartoe by om 'n legitimiteitskrisis vir die staat te skep. Historici in hierdie kategorie redeneer dat daar onder geen omstandighede sprake van 'n legitieme dominante blanke regering in Suid-Afrika kan wees nie, aangesien sy gesag bloot sou berus op die aanpassings en modifikasies van historiese koloniale kapitalistiese strukture waardeur swartes struktureel tot ondergeskiktheid in hulle eie land gedoem is. (Een van die redes waarom Breyten Breytenbach hom teen die regering verset het, was juis - soos in hierdie

kringe geredeneer word - omdat hy voel die staat nie naastenby verteenwoordigend van die bevolking is nie en daarom nie aanspraak kan maak op legitimiteit nie.) Aan die ander kant is daar die waarnemers wat vanuit 'n eng en kliniese regsoogpunt aanvoer dat die Suid-Afrikaanse regering binne die huidige situasie die gevestigde, en derhalwe wettige heerser is, wat meebring dat ondermyning van die staat gelykstaande is aan verraad.

Perspektiewe soos hierdie beklemtoon ‘die komplekse korrelasie tussen legitimiteit en verraad, asook die vae skeidslyn tussen aanvaarbare en onaanvaarbare verset’ (*ibid.*). Na aanleiding hiervan vra Grundlingh: ‘Kan Breytenbach, en andere soos hy, werklik as verraaiers beskou word omdat hulle die politieke wette van 'n staat met twyfelagtige breë legitimiteit oortree het? Kan ons die verset van die bittereinders teen (legitieme) Britse oorheersing as geregverdig beskou, maar die verset van swartes teen blanke oorheersing en apartheid verdoem? Is Breytenbach ook 'n verraaier in die oë van die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking?’ (*ibid.*)

In konserwatiewe Afrikanerkringe word Breytenbach nog steeds as 'n verraaier beskou - ná sy Rapportprys-toespraak word hy 'n ‘joiner’ genoem (vergelyk hoofstuk 7 V). In linkse geledere word hy weer soms verdink van die teenoorgestelde, naamlik dat hy gekoöpteer is of die *status quo* versterk (soos uiteengesit in hoofstuk 7 X).

IV
Breytenbach en die diskoers rondom Afrikaans

Ná sy vrylating word dit duidelik dat Breytenbach van sy vroeëre beskouings en aspirasies ten opsigte van die Afrikaanse taal en kultuur (soos uiteengesit in hoofstuk 5 I) gewysig het. Waar hy in 1973 nog die hoop gehad het dat Afrikaans verruim of getransformeer kon word, verwerp hy in die vroeë tagtigerjare so 'n ideaal as irrelevant. In 'n onderhoud met Adriaan van Dis van *NCR Handelsblad* (11.12.82) sê hy dat hy tien jaar tevore geglo het dat daar nog hoop vir Afrikaans kon wees indien dit ook in die verset(-beweging) gepraat word. Maar dit is reeds te laat - dit is 'n miskenning van die werklikheid en veral 'n vernedering vir swart en bruin wat dit nie meer wil hê nie. Hy beskou die pogings om Afrikaans vir swartes aanvaarbaar te maak as pateties. Afrikaans sal waarskynlik nog net 'n rol speel as oorblyfsel in stad-‘slang’: ‘Maar Afrikaans as jongste prins van die Germaanse familie - die prins is vergiftig. Wat oorbly is 'n taal vir grafskrifte.’ (Ampie Coetzee ‘nuanseer’ hierdie uitspraak, onder meer in *Vo.*, 22.4.83.)

In 'n lesing gehou voor die Hollandse tak van PEN, kort ná sy vrylating, distansieer Breytenbach hom van die lot van Afrikaans - dit gaan hom nie aan of die taal bly voortbestaan of verdwyn of verander nie, want dit is 'n ‘besmette

taal' ten spyte daarvan dat dit 'n bewuswordings- en uitingsmiddel van verbysterende skoonheid is - 'But people will sing in whatever language they happen to dip their tongues into' (1983d: 102).

Breytenbach wil hom nou nie meer, soos wat hy vroeër gedoen het, beywer vir die transformasie van die Afrikanergemeenskap en dus van die Afrikaanse taal nie:

> In its present sociological context and political impact Afrikaans bears the stigma of being identified with the policeman, the warder, the judge and the White politician. Afrikaans is the language of oppression and of humiliation, of the boer. Official Afrikaans is the tool of the racist. That is why the majority of South Africans mock and nearly instinctively reject the Taal. (1984a: 321)

Selfs die uiterste katastrofe, die potensiële verlies van Afrikaans en die uitwissing van die Afrikanerkultuur, word nou in pragmatieser terme bekyk as vroeër:

> To me it is of little importance whether the language dies of shame or is preserved and strengthened by its potentially revolutionary impact. Of course it would be a loss if it were to die: a language is a living organism, not just a reflection of life, but also a precurser and a crucible thereof. (*op.cit.*: 322)

Al sou die dood van die taal 'n verlies wees, stem hy nie saam met die strategieë wat ingespan word om Afrikaans te verskans nie:

> But I most certainly do not agree with the need to wage a struggle for the survival or the imposition of Afrikaans. Those who do so are, to my mind, objectively strengthening the ideology of the White rulers. They justify their power monopoly (and the accompanying oppression of others) in terms of their so separate and so specific cultural identity - which can first of all be indicated only by Afrikaans. (*ibid.*)

In 'n later stadium kom Breytenbach egter weer met argumente wat 'n rol toeken aan Afrikaans. Hy voer dan aan dat dit nie nódig is om Afrikaans te verskans nie: 'Hy sal bly voortbestaan juis omdat dit nie die alleenbesit van die wit establishment is nie, maar ook omdat ons daarin gaan slaag - ek is oortuig daarvan - om alternatiewe inhoud aan die taal te gee, en ook ander ideë van belang vir die Suid-Afrikaanse toekoms daarmee te verwoord' (1985d: 47). Hy skryf dus nie die potensiële krag van die taal finaal af nie, maar stel die taal ondergeskik aan én in diens van die bevrydingstryd. Afrikaans is immers 'een van die belangrike komponente van 'n Suid-Afrikaanse kulturele identiteit' (*ibid.*); hierdie 'lieflike bastertaal... kan 'n belangrike rol speel... (in die)... transformasie na 'n demokratiese staat' indien dit bydra tot die 'dieper denke, 'n breër bewussyn, 'n fyner gewete, die ontplooiing van 'n weerstands-etos' waarvoor hy hom beywer (*Rap.*, 13.4.86). Die Afrikaans waarvoor Breytenbach nog hoop het, is egter nie establishment-Afrikaans nie: 'Ai, hoe verpes ek daardie deftige Mercedes- of Fakulteits- of Burokratiese of Germaanserige Aférikhans met sy korsette en tanglippe en Akkademies en Hoofkantore! Gee

my die lekker stink bokkem-en-biltong bruin taal, proletêr en méns!' (1987: 117).

In die tagtigerjare is daar uiteenlopende gevoelens onder Afrikanerintellektuele oor Breytenbach se uitsprake oor Afrikaans. Aan die een kant is daar Afrikaanse letterkundiges wat dit teen Breytenbach hou dat hy een van die skeppende woordmense is wat nie die '*private ache* oor volk en taal' deel nie en wat nie ontstemd is oor die 'potensiële ondergang van die Afrikaner en sy taal' nie. Met verwysing na uitsprake deur hom (in sy poësie en in openbare toesprake) besluit Réna Pretorius: 'Geen redelike en denkende mens kan hierdie beledigende, onbeheerste, onwetenskaplike uitsprake ernstig opneem nie!' Vir haar het sy 'doemprofesie' oor die taal egter misgeloop (1984: 62).

Aan die ander kant word Breytenbach se strategieë, daterend uit die jare vóór sy tronkstraf, vandag aan uiteenlopende fronte voorgestaan. Sy siening dat Afrikaans hoop het op voortbestaan indien dit ook in die versetbeweging gepraat word, word tans gedeel deur die meeste Afrikaanse skrywers (soos hy self daarop wys in *NRC Handelsblad*, 11.12.82). JC Steyn, vader van die 'Derde Taalbeweging' loof, uit hoofde van sy pleidooi vir die 'behoud en bestaan' van Afrikaans, Breytenbach vir sy 'bevryding' van Afrikaans (1980: 281-282). Selfs die Nasionale Party 'kondoneer' Breytenbach. FW de Klerk, in 1986 minister van nasionale opvoeding en later hoofleier van die Nasionale Party, verwoord die strategie van 'hervormingsgesindes' van die Nuwe Bedeling só: 'Afrikaans is nie net die taal van die blanke nie, maar verbreed die horisonne van almal wat die taal ken... Die Afrikaanse taal is nie die taal van moedeloosheid of verstarring nie, maar 'n taal van vooruitgang... Dit is ook die taal van 'n Breyten Breytenbach en van die gewese leier van die opposisie, dr. Van Zyl Slabbert...' (*Bu.*, 11.2.86). 'Ontnugterde verligtes', soos Degenaar (1987: 205-209), Willem de Klerk (*De Kat*, Feb. 1988) en Pakendorf (*De Kat*, Apr. 1988), betrek Breytenbach se (vroeë) uitsprake oor Afrikaans by hul voorgestelde strategieë vir die bevryding van die taal van die stigma wat daaraan kleef. Breytenbach se omstrede argumente uit die sestiger- en sewentigerjare word dus nou onderskryf en ingespan deur beleidmakers en meningsvormers. Maar ook van links word 'n houding teenoor die taal weerspieël wat kan lyk soos 'n antwoord op Breytenbach se oproep tot die redding van Afrikaans: 'As Afrikaans die taal van arm, gedomineerde mense is, is dit ook die taal van mense in stryd. Afrikaans is inderdaad die taal waarmee ons ons in 'n sosiale, politieke en ekonomiese stryd oproep... Ek skryf in Afrikaans. Ek stry in Afrikaans' (Willemse, 1985: 228, 229). Dit wil dus lyk of die samelewing sedert die 1973-Somerskool wel só verander het dat daar ruimte gekom het vir Breytenbach se soort 'afwykende denke' (vergelyk Degenaar se pleidooi in hoofstuk 5 III).

Dit beteken egter nie dat Afrikaans in die konteks van tagtig 'gedepolitiseer' is nie. Afrikaanssprekendes wat deelneem aan die ideologies-verankerde diskoers rondom Afrikaans maak, op grond van die strategieë wat hulle voorstaan, deel uit van algemene politieke groeperinge:

Die ver-regses wil Afrikaans 'n nuwe simbool van ‘witmanskap’ in Suid-Afrika maak (vergelyk Stofberg in *TC.*, 11.2.86).

Die verligtes binne die sogenaamde ‘Derde taalbeweging’-groepering, wie se grootste stimulus kom van die hervormingsbeweging, se taalstrategieë en ‘oopstellingsaksies’ ten opsigte van Afrikaner-kultuurliggame is gerig op ‘regstelling’ met die oog op die voortbestaan en bewaring van die Afrikaanse taal en kultuur. Theo du Plessis (1987: 110-113) onderskei drie temas by hervormingsgesinde taalkundiges soos JGH Combrinck, FF Odendal, MCJ van Rensburg, HGW du Plessis, JH Senekal en KP Prinsloo (vergelyk hulle bydraes tot Prinsloo en Van Rensburg, 1984 en Du Plessis en Du Plessis, 1987): Afrikaans is 'n taal van Afrika vir Afrika; Afrikaans is nie die eksklusiewe besit van die Afrikaner nie, en Afrikaans is nie 'n taal van verstardheid nie. Al drie hierdie temas, wat ook sedert die sewentigerjare herhaaldelik beklemtoon word in die grondwet en referate van die Afrikaanse Skrywersgilde (vergelyk Malan en Smit, 1985) toon raakpunte met (vroeë) uitsprake van Breytenbach.

Segsmanne vir die (Kaapse) beweging vir ‘Alternatiewe Afrikaans’ ‘herideologiseer’ Afrikaans (*Insig*, Apr. 1988) en span dit doelbewus in vir doelwitte wat anti-(wit)-establishment en anti-Afrikanersentries is en ingaan téén die Afrikaner se kultuurhegemonie. Dié ‘beweging’ kan nie losgemaak word van die konteks van die swart bevrydingstryd in die breë nie (Willemse, *Va.*, 1.10.84; Van der Ross, 1986: 335 en 358; Gerwel, 1984: 4). Terwyl iemand soos André P Brink se politieke *bona fides* nog nie oral in hierdie kringe aanvaar word nie ‘omdat hy binne 'n literêre konteks wat deur die establishment beheer word, bly beweeg’, is Breytenbach die enigste wit skrywer wat volgens sommige aktiviste aanvaarbaarheid in dié progressiewe beweging het. Dit is so ‘omdat hy eerlik afstand gedoen het van Afrikaans as 'n Afrikaner-ding, en die moontlikhede van die taal binne 'n revolusionêre opset insien’ (Willemse in Louw, 1988: 21). Met sy besoek aan die Universiteit van Wes-Kaap, die spilpunt van die Alternatiewe Beweging, in 1986 het Breytenbach gevoel hy is ‘weer tuis tussen sy mense’ (*Rap.*, 27.4.86); hier immers is ‘tasbare bewyse gelewer van die rigting van die Suid-Afrikaanse stryd’ (*Rap.*, 20.4.86).

Dit is ironies dat die Kaapse Beweging wat (Kaapse) Afrikaans wil bevry van sy beeld van verdruktheid establishment-Afrikaans versterk. Dit is nie net die Afrikaanse pers wat so dink nie (byvoorbeeld *Vo.*, 5.6.85), maar ook meningsvormers binne die Afrikaanse literêre bestel. Die verskyning van digbundels soos Hein Willemse se *Angsland* (1981), Frank Anthony se *robbeneiland my kruis my huis* (1983), Patrick Petersen se *Amandla ngawethu* (1986), asook gedigte van Achmat Dangor, Modikwe Dikobe en ander skrywers in ‘little magazines’ en bundels, verteenwoordig vir Jan Rabie (*Bu.*, 29 en 30.7.83) en André P Brink (*Bu.*, 27.10.83) 'n ‘nuwe groeipunt’ in Afrikaans. Brink sien dit as ‘een van die min waarborge vir oorlewing van Afrikaans’, want waar Afrikaans die laaste paar jaar ‘verwerp is as 'n rassistiese taal, word dit nou ontgin as die taal van rewolusie’. Die beweging om ‘Alternatiewe Afrikaans’ het egter al verder uitgekring as die bedrywighede van ‘bruin’ skrywers; heelparty blankes is vandag segsmanne vir ‘Alternatiewe Afrikaans’ en die ‘bevryding’ van die taal (soos tydens die ‘Taal in die stryd’-konferensie van April 1989).

Beoordeel vanuit linkse perspektief is daar die moontlikheid dat die Kaapse Beweging ‘gekoöpteer’ kan word. En van die kant van die Beweging self is daar skuiwe wat geïnterpreteer word as òf toegewing aan die ‘system’ en die establishment òf as 'n strategie van slim gebruikmaking van bestaande strukture en kanale in 'n tyd dat alternatiewe uitlewingskanale al doeltreffender onderdruk is. In 'n stadium kom daar selfs waarskuwings van segsmanne binne die beweging vir ‘Alternatiewe Afrikaans’. Hein Willemse heg, in politieke konteks, meer waarde aan die relevansie van ‘werkersafrikaans’ as aan die pogings van òf die blanke skrywers (en taalkundiges) òf die eksperimente in ‘alternatiewe’ Afrikaans. (Een van die min voorbeelde van politieke interaksie in die gemeenskap deur medium van ‘werkersafrikaans’ is die Oudtshoornse koerant *Saamstaan*.) Willemse het sy bedenkinge omdat ‘die mense wat (met “Alternatiewe Afrikaans”) doenig is, nie 'n duidelik genoeg politieke program of historiese bewustheid (het) nie... hulle loop daarmee die gevaar om bloot deel van 'n bestaande literêre tradisie te word en sodoende subtiel deur die establishment “gekaap” te word’ (aangehaal in Louw, 1988: 21).

Soos aangedui is, word argumente wat Breytenbach in die sestiger- en sewentigerjare ter redding van Afrikaans aangevoer het, in die tagtigerjare deel van die Afrikaner-establishment se hervormingsaksies. Die bedenkinge wat Breytenbach oor hierdie hervormingstrategieë het, is ook deur ander waarnemers geopper. Ironies genoeg het Jakes Gerwel sý kritiek tydens Gildebyeenkomste uitgespreek. In 1976 reeds wonder hy of ‘hierdie gemoeidheid met Afrikaans nie 'n stukkie reaksionêre sektarisme is wat strydig is met die progressiewe magte van Afrika nie?’ (1976: 42). In 1982 voer hy aan dat die enge eksklusiwiteit waarop die politiek van weleer gebou is, uitgedien en onfunksioneel raak en dat die diskoers om die de-eksklusivering van Afrikaans in diens staan van die soeke na alliansies met die bruinman (1982: 193). Hy vereenselwig hom met Breytenbach se sienings oor Afrikaans in *Confessions* (*Va.*, 2.7.84) en noem pogings tot de-eksklusivering en oopstelling ‘koöptering’ (*Bu.*, 3.7.85).

Onder wit Afrikanerskrywers is daar ook, reeds sedert die laat sewentigerjare, tekens van onrus oor hervormingstrategieë ten opsigte van Afrikaans. John Miles (1979: 100) vind 'n ‘groot gedeelte van die besorgdheid oor “ons pêrel van groot waarde” niks anders as 'n sentimentele gesanik na 'n vervloë “paradys” nie’. Ampie Coetzee, wie se (literatuur)opvatting(s) 'n verskuiwing ondergaan het ná die Breytenbachverhore en die polemiek rondom die verskyning van *Poësie en politiek* (soos aangedui in hoofstuk 6 XI), het hom ook van die reddingsaksie rondom die Afrikaanse taal en letterkunde gedistansieer:

> Dit is... skynheilig en ongevoelig om gedurig te praat oor die voortbestaan van Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde wanneer ander se vryhede en ander se lewens ter wille van die Afrikaner se ideologie vernietig word. Ons moet nie van Afrikaans 'n afgod maak nie... Ek weier om getrou te wees aan 'n eksklusiewe Afrikaanse letterkunde, aan ons wit demokrasie, aan Afrikaner-identiteit gehandhaaf met geweld. Ek kan nie meer getrou wees aan die geloof dat die Afrikaner die vermoë besit om 'n staatsvorm te ontwerp wat in die algmeen vir alle mense aanvaarbaar sal wees nie. Ek kan nie getrou wees aan die hoop dat die Afrikaner

> ‘diskriminasie sal verwyder’ terwyl hy die voedingsbron daarvan, sy huidige beleid, steeds wil handhaaf nie... Ek sal dus lojaal wees aan diegene wat die onreg in hierdie land probeer uitroei; en ek sal in verset bly teen diegene wat die onreg wil voortsit. (1978: 66)

Vandag voel al meer Afrikaner-intellektuele dat daar fundamenteel anders gedink moet word oor die Afrikaanse taal en kultuur; van hulle aanvaar, soos die na-tronkse Breytenbach, dat die debat oor Afrikaans ondergeskik gestel moet word aan die strewe na 'n demokratisering van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die filosoof JJ Degenaar sluit aan by die hoop wat Breytenbach reeds in die vroeë sewentigerjare (1972a: 17) gestel het op die skeiding van Afrikaans en die bewind waarmee dit vereenselwig word. Degenaar voer naamlik aan dat die Afrikaanse taal (en kultuur) in 'n pluralistiese Suid-Afrikaanse opset bewaar kan bly deur die ‘ontkoppeling van dié kultuur en politieke mag’ (1984: 25). Eers as Afrikaans bevry is van sy gebondenheid aan blanke magspolitiek, kan daar gepraat word van ‘Afrikaans as taal van bevryding’. En as dít gebeur, hoef die bekommerde Afrikaner-intellektueel hom nie (soos Breytenbach in sy grafskrif-uitspraak, aangehaal deur Degenaar) te distansieer van Afrikanerskap en van die Afrikaanse taal nie (1987: 208). In taalkundige kringe vra Theo du Plessis of die bekommernis oor die toekoms van Afrikaans nie Afrikaner-sentries is en op 'n ‘versweë nasionalistiese premis’ berus nie (1987: 116); hy glo dat om deel te word ‘van 'n nuwe, demokratiese Suid-Afrika dit juis nodig is dat Afrikaans se naelstring met Afrikanerdom geknip word’ (*Vo.*, 8.3.88). (Sy ‘radikale’ siening lok reaksie uit, vergelyk byvoorbeeld JH Senekal, *Vo.*, 16.3.88.)

Ook binne die literêre bestel word die verhouding tussen Afrikanermag en Afrikaans 'n belangrike gesprekspunt. In 1985 rig Dan Roodt 'n uitdaging aan die progressiewe Afrikaanse skrywer om ‘nee’ te sê vir ‘Afrengels’ ('n ‘koloniaal-akademiese pidgin’) en ‘ja’ vir:

> 'n Afrikaans wat niks te make het met die bargoens van die SAUK en Naspers, die NP en die Akademie nie, maar met daardie geboorte wat die gevolg is van 'n taalkundige deterritorialisering, 'n dekodifisering van dit wat so onthullend bekend staan as Algemeen-Beskaafde Nederlands, en wat vandag gebroke en verspreid lê in die monde van sekere ‘anderskleuriges’ en in die onderdrukte, gesensureerde tekste van onder andere Breytenbach (en hier bedoel ek veral sy prosa), Miles, Marais se *Dwaalstories* miskien, Rabie en in sekere resente publikasies waarin veral daardie opstand wat met die vrou te make het, ter sprake is. *Mutatis mutandis*, wie sou bereid wees om hierdie gewonde taal, wat in Engels slegs en universeel bekend staan as 'n ‘taal, van die onderdrukker’, te verpleeg? Nie deur dit gesond te maak nie, wat juis die siekte sou vererger, maar deur dit verder te misvorm, 'n radikale chirurgie, 'n amputasie wat ons dalk in staat sou stel om te begin met die aftakeling van mag wat orals is... (1985: 37)

Daar is persone wat dit as 'n gegewe feit aanvaar dat 'n meerderheidsregering (en dié se kultuurbelange) die basis sal wees vir 'n toekomstige bedeling. Vir Philip John (1987a: 3) byvoorbeeld, is dit duidelik dat die ‘“Afrikaner”, sy

regering én sy taal nie meer koning kraai oor die mishoop nie'. Die enigste gangbare ideaal tans, en in die toekoms, 'in teenstelling met die handhawing en troeteling van alles "Afrikaans", is die skepping van 'n demokratiese gemeenskap in Suid-Afrika... gepaard hiermee is die wete dat "Afrikaans" slegs 'n rol kan (moet) speel as *middel tot 'n doel*. Wat (in Afrikaans) gedoen word, gebeur nie ter wille van "Afrikaans" nie, maar as bydrae tot die skepping van 'n demokratiese Suid-Afrika'. Gerrit Olivier meen 'n mens kan 'intuïtief baie simpatie hê' met die gevoel wat baie Afrikaners vandag het dat 'n algehele breuk met die Afrikaanse kulturele wêreld gewens is omdat die Afrikaanse kultuur verpand geraak het aan 'n verwerplike politiek: 'As onderdeel van die blanke enklave is ook die Afrikaner verskans agter die barrikades van die Noodtoestand; geïsoleer van die politieke bewegings onder die res van die bevolking; innerlik dood; moeg en beangs'. 'n 'Totale breuk' met die verlede is egter, volgens Olivier, 'n illusie - 'n 'skoon begin' is nie moontlik nie. Daar kan egter 'n debat kom - 'n debat wat nie net 'n meerderheidsregering as basis vir 'n toekomstige bedeling aanvaar nie, maar wat geskied met verwysing na die swart politiek en ondergeskik gestel word aan die strewe na demokratisering (1987: 10).

In hierdie proses, só word teen 1989 gevoel, moet gewaak word teen 'n verheffing van 'alternatiewe Afrikaans' tot 'iets afsonderliks met 'n afsonderlike program vir sy eie rehabilitasie':

> Taal en kultuur is in hierdie stadium belangrik slegs vir sover dit 'n rol in die bevryding van die land kan speel. Dit sou verkeerd wees om hulle op enige wyse te verselfstandig, selfs al word hulle verselfstandig as sogenaamde alternatiewe Afrikaans of alternatiewe Afrikaanse kultuur. (Van Niekerk, Jansen, Odendaal, 1989: 42)

V
Pryse en sensuur

In 1984, tien jaar ná die SA Akademie by monde van sy segsmanne erken het dat Breytenbach om ideologiese redes nie die Hertzogprys kan ontvang nie (soos uiteengesit in hoofstuk 5 VII), kom hy weer daarvoor in aanmerking. Baie water het intussen in die see geloop.

Aan die een kant is Breytenbach 'n kort rukkie ná die vorige Hertzogpryspolemiek gearresteer en skuldig bevind ingevolge die Wet op Onderdrukking van Terrorisme. Dít het as 't ware 'n seël geplaas op Cloete (en ander) se opvatting dat een man, en 'n digter daarby, sy land en sy mense 'se voortbestaan kan bedreig'. Verder is Breytenbach se sogenaamde 'bekering', waarmee hy talle (voorstander én teenstander) om die bos gelei het, oopgevlek vir wat dit waarlik was: 'n oorlewingstrategie wat gerugsteun is deur die staat se medewerking en -pligtigheid. Na sy vervroegde vrylating uit die tronk

verskyn sy ‘tronkverslag’, *The true confessions of an albino terrorist*, wat inderdaad geen heilige Afrikanerkoei onaangeraak laat nie.

Aan die ander kant is die Afrikaner uit sy euforie geskok deur gebeure aan die politieke front sedert 1976: die Soweto-onluste en die nasleep daarvan, die Inligtingskandaal en interne skeuring van die Nasionale Party, die implementering van 'n nuwe eerste minister se ‘totale strategie’ teen 'n ‘totale aanslag’. Die eerste treë is gegee op die pad van 'n ‘Nuwe Bedeling’, volgens Breytenbach gerig op die versekering van die oorlewing en voortbestaan van die Afrikaner.

Die jaar 1984 is die jaar waarin die Akademie sy vyf-en-sewentigste verjaardag vier. Daar is besluit dat alle genres oorweeg moet word vir die Hertzogprys; terselfdertyd gee dit ook aan die Letterkundige Kommissie die geleentheid om 'n skrywer te bekroon vir al sy werk. Persberigte wys daarop dat die Akademie by vorige geleenthede daarvan weggeskram het om Breytenbach te bekroon - nie alleen as gevolg van persoonlike vooroordele nie, maar ook omdat hy polities ‘ongewens’ beskou is. Volgens *Rapport* (8.4.84) het ‘die ontdooiing van die Afrikanerpolitiek die laaste klompie maande (egter) by skrywers die hoop laat opvlam dat politieke oorweging nie 'n rol gaan speel by vanjaar se toekenning nie’. As dit die geval is, is daar volgens dié koerant eintlik nie iemand wat met Breytenbach kan kompeteer nie. Die literêre geskiedskrywer JC Kannemeyer wys daarop dat politieke en morele oorwegings gedurende die sestiger- en sewentigerjare 'n groot rol gespeel het in beslissings oor die Hertzogprys. Hy glo dat die prys gesien moet word in die konteks van die besondere rol wat die Afrikaner-establishment, die Nasionale Party en Broederbond in kultuuraangeleenthede speel. Die Akademie kon nie ontsnap van die invloed van hierdie organisasies nie en was daarom huiwerig om werke te bekroon wat anti-establishment politieke en morele waardes reflekteer het. Maar soos veranderde politieke omstandighede die stigma om skrywers soos Leipoldt en Uys Krige laat verdwyn het sodat hulle vandag ‘nasionaal’ aanvaarbaar is, só glo Kannemeyer dat dit ook eventueel met Breytenbach sal gebeur (*Star*, 16.4.84).

Soos voorsien is, ken die keurders vir die 1984-prys (Elize Botha - voorsitter - Merwe Scholtz, AP Grové, TT Cloete, Réna Pretorius, FR Gilfillan en Lydia Snyman) wel twee pryse toe: aan Henriette Grové vir haar prosawerk *Die kêrel van die Pêrel* en aan Breytenbach vir sy poësiebundel (*‘yk’*). Eersgenoemde vier van hierdie keurders het vroeër gedien op die komitees wat die prys van Breytenbach weerhou het.

Breytenbach bedank in 'n verklaring wat deur sy uitgewer Taurus uitgereik is en in *Die Vaderland* (7.5.84) gepubliseer word, die beoordelaars vir hul taksering van sy werk. Hy aanvaar dat ‘hulle besluit gelei is deur persoonlike literêre oorwegings’ en hy betwyfel nie die *bona fides* van die beoordelaars nie - al moes die besluit om hom te bekroon vir sommige keurders moeilik versoenbaar wees met hul eie oortuigings. (Iemand soos Cloete sou 'n onderskeid moes tref tussen wat hy vir die Broederbond of Veiligheidspolisie skryf en sy literêre oorwegings.) Breytenbach plaas sy beroning in die konteks van ‘die vloeibare situasie en van die opbouende druk vir interne aanpassing, miskien selfs

verandering... (en) gisting in Afrikanergeledere'. Hy self sou nie graag deur sy optrede 'die geringste gaatjie waardeur 'n windjie van verandering wel mag glip, wou obstrueer nie'. Tog kan hy nie anders as om die prys van die hand te wys nie. As rede voer hy aan dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'nog immer dié bolwerk bly van die Afrikaanse establishment'. En vir die meeste Suid-Afrikaners blý die land 'een van verskrikking en vervreemding en verdriet, in 'n politieke en ekonomiese en kulturele bestel wat gerugsteun word deur die bleek establishment'. Indien hy die bekroning sou aanvaar, glo Breytenbach dat hy nie sou meewerk aan daadwerklike verandering nie, 'maar 'n illusie van soepelheid help verleen aan strukture en 'n stelsel wat eksklusief bly: minoritêr, diskriminerend, en dáárom verdrukkend'. (Sy verklaring is ook opgeneem in 1984c: 147-149.)

Openbare reaksie op die Akademie se besluit en Breytenbach se bedanking van die prys, gee blyke van eietydse verdelings in Afrikanergeledere. Verligte Afrikaanse koerante beklemtoon in hulle redaksionele kommentaar die verblydende feit dat die Akademie hom deur dié bekroning 'losgemaak het van enige werklike of verbeelde vooroordeel wat die politieke opvattings van 'n skrywer betref' (met ander woorde van politieke en ideologiese oorwegings by besluitneming oor pryse) en daarmee dus 'n nuwe tydvak betree waarin hy uit die jonger Afrikaanse geesteslewe nuwe steun en krag sal aanvoel omdat bewys is hoe 'liberaal' die vereiste van diens aan die Afrikanersaak werklik geïnterpreteer word (*Rap.*, 29.4.84; *Bu.*, 30.4.84; *Va.*, 1.5.84; *Tv.*, 30.4.84). Wat Breytenbach se motivering vir sy bedanking betref, voel *Die Burger* (wat volgens sommige waarnemers PW Botha te onkrities ondersteun) dat hy hom laat lei het 'deur politieke aanklagte wat in vandag se terme 'n argaïese klank gekry het'. Ook *Die Volksblad* (30.4.84) veroordeel die 'omstrede' Breytenbach wat hom 'vervreem' het van die Afrikanergemeenskap deur hom te distansieer van 'n erkende Afrikaner-organisasie.

Vanuit skrywersgeledere wissel die reaksie oor die toekenning aan Breytenbach van dankbaarheid dat die Akademie 'sy rekord skoon gestel het' tot versigtige skeptisisme. Gerhard Beukes meen die besluit was wys en ''n bestendiging van die Akademie se standpunt dat slegs literêre gehalte in sy bekronings 'n rol speel' (*Vo.*, 2.5.84); Jan Senekal glo dit is goed dat Breytenbach die erkenning vir sy bydrae tot die Afrikaanse kanonletterkunde gekry het (*ibid.*); ook Dot Serfontein verwelkom dit dat die Akademie die digter se 'onbetwisbaar goeie werk' beloon het (*ibid.*). Al drie hierdie kommentators vind dit egter jammer dat Breytenbach dit om 'suiwer politiek-ideologiese redes van die hand gewys het' (Beukes), want dit 'verpolitiseer die hele ding en roep die dekadelange politieke gevegte' waarin hy beland het, voor die gees (Senekal) - bowendien is sy politieke redes 'só ouderwets en uit pas dat 'n mens kan glo hy sit nou maar ook in eensame opsluiting' (Serfontein). Ander skrywers het op hulle beurt bedenkinge oor die Akademie se optrede. Jan Rabie wonder of die dubbele toekenning 'nie 'n slenter van die Akademie is om iemand in Pretoria tevrede te stel nie', want hy glo Breytenbach moes sowel die prosa- as die poësieprys gekry het (*Beeld*, 28.4.84). André P Brink voel die Akademie diskrediteer die prys vir die soveelste keer deur dit net vir een van

Breytenbach se bundels toe te ken en nie vir sy hele oeuvre nie: ‘Dit is tipies veiligspeel na alle kante toe. Deur ook 'n prys aan Grové te gee, probeer hulle die toekenning balanseer’ (*ibid.*). Adam Small is die enigste wat stel dat Breytenbach ‘'n betekenisvolle gebaar gemaak’ het deur die prys te weier (*Tv.*, 30.4.84).

In teenstelling met die verligte koerante en ingeligte lesers se opvatting dat politiek hierdie keer nie 'n rol gespeel het in die Akademie se besluit nie, staan dié van waarnemers regser én linkser op die ideologiese glyskaal. Aan die een kant reken *Die Afrikaner* (9.5.84): ‘Die waarheid is dat die teenoorgestelde politiek van wat altyd 'n rol gespeel het, nou die rol gespeel het - in meer regstreekse terme, die liberale en verlinkse politiek het nou 'n rol gespeel terwyl vroeër die nasionale politiek 'n rol gespeel het’ - en in die ommeswaai het die ‘aktivistiese politiek’ van Breytenbach, wat vroeër verwerplik was in terme van Afrikanerwaardes en Afrikaner-nasionalisme, aanvaarbaar geword.

Aan die ander kant skryf Julian F Smith in 'n artikel oor die Hertzogprys in *Stet* (1985: 26-28) die feit dat dié prys aan die ‘aartsdissident’ Breytenbach toegeken is, toe aan die ‘nuwe strategie... van repressiewe verdraagsaamheid, wat deel is van die oorlewingstrategieë van die Afrikaner’. Volgens hom fungeer die toekenning van die prestige-Hertzogprys as poging om 'n ‘bydrae te lewer tot 'n nuwe beeld van die Afrikanerhegemonie - 'n beeld wég van die eens totalitêre, onverdraagsame een na 'n beeld van erkenning van regte, konsilisasie, vreedsame naasbestaan, “demokratisering”, ensovoorts’; hierdie repressiewe verdraagsaamheid bly egter nog steeds ‘'n poging van die Afrikaner-groep om in beheer te bly’.

Dit is nie net die toekenning van pryse wat in die lig van ‘repressiewe verdraagsaamheid’ gesien kan word nie, maar ook ‘verligte sensuur’. Hierdie ‘nuwe sensuurbedeling’ raak Breytenbach direk ná die verbod op sy bundel *Skryt* in 1985 opgehef word (vergelyk hoofstuk 6 I vir die geskiedenis van dié verbod).

Breytenbach se opvatting (soos uiteengesit in hoofstuk 6 I) dat sensuur in Suid-Afrika *politieke sensuur* is, word vandag oor 'n wye front gedeel. Louise Silver (1979: 126) bevind dat 'n toenemende aantal publikasies tussen 1975 en 1978 op grond van sosiologiese en politieke gronde verbied is. Verdere bewys hiervoor is dat die meeste swart skrywers, wat hul hoofsaaklik bemoei met kritiek op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel, teen 1980 nog verbied is/word (*Hoofst.*, 28.9.80). Aan die begin van die tagtigerjare is daar onder ‘linkse’ Afrikaner-letterkundiges (vergelyk hoofstuk 6 XI) 'n bewuswording van literêre sensuur as deel van 'n wyer politieke strategie en van die problematiek van ‘literêre gehalte’ wat in die hande van die sensuurmasjinerie speel (Ampie Coetzee, 1980: 3-5). Sensuur word vanuit hierdie perspektief gesien as ‘politieke wapen, 'n instrument van ideologie’ en dit sal nie help om (soos die Gilde) ‘planne te beraam oor hoe ons bevoorregte vryheid van spraak gaan verskans nie, of om metodes te bedink wat die skrywer 'n sekere mate van vryheid - binne die beleid natuurlik - sal kan gee nie’. Daar sal besluit moet word ‘waar ons staan met betrekking tot die politieke ideologie waaruit hierdie sensuur voortkom, want sensuur is belangriker as bloot 'n wet wat sekere boeke

verbied' (1978: 65-66). Al vyf die bydraers tot die bundel *Censorship* (Coggin, 1983) - al skryf hulle vanuit verskillende perspektiewe - deel die siening dat sensuur 'n politieke instrument is, 'n metode waardeur politieke mag gemonopoliseer word deur die kontrole van inligting. Grobler (1986: 25) voer aan dat die staat, deur seksionele belange as 'universele' belange en deur bepaalde sosiale verhoudinge as 'natuurlik' voor te hou, sy ideologie gebruik om mense se sosiale gedrag te manipuleer.

'n Vergelyking van die aantal verbode publikasies in 1983 met dié in 1982 (646 teenoor 762) (Cornwell, 1986b: 47), en met inagneming van die uitgangspunte van die nuwe Voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies (Galloway, 1982: 226) asook die publikasie van bepaalde riglyne ten opsigte van die toepassing van die wet (Cornwell, 1985: 94-95), lyk dit of daar in die vroeë tagtigerjare sprake kan wees van 'n meer liberale/verligte sensuurbedeling. Daar is egter waarnemers wat skepties staan teenoor dié tendensie. Die gebruik daarvan om invloedryke meningsvormers binne- én buitelands te paai deur 'n skyn van toegeeflikheid is, volgens Cornwell (1982: 79-80), alreeds in 1979 geïdentifiseer. André P Brink wys op 'two dangers lurk(ing) inherent in the new movement of liberalisation... either it may create a false sense of security or it may prompt the numbness of impotence, of being "used" by the state for its own purposes, of being manipulated. And there is no doubt at all: those of us who are today allowed more freedom in publishing than before are *indeed* being used' (1983: 53).

Ná sy vrylating is Breytenbach se verwerping van sensuur selfs feller as vroeër. Hy noem dit 'n 'daad van skaamte', ''n mosie van wantroue in jou medemens en in jouself' (*Rap.*, 29.5.83). Volgens hom hou sensuur, net soos apartheid, mense 'apart', dit bevorder onkunde en dit help om die magsmonopolie te bewaar (*Index on Censorship*, 15:84).

Sy verwerping van sensuur in die huidige Suid-Afrikaanse bestel vloei uit sy waarneming daarvan as 'totalitêr' (soos uiteengesit in hoofstuk 7 II). In só 'n land van 'ideologiese aarverkalking' is sensuur, soos inperkings en huisarres, daarop gemik om die staat te beskerm (*Rap.*, 21.8.83). Die afdwinging van 'n 'arbitrary and rigid space' op sy burgers lei nie net tot verstarring - en die dood - nie, maar tot korrupsie van sowel die meesters as die onderdruktes. Deur sensuur te 'verinnerlik', voltrek laasgenoemde sy eie kastrasie - word hy *staatsmens*, produk en uitdrukking van die staat; hierdie toestand word veral geïllustreer deur die aanvaarding en hantering van die gemeenplaas sodat die woord 'n muur word en nie meer 'n instrument en middel om te sien nie. Korrupsie vloei aan die een kant voort uit die feit dat selfs 'n middelmatige werk belangrik gemaak kan word deur dit te verbied; só word sensuur tot 'n artistieke waardeoordeel verhef. Aan die ander kant word die onderdrukte gekorrupteer deurdat hy, ter wille van oorlewing, 'n kompromis moet aangaan met die bestaande magte. Só 'n persoon leef in leuens of in die gevaarlike waan dat onderdrukkende strukture van binne 'versoepel' kan word, dat totalitarisme deur. 'n ewolusionêre ontwikkeling 'geliberaliseer' kan word (1984b: 144). Breytenbach verwerp laasgenoemde moontlikheid geheel en al:

> What blindness! And through art, by means of which we were supposed to see clearly! Any opposition from within to totalitarian structures, which does not have as a prerequisite the dismantling of these structures, can only serve to strengthen them. (*ibid.*)

Hiermee spreek hy ook 'n oordeel uit oor pogings van ‘agente’ om sensuur te versoepel en in 'n ‘nuwe bedeling’ te bring.

Die ‘nuwe bedeling’ ten opsigte van die Afrikaner-establishment se houding teenoor die dissidente Breytenbach vind verdere neerslag in die toekenning van die Rapportprys aan hom. As die besluit om die Hertzogprys (wat 'n reputasie opgebou het dat dit deur ‘buite-literêre opinies’, spesifiek Afrikanernasionalistiese oorwegings, gerig word) aan Breytenbach toe te ken nie dié prys kon ‘ontideologiseer’ nie, bewys die kort geskiedenis van die Rapportprys hoe moeilik haalbaar só 'n ideaal in ieder geval is.

Gedurende 1986 maak die magnaat Louis Luyt bekend dat hy nie meer die literêre prys wat sedert 1978 deur hom geborg is, in stand gaan hou nie. Kort na die bekendmaking kondig die Sondagkoerant *Rapport* aan dat hy 'n nuwe prys gaan borg wat as 't ware die Luytprys gaan vervang.

Die reglement van die nuwe Rapportprys - wat selfs groter is as sy voorganger, naamlik R15 000 en twee retoerkaartjies na Europa, kom dan ook baie ooreen met dié van die Luytprys. Die prys word ook uitdruklik gekoppel aan literêre meriete deurdat die reglement bepaal dat dit toegeken word aan die ‘beste nuwe Afrikaanse werk’ wat in die voorafgaande kalenderjaar verskyn het. Anders egter as met die Luytprys-reglement, wat bepaal het dat 'n naaswenner wel 'n tweede maar nie 'n derde keer nie in aanmerking mag kom, neem *Rapport* Breytenbach se (*‘yk’*) - wat toe reeds twee maal die naaswenner vir die Luytprys was om nie in die voorafgaande kalenderjaar verskyn het nie - in aanmerking vir sy eie eerste toekenning. Die keurderspaneel word volgens *Rapport* op só 'n wyse saamgestel dat ‘oud en jonk, liberaal en konserwatief’ daarin verteenwoordig word.

Rapport verleen in die maande voor die wenner aangekondig word baie publisiteit aan sy nuwe prys. Dit bereik 'n hoogtepunt die aand van 12 April in die Staatsteater in Pretoria toe by 'n ‘glinsterende geleentheid van voorste skrywers, letterkundiges en talle ander bekende Suid-Afrikaners... (asook) baie plaaslike en buitelandse TV-spanne’ (*Rap.* 13.4.86) nie net aangekondig word dat Breytenbach die wenner van die eerste Rapportprys is nie, maar die omstrede digter uit die gehoor verskyn om selfs sy prys te ontvang. Hierdie onverwagse verskyning van Breytenbach in Pretoria - ‘drie blokke van die Hooggeregshof op Kerkplein waar hy in 1975 tot nege jaar tronkstraf gevonnis is’ (*Beeld*, 14.4.86) - besorg sonder twyfel 'n joernalistieke ‘scoop’ aan *Rapport*, maar die gevolge daarvan vir die koerant was sekerlik nie deur baie mense voorsien nie.

Die beoordelaars vir die prys was Elize Botha, Jakes Gerwel, Wilma Stockenström, Rosa Keet en Etienne van Heerden. Hulle het onafhanklik van mekaar beoordeel en self nie geweet wie die wenner was voor die aankondiging gedoen is nie, te oordeel na die geleentheidsrede gelewer deur Elize Botha. Sy

noem die pryswenner se bydrae net in die verbygaan en lê klem op die verteenwoordigende aard van die werke wat in aanmerking gekom het (sodat dit wat literêre stylverskeidenheid betref ‘byna vyftig jaar Afrikaanse literatuurgeskiedenis bestryk’) en op die bevryding van die letterkundige/leser van die tagtigerjare:

> Dertig, veertig jaar gelede het die geloof opgevlam dat die letterkundigheid objektiewe maatstawe kan formuleer waarmee literêre kwaliteit met groot eksaktheid vasgepen kon word... Ons kon aan die wetenskaplikheid ten gronde gaan... maar die letterkundige van die tagtigerjare smaak verwonderlik genoeg die bevryding. Die neerslag van die teorieë het uiteindelik geblyk te wees dat menslikheid en smaak, voorliefdes en drome nog steeds 'n plek het in die reaksie van die leser op sy leeswerk. Daarom kan vanaand se beoordelaars 'n beroep doen nie alleen op u begrip nie, maar op u medemenslike meegevoel. (*Rap.*, 13.4.86)

Breytenbach se bekroning lok 'n soort skisofreniese reaksie uit van die gehoor in hul ‘pêrels en strikdasse’. Die teatrale oploop tot die aankondiging (gedempte ligte en kollig-effek op die digter, ‘gesofistikeerde wêreldburger, gekleed in 'n goue aandbaadjie met 'n blom aan sy bors’ en sy ‘pragtige vrou aan sy sy’) het sekerlik 'n rol gespeel by die feit dat die vooraanstaande, uitgelese Afrikanergehoor die pryswenner staande toegejuig het. Ná sy toespraak was nie almal van die sowat vyfhonderd gaste meer in 'n feestelike stemming nie. Een lid van die gehoor het die feesgangers wat durf hande klap het, woedend aangegluur en sissend toegesnou: ‘Toe, toe, klap vir die blêddie vuilgoed’ (*Beeld*, 14.4.86). By die onthaal ná die tyd het mense egter weer tougestaan om die digter geluk te wens en om na sy vrou te kyk, dalk aan hulle te mag vat (*ibid.*). Sy toespraak is druk bespreek deur die gaste - in sommige gevalle met afkeur en soms met instemming (*Tv.*, 14.4.86).

Waarnemers wat sowel Breytenbach se Somerskooltoespraak as sy Staatsteaterkastyding van die Afrikaner meegemaak het, sou kommentaar kon lewer op die verskil in die gehoorreaksie. Die dawerende applous van die Afrikanergehoor in 1973 is destyds toegeskryf aan 'n houdingsverandering by die steeds meer ‘verlig’-wordende Afrikaners wat nie meer ‘base’ wou wees nie, maar ménse en wat Breytenbach as 'n simbool van hul bevryding gesien het (vergelyk hoofstuk 5 II). Die gedempte reaksie vanuit 'n soortgelyke gehoor in 1986 sou, vanuit een perspektief, toegeskryf kon word aan verleentheid by mense wat nie dertien jaar later wou hoor dat hul eintlik nog glad nie gevorder het op die pad na (hulle) ‘bevryding’ nie. Breytenbach het immers weer sy óu aanklagte gebring: dat die Afrikaner 'n onding doen aan sy mede-Suid-Afrikaners; dat die Afrikaner rassisme oprig en ophemel as ideale staat; dat die Afrikaner die wêreldgemeenskap se uitgeskeide waansin is; dat die Afrikanerstaat 'n anomalie en 'n anachronisme is; dat die Afrikanerkerke moreel bankrot is en God ‘rondstoot asof Hy 'n Casspir is’; dat die denkende establishment gelyk aan die staat, apartheid, die Broederbond, die Nasionale Party, die FAK, die Akademie is. Sy voorskrif vir bevryding is onomwonde: Die aftakeling van die Afrikaner se politieke monopolieë omdat dit onwettig en totalitêr is sodat 'n unitêre,

demokratiese staat met 'n meerderheidsregering tot stand kan kom (*Rap.*, 13.4.86).

Die aanhangers van die ‘Nuwe Bedeling’ kon nie uitsprake soos dié dawerend toejuig nie. In die woorde van die teoloog Johan Heyns: die luisteraar is aanstoot gegee deur die gebrek aan ‘sensitiwiteit, genuanseerdheid, erkentlikheid’; hierdie ontbreking van ‘erkentlikheid’ bind adjunk-minister Louis Nel direk aan ‘onkunde oor resente politieke verwikkelinge en sentimente in Suid-Afrika’ (*Rap.*, 20.4.86). Van skrywerskant reageer Lina Spies in die vorm van 'n gedig, ‘Rapport aan Breyten’ (opgeneem in *Van sjofar tot sjalom*, 1987) - sy verwyt hom dat hy ‘nie die liefde het’ (vir die Afrikaner nie) en daarom het hy 'n ‘anachronisme geword en 'n cliché’.

In teenstelling met Heyns wat meen dat daar ‘'n ander stel norme vir private verkeer as vir openbare verkeer geld’, glo filosoof Willie Esterhuyse egter dat daar nie oor morele en politieke kwessies private en openbare norme bestaan nie; wat Breytenbach gesê het, is eintlik al ou nuus waaroor privaat met passie gesels word, al ontbreek die moed om die pratery openbare lug te gee. Teoloog Jimmy Loader stem saam met Esterhuyse en Antjie Krog stel dit só: ‘Breyten het niks nuuts gesê nie. Dié wat sy werk ken, weet hy sê dit al meer as twintig jaar, maar hy het die kans benut om dit wat hy glo ten einde laaste te sê vir dié wat nie lees nie en dié wat nie dink nie.’ (*Rap.*, 20.4.86.)

Al is daar by ‘linkse’ Afrikaners 'n kritiese bewussyn van die ideologiese inkonsekwenthede van Breytenbach se gedrag, word daar in hierdie stadium nie antwoorde geëis nie. Die aand was 'n ‘sombere narcistiese fees in die binne-kamer van die Afrikaner’ wat beskerming moet bied teen die klippe wat na hom gegooi word; dit is ‘verstaanbaar en logies dat Breytenbach sy slegte nuus - sy óú nuus - in die binnekamer wou kom voordra’, naamlik dat ‘ons die dood in ons ronddra - nie slegs biologies of metafories nie, maar ook polities’ (Olivier, 1986: 126; sien ook Koos Prinsloo, 1986: 7). Uit ander oorde kom daar egter sterk teenkanting. JODAC (Johannesburg Democratic Action Committee) en die ECC (End Conscription Campaign) trek hulle uitnodiging aan hom om saam met 'n paar swart digters gedigte voor te lees met die doel om geld in te samel vir 'n politieke saak, terug omdat hy volgens hulle deelgeneem het aan die ‘system’ (Olivier, 1986 en *Rap.*, 27.4.86).

Vir die Engelse pers reflekteer en simboliseer Breytenbach se odusseia ‘van Staatsgevangenis tot Staatsteater’, en die gehoorreaksie daarop ‘the inner crisis and self-doubt of Afrikanerdom as experienced at the highest levels’. Vir JHP Serfontein (*ST.*, 6.5.86) lê die kern van die verskil in Afrikanerreaksie op sy toesprake van 1973 en 1986 hierin: ‘In 1973 they did not understand the dangers he was talking about. But in 1986 they are feeling the heat of the flames behind, although they still dislike his recipe and what he says.’ Serfontein haal Van Zyl Slabbert aan: ‘The Afrikaner Nationalists are in two minds. Will they die from the flames behind, or from the medicine Breytenbach is prescribing?’

Die verligte Afrikaanse pers is nie soseer gemoeid met die ‘meriete’ van die bekroning van Breytenbach nie. Dit is wat hy tydens die prysseremonie gesê het wat kommentaar uitlok. *Die Transvaler* (14.4.86 en 15.4.86) verwys na die ‘bitter, bitsige toespraak’ en wonder waarom ‘die vermaerde, gerespekteerde

digter uit so 'n gemaklike posisie sy skreeuwerk doen teen sy broers en susters'. Hierdie dagblad voel: 'Daar is fout in onse mooi land, Breyten, dit moet almal erken, daarom word gewerk aan verandering. As jy jou werklik onherroeplik aan Afrika verbind het, waarom is jy nie hier nie? Waarom wil jy oorsee sit en wag totdat die verandering plaasgevind het voordat jy besluit of die uitkoms na jou wense was?' Ander koerante meen ''n storm broei' oor Breytenbach se prys wat aangewend gaan word om die saak van politieke gevangenes te steun (*Bu.*, 14.4.86; *Oost.*, 14.4.86; *Beeld*, 14.4.86).

Vanuit regse hoek is die persreaksie op Breytenbach se prys en toespraak meer kaalkop. Teenoor die FAK se spreekbuis, *Handhaaf* (Apr. 1986), wat 'jammer voel' oor die wyse waarop die Rapportprys afgeskop het en oor die feit dat 'die begaafde Breytenbach' nie die geleentheid gebruik het om ''n slag vir Afrikaans te slaan' nie, staan die direkte verwerping van die digter deur *Die Stem* en *Die Afrikaner*. 'Gawie' van *Die Afrikaner* knoop die geruis om die prys aan die kwessie van 'Afrikanerverraad' en voer aan dat 'gedurende 'n naderende rewolusie lede van die gevestigde orde oorloop na die rewolusionêres'. Twee groepe is volgens die koerant identifiseerbaar: akademici, geestelikes en skrywers wat die gevestigde orde verlaat en 'gemene saak maak met die vyande van die Afrikaner en die Blanke' - hulle is die 'joiners'; en dié wat hulle nog binne die establishment bevind, maar 'n heimlike bewondering vir die eerste groep koester en op 'n indirekte wyse meewerk ter verwesenliking van dié se doelwitte - hulle is die 'hensoppers'. Tydens die Rapportprys-bekroning het Breytenbach uitgestaan as klassieke oorloper: 'vol haat en venyn vir die volk waaruit hy kom; vervul met smaad en hoon teenoor die samelewing vir wie hy skryf en volledig toegewyd aan die vernietiging van albei'. *Rapport* self, en die blanke Afrikaner-beoordelaars wat Breytenbach as wenner aangewys het, is die hensoppers.

Die verontwaardiging rondom Breytenbach se toespraak was beslis 'n verleentheid vir *Rapport*. Die Sondag ná die prystoekenning is Breytenbach op die hande gedra met banieropskrifte, 'n hoofbladberig, talle binnebladberigte en groot foto's wat die 'triomf van sy terugkeer' gevier het. Sy toespraak is volledig gepubliseer. In sy redaksionele kommentaar skryf redakteur Willem de Klerk dié Sondag dat 'die feit dat die eerste toekenning van die Rapportprys verbind kan wees met so 'n voortreflike werk, stel hoë standaarde vir die toekoms.' Wat Breytenbach se toespraak betref, meen De Klerk dat Breytenbach ons 'tereg gewys het op die dringendheid van keuses - op die groeiende polarisasie - op die noodsaaklikheid van nou te breek met 'n apartheidsideologie en gesamentlik die demokrasie te vestig'. De Klerk kon nie met alles saamgaan wat Breytenbach gesê het nie (veral die verwyte wat ''n eensydige beoordeling van die politieke werklikheid in die land is nie'), maar kry dit reg om 'n lyn deur te trek na en 'n lansie te breek vir die 'nuwe politiek' van die dag: 'Daar is 'n groot groep Suid-Afrikaners wat hulle beywer vir regverdige magsdeling en 'n nuwe toekoms. Die inisiatiewe van die Regering in dié rigting bly positief, en die aandrang om steeds meer fundamenteel 'n nuwe politiek in ons land te skep, is duidelik' (*Rap.*, 13.4.86).

'n Week ná die Rapportprys-toekenning verskyn die volgende beriggie in swart omraam op die voorblad van *Rapport*:

> BESLUIT
> Die voorsitter van die direksie van *Rapport*, dr. Willem van Heerden, maak bekend dat die direksie besluit het dat, hoewel hy hom nie uitspreek oor die verdienste van die toekenning van die Rapportprys vir Letterkunde aan mnr. Breyten Breytenbach nie, hy ernstige besware het teen aspekte rondom die aangeleentheid.
> Die direksie spreek sy misnoeë uit oor mnr. Breytenbach se aanvalle op Afrikaanse kerke, sy onbeheerste taalgebruik in die openbaar by die prysoorhandiging, wat 'n pynlike verleentheid vir baie gaste was, en oor sy politieke gebaar om die prysgeld so aan te wend dat dit reëlreg in stryd is met die beleid van *Rapport*. (*Rap.*, 20.4.86)

In sy redaksionele kommentaar in dié uitgawe van die koerant, antwoord Willem de Klerk ‘onder vier hoofde’ op die beskuldigings wat na *Rapport* se kant gekom het:

Dit is onbillik om *Rapport* van sameswering te beskuldig: sy hantering van bekroningsprosedures was professioneel en daar was geen inmenging by die beslissing van die buitepaneel van letterkundiges nie - die bekroonde is 'n geleentheid gegun om sy sê te sê, maar die koerant het ‘geen aandadigheid’ aan Breytenbach se toespraak nie. *Rapport* is ook verbaas/ontstem oor die spreker se eensydigheid, vlak begrip van die werklikhede, vooroordeel en onverdraagsaamheid en oor sy venynige en opsetlik beledigende taalgebruik. Tog moet die demokratiese reg van meningsuiting hoog gehou word - Breytenbach verteenwoordig immers 'n definitiewe siening wat al deur ander verwoord is. Daar is selfs sienings waarmee mense ‘met goeie oordeel en eerlikheid’ kon saamstem: die boosheid van apartheidsisteme wat deur die wet gesanksioneer word; die onduldbaarheid van rassisme as onderbou in 'n staat; die gevaar van burokratiese totalitarisme; die malheid van militêre oplossings en bloed; die inspan van God voor die apartheidskarretjie. Met hierdie ‘koringsaad’ in Breytenbach se toespraak kon *Rapport* saamgaan, die ‘kaf’ strooi hy egter in die wind.

In regse geledere word die kop geskud oor die verligte *Rapport* se ‘verduidelikings, verskonings, verklarings, distansiërings, pogings tot goedpraat, maars en darems’ (*Afr.*, 30.4.86). Van links word gesê: ‘*Rapport* het weer sy baadjiepunte reggetrek... sy amptelike gesig opgesit’ (Olivier, 1986: 126).

Rialette Wiehahn (1989: 105) wys daarop dat die Staatsteater-debakel 'n ‘koddige nadraai’ in die Parlement gemaak het: Die voormalige minister van vervoer, Hendrik Schoeman, is deur twee KP-lede getakseer oor die oorsese vliegkaartjies wat Breytenbach van die SAL as deel van sy prys ontvang het. Die ‘ernstige nasleep’ van die omstrede toespraak was die polarisering wat dit meegebring het tussen die *Rapport*-direksie en Willem de Klerk (*ibid.*). Alhoewel dit nêrens eksplisiet genoem word as rede nie, kan 'n mens aflei dat die Rapportprys-roeringe van 1986 bygedra het tot die druk wat op dié koerant en sy redakteur toegepas is om hulle tot gehoorsaamheid aan die Nasionale Party te dwing. Op 7 April 1987, 'n jaar na Breytenbach se omstrede toespraak in die Staatsteater, bedank De Klerk (wat hom in die laat sewentigerjare tydens die

Breytenbach-verhore beroep op ‘volksverbondenheid’ en ‘lojale verset’ en binne-die-laer-bly, maar in 1986 as ‘ontnugterde verligte’ simpatie met sekere standpunte van die digter toon) as redakteur van die Afrikaanse Sondagblad. Alhoewel hy glo dat die Nasionale Party 'n kans het om ware hervorming in die land tot stand te bring, staan hy krities teenoor sekere beleidrigtings en teenoor die hervormingstyl van die Party. Dit is juis oor hierdie kritiek dat hy en sy koerant al dikwels hard aangespreek is. In sy verklaring wat in die *Sunday Times* (8.3.87) gepubliseer is, formuleer hy dit só:

> It is clear to me, and I have also been told directly, that many of my political insights, accents, arguments and appeals have aroused resistance among the NP politicians. This also applies to some general political reports and background articles in *Rapport... Rapport* is so severely reproached for journalistically spelling out and arguing for the renewal (the Independent movement and alliance politics) within the NP, even before the election period, that it becomes impossible to maintain credibility.

Sy bedanking spruit dus, onder meer, uit protes teen die feit dat daar van Afrikaanse politieke joernaliste verwag word om Nasionale Party-spreekbuise te wees (*Bu.*, 4.4.87). Willem de Klerk is nie die enigste wat oor die vingers getik word nie - dit gebeur ook met Harald Pakendorf van *Die Vaderland* en Dene Smuts van *Fair Lady* ('n Nasionale Perstydskrif). Selfs die SAUK word gemaan tot voortgesette samewerking deur die afdanking van Riaan Eksteen, die staatsamptenaar ‘getoë in gehoorsaamheid aan die Regering’, wat nie meer gewild was nie ná die aanbieding van eerwaarde Allan Hendrickse se bedanking uit die Kabinet op die agtuur-nuus op TV wat deur die Staatspresident bestempel is as ‘onvolledig en nie na (sy) sin nie’ (*Insig*, Jun. 1988). Selfs 'n kultuurblad soos *Standpunte*, ‘wat vir veertig jaar 'n beduidende rol in die Afrikaanse geesteslewe gespeel het’ (Ernst van Heerden, *Rap.*, 31.8.86), word deur die direksie opgeskort ná die nuwe eindredakteur, André P Brink, twee stukke vir publikasie voorgelê het wat vir die uitgewers soveel probleme geskep het dat Nasionale Pers sy ondersteuning, finansieel en andersins, aan die blad onttrek (vergelyk Olivier, 1987: 9).

In 1988 bring die derde toekenning van die Rapportprys weer 'n opskudding in die Afrikaanse literêre wêreld mee. Drie dae voor die bekroningsplegtigheid word 'n kort aankondiging van die *Rapport*-direksie uitgereik waarin verklaar word dat die prys nie toegeken gaan word nie as gevolg van ‘'n aantal omstandighede, onder meer omdat van die beoordelaars hulle intussen aan die paneel onttrek het’ (*Vo.*, 21.4.88). Die daaropvolgende Sondag (24.4.88) berig *Rapport* dat die wenner Koos Prinsloo met die bundel *Die hemel help ons* sou wees.

Die polemiek wat rondom dié nie-toekenning ontstaan, gooi ook sy skadu oor die toekenning van die prys aan Breytenbach. Destyds al het die regse Afrikaanse pers beweer dat die toekenning van die Rapportprys aan Breytenbach 'n ‘politieke propaganda-aksie’ was (waarvan die keurkomitee nie hulle hande kan was nie) en dat *Rapport* ‘instrumenteel was om 'n nuwe deur te open vir hierdie intellektuele terroris’ (*Afr.*, 30.4.86). Ook binne literêre kringe is, vanuit verskillende ideologiese perspektiewe, gegis oor die gewig van ‘nie-

literêre oorweginge’. Eers ná die 1988-prys om politieke oorwegings van Prinsloo weerhou is (vergelyk Malan hieroor in Wiehahn, 1989: 113-115), word die Rapportprys vanweë ideologiese redes in die openbaar onder verdenking geplaas.

Aanvanklik lyk dit of die verskillende groeperinge binne die Afrikaanse literêre bestel, soos vroeër in tye van krisis, 'n verenigde front vorm. Die verligte establishment en (jong, nuwe) linkses beroep hulle almal verontwaardig op die ‘onafhanklikheid’ van die Afrikaanse letterkunde en op 'n onderskeid tussen ‘politieke’ en ‘letterkundige’ oorwegings (vergelyk uitsprake in berigte in *Vo.*, 22.4.88; *Beeld*, 3 en 4.5.88). Spoedig, egter, begin daar - vanaf verskillende vertrekpunte op die ideologiese glyskaal - verwyte van ingrype na die kant van *Rapport* kom. Rialette Wiehahn (*op. cit.*: 102-103) wys in haar verslag oor die ‘geskiedenis’ van die Rapportprys pertinent na die sienings van FIJ van Rensburg en Charles Malan dat die prys gekontamineer is omdat dit, onderskeidelik, van die begin af bedoel was vir ‘kontesterende’ skrywers (dus nie vir almal nie) en omdat die prosedure vir aanwysing van beoordelaars ruimte laat vir ‘manipulasie’ wat 'n bepaalde skrywer kan bevoordeel. Hierdie sienings lok teenreaksie uit van Olivier (1989d: 91) wat aanvoer dat die bewerings ‘dat die Rapportprys van die begin af selektief, gemanipuleer en gepolitiseer’ was, neerkom op verdagmakery waarop 'n bewyslas rus.

Breytenbach glo die mense wat betrokke was by die Rapportprys het heelwaarskynlik hul bes gedoen: ‘Ek moet sê, in my geval en ook in die ander se gevalle was die betrokke beoordelaarspaneel so onafhanklik soos 'n mens seker in Suid-Afrika kan wees. Maar met die gemors wat nou gebeur het, is selfs dit wat hulle gedoen het nie meer moontlik nie. Dis seker maar 'n bietjie onverstandig om te verwag dat 'n establishment-instansie soos *Rapport* pryse moet gee vir mense wat elk op sy eie manier anti-establishment is.’ (in Pieterse, Bruwer en Van Zyl, 1988: 28)

Die problematiek rondom die haalbaarheid - en selfs wenslikheid - van ‘ongepolitiseerde’ of ‘ideologievrye’ bekronings van tekste staan in die huidige tydvak binne 'n ander teoretiese raamwerk as wat dié diskoers in die sestigeren sewentigerjare gestaan het. Dit sou anachronisties wees om in 'n era van 'n ‘nuwe paradigma’ nog 'n beroep te wil doen op die ‘onafhanklikheid’ van die letterkunde. In regse kringe word al lank reeds aangevoer dat dit nie moontlik is om die lewe in hokkies te verdeel en ‘outonoom’ te verklaar en dus 'n kunswerk net aan estetiese maatstawe te meet nie (vergelyk ‘Teoloog’ se brief in *Afr.*, 30.4.86 na aanleiding van die toekenning van die Rapportprys aan Breytenbach). Daar is literatore wat in die tagtigerjare nog 'n saak daarvoor wil uitmaak dat daar so iets soos ‘suiwer’ literêre oordeel kan bestaan. (Smith (1985: 28) wys daarop dat die Afrikaner nog altyd kon reken op 'n groot korps akademici wat die *status quo* ‘wetenskaplik’ kon probeer fundeer.) Ander besef dat die fokus in die debat moet verskuif.

Reeds in 1986 het Olivier (1986: 126) gestel dat die toekenning van die Rapportprys aan Breytenbach *nie* bewys hoe die Afrikaanse letterkunde elke ideologie transendeer, soos sommige waarnemers meen, nie. Drie jaar later glo hy dat die toekenning van literêre pryse ‘nooit iets anders as 'n gepolitiseerde

proses kan wees nie' (1989: 91). Die beste waarop 'n mens kan hoop 'is dat die soort onbeskofte politieke ingrype' wat verhoed het dat dié prys (amptelik) aan Prinsloo toegeken is, ons 'gespaar sal bly' (*ibid.*).

Toe Breytenbach in 1984 die Hertzogprys van die hand gewys het, het hy gewys op die dilemma van beoordeling vir pryse: 'Enige literêre waardebepaling geïnformeer deur die vergelyking van dit wat nie vergelyk kan word nie (want elke werk is in sy aard uniek) (is) 'n mistroostige gemors - tensy daar gebruik gemaak kan word van *eksplisiete literatuurwetenskaplike of ideologiese maatstawe*' (*Va.*, 7.5.84).

VI
Visumweiering en Dakar-sending

Twee maande ná Breytenbach na Suid-Afrika gekom het om sy prys in die Staatsteater te kom haal - en die geleentheid gebruik om 'sy mense' te kasty én op te roep tot daadwerklike medewerking aan die 'transformasie na 'n eenheidstaat' - kondig die regering 'n tweede noodtoestand af. Daar is waarnemers wat glo dat hierdie stap daarop dui dat die regering toegee dat die vorige noodtoestand, van Julie 1985 tot Maart 1986, misluk het ten opsigte van die onderdrukking van verset teen apartheid: 'This exposed the contradiction at the heart of the State's much-touted reform policy: the stability necessary for reform is impossible without repression, while repressive measures deepen the crisis to which reform is a response' (SARS, 1987: xiv). Breytenbach het die landstoestand, wat hy as 'n 'burgeroorlog' beskryf, ook as paradoks ervaar:

> Die paradoks is dat die ou staat, nou meer repressief as ooit, reeds aan't verbrokkel is. Daar sal groter wanorde kom en selfs nog minder beheer oor die repressiewe magte aan wie daar nog nooit demokratiese kontrole opgelê is nie. Die totalitarisme sal egter nie in stand gehou kan word nie. (*Rap.*, 13.4.86)

Binne in hierdie noodtoestandkonteks word die ou 'carrot-and-stick-approach' (Breytenbach, 1971b: 57-58) weer op die dissidente Afrikaner-intellektueel toegepas (vergelyk hoofstuk 4 VII). Toe die 'wortel' van vervroegde vrylating en literêre pryse Breytenbach nie hokslaan nie, word die afweermeganisme van visumweiering ingespan. Daardeur word hy immers van die geleentheid ontneem om, in die huidige tydvak van algemene en toenemende onrus onder teenstanders van die apartheidsisteem, gemoedere te kom opsweep vanaf 'n literêre 'podium'.

Op 30 Maart 1987 berig *Pretoria News* dat Breytenbach 'has been refused permission by the government on security grounds to visit his sick father'. Die volgende dag verwys berigte in *Die Burger*, *Die Volksblad* en *Die Vaderland* na Stoffel Botha, minister van binnelandse sake, se verklaring waarin 'verduide-

lik' word waarom die versoek afgewys is. Visums aan hom en sy vrou is naamlik geweier weens Breytenbach se gesindheid en optrede jeens die land en sy mense ('n verwysing na sy Rapportprys-toespraak) asook 'ander veiligheidsoorwegings'. Minister Botha voer verder aan dat Breytenbach se vader, wat die afgelope tien jaar ná 'n beroerte-aanval in die hospitaal versorg word, se gesondheidstoestand stabiel is en sonder onlangse agteruitgang. In 'gewone omstandighede' sou die minister 'om menslikheidsredes die visums wou magtig', maar ná 'sorgvuldige ondersoek en oorweging' het hy besluit om die aansoek te weier. Al wyk min. Stoffel Botha af van die normale prosedure om nie verklarings oor visumweierings uit te reik nie (vergelyk *PN.*, 30.3.87), bly die redes wat aangevoer word vaag: 'gesindheid', 'optrede', 'houding', 'ander veiligheidsoorwegings' en 'gewone omstandighede' is begrippe wat nie gespesifiseer word nie en verskillend geïnterpreteer kan word.

Die Afrikaanse pers lê nie in sy reaksie op die visumweiering 'n verband met die noodtoestand nie. 'n Hoofberig in *The Argus* (1.4.87), wat om humanitêre redes krities staan teenoor die regeringsbesluit, 'beroep' hom egter as 't ware op die bestaan daarvan: 'With the huge range of emergency laws and security agencies at its disposal the government could easily ensure that Breyten Breytenbach came to South Africa to do what he says he wants to do - simply see his father and no more'.

Die visumweiering aan die omstrede Breytenbach was moontlik, soos Abraham H de Vries as voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde aanvoer (*Bu.*, 31.3.87), 'n (weliswaar klein) pionstoot in die verkiesingspropaganda-skaakspel wat op daardie tydstip die amptelike politieke diskoers bepaal het. Die hantering van die Breytenbach-visumaansoek was 'n handige illustrasiegeleentheid vir die Nasionale Party om te wys dat hy dit erns het met sy verkiesingsbelofte insake 'landsveiligheid'.

'n Paar maande later sou Breytenbach weer die voorblaaie van die Afrikaanse pers haal met sy aandeel aan die Dakar-samesprekings met die ANC. Dit is moontlik dat sy 'optrede jeens die land' en die 'ander veiligheidsoorwegings' wat 'n paar maande tevore aangevoer is om hom uit die land te hou, te doen het met insae wat die regering reeds in daardie stadium in die organisasie ten opsigte van dié samesprekings gehad het.

Slegs twee dagblaaie uit die Nasionale Pers-stal en een uit dié van Perskor spreek hulle redaksioneel uit oor die visumweiering. Sowel *Die Volksblad* (31.3.87) as *Beeld* (1.4.87) se kritiek op die besluit hou verband met die feit dat dié optrede negatiewe kritiek vanuit die buiteland op Suid-Afrika en die Nasionale regering gaan ontlok. *Die Transvaler* (1.4.87) maak in sý hoofberig ook melding van die 'georkestreerde verwyte' wat oor die visumweiering sal val, maar steun tog die minister se besluit: 'Die minister tree hier korrek op gesien die politieke toestand in die land en geweeg teen Breytenbach se gesindheid teenoor die bestel in Suid-Afrika'. Die omstrede skrywer het immers sedert sy aanstootlike Rapportprys-toespraak 'nog nie bewys gelewer dat sy gesindheid verander het nie'. 'n Berig in dieselfde gees as dié van *Die Transvaler* verskyn in die lyfblad van die regsgesindes, *Die Afrikaner* (15.4.87). Hierin word 'n woord van gelukwense aan min. Stoffel Botha uitgespreek. Breytenbach het waarlik

herhaaldelik getoon dat hy nie in Suid-Afrika toegelaat behoort te word nie: ‘Ander besef dit al lankal, maar die Regering het dit skynbaar eers agtergekom toe Breytenbach verlede jaar 'n tirade teen die Blanke in die Staatsteater in Pretoria gelewer het’.

Volgens *Die Volksblad* praat talle Suid-Afrikaners gereeld baie onvleiend van Suid-Afrika op internasionale verhoë, maar ‘juis omdat hulle vry is om dit te doen, dra hulle uitlatings al hoe minder gewig’. Die visumweiering aan Breytenbach ‘maak van hom 'n martelaar en gee aan sy uitlatings oormatige gewig. Die moontlike nadelige gevolge van 'n besoek kan oorskadu word deur die kritiek wat Suid-Afrika nou weer kan verwag’. Ook *Beeld* voel dat ‘as die doel met die weiering van die visum was om Breytenbach 'n propagandageleentheid te ontneem, dan is net die teenoorgestelde daarmee bereik’. Die skrywer het wel nog van elke besoek aan Suid-Afrika misbruik gemaak, ‘maar die feit is dat dit vir hom meer kwaad gedoen het as vir Suid-Afrika’. Die tradisioneel verligte Nasionale Pers-dagblad, *Die Burger*, lewer geen redaksionele kommentaar op die visumweiering nie. Dít is 'n strategie wat *Die Burger* telkemale in die verlede teenoor Breytenbach gevolg het.

Ook Nasionale Pers en Perskor se gesamentlike Sondagblad, *Rapport*, wat in die spervuur gestaan het ná Breytenbach se toespraak tydens die oorhandiging van die eerste Rapportprys, swyg redaksioneel oor die visumaangeleentheid. In 'n berig op die kunsbladsy (5.4.87) berig Coenie Slabber egter uitvoerig oor 'n telefoniese onderhoud met Breytenbach en 'n verklaring van die Afrikaanse Letterkundevereniging, terwyl daar ook 'n verwysing voorkom na *Beeld* se hoofartikel wat ‘die Regering dit verkwalik dat hy die visums aan die egpaar Breytenbach geweier het’. Aanhalings uit die onderhoud met Breytenbach lê klem op sy verslaenheid en teleurstelling oor die regering se besluit en dit ná hy geen twyfel gelaat het oor die doel van sy besoek nie, naamlik om sy siek vader en sy familie en vriende te besoek. Hy was selfs bereid om hom skriftelik daartoe te verbind dat hy geen onderhoud sou toestaan nie, nie in die openbaar sou optree nie en geen byeenkoms sou toespreek nie. Wat betref sy ‘gesindheid’ jeens die land word dit beklemtoon dat Breytenbach, soos die oorgrote meerderheid van die mense van Suid-Afrika, teen apartheid is, maar nié teen Suid-Afrika nie. Ten opsigte van ‘optrede’ teen die land word gestel dat Breytenbach sê dat hy jare reeds by geen ‘subversiewe aktiwiteit of organisasie’ betrokke is nie; dat ‘linkse ekstremiste’ hom sy vorige besoek aan Suid-Afrika verkwalik; dat hy nooit uit sy plek of namens iemand oor Suid-Afrika praat of die voortou by anti-Suid-Afrikaanse situasies neem nie. Die feit dat hy sy Suid-Afrikaanse burgerskap opgegee het en 'n Franse burger geword het, word veral toegeskryf aan praktiese redes soos verblyfreg in Frankryk en omdat dit huidig onmoontlik is om vryelik met 'n Suid-Afrikaanse paspoort in Wes-Europa rond te reis - iets wat Breytenbach se werk (as skilder en skrywer) van hom vereis.

Redaksionele kommentaar in liberale Engelse koerante is ook gerig op die menslike implikasies van die besluit - dit word byvoorbeeld gesien as ‘excessively cruel’ in die besondere omstandighede (*TA.*, 1.4.87) en as ‘unjustified and distasteful’ (*Star.*, 5.4.87).

In teenstelling met wat gebeur het toe 'n visum in 1965 aan Yolande Breytenbach geweier is, lok die visumonthouding aan Breytenbach self geen openbare reaksie van sy medeskrywers en vriende as individue uit nie. Ook in 1988 is daar geen openbare reaksie uit hierdie oorde nie toe Breytenbach 'n visum geweier word om 'n ere-doktersgraad aan die Universiteit van Wes-Kaapland te kom ontvang.

Breytenbach se radikale politieke uitsprake en optrede het sy (eertydse) skrywersvriende van vroeg af reeds in 'n verleentheid gestel - onder meer ook omdat dit 'n agterdog jeens húlle ontlok het. Vroeër kon hulle nog hul lojaliteit teenoor hom as mede-Afrikanerskrywer handhaaf aan die hand van 'n literatuuropvatting wat voorsiening gemaak het vir 'n onderskeid tussen sy ideologie (menswees) en sy skryfwerk. Verskuiwende literatuuropvattings in die tagtigerjare maak egter só 'n skeiding (en selfverskansing) moeilik ‘wetenskaplik’ verantwoordbaar.

Alhoewel individuele (ouer en jonger) skrywers en literatore hulle nie in die openbaar uitlaat oor die 1987-visumweiering aan Breytenbach nie, word openbare verklarings deur organisasies wat verteenwoordigend is van Afrikaanse skrywers en letterkundiges gedoen.

Die eerste verklaring kom van die voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde, Abraham H de Vries, wat hom in 1965 op humanitêre gronde en die belange van die Afrikaanse letterkunde beroep het in sy reaksie op die destydse visumweiering aan Yolande Breytenbach. Sy verklaring in 1987 lui soos volg:

> Om een van die grootste lewende Afrikaanse digters toegang tot sy vaderland te ontsê, terwyl die geskiedenis bewys het dat hy in sy stryd teen apartheid en die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike selfs deur die Regering gelyk gegee is, is só sinies en kortsigtig dat dit 'n mens woordeloos laat.
> Dit lyk asof die geskiedenis homself gaan herhaal.
> Min. Stoffel Botha se redes vir die weiering van visums aan Breyten Breytenbach en sy vrou, Yolande, is onoortuigend en klink eerder na eleksiepropaganda as na besinning oor 'n saak wat, reeds as gevolg van verkeerde besluite, Suid-Afrika onnoembaar veel skade berokken het. (*Bu.*, 31.3.87)

De Vries stel weer eens Breytenbach se gekanoniseerde posisie binne die Afrikaanse letterkunde voorop en hy is ook, soos die redaksies van Afrikaanse koerante, bekommerd oor die skade wat die propaganda rondom die besluit aan Suid-Afrika kan berokken.

Ook die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV) reik 'n verklaring uit. Dié Vereniging is in 1984 gestig om die studie en belange van die Afrikaanse letterkunde te bevorder. Ten tye van die uitreik van die verklaring was die voorsitter, Elize Botha, oorsee en het die ondervoorsitter, Charles Malan, dit hanteer. Die verklaring aan *Rapport*, wat 'n verwysing bevat na die telegram wat aan min. Stoffel Botha gestuur is, lui só:

> Dit het verreikende implikasies dat 'n digter wat hier aan alle onderwysinrigtings bestudeer word, nie toegelaat word in die land waaroor hy skryf nie. Voortgesette kontak is uiteraard vir hom en sy vrou en sy familie van groot belang.
> Die ALV het mnr. Botha gevolglik dringend versoek om sy besluit in belang van

> die letterkunde en die Breytenbach-familie te herroep. Ons glo dat Breytenbach, as intellektueel, se deelname aan 'n gesprek rondom politieke, literêre, en ander sake 'n belangrike doel dien, hoeseer daar ook al met hom verskil word. (*Rap.*, 5.4.87)

Die ALV se beroep op die regering om sy besluit te herroep, berus op humanitêre gronde én die belang en funksie van Breytenbach binne die Afrikaanse literêre bestel - hy is immers 'n gekanoniseerde skrywer wat ‘aan alle onderwysinrigtings bestudeer word’. Ook Breytenbach se politieke betekenis word te berde gebring, soos in die Gilde-verklaring. Die evaluering van Breytenbach se rol binne die wyer intellektuele diskoers roep die gebeure tien jaar tevore tydens die ‘betrokkenheidsdebat’ op. Hiertydens het ‘betrokke verligtes’ én ‘ewewigtige verligtes’ hulle álmal beroep op die ‘oop gesprek’ (en ‘lojale verset’). In 1987 gebeur dit nog dat deelnemers met verskillende ideologiese oriëntasies dit doen. Die ALV, wat die indruk wek van ‘linkser’ oriëntasie, doen dit - maar só ook *Spits* (Jul. 1987), lyfblad van die konserwatiewe Afrikaanse departement van die RAU, wat dit as sy taak sien om ‘ten spyte van die versplintering en die radikalisering van beskouings en persepsies, ten spyte ook van weiering om “saam” en “met mekaar” te praat, die moontlikheid van “gesprek”, van die “oop” gesprek, oop te hou.’ Daar is vandag waarnemers wat krities teenoor die opvatting staan dat die literatuur (en literêre bestel) aanspraak daarop maak om die domein van ‘vrye spraak’ en ‘private mening’ te wees terwyl daar nié so iets soos individuele vryheid bestaan nie (vergelyk De Jong, 1988: 9).

Die visumweiering aan Breytenbach weer hom nie uit die (literêr-)politieke diskoers nie. Vroeg in Julie berig koerante (die eerste was *TC.*, 3.7.87) dat F van Zyl Slabbert van die Institute for a Democratic Alternative for South Africa (IDASA) en die skrywer Breyten Breytenbach etlike maande tevore al ‘saamgespan het om 'n hoogs geheime ontmoeting te reël tussen die ANC en 'n Suid-Afrikaanse groep, onder wie verskeie Afrikaner-sakemanne, -skrywers en -akademici’ (*Rap.*, 5.7.87). Die ontmoeting sal binne enkele dae in Dakar in die Wes-Afrikaanse staat Senegal plaasvind. Daar word druk bespiegel oor hoe die regering, wat gesprekvoering met die ANC ontmoedig, hierop gaan reageer. Op 7 Julie maak *Beeld* die name van die Suid-Afrikaanse beraadgangers bekend. Onder hulle is, naas 'n ‘omstrede’ persoonlikheid soos Beyers Naudé (vorige hoofsekretaris van die SARK), heelparty bekende voorstanders van ‘onderhandeling’ vanuit historiese, joernalistieke en kultuurkringe - onder andere André du Toit, Hermann Giliomee, André Odendaal, Heribert Adam; Franklin Sonn en Randall van den Heever; Riaan de Villiers, Hennie Serfontein, Chris Louw; Manie van Rensburg, Revel Fox, Grethe Fox, Hardy Botha en die literatore Ampie Coetzee en Jakes Gerwel (as lid van IDASA se raad van trustees) asook literator-skrywer André P Brink.

Rapport verwys na gerugte dat Breytenbach hom al geruime tyd beywer om 'n ‘regering-in-ballingskap’ in die buiteland te help instel. Lede van die toergeselskap sê egter die gerugte is bedoel om die groep onder verdenking te plaas. In ander koerante word Breytenbach uitgelig as die ‘behind-the-scenes mastermind of the black-white get together’ (*PN.*, 4.8.87), of as ‘key figure,

with the wife of France's Socialist president' in die reëlings vir die beraad (*TSS.*, 5.7.87). Die inisiatief het nie van Breytenbach uitgegaan nie, maar hy, wat persoonlik bevriend is met mev. Mitterand, het as skakel tussen IDASA en die Danielle Mitterand Foundation (Die Franse Vryheidstigting) opgetree - 'n organisasie wat hom beywer vir menseregte en anti-rassisme en wat gehelp het met die reël van visums na Wes-Afrika. Volgens Breytenbach is dit sy 'verterende liefde vir Suid-Afrika en (sy) geloof in die land en sy mense wat (hom) gedryf het om 'n ontmoeting tussen Suid-Afrikaners en die ANC te (help) reël'. Volgens die telefoniese onderhoud wat *Beeld* met hom gehad het (8.7.87), is hy opgewonde en baie gelukkig oor die Afrikaner-verteenwoordiging uit byna elke deel van die samelewing wat bereid is om met die ANC te praat. Hy het gesê dat solank as mense praat, daar nie tyd vir skiet is nie.

Chris Louw (1987:28) wys daarop dat die vroeë nuusdekking oor die beraad bestaan uit begeleide en ingeklede beriggewing. Groot aandag is bestee aan die betekenis van allerlei insidentele gebeure *rondom* die Dakar-gesprek, maar daar is weinig geleentheid gebied aan beraadgangers om self te verduidelik waarom dit gaan. Hy noem as die 'blatantste voorbeeld van tendensieuse beriggewing' die berig in *Beeld* van 14 Julie onder die opskrif 'ANC se geslepe plan met Dakar' en kleiner bo-opskrif 'Regering in ballingskap vir SA terro's se doel'.

Louw (*op.cit.*:26-29) glo die Dakar-beraad het soveel aandag in die regeringsgesinde pers gekry omdat dit tot elke prys afgeskiet en verdag gemaak moes word, want dit kon 'n verleentheid vir sowel die regering as die parlementêre bestel in Suid-Afrika skep.

Op 12 Julie reik die afvaardiging van 17 ANC-lede en 59 Suid-Afrikaners wat in hul persoonlike hoedanigheid die konferensie bygewoon het, 'n gesamentlike communiqué uit (twee Suid-Afrikaners wat in hul amptelike hoedanigheid daar was, onderskryf dit nie). Volgens hierdie verklaring het die deelnemers uit Suid-Afrika die gemene verbintenis gehad dat hulle reeds sowel die ideologie as die beoefening van die stelsel van apartheid verwerp het en hulle beywer vir die skepping van 'n verenigde, demokratiese en nie-rassige Suid-Afrika. Hulle was bewus daarvan dat sommige aanhangers van apartheid hulle optrede as verraad beskou - teenoor die apartheidstaat én die Afrikanerdom.

Die samesprekings is volgens hierdie communiqué rondom vier sleutelonderwerpe gehou: strategieë om fundamentele verandering in Suid-Afrika te weeg te bring; die bou van nasionale eenheid; gesigspunte oor die strukture van die regering van 'n vrye Suid-Afrika en van die ekonomie van 'n bevryde Suid-Afrika. Die grootste bron van kommer, al is die gewapende stryd as historiese werklikheid aanvaar, was die ANC se voorneme om dit voort te sit en te intensifeer. Erkenning is egter daaraan verleen dat geweld in Suid-Afrika daaruit voortspruit dat die aanwending van geweld grondliggend aan die bestaan en praktyk van rasse-oorheersing is. Die konferensie het sy eenparige voorkeur vir 'n onderhandelde oplossing uitgespreek, alhoewel die houding van die huidige maghebbers die vernaamste struikelblok in die weg van vooruitgang in hierdie verband is. Daar is aanvaar dat die onvoorwaardelike vrylating van alle politieke leiers in gevangenskap en die opheffing van die verbod op organisasies, fundamentele voorvereistes vir sodanige onderhandeling sou wees.

Om die doelwit van 'n nie-rassige demokrasie te bereik, sal egter verskillende strategieë in ooreenstemming met die moontlikhede wat beskikbaar is aan die onderskeie anti-apartheidskragte, gebruik moet word. (Die Dakar-verklaring is opgeneem in *DSA*, Sept. 1987.)

Die meeste briewe van koerantlesers wat in Afrikaanse dagblaaie reageer op die Dakar-samesprekings staan krities daarteenoor, veral in die lig van die bomontploffing by die Hoofkwartier van die Kommandement Witwatersrand in hierdie tyd. Klem word gelê op die makaberheid van die 'Dakar-safari' wat *geweld* wil goedpraat - die ANC is immers ''n organisasie rampokkers' en ''n ateïstiese groep maniakke met geen respek vir menselewens' (PJ Heyns, PA Jacobs, DP Dippenaar en CF Erasmus in *Beeld*, 30.7.87); die beraadgangers se siening van *demokrasie* - 'menslikheid en die toekenning van menseregte moet (immers) aan sekere standaarde gemeet word' (MC Martin, *Beeld*, 31.7.87) en hulle geloof in *dialoog* - 'n liberalistiese uitgangspunt wat net van toepassing gemaak word op mede-liberale en Marxiste - en '*internasionalisme*', wat maar net daarop neerkom dat hulle pionne is van Groot Geldbelange (AD Pont, *SA Observer*, Aug. 1987). Enkele briewe verskyn wat simpatiek staan teenoor die samesprekings. MC Dippenaar (*Beeld*, 30.7.87) kan uit 'n teologiese oogpunt niks verkeerd sien met 'n gesprek tussen Christen-Afrikaners en die ANC 'oor versoening en vrede in ons land nie'; hy glo trouens dat so 'n gesprek ons 'Christelike plig en roeping is'. Lionel R Louw (*DSA*., Des. 1987) sou wou sien dat die Dakar-groep nou 'by betekenisvolle bevrydingsgebeure' hier plaaslik betrokke raak. Hy wonder of die samesprekings tot ander insigte ten opsigte van die onvermydelike - 'n swart meerderheidsregering - gelei het en, indien wel, hoe hierdie insigte weerspieël gaan word in die verloop van hul alledaagse bedrywighede.

Die aanvaarding van die Afrikaanse Skrywersgilde se mosie vir die ondersteuning van die Dakar-inisiatief was nie sonder teenkanting nie. Ronnie Belcher het daarteen gestem (*Rap*., 26.7.87); Anna M Louw distansieer haar in die openbaar van die mosie (*Bu*., 16.7.87) en FA Venter bedank as lid (*Bu*., 22.7.86); PG du Plessis (*Va*., 23.7.87) sê hy sou teen die mosie gestem het indien hy by die beraad was.

Tydens en net ná die konferensie het die klem in beriggewing in die amptelike pers verskuif na ontwikkelinge en verskille tussen beraadgangers wat kon help bewys dat die beraad 'n algehele mislukking was (Louw, 1987:29). Dit word veroordeel as poging tot 'onderhandeling' met die ANC namens die Afrikaners (*Bu*., 7.7.87; *TC*, 8.7.87). Louw glo dat hier 'op selfopgesette teikens geskiet word' en daardeur 'onbewustelik 'n subtiele erkenning gemaak word dat *onderhandeling* met die ANC wel deeglik op "die Afrikaners" se politieke agenda is' maar dat 'die verkeerde mense gaan praat het' (soos blyk uit die Staatspresident se amptelike reaksie op die beraad, *SA Digest*, 21.8.87) en dat hulle bloot gaan praat het en nie werklik onderhandel het nie.

Vir 'n alternatiewe publikasie soos *Weekly Mail* (17-23.7.87) lê die belang van die beraad bloot in die demonstrasie van 'how far intellectual rebellion has gone in Afrikanerdom' en, meer nog en met verwysing na bepaalde insidente, 'in the revealed ignorance of the intellectuals rather than in the learning one

might have expected'. Daarenteen word dit duidelik uit uitlatings van beraadgangers by hulle terugkeer dat húlle beïndruk was vir sover dit die 'geartikuleerdheid, redenasievermoë, akademiese deskundigheid, politieke insig, kennis van Suid-Afrikaanse omstandighede, leierskap en diplomasie' van die ANC-afgevaardigdes betref (Johan van der Westhuizen, toespraak voor Pretoria Persklub, 24.7.87; Ampie Coetzee sluit hierby aan in *Beeld*, 30.7.87).

Wat was die indrukke van die literatore onder die beraadgangers? André P Brink glo baie Afrikaner-akademici word nog gekortwiek deur hul vaste denkpatrone; hulle vind dit moeilik om ontslae te raak van idees soos die onderskeid tussen geweld en nie-geweld, die oorvereenvoudiging van 'kommunisme' en die opvatting dat Afrikaner-nasionalisme 'n soortgelyke swart nasionalisme uitlok. Hyself glo nie dat dit in PW Botha se tyd moontlik sal wees om ware 'onderhandeling' met die ANC aan te knoop nie - nie solank daar aangedring word op die afswering van geweld nie. Die taak vir dié wittes wat 'n oop, demokratiese en nie-rassige samelewing voorstaan, lê in 'trying to make sure that the armed component of the struggle lasts for as short a time as possible (and) this can be done through spreading awareness and prodding the conscience of whites'. Dit sal egter 'n moeilike taak wees gesien die beeld wat deur die media van die ANC voorgehou word (*EPH.*, 23.7.87).

Ampie Coetzee gee in reaksie op die *Beeld*-beriggewing van die beraad sý persepsies weer in 'n brief waarin hy die ANC as buffer teen die radikale elemente in die Suid-Afrikaanse samelewing sien (*Beeld*, 30.7.87). Hy wys daarop dat die ANC nie 'n nasionalistiese organisasie en politieke party is nie, maar 'n 'gewilde, nie-etniese volksbeweging wat inherent deel geword het van die kultuur van die meerderheid mense in Suid-Afrika'. Die ANC verwerp nie die blanke nie en sluit nie die Afrikaner, sy taal en kultuur uit nie en dit is daarom nóú die tyd 'om ernstig te praat oor onderhandelinge', vóór die 'opkomende, stuwende, radikale, onrustige jonger geslag, die jeug van die "townships"' die oorhand kry met hulle weldeurdagte, nugtere argumente. Tussen die 'Libiese opsie' en 'ons' staan dus die ANC wat 'onderskei tussen geweld en die gewapende stryd', wat probleme het met 'onbeheerde geweld en chaos' en wat nié in die mag van Moskou is nie.

Jakes Gerwel het nie illusies oor die politieke konsekwensies van die Dakar-ontmoeting nie. Die waarde van die samesprekings is volgens hom eerder simbolies in die sin dat die ANC weer as 'n besprekingspunt op die nasionale agenda geplaas is en wel as 'n belangrike, indien nie dié belangrikste nie, deelnemer aan die politieke proses in die land. Hy self het deurgaans gevoel hy deel meer met die ANC as met die binnelandse afvaardiging wat bestaan het uit weggebreekte Nasionaliste van wie min na aan die buite-parlementêre demokratiese beweging staan. Vir hom was dit opvallend dat dié groep nie genoegsaam onderlê is deur 'n historiese begrip nie en dat daar gewoon nie genoeg kennis was van die geskiedenis van 'n breër Suid-Afrika nie. En al was daar 'n 'verskuiwing in persepsie' by die binnelandse afvaardiging, weet hy nie van politieke 'bekering' nie (*DSA.*, Sept. 1987).

Breytenbach se deelname aan die samesprekings kan beskou word as deel van sy strategie om binne sy eie groep te bly werk, vastrapplek te behou (kyk

hoofstuk 7 VII) en by te dra tot die opsie van die tipe ‘onderhandeling’ wat hy onderskryf (kyk hoofstuk 7 II). Sy reflektering oor die ANC (1988a: 23-24) dui sowel op bedenkinge teenoor sekere praktyke (veral oor 'n valse gevoel van ‘bondgenootskap’ wat geskep kon gewees het en oor die gladde praatjies van ‘liberatory intolerance’), as op 'n aanvaarding van die organisasie se *bona fides*. Terselfdertyd staan hy ook krities teenoor ‘verligte nasionalistiese Afrikanerskap’ wat tot uitdrukking kom rondom die beraad (met spesifieke verwysing na die reaksie van Giliomee, 1988: 22-23).

Anders as sommige lede van die blanke afvaardiging glo Breytenbach (1988a: 23-24) dat die konflik in die land nie 'n neutrale, a-historiese gegewe is nie; volgens hom lê die begin van die spiraal van geweld, die verantwóórdelikheid daarvoor by die stelsel wat ‘konstitusioneel en met opset en toepassing gewelddadig, repressief, uitbuitend, totalitêr, met diep fascistiese wortels, en illegaal’ is. Hy vind Giliomee se siening dat die konflik een ‘tussen twee strydende nasionalismes is’, ‘heeltemal verwerplik en selfs gevaarlik omdat dit misleidend is’ in die bewering dat die ANC hom as nie-rassig voordoen terwyl die eintlike dryfkrag swart nasionalisme sou wees. Al is daar sterk strominge daarvan in die ANC, beantwoord hulle juis nié aan die aspirasies van baie swart Suid-Afrikaners nie (soos bewys deur die bestaan van Swart Bewussynorganisasies) al sou dit, op die kort termyn, meer lonend vir hulle gewees het om op grond van swart nasionalisme te mobiliseer. Breytenbach aanvaar die ‘nagmerrievrese wat Afrikaners, veral dié in die laer inkomstegroepe, oor 'n swart bewind koester’ as werklik, hoewel gegrond op ‘doelbewuste misleidende propaganda van geslagte al’. Dit is ‘óns plig om die teendeel te bewýs deur informasie, blootstelling, konfrontasie’. Ten opsigte van die problematiek van die versekering van die ‘voortbestaan van die groep’ glo Breytenbach nie dat die pad na nasiebou loop deur enige vorm van verskansing van ‘groepsregte’ of ‘blokke’ nie - dit sou neerkom op ‘apartheid uit die kanker haal om die kanker te kan behou’, dit wil sê op die behoud van die magspolis. Nasiebou kom vir hom juis neer op ‘die saamsnoer in wisselwerking van heterogene elemente (... nie volk nie), pluralisties in sy uitdrukkingsvorme en selfs leefwyses, maar met 'n demokratiese bestel’.

Ten spyte van die bedenkinge wat Breytenbach het oor liberale opposisie (kyk hoofstuk 7 IX), neem hy weer deel aan die onderhandelingsinisiatiewe wat sedert Dakar momentum begin kry - in Oktober 1988 byvoorbeeld, woon hy samesprekings in Leverkussen, Duitsland, by saam met 22 blanke Suid-Afrikaners, afgevaardigdes van die Sowjet-Unie, ampsdraers van die ANC en Duitse Afrika-kenners (*VW.*, 4.11.88).

VII
Breytenbach oor die rol van die (wit, Afrikaanse) skrywer en die aard van die letterkunde

Uit 'n onderhoud met *Stet* (1983a: 7-9), kort ná sy vrylating, word dit duidelik

dat Breytenbach homself nie (meer) as 'n ‘kruisvaarder’ sien nie - alhoewel hy, indien hy nog iets daarvan in hom had, dit sou gebruik om ‘'n veldtog te loods, wêreldwyd, vir die bestryding en uitwissing van alle geheime dienste, veiligheidspolisie, netwerke, broederbonde... en hulle eweknieë op kulturele en selfs suiwer literêre gebied’ omdat hulle 'n ‘monsteragtige magsnexus’ daarstel. (Tydens die Rotterdamse Poësiefees van 1983 stel hy die stigting van 'n wêreldwye organisasie, wat uit die bevolkings self moet groei, voor om juis dít te doen - volgens hom sal dit wel 'n manier wees om jouself voëlvry verklaar te kry, ‘maar dit het beslis ook alles te doen met poësie’, *Rap.*, 24.7.83.)

In 'n toespraak in 1983 voor die Hollandse tak van PEN, oor die skrywer en sy *verantwoordelikheid* binne 'n spesifieke sosiale en kulturele konteks, kies Breytenbach téén ondergrondse politiek en vír die uitlewing van sy aktivisme deur sy kuns:

> I subscribe to the cause of liberation and of majority rule in South Africa. At this juncture I believe I can best support that cause through my writing - and in not attempting to pull the wool over anyone's eyes. This is not an abstract idea I pursue (although I am committed ideologically to the transformation of the South African society) but the total sense of my life. (1983d: 102)

Die vereenselwiging met die ‘struggle’, wat vir hom basies die ‘endless struggle for greater justice and more liberty’ (*op.cit.*: 99) is, het vir hom direkte implikasies vir skrywerskap:

> The struggle in South Africa is finally and fundamentally also that of projecting conflicting readings. It is true that we, as whites, must become conscious of our lack of relevance, and know that such a consciousness leads to pessimism if not negativism. Which, among other reasons, is why the appreciation of the struggle, or the image if you wish, is so important. Yes, if we are impassioned and detached enough a case can be made for a historically justified positive interpretation of present events. And that, surely, is also what we ought to be bending our penpecked minds to. (1985c: 206)

Breytenbach glo egter dat die ‘struggle’/die bevrydingsideologie ‘ontleed moet word in al sy samestellende komponente (en) toepaslik gemaak word vir die afsonderlike groepe en klasse - die vorm wat dit vir die wit intellektueel aanneem sal dus anders wees as vir die jong swartman in Soweto’ (1983a: 9). Hy glo dat ‘suiwer op 'n streng klassieke klasse-analise gegrond’ daar ‘'n *veelvuldigheid van funksies*, skynbaar uiteenlopende maar tog aanvullende *areas van aksie*’ is - die ‘*etiek van weerstand*’ moet duidelik omlyn word (*Rap.*, 15.5.83).

Hy het tans sy bedenkinge oor die *waarde* van die rol van die intellektueel as sodanig: ‘Responsibility implies the freedom to be critical. Few positions are as demanding as that of the “fellow-traveller”: Too often the intellectual is a sheep, one of the bourgeoisie who, as Lenin pointed out, will make the revolution for us. All too often also the intellectual, ill at ease because of the contradictions of his condition, is hood-winked by the promise of “playing an important role”’ (1983d: 104). Die klem wat Breytenbach plaas op die rol van die ‘people’ en van massa-organisasies soos die ANC binne die ‘struggle’ (kyk hoofstuk 7 II),

kom daarop neer dat hy betoog dat intellektuele nie op die teenstand tot apartheid moet beslag lê nie; hulle moet 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van dié teenstand, hulle standpunt stel en hulle nie daaroor bekommer dat hulle beheer mag verloor nie (Walzer, 1988: 32).

Watter funksie, area van aksie, sonder hy uit vir die skrywer binne die bevrydingstryd? ‘In dié stryd en proses (wat moet lei tot 'n bewindsoorname van verteenwoordigers van die meerderheid van die landsbevolking in 'n unitêre, geïntegreerde staat) moet 'n menswaardige *Suid-Afrikaanse kulturele identiteit* gesmee word. Dis hier waar die skrywer te berde kom’ (*Rap.*, 15.5.83). Breytenbach aanvaar nou dat die transformasie na die ‘Suid-Afrikaanse kulturele identiteit’ wat hy al so lank bepleit (vergelyk hoofstuk 4 I) slegs binne en deur die *stryd* wat hom in die land afspeel, sal kan geskied:

> So what do you do... as a writer...? The implications of the unfolding drama are too momentous for you to afford the luxury of ‘tactics’. Holding back, hiding your game, is a form of paternalism and disdain for your fellow South Africans. You have to try by all means to see justly and clearly. You have to speak your mind directly. Fight your own fear: ‘they’ handicap you by the fear they instil in you. Guild and all wishy-washy or breast-beating sentimentalism engendered by guilt - these are out... You are an African. Assume that fully. Solutions must be found *within* the country, *with* the people, *all* the people... Strive for the growing realisation, through heritage and through struggle, of one South African cultural identity composed of an incredibly rich variety of sources and expressions. (1984a: 327-328)

In 'n onderhoud met Van Zyl Slabbert spel Breytenbach weer hierdie opvatting van hom uit: ‘Wat 'n skrywer kan doen, is om absoluut eg en presies te wees omtrent die situasie binne Suid-Afrika self, en om dit so goed moontlik te probeer beskryf’ om sodoende mee te werk aan ‘die langsame en baie pynlike skepping en ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse kulturele identiteit’ (1985d: 47).

Dit is egter vir Breytenbach duidelik dat die *Afrikaanse skrywer* tans in Suid-Afrika ‘veel minder van 'n rol het om te speel; veel meer van 'n randgeval geword het as wat die geval was in die sestigerjare en ietsie daarvóór... Die een (rede) is dat ons begin besef dat die deurslaggewende verandering in Suid-Afrika nie noodwendig gaan kom met 'n verandering van gevoelens in die Afrikaanse gemeenskap nie. Dit gaan sekerlik veel meer 'n kwessie wees van druk wat uitgeoefen gaan word deur die ander Suid-Afrikaners op die blanke gemeenskap’ (*ibid.*). Tog kan die Afrikaanse skrywers kies vir sáámwerk aan die nodige transformasie na 'n demokratiese staat, anders gaan hulle ‘irrelevant wees: 'n staatkuddetjie slagvee’ (*Rap.*, 13.4.86).

Omdat hy tans aanvaar dat swart en wit skrywers se ‘commitments’ ten opsigte van die proses wat in die land aan die gang is, uit verskillende gronde ontspring, eis Breytenbach nie meer soos vroeër (kyk hoofstuk 5 IV) dat die wit intellektueel/skrywer hom moet lósmaak van die klas of groep waartoe hy tradisioneel behoort om die saak van die gedomineerde groep te steun nie. Oor homself sê hy: ‘I cannot act differently from what I am’ (1985c: 205). Maar hy sal ook nie toelaat dat sy soort betrokkenheid bepaal word deur ‘the acceptance

or the rejection, the appreciation or the disregard, of my Black compatriots' nie (*ibid.*). Hy verwerp egter die idee dat hy as blanke (of die 'witterige Suid-Afrikaner' as sodanig) nie mag saampraat oor wat daar moet gebeur in Suid-Afrika nie: 'Ek aanvaar wel die kwalifikasie dat die blanke Suid-Afrikaner 'n spesifieke bydrae het om te lewer, gesien sy besondere omstandighede en spruitende uit sy eie agtergrond. Met ander woorde, ek beweeg binne 'n besondere gemeenskap; ek maak gebruik van 'n sekere taal; ek het toegang tot 'n bepaalde publiek wat 'n swart skrywer nie het nie, en ek is bevoorreg - natuurlik - om dit te kan doen' (1985d: 47). Dit is in daardie stadium vir Breytenbach duidelik dat daar geen manier is waarop 'n mens as blanke in Suid-Afrika polities betrokke kan raak nie, behalwe juis by die blanke politiek: 'Laat ons nie 'n fout maak daar nie. Dit is nie moontlik vir die witman om uit te stap uit sy omgewing, en nog te hoop dat hy aanvaar gaan word in 'n alternatiewe politieke omgewing nie. Dit is 'n soort paternalisme wat die swarten bruinman lankal nie meer aanvaar nie' (*op.cit.*: 48).

As voorbeeld hiervan verwys Breytenbach na die ontbinding van die Johannesburg-tak van PEN in 1981 - 'because it was felt that the "non-racial character of PEN had proven more of an impediment than an impetus to the cultural struggle which most of its members sought to further"' (1985c: 201). Hy glo dat dít (naas 'public play by Blacks slapping away the white hands') ook 'n manier was om te sê dat paternalisme nie meer aanvaarbaar is nie: 'That the sitting together cannot quench the fires of rage and humiliation ignited by the Soweto events; that a multi-ethnic (or anti-racist) superstructure such as PEN reflects do-goody idealism - corresponding neither to the reality of polarization nor to the consciousness of the people' (*ibid.*).

'n Ontleding van die literêre toneel in Suid-Afrika in die tagtigerjare (1985c: 203) bring Breytenbach tot die gevolgtrekking: 'As also the spheres of political, labour, and religious activity - the literary world is shot through with often unrecognized rifts... Writers' solidarity is only page-deep...' (*ibid.*). Gesien vanuit sý perspektief as blanke skrywer het daar nie 'n kulturele tussengrond tot stand gekom wat as 'skokbreker' kan dien vir politieke gruwels nie: '(It) could have been hammered out - had the white writers the foresight to break with their own tribal authorities, forcefully so, along lines of absolute solidarity with their Black colleagues, *even without any recognition from the latter*. This did not happen. We were/are too thoroughly depoliticized' (*op.cit.*: 204) - net soos die res van die blanke gemeenskap (1985d: 47).

Sý taak as skrywer en radikale teenstander van apartheid is om te soek na 'the rifts and the cracks through which a shift in awareness can be promoted' en na metodes waardeur hierdie verskuiwings ingespan kan word vir die bewerkstelliging van transformasie (1985c: 204). Maar met die wete dat hy binne sy eie groep moet arbei:

> As a wordsmith aware of the political implications of writing ('there can be no dichotomy between writing and politics: *writing is political*') I could argue - well, yes, I must blow them out of the bathtub, see, I'm trying to yeast Afrikaner sensibilities from within and therefor I start with the bread we break together, even

> if only via the basic complicity of a common mumbo-jumbo, I mean language, I mean *taal*. How else could I have a say so? (*op.cit.*: 205)

Sy pogings om 'n spreekbeurt te kry (om *vastrapplek te behou* in sy land van herkoms) sluit volgens Walzer (1988: 34) in: die publikasie van sy tekste daar, sy gebruik van Afrikaans en selfs die feit dat hy nie net krities staan teenoor blanke hervormers nie, maar ook teenoor sekere swart rewolusionêre strategieë. 'n Mens sou hierby kon voeg die medewerking aan *Rapport* se kunsblad en die aanvaarding van 'n prys in die Staatsteater.

Oor eersgenoemde sê Breytenbach dat hy ‘die gap vat waar (hy) kan op voorwaarde dat (hy) beheer kan behou oor die inhoud’ (al wonder hy self of ‘die lepelsteel werklik lank genoeg’ is) (*Rap.*, 24.7.83). Oor sy optrede in die Staatsteater sê hy dat hy móés terugkom om hiér sy sê te kom sê, met die gedagte: ‘Laat hulle my uitspoeg, laat hulle beweer ek kom speel doemprofeet, of dat ek sout in die wonde kom vryf’ (*Rap.*, 13.4.86). Hy bring sy ou (‘eensydige’, in sy eie woorde) boodskap omdat, alhoewel die Afrikaner ‘krimineel aandadig’ is aan die stand van sake in die land (*ibid.*), hy glo die ‘sense of unease among many whites’, ‘the sense of aimlessness among many of the Afrikaners, particularly’ moet benut word vir bewusmaking:

> There has been a careful cultivation of apoliticism, taking politics away from the whites... and they no longer know where to turn. So, within the state of general *malaise*, I think the time is ripe to bring across a certain number of uncomfortable reflections: nothing new, nothing at all that hasn't been said before, but saying it at this moment, saying it to them in Afrikaans...
> So, if there's something *I can do from within* and for their own good, I feel that coming at this moment and talking to them and even accepting the risks of doing it within the precincts of their own temple, the State Theatre, it will have been worth it.
> My coming has provoked debate and criticism, but it may be of some little help in achieving what I am trying to achieve here, what needs to be achieved, what has to happen... (*Star*, 26.4.86)

By sy vertrek verduidelik hy die bedoeling van sy Staatsteater-optrede só:

> (Dit) was nie om as pierewaaier op 'n podium in Pretoria te kom pavaan met vanselfsprekendhede nie. Nòg om, megalomanies, 'n ‘dialoog’ aan die gang te kry. Die Afrikaners verkeer in 'n diep katatoniese toestand. Onder druk van omstandighede... verbrokkel die Afrikaner-hegemonie. Die loskom het as gevolg dat die krake dieper loop, dat angs en skisofrenie en geweld skerper vloei, maar ook dat selfs 'n witterige Afrikaanstalige Suid-Afrikaanse Afrikaan met Franse burgerskap (soos die uwe) voorlopig 'n sê in kan kry. As ek van nut is, is dit om dalk plek-plek katalisator te kan wees. Of bloot omkrapper. Die idee is om die duif onder die katte los te laat met die hoop dat ten spyte van die gekattemaai 'n paar koppe tóg oop kan gaan. (*Rap.*, 27.4.86)

In sy inleiding tot *End papers* beklemtoon hy weer hierdie oortuiging:

> I must keep hold of Ariadne's thin inky thread, even with the tongue-taste of defeat

> in the mouth, because every little effort may just contribute towards destroying the old labyrinth. I must hang in there, hoping to help set off some alarms somewhere, and at least to add to the quality of the reflection, to keep some options open by keeping the cells alive. (1986a: 32)

Volgens Breytenbach het die skrywer twee *take* (naas die basiese toewyding aan die integriteit van sy eie werk, omdat morele of politieke evaluasies nie gebruik kan word as literêre kriteria nie) wat soms oorvleuel:

> He is the questioner and the implacable critic of the mores and attitudes and myths of his society, but he is also the exponent of the aspirations of his people... From these contradictory responsibilities come the dichotomies of the writer's existence giving rise to so much tension and ambiguity. (1983d: 99)

Hierdie formulering is ook 'n samevatting van die dubbelslagtigheid van Breytenbach se eie sosiale kritiek wat wentel tussen die pole van kritiese afstand en kritiese betrokkenheid. Walzer (1988: 34) meen dat Breytenbach dit ‘tien jaar tevore, toe hy *'n Seisoen in die paradys* geskryf het... dit reggekry het om albei hierdie take te verrig - gewis nie sonder moeite nie, en ook nie sonder drastiese wisseling in nadruk en stemtoon nie, maar sonder dat hy homself ooglopend weerspreek het’ (vergelyk hoofstuk 5 IV). Vandag bestaan die taak wat Breytenbach tóé vir homself as skrywer gesien het, naamlik die herwin van 'n soort vóór-nasionalistiese humanisme in sy volk, nog - maar, volgens Walzer (*ibid.*) is dit onduidelik of daar nog tyd oor is: ‘Wie is dit, per slot van rekening, wat apartheid ondersteun? Wie se belange word deur die ideologie van skeiding gedien? As jy klaar is met 'n kritiek van Afrikaanse “houdinge”, is daar enigiets in Afrikaners se “aspirasies” waaruit enige hoop geput kan word?’

Teen die middel van die tagtigerjare omskryf Breytenbach die taak van die skrywer ten opsigte van sy plek in die gemeenskap só:

> To be a witness, to be a revolutionary or a subversive or a heretic or a sceptic, to be a spokesman or a dreamer or an interpreter: any or several of these roles may be incumbent upon the writer - essential at a given moment, marginal or optional at another, depending of course on the history and the conditions of the society he is part of. At all times, however, the writer is a communicator; he always interacts with society. (1985a: 185)

Die skrywer het volgens hom bepaalde *verantwoordelikhede*, omdat die lewe ‘a sensitizing trip’ is, omdat hy in 'n bepaalde verhouding staan tot die groter geheel waarin hy hom bevind, omdat hy die beliggaming is van die universele behoefte of genetiese drang van die mens om sy leefruimte te definieer en daaraan uitdrukking te gee:

> One, it is absolutely essential (for the writer) to continue suggesting questions in order not to be blasted by a final answer; two, it is all-important to walk on, especially when you have given up the mirages of *goal* and *destination*: that's when walking becomes a discovery; three, the artist is a tool with which awareness and conscience can be made real. (Well, as ‘real’ as ‘real’ ever can be.) (1984b: 143)

Hieruit vloei dit vir Breytenbach dat die skrywer se denke en woorddenke op 'n bepaalde *wyse* geformuleer moet word: as vrae of hipoteses, omdat kuns uit sy aard ambivalent is. Hierdie opvatting, wat verskil van dié uit sy voor-tronkfase toe hy 'n ander houding ten opsigte van die 'boodskap'- of 'propaganda'-aspek van die kunswerk geopenbaar het (soos uiteengesit in hoofstuk 5 IV), is 'n afwysing van die opvatting dat die kunswerk propagandisties van *aard* moet wees:

> Propaganda - precisely this effort at formulating certainties - kills the alternatives, that is, scepticism and irony and doubt and questions. Propaganda more often than not is the enunciation of hierarchial power. No, I think it is more *true* of the artist to be taking part in the creation, by recognition, of a mutual space concerning us all, ever reformed, than to be wanting to lay his visions or his principles upon us, however noble and high-falutin these may be. (1984b: 143)

Die wesensaard van dié kunswerk (wat skepsis, ironie, twyfel en vrae as kenmerke in hom dra) is een van *verset* en *stryd*. Die verset is ook teen die opdringing van cliché's en leuens aan die gemeenskap; die stryd is ook vir die verfyning van uitdrukkingsmiddele, vir die bewaring van die integriteit van die woord en vir die reg om 'technician of the conscience - not in a moralistic way, but to the extent that the only "sin" is that of ignorance' - te wees (*op.cit.*: 145). As 'n moralistiese dimensie egter vereis sou word van die kuns, 'it would be in the formulation and the expression of the ethics and the aesthetics of resistance' (*ibid.*).

Breytenbach is daarvan oortuig dat *vryheid* langs hierdie weg gekonkretiseer moet word. 'Vryheid' gaan om stryd en mobilisering (waarmee hy hom identifiseer, soos uiteengesit in hoofstuk 7 II), maar ook om die kunswerk self as uitdrukking van vryheid:

> Die gedig is ook 'n uitdrukkingsvorm én 'n instrument van vryheid. Ek weet dat die gedig velerlei gesigte het - tegelyk raaisel en labirint, illusie én realiteit. Vir my bestaan die teenstelling aksie/ droom nie meer nie. Woord *is* daad. (En daad, in sy daadwerklikheid is ook woord.) (*Rap.*, 27.2.83)

Hierdie siening verskil van Breytenbach se vroeëre houding, toe hy gevoel het die woord is nie daadwerklik genoeg nie en hom daarom gewend het na 'aanvulling' deur deelname aan ondergrondse politieke aktivisme. Vandag glo hy 'there is no irreconcilable contradiction' tussen 'aesthetics... and political or ethical commitment' nie - 'rather they are as two tensions of the same striving. Aesthetics flow into ethics which leads to action. An act of beauty is a political statement' (1986f: 132).

Vryheid is 'n konsep/waarde waarna Breytenbach telkens terugkeer in sy ná-tronkgeskrifte. In die sin dat hy nie meer in die gevangenis is nie, is hy vry; in die sin van 'n ideaal is hy dit nié:

> Mens koester vryheid as ideaal, jy leef daarmee as verwysingspunt. Byvoorbeeld vryheid van denke, vryheid van onderdrukking, vryheid van assosiasie, vryheid van

> ontwikkeling, één vryheid - kortom, die vryheid van die individu binne 'n moderne staat.
> Ja, dit is godverdomme utopies, want dié vryheid word nooit verwesenlik nie; maar dit bly uiters belangrik as strewe, byna as allesverterende obsessie. Ek is nie vry nie. (*Rap.*, 27.2.83)

Breytenbach glo die mensdom verlang na ‘'n groter regverdigheid, werklike menswaardigheid, die voorreg om te mag deelneem aan die uitbou van ons lewens, 'n dieper verantwoordelikheid en - hoekom nie? - 'n meer konkrete vryheid’ (*Rap.*, 13.3.83). Hy self skryf oor ‘vryheid eintlik’, die ‘tema bly tog die spasies en die tussenruimtes van vryheid’ (*Rap.*, 10.4.83). Die twee bestaanspole is ‘vryheid en beperking’ (*Rap.*, 28.5.83). ‘You ought to push the self over the lip into void, if you bank on finding gaps of survival and freedom, that is’; die digter is immers daar ‘to attempt formulating the interstices of freedom’ (1984b: 145). Hy sal selfs veg vir die vryheid om 'n mislukking, 'n ketter te wees (1986f: 131).

Vryheid staan in verhouding tot *kommunikasie*, net soos die gedig daartoe staan:

> Niks ontstaan in 'n lugleegte nie en niks het in 'n lugleegte of leefleegte bestaan nie. Ons gevoelens, ons idees, is konstruksies gedeeltelik bepaal deur ons gemeenskaplike verlede - nie net die eie nie - en vir die res deur wat ons probeer bereik ten opsigte van ander. Dit (die gedig) is 'n uitreik na ander mense, waarmee ons iets wil boetseer, wil bou - en dit word deur ander mense se gevoelens, reaksies, ensovoorts beïnvloed, gevorm selfs. Ons is almal deel van daardie gesamentlike kragveld en onderling afhanklik daarvan. So kom die verlede ooreen met determinisme; die toekoms met die oopgaan van nuwe moontlikhede, dus met *vryheid*. (1987: 86)

Poësie ís kommunikasie - ‘a complex transmission of meanings, of which “meaning” is only one element’ (1984d: 152). *Met wie* of wat kommunikeer die gedig? ‘I know... that the poem, to exist, needs a listener, a reader, a participant, otherwise it is a dead letter. All the poet really does is to trigger the reaction in the receiver that will provoke that impossible *feeling* or *process* that we describe as *poem*’ (*ibid.*). *Wat* kommunikeer die gedig? ‘Often the sadness or just the bloody-mindedness or peevishness of living. The harsh struggle for death. The painful efforts of honesty. The breath worn thin. Perhaps also the “positive” statement (or existential conditioning?) that there is a purpose to communicating’ (*op.cit.*: 153).

Kommunikasie, die handeling van sigbaar maak, ‘behels altyd 'n transformasie van die oorspronklike gegewens: Dit ís die aard van kommunikeer, dit is inherent aan die kommunikasiemiddel’. Kommunikasie is dus onvermydelik transformasie, metamorfose (1987: 160). Transformasie/metamorfose *is* vryheid (*Rap.*, 27.2.83) én 'n *ondermynende aksie*:

> Part of the civic poet's responsibility is to recognize the interstices, to be the thin wedge that could split the cracks, to seize the distaff elements and the moments of disequilibrium. He must be able to exploit the dynamic dialectical relationship of illusion, or appearance, with reality - knowing intimately the myriad ways in which

> the one becomes the other. The poet must be subversive. By word and by deed and by word-deed he continues to detonate the responsible certainties - in an ongoing attempt to break into the apparent/void. (1986f: 133)

Die vryheid waarna die digter streef (en wat verbonde is aan kommunikasie en transformasie) kom vir Breytenbach slegs tot uiting in *struktuur*; struktuur word vir hom 'n ‘vergestalting van vryheid’:

> Maar dis 'n werk-waarheid, 'n organisasie of organisatoriese wet. Metamorfose geskied van vorm tot vorm. Dit het niks te doen met repressie nie. (Die strukture wat ek in gedagte het, gaan om ritme en patroon en repetisie en rede en ruimte, randjies om die stilte, tekens van en na betekenis, die speling tussen matrys en moer, wat teks is, en daaruit spruitende al die verhoudings...). (*Rap.*, 29.5.83)

Die digter se werk is dikwels fragmentaries van aard, maar hy strewe ‘hardnekkig na die samevatting, die daarstelling van 'n geheel... Dit is 'n stryd om die allesomvattende struktuur’ (1987: 101). Skryf self is vir hom:

> Die strewe na struktuur, die daarstelling van struktuur soms, die lewe in terme van en verhouding tot struktuur; en die onstuimigheid kort-kort van opwellings of uitweidings of ontvlugtings wat van struktuur niks wil weet nie. Daarbenewens die besef, ook altyd iewers op tafel, dat struktuur nie 'n vermoë of 'n ideaal is nie, dalk maar net 'n *pis aller*, 'n *faute de mieux*, wel 'n estetiese en miskien ook... etiese norm - maar dat volvoering daarvan, afronding, 'n doodsit van groeimoontlikhede beteken. Dit is die soeke daarna, die uitreik van betekenis wat tel, veral wanneer jy weet dat die bereiking daarvan onbevredigend sal wees. (Nietemin, in die gedig, is hierdie drie beslis van veel gewig: *struktuur, postuur, tekstuur*.) (*op.cit.*: 103)

Hierdie uitspraak, alhoewel eers gepubliseer in *Boek (deel een)* wat in 1987 verskyn, dateer uit die tydperk 1975-1977, die ontstaansperiode van dié teks. In 1984 onderskryf hy egter weer dié opvatting wanneer hy verwys na ‘posture, structure and texture’ as belangrike hulpmiddele in die kommunikasieproses van die gedig: ‘Individually it is the posture of receptiveness (I'd even say “availability”) that makes it possible to discern the structure partially defined by the texture of images and sounds and rhythms and silences’ (1984d: 152). Hierdie uitspraak moet sáámgelees word met Breytenbach se belydenis dat hy ‘space and rhythm and structure’ en sy ‘relationship to the environment and to other people’ in terme van sy Afrikaan-skap ervaar (1986f: 126, soos aangehaal in hoofstuk 7 III).

Binne hierdie ‘struktuur’ plaas Breytenbach klem op *verhoudinge*, *dialektiek*. Dit is immers 'n ‘geheel waarbinne teenoorgesteldes bly voortbestaan sonder dat dit die simbiose van stryk... bring’ (1987: 170). Hy definieer hierdie verhoudinge as dié ‘tussen elemente in die gedig onderling, tussen binne-gedig en om-gedig of buite-gedig’ wat 'n ‘spanning, 'n kragveld’ soos by elektrisiteit impliseer: ‘Omdat al die onsekerhede van die geheel 'n lewende organisme of meganisme maak, is daar gedurig 'n wedersydse invloed en modifikasie’ (*op.cit.*: 170). Die ‘eintlike onderwerp of tema van 'n gedig’ is dan die verhoudings: ‘Verhoudings tussen gedig en anti-gedig, verhouding tussen belewing en

vertaling via die skema, verhouding tussen die woord en die stilte via die sin, tussen die sê en die onsêbare via die verband, verhouding tussen die Werklikheid en 'n werklikheid' (*op.cit.*: 25).

Verhoudings wat in Breytenbach se eie skrywerskap vir hom die dwingendste bly, kan afgelees word uit sy 'selfportret' in *Judas eye*: 'I/Other; Black/White; African/European; Interior/Exile; Clarity/Consciousness; Responsible/Subversive; To Be/or Not To Be en Free/Unfree (1986f: 123-134). Sy 'bannelingskap', word - ten spyte van al die trauma wat dit inhou ('Your relationship with the world around you is that of the foreign observer. Or you turn in upon yourself, turn yourself over, observe the albino insects scurrying away from the light. And you taste a distaste, bloated as the tongue in its orifice of saying' - 1985e: 211) - ook 'n 'blessing in disguise': 'Freedom, because that is where you're at, is a nasty taskmaster. You have so much more to learn. You are conscious of the *étrangeté* of life, and your senses are sharpened to needles with which you skewer the grey flesh of dull daily acceptances. Your head too is crammed with clichés and stereotypes, but at least you recognize them for what they are - in several languages! For better or for worse you are an outsider' (*ibid.*).

Die strewe na vryheid waarmee Breytenbach so 'n obsessie het, lê egter verpligtinge op die skrywer:

> But the quest for freedom, acting as if you were free, imposes upon you the bind of having to make decisions *all* the time, from nought to nuclear. It is very tiring, alienating. (What is *is*; what was *was*.) The civic poet owes it to the community to be a thorn in the flesh, but also owes it to his fellow travellers to keep on tripping himself up - for the sake of his integrity which is not an attribute but a method, a tool for scraping the crap from his perceptions. (1986f: 132)

Al die temas wat tot nou toe genoem is ten opsigte van Breytenbach se opvatting oor die rol van die skrywer, kom voor in sy opsomming van die 'take' wat wag op die blanke skrywer in die 'totalitêre staat' wat Suid-Afrika vandag is:

> To keep the word alive. Or uncontaminated. Or at least to allow it to have a meaning. To be a conduit of awareness.
> To remember that writing imposes an obligation of dignity, even if idiotically so (in the Dostoevskian sense...). To try to see that one shouldn't confuse writing with politics, given the fact that *writing is politics*.
> To keep up the noise level. To create confusion at least. To be an underminer campaigning for *alternatives*; that is, for *thinking* (even if it has to be through word thinking), that is, against the laming of the palate.
>
> To keep an uncivil tongue in the head. To write against that fate worse than death: the wooden tongue clacking away in the wooden orifice in order to produce the wooden sing-song praises to the big bang-bang and the fluttering flag!
> Not to knuckle down to oversimplification. (Which need not imply that one drowns every sausage of words with globs of Joyce either!)
> To keep tending to freedom. Which means possibility. Which means means. Which means responsibility.
> To write like a bat out of hell always screeching for the line of truth. Writing as the expression of revolt, not the sublimation of it....

> For the White writer, it also means avoiding the twin paternalist pitfalls of either trying to speak in the place of the oppressed Blacks, or indulging in special pleading when it comes to their work. It means, at all costs, avoiding having his work or himself be tainted by 'martyrdom' or 'courageous actions'.
> Above all, it means to project the *feel* of feeling, the feel of thinking, the feel of what it is like, the horror and the joy, to be balancing on the twin legs of birth and death. That is to my mind what revolution, which is resistance, is about. In terms of writing. (1985a: 193-194)

Die kodes 'ondermyning', 'vryheidsvegter', 'rewolusie' en 'opstand' keer telkemale terug in Breytenbach se uitsprake oor die rol van die skrywer. Net so gereeld egter gee hy ook uitdrukking aan sy verwerping van alle vorme van *dogma*.

Sy walging aan totalitarisme kry eerstens uitdrukking in die verwerping van die Suid-Afrikaanse staat (soos uiteengesit in hoofstuk 7 II) - maar hy is akuut bewus daarvan dat dit nie tot dié land beperk is nie: 'Die gees van totalitarisme is nie dood nie, bly steek sy aaklige kop (met helm) uit, floreer byvoorbeeld, in "demokratiese" Chili en Suid-Afrika net soos in sommige sogenaamde kommunistiese lande' (*Rap.*, 28.5.83). Omdat 'om die stilte te verbreek' die eenvoudigste manier is om totalitarisme (en die verrekenarisering van die mensdom) te beveg, is dié lande ook die lande van inperkings, sensuur, tronke (*Rap.*, 21.8.83). Hy aanvaar dat 'many roads lead to totalitarianism, the power malady' (1986f: 125). 'Powermongers' erken mekaar altyd:

> There is something universal in the relationship between rulers and subjects, in the acceptance of certain methods to maintain rule, which is far stronger and more ancient than the differences that may emerge from opposed ideologies like socialism and liberalism, or democracy and totalitarianism. Botha, being a politician in power, ultimately belongs to the same species as Reagan, Thatcher, Lubbers, Mitterand, Gorbachev, Nakasone, Alfonsín, Kohl, Mengistu, Bongo, Machel...*
> The killers of South Africa's DNS, the CIA, the KGB, Mossad and all the other spooks and moral cripples of the world are birds of a feather.
> (*Note*: Of course I'm not suggesting that all those in power are oppressors. Botha is the pinnacle of a dictatorial regime whereas Mitterand, Alfonsín and others represent, after democratic elections, the majority of their people.) (1986a: 15)

Breytenbach glo in die vroeë tagtigerjare (kyk hoofstuk 7 II) dat wanneer die ANC eendag die 'huidige totalitêre staat' vervang, dit sal wees met een wat net so totalitêr is as gevolg van die Stalinistiese invloed daarop, die vassit aan 'Moskou se voorskootbande' (soos hy in *Rap.*, 24.7.83 dié soort invloed beskryf):

> As things stand now the External Mission, in the grip of the dogmatists, will be stronger than the ANC inside the country, and probably they will shut them out in any ensuing power struggle. This is my personal view. ... And I don't believe there's any chance of the ANC transforming itself into a free democratic organisation. (It is 'free' and 'democratic' now in the double-

> speak Orwellian sense.) It is the victim of its friends, its history, and the conditions imposed on it by the struggle for freedom in an arena controlled by a cruel and criminally irresponsible adversary. (1984a: 327)

Tog aanvaar hy dat daar geen ander pad is om te loop nie: ‘How can we advance unless we destroy racism?’ (*ibid.*) - die uiterste dogma - want 'n houdingsverandering by genoeg blankes, wat die uitgerekte burgeroorlog kan stop, is onwaarskynlik: ‘Racism and corruption have alienated them too profoundly’ (*ibid.*).

Die totalitêre aard van die Suid-Afrikaanse staat het dus aanleiding gegee tot die ontstaan van nuwe dogmas: ‘Talking of South Africa as a reality... one could say:...that it is a depoliticized waste land where the mind is stultified by imported dogmas ill-equipped to provide solutions to local discrepansies - neo-Nazism, Stalinism, to name but two... (1985a: 187). Daar is ‘fascistiese denkstrukture en uitingwyses wat nie as sodanig herken word nie omdat dit in die monde leef van mense wat hulself as “links” sien. Wanneer jy bietjie skewer luister, dan hoor jy die machismo, die onverdraagsaamheid, al die verwysings na “bloed” en “vuur”’ (*Rap.*, 24.7.83). Dikwels vloei die veroordeling van apartheid uit oorvereenvoudiging en word absolutisme vervang met absolutisme (1983d: 100).

Breytenbach glo dat die teenstrydige take van die skrywer (om as vraesteller en kritikus van die sedes en houdings en mites van sy samelewing én as eksponent van die aspirasies van sy mense op te tree) wat tot soveel spanning en dubbelslagtigheid aanleiding gee, die rede is waarom dit vir die skrywer onmoontlik is om heeltemal in te pas by enige ortodoksie:

> Sooner or later he is going to be in disaccord with the politicians. He can be at times the expression of politics, even directly so, but the demands of his freedom and integrity may isolate him at other moments, may make him marginal. (1983d: 99)

Self weier hy ‘to be squeezed or boxed in by whatever orthodoxy or combination and concoction of activists’ (1983e: 109). Hy vind dit totaal onaanvaarbaar ‘that any organization, however representative it may be, should decide what writing is to be allowed and diffused and what not’ (1983d: 104). Uiteindelik is hy ‘resolutely against any and all forms of discrimination. Which must mean the same chances and the same responsibilities and the same laws for everybody. And it must lead to the liberation of people's creative energies, to a devolution of power, to real democracy, which surely must imply decentralization and people's power’ (1985g: 226).

Sy afkeer van enige dogma of ortodoksie vloei uit die wete dat daar geen absolute ‘waarheid’ bestaan nie: ‘There is in fact no Truth. We are too fragile and volatile for that; we work with too many uncertainties. There is rather the continual shaping of something resembling, poorly, provisionally, “truth”’ (1983d: 100). Die skrywer probeer nie die ‘waarheid’ kommunikeer nie: ‘Truth sank with the *Titanic*. Though some people are still trying to salvage it’ (1984d: 153). ‘Verdraagsaamheid’ moet 'n riglyn bly (*Rap.*, 29.5.83).

Breytenbach glo dat die situasie in Suid-Afrika nie vereenvoudig kan word tot

‘suiwer’ teenstellings nie. Ook die literêre bestel is vol weersprekings - en dít geld vir sowel wit as swart skrywers. Wit skrywers ervaar dikwels die gevoel dat swart skrywers in die openbaar teen hulle diskrimineer as gevolg van hulle witheid (soos tydens die ontbinding van PEN gebeur het), terwyl hulle, paradoksaal, in hulle private hoedanigheid egte uitings van waardering en gedeelde bekommernisse teëkom. Feit is dat hulle *weet* dat hulle as ‘token whites’ verdra word wanneer hulle in swart geledere verskyn, as ‘oom Jannies’, en tog sal hulle nooit hierdie vernedering erken nie (1985c: 202). Die swart skrywer weer sal op ‘neutrale grond’ (oorsee, buite hoorafstand van 'n gehoor, bevry dus van die verpligte, opgeblaasde ‘rewolusionêre’ retoriek) toegee dat hy vasgevang sit in kontradiksies: ‘Insisting upon a cultural boycott (that is, recognizing the cultural identity dimension of the liberation struggle, the need for “decolonization” and self-sufficiency) and yet yearning to be let out of the ghetto. He rejects the imposition of “bourgeois” values, but his own, unacknowledged, criteria are apt to be Western and orientated towards accepted “universal” norms of literary quality. He will be a Black nationalist (often an euphemism for being anti-White) and still hold up foreign white revolutionaries as paragons... Worst of all - he may still be in a position of humiliating dependence on the White for literary breakthrough and survival...’ (*ibid.*). Op die ou einde is álle skrywers gekontamineer deur apartheid:

> The Afrikaners do not trust the English. The English libs tolerate the Afrikaner libs only in so far as they don't compete for the same commiseration... And Afrikaners... remain stained by their Afrikanerness. Whites more often than not still reflect the old insensitivities of the ‘baas’ to the Blacks, or else they attempt to communicate from the dock of the accused in which they sense themselves to be. Blacks look upon whites with a rage and a distaste so overpowering that they have become inarticulate emotions. Blacks by and large regard the ‘Coloureds’ - and their strained attempts at identification with *Black* - with scorn. At best with distrust. The whites consider the ‘Coloureds’ their poor and untrustworthy cousins. The ‘Coloureds’ are engaged in an old family feud with the whites: they are the half- brothers banned from the dining room to the kitchen. They are caught in the cleft stick of pleading and threatening. (1985c: 203)

Vir Breytenbach is hierdie simptome - die ‘revolutionary racket’ en die ‘conceptual doublevision’ - normaal in 'n situasie waar die ou orde hewig verwerp word en die nuwe, alreeds tot 'n groot mate gevorm, nog nie verrys het of homself opdring nie (*ibid.*). Beteken dit dat wit en swart skrywers gedoem is tot ‘cuckolds and cuckoos’ wat dit nóóit met mekaar kan uitpraat nie? (*op.cit.*: 202). Breytenbach glo dat, alhoewel swart en wit skrywers se ‘commitments’ uit verskillende beweegredes ontspruit die een s'n nie as ‘beter’ of ‘suiwerder’ as die ander s'n gesien hoef te word nie - selfs nie eers as meer essensieel nie:

> In fact, we share many of the motivations. We all need to purge, break down, come to clarity, cultivate responsibility, rebuild. We have to realize that we are fuckups, with treacherous failings, and we have to show some compassion - even where we don't understand or sympathize. It is possible to come to the acceptance of tactical

> alliances. It is above all primordial to realize that we are scaffolding convergent strategies...
> What we are experiencing is also a cultural revolution in action: a mixture of good intentions and distrust and manipulation and peacocking and politicking; 'more revolutionary than thou' putdowns; anti-'bourgeois' rhetoric; but at the same time a coming to grips with the complexity of the situation, with the shattered vision, with the *unthinkableness* of the options, with the horrors of our history, which, like it or not, we made together murder by murder. (*op.cit.*: 205)

Naas *taktiese alliansies* aanvaar Breytenbach dat selfs *kompromieë* oorweeg moet word, soos om hoe ook al, tot elke prys te publiseer (al moet dit deur *samizdat* wees) of deur 'beating the breast and gnashing the teeth if you're that way inclined' (1985a: 194); 'the writer, if he really wants to write, if he wants to hone his craft, must face the splitting of the mind, the supping with the Devil, the writing in dribbles from the corner of the mouth' (*op.cit.*: 192). As dit moet: 'Be pliant and weak... Cry if you must. Try not to go to prison; it's never worth it' (1984a: 328). Daar bestaan 'n intieme interaksie tussen die vryheid van die skrywer en effektiwiteit in 'the field of keeping the options open' (1986f: 131). Waar Breytenbach vroeër die skrywer as harpspeler in die voorkamer van bankiers, van fabrieksbase, van ministers, van die geestelike owerheid met minagting bejeën het (1974a: 27; vergelyk hoofstuk 5 IV) glo hy nou: 'It is not necessarily shameful to be living at the table of the political lord or that of the patron of the arts, be it as fool or entertainer. The wine is often good there. Nor is it intrinsically wrong to be a kept woman or a gigolo' (1986f: 131).

Die taktiese alliansies en die kompromieë is nodig omdat die ander keuse ondenkbaar is: 'What else, propagating violence? Condoning mayhem? Penning praise poems to some home-grown Stalin?' (1985a: 194). Dit is ook nodig vir oorlewing (*ibid.*). Maar daar is voorwaardes daaraan verbonde. Die oorlewing moet in diens staan van die *stryd* ('survive, so as to continue to struggle' (1984a: 328)) en die alliansies en kompromieë moet plaasvind ter wille van *transformasie*:

> But one should do so as the chameleon; one must not be a master of disguises only, patiently stalking the fly and rotating the eyes in different directions simultaneously, but willing, furthermore, to act as the transformer of situations and relationships. In Africa the chameleon (or 'walk-softly') is the agent of transformation, the bearer of tidings that there will always be life, from one digestion to the next, and thus immortality - but it must be noted that he can also be used as the main ingredient of a very potent poison. (1986f: 131)

Breytenbach is ten volle bewus van sy eie teenstellings, van die kompromieë wat hy aangaan én die prys wat hy daarvoor moet betaal. Hy word aan die teenstellings herinner in 'n 'oop gesprek' met drie bruin landgenote tydens die Poësiefees in Rotterdam: Hy is die 'Whitey' alhoewel hy homself nie as 'n Afrikaner beskou nie en nie heeltemal seker is of hy 'n Suid-Afrikaner is nie, maar ook nie wil verval in die misrabelheid van 'uitgewekene' wees nie (*Rap.*, 24.7.83). Hy weet self dat sy pogings om vastrapplek in sy land van herkoms te

behou (veral deur die gebruik van ‘die taal’) hom kompromitteer: ‘Ah, but how do I avoid the twisting and the bending, the kneeling and the backstabbing, the compromises, the ethical corruption, in my attempts to “hang in there”?’ (1985c: 205). Toe hy die Rapportprys kom ontvang, doen hy dit met die wete van sy ‘eie fokops en voos kolle’ en dat dit gesien kan word as ‘vreet aan die bitter vrugte van apartheid’ (*Rap.*, 13.4.86). In 'n konfrontasie met Don E (sy alter ego) word sy ‘verwondbare plekke’ uitgespel:

> I know you have pointed out before the insidious mixture of private and public. You have accused me of avoiding the sensitive issues by pre-empting them, by going whistling in the dark like a courageous freedom fighter, to scout for them over the hill... You say I have succumbed to the temptations of the minor prophet, belabouring the obvious and counter-attacking viciously when results don't square with my predictions, my wall-eyed schemes; that I'm so imbued with my own ‘insights’ that I cannot hear or see or translate ‘reality’ on the other side of the hill... Worse, that so much of my criticism is just thinly disguised anti-Communism. Or that it is motivated by jealousy of the authentic freedom fighters, that I try to camouflage the dissipating frustration of not ‘belonging’, that there is no way in which I can backtrack to Paradise, that I show the typical feeble-mindedness of the self-taught technician of morals, that I can't stand not being Black... Guilt complex? You say that my idealism, like all idealism, is more posturing than practice. I plead for a cultural embargo, you say (spluttering from the sidelines), and I don't wish to admit that it is a form of censorship. I lend myself to propaganda. You say I imagine that I know the Blacks (note, that they can be known as a group, a race), and why won't the Blacks drive the Whites into the sea? Why do I support a movement, you ask, knowing that if it succeeds it will try and install a Stalinist control over the country? Then to throw my hands up in aggrieved *naïvete*? Where are my African friends, you ask. How gratifying to prance on the world stage! You say that people like me are the true bastards - adroitly courting acceptance by claiming to be ‘bastards’ - because we do not really think things through. We are the real demagogues. Finally we wash our hands of the responsibility for violence and dislocation and death: aren't we just the ‘writers’ and not predicators of the climate that will make violence inevitable?... (1986a: 33)

Die ná-tronkse Breytenbach lok inderdaad kritiek uit op die teenstrydighede in sy uitsprake en optrede (vergelyk hieroor Vorster, 1988) wat vloei uit sy pogings om vastrapplek in die land te behou, asook op ander uitgangspunte ten opsigte van sy sienings van verset/die stryd.

Gedurende 1983 is daar reaksie op sy ‘Intussen stroom-op’-rubriek in *Rapport*. As voorbeeld van een só 'n reaksie, haal hy juis in *Rapport* die onderstaande verwytende brief aan:

> WC Weitling [BB] has his regular column today. About who and what he is writing for. And about what - freedom it seems. It's not bad, but what happened to his teeth?... The situation is such that ideological discussion is bursting forth from all over the show. Ek is nou nie skrywer nie, ook nie prefaster nie, maar kan hy nou nie bietjie inmeng nie? He asks, for instance, how many Afrikaners think Azania? Sounds punchy maybe, but

it isn't. Not because nobody thinks, but because what is this Azania he thinks of? He comes across as if he thinks his readers are resistent to any new thought. That certainly is not so at this point in time and it would be

> appreciated if he would enter the fray thoroughly rather than standing on the side and throwing around the odd comment here and there without his guts into it. Or is that the writer's privilege? (*Rap.*, 15.5.83)

Met die verskyning van *Confessions* het Jeremy Cronin, 'n digter wat ook jare in die tronk deurgebring het ingevolge die veiligheidswetgewing, probleme met wat hy noem Breytenbach se ‘skeptiese selfbelang’, sy sinisme en ‘oedipale verset’ - ‘that needs the Voortrekker Monument to kick at... and the fathers to revolt against’. Vir Cronin is dié skrywer en sosiale kritikus se teks ‘full of contradictions, of positive enabling indications, and of many *cul de sacs*. The new generation of progressive white Afrikaans writers... is going to have to sort out the positive from the negative, the self-indulgent, selfexculpatory, the mystificatory’. Volgens Cronin is Breytenbach se kulturele verset ‘reaktief’ (1985: 17).

Die teenstrydighede in Breytenbach se besoek aan Suid-Afrika gedurende 1986 - en in sy openbare optrede en uitsprake daartydens - lok reaksie uit, nie slegs van die puriteine van die ECC, UDF en JODAC nie, maar ook van binne die Afrikaanse literêre bestel (kyk hoofstuk 7 V). Ander ‘verligte’ Afrikaners stel ook vrae oor uitsprake wat Breytenbach maak. Riaan de Villiers, byvoorbeeld, wys op Breytenbach se uitlatings oor die ‘gedepolitiseerdheid’ van die Afrikaner-jeug (byvoorbeeld tydens 'n toespraak voor 'n Stellenbosse gehoor, 1986c: 10-12). Terwyl Breytenbach in die tronk was, was dié jong mense op die grens en in swart woonbuurte: ‘Is hulle werklik apaties - of is hulle net besig om hul in só 'n mate aan die sterwende orde te onttrek en op 'n nuwe te probeer voorberei dat hulle vir ouer mense heeltemal ontoeganklik geword het? Besin hulle hoegenaamd oor Afrikanerskap en Afrikanermoraliteit? Is Breyten nie dalk op sy beurt vir hulle net nog 'n voorbeeld van 'n irrelevante soort “interne worsteling” wat hy (self) so skerp afgewys het nie?’ (1986: 9-10).

In die tweede helfte van die tagtigerjare word daar binne (linkse) literêre kringe vrae gevra oor die diskrepansie tussen Breytenbach se ‘individualistiese estetika’ (gekoppel aan bourgeois modernisme) en sy radikale politieke filosofie (Pakendorf, *Bu.*, 24.9.87). Sommige van sy opvattings ten opsigte van die rol van die skrywer en betrokkenheid by die ‘stryd’ word vanuit ideologiekritiese hoek bevraagteken (soos uiteengesit word in hoofstuk 7 X).

Breytenbach se reaksie op die kritiek uit ‘linkse’ oriëntasie is voorspelbaar, gesien sy verwerping van enige vorm van ‘dogma’ of ‘ortodoksie’. In Maart 1983 reageer hy reeds geïrriteerd op 'n brief van 'n ‘waardeerde jong Afrikaanstalige Suid-Afrikaanse skrywer’ wat hom uitvra oor sy skryfaktiwiteite vanuit Parys (*Rap.*, 13.3.83). In Mei van dié jaar sug hy ‘ag, haai siestog, sussie... terwyl hy sy kop betas vir woordknoppe en met die tong na sy tande soek’ na die verwyt teen ‘WC Weitling’: ‘Die verwyt het bekend geklink, al sy dit geregverdig. Die manier van te werk gaan: 'n tipiese *agent provocateur*-situasie. Sekere speletjies is reeds gespeel. Daar is tyd vir bomme en daar is 'n tyd vir briewe’ (*Rap.*, 15.5.83). Tydens die 1983-Poësiefees te Rotterdam verweer hy hom teen verwyte van bruin landgenote dat hy nie Nelson Mandela is nie: ‘Tog, die enigste verskil tussen ons twee is juis dat ek nié Nelson Mandela is nie. Het

ek dan nie bewys dat ek polities 'n stommeling is nie? En anyhow, seg ek, ek sou nie 'n tou om my nek gaan bind net om te voldoen aan die verwagtinge van julle wat hier buite op julle gatte sit nie' (*Rap.*, 24.7.83).

Tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1986, sê hy dat hy agtergekom het 'die opposisie... is 'n klein verhoog met 'n dingese klomp actors wat mekaar pomp met die elmboë vir 'n leeue-aandeel in die kalklig. Wat hul siening van my betref, kan dit wees dat hulle reken die streep boer loop nog te dik deur my' (1986c: 12). Hy is bewus daarvan dat hy met sy 'gewei met die Boere' sy 'geet toegestak het by die puriste' (*Rap.*, 27.4.86). Die feit dat die ECC en JODAC hulle uitnodiging aan hom teruggetrek het, skryf hy toe aan die volgende: 'Blykbaar stink ek nog te veel na dassie, of miskien is dit omdat ek myselwers nie tot hang kon bring in die alcatroz nie, of dalk is my rekord nie rooi genoeg nie. Is dit omdat hulle 'n *more Stalinist than thou*-houding moet handhaaf, of een van *blacker than thee*? Hoe dit ook sy, die wit ouentjies het duidelik benoude boude' (*Rap.*, 27.4.86).

Hy voer aan dat sý soort betrokkenheid (of 'non-involvement') nie in die guns val van 'the maggots who live on the morally revulsed body of anti-Apartheid the same way other - cigar-chomping vultures and stripe-suited hyenas too - continue feasting off the beastliness itself. It is no use me saying I'm not an exile: people would insist on having their need for outrage and public evisceration and catharsis satisfied' (1986f: 130).

Waar plaas Breytenbach homself ideologies? Hy beklemtoon dit dat hy geen groep of denkskool 'verteenwoordig' nie: 'I'm sure a few writers in South Africa... agree with some of my statements while fiercely disagreeing with others' (1983d:99). Die druk om te konformeer, van die kant van vriend én vyand, is egter geweldig en voortdurend (1986f: 131). Hy glo 'the highest and most difficult state of the writer is to be totally aware and self-questioning while contributing to the endless struggle for greater justice and more liberty'; 'n skrywer moet dus 'n *ketter* wees (1983d: 99). Hy self betwis 'the right of any orthodoxy or pressure group to tell me what and how I must write. My loyalty can be true only in my freedom to remain an *agnostic*' (*op.cit.*: 102) - die tronk het immers sy oë oopgemaak, hom geleer om hom 'aan niks te bind nie' (1983a: 8). Hy is egter nog altyd 'links' - selfs onder 'n sosialistiese regering in Frankryk - omdat 'the intellectual always sees himself in opposition' (1985g: 226). Hy noem homself 'an undogmatic leftist *anarchist*' (*op.cit.*: 228), iemand wat as 'terroris' sou kon deurgaan in baie lande (*ibid.*).

Hy is statutêr 'n veroordeelde *terroris*, iets waarop hy baie trots is - 'although I realize how easy it is to become one in the perverted context of South Africa - where after all we find a population of 5 million albinos and 25 million actual or would-be terrorists. Our exclusiveness has been vulgarized, our mythological nature ridiculed! We are becoming as common as garden tourists!' (1986f: 130). Ten spyte van hierdie 'gemeengoedmaking', glo Breytenbach dat hy 'n 'disruptive force' moet wees (*op.cit*: 133): Hy staan in 'n 'critical relationship to the Left' -

> Where to be of the Left means to subscribe to and to participate in the struggle for

> generosity and tolerance and international solidarity with those deprived of their freedom and their human rights; when it means the willingness to keep working for greater democracy and better justice and more power to the people; where freedom is defined as a continuous battle, and one is made to think oneself into being and to comprehend the origins and the mechanisms of social organisms; where elitism is refused and the bringing about of some new orthodoxy, some school of cultural terrorism and atrophy, another power monopoly - be it hypocritically claimed to in the name of the tongueless proletariat - are rejected for ever.
> And then to translate all the above into a *praxis*. (*ibid.*)

Breytenbach ken dus 'n plek toe aan *praxis*, 'n uitgangspunt wat in die middelpunt staan van die debat oor literatuuropvattings binne die Afrikaanse literêre bestel op die vooraand van 'n nuwe dekade (soos uiteengesit in hoofstuk 7 X).

VIII
'n ‘Suid-Afrikaanse kulturele identiteit’?

Binne die kultuurkonteks van tagtig is uiteenlopende kragte werksaam: aan die een kant die inisiatiewe van die regering en Afrikaner-establishment, gerig op die hervorming van apartheid en die Afrikanerkultuur en aan die ander kant die demokratiseringsinisiatiewe van uiteenlopende buite-parlementêre en/of antiestablishment groepe. Terwyl ‘alternatiewe’ kunsuitinge en 'n swaai na ‘performance’ die grense van die Afrikaanse kultuurkonteks verskuif (al is dit dan beperk tot 'n intellektuele/kulturele elite), staan die demokratisering van swart kultuur sterk onder die invloed van die werkersklas en die vakbondbedeling (vergelyk hieroor Sole, 1987). Oor hoe die verskeidenheid ‘kultuurbelange’ die beste gedien kan word, bestaan verskillende menings - en word verskillende strategieë aangewend.

Aan die een kant trek die (Afrikaner-)kultuur-establishment saam om te besin oor die vorm van staatsondersteuning en oor strategieë vir kultuurbewaring - byvoorbeeld tydens die Stellenbosse Kunsteberaad en die konferensie ‘Kultuurbewaring: Veranderende konteks en uitdaging’ in 1988 (vergelyk Martin, 1988b: 82-85 en Vergunst, 1988: 36-37). Aan die ander kant verfyn die ANC sy kultuurbeleid (*WM.*, 11-17.12.87 en 15-21.12.87) en word georganiseer rondom die ‘alternatiewe, demokratiese kultuur’ soos blyk uit die stigting van COSATU se National Cultural Unit (*NN.*, 16.7.87) en die UDF se ‘Kulturele Sekretariaat’ (*WM.*, 20- 26.11.87), die aanbieding deur die ANC van 'n internasionale fees (CASA) oor Suid-Afrikaanse kultuur in Amsterdam (waarby Breytenbach tydens die aand van poësievoorlesing ‘half-welcomed, half-shunned’ word, *WM.*, 11-17.12.87 en 15-21.12.87) en die loodsing van die Congress of South African Writers (COSAW) (*NN.*, 16.7.87).

Binne die (blanke) kultuur-establishment word besin en/of gemobiliseer rondom kultuur- en/of groepregte. Vanuit gematigde kringe word gepleit vir die ‘vrymaking van... elke bestaande kultuur in die land - om sy rol in die samelewing ongehinderd te vervul’, want slegs 'n ‘werklik vrye kultuur waarin alle stemme gehoor kan word... kan verhoed dat Afrikaanswees (die Afrikaanse kultuur) met net die “stemme” van 'n bepaalde groep... geassosieer word’ (Johl, 1987c: 43-45). Vanuit die ‘hervormingsbeweging’ word gemobiliseer rondom taalgroepe en die instelling van 'n liggaam wat 'n ‘Taalplan’ daar kan stel (Prinsloo en Van Rensburg, 1984: 148) - wat as teenwig kan dien vir die taalbeplanning van rewolusionêres - en rondom die instelling van 'n Kunsteraad (Kommissie van Ondersoek na die Skeppende Kunste, 1984). Op politieke terrein is dit nie net die Nasionale Party wat kultuurstrategieë hoog aanslaan nie (vergelyk Viljoen in Prinsloo en Van Rensburg, 1984: 154-162); binne die ‘linkse’ Demokratiese Party is daar meningsvormers vir wie ‘kultuurregte’ die hoeksteen van die nuwe politiek is. Willem de Klerk veral het tydens sy verbintenis met dié Party gedink in terme van moontlikhede ‘such as a clause in a constitution which will entrench group rights, a constitutional court which will adjudicate on the constitution, and a structure of cultural boards and state institutions which will rule on cultural matters’ (*Star*, 1.2.89). Die voorstelle vir 'n Menseregtehandves ondervang ook die probleem van die beskerming van minderhede se kultuurregte deurdat belange ten opsigte van taal, kultuur en godsdiens nie as ‘groepregte’ nie, maar as individuele regte beskerm sal word (*VW.*, 17.3.89).

Maar ook binne die demokratiese beweging word kultuurregte aangespreek. Tydens die opstel van ‘Riglyne vir 'n post-apartheid Suid-Afrika’ word klem gelê op die staat se plig ‘to promote the growth of a single national identity and loyalty binding on all South Africans’; terselfdertyd egter sal die staat ‘the linguistic and cultural diversity of the people’ erken en voorsiening maak vir ‘free linguistic and cultural development’ (*FL.*, Aug. 1988; *WIP.*, Apr./Mei 1988). Die riglyne verwerp egter die konsep van ‘groep’- of etniese regte en ‘offer instead a Bill of Rights which will entrench individual rights’; dit voorsien ‘a complete ban on institutions structured or organizing on racial lines’ (*FL.*, Jul. 1988).

Breytenbach sien die geskakeerdheid van die land se kulturele konteks as 'n rykdom (1983d: 102 en 1984a: 328). Hy het reeds van die sestigerjare af heftig gereageer op die wyse waarop Afrikaner-hegemonie die kultuuruitinge van ander groepe tot volksoorleweringe/folklore gereduseer het (soos uiteengesit in hoofstuk 5 I). Oor die blanke se vrees vir die aantasting van sy (kultuur-)regte in 'n post-apartheid samelewing laat hy hom só uit:

> Ons blankes is tog nie die enigste minderheid nie. Daar is tog ander minderhede; ook politieke minderhede onder die swartes self. Ons gaan tog nie een soliede unitêre soort swart meerderheid hê nie, maar een bestaande uit verskillende groeperinge. Deur onderhandeling behoort ons tot 'n vergelyk te kan kom, waar ons ten minste hierdie tirannie van 'n absolute meerderheid en die uitskakeling of die onderdrukking van minderhede en van hulle kulturele regte, veral, behoort te kan ontwyk....

> Ek glo (egter) nie dat die kieser hoef te paap by die idee van 'n meerderheidsregering nie. Ek dink 'n ou moet homself maar laat dra deur die swart 'nanny', ek dink nie jy hoef bang te wees dat sy vir jou gaan 'drop' nie... (1985d: 48)

Hy glo die Suid-Afrikaanse problematiek - onder meer van mense van verskillende kulturele agtergronde wat moet saamlewe - en die oplossing daarvoor wat in die stryd self gevind sal moet word ('die pynlike skepping en ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse kulturele identiteit' - *op.cit.*: 47) is 'van deurslaggewende belang vir die hele wêreld in die nabye toekoms' (*op.cit.*: 48). Maar in hierdie proses van nasiebou moet groepregte nie verskans word ter wille van magsbehoud nie (1988a: 23-24); daar moet geen 'special pleading' na enige kant toe wees nie (1985c: 204). Die toekomstige bedeling in Suid-Afrika mag net so min op rassisme en uitbuiting gebaseer wees as op die veronderstelde superioriteit van Westerse kulturele waardes.

Die bevoorregte posisie wat toegeken word aan die Judaïes-Griekse erfenis wanneer oor 'beskawing' gepraat word, is volgens Breytenbach niks anders as die bevooroordeelde, eensydige en foutiewe interpretasie van manipuleerders nie; 'Westerse waardes' - die mantel van ekspansie-politiek - het alternatiewe bronne soos dié van Afrika verberg; die definisie van 'vooruitgang' is tendensieus en die toepassing daarvan behels die keuse vir 'n verskriklike magsmeganisme. Afrika, daarenteen, vergestalt vir hom die waardes waarin hy (nog) geloof behou het, byvoorbeeld metamorfose, transformasie, dialektiek, humor en humanisme (alhoewel hy baie nugter daaroor is dat die 'percentage of rottenness' oorheersend is in die mens, 1985e: 209):

> Africa, the continent where the reality of metamorphosis is paramount, where you have the chance of seeing the simplest object transformed into a votive symbol or a still point of magic; where there is a humbleness traversed by flashes of extravagant glory like flowers suddenly bursting upon an arid landscape, and the innate knack to live on the zero horizon of survival; where people don't have either/or minds but nonetheless an effortless mastery of dialectics to make of it a joyful game of *trictrac*; where bourgeois values are nearly totally absent, or at least those power relationships based on possessions or exploitation, or at least that materialism linked to the profit motive only, incarnating - as in the West - a pathological need to dominate and to recover lost and innocent certainties; a continent allowing for *other* readings of art, its functions and that of the artist (often hereditary), for humour; where there is still such an infrastructure of humanism that Africa even now cannot really work up the necessary revulsion to spit out the abject South African whites. Africa, where the whores are not outcasts. Africa, as I said, where your worth is not painted by what you have - though a watch plated gold and a ghetto blaster could be things of awe and mirth - but by how you are. By what you do to and for others. (1986f: 128-129)

As sosiaal-politieke én kulturele laboratorium, smeltkroes van die geskiedenis, sal Suid-Afrika die oplossing vir sy probleme moet vind binne 'n verwysingskader wat die belange van die meerderheid weerspieël (1985d: 48).

Uitgaande van die standpunt dat die Afrikaner hom sal moet onderwerp aan die proses wat in die land aan die gang is, meen Breytenbach dat 'n Afrikaanse

kultuurorganisasie soos die Afrikaanse Skrywersgilde alleen bevry kan word van sy selfperpetuerende (en selftevrede) aard deur die *Suid*-Afrikaanse Skrywersgilde te word en 'n ware vakunie wat polities betrokke is en affilieer by een van die oorkoepelende organisasies soos die UDF of die Swart Forum (aangehaal in R de Villiers, 1986: 50).

Reeds in die sewentigerjare was daar aan die kant van linkse skrywers en letterkundiges bedenkinge oor die eksklusiewe aard van 'n instelling soos die Gilde (vergelyk hoofstuk 6 XI). In 1987 gaan nuwe stemme in die Afrikaanse literêre bestel op vir hierdie gesigspunt. Philip John gaan vérder as Breytenbach as hy in *Stet* (1987a: 3) voorstel dat Afrikaners wat werklik wil bydra tot die skepping van 'n demokratiese gemeenskap in Suid-Afrika - dit wil sê werklike *verandering* (teenoor blote ‘hervorming’) begeer - 'n liggaam moet stig wat doelgerig afwyk van alles wat met die Afrikaner-establishment geassosieer word. Sodanige groep behoort onder meer ondersoek in te stel na die idees wat organisasies soos die ANC en UDF huldig oor kultuur sodat hulle kan bepaal of hulle hul by die huidige beweging kan voeg. Terselfdertyd sal die basis geskep word waarvandaan ‘toenadering tot, aansluiting by, 'n gesprek met hierdie organisasies sal kan plaasvind’. Wilhelm Liebenberg (1987: 2) glo dit is nie nodig dat skrywers as 'n aparte, losstaande groep toenadering moet soek nie; individue moet self by die UDF aansluit en as UDF-lid deelneem aan die stryd: ‘Die skrywer hóéf haar- of homself ook nie net tot die letterkunde te beperk nie. Dit is immers deur self met die harde werklikheid kontak te maak en te worstel met die probleme waarmee die Progressiewe Beweging gekonfronteer word dat mens insig verkry in die situasie waarin ons ons bevind... Dit is slegs (deur self deel te neem aan die Nasionale Demokratiese stryd) dat mens werklik begrip kry van watter rol daar binne die wit gemeenskap te speel is, en waar die Afrikaanse letterkunde inpas’.

Die Afrikaanse Skrywersgilde, wat in die sewentigerjare die tuiste van die verligte en ‘betrokke’ skrywers en literatore geword het, het in die tagtigerjare in 'n bestaanskrisis gekom. Breytenbach het nie die uitnodiging na die 1986-beraad in Windhoek - met sy tema wat in die teken van die noodtoestand staan: ‘Skrywer en bevryding’ - aanvaar nie, onder meer omdat die bemoeienis met die voortbestaan van Afrikaans *per se* vir hom reaksionêr is: daar moes nooit 'n ‘Afrikaanse’ skrywersgilde gewees het nie, tensy dit van meet af subversief ingestel was (aangehaal deur De Villiers, 1986: 50-51). Van sy voorstel dat die Gilde verander na die ‘Suid-Afrikaanse Skrywersgilde’ kom weer - soos in vroeër jare - niks nie en sienings soos dié van George Weideman (dat 'n relevante skrywersorganisasie kontra-ideologies moet handel) en Fanie Olivier (wat 'n oproep doen dat Gildelede moet ‘tuiskom in die tale waarin bevryding elke dag agter in vangwaens, in begrafnisoptogte en buite (en agter) tronkvensters uitgesing word’) bly ‘losstaande perspektiewe’ (*ibid.*). Inteendeel, die beraad sal eerder onthou word vir die aanvaarding van die voorstel van Daniel Hugo en Alexander Strachan dat persone wat op komitees van die Publikasieraad dien met die doel om literêre werke vrygestel te kry, as Gildelede toegelaat moet word (Hugo, 1987: 71-72). Waarnemers soos Gerrit Olivier (1987: 8) glo die Gilde het met die aanvaarding van hierdie voorstel sensuur sélf

gekondoneer en die bietjie geloofwaardigheid wat hy nog besit, ernstig in gevaar gestel.

Die 1987-beraad doen nie veel om hierdie ‘geloofwaardigheid’ te herstel nie. Die ‘oop gesprek’ waarop die Gilde altyd 'n hoë premie geplaas het, word ontmoedig en sommige waarnemers plaas selfs 'n vraagteken oor die Gilde se verklaarde steun vir die Dakar-sending: ‘Dit word deur sommige beskou as 'n leë liberalistiese gebaar, met min begrip vir die erns en implikasie van die sending’ (Goosen, 1987: 36). Voor die volgende beraad is daar duidelike tekens van introspeksie by dié vereniging (vergelyk *Bu.*, 12.8.87) en in September 1987 kan die voorsitter, Chris Barnard, aankondig dat dit nou die Gilde se erns is om homself te ‘hervorm om sy voortbestaan te verseker’ (*Bu.*, 16.9.87). Die 1988-beraad staan in die teken van vernuwende denke (Weideman, 1988). Alhoewel die Gilde nog nie bereid is om die ‘Suid-Afrikaanse Skrywersgilde’ te word nie, is die voorgestelde nuwe grondwet (waaroor verslag gedoen word in die *Gildenuusbrief*, Okt. 1988) en die inisiatief van skakeling met die Congress of South African Writers skuiwe om dié vereniging ‘te bevry van elitisme, kulturele isolasie en 'n veilige politieke distansiëring’ (*Gildenuusbrief*, Apr. 1989). Van die kant van COSAW is daar ‘in beginsel toegestem tot samewerking op bestuursvlak’, maar die gesamentlike simposium wat deur die Gilde in vooruitsig gestel is vir Julie 1989 sal nie materialiseer nie - ‘een rede hiervoor is *tyd*’; ‘voorts het... COSAW bepaalde voorwaardes vir medewerking aan so 'n simposium’ (*ibid.*). In die pers is daar intussen gerugte oor ‘die broeiende botsing tussen links en regs in die Afrikaanse Skrywersgilde’ oor die demokratiseringsaksies. Terwyl Gildelede soos Charles Malan voel dat dit tyd geword het dat die Afrikaanse skrywer ‘binne georganiseerde verband’ standpunt inneem oor die skrywer se rol in demokratisering en Etienne van Heerden dat dit dringend noodsaaklik vir die Afrikaanse skrywer geword het om vanuit dié oorde te leer hoe kultuur as mobiliseringsmiddel gebruik word, is daar waarnemers soos Elize Botha wat bekommerd is oor die moontlike politisering van die Gilde wat tot uitdrukking kan kom in ‘politieke alliansies’ wat nie veel ruimte gaan laat vir Afrikaans nie (*VW.*, 19.5.89).

In onlangse tye was daar ook ander voorbeelde van brugbou-aktiwiteite - byvoorbeeld die deelname van ‘radikale’ meningsvormers aan 'n establishment-geïnisieerde konferensie soos dié oor Kultuurbewaring (vergelyk Vergunst, 1988: 36-37) en die samewerking tussen verteenwoordigers van die Afrikaanse kulturele wêreld, opvoedkundiges, joernaliste, politieke aktiviste en gemeenskapsorganiseerders (waarvan sommiges segsmanne van die ‘Alternatiewe Afrikaanse Beweging’ is) tydens die ‘Taal en Stryd’-kongres (vergelyk Slabber, *Rap.*, 7.5.89).

Oor wat by laasgenoemde kongres gebeur het, is daar ‘besorgdheid’ by sommige deelnemers. Ikey van de Rheede van die Universiteit Wes-Kaapland, byvoorbeeld, voel dit is 'n ‘onheilige alliansie’ wat ‘op die verhoog en binne ons geledere’ gesmee word: ‘Is dit omdat ons akademici is wat die woord fyn kan inspan en by mekaar verbypraat?’ Die stryd beteken tog 'n fundamentele rekonstruksie van die politieke en ekonomiese orde, en 'n verbintenis tot 'n Suid-Afrikaanse kultuur (*Rap.*, 7.5.89).

Volgens Breytenbach het die ontwikkeling na ‘'n Suid-Afrikaanse kulturele identiteit’ al op dreef gekom - die gemeenskaplike wortels bestaan immers en moet net gebolwerk word; daar bestaan selfs 'n gemeenskaplike noemer: Apartheid (1983d: 102; kyk ook *Rap.*, 13.3.83). Hierdie ontwikkeling word aangehelp deur ‘acculturation and centuries of mixing, and a long exposure to American clichés’ (1984a: 198).

Soos reeds aangedui (in hoofstuk 6 XI) het enkele ‘ekstremiste’ (die ‘breyteneske boksombende’) binne die Afrikaanse literêre bestel hulle teen die einde van die vorige dekade op 'n ‘radikale’ wyse begin identifiseer met Afrika en hulle beywer vir 'n ‘Suid-Afrikaanse identiteit’ en ‘Suid-Afrikaanse letterkunde’. Vandag word dié strewe op wye front gedeel. Marilyn Martin lig begrippe uit wat telkens in die eietydse debat oor die kuns opduik: ‘transisionele’, ‘akkulturasie’, ‘Afrikanisering’, ‘sintese’ en ‘simbiose’. Sy wys op onlangse werk van wit kunstenaars waarin die proses van identifikasie met en versoening van diverse kulture besig is om 'n sinvolle en onmiskenbare effek te hê; sy waarsku egter dat daar ander kunstenaars is wat bloot navolgers is en grootskaals toegee aan formules vir *Angst* en Afrika (krokodille, bobbejane, ystervarkpenne en luiperdvelle) (1988a: 86-89). Charles Malan wys ook op voorbeelde van die ‘ontmoeting tussen Afrika- en Westerse tradisies’ in eietydse kultuuruitinge en besluit dat daar in onlangse tye ‘'n doelbewuste heropbou’ van 'n ‘kanon eie aan Afrika’ is en dat 'n nuwe soort ‘Suid-Afrikanerskap’ daardeur gevorm word (in Prinsloo en Malan, 1988: 302). In ‘linkse’ kringe is daar egter 'n ongemak oor die ‘maklike manier waarop daar van “'n Suid-Afrikaanse letterkunde” gepraat word - asof die letterkunde 'n vanselfsprekende plek van versoening binne 'n gepolariseerde politieke situasie kan wees’ (Olivier, 1987: 10).

Daar sal eers 'n historiese perspektief op die tagtigerjare moet kom voor 'n mens kan oordeel of die opkomende ‘Suid-Afrikanerskap’ waarna sommige waarnemers verwys, voldoen aan die ‘voorwaardes’ wat Breytenbach daaraan koppel: die feit dat dit in en deur die vryheidstryd tot stand sal moet kom; dat die ‘people’ die leiding sal moet neem; dat die blanke Afrikaner-kultuur gepuur moet word van sy veronderstelde meerderwaardigheid en 'n komponent word van die nuwe kulturele profiel wat binne 'n swart meerderheidsraamwerk gestalte sal moet vind.

IX
Die resepsie van Breytenbach se (ná-)tronktekste

Ná Breytenbach se vrylating verskyn 'n stortvloed van tekste - in Engels (wat telkens vertaal word in ander Europese tale), maar bowenal nog in Afrikaans - téén die verwagtinge in van sommige lesers van *Confessions*: ‘Breytenbach's

rejection of Afrikaans as a medium of expression for his future work is, again, a sloughing off of an identity, this time a cultural one. Thus he throws out various aspects of himself, those that are attached to landscape, language, family, and history. We will have to await the new Breytenbach, expressing himself in French or English or Italian. Unless he is about to discard the poet in himself as well and rely only on the painter te express a perception of the world that must for some time to come be colored with bitterness' (Sheila Roberts, 1986: 313).

JM Coetzee bring die feit dat Breytenbach toegelaat was om te skryf tydens sy gevangenskap (maar nie te skilder nie), dat sy manuskripte aan hom oorhandig is by vrylating en dat hy toegelaat word om dit in Suid-Afrika te publiseer in verband met die 'considerable communal investment in the unity of the Afrikaans literary tradition' wat spruit uit die 'closeness of fit between land and language... (which is) in some sense proof of the Afrikaner's natural ownership of the land':

> There is a certain interest, even for official, establishment Afrikaans culture, to see Breytenbach as the bearer of a talent that he cannot, despite himself, betray; and to view his politics as an aberration that does not touch his poetic soul. There is an interest in not acknowledging that there can coexist in a single breast both a belief in a unitary democratic South Africa and a profound Afrikaans *digterskap*, 'poetness'. Hence the notion that the 'terrorist' in Breytenbach can be incarcerated and punished while the poet in him can be left free. By acting as though Breytenbach must be a radically divided personality, one self a poet to be saved, the other self a traitor to be damned, the greater Afrikaner family preserves its belief (and perhaps does so sincerely and in good faith) that the language, the mystical nation-essence, is greater than the fallible vessels who bear it. (1985: 73).

Die ontvangs van hierdie tekste *tydens verskyning* (kyk Bibliografie C vir verwysings; vergelyk ook Galloway, 1987 en 1989), belig nie net die werkwyse van die outeur (sy reeds bekende prosedures en kodes asook (nuwe) fasette van sy literatuuropvatting) en die rol wat die tronkgegewe en ideologiese vooronderstellings beide in tekstualisering én resepsie speel nie, maar ook tendense binne die kritiek van die tagtigerjare (by name die verskuiwing na 'n sensitiwiteit vir die rol van die leser, na semiotiek en intertekstualiteit, die gebruik en aanwending van dekonstruksie-terme en -strategieë, na 'n sisteembenadering en, in onlangse tye, ideologiekritiek). Breytenbach self wys op verskillende 'benaderings' tot die literêre teks, die gedig spesifiek:

> Ons kan dit ontleed, al die stukke uitmekaarhaal en elkeen apart eenkant neersit - en in die proses verloor ons die gedig. Ons kan dit ontrafel en naderhand al die draad in 'n hoop om ons voete hê, maar die naatlose kleed sal nie meer daar wees nie. Let wel: ek probeer beslis nie die benadering van bevoegde - en gemagtigde? - deskundiges, mekênnieks (d.w.s. gedigwerktuigkundiges, gedagbetoogkándiges, gedogtoebroodjies), eksegete, interpreteerders, outoriteite of/en gesaghebbendes, eksponente en so-aan en so-aan aftakel nie, ek vee hier of daar nie my voete af aan die professore, lektore, eselore en hoor-hore nie - al lê hul voetspore nou ook soos veldbrande en gifbespuiting oor die armoedige akkertjie van Afrikaans... Hulle

> benáder die gedig op hulle manier - met hul eie dwangbuis, boeie en knuppel - ek op myne. (En hoe verwant is benader en benadeel tog!) Miskien moet ek sê - hul benáder die gedig, ek besluip dit en sukkel om tred met die skaduwee daarvan te hou - en wie weet watter van ons verwilder die ding? Maar ek gaan nie hulle werkswyses verkleineer of vervang nie, probeer ook geensins 'n mistieke of romantiese evaluering bepleit nie. Ek glo slegs dat ek, uit beperkte ervaring en onbeskaafd synde, miskien dikker aksent sal plaas op van die nie-'wetenskaplike' elemente van skrywe. (1987: 104-105)

Mouroir (*bespieëlende notas van 'n roman*) bevat die eerste prosa wat Breytenbach na sy vrylating uit die gevangenis publiseer. Dit bestaan uit 39 tekste (elf in Engels) wat deur JP Smuts 'kortprosa' genoem word, deur André P Brink 'min-of-meer narratiewe tronkprosa' en deur Charles Malan 'n 'mengsel prosa'. Genrebepalings soos kortverhale, sketse of meditasies is nie voor-die-hand-liggend nie. Die skrywer self noem dit in 'n subtitel 'bespieëlende notas van 'n roman' en in die sluitstuk 'verslae'. Volgens Malan wissel hierdie verslae van dokumentêr-realistiese geskrifte waar woordeliks uit filosofiese en religieuse werke aangehaal word, tot anekdotes en lang stukke bewussynstroom.

Smuts wys op die eenheidskeppende faktore wat in die bundel aanwesig is, veral die fokus op 'n bepaalde soort figuur (die gevangene, die veroordeelde, die mens wat gebonde is deur faktore buite sy beheer) en ruimte (plekke van afsondering) asook bundelmotiewe wat deur repetisie binding bring binne die versameling. Die afsonderlike stukke word dus tot 'n groter en digter geheel verweef, tot 'n gedugte oorkoepelende struktuur wat die totaal laat wen aan veelduidigheid.

Die titel van die versameling word gesien as sleutel daartoe. 'Mouroir' beteken in Frans 'n tehuis of inrigting of hospitaal waarin bejaardes die dood afwag. Dit word metafoor vir die ruimte wat vooropstaan in hierdie prosastukke, naamlik die gevangenis. 'Mouroir' is egter ook, volgens Brink, 'n saamdigting van ánder woorde: 'mourir' (om te sterf) en 'miroir' (spieël) wat onder meer die dood as spieël van die lewe (en andersom) oproep en by implikasie enigiets as spieëlbeeld en komplement van sy 'teenoorgestelde' - 'n aansluiting by Zen-prosedures in Breytenbach se werk. Brink dui dan aan hoe hierdie fasette van die titel neerslag vind in die teks wat self 'n labirint van spieëls is waarin alles voortdurend gerelativeer word sodat die boek spieëlbeeld word van 'n 'werklikheid' wat self die fantasie verspieël. Verwringing is hier *gegewe* in die skryfsituasie: metamorfose is die essensiële prosedure van die boek. By uitnemendheid gaan dit dus vir Brink hier om 'n fluïede toestand van *geskrewe* taal teenoor die 'teenwoordigheid' van *gesproke* taal, soos wat Derrida dit onderskei. Wat nie uitskakel dat daar heeltyd 'n driftige *verlange* oorbly na 'n beginpunt, 'n oorspronklike Sin, 'n God, 'n illusie van vaste struktuur nie.

Brink praat van 'n kenmerkend 'breyteneske' werkwyse wat hier na vore kom. Dié tipering, 'veral as mens so ietwat dekonstruerend wil lees', word gebruik omdat ánder Afrikaanse woorde daarin meeklink wat as beginpunt(e) kan geld vir 'n ontdekkingsreis deur Breytenbach se ryk en wonderbaarlike wêreld: pikaresk, grotesk, burlesk, Kafkaesk.

Breytenbach bou volgens resensente in hierdie teks 'n beklemmende beeld van die gevangene en veroordeelde mens op. Smuts reken dit word gedoen sonder baie eksplisiete toespelings op Suid-Afrikaanse toestande. Al kom die naam Breytenbach in verdraaide vorme voor, meen Malan dat die lesers nie veel skakels met die werklike outeur sal kry nie omdat dié hom op alle moontlike maniere distansieer en verskuil agter al die soort konstruksies van implisiete skrywers en lesers wat die fiksie hom maar kan bied. Eintlik is *Mouroir* dan ‘mitiese’ prosa, bevolk met argetipiese figure in oerruimtes - 'n droomwêreld waarin aansluiting by die wêreld van vandag hoogstens terloops is. Vir Brink is die teks nie 'n ‘tronkdokument’ in die gewone sin van die woord nie, maar die tronkbestaan het die aard van die teks (die vrye fantasiespel en meditasies) bepáál: dit is immers geskrifte wat gereeld aan bewaarders oorhandig moes word vir ‘veilige bewaring’ - en wat daarom só geskryf moes word dat die bewaarder nie verstaan wat hy lees nie, sodat die gevangene nie in die pekel beland nie.

Alle resensente is dit eens dat hierdie prosas slegs ingestel is op 'n baie klein lees-élite. Malan voel dat Breytenbach sy hand oorspeel en homself te veel veroorloof in sy minagting van geykte strukture en lesersverwagtinge, tog bevat onderdele van die bundel briljante prosa ten opsigte van liriese digtheid en speelse, surrealistiese kamees. Brink het besware teen ‘vernaamdoenery’ met woorde en irriterende ‘gemeenplasighede’, maar meen dat die werk een van die verwikkeldste en fassinerendste strukture in Afrikaans daarstel. Smuts meen van die langer tekste is soms te uitgesponne, maar dat *Mouroir* om talle geniale oomblikke en die tower met die taal 'n bundel van betekenis is.

Buite die Afrikaanse literêre bestel word uitsprake oor *Mouroir* meer eksplisiet herlei na die tronkervaring. Vir Judy Parfitt is die ‘effects of Breytenbach's incarceration vividly apparent’ in die teks: ‘His extraordinary vision is intensified by a clarity of perception which is surely attributable in part to the painful introspection his solitary confinement must have occasioned. The result is a series of intensely personal moments of truth - enlightenment through suffering?... Predictably, the mood... is overwhelmingly melancholy. Often there is a pervading sense of desolation and decadence. But there are also Breytenbach's many and beautiful descriptions of nuances in the interplay between light and darkness... These could be symptomatic of his cell environment, as is his ability to perceive in mundane facets of life outside prison a profound dimension which would otherwise, perhaps, have escaped him’. Hierdie leser glo Breytenbach het met *Mouroir* 'n ‘emotional watershed’ bereik, ‘and though you cannot help feeling an intruder in the deepest recesses of his mind, you are the richer for your heightened insight in the man and the artist’. Vir LFW bevat *Mouroir* ‘an almost ceaseless and morbid fascination with prison life, executions and death’. Malcolm Fothergill voer aan ‘the book... could have been written only by a prisoner’ - dáárom die ‘grey, depressing and disembodied’ gevolg, maar ook die groot ‘psychological force’ van die teks: ‘Far more effectively than a more structured book could have done, and with few direct references to prison, it tells us what happens to a poet when he is removed for a long period from contacts with the world outside his head’.

Engelse lesers evalueer die teks uiteenlopend. LFW prys Breytenbach se hantering van Engels: ‘At times liquid, at times brutal, but always masterly. One is proud that these words flowed from the pen of a South African born writer’. Anthony Egan glo ‘it is a fine piece of writing by one of the greatest (ex-) South African writers in recent times’. Coates is nie heeltemal só entoesiasties nie: ‘The overt esotericism of the book is occasionally selfdefeating and will put off many potential readers. This is a pity, because despite its selfconscious cleverness, it is a rich, fertile work, in places astonishingly beautiful, in places simply astonishing’. Ander lesers se bedenkinge oor, of onbegrip van die teks word pertinent verwoord. John Conyngham besluit dit is ‘heavy going and ultimately without the anticipated reward which could have made the slog worthwhile’. Sandra Laurence voel hoogstens gefassineer én ‘mystified’ deur die teks. Neill Darke is teleurgestel deur die ‘disjointed, surrealistic sketches... (which) is often obscure and unintelligible’.

Die bekende Derde Wêreldse nuustydskrif *Jeune Afrique* wat in Parys uitgegee word - en wat tot in daardie stadium 'n groot ondersteuner van Breytenbach was - val *Mouroir* aan as 'n ‘terrible deception’ en vra of die skrywer 'n ‘imposter as well as a coward’ is. Daar word aangevoer dat ‘the famous South African author gets lost in painful pseudo-philosophical nightmares and forgets all about apartheid’. Dit lyk of hy die vryheidstryd in die steek gelaat het en bloot 'n instrument van die Weste se ‘good conscience’ geword het: ‘That is a pity. Because he should have consecrated his talent - and he has a great deal - to carrying on the campaign he boasts about in many, too many interviews and - how ironic - for which he spent seven years in jail’ (berigte in *Star*, 17.1.84 en *TF.*, 27.1.84).

In Suid-Afrika reageer Nadine Gordimer, een van die konsekwentste antiapartheidskrywers in die land, op die ‘resensie’ van Sandra Laurence wat self stel dat sy nie kop of stert van *Mouroir* kon uitmaak nie. Gordimer se brief word volledig aangehaal omdat dit ook 'n reaksie bied op die kritiek van links:

> In this highly original work, the ordinary time-focus of a man's perceptions has been extraordinarily rearranged by a definitive experience - a long sentence as a political prisoner - which the author realises belongs as much to the time before it happened as the time after.
> Prison irradiates the book with dreadful enlightenments: the dark and hidden places of South Africa, from which the work arises, are phosphorescent with it.
> What Breytenbach shows by means of his recurring mirrors - elipsing, reversing, breaking up events, emotions and perceptions - is that the death-presence of prison is always there in a country where people oppress and are oppressed.
> Breytenbach is a writer whose work takes on the enormous task of full responsibility for what he was and is.
> The self cannot be disowned, neither as the young Afrikaner growing up as one of the chosen *volk*, nor the artist fled to Paris, nor the failed revolutionary.
> All this personae are present in every single moment of his working consciousness.
> It is this fusion that makes it impossible for him to write a work which conveniently can be fitted into even the broader definitions of ‘story collection’ or ‘novel’.

> But that is not to say that this is a book of fragments, that there is no narrative, as your reviewer suggests. Inner logic (concepts, dreams, symbols) also narrates.
> It has a sequence of its own. This sequence is a deeply individual discovery, and very, very few writers have the ability to use it as the unique shape of their work.
> Breytenbach is one of these, the greatly gifted.
> He himself is the centrifuge from which all is cast and sown again, the horror, the humour, the love, the knowing and unknowing he has received from his world, ours - that world in which, he perceives: 'White is a posture; a norm of civilisation'.
> As an Afrikaner writing in English, Breytenbach is a phenomenon of the Nabokovian if not the Conradian order. (*RDM.*, 7.9.84)

Resente is dit eens dat daar min digbundels in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis is waarna met soveel verwagting uitgesien is as na *Eklips,* die eerste bundel wat ná Breytenbach se vrylating gepubliseer is en die 'eerste tronkbundel' genoem is. Op die titelblad word aangedui dat dit die derde bundel van *die ongedanste dans* is. André P Brink gee die volgorde van die oorkoepelende tronkbundel/vyfdelige reeks/siklus soos volg aan: 1. *Lewendood*, 2. *Buffalo Bill*, 3. *Eklips*, 4. *('yk')* en 5. *Die kus*. (Vergelyk Galloway, 1985: 82-87 vir die verwarring onder resensente oor die volgorde van die bundels.)

Hein Viljoen meen die 'subtitel' van *Eklips* dui aan dat die 'dans' nooit plaasgevind het nie, dat dit 'n verbeeldingsvlug is, 'n ontsnapping deur middel van woord, taal en gedig. 'Eklips', die verduistering van 'n hemelligaam, kan volgens hom dui op die digter se tydelike verduistering: sy gevangenskap; dit kan ook, volgens die oorspronklike Grieks, 'uitlaat' of 'weglaat' beteken en beeld word van die afwesige: die geliefde, die vryheid en die verlange daarna. Jeanette Ferreira soek die rede waarom die bundel 'n 'dans' genoem word in die Sufisme waarin die dans gesien word as 'n ritueel wat bo alles bedoel is om die danser in 'n staat van konsenstrasie op Allah te dompel; die dans is beeld van die harmonieuse bewegings van die bevryde siele. Ferreira bring ook 'eklips' in verband met die rol wat son en maan, lig en donker in die Sufisme en in die bundel speel.

Die vyf afdelings van die bundel is deurweef met bekende Breytenbachmotiewe: reis wat ook taalreis word; ondergang wat ook teken van groei is soos dood teken van geboorte is; ontginning van verhoudinge (hier/daar, digter/gedig, gedig/werklikheid, digter/geliefde, digter/Groot Niet). Stilisties word dit volgens TT Cloete gekenmerk deur die bekende voortreflike manier van beelding en beskrywing wat saamhang met fyn sintuiglike waarneming, taalvirtuositeit en eksperimentering met rym en die sonnetvorm. Breytenbach se tronkbestaan word nie direk betrek nie.

André P Brink meen dat *Eklips* teen die agtergrond van die algemene literêre situasie geplaas moet word. Sedert *Voetskrif* is die Afrikaanse poësie se loop immers verlê deur digters soos Wilma Stockenström, Sheila Cussons en TT Cloete; poësie word ook vandag met ander oë gelees. Brink meen dat Breytenbach nie saam met die konteks verander het nie en dat hy in té hoë mate 'gelyk bly aan homself' sodat die leser dikwels die gevoel kry van 'n spel wat reeds gespeel is. TT Cloete meen *Eklips* bring niks nuut in Breytenbach se werk nie.

Hein Viljoen daarenteen voel dat daar vernuwing is in die groter spanning, selfs 'n soort desperaatheid, in die verse en in die hegter struktuur. Ampie Coetzee voel egter dit is verkeerd om 'n ‘vernuwing’, 'n ‘stygende lyn’, 'n ‘verbetering’ te verwag in Breytenbach se werk. Sy isolasie het sy beheptheid met taal en die gedig en die betekenis van die gedig verhoog. Dit gaan dus in *Eklips* om 'n problematiek wat van die begin af Breytenbach se werk gekenmerk het en die bundel bestaan uit verse wat tot taal en teks ingekeer is.

Volgens Cloete is die bundel 'n agteruitgang in Breytenbach se oeuvre: dit bevat te veel louter beskrywing en is wydlopig. Brink meen die bundel word ontsier deur retorika, voorspelbaarheid en blote slimmigheid, maar *Eklips* is tog 'n sterk en belangwekkende bundel. PH Roodt voel dit is nie 'n hoogtepunt in Breytenbach se oeuvre nie, maar dat dit om die verwikkelde en diggeweefde geheel en die menslikheid daarvan tog 'n boeiende bundel is.

Brink se resensie van *Eklips* lok reaksie uit. In *Rapport* van 22 Mei 1983 voer Dan Roodt aan dat Brink se resensie ‘konvensioneel’ is in die sin dat hy sekere hoofmotiewe in die bundel uitlig en verder 'n uitgebreide evaluasie gee. Roodt het egter probleme met Brink se hantering van teoretiese begrippe. Só wil hy sy negatiewe evaluasie van *Eklips* regverdig deur na intertekstualiteit te verwys: Breytenbach se poësie is nou minder werd omdat die literêre geskiedenis verder gevorder het. Roodt het hieroor bedenkinge omdat Julia Kristeva, wat die term bekend gestel het, intertekstualiteit gebruik in die sin van produksie van betekenis in tekste en hoegenaamd nie met die literêre status van hetsy digters of hul geskrifte in verband gebring het nie. Brink se gebruik van 'n koppelteken as hy ‘beteken’ skryf, lyk verder vir Roodt na 'n poging om 'n kwasiesemiologiese kleur aan sy resensie te verleen; dit faal egter in die lig van die geheel, wat 'n heel onsemiologiese klem op waarde-oordele, inhoud, skrywerskap, temas, ensovoorts, vertoon. ‘Obskuur’ is ook hoe Brink De Saussure se *langue* en *parole* met die digbundel in verband bring - onder meer deur 'n versoening tussen Sartre en die semiologie tot stand te probeer bring.

Gedurende 1983 verskyn nóg 'n teks van Breytenbach. (*‘yk’*) is die tweede ‘tronkbundel’ en die vierde bundel van *die ongedanste dans*. Dit word allerweë entoesiasties ontvang en beskou as een van die indrukwekkendste bundels in Afrikaans, 'n hoogtepunt in Breytenbach se oeuvre, ten spyte daarvan dat dit dowwer kolle bevat.

André P Brink se verklaring van die bundeltitel belig heelwat aspekte van die bundel as geheel. Hy wys naamlik daarop dat die mees voor-die-hand-liggende implikasie van ‘yk’ die ‘stempel’ van gevangenskap is wat op die teks afgedruk is: 'n bestel waar individualiteit ontmoedig of uitgeroei word, ten gunste van die gemene delers. Terselfdertyd is die digter juis besig om sý allerindividueelste ervaring en denklewe te yk deur dit te vertaal, aangesien taal die mees geykte vorm van kommunikasie is. Die hakies om die titel, iets wat dui op afsondering, ont-yk die geykte egter weer uit die ‘gewone’ menslike, kommunikatiewe wêreld. Die aanhalingstekens vestig op hul beurt ons aandag op 'n taaluiting - en daardeur verskuif die digter die leser se aandag van die begrip na die woord. Want die digter is aangewys op woorde en in hierdie tekste word daar dan ook, via woorde en in woorde, gekyk na die woordprosesse self.

Vir FIJ van Rensburg is dit nie net die titel en die ‘hart-soetra’ waarmee die bundel open wat die leser nooi tot semiotiese ontraaiseling nie, maar ook die omramende of begeleidende materiaal, want Breytenbach is immers 'n skilderdigter. Die komma-geskeide woorde wat op die bladsy regstreeks ná die titelbladsy afgedruk is, kan volgens Van Rensburg moontlike titels wees wat verwerp en opgeneem is in ‘yk’ waarin hulle as't ware hul satori, hul oomblik van verskerpte belewenis vind. Die foto van die digter en sy vrou direk ná die woord ‘yk’ impliseer dat hulle verhouding in die titel geregistreer is (*Y*olande en e*k* = yk); hierdie verhouding is dan ook een van die belangrikste gegewens wat in die bundel ontgin word. Die buitebladskilderye suggereer dat dit in die bundel gaan om die afsper van die blik na buite/na die werklikheid en 'n inkeer van die blik na 'n liefliker en boeiender binne-werklikheid. Die ooreenkoms tussen die woord ‘yk’ op die voorkop en die vlinder oor die oë op die voorblad dui daarop dat selfs van mens-standaardisering skoonheid gemaak kan word. Op die agterblad is die ykmerk weg en alles is flambojanter: 'n element wat evolusie suggereer.

Henning Snyman meen dat 'n ‘nuwe’ Breytenbach verwesenlik word in (*‘yk’*) en dat die bundel in baie opsigte vergelykbaar is met DJ Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok*. In *(‘yk’)* word die Breytenbach-tema van 'n eenheidsvisie van ongelyke dinge en die Breytenbach/Opperman-tema van ontluistering tot 'n subtiele hoogtepunt in Afrikaans gevoer: alles gesien vanuit die perspektief van die ego, die ek. Met die vertrekpunt van die geslote tronkruimte beweeg die ek-waarnemer en spreker deur die wêrelde van die natuur, die kuns, die erotiek, die mens en menswees en sluit weer in die ek, maar nou 'n ek wat die eindpunt van sy siklus in die dood vind. Uit die dood word uiteindelik weer die nuwe lewe gebore.

Volgens TT Cloete lei die siening van die poësie of lewe as 'n ‘tussenin’ (tussen hakies en aanhalingstekens soos in die titel) daartoe dat die gedig beoefen word as 'n tussenin: die twyfelkyk op die poësie het dus te make met die ‘gemotiveerde funksionele’ swak gedig/vers wat plek-plek in die bundel voorkom. Die sintuiglikheid, die direkte belewenis van byvoorbeeld die natuur, red die verse dikwels uit die prosaïese en die beredenerende toon. Daar is dan ook talle pragtige, tipies Breytenbachse formuleringe en kontaminasies of ‘versinselwoorde’ wat gebruik word om verrykend te sê, om te ironiseer of te denoteer, te relativeer, om funksioneel te stamel.

Ten spyte van die voortdurende gedagte aan die dood en die gevangenis, is *(‘yk’)* vir Annari van der Merwe 'n lofsang op die lewe en die mens se vermoë om begrensing van allerlei aard te oorkom: die beperktheid van taal, die tirannie van rasionele denke, sy eie feilbaarheid, gevangenskap.

Charles Malan meen bykans al die gedigte in (*‘yk’*) moet binne bundelverband en selfs binne die Afrikaanse letterkunde as 'n ‘interteks’ gelees word. Dit is nodig omdat kruiskoppelings, verwysings, relativerings, betekenisverdraaiings en so meer voortdurend soos die glasstukkies in 'n kaleidoskoop skommel. Afsonderlik beskou is die gedigte nie meer as kleurbrokkies vir 'n spelter-wille-van-die-spel nie. Saamgevoeg vorm hulle egter een van die boeiendste en selfs briljantste ‘betekenispatrone’ in Afrikaans.

Soos reeds aangetoon (in hoofstuk 7 V) word Breytenbach in 1984 aangewys as wenner van die Hertzogprys vir Poësie, maar hy aanvaar dit nie. (*'yk'*) verwerf ook die CNA-prys en word tweede vir die Louis Luyt-prys geplaas. In 1985 word die bundel weer tweede genomineer vir die Luyt-prys en op grond daarvan word die eerste Rapportprys in 1986 daaraan toegeken (kyk hoofstuk 7 V).

In 1984 verskyn *Buffalo Bill - panem et circenses, 'n binne met oneindig veel buite gelap*, die tweede bundel van *die ongedanste dans*. Dié bundel se ontvangs word sekerlik beïnvloed deur Breytenbach se *Confessions* wat ook in hierdie tyd op die rakke kom. Johann Lodewyk Marais plaas die bundel pertinent binne 'n bepaalde historiese konteks. Dit is, volgens 'n nota in die teks, geskryf tussen Junie 1976 en Junie 1977, dit wil sê in die tyd terwyl die digter in eensame opsluiting in die maksimum-sekuriteitsdeel van die Sentrale Gevangenis in Pretoria verkeer het: 'Dit was waarskynlik die mees traumatiese tydperk van sy sewe jaar gevangenisstraf.' Die bundel se ontstaanstydperk oorspan hierbenewens nóg twee baie betekenisvolle gebeurtenisse, naamlik die Soweto-onluste en die begin van Breytenbach se tweede verhoor. Van die gebeure buite die gevangenis - soos die Soweto-onluste en ander sosio-politieke woelinge - was Breytenbach net vaagweg bewus. Eers later sou hy van hierdie 'buite' te wete kom, vandaar onder meer die ironie van die motto van die bundel: '*parem et circences*; 'n binne met oneindig veel buite gelap'. Volgens Marais dra talle gedigte die tekens dat hulle in gevangenskap geskryf is. Só speel die binêre opposisie binne-buite waarskynlik die belangrikste rol in die bundel.

Van Rensburg voel dat die buitewêreld selfs die belangrikste ruimte in die bundel word - wat dan sorg vir die helderte en die majeur-aard daarvan. Die natuur en veral die tuin neem 'n belangrike plek in en is waarskynlik nêrens nog só geskakeerd geteken nie. Veral die reisaspek bring 'n logiese ontwikkelingslyn mee, beskryf van 'n duidelik bepaalbare begin af tot 'n duidelik bepaalbare einde, hetsy ruimtelik, tydelik of emosioneel. Ook Cloete lê klem op die ruimtelike en sintuiglike aspek van die bundel. Fanie Olivier meen voorts dat, alhoewel daar betreklik min gedigte is waarin die tronkopset en -lewe voorgestel word, die leser voortdurend bewus bly van die beperkinge (soos verbeeld deur die muur en die voëls waarna telkens verwys word). Pogings om die isolasie te verbreek, sluit - naas die ontvlugting wat die tuin en die reismotief bied - die gebruik van die gedig as ontsnappingsmedium en die gesprek met ander skrywers in. Die intertekstuele aard van die bundel word telkens verken deur resensente (Marais, Van Rensburg, Olivier).

Die bewussyn van die dood (Cloete) en die tema van angs in vele vorme (Henning Snyman) verkry nuwe dimensies en perspektief in die bundel. Verder word dié teks 'n beswering van die Buffalo Bill/Breyten Breytenbach-legende (Marais). Alhoewel die bundel volgens Olivier sterk politieke kommentaar bevat en, soos altyd, liefdesverse, is dit die selfrelativerende gedigte wat oorheers.

Oor die tegniese aspek van die verse word uiteenlopende idees nagehou. Van Rensburg meen *Buffalo Bill* is een van die digter se oopste bundels, met virtuose vormspel en sonder die vroeëre taaloorspannings met gevolglike duisterhede.

Cloete beklemtoon die bekende idiomatiese spel en taalvernuf en vestig die aandag op die merkwaardige ikonisiteit van dié verse wat die ruimtelike ekspansie van die gedigte uitdruk in 'n uitdyende sintaksis, 'n uitdyende vers. Olivier voer aan dat, al is die versbou konserwatiewer en hegter, die verse oorborrel met 'n baie onortodokse sintaksis en woordevervorming.

Naas hierdie gunstige resensies vind Henning Snyman en Daniel Hugo die werk minder bevredigend. Snyman meen die semantiese en sintaktiese nuwighede is nie meer so nuut nie en die verrassingselement begin sy skerpheid verloor, die woordvernuf is nie meer so effektief nie en die tegniek daaragter raak bekend. Hy kry die indruk van te veel woordskuiwery en te min poësie, maar ten spyte van taaltegniese besware is dit steeds sterk poësie en 'n belangrike digbundel. Hugo mis ook die verbluffende taalspel van *Buffalo Bill* se voorgangers.

Die verskyning van Breytenbach se *The true confessions of an albino terrorist* in 1984 trek baie aandag in die Afrikaanse pers. Twee van die belangrikste redes is seker omdat dit die eerste teks is van dié skrywer wat ten volle én oorspronklik in Engels geskryf is én omdat dit 'n verslag is oor die sewe jaar wat hy in die tronk deurgebring het.

André du Toit meen dat Breytenbach, deur sy *Confessions* in Engels te skryf, gestalte gee aan sy breuk met die Afrikanerdom. Dié teks is dan nie op 'n Afrikaanse leserspubliek gerig nie, maar bedoel vir die internasionale publiek: ‘En tereg, want *Confessions* is 'n belangrike werk deur 'n skrywer van formaat wat inslag sal vind ver buite literêre kringe en buite die grense van Suid-Afrika. Bowendien is dit 'n besonder toeganklike werk. So kompleks en ontoeganklik as wat sy Afrikaanse poësie kan wees, so helder en skynbaar eenvoudig is die taal en styl van Breytenbach se eerste Engelse boek. (Hoewel dit gou blyk dat hy wel in staat is om ook Engels te laat sing en na sy skeppende hand te sit.)’ Brink daarenteen glo die teks is (ook) om kommersiële redes in Engels geskryf; hy gee toe dat daar verruklike taalvlugte voorkom, maar vir hom is dit duidelik dat ‘Breyten hom onwennig voel in Engels’. Kerneels Breytenbach glo nie dat Breytenbach Engels met dieselfde virtuositeit bemeester as met sy Afrikaans die geval is nie. Hilda Grobler bevind dit 'n Engels wat ‘wemel van taal- en grammatikafoute’ en wat in 'n Afrikaanse idioom geskryf is sodat die styl voortdurend hinder.

Wat betref die reaksie op die ‘inhoud’ van die teks, was daar uiteenlopende menings. Jakes Gerwel lees *Confessions* in die eerste instansie as 'n ‘politieke teks’. Vir hom bevat die boek Breytenbach se duidelikste uiteensetting van 'n politieke teorie en visie vir Suid-Afrika en hy het met ‘groot instemming’ bepaalde standpunte gelees - byvoorbeeld Breytenbach se verwerping van ‘die stryd vir Afrikaans’. Hilda Grobler se beswaar teen die teks daarenteen, wentel om die uitgangspunt dat dit ‘seer sekerlik nie letterkunde is nie’; sy maak geen uitsprake oor Breytenbach se politieke ideologie of visie vir die land nie, maar besluit die boek is ‘swak’: ‘Waarom hy die boek geskryf het, kan 'n mens maar net raai’. Wat vir Kerneels Breytenbach die boek boeiend maak, is die digter se ontredderende beeld van die tronklewe. Fanie Olivier word aangespreek deur ‘A note for Azania’, waarin Breytenbach sy toekomsvisie vir die land uitspel:

‘Dit is 'n stuk wat beweeg tussen sinisme en wanhoop enersyds, en liefde en toewyding andersyds’.

Die aangrypendste faset van *Confessions* is vir André du Toit die herskepping van die ‘ganse universum’ van die gevangenislewe in Suid-Afrika; die mins geslaagde dele dié waarin die skrywer probeer om 'n verduideliking van sy eie politieke motiewe te gee. Du Toit som Breytenbach se ‘alternatiewe visie’ op die Suid-Afrikaanse samelewing soos wat dit in *Confessions* gestalte kry, op as 'n ‘ongenaakbare oordeel’ op 'n totaal reddelose ‘sisteem’ wat nie van binne-uit hervorm kan word nie, maar waarmee weggedoen moet word, selfs al is daar geen duidelikheid wat in die plek daarvan sal kom nie. Die humor en simpatie wat die teenpool van hierdie oordeel en visie vorm, is skrale troos, ‘want ons sal moet saamleef met hierdie ontstellende bydrae tot ons kennis van die Suid-Afrikaanse samelewing’. Du Toit vind dit ironies dat juis die owerhede se onverbiddelike beslistheid om 'n Afrikaanse digter te straf vir sy ‘dilettantistiese flirtasie met ondergrondse politiek’ van hom 'n skrywer gemaak het wat met gesag kan praat voor 'n groter gehoor oor die basiese sosiale en politieke werklikhede van ons situasie’ op 'n wyse waarvan ook ons sal moet kennis neem’.

André P Brink plaas *Confessions* binne die tradisie van Suid-Afrikaanse tronkgeskrifte, vanaf Adam Tas tot by Herman Charles Bosman; in onlangser tye was daar werk van byvoorbeeld Jeremy Cronin, Frank Anthony en ander wat die spesifieke werkinge van apartheid binne 'n tronkopset oopgevlek het. In dié opsig is Breytenbach se werk nie ‘nuut’ nie; wel is dit die omvattendste getuienis wat ons in hierdie kategorie tot dusver het. As dokument is dit ook nuttig vir die lig wat dit werp op sy ander tronkgeskrifte, veral *Mouroir* en die nog ongepubliseerde *Pi-K'uan*. Selfs op anekdotiese vlak is dit waardevol. Agter die ‘dokumentêre’ vlak (wat soms ‘ontaard in blóte opeenstapeling van staaltjies’) staan 'n ideëvlak wat uitkristalliseer in essays oor die skryfhandeling van dié teks self, oor die verhouding tussen ondervraer en aangehoudene, oor Suid-Afrikaanse tronke, oor foltering, oor die stryd om Afrikaans en so meer. Heelwat hiervan is vir Brink uitmuntend aangebied met prysenswaardige helderheid en logika. Maar dan is daar ook ‘struikelinge’ en, as die ideëvlak van *Confessions* vergelyk word met byvoorbeeld die tronkliteratuur van Dostojewski, Sinjawski, Solzjenitsen word mens bewus van ‘iets skraals omtrent Breyten se bydrae: nie 'n tekort aan “styl” nie, maar aan daardie diep en breë *menslikheid* van 'n volledig gerypte persoonlikheid’. As voorbeelde wys Brink dan op die ‘iets te skrils’, 'n te smal bitterheid, selfs soms 'n te maklike welsprekendheid.

Die uiteindelike probleem wat Brink het met *Confessions* (al gee hy toe dat dit ook wins kan wees) is dat dit nié 'n ‘dokument’ of selfs 'n filosofiese mymering wil wees nie, maar - soos Breytenbach ten oorvloede duidelik maak - 'n *teks*, in die sin van Barthes se *scriptible*. Dus: ons het te doen met *woorde*, nie met *lewe* of kommentaar-op-geleefde-lewe nie. Brink voer aan dat in die lig hiervan die ‘true’ én die ‘confessions’ van die titel bevraagteken moet word, want ‘Breytenbach wil Derrideaans, dekonstruktief, te werk gaan’ - en vandaar die vreugde om strukture op te stel en te verbreek. Die resultaat is ‘een van die

vernuftigste strukture (en tegelyk: selfdekonstruksies) wat Breyten nog aangebied het: betekenisse word nie “gerapporteer” nie, maar as 't ware voor die teks uitgestoot - en algaande weer ongedaan gemaak’. En juis dít bring volgens Brink probleme mee. ‘As dit dan nié gelees kan word as òf “confessions” òf “true” nie, dan bly net fiksie oor (wat onder andere opnuut die dikwels lastige taalgebruik onder die soeklig plaas). En dat Breyten dít nie wil nie, blyk duidelik uit haas elke hoofstuk en vernaamlik uit die essays van deel 3’. Maar as die ‘feite’ wat vir die leser kontroleerbaar is, nagegaan word, blyk dit dat daar ‘heelparty verdraaiings, ontwykings, vergoeilikings en verswygings’ is. Moet dit dus tóg as ‘fiksie’ aanvaar word? Dít bring jou terug by die eerste struikelblok.

Brink besluit dat dit ‘hierdie onsekerheid binne-in die teks self is, hierdie diffuusheid van fokus’, wat *Confessions* uiteindelik minder indrukwekkend maak as ander Suid-Afrikaanse tronkgeskrifte: ‘Werke met 'n veel minder selfbewuste literêre struktuur, maar 'n groter register en 'n digter struktuur van be-tekende menslikheid’. Al bly dit 'n nodige en selfs onontbeerlike boek ‘openbaar dit dalk ook tekens van die bitter skade wat die tronk wel - aan die skeppende gees self - aangerig het’.

Die kritiek wat Brink uitspreek op die ‘belydenisse’ van sy (eertydse) vriend en die reaksie wat dit van Breytenbach uitlok, word deur *Rapport* geplaas binne die konteks van probleme rondom hul gemeenskaplike uitgewers oorsee (*Rap.*, 20.5.84). Breytenbach spreek in 'n brief sy bedenking uit oor die dekonstruksiebenadering as sodanig (‘oorsee altans, is dit nie meer die in-ding onder ramkiespelers nie. Op maanlignagte hier word dit nou sommer aftakeling’). Hy bring Brink se kritiek (verskans agter ‘literêre objektiwiteit’) in verband met laasgenoemde se eis aan heelparty oorsese uitgewers dat wysigings en weglatings ten opsigte van gedeeltes waarin hy ter sprake kom, aangebring moet word in die publikasies aldaar van *Confessions*: ‘Hy is blykbaar van mening dat my fiksie plek-plek nog te veel na fakt stink en dat ek 'n hupstootjie gegee moet word in my bollietjiesrollende verdraaiings, ontwykings, vergoeilikings en verswygings. Of anders wil hy nou gaan openbaar maak dat ons twee al sedert lankal saamsweer vir plekke op die owerheid se sensuurkomitees!’ (*ibid.*). Brink erken dat hy versoeke gerig het om uit *Confessions* gesub te word, maar ‘nie omdat daar 'n feitegeur kleef aan sy fiksie nie, maar omdat daar dalkies te veel fiksie kleef aan sy feite. En omdat ek wasgoedjies liewer tussen vriende hou. (Ons het destyds in Parys al dieselfde wassery gehad.)’ (*ibid.*).

Brink se resensie van *Confessions* word as illustrasiemateriaal gebruik in 'n debat oor die ‘krisis in die Afrikaanse kritiek’ in *Stet*, waarin bepaalde uitgangspunte van die dekonstruksiekritiek onder skoot kom (dit word in hoofstuk 7 X bespreek).

In 1985 verskyn *Lewendood - Kantlynkarteling by 'n digbundel*, die eerste bundel van *die ongedanste dans*: ‘Vier bundels in 'n baie kort tydjie, die vierde weer omvangryk. Dus, 'n groot produktiwiteit soos ons by geen ander Afrikaanse digter nog teëgekom het nie’ (TT Cloete).

Soos die ander bundels in die reeks is ook *Lewendood* die neerslag van Breytenbach se tronkverblyf. Dit word hier regstreeks in die titel bygeroep: die

tronkbestaan wat 'n soort dood is binne die lewe - dus lewend dood (Fanie Olivier). Die tronk is egter meestal net 'n vertrekpunt vir die konkretisering van die Niet en in dié bundel is die vernaamste metafoor daarvan lewe (vryheid) en dood (gevangenskap/onvryheid) en die paradoksale saambestaan daarvan (Hein Viljoen).

Olivier wys ook op 'n ander faset van die titel: lewe in dood, en op hierdie manier dan 'n aanklag teen 'n Suid-Afrika wat reeds dood is. Die prisonier hier, die digter, het binne die tronk (en wat dit polities impliseer) lewend gebly. En die bundel self, elke gedig, ‘is 'n daad van lewe binne 'n taal en binne 'n gemeenskap wat die voorportale van die dood reeds binnegegaan het, wat nie meer die musiek van lééf kan hoor nie’. Dit is dan ook 'n bundel wat dikwels praat oor die taal, die onvermoë van die taal om te sê, en van die dood van 'n taal. Maar dit word op so 'n lewende manier gedoen ‘dat die digter juis daardeur die dood van Afrikaans besweer’.

In 'n motto voor in die bundel haal Breytenbach die volksmoeder van die tradisionele prosa, MER, aan: ‘Kyk, my kind, jy wil mos eendag ook gormintsdigter word; nou ja, jy moet nou al begin. Hou dig! Sê vir geen mens wat jy weet nie.’ Volgens Tom Gouws maak Breytenbach, wat nou ook (ironies) op staatsonkoste dig en sodoende kan aanspraak maak op die titel ‘gormintsdigter’, van die bundel 'n goddelike komedie. Soos die motto op disparate wyse die poëtikale en nasionale paar, probeer Breytenbach ook hierdie twee aspekte tot sintese bring. Gouws voer aan dat dít aanleiding gee tot ‘'n nuwe meepraat, 'n gedwonge saampraat met die volksdigter van ouds’ - daarom die intertekstuele gesprek, aanhaling en omdigting van ouer digters se werk, die digterlike teoretisering oor tradisionele digsoorte en -vorme, die teruggryp na sy eie vorige bundels wat ook al ‘volksbesit’ geword het, die gebruik van tradisionele volksen godsdienstige liedjies. Dit maak van die bundel 'n grap, 'n spot met die stoere Boere - maar ook, volgens dié waarnemer, ‘'n afdaal in en deel word van die kollektiewe Afrikanerdenke’.

Cloete lei uit hierdie bundel die funksie af wat Breytenbach aan die poësie toeken: as lewensmiddel, of as verset teen of voorbereiding op die dood. Breytenbach wil dat die gedig eksistensie gee, vrye eksistensie - daarom die voortdurende soeke na die self, na die geliefde, en na die wese van die dinge. Die verlange na die *vry bestaan* (wat saamhang met die Sartreaanse kwessie van eksistensie en essensie) vind uitdrukking in die liefdesverse, die landskapgedigte, maar bowenal in die metapoësie: die gedig oor die gedig self.

Gedurende 1986 verskyn 'n bundel ‘essays, letters, articles of faith, workbook notes’ van Breytenbach by sy oorsese uitgewers. Van Gennep in Amsterdam gee dit uit onder die titel *De andere kant van de vrijheid*. Faber & Faber in London publiseer dit as *End papers*. Sover vasgestel kon word, verskyn nie een Afrikaanse resensie daaroor nie. MS van *The Star* beskryf die digter (die ‘dedicated visionary’) se ‘artistry as evident, the emotions raw, unpleasant, compelling, far too close to the truth for any comfort’. Volgens hierdie leser verskaf die opstelle 'n ‘series of penetrating insights into the Afrikaner predicament and the South African “condition”’ sonder om bevooroordeeld te wees, want hy sluit nie buitelandse ‘powermongers’ uit van sy kritiek nie. Die besluit is: ‘Breyten-

bach's artistic integrity and total sincerity saves it from the mushy realm, putting it straight into a powerful historical context'. John Conyngham, daarenteen, ervaar Breytenbach se 'treatise on this country's politics, written ostensibly for an overseas readership' as 'pedestrian' en bestaande uit 'murky prophesies of white South Africa's doom'.

In *Boek (deel een): dryfpunt* (1987) besin Breytenbach oor die wese van die poësie en die aard van die 'werklikheid' wat daarin neerslag vind - dit is dus 'n 'literêr-teoretiese bestekopname' (Joan Hambidge) - maar dit is óók meditasie, dagboek, 'autograph' vol aanhalings, inleiding tot Zen, droomdagboek, dus: 'n baie oop teks (Hein Viljoen).

Hierdie teks het tussen Desember 1975 en Julie 1977 in die Sentrale Gevangenis in Pretoria ontstaan. Gunther Pakendorf meen 'n mens kan jou nouliks 'n meer gepaste situasie vir Breytenbach se bespiegelinge oor die wese van dig en die digkuns voorstel as die gevangenis: aan die een kant die kwintessens van die romantiese idee van die kunstenaar-as-enkeling, ingekluis met homself en sy mymeringe oor homself en sy ambag; aan die ander kant die ek in sy 'klein wit sel', in gedurige alleenspraak met die ander ek. Die gevolg is 'n lang aaneenstrengeling van hardop dinkery, 'n kombinasie van spitsvondighede en gemeenplase oor die poësie, deurspek met verwysings en aanhalings.

Volgens Hambidge word álle 'reëls' van die Afrikaanse literatuurwetenskaplike diskoers hier oortree. In die solipsistiese aanbod is die skrywer egter 'modern', omdat die resente literatuurteorie by uitstek gekenmerk word deur die teoretikus se persoonlike kyk op sake, sý besondere manier van doen. Pakendorf voer egter aan dat Breytenbach se 'kroongetuies' feitlik almal 'groot geeste uit die pantheon van die Europese moderne' is wat hulle beslag gekry het in die Romantiek en die latere Franse Simbolisme, aangevul deur 'n aantal avant-gardistiese impulse in ons eeu, veral deur die Surrealisme: Keats, Coleridge, Rimbaud, Rilke, Yeats, Eliot, Picasso - en dan keer hy telkens terug na die Oosterse denkwyse.

Vir Hein Viljoen is een van die sleutels tot die teks die voortdurende teenstelling tussen binne en buite, tussen mens en omwêreld, tussen gedig en dit daaromheen. In- en uitasem is een van die beelde waarmee Breytenbach probeer om dit vas te vang. Inspirasie word dan letterlik: diep inasem, jou oopstel vir die wêreld, beskikbaar, ontvanklik, bewus wees. Dit is die begin van poësie. Die innerlike ruimte wat hierdeur ontstaan, word weer uitgeasem in die gedig. Daar vind dus stofwisseling plaas tussen gedig en wêreld en tussen gevangene en die wye wêreld buite; die gedig tower verhoudings op met die omgedig, die werklikheid of omwerklikheid.

Charles Malan stel dat Breytenbach se siening van die saamval van teenoorgesteldes uit die hart van die dekonstruksiefilosofie kom, waarvolgens alle swaarwigtige, logosentriese begrippe en hulle teenstellings bevraagteken word. Breytenbach se besinning oor die aard van inspirasie, digterlike waarneming en die verwoording daarvan, die aard van kommunikasie en metamorfose kry, volgens Malan, op die wyse van die dekonstruksie-kritiek gestalte - al word dié modewoord nie gebruik nie. Die digter dekonstrueer homself, sy poësie, eintlik alle 'sekerhede' sodat betekenisse gedurig uitgeskuif word. In sy vrye

spel met betekenisgewing toon Breytenbach min respek vir die leser se vermoë om by te hou. Ironies genoeg is daar egter deurgaans 'n sterk lesergerigtheid wat uit die hart van die resepsieteorie sou kon kom.

Die mees opvallende aspek van *Boek* is vir Pakendorf die ‘volslae afwesigheid van 'n politieke, historiese of sosiale dimensie; selfs die paar verwysings na die gevangenis is eksistensieël en uiteraard privaat’. En as 'n mens dié weglaat, sou jy verreweg nie kon vermoed dat die skrywer van hierdie boek 'n lang gevangenisstraf moes uitdien weens politieke dade waarin hy as 'n oortuigde teenstander van die rassestaat se onderdrukking betrokke was nie. Dít bring Pakendorf tot vrae oor Breytenbach se huidige politieke standpunte (soos aangetoon word in hoofstuk 7 X).

Gedurende 1988 verskyn Breytenbach se eie Engelse weergawe en keuse uit die reeks *die ongedanste dans* by Faber & Faber, getitel *Judas eye and self-portrait/deathwatch* (ander seleksies het ook in ander tale verskyn - vergelyk hieroor Barend Toerien in *Rap.*, 15.1.89). Toerien bepaal hom in sy bespreking van die bundel tot die vertalings as sodanig en besluit: ‘Hier het ons 'n digter van wêreldformaat wat nou die Engelse en Franse taalgrense triomfantelik oorskry’. Wilhelm Liebenberg stem saam dat Breytenbach se ‘omdigtings’ van sy Afrikaanse verse ‘verbluffend’ is en sorg vir ‘goeie, geslypte en geslepe poësie wat hom gemaklik in die Engelse tongval tuismaak’.

Onder die tronkgedigte in hierdie bundel is daar, volgens Liebenberg, evokatiewe indrukke van tronklewe, maar dié gedigte handel nie oor die tronk en die stryd waarin die land gewikkel is nie. Die gevangenis word verhef tot simbool van 'n meer algemene problematiek. Dít hou implikasies in vir Breytenbach se literêr-teoretiese vertrekpunt. Liebenberg meen dat Breytenbach die romantikus bly wat hunker na die vryheid anderkant die einder. Maar as Breytenbach geen dekonstruktivis is nie, is hy in hierdie bundel deeglik postmodernis, soos in alles wat hy gepubliseer het sedert sy vrylating in 1982. Die labirinte waarvan die bundel vol is, is 'n opvallende teken hiervan. ‘Hierdie toetrede van Breytenbach tot die Engelse wêreldliteratuur pas dus mooi in by die tydgenootlike tendense op die internasionale literêre toneel. Hiermee bewys hy homself as wêrelddigter van formaat.’ Maar in hierdie proses boet Breytenbach in ten opsigte van ‘commitment’ tot die ‘struggle’ (hieroor meer in hoofstuk 7X).

Hierdie en ander soortgelyke ideologiekritiese uitsprake op Afrikaanse tekste/skrywers gee teen die einde van die dekade tagtig aanleiding tot 'n debat wat - soos die ‘betrokkenheidsdebat’ rondom Breytenbach se tweede verhoor - om verskillende literatuuropvattings en ideologiese vertrekpunte wentel. En weer, soos teen die einde van die vorige dekade, word beskuldigings gerig oor ‘groepvorming’ en ‘monopolisering’.

X
Die ‘nuwe paradigma’ en groepvorming

Nadat hy vir etlike jare letterlik uit die openbare oog was, word Breytenbach in die tagtigerjare weer 'n ‘teenwoordigheid’ binne die Afrikaanse literêre bestel: as ‘openbare figuur’ in die sin van 'n omstrede persoonlikheid, betrokke by voorvalle wat aanleiding gee tot debatte in die pers, maar ook as ‘agent’ binne die literêre en politieke gistingsproses. Dit is veral laasgenoemde faset van Breytenbach se ‘teenwoordigheid’ wat meespreek in die hieropvolgende kartering van die eietydse intellektuele diskoers, al word hy nie altyd by die naam genoem nie.

Breytenbach was nog altyd daarvan oortuig dat 'n ‘liberale’ houding en ‘verligtheid’ as vorme van opposisie slegs maniere is om met die bestaande orde saam te werk (soos uiteengesit in hoofstuk 5 VII). Ná sy vrylating stel hy dit dat wat in die sewentigerjare as ‘verandering’ voorgehou is, bloot maar 'n reorganisasie was tot die behoud en uitbreiding van die mag van die dominerende groep - ondanks die inskikliker fasade wat aan die buitewêreld voorgehou word. Teen die middel van die tagtigerjare het die situasie volgens hom nog nie verander nie.

Hy meen daar is wel 'n mate van blanke opposisie teen die Nasionale Party. Dít bly egter verspreid en oneffektief en gaan uit van sommige intellektuele, studente en, op 'n georganiseerde wyse, van die PFP. Hierdie opponente ly daaronder dat hulle hul nie kan vereenselwig met die uiteindelike doelwitte of versetvorme van die onderdrukte meerderheid nie én dat hulle nie deur die meerderheid aanvaar word nie. Hulle eis menseregte, menswaardigheid, Christelike verdraagsaamheid en 'n liberale ekonomie: ‘To the extent that they are tolerated by the authorities and that they fail to sever their links with the White Establishment, they risk strengthening the dominant ideology from within. Their situation in a context of radical polarization is as ambiguous dissident members of the Establishment (culturally so at least, if not politically - but political discrimination is rationalized in terms of cultural identity); they stand accused of “softening” the perception of Apartheid’ (1984e: 177).

Ook die sogenaamde dissidente wit skrywer is skuldig hieraan. Die ‘opstand’ van die Sestigers - veral in die sewentigerjare - het nié die saak van vryheid gedien nie. Hul belangstellingsfeer, en hul publiek, was Europees georiënteerd - hoe ywerig hulle ook al probeer het om met hul geleende gereedskap van eksistensialisme en strukturalisme deur die bolaag van die Suid-Afrikaanse realiteit te breek (1983g: 114). Die wit skrywer vind by apartheid baat, ‘veral vandat “courage” (volgens Nadine Gordimer) 'n *literêre* attribuut geword het. Meer nog: ons “heldhaftigheid” verduister die bestaan van swart skrywers in die land. En ons, ons wat na vryheid vry, maak Afrikaans aanvaarbaar na buite - en oplaas Apartheid mak?’ (*Rap.*, 29.5.83); ‘I mean: by exhibiting the queasy feelings we may have about Apartheid we, the white writers, the Masters'

voices, are making the monsters human and banalizing the horror' (1983g: 115; vergelyk ook sy uitspraak tydens die Londonse konferensie oor sensuur in *Index on censorship* 5/84).

In sy essay oor die 'taalstryd' in *Confessions* formuleer Breytenbach sy bedenkinge oor die betrokkenheidsfase van Sestig só:

> ...I have felt for some time now that the attention paid to the contestation of Afrikanerdom, within limits of loyalty and fealty, by the so-named *Sestigers*..., the self-aggrandizement and the bloated self-importance of these authors, have helped entrench the reactionary forces in the country. First of all because the debate around and by the *Sestigers* obscured the far more important political issues of the time (suppression of Black parties, impoverishment of the majority, militarisation and 'securisation' of the country, the start of aggressive military foreign policy) - including the wiping out of a decade of Black writing which was of greater significance for the future than the 'existentialist' deviations of the youngish Afrikaners; and secondly because the charade was fostered upon the world that *Sestiger* dissidence (as for that matter White dissident writing at present) could influence the political future, could effectively alter the set-up, could expose the real implications, could translate the South African reality - so much so that it was not seen that the *enfants terribles* were endowing the Afrikaner establishment with a greater suppleness to resist real transformation, and simultaneously serving as lightning conductors to close the eyes and the minds of people to the true death (and hope) moving deep down through the land. The tragedy is that, with the pretentions of being 'open', we closed more doors, erected new walls, blinded more eyes. It could be argued that it wasn't done consciously. I'm not so sure. Besides, ignorance is no excuse. And neither is arrogance. (White writers - of the 'liberal' kind - are in reality just getting a - personal - kick out of flouting some tribal taboos.) (1984a: 322-323)

Teen 1983 voel Breytenbach dat hy ook in 'n ander opsig as die geografiese geïsoleer is van blanke Afrikaanse skrywers: 'I do not know of any identifying with the Liberation Movement. (Admittedly, it would be suicidal to do so inside the country and it is completely unfair of us to expect them to be martyrs)' (1983d: 102). Oor die stand van die Afrikaanse letterkunde teen die middel van die tagtigerjare hou Breytenbach veral twee menings na. Aan die een kant glo hy dat die graad van dissidensie wat die blanke skrywer toegelaat word, juis die totalitêre staat kan versterk deurdat dit daaraan 'n beeld van interne buigsaamheid verleen (1986a: 18). Aan die ander kant is die Afrikaanse skrywer in ieder geval so 'volkome gedepolitiseer' dat dié skryfwerk 'oscillate between snivelling and despair; between sloppy romanticism and demagogic junk' (1985c: 204). Die sogenaamde 'tagtigers' 'donder self nog obskurer in in 'n soort nihilisme...van: Wat kan ons in elk geval doen? Van: laat dinge maar loop, laat Gods water maar oor Gods akker loop; laat ons maar skrywe' (1985d: 47).

Breytenbach se uiteensetting van die rol van die Sestigers (en die dissidente wit skrywers van vandag) in *Confessions* lok reaksie uit van André P Brink - die segsman van Sestig en Sewentig. Hy reken dat Breytenbach darem net té maklik die werk van wit skrywers binne Suid-Afrika verwerp en dat dit dalk verklaar kan word as 'iets van 'n apologie omdat hy self uitgewyk het'. Breytenbach kan

dus verwag ‘dat daar gevra mag word of dit nie tóg ietwat makliker is om op 'n afstand van tienduisend kilometer jou sê te sê waar jy nie aan eie lyf verantwoordelikheid daarvoor hoef te dra nie’ (*Rap.*, 13.5.84).

Vanuit die (geradikaliseerde) konteks van tagtig word daar ook deur ander waarnemers krities gereageer op die betrokkenheidsfase van sewentig en op die ‘literatuurmites’ wat tóé geskep is. Vir De Jong (1987a: 21-25) is dit ironies dat die mite van literêre ‘objektiwiteit’ en ‘outonomiteit’ botoon gevier het in sowel die ‘teksgerigte kritiek’ as die ‘betrokke kritiek’ wat sy voorganger wou verplaas (vergelyk hoofstukke 5 V en 6 IX). Die tematiese, en vir die sewentigerjare oorspronklik politieke, eis dat die Afrikaanse literêre kultuur meer Afrikagerig moes word, is ‘deur sy destydse ondersteuners verliteraturiseer’ (*op.cit.*: 22). Volgens De Jong het die ‘betrokkenheidsfase’ misluk omdat dit bang was om in radikale sin polities te wees. Só 'n radikaliteit verklaar noodwendig die literatuur as selfbepalende wêreld ongeldig. In die ‘betrokkenheidsfase’, daarenteen, is die ‘versoening’ van literatuur en politiek deurgevoer met die aanspraak dat die teks, wat ook al sy uitspraak, onaangetas bly omdat dit 'n geslote *fiktiewe* of taalwêreld is (*ibid.*).

Hierdie uitspraak illustreer die verskuiwing wat daar sedert die ‘betrokkenheidsdebat’ rondom Breytenbach se tweede verhoor plaasgevind het ten opsigte van die heersende opvattings oor die aard en funksie van die literêre teks. Hierdie nuwe literatuuropvatting(s) hou verband met ideologiese verskuiwings.

JH Senekal (1987: 39-63) lig in sy oorsig ‘Literatuuropvattings: “wese” en “waarhede” van 'n nuwe literêre teorie’ enkele veranderde sienings en insigte uit wat sedert die laat sestigerjare sy beslag in die Weste gekry het en wat in die tagtigerjare die Afrikaanse literêre diskoers rig. Een van die belangrikste ontwikkelings is die verbreding of uitbreiding van die begrip literatuur sodat dit vandag talle genres en subsisteme insluit wat nie tot die tradisionele ‘historiese’ letterkundekanon behoort nie. Die teksbegrip het verander: dit bestaan nie meer uit papier en ink tussen die titelblad en slotwoord nie, want vandag word selfs die leser getekstualiseer. Die outonomie of selfgenoegsaamheid van die literêre teks het verval; in die hedendaagse denke is die ondersoek na verhoudings tussen die teks en ander tekste (intertekstualiteit), insluitende die kontekste, van primêre belang. Teenoor die vroeëre interpretasie van tekste staan die poststrukturalistiese ‘omgaan met tekste’ met sy onsekerhede oor betekenis en betekeniskonstituering, met sy lesersresponsies en disseminasie van betekenisse. Dit bring 'n groot mate van radikalisme mee: waar die strukturalisme gesoek het na elemente van 'n teks wat dit tot 'n eenheid, 'n geheel verbind, is die post-strukturalisme juis ingestel op die verskille, die uitstel van vastighede en die relativering van universele waardes. In hierdie proses kom lees en leesprosesse ernstig in die soeklig. Omdat die lees van 'n teks (net soos die produksie daarvan) nie in 'n vakuum plaasvind nie maar sosiale funksies het, kry die literatuurstudie 'n sosiale dimensie by.

Die ‘nuwe paradigma’, wat ook afgelees kan word uit die ontvangs van Breytenbach se ná-tronktekste, het hom veral aan drie ‘fronte’ gemanifesteer: die resepsie-estetiese, semiologiese en sisteembenaderings tot die literatuur; dekonstruksie en die ‘ideëkritiek’ (met as radikale uitloopsels die neo-Marxisme

en ideologiekritiek). Voorstanders van die outonomistiese literatuuropvatting sien hierdie ontwikkelinge as 'n georkestreerde ondermyning van die ‘teksgerigte kritiek’ (Johl, 1985: 23 en 1986: ix), met die doel om 'n ‘sekere wetenskaplike onderbou’ aan die ‘betrokke kritiek’ te verskaf én om ‘die dominante Afrikaner-ideologie, lewenstyl en werklikheidsbeskouing te probeer ontbind’ (Johl, 1985: 25).

In werklikheid is hierdie ‘front’ nié 'n verenigde front nie. Resepsie-estetiese metodes het wel die leemtes van die outonomistiese benadering blootgelê, maar ander nuwe metodes (veral dié wat hoort tot die sogenaamde neo-Marxistiese of ideologie-kritiese benaderings) bevraagteken juis die aannames en werkwyse van die ‘betrokke kritiek’ wat in die sewentigerjare hoogty gevier het (soos blyk uit die kritiek van De Jong wat hierbo aangehaal is). Ook ideologies is dit nie 'n waterdigte alliansie nie. Enersyds is daar nuwe benaderings wat ideologies ‘gematig’ is en deel vorm van 'n beweging wat daarop gerig is om die Afrikaner se taal en kultuur te hervorm en verbreed; andersyds is daar dié benaderings wat ‘radikaal’ gerig is teen die *status quo*.

Die ‘nuwe paradigma’ het homself die vroegste gemanifesteer in die werkwyse van die resepsie-estetika. Publikasies soos *Letterkunde en leser* is daarop gerig om insig te verskaf in die verhouding tussen literatuur en leser; die uitgangspunt by hierdie publikasie is om ‘waardevolle toeligting te bied in verband met probleme wat tans bestaan rondom literatuuronderrig, sensuur op literêre werke, die “vervreemding” tussen skrywer en leser, produksie- en verspreidingspatrone, die aard en rol van literêre kritiek, ensovoorts’ (Malan, 1983: xi). Die klem op die rol van die leser, die leserskonteks, het onder meer ook die pad gebaan vir 'n ‘sisteembenadering’ tot die letterkunde. Johl (1987a: 178-179) voer aan dat die sisteembeskouing ('n benadering waarbinne die erkenning van die interafhanklikheid van die lede van die oorkoepelende sisteem, wat almal in eie reg ook gehele of sisteme kan wees, beklemtoon word) die aandag van ‘gematigdes’ geniet. Dit verteenwoordig naamlik, soos in die sosio-politieke bestel ook gebeur, 'n beweging in die rigting van die saambestaan van dele binne 'n groter geheel en van die interafhanklikheid van die dele met die klem op kontak, interaksie en samewerking. Die klem wat sisteemaanhangers op die organisasie van die verskillende komponente plaas (waardeur die stabiliteit van die groot geheel verseker of bewerkstellig kan word), herinner aan terme soos ‘magsdeling’, ‘multilaterale samewerking’, ‘ekonomiese interafhanklikheid’ en ‘koëksistensie van minderhede in die Suider-Afrikaanse geografiese streek’ wat deur die regering ingespan word ter wille van die aanpassing en behoud van bestaande strukture (*op.cit.*: 178). Vanuit ‘linkse’ perspektief is daar bedenkinge oor 'n ‘sisteemteorie’ wat miskien net nog 'n ‘beheerteorie’ is (Olivier, 1987: 10). De Jong (1989a: 39) noem die sisteemteorie soos plaaslik toegepas 'n ‘plurale demokrasie’ wat nie rekening hou met Habermas se verwerping van die kapitalistiese en magsondersteunende implikasies van dié teorie nie.

Die dekonstruksie-benadering neem 'n soort ‘tussenposisie’ in (‘buiteaards’ vir sommige) ook in dié opsig dat dit aanhangers uit verskillende ideologiese groeperinge gelok het - maar nie noodwendig ‘verenig’ het nie. Dit

is veral André P Brink se hantering van dekonstruksieterme wat kritiek van links uitlok en in die geval van die resepsie van Breytenbach se *Confessions* lei tot 'n debat waarin dekonstruktiviste hulle uitgangspunte uitspel.

Olivier (1984b) bevraagteken 'n 'benadering wat vir verwysings na die werklikheid feitlik geen voorsiening maak nie', wat postuleer dat woorde nie 'verwys' na die wêreld nie, maar voortdurend ander woorde oproep. In die geval van Brink se bedenkinge oor die waarheidsgehalte van Breytenbach se *Confessions* (soos uiteengesit in hoofstuk 7 IX), sit Olivier met 'n probleem. Dit is wel vir hom 'logies en billik' dat Brink vra of die 'true' van die belydenisse ernstig opgeneem kan word, maar daar is 'n teenstrydigheid: 'Kan André P Brink 'n jaar lank goedkeurend gebruik maak van Derridiaanse terminologie (vergelyk byvoorbeeld sy bespreking van (*"yk"*)) en dan nog kapsie maak teen die waarheidsgehalte van 'n boek? Binne 'n dekonstruktivistiese benadering is verwysings na die werklikheid immers net skynbaar; daarvolgens begin en eindig alles in taal'. Olivier se eie siening van die verhouding woord/ werklikheid in *Confessions* kom op die volgende neer: Waar die 'werklikheid' in 'Tot siens, Kaapstad' (*Kouevuur*) die gedig oorweldig wat Breytenbach wou skryf, gebeur die teenoorgestelde in *Confessions*. Die 'ware' verslag wat Breytenbach wóú gee, word 'vervals' deurdat die taal met al sy onsekerhede, sy versoekings en sy vervalsings sáámspeel. Maar aan hierdie taal - die 'engte' van die woord - is Breytenbach gebonde: 'In taal as spel sou jy jou kon verlustig as jy 'n nuwe elitêre esteet wil word, maar dit is in ieder geval ook vir Breytenbach 'n gevaarlike en pynlike saak. Om in die aangesig van so 'n problematiek uit te roep dat geen teks ooit iets anders as taal kan wees nie, is 'n dogmatiese reaksie waardeur taal self byna tot iets magies verhef word. Breytenbach *was* in die tronk, en *Confessions* is, alle aarseling en bedenkinge van die outeur ten spyt, die verslag daarvan' (*ibid.*).

Brink reageer op Olivier se bedenkinge oor 'n benadering 'wat vir verwysings na die werklikheid feitlik geen voorsiening maak nie', met die vraag of mens nou moet terug na *mimesis*. Sy eie gebruik van/aansluiting by die dekonstruksiekritiek in die bespreking van *Confessions* motiveer Brink soos volg. Hy erken dat Derrida, of 'n volleerde Derrida-volgeling, inderdaad nooit voorsiening sou gemaak het vir die twee 'vlakke' wat hy in die werk onderskei het nie en wat Olivier noem 'taal' en 'waarheidsgehalte'. Hy 'gebruik' inderdaad dikwels 'Derridiaanse terminologie' omdat hy meen dat van daardie begrippe van die verhelderendste en nodigste is wat die literatuurbeskouing lank teëgekom het. Ook omdat Breytenbach in *Confessions* meermale letterlik uit sy pad gaan om seker te maak dat die leser sy woord 'nét' as woord neem, as deel van 'n proses van verskuiwende en vervalsende relasies, terwyl hy *tegelyk* in 'n ánder rigting uit sy pad gaan om presies die soort 'andersheid', die soort 'tweeledigheid' te dui wat Olivier se uitgangspunt is, naamlik 'n vermeende onderskeid tussen 'woord' en 'werklikheid': 'Dáárom het ek in my betrokke resensie probeer aandui dat die teks homself skaad as hy op twee sulke (wedersyds uitskakelende) stoele probeer sit. Dit was nie ék wat met begrippe uit verskillende "wêrelde" by die werk aangekom het nie, maar die teks self wat myns insiens as 'n huis teen homself verdeeld, op twee verskillende maniere probeer "werk" het'

(1984: 30). Oor die verhouding taal/werklikheid voer Brink aan dat Derrida verbý die soort ‘apartheid van denke’ is wat by Olivier voorkom - Derrida het weggebreek van hierdie veilige, beskuttende lineêre manier van dink (wat hy ‘logosentries’ noem). Dit beteken nie dat Derrida die ‘werklikheid’ ontken nie, maar vir hom is dit nog 'n teks - net in 'n ander taal, 'n ander (onder meer sintuiglike) ‘lettertipe’, 'n ander tekensisteem geskryf as byvoorbeeld 'n gedig. Olivier se onderskeid tussen ‘taal’ en ‘werklikheid’, daarenteen, is 'n valse onderskeid (*op.cit.*: 31).

Joan Hambidge (1984:34) stem saam met Olivier dat *Confessions* noodwendig die werklikheid móét betrek. Vir haar is dié werklikheid ‘teks’. Sy besluit: ‘Dit lees as 'n verslag van 'n gevoelige mens wat iets probeer sê van 'n traumatiese ervaring’ ('n gevolgtrekking waarmee Peter John Massyn probleme het, vergelyk 1986b: 74).

Marianne de Jong (1984: 33) se bydrae tot die debat is om daarop te wys dat die nut van die post-strukturalisme/dekonstruksie daarin lê dat dit aantoon dat alle diskoerse berus op die tekenaard van die tekens wat hulle noodwendig moet gebruik. Dan is dit onmoontlik om by 'n ‘werklikheid’ uit te kom met behulp van dekonstruktivistiese tegnieke: ‘Die bedoeling is tog om die onophefbare diskrepansie tussen “objek”, saak of werklikheid en die tekens waarin hieroor gepraat word te demonstreer en die implikasie vir die “werklikheid” is dat alle diskoerse wat hierna verwys word, ekstern bepaal word.’ Wat in *Confessions* gebeur, is dat ‘die skryfwyse en splitsing van die self metafories gebruik word’. Die boek maak ‘selfdekonstruksie tot tema en skep met behulp van die bogenoemde metafore juis 'n “samehang en sin”’. De Jong meen die boek sou as ‘subjektief-gemotiveerde diskoers beskryf kon word waarin die “werklikheid” funksioneer as kode of metafoor’. Selfdekonstruksie word getematiseer om die werk 'n fiksionele aard te gee en dekonstruksie-kritiek sou hierdie fiksie en die skryfproses as verbloeming kon uitwys en die verbloeming self as 'n vorm van ‘literêre terrorisme’ - dít is volgens haar die ‘werklikheid’ van die boek: die fiksionele verbloeming en sy motief, nie die Suid-Afrikaanse inhoud nie.

Uit sy repliek op Brink, Hambidge en De Jong blyk dit dat Olivier (1984c: 37-38) nog steeds probleme het met Brink en ander se redenering dat 'n mens van die tweedeling teks/werklikheid ontslae kan raak deur die werklikheid as teks te beskou. As dit argumentsonthalwe aanvaar word, dan vind hierdie ‘dekonstruksie’ van die werklikheid tot ‘teks’ (tot 'n reeks verskuiwende relasies, veronderstellings, interpretasies, benoemings, ensovoorts deur 'n ‘ek’ wat sy eie identiteit in twyfel trek, wat dus ook homself ‘dekonstrueer’) reeds in *Confessions* plaas. Indien enige teks slegs 'n bymekaarkomplek van ander ‘tekste’ is, dan verval die moontlikheid om een teks te beoordeel op grond van sy getrouheid aan 'n ander teks (die ‘werklikheid’ van Breytenbach se ervarings). En dan bly Olivier by sy besware teen Brink se resensie, want dit is ‘tog presies wat Brink gedoen het’.

Die afleiding wat Olivier hieruit maak, is dat die ‘werklikheidsteks’, ten spyte van die hele uitleg wat Brink nou gee vir laasgenoemde, tog meer gesag dra as die geskrewe teks: ‘Hy gee aan die “werklikheid” 'n prioriteit...; dit word die kriterium vir die “waarheid” van Breytenbach se verslag. Die feit dat die

boek sélf “op twee stoele probeer sit”, is kritiek wat reg uit die mond kon gekom het van iemand wat halstarrig aan die tweedeling werklikheid/taal vasklou’. Olivier voer aan dat sulke kritiek hom nie sou gehinder het nie as dit nie was dat Brink elders Breytenbach se ‘selfdekonstruksie’ as legitiem aanvaar nie. Vanwaar dan skielik die kritiek op *Confessions*? ‘Is dit omdat 'n dekonstruktiewe lesing by poësie makliker plaasvind as by prosa? Of is dit omdat 'n mens die referensie na 'n “werklikheid” nie sonder meer kan prysgee by 'n boek wat oor 'n (ten dele kontroleerbare, in ieder geval vir Brink) geskiedenis handel nie?’ Olivier bly dus by sy oorspronklike siening dat 'n ‘suiwer dekonstruktiewe lesing van die teks geen voorsiening maak vir 'n beroep op ‘wat werklik gebeur het’ of ‘wat werklik is’ nie. Hieruit voortspruitend glo hy dat Brink ‘nogal opportunisties omgaan met Derrida’. In sy resensie herstel Brink die ou regime in ere: ‘Wat in die boek gedekonstrueer word, rekonstrueer hy weer; die versplinterde “ek” word weer Breytenbach, en die ondeursigtige “werklikheidas-teks” word 'n reeks “ware” gebeurtenisse wat as kontrole dien. Daarmee handhaaf Brink die tweedeling waarteen hy in sy stuk so hartstogtelik pleit, en probeer hy weer sit op 'n stoel waarvan hy een poot behendig afgesaag het’ (*op.cit.*: 38).

Die debat kring verder uit as die probleemgeval *Confessions* om bepaalde uitgangspunte van die dekonstruksie-benadering te beredeneer. Teen die middel van die tagtigerjare glo sommige ‘linkses’ dat dekonstruksie nie die antwoord kan bied op die problematiek van die literêre teks in sy verhouding tot die Suid-Afrikaanse ‘werklikheid’ nie. In 1986 vra Breytenbach tydens sy Rapportprys-toespraak of ‘die plaaslike intellektuele beheptheid met “dekonstruksie” en soortgelyke verouderde blokkiesraaisels, aangelap uit oorsese stof, nie nog net 'n uiting is van *delirium Apartensis* nie’ (*Rap.*, 13.4.86). Ook binne die Afrikaanse literêre bestel heers daar twyfel of dekonstruksie ‘daarin kan slaag om ons uit die ban van die estetiese te verlos’ (Olivier, 1987: 10).

Vanuit 'n ‘linkse’ perspektief word die aandrang al sterker vir kritiese beskouings wat die verbondenheid van die individuele teks aan sosiale en politieke kodes as uitgangspunt neem en die literatuur sien as deel van die mens se verhouding tot die politiek (*ibid.*). As voorbeelde van sulke benaderings word genoem kritiese beskouings soos die sosiologiese (soos gemanifesteer aan die Universiteit van Wes-Kaapland), die Marxistiese (wat onder meer uitdrukking vind in die werkwyse van Ampie Coetzee) en die ideologie-kritiese (wat sedert die 1986-kongres van die ALV sterk op die voorgrond tree). Die ‘gemene deler’ tussen hierdie benaderings is dat dit daarna streef om te breek met die literêr-politieke denke van die afgelope vier dekades asook van enige poging om sodanige denke te ‘hervorm’ of te ‘vernuwe’. Die Afrikaanse (literêre) tradisie word aan 'n diepte-ondersoek onderwerp, terwyl 'n radikale breuk daarmee terselfdertyd aangekondig word. Dít bring mee dat onder meer 'n nuwe publikasieruimte geskep moet word wat geheel en al buite die oënskynlik ‘verligte’ en ‘verdraagsame’ (repressief-verdraagsame) forums sal staan (vergelyk hieroor Dan Roodt, 1987: 4).

Die verskillende gedaantes van die ‘nuwe paradigma’ kry uitdrukking in nuwe ‘groepvorming’ ('n situasie wat reeds tydens die ALV-stigtingskongres in

1984 erken is, vergelyk Botha en Snyman, 1986: Inleiding). Waar daar in die sewentigerjare verdeling was tussen ‘verlig’ (weliswaar ‘betrokke’ én ‘verantwoordelik’) en ‘verkramp’, lyk die situasie tans anders. Nuwe groeperinge bestaan binne ‘diskoersruimtes’ wat geskep word deur tydskrifte, verenigings en instansies, uitgewerye en selfs Afrikaans-departemente aan universiteite. Waarnemers stel verskillende groeperinge voor (vergelyk byvoorbeeld Johl, 1985: 18-27 en 1986: xi-xiii asook Malan, 1988: 46). Een manier om te groepeer, sou kon wees op grond van bogenoemde ‘diskoersruimtes’. Hiervolgens sou daar verwys kon word na 'n ‘verantwoordelik behoudende’ groep gesentreer om die blad *Spits*, wat 'n aangepaste outonomiebenadering volg en 'n dissipline voorstaan wat op ‘belangelose’ manier die ‘stryd om dominansie tussen tradisionele waardes en anti-waardes’ wil waarneem en beskryf (vergelyk Johl, 1986: 156). 'n Middelgroep ‘hervormers’ word saamgetrek rondom die Afrikaanse Skrywersgilde, die Afrikaanse Letterkundevereniging en SENSAL - laasgenoemde 'n instansie wat 'n belangrike rol speel ten opsigte van die popularisering van veral die resepsieteorie en sisteembenadering (vergelyk hieroor Johl, 1986 ix en 1987a: 182 e.v.) - en *Tydskrif vir Letterkunde*. Die ‘radikales’ (en ‘nuwe linkses’) groepeer rondom die Afrikaans-departemente van die Universiteite van Wes-Kaapland (die ‘intellectual home of the left’ soos Gerwel dit stel in *DSA.*, Jun. 1988) en die Witwatersrand, die uitgewery Taurus en die tydskrif *Stet*. Hierdie groeperinge is egter nie waterdig nie - daarvan getuig nie net binnekringverskille nie, maar ook alliansievorming en pragmatiese en strategiese aanpassings. As voorbeelde kan gewys word op die tradisioneel ‘verligte’ Afrikaanse Skrywersgilde wat skakeling soek met die ‘radikale’ demokratiese beweging; ‘radikale’ literatore wat debatte voer in en deur establishment-/kapitalistiese kanale; die ‘Alternatiewe Afrikaanse Beweging’ wat hom soms laat ‘kaap’ deur hervormers.

Die literêre diskoers gedurende die tweede helfte van die dekade word veral gekenmerk deur 'n toenemend kritiese houding teenoor die ‘verligte etos’ waarvan een variant die keuse vir ‘hervorming’ is. Kritiek word aanvanklik gerig teen algemene kultuur-instansies soos die FAK en Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns - en ook teen literêre instellings soos SENSAL. Só byvoorbeeld sien Philip John (1987b: 6-10) die Sentrum (wat in publikasies die klem plaas op ‘gesprek’, die algemene klimaat van ‘hervorming’ en strategieë van ‘skakeling’ en ‘koördinering’) se rol binne die literêre bestel as 'n keuse vir die ‘burokratiese opsie’. Dit is egter 'n *individu* wat eindelik die fokuspunt van hierdie kritiek op ‘verligtheid’ en ‘betrokkenheid’ word - André P Brink, wat die sewentigerjare se variant van 'n segsman vir die Louwiaanse ‘oop gesprek’ en ‘lojale verset’ was. Die nuwe literêre norme en houdinge laat ook ander lig val op Breytenbach se ooreenkomste én verskille met Brink en dit waarvoor hy staan.

Tydens Breytenbach se eerste verhoor het Brink tot ‘nuwe insigte’ gekom - onder meer oor die rol van geweld ten opsigte van die bewerkstelliging van fundamentele veranderinge (vergelyk hoofstuk 6 IV). In sy post-Sowetoopstelle (Brink, 1985a en 1985b) handhaaf hy hierdie insig. Waarnemers reageer uiteenlopend op Brink se ideologiese uitgangspunte. DJ Hugo (1984:

34-38) meen dat Brink se motiewe nie ‘verdink’ of ‘betwyfel’ hoef te word in ‘Afrikanerkringe’ nie. Volgens hom mag Brink vroeër 'n ‘dubbelsinnige houding’ teenoor geweld gehandhaaf het, maar ná die 1976-geweld beskou hy nie meer die woord as strydmakker van die geweer in die bevrydingstryd nie. Hugo voel op grond hiervan dat Brink se *bona fides* ‘buite alle dispuut’ behoort te wees in Afrikanerkringe. Vir René Marais en ‘die meeste van (haar) tydgenote’ (*Va.*, 2.9.85) staan Brink se *bona fides* ten opsigte van sy gemoeidheid met die ‘sosiopolitieke omstandighede hier te lande’ bo verdenking. Joan Hambidge (*Tv.*, 8.8.85), Fanie Olivier (*Rap.*, 25.8.85) en LS Venter (*Vo.*, 14.9.85) gebruik almal die term ‘kompromisloos’ in hul bespreking van Brink se kritiek ten opsigte van wandade in die gemeenskap en/of sy uitsprake oor die rol wat die Afrikaanse literatuur moet speel in die ‘nuwe Suid-Afrika’. Charles Malan (1986a: 14) het probleme met die nuwe mites wat Brink skep (die eksistensialisme, 'n Afrika-vitalisme, 'n liberale humanisme, mistieke erotisme) omdat dit aan filosofiese modeverskynsels gekoppel is en in stereotipes begrond is, maar in die strydperk ‘speel hy die spel van die dialektiek en sy ekstreme opvattings dra by tot die voortdurende uitskuif van pole waaraan idees gemeet kan word in die soektog na die waarheid’.

In teenstelling met waarnemers wat dink Brink is ‘kompromisloos’ en sy standpunte is ‘radikaal’, staan dié wat hom (en ander ‘verligtes’) van teenoorgestelde gesindhede beskuldig. Die rubriekskrywer OP Stoker (1984: 39-40) rig sy kritiek teen die sogenaamde ‘oopheid’ van *Rapport* (wat tot stand gebring word deur die twee ‘leidsmanne’ Willem de Klerk en André P Brink) en teen die ‘statuur’ van laasgeńoemde binne die literêre bestel. ‘Die taak van De Klerk is om die Afrikaner uit die slawehuis van sy vooroordele te lei... (hy) streef na “containerisation” van Afrikanerdom en na “Entdinglichung” van Afrikanerskap’. Brink se utopie lýk soos De Klerk s'n, maar verskil daarin dat hy nie 'n neo-Calvinistiese idealis is nie, maar 'n eksistensiële esteet. Twee jaar later voer Dan Roodt (1986a: 4-5) redes aan waarom *Standpunte*, waarvan Brink toe pas redakteur geword het, geboikot behoort te word. In dié proses stel hy dit onomwonde dat Brink ‘meer as enigiemand anders die establishment verteenwoordig’ (hy brei hierop uit in 1987: 4-6). C Coetzee (1987: 3) meen Brink kritiseer vanuit 'n ‘verworwe skuilplek’, terwyl hy in werklikheid meedoen aan die sisteem deur sy boekredakteurskap by *Rapport*, sy samestellerskap van Tafelberg se *Groot verseboek*, die publikasie van sy tekste by Human & Rousseau (beide uitgewers filiale van Nasionale Pers) en sy rol as keurder vir dié twee ‘NP-karperde’. Ook Brink se literêre tekste word vanuit 'n ‘linkse’ oriëntering gekritiseer. Massyn (1986a: 20-21) voer byvoorbeeld aan dat dit vasgevang is in 'n kontradiksie van affirmasie en kontestering: ‘Brink's thematic affirmation of ideal truth produces elaborate procedures of control in his texts whose principal role is to exclude radical disruption... Faced by the threat of radical disruption the most vociferously “political” writer of the last decade and a half in Afrikaans is locked in a contradiction of affirmation and denial’.

In 1986 rig Brink 'n ‘ope brief’ aan die Staatspresident, mnr. PW Botha, wat tydens die Gildeberaad voorgelees word (1987a: 6-7). Hierdie brief wat in *Stet*

van Maart 1987 gepubliseer word, lok wye reaksie uit wat ook implikasies inhou vir (kritiek op) Breytenbach se opvattings oor die rol van die skrywer en die literêre teks. Brink laat hom in dié brief ‘so openlik en uitdagend (soos) geen ander skrywer (uit) oor die noodtoestand’ en daarvoor verdien hy ‘alle eer’ - volgens Olivier (1987: 8). Tog word die brief vir hierdie waarnemer 'n voorbeeld van ‘'n tipe diskoers wat deur die tyd agterhaal is’ (*op.cit.*). Reeds die aanhef veronderstel dat PW Botha in sy hoedanigheid as staatshoof verantwoordelik gehou word vir wat in Suid-Afrika gebeur - en dit terwyl hy slegs simbolies die gesagsdraer is; die eintlike ‘opponent’ is 'n politieke struktuur wat gehandhaaf word deur 'n ‘kombinasie van brute mag, skynhervormings, propaganda en intimidasie’. Brink se beroep op Christelikheid en humanisme hou volgens dié perspektief nie rekening met die feit dat Botha óók die ‘produk’ is van 'n struktuur waaroor hy self nie ten volle beheer het nie. Die ander uitgangspunt van die brief waarteen Olivier dit het, is die ‘tamboerslanery vir die skrywer’ en die feit dat Brink homself opstel as ‘skrywer in sy hoedanigheid as individu’. Dit kom neer op 'n bepaalde opvatting van die rol van die skrywer en die literêre teks: teenoor die brute mag word die mag van die woord gestel. Onder die vaandel van die ‘mag van die skrywerswoord’, funksioneer die woord vir Brink as ‘draer van die waarheid’; skryf as sodanig word ‘'n bevestigende daad in die naam van die lydende mens en sy strewe na vryheid’. Danksy hierdie mite kan Brink ‘die konflik in Suid-Afrika reduseer tot 'n konfrontasie tussen twee individue’.

Olivier (*ibid.*) meen dit het tyd geword om te vra wat die uitgangspunt van hierdie skrywersmitologie, naamlik die verheerliking van die skrywer as openbare gewete en as blootlegger van die waarheid, vandag nog werd is. Individuele proteste (ook van skrywers) word nie meer deur die bewindhebbers as 'n onmiddellike bedreiging beskou nie; die (potensieel) effektiewe opposisie en bedreiging kom vandag van politieke organisasies en die leiersfigure daarbinne - 'n waarneming wat Breytenbach reeds vroeër geformuleer het (kyk hoofstuk 7 VII). Olivier glo dat die Afrikaanse skrywer wat hom nie met die bewind kan vereenselwig nie, periferaal geword het en dit sal bly solank as wat hy ‘los staan van die alternatiewe strukture en politieke benadering wat ontstaan het’. Die konsep van die individu as ‘vrye’ instansie, van die skrywer as spreekbuis van die lydende mensdom, en die veronderstelling dat vrye meningsuiting nog effektief deur hom opgeëis kan word, het in semi-polisiestaatomstandighede geldigheid verloor. 'n ‘Werklik gepolitiseerde denke’ lei volgens Olivier tot die besef dat daar ‘binne die huidige historiese omstandighede nie meer 'n vrye standpunt kan wees van waaruit die individu kritiek kan loods nie’. Ook vir Marianne de Jong (1987a: 22) dien die aanspraak op die intrinsiek bevrydende en waarheidsoekende rol van die skryf *per se* in die ‘ope brief’ van Brink die *status quo* deurdat ‘die mees pragmatiese en selfbehoudende leserspubliek gerusstel (word) met die wete dat 'n podium van individuele vryheid en egte ervaring nog bestaan’. Sy glo dit het tyd geword dat die literêre spreker sy onvryheid erken: ‘As die literêre spreker sy gebondenheid (aan die politieke) erken, staan hy voor die minder plesierige en moeisame taak om die manier waarop hy na tekste kyk te verander, nié in die lig van die teks nie, maar in die

lig van sy rol in illusionêre ideologiserende waardestelsels'. In 1989 vat sy die huidige kritiek teen Brink (wat "'n populêre en ingeburgerde skrywer' geword het) saam: 'Is die probleem nie dat Brink se verset teen 'n bepaalde sosiale orde hom ironies genoeg te sterk aan die orde gebind het nie? Lyk die geloof in die bevrydende krag van die woord in die jaar 1989 nie gevaarlik baie op 'n blote voortsetting van Van Wyk Louw se "lojale verset" nie? Is dit nie omdat die skrywer wat soveel idealistiese geloof aan die woord heg, hom noodwendig die slagoffer maak van die estetiese waarde van die mense vir wie hy skryf terwyl hy teen hulle skryf nie?' (1989a: 39).

Al is dit Brink wat die skerpste kritiek ontlok vanuit ideologie-kritiese perspektief, kom daar ook reaksie op Breytenbach. Peter John Massyn vind die digter se pogings tydens sy 1986-besoek aan Suid-Afrika om 'die doodsroggel - die barenskreet - van die oomblik in eie idioom aan die heersersjeug uit te wys' hoogstens 'ontroerend', want dit is nie net ou nuus nie, maar Breytenbach het hom met sy gehoor misreken:

> Daar is diegene onder ons wat maar te goed weet dat die ou orde aan 't uitvrek is. Dit is juis vanweë ons verbondenheid aan die oue, ons aandadigheid daaraan, dat ons reeds in die vrywordingsproses, in die groei na die nuwe, die dood ruik. Die buitelyne van 'n nuwe moraliteit, 'n kruipende nuwe ideologie, 'n ander reg en 'n ander verkeerd, is reeds op die opkomende orde afgestempel. Breyten het hom tog self in die beginsels van JODAC en die ECC vasgeloop.
> Die land ly, dis nie altemit nie. Hy het profete, politieke profete, nodig. Maar die ou kategorieë, die netjiese verdelings - tradisioneel of omgedop - tel nie meer nie. Ons ken die beproefde kodes, die geweld wat vloei uit politieke afkamping. Ons smag na 'n nuwe politiek wat by ons en hulle, reg en verkeerd, wat ook al die inhoud daarvan, verbystreef: 'n nuwe, voortdurende stryd wat hom onophoudelik teen ou sowel as nuwe verstarring verset. (1986: 3)

Byna 'n jaar ná Breytenbach se optrede in die Staatsteater word dit weer in die literêr-politieke diskoers ingevoer. Philip John (1987a: 3) lug nou sy bedenkinge oor die 'bewys' wat Breytenbach van die 'volwassenheid' van die Afrikaner verskaf het toe hy 'Afrikaners' in Afrikaans in die Staatsteater oor die kole gehaal het. Marianne de Jong (1987a: 21-25) herlei haar kritiek op die 'uitsprake oor die bevrydende, radikaliserende funksie van skryf' en 'literêre liberalisme' nie net na Brink nie, maar ook na 'sommige van Breytenbach se uitsprake' (byvoorbeeld in *End papers*) én na die Rapportprys-toekenning:

> Benewens sy vermoë tot selfbevestiging skep die diskoers van literêre objektiwiteit, outonomie en apartheid reekse binêre opposisies waarvan Breyten in die Staatsteater maar een (sprekende) voorbeeld is. In so verre Breytenbach se openbare optrede 'n bewuste poging was om die 'tradisionele' skeiding tussen die politieke en literêre persoonlikheid, in een persoon vervat, op te hef, is die Staatsteaterrede tipies van die semantiese oor-en-weer teleskoperings wat die opposisie 'literatuur/politiek' toelaat. Dié rede speel met die dialektiek van Afrikaansheid (as digter) en andersheid (as Afrikaner). Afrikaansheid word die maatstaf van poëtiese en politieke andersheid, en hierdie andersheid maak van Breyten 'n tipies Afrikaanse 'verlore seun', 'n *emigré* wat met behulp van politieke aggressie (hier neutraal bedoel) steeds na die vaderhuis terugkeer. Nie Robbeneiland nie, maar digterskap

> is die modus van dié opstand en dit is net moontlik solank die poësie 'n oord buite Robbeneiland en die *townships* bly. *Rapport* hou hierdie oord veilig en gereed vir betreding, en Breyten het dit betree. (*op.cit.*: 23)

De Jong voer aan dat sy nie hiermee ‘puriteinse of pedantiese kritiek op Breyten se politieke motiewe loods nie’; dit gaan vir haar om die ondersoek van diskursiewe netwerke en hul betekenisskeppende krag:

> Die skeiding van Afrikaanswees en digterskap, van kultuur en literatuur waarvoor daar op 'n stadium hard geveg is in Afrikaans, maak die driftige versoening moontlik wat in Breytenbach kulmineer. Literatuur word ‘soos 'n Casspir’ (met apologie) op die veld gestoot as oord van verset omdat dit die konnotasies ‘Afrikaner’, ‘outonomie’, ‘vryheid’ en ‘kulturele identiteit’ geabsorbeer het. 'n Mens sou kon aanvoer dat die effek van die Breytenbach-rede en die Brink-brief nie berus op die politieke radikaliteit van die sprekers nie, maar op hul aanspraak op Afrikaanswees en Afrikaansskryf... op die naelstringverbondenheid tussen die Afrikaanse kultuur en Afrikaanse literêre praktyke. (*ibid.*)

Dít bring mee dat gevra kan word of die ‘psigies *bevrydende* taalspel van Breytenbach nie gewen is in verset teen Afrikaans en sy diskoerse nie, eerder as geskryf in die naam van 'n ander orde’. Hierdie vraag ‘word afgedwing deur die feit dat *sekere* Afrikaanse skrywers op vryheidsverkondiging aanspraak maak terwyl hulle tekste chauvinisme, liberalisme en narcissisme in Afrikaanse formules uitspel’ (*op.cit.*: 25).

In 1989 resepteer Wilhelm Liebenberg die gedigte én essay in *Judas eye* as 'n versaking van die ‘struggle’ - wat voorop staan in hierdie teks is 'n apokaliptiese visie en die algemene metafisika van ‘vryheid’, in die sin van 'n intellektuele anargisme soos geërf van die studente-rebellie in 1968 in Europa. Liebenberg lei uit *Judas eye* af dat ‘verantwoordelikheid en verantwoording’ nie vir Breytenbach is nie:

> Vreemd soos hierdie benadering mag wees aan die politiek van andere wat hier ter lande opgesluit word, is dit egter wel iets wat sal aanklank vind onder die soort Afrikanerrebel wat God en die Nasionale Party verwerp het, maar nêrens anders tuis voel nie. Die soort anargisme waardeur Breytenbach besiel word, lê ongetwyfeld na aan die hart van menige van vandag se jonger Afrikaanse kunstenaars. Vir hulle sal Breytenbach steeds die simbool bly van daardie unieke boereverset - teen als en almal wat vir die Afrikaner heilig is. (*VW*, 10.2.89)

Teenoor hierdie ideologie-kritiese afwysing van Breytenbach se opvattings oor die rol van die skrywer, sy teenstrydighede en interpretasie van ‘verset’, staan die reaksies wat hom tipeer as ‘radikaal’ - afwysend én aanprysend. In 1984 evalueer Koos Human, die uitgewer met wie Breytenbach in die sewentigerjare bande breek om ideologiese redes (soos uiteengesit in hoofstuk 4 IV), Breytenbach as 'n ‘oorskatte skrywer’ - ook omrede die ‘klap van die Marxisme’ wat hy weg het (1984: 57 en 60). Ander weer vereenselwig hulle juis met hom vanweë sy ‘radikalisme’. Tydens sy optrede aan die Universiteit van Wes-Kaapland in 1986 word wel vrae gevra oor die weerspreking tussen sy afwysing

van die Hertzogprys en die aanvaarding van die Rapportprys, maar teen die einde van die dag sing die gehoor hom ‘Nkosi sikeleli i'Afrika’ toe: ‘Dis histories... g'n Afrikaner-skrywer het seker nog die voorreg gehad om aan die einde van 'n voordrag die alternatiewe volkslied gesing te kry nie... Miskien is dit 'n simbool vir 'n nuwe Suid-Afrika’. Die vrae wat nié gevra is nie en waaroor daar ‘groot eenstemmigheid’ is, sluit in: vryheid, geregtigheid, vredeliewenheid, menslikheid en sosialisme (Hein Willemse, *Rap.*, 20.4.86).

Peter John Massyn, wat krities staan teenoor Breytenbach se siening van die ‘gedepolitiseerdheid’ van die Afrikanerjeug, hou die mening na dat daar wel by Breytenbach 'n werklike oorskryding van aanvaarde norme, soos gemanifesteer binne die dominante orde, voorkom. Sommige van sy tekste dra tekens van die ‘propositional and procedural disruption, (the) transgression of established systems of truth’ (1986a: 21) wat by Brink ontbreek. En ten spyte van haar kritiek op literêre praktyke wat 'n beroep doen op individuele vryheid, beskou De Jong vir Breytenbach as ‘die enigste radikale, pro-revolusionêre Afrikaanse digter’ (1988: 9). Selfs Liebenberg (*VW.*, 10.2.89), wat Breytenbach se ‘boereverset’ afwys, gee toe dat die digter ook verder as dít gegaan het: ‘By Breytenbach is dit... op die ou end ook 'n losmaak van sy land en sy taal’.

Kort na sy vrylating het Breytenbach hom uitgespreek oor vroeë tekens van 'n nuwe ‘radikale’ oriëntasie binne die Afrikaanse literêre kritiek. Hy verwelkom die opkoms van 'n ‘oper denke’, selfs 'n Marxistiese denke. In die Suid-Afrikaanse konteks ‘is Marxisme, as verbode denkskool seker oop’. Hy waarsku egter: ‘Oppas: Marxisme is ook die opium van die intellektuele’. Hy vind dit egter bemoedigend ‘dat daar mense is wat wég probeer beweeg van 'n gegewe denkraam, wég van die self en die eie ikone. Maar ai, die vergestalting dan van hierdie wil-tot-verandering is so dikwels, met die polisiesisteem wat dit nekbrekerig en nekvrotterig maak, plain silly’ (1983a: 8).

Die opkomende ‘radikale’ kritiese metode - wat gelyk gestel word aan ‘neo-Marxisme’ - lok reaksie uit van sowel ‘verantwoordelike behoudendes’ as ‘hervormers’. Johl, byvoorbeeld, meen dat kritici wat 'n omvattende herwaardering van die politieke en kulturele nasionalisme van die Afrikaner in die vooruitsig stel, min hoop laat vir 'n regverdige beoordeling, 'n billike, ewewigtige oordeel en 'n kritiese ‘oop gesprek’. In die praktyk behels die ‘strategieë van irrasionele manipulering’, soos toegepas deur hierdie kritici, die ‘stigmatisering van bestaande waardes en die aftakeling van bestaande strukture ten einde dit deur alternatiewe waardes en strukture te vervang’ (1987c: 41). Ia van Zyl (1987: 4-20) vind ‘neo-Marxiste’ openlik vóór die Afrikaanse letterkundige bos (veral ná die ideologiekritiek-sessie van Ampie Coetzee, Wilhelm Liebenberg en Marianne de Jong tydens die 1986-kongres van die ALV). ‘Neo-Marxistiese’ tekste het volgens haar 'n politieke doelstelling ‘wat waarskynlik onderskraag word deur die doelbewuste afbreek van sedelike en morele norme’, en daarop gerig is om veral die jeug te indoktrineer teen wet en orde en gesag. Jan Senekal (1989: 5) reageer vanuit die vertrekpunte van die sisteemteorie op De Jong (1989a: 39-41) se bedenkinge oor Brink, maar brei sy oordeel uit tot 'n oordeel op die benadering waarvoor sy staan. Haar ‘resensie’ is vir hom bewys dat ‘die vooropgestelde neo-Marxistiese ideologie, gekoppel

aan totale onkunde oor die sisteemteorie en die talle ander raamwerke waarbinne die ernstige literatuurstudie vandag internasionaal geskied' 'n mens kan verlei tot ''n kleinlike wêreldjie van 'n politiese narcisme'.

Brink se reaksie op die 'radikale' kritiek teen hom behels repliek op, aan die een kant, die 'uitvoerige persoonlike aanval' teen hom en, aan die ander kant, die opkomende nuwe opvattings oor die rol van die skrywer en die letterkunde. Ten opsigte van eersgenoemde weerlê Brink die 'aantyginge' van spesifiek Coetzee (1987: 3) as 'blatante leuens en verdraaiing'; hy aanvaar ook nie die siening dat 'politiekbewuste anti-apartheidslesers' sy boeke verwerp nie - ' die meeste radikale teenstanders van apartheid, soos die UDF en die ANC... ondervind daar geen probleem mee nie' (1987b: 3-7). Die kritiek op sy opvatting oor die rol van die skrywer en die woord, lei tot kwalifisering en aanpassing van sy kant (*op.cit.*: 5-7). Anders as Breytenbach, wat die Suid-Afrikaanse staat as 'totalitêr' beskryf (kyk hoofstuk 7 II), glo Brink dat die huidige situasie 'outoritêr' is: 'Ek dink dat Suid-Afrika onrusbarend vinnig besig is om 'n (totalitêre) situasie tegemoet te gaan: maar veral ná Dakar dink ek nog nie dat ons klaar daar is nie' (*op.cit.*: 4-5). Die skrywer kan op verskillende maniere reageer op of maneuvreer binne die 'strategieë van die regime', onder meer deur dié van 'containment'. Hy kan kies om hom fisiek, geografies buite die stelsel te begewe - 'n keuse wat hom laat inboet aan 'effektiwiteit'; of hy kan kies vir 'n operasie van 'binne' - wat 'n 'soortlike gewig' aan sy aktiwiteite verleen, al loop hy die risiko dat hy kompromieë met die sisteem moet aangaan. (Breytenbach hét nie so 'n keuse gehad nie en by hom is 'dié oorweging dan nie eers ter sprake nie' - 'n uitspraak wat in teenstelling staan met Brink se vroeëre verwyt teen Breytenbach se keuse vir 'uitwyking', *Rap.*, 13.5.84). Indien die skrywer kies om sy rol binne die sisteem te vertolk, 'so helder en onbevange as *moontlik*', doen hy dit 'as mens en as skrywer'. Brink het begrip vir Olivier (en vroeër nog, soos aangetoon in hoofstuk 7 VIII), Breytenbach se standpunt dat die Afrikaanse skrywer periferaal sal bly as hy los staan van alternatiewe strukture en politieke benaderings - maar met die 'belangrike voorbehoud dat wanneer hy byvoorbeeld lid is van die UDF, of as hy die beginsels en strategieë van die ANC onderskryf, dit nog nie sy skryfwerk "dienstig" maak aan die praxis van 'n politieke of vryheidsbeweging nie'.

Die skrywer kan hom ook as landsburger wend tot reaksies op die sisteem - Brink egter het gekies om 'spesifiek op die terrein van die woord' te reageer, onder meer met die 'ope brief' wat as gevolg van sy aard ''n bepaalde rol gespeel het in die mobilisering van 'n breë versetsfront teen die Noodtoestand'. Brink glo dat die brief en sy geskiedenis juis - teen Olivier se tese in - demonstreer dat 'die *woord* nóg nie (heeltemal) verdiskonteerbaar is nie'. Hy gee nie om dat hy in party kringe 'outyds' genoem word oor sy 'onbeskaamde betrokkenheid by die woord nie', tog kwalifiseer hy hierdie uitgangspunt van sy literatuuropvatting: 'Ek het geen romantiese, kinderlike, naïewe oortuiging dat die bestaan van die woord sonder meer - soos ek soms vroeër jare gehoop het - die waarheid in die wêreld waarborg nie. Ek weet ook dat totalitêre regimes die woord kán stilmaak...; en dat daar situasies is... waar die *woord op sigself*

... nié uitkoms kan gee nie'. Brink sê hy stel nie die woord in die plek van geweld nie (hy self erken die 'noodsaaklikheid' van die ANC se 'gewelddadige stryd' as één van die strategieë in die strewe na 'n vrye, demokratiese staat), maar hy glo dat sónder die woord dit nie anders kan as om te ontaard nie. Al het die skrywer nie die antwoorde nie, 'kan hy help om die vraagstelling aan die gang te hou'.

Die reaksie op die ideologie-kritiese benadering tot die literatuur loop in April/Mei 1989 uit op 'n polemiek wat herinner aan sowel die 'Weiss-Squad'-én *Kol*-debatte van die sestigerjare (kyk hoofstukke 4 VII en 5 V) as die 'betrokkenheidsdebat' van die sewentigerjare ná Breytenbach se tweede verhoor (kyk hoofstuk 6 IX). Weer, soos tydens die laasgenoemde twee debatte, is Brink 'n hoofspeler. Dié keer vertolk hy egter die rol van 'aanklaer'. Terwyl hy in die 'betrokkenheidsdebat' teen die einde van die vorige dekade deur 'verantwoordelike verligtes' aangekla is dat sy 'radikale' politiek en literatuuropvatting 'n monopolie probeer afdwing op die Afrikaanse literêre bestel, rig hy nou 'n soortgelyke aanklag teen voorstanders van die ideologie-kritiek. Net soos in die dekade sewentig staan persoonlike aanvalle van albei kante egter sentraal en rem dit die ontwikkeling tot 'n 'verantwoordelike debat' waarvoor almal pleit. (Binne die nuwe paradigma is dit egter moeilik om, soos destyds, 'n onderskeid te probeer maak tussen 'die Afrikaanse letterkunde' en die 'klein vuil bedryf om die kuns'.)

Gedurende die *Kol*-debat is gevoel dat Brink hom deur ''n klein groepie verbitterdes... laat oogklappe opsit het (Smit, 1968: 5-8). Gedurende die 'betrokkenheidsdebat' weer was die kritiek gerig teen Breytenbach 'en die klein groepie rondom hom' (Van Rensburg, *Rap.*, 16.6.77), teen die verheffing van die 'Brink-Breytenbach-gesigspunt' van 'betrokkenheid' as literêre kriterium (Van Rensburg, *Rap.*, 17.7.77). Brink en Breytenbach is op dié wyse tot stalmaats van 'n bepaalde politieke houding en literatuuropvatting verhef, terwyl Breytenbach se politiek in werklikheid te 'radikaal' was vir Brink en hy, in teenstelling met Brink, reeds vanaf die sestigerjare die literêre teks as nie-outonoom beskou het. Teen die einde van die dekade sewentig word die *Donga*-groep, wat op hulle beurt te 'radikaal' was vir 'betrokke verligtes', bestempel as die 'breyteneske boksombende' (Malan, 1977: 2). Teen die einde van die tagtigerjare is Breytenbach, volgens sommige waarnemers, weer die stukrag in 'n nuwe, radikale groepering: Die 'anti-hegemone wat slegs een kenmerk gemeen het, naamlik verslawing aan die Fransman Breyten Breytenbach se bekskoppery' (Malan, 1988: 46). Na aanleiding van die ideologiekritiese bespreking van *Judas eye* (Liebenberg, *VW.*, 10.2.89) aanvaar Brink egter dat Breytenbach in sý kamp is en aangekla word omdat hy nie 'links' genoeg sou wees nie.

Die 'betrokkenheidsdebat' van die sewentigerjare is gevoer in *Rapport* wat 'n belangrike rol gespeel het om 'verligtheid' die 'verantwoordelike' houding te maak in Afrikanerkringe. Die 'literêre mafia'-debat word in die eerste helfde van 1989 gevoer in die blaaie van die glanstydskrif *De Kat* en in die 'onafhanklike' koerant *Vrye Weekblad* wat 'alternatief' as die 'verantwoordelike' houding uitbou (binne die 'intellectual fringe', in ieder geval).

Die persoonlike aanvalle en self-aanprysings wat in hierdie debat gedoen word, word hier ter syde gelaat (alhoewel dit 'n geldige ‘interteks’ vir die gesprek verskaf). Enkele fasette uit die ‘aantyging’ én ‘verweer’ word uitgelig omdat dit implikasies inhou vir literatuuropvattings en die ideologiese ingebedheid daarvan teen die einde van die tagtigerjare.

Brink (1989a; 1989b; 1989c: 92-93; 1989d: 96-97) se ‘algemene’ verwyte teen die ideologie-kritiek, is dat dit 'n modeverskynsel is wat voortspruit uit 'n ‘byhou’ met oorsese strominge; dat dit op 'n dilettantistiese wyse ‘aangewend’ word wat tot 'n vervlakking en belediging van die vrugbare metodiek en denkwyse lei; dat dit losgemaak word van dekonstruksie. Bowenal egter, is sy kritiek daarteen dat dit misbruik word deur ‘'n klein literêre mafia in die noorde’ om vir hulself 'n magsbasis te vestig: ‘Onder die voorwendsel dat hulle die literatuurbeskouing wil “skoonmaak” van outoritêre denke, vestig hulle juis die mees outoritêre en onverdraagsame klein denkskool wat nog in Afrikaans doenig was’. Dit gaan vir hierdie groepie ‘mislukte skrywers’ (wat self nog ‘niks literêr of polities gedoen het teen apartheid nie’) om ‘die afdwing van 'n baie eng stalinistiese programmetjie op die literatuurbeskouing’ met behulp van laakbare taktiek soos die saai van verdenking teen mense wat dit wél gedoen het. Dié sameswering bedreig ‘sowat elke Afrikaanse skrywer van Breyten Breytenbach tot Koos Prinsloo, van Joan Hambidge tot Etienne van Heerden, en van Jeanne Goosen tot Gawie Kellerman’. (In 1968 het mede-Sestigers op Brink se pleidooi vir 'n gepolitiseerde literatuur gereageer asof dít 'n ‘Stalinistiese program’ was wat op hulle afgedwing is - vergelyk Leroux, 1968: 2-6.)

Brink lig twee ‘beskuldigings’ uit wat deur die ideologie-kritiese ‘mafia’ gerig word op die Afrikaanse literatuur (en sy eie tekste spesifiek): Die eerste is dat 'n geloof in literatuur, en 'n aangewesenheid op die woord 'n ‘uitgediende’ opvatting is, of selfs trou aan 'n *status quo*, aan 'n magsorde, betuig; die tweede is dat iemand wat profiteer van die stelsel wat hy aanval se literêre tekste niks kan ‘uitrig’ nie. Volgens Brink spruit die eerste beskuldiging uit die feit dat die verband tussen dekonstruksie en ideologie-kritiek nie goed begryp word nie en mense dus (teen hul eie praktyk in) bly glo dat ‘woord’ en ‘wêreld’ aparte dinge is sodat die skrywer wat hom aangewese voel op die woord(-spel), uitgesluit word van enige moontlikheid om ‘in te gryp’ in die wêreld, dus om literatuur as praxis te hanteer. En dít terwyl die beduidende wêreldliteratuur van ons tyd juis die teendeel demonstreer: om goed te skryf, ís 'n revolusionêre daad en die onderdrukkende samelewing verleen teen wil en dank aan die geskrewe woord 'n premie wat elders nie so sigbaar is nie. Met verwysing na die tweede beskuldiging voer Brink aan dat die enigste ‘suiwer’ alternatief sou wees om te emigreer; 'n kompromis bied egter die voordeel van kontak en aanraking.

Wilhelm Liebenberg (1989a; 1989b; 1989c: 95 en 1989d: 4-5) en Gerrit Olivier (1989a en 1989b) reageer op Brink se aantygings. Beide dink die onus rus by Brink om bekend te maak wie die mislukte skrywers, die verdagmakers en ‘Staliniste’ is en hoe hulle as ‘groep’ funksioneer, want die hele idee is ‘onsinnig’. Liebenberg lewer kommentaar op Brink se stellings oor ideologie en dekonstruksie, die geloof in die literatuur en die woord en die skrywer se

gebondenheid aan die bestel. Brink se hantering van dekonstruksie negeer die bestaan van 'n wêreld buitekant die literêre teks: ‘Of glo hy dat, omdat teks en wêreld nou nie “aparte dinge” sou wees nie, hy oor die werklikheid praat net omdat hy met taal speel?’. Volgens Liebenberg ontken niemand die rol van die woord nie, maar dit is Brink se soort benadering wat ‘aangewese is op die woord en niks anders nie’ wat bevraagteken word deur die ideologie-kritiek omdat redding van apartheid nie gevind kan word deur die ‘herondersoek’ van ‘die moontlikhede van die woord’ nie. Met die ‘gebruik’ van die kontak wat die skrywer met die huidige bestel het, het die ideologie-kritiek nie probleme nie, maar wel met die wyse waarop dit gedoen word - teenoor die praktyke van die liberale individualisme en idealisme staan naamlik die strategieë, gebaseer op beginsels, teorie, analise en demokratiese besluitneming, van die ‘Demokratiese Beweging’.

Tydens die 1989-kongres van SAVAL verduidelik referente (waaronder Liebenberg) die werkwyse van die ideologie-kritiek só: Dit ontmasker die wyses waarop die *bourgeois* ideologie gehandhaaf word. Dit toon hoedat historiese verskynsels, wat tydelik is, voorgehou word as synde universeel en onveranderlik; hoedat gebruike wat die heersersgroep se belange dien, voorgestel word as synde in algemene belang; hoedat dít wat mensgemaak en daarom vervangbaar is, gesien word as ewig of natuurlik, as vanselfsprekend of ‘common sense’ sodat diegene wat daaronder gebuk gaan, nie daaraan sal dink om dit te verander nie. Die ideologie-kritiek, wat 'n uitdrukking van die Marxistiese literatuurbeskouing is, bly nie beperk tot argumenteer nie, maar impliseer 'n sekere praktyk ter verandering van die maatskappy - dit vereis dat mens *betrokke raak by verandering* (*Rap.*, 23.4.89).

In haar reaksie op die ‘literêre mafia’-debat voer Marianne de Jong (1989b: 4) aan dat ál die deelnemers teen apartheid is. Vir haar lyk dit egter of die stryd teen apartheid ná twintig jaar nog steeds in die ou, bekende terme gevoer word - Liebenberg, wat 'n nuwe, praktiese of aktivistiese ‘betrokkenheid’ verteenwoordig, *klink* soos Brink in sý oproep tot betrokkenheid twee dekades gelede. Die ‘nuwe betrokkenes’ is, volgens hierdie waarnemer, ‘soos Brink, 'n sinnebeeld van die liberaal-humanistiese rollespel wat die burgerlike klas kenmerk’. Vir De Jong lê die belang van die debat eerder daarin dat dit dui op 'n nuwe Afrikaanse literêre verskynsel, naamlik ‘popularistiese anti-apartheid’: 'n gewilde Afrikaanse literêre verskynsel wat berus op ‘die ekonomiese, opvoedkundige en sosiale voorregte wat nog altyd “Afrikaans” aan die gang hou’.

Teen Soweto-dag 1989 is daar twee hoofgroeperinge onder ‘andersdenkende’ wit Afrikaanssprekende literêre figure: die ‘hervormingsgesinde betrokkenes’ teenoor die ‘praktiese/ aktivistiese betrokkenes’. Die verskil berus nie meer op 'n politieke standpunt nie - almal is immers uitgesproke teen apartheid - maar eerder, soos De Jong dit sien (*ibid.*), op ‘politieke “credentials”’, byvoorbeeld die ‘erkenning van die Afrikaanse literator deur die ANC of deur die MDM (“mass democratic movement”)’. En dan gaan dit om:

> (D)ie status, rolle en mag van literatore binne die Afrikaanse literatuurdiskoers.

> Wie gaan wat vir die ANC sê oor Afrikaanse literatuur en die bevrydingstryd? En met watter voordele vir sy eie openbare politieke beeld en rol? (*op.cit.*)

Dit is nou reeds moontlik om te voorsien dat Afrikaanse skrywers en literatore binnekort met 'n ANC-afvaardiging in gesprek gaan tree - heel waarskynlik deur bemiddeling van of met deelname van Breytenbach. Nuwe groeperings kan dalk daaruit spruit: dié wat gaan ‘onderhandel’ het met 'n filiaal van die breë demokratiese beweging teenoor dié wat nie genooi is of verkies het om nie te gaan nie. Taktiese (of onheilige?) alliansies is egter nie uitgesluit nie.

In die laaste dekade van dié eeu sal die gesprek in die Afrikaanse literêre bestel heel waarskynlik draai om die keuse tussen spanninge wat Breytenbach telkens uitgewys het in die formulering van sy opvattings ten opsigte van die politiek en die literatuur: interne worsteling en die ‘oop gesprek’/bevrydingsideologie; die stryd as doel/die stryd as proses; intellektuele beslaglegging op die ‘struggle’/oorgawe aan die ‘people’; (ondergrondse) politieke aktivisme/ literêre aktivisme; verset namens die onderdrukte groep/arbeid binne die eie groep; propaganda/skepsis; sensuur/verantwoordelikheid; hervorming/transformasie; totalitarisme/verhoudinge en dialektiek; geweld/taktiese alliansie en kompromie; ortodoksie en dogma/vryheid.

Oor wat vanaf Julie 1989 op die Afrikaanse literêre toneel gaan gebeur, kan op hierdie stadium net bespiegel word. In die ‘nuwe bedeling’ tot die middel 1989 word Breytenbach egter òf geneutraliseer (onder andere deur onderdrukkende verdraagsaamheid) òf verwerp (van links *en* regs) òf aangeprys (óók van links) soos dit verskillende (belange-)groepe pas. Op hierdie stadium swyg hy self nog oor groeperinge binne die ‘nuwe paradigma’-patroon van die Afrikaanse literêre toneel in sy land van herkoms. Tot tyd en wyl hy dit wel doen, sou die volgende uitspraak kon geld:

> And what a privilege to have nothing to say. To sit there, to assist (at) the slow unravelling of thought, the untravelling, and when asked once again to vomit an opinion - be it on the soul-icing of imprisonment or the whimpering of the flogged or the flought of the beard over capes or righting or the state of pootry or the latest nuise from Nomansland or the condition of Marilyn Garble's knees - to lean furrard intensely and to saygh: ‘Lookit tit hyere: I have nuffink to seigh!’ (1986a: 224)

'n Mens kan egter aanneem dat hy nie vir lank 'n onbetrokke, en stilswyende, buitestaander sal bly nie.

Slot

Breytenbach het nie vergete geraak tydens sy jare van tronkstraf nie. Invloedryke openbare figure en skrywers het hulle steeds bemoei met die omstandighede van sy gevangenskap en pleidooie gerig vir sy vrylating - die motivering was altyd dat Breytenbach genoeg gestraf is vir sy dade en dat die Afrikaanse letterkunde hom nie kan ontbeer nie. Alhoewel *Voetskrif* en *Seisoen* (wat tydens sy

aanhouding gepubliseer is) die laaste nuwe Breytenbach-tekste was wat sy leserspubliek vir 'n lang tyd sou bereik omdat hy as gevangene nie kon publiseer nie, het sy skrywersvriende hul deel gedoen om hom in die literêre oog te hou. Taurus publiseer in hierdie tyd 'n versameling van sy verse (*Blomskryf*), 'n bundel opstelle oor Breytenbach se werk wat allerweë beskou word as die indringendste herskrywings tot in daardie stadium (*Woorde teen die wolke*) asook herdrukke van vroeëre bundels. Breytenbach se literêre tekste word by alle universiteite behandel en talle nagraadse studente voltooi studies daaroor. Terwyl dit praktyk is dat politieke gevangenes nie in die media aangehaal mag word nie, word die wetstoepassing in sy geval opgeskort. Al het die ‘blanke openbare mening’ (soos *Die Vaderland* dit stel) teen hom verflou - moontlik omdat hy vanweë sy tronkverblyf betreklik skadeloos gestel is as vyand van die gevestigde sosiopolitieke sisteem - het hy dus steeds sy invloed laat geld as Afrikaanse skrywer.

Toe Breytenbach se vonnis op die vooraand van die ‘nuwe bedeling’ opgeskort word en hy terugkeer na Frankryk, is daar uit verskillende oorde die hoop uitgespreek dat hy nie ‘verlore’ sou gaan vir die Afrikaanse letterkunde nie, dat hy sy ‘ou politieke paaie van ekstremisme’ sou vermy en die ‘saak van die Afrikaanse taal en letterkunde’ sou dien.

As die motivering agter sy vervroegde vrylating was om hom om te koop en hom hok te slaan (soos hyself suggereer), het dit egter geboemerang. Breytenbach weerhou hom nie daarvan om skerp kritiek uit te spreek teen die Botha-era en die Nuwe Bedeling nie. Hy sien die verskuiwings binne die sisteem as pogings tot ‘aanpassing’ sonder dat die rigtende ideologie verander. Sy eie vrylating is volgens hom 'n strategie in die interne magstryd. Alhoewel Breytenbach dit in onderhoude wat ná sy vrylating met hom gevoer is by herhaling gestel het dat hy hom nie weer met ondergrondse politieke bedrywighede sal bemoei nie, beklemtoon hy dit dat hy sal voortgaan om as skrywer sy deel by te dra tot 'n regverdiger gemeenskap. Sy strewe is na 'n nuwe Suid-Afrikaanse identiteit en die oplossing van die land se smeltkroesprobleme binne 'n swart (kulturele) verwysingsraamwerk.

Binne die ‘nuwe bedeling’ van die tagtigerjare (polities én kultureel) word uiteenlopend gereageer op die na-tronkse Breytenbach. Vanuit reaksionêre perspektief word hy - nog steeds - as volksverraaier veroordeel. ‘Hervormingsgesindes’ én ‘ontnugterde verligtes’ wat die amptelike meningsvormers is, span daarenteen verskillende strategieë in om Breytenbach vir hulle saak te probeer opeis en sodoende in 'n veilige kulturele hawe tuis te bring (iets wat uitdrukking is van tipiese sisteemgedrag, naamlik dat norme en vorme wat eens op die perifirie was mettertyd na die middelpunt verskuif). Opkomende ‘radikale’ groeperinge (wat nog steeds bande met die establishment behou), tans nog op die perifirie van die sisteem, het nog nie 'n eenstemmige standpunt oor Breytenbach ingeneem nie.

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat Breyten Breytenbach nie slegs 'n sleutelrol in die stryd binne en tussen die literêre, politieke en joernalistieke sisteme speel nie, maar in 'n omvattende kultuurstryd. Ofskoon dit nie hier behandel is nie, het hy ook 'n invloed gehad op ander sisteme wat die Afrikaner se ‘kultuur-

stryd' ondersteun het, asook op dié wat hulle geopponeer het. Alhoewel Breytenbach se werk en lewe dus uiteraard nie net 'n effek op Afrikaners gehad het nie, maar ook op ander Suid-Afrikaanse (taal)groepe, is daar in hierdie ondersoek gefokus op sy rol as Afrikaanse intellektueel en op die reaksie wat hy van wit Afrikaanssprekendes ontlok binne die sosio-politieke konteks sedert die sestigerjare.

Breytenbach het 'n bydrae gelewer tot die vorming van interne sisteempolariserings, wat weer gelei het tot die ontstaan van subsisteme. In die geval van die Afrikaanse literêre sisteem sluit dit in subsisteme soos die Sestigers en ander groeperinge, 'avant garde-poësie', 'betrokke' en politieke literatuur, ensovoorts. Binne die politieke sisteem is hy 'n stukrag ten opsigte van die polarisering 'verkramp'/'verlig' en - sedert sy vrylating - die polarisering 'hervormingsgesind'/'alternatief' en 'radikaal'. Hy speel ook 'n rol om polariserings binne die joernalistieke sisteem na vore te bring. Aanvanklik is die Afrikaanse pers deur die 'baasskap'-apartheidsideologie gerig en neem selfs die meer 'verligte' *Die Burger* nie standpunt in oor Breytenbach nie. In samehang met die klemverskuiwing na 'pragmatiese apartheid', kom daar by die pers ook 'n verskuiwing na 'aanvaarbare verligtheid', sodat Breytenbach tydens sy 1973-besoek geesdriftig ontvang is - hy word egter weer vir die Afrikaanse koerante 'n verleentheid ná sy Somerskooltoespraak, tydens sy verhore en met sy Rapportprys-toespraak.

Ewe belangrik is sy rol ten opsigte van die kritiese bevraagtekening van sleutelkodes binne die sisteme, soos 'Afrikanerskap', 'verlig', 'teksas-woordwêreld' en 'betrokkenheid'. Hy dring tot die hart van (dikwels verskuilde) waardesisteme deur, val op welsprekende wyse die hart van die apartheidsideologie aan en tart die hegemonie uit.

Daar is 'n natuurlike neiging by enige gevestigde sisteem om homself te verskans; daar is 'n strewe na ewewig met omringende sisteme. Die strategie wat die bewakers van die gevestigde sisteem (in hierdie geval, die apartheidsisteem) in werking stel om die bestaande strukture te stabiliseer, behels sowel maatreëls wat gerig is op die uitskakeling van versteurende elemente as pogings tot koöptering en 'verdrukkende verdraagsaamheid'. Breytenbach dwing sisteem-manipuleerders om talle meganismes te aktiveer ten einde enersyds vreemde en bedreigende waardes uit die sisteme te weer en andersyds stabiliteit te herstel deur subsisteme binne die makrosisteem te duld. Afweermeganismes sluit onder meer in sensuur, pre-sensuur, die weerhouding van pryse, uitbanning, stereotipering ('volksvreemd', 'liberalis', ensovoorts), vervolging, tronkstraf. Stabiliseringsmeganismes gerig op die 'duld' van die bedreigende sluit in lokaas (soos pryse), koöptering van subsisteme ('verligtheid', 'Sestigers'), kondonering van sekere sienings en optredes, 'omkopery', ensovoorts.

Die digter speel 'n leidende rol by die vorming van interpretatiewe gemeenskappe, veral rondom literatuuropvattings. Breytenbach verskuif lesers se verwagtingshorison drasties, nie net deur sy nuwe teksstrategieë nie, maar veral deur sy opvatting dat die literatuur 'n kontesterende sosiale funksie het. Dit lei tot sy radikale 'politisering' van die Afrikaanse letterkunde, wat, veral tydens die Taalbewegings, maar ook lank daarna, as handperd van die linguistiese,

politieke en breër kulturele sisteme gerig was op die ‘Afrikanersaak’ en op Afrikaner-nasionalisme. Die swaar klem wat Breytenbach plaas op die senderskode, het literêre herskrywers gedwing om dié kode steeds meer in ag te neem. Breytenbach dompel die Afrikaanse literêre kritiek in 'n krisis en dwing ideologiese keuses by die invloedrykste Afrikaanse sisteemhandhawers af. Hoewel hy nie voorgee om 'n literêre teoretikus te wees nie, bly hy aan die voorfront wat klemverskuiwings in teoretiese benaderings betref: vergelyk die klem op pragmatiek, konteks, die volle kommunikasiesiklus, en so meer.

Breytenbach het 'n geskakeerde beeld as openbare figuur. Sommige sien hom as *enfant terrible* wat weier om hom deur skool óf establishment te laat hokslaan, die ‘terroris’, die ongenadige kritikus wat selfs sy beste vriende aanval. Vir ander waarnemers is daar die beeld van Breytenbach as die briljantste vernuwer en invloedrykste digter na NP van Wyk Louw en DJ Opperman, die intellektueel wat die Suid-Afrikaanse maatskappy tot in die fondamente geskud het en die onverbiddelike kritikus van die apartheidsisteem wat die wêreld leer verag het.

Al was hy die slagoffer van sistemiese manipulasie op talle vlakke en van 'n magspel waarbinne hy tot sondebok verhef is, weerspieël hy self die verwarring in Suid-Afrika met sy wisselende keuses tussen geweld en intellektuele afstand, sy deelname aan die politieke werklikheid teenoor die fiksionele verwerking daarvan, sy verteenwoordigende rol binne subsisteme en dan weer sy verset daarteen. Hy bly die hegemonie uitdaag, maar laat ook by tye toe dat hy gekoöpteer of ‘omgekoop’ word. Aanvanklik wou hy hom losmaak van die rol van tradisionele intellektueel sodat hy 'n ‘organiese’ rol kan speel binne die sosiale groep waarmee hy hom ideologies vereenselwig (maar waarvan hy nooit struktureel 'n deel kan wees nie) en tog laat hy toe dat hy vereer word as ‘Afrikaanse skrywer’. Hy bly getuig van sy liefde vir sy land en sy taal, maar hy aanvaar Franse burgerskap. Hy verset hom teen kanonisering en manipulasie, maar aanvaar pryse en bly deelneem aan die Afrikaanse literêre sisteem.

Alhoewel Breytenbach binne die ‘Alternatiewe Afrikaanse Beweging’ 'n ereplek inneem (soos onder meer blyk uit die eredoktorsgraad wat die Universiteit van Wes-Kaapland aan hom toegeken het), is daar ook kritiek op hom vanuit die breë buite-parlementêre demokratiese beweging (byvoorbeeld van JODAC en die ECC). Hierdie ondersoek het nie die reaksie van swart politieke aktiviste op Breytenbach betrek nie, maar dit is heel waarskynlik dat hulle probleme met hom en sy optrede sou kon hê - met die swakplekke en weersprekings in sy ideologisering en omdat sy waarde as politieke aktivis gekompromitteer is deur die nagevolge van sy onwettige terugkeer na Suid-Afrika in 1975. Hierdie besoek en sy ‘display of amateurishness’ (Walt, 1985: 41) het immers die veiligheid van sy kontakte in Suid-Afrika op die spel geplaas en hulle blootgestel aan die ‘vindictiveness of the authorities... thereby impairing their efficacy as anti-apartheid activists’ (Lazarus, 1986: 181). Vir sommige is hy nog deel van die gehate ‘system’, onder meer ook vanweë sy posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem. Watter posisie Breytenbach se (‘literêre’) protes sal inneem binne die Suid-Afrikaanse kulturele identiteit waarvoor hy hom beywer, sal afgewag moet word. Dit is egter so dat sommige

radikale denkers sy waarde vir die bevrydingstryd meet aan sy bydrae as *skrywer* en nie aan sy direkte politieke ingrype nie.

Breytenbach self twyfel aan sy invloed binne die groep van waaruit hy skryf, maar talle reaksies toon dat daar wel aansienlike invloed op (jong) Afrikanerintellektuele van hom uitgegaan het: as digter, segsman vir ‘radikale’ intellektuele groeperings en apologeet vir bevryding en die kultuurstryd. Sy oorskryding van sisteemgrense ontlok aan die een kant heftige verset van joernalistieke herskrywers en die publiek - veral waar hy die sentrale normatiewe kodes rondom Afrikanerskap, Afrikaans en kultuur bevraagteken. Hy skep selfs 'n verleentheid vir ‘verligte’ skrywers en kritici wat hulle distansieer van sy radikale politiek. Aan die ander kant sal huidige ‘radikale’ woordvoerders rondom Afrikaans en die Afrikaanse kultuur hulle skatpligtigheid al dan nie teenoor Breytenbach nie onondersoek kan laat nie - ten spyte van kritiek wat hulle teen hom het.

Breytenbach ontlok veral drie soorte reaksies vanuit die Afrikanergemeenskap. Daar is dié wat met woede en veragting reageer op sy ‘volksvreemdheid’ en ‘verraad’. Daar is ander wat deernis en begrip het vir die skrywerintellektueel se houding jeens 'n hartelose sisteem wat hom stelselmatig uitgedryf het - iets wat hierdie groep hom selfs sy ‘politieke naïwiteit’ en deelname aan die vryheidstryd laat ‘vergewe’. En in onlangser tye is daar onder jong Afrikaner-intellektuele wat hulle beywer vir fundamentele verandering, pogings om tot 'n vergelyk te kom met die Breytenbach-erfenis.

Een ding is seker: dit was min openbare figure in Suid-Afrika beskore om 'n hele gemeenskap en literatuur tot soveel selfondersoek te dwing en van hulle ideologiese aannames rekenskap te gee. Oor sy rol en statuur in 'n postapartheid Suid-Afrika sal eers later geskryf kan word, maar die bydrae wat die ‘maer man met die groen trui’ gelewer het tot die totstandkoming daarvan, sal nie ontken kan word nie.

16 Junie 1989

Bibliografie

A. Algemene bronne

Adam, H. 1972. *Modernizing racial domination: The dynamics of South African politics*. Berkeley: University of California Press.

Adam, H en Giliomee, H. 1979. *The rise and crisis of Afrikaner power*. Kaapstad: David Philip.

Alexander, Neville. 1988. Sprake van alliansies 'blote teater'. *Die Suid-Afrikaan* (13) Feb.: 26-28.

Alexander, Y (red.). 1976. *International terrorism.. National, regional and global perspectives*. New York: Praeger.

Antonissen, Rob. 1982. Die Afrikaanse letterkunde van 1906 tot 1966. In: Nienaber, PJ (samest.). *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Perskor, pp. 35-164.

Barnard, Chris. 1973. Somerweek by die Sestigers. *Die Huisgenoot* 23 Mrt.: 87-91.

Black, Edwin R. 1982. *Politics and the news: The political functions of the mass media*. Toronto: Butterworths.

Boesak, Allan. 1983. To guard the faith... In: Coggin, Theo (red.). *Censorship*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations, pp. 55-62.

Boesak, Allan. 1987. Aparte ervarinkies te broos. *Die Suid-Afrikaan* (12) Des.: 18-19.

Bonzaier, E en Sharh, J. 1988. *South African keywords: The uses and abuses of political concepts*. Kaapstad: David Philip.

Bosch, DJ (red.). 1982. *Perspektief op die ope brief*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Botha, Elize. 1974. Prosakroniek (*Kennis van die aand*). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 14(4) Des.: 301-306.

Botha, Elize. 1980. Prosa. In: Cloete, TT (red.). *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou, pp. 319-572.

Botha, Elize en Snyman, Henning (reds.). 1986. *Program en problematiek*. Handelinge van die 1984-Stigtingskongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging. Durban: Butterworth.

Botha, Hardy. 1988. *Dakar en daarna*. Emmarentia: Taurus.

Breytenbach, Jan. 1986. *Forged in battle*. Kaapstad: Saayman & Weber.

Brink, André P. 1967. *Aspekte van die nuwe prosa*. Pretoria: Academica.

Brink, André P. 1968a. Tussen sestig en sewentig. *Kol* 1(1) Aug.: 2-5.

Brink, André P. 1968b. Antwoord aan Smit. *Kol* 1(3) Okt.-Nov.: 4-6.

Brink, André P. 1970a. *Some aspects of culture and apartheid*. Johannesburg: *Spro-cas*.

Brink, André P. 1970b. Censorship has put brake on the Sestigers. *Rand Daily Mail,* 20 Junie.

Brink, André P. 1973a. Die konteks van Sestig: Herkoms en situasie. In: Polley, J (red.). *Die Sestigers*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 15-31.

Brink, André P. 1973b. Op soek na Afrika. *Standpunte* 28(8) Des.: 1-9.

Brink, André P. 1974. *Aspekte van die nuwe drama*. Pretoria: Academica.

Brink, André P. 1976. Breyten wou van hulle ontsnap. Brink vertel van nuwe insigte. *Rapport,* 30 Mei.

Brink, André P. 1977. Maar by letterkunde het hulle nog nie uitgekom nie! *Rapport,* 7 Augustus.

Brink, André P. 1980. Die pous in die blikkasteel - Opmerkinge na aanleiding van *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig. Standpunte* 33(5) Okt.: 33-42.
Brink, André P. 1982. Die jongste tydvak: 1967-1977. In: Nienaber, PJ (samest.). *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Perskor, pp. 165-213.
Brink, André P. 1983a. *Mapmakers. Writing in a state of siege*. Londen: Faber & Faber.
Brink, André P. 1983b. Censorship and literature. In: Coggin, Theo (red.). *Censorship*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations, pp. 37-54.

Brink, André P. 1984. De? Kon? Struk? Sie? *Stet* 2(4) Sept.: 30-32.
Brink, André P. 1985a. *Waarom literatuur?* Kaapstad: Human & Rousseau.
Brink, André P. 1985b. *Literatuur in die strydperk*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Brink, André P. 1985c. Samisjdat, tamisjdat, lamisjdat. In: Malan, Charles en Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 52-67.
Brink, André P. 1987a. Ope brief aan die Staatspresident. *Stet* 4(3) Mrt.: 6-7.
Brink, André P. 1987b. Kollaborasie of subversie? *Stet* 5(1) Des.: 3-7.
Brink, André P. 1988. The Afrikaners. *National Geographic* 174(4) Okt.: 556-584.
Brink, André P. 1989a. Eng Stalinistiese program. *Vrye Weekblad,* 17 Maart.
Brink, André P. 1989b. Bedenklike ideologie. *Vrye Weekblad,* 31 Maart.
Brink, André P. 1989c. Ideologie, letterkunde en mafia. *De Kat* Apr.: 92-93.
Brink, André P. 1989d. Antwoord aan die mafia. *De Kat* Mei: 96-97.
Britz, EC; Kannemeyer, JC en Pheiffer, RH (samest.). 1978. *Skanse teen die tyd*. Kaapstad: Tafelberg.
Cachalia, Azhar. 1987. UDF moet die hand uitreik. *Die Suid-Afrikaan* (12) Des.: 15.
Cameron, Trewhella en Spies, SB. 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika. In woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Cervenka, Zdenck en Rogers, Barbara. 1978. *The nuclear axis. Secret collaboration between West Germany and South Africa*. Londen: Julian Friedmann.
Chapman, Michael (red.). 1982. *Soweto poetry*. Southern African Literature Series, no. 2. Johannesburg: McGraw-Hill.
Cloete, TT. 1974. Visie is belangriker as vorm... *Buurman* 5(1) Sept.: 37, 40.
Cloete, TT. s.d. *Versetliteratuur onder die sestiger- en sewentigerskrywers*. Ongepubliseerde ‘studiestuk’.
Cloete, TT. 1980a. Poësie. In: Cloete, TT (red.). *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou, pp. 115-317.
Cloete, TT (red.). 1980b. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou.
Cloete, TT. 1984. Voetnoot by 'n Kannemeyer-voetnoot. *Standpunte* 37(4) Aug.: 3-7.
Coetzee, Ampie (AJ). 1967. *Ritme en skandering. 'n Ondersoek na ritmiese sisteme in uitgesoekte Afrikaanse gedigte*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, UW.
Coetzee, Ampie. 1973. Die poësie van die Sestigers. In: Polley, J (red.). *Die Sestigers*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 50-78.
Coetzee, Ampie. 1976. *Poësie en politiek. 'n Voorlopige verkenning van betrokkenheid in die Afrikaanse poësie*. Johannesburg: Ravan.
Coetzee, Ampie. 1978. Selfgeheiligde banalisering? Hoor wie praat! *Inspan* 1(2) Okt.: 65-66.
Coetzee, Ampie. 1980. Kommentaar: Literêre meriete en moraliteit. *The Bloody Horse* (2) Nov./Des.: 3-5.
Coetzee, Ampie. 1984. *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde*. Kasselsvlei: Kampen.
Coetzee, Ampie. 1986. Ideologie, letterkunde, literêre kritiek. In: Botha, Elize en Snyman, Henning (reds.). *Program en problematiek*. Durban: Butterworth, pp. 3-10.
Coetzee, C. 1987. Reaksie op André P Brink se ‘Ope brief’. *Stet* 5(1) Des.: 3.

Coggin, Theo (red.). 1983. *Censorship: A study of censorship in South Africa by five distinguished authors*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
Cohen, S. 1972. *Folk devils and moral panics: The creation of the mods and rockers*. Londen: McGibbon & Co.
Cornwell, Gareth. 1982. Censorship. In: Galloway, Francis (samest.). *SA Literature/Literatuur 1980*. Johannesburg: Ad. Donker, pp. 79-83.
Cornwell, Gareth. 1985. Censorship. In: Galloway, Francis (samest.). *SA Literature/Literatuur 1982*. Johannesburg: Ad. Donker, pp. 94-101.

Cornwell, Gareth. 1986a. Literary debate and polemics. In: Galloway, Francis (samest.). *SA Literature/Literatuur 1983*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 41-45.
Cornwell, Gareth. 1986b. Censorship. In: Galloway, Francis (samest.). *SA Literature/Literatuur 1983*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 46-51.
Davies, Robert; O'Meara, Dan en Dlamini, Sipho. 1984a. *The struggle for South Africa*. Band 1. Londen: Zed.
Davies, Robert e.a. 1984b. *The struggle for South Africa*. Band 2. Londen: Zed.
Degenaar, JJ. 1976. *Moraliteit en politiek*. Kaapstad: Tafelberg.
Degenaar, JJ. 1978. *Afrikaner nationalism*. Kaapstad: Centre for Intergroup Studies, UK.
Degenaar, JJ. 1980. *Voortbestaan in geregtigheid*. Kaapstad: Tafelberg.
Degenaar, JJ. 1982. *Keuse vir die Afrikaner*. Emmarentia: Taurus.
Degenaar, JJ. 1984. Ontkoppeling van Afrikanerkultuur en politieke mag. *Stet* 2(3) Jun.: 25.
Degenaar, JJ. 1987. Afrikaans, die taal van bevryding. In: Du Plessis, Hans en Du Plessis, Theo (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria: HAUM Opvoedkundig, pp. 205-209.
De Jong, Marianne. 1984. De? Kon? Struk? Sie? *Stet* 2(4) Sept.: 32-33.
De Jong, Marianne. 1986. Eurosentrisme en 'n nuwe orde? *Stet* 4(1 & 2) Mei: 5-6.
De Jong, Marianne. 1987a. Kritiek as staatsteater. *Stet* 4(3) Mrt.: 21-25.
De Jong, Marianne. 1987b. Reaksie op Dan Roodt se ‘Repliek aan die SA literêre polisie’. *Stet* 4(4) Aug.: 3-4.
De Jong, Marianne. 1987c. *Louoond:* Libido as politiek. *Stet* 5(1) Des.: 15-19.
De Jong, Marianne. 1988. Die diskoers as ideologiese eenheid of ook: Wat het die Afrikaanse literatuur met konfytblikchemie te doen? *Stet* 5(2) Apr.: 8-9.
De Jong, Marianne. 1989a. Bedenkinge oor Brink-opstelle. *Die Suid-Afrikaan* (19) Feb.: 39, 41.
De Jong, Marianne. 1989b. Debat sonder onderwerp. *De Kat* Jun.: 4.
De Klerk, WA; Versfeld, M en Degenaar, JJ. 1969. *Beweging uitwaarts*. Kaapstad: John Malherbe.
De Klerk, WA. 1976. *The puritans in Africa. A story of Afrikanerdom*. Manchester: Pelican.
De Klerk, WA. 1979. *Tyd van vernuwing. Opstelle oor tyd en samelewing*. Kaapstad: Tafelberg.
De Klerk, Willem. 1983. The press and political change in South Africa. In: Van Vuuren, DJ (red.). *Change in South Africa*. Durban: Butterworth, pp. 334-344.
De Klerk, Willem. 1984. *Die tweede (r)evolusie*. Johannesburg: Jonathan Ball.
De Klerk, Willem. 1989. Word die Afrikaners nou liberaliste? *Die Suid-Afrikaan* (19) Feb.: 29-30.
Deudney, E. 1979. *Betrokkenheid as literêre perspektief*. Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif, RAU.
De Villiers, Etienne en Kinghorn, Johann. 1984. *Op die skaal: Gemengde huwelike en ontug*. Kaapstad: Tafelberg.
De Villiers, HHW. 1964. *Rivonia - Operation Mayibuye*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
De Villiers, Riaan. 1986. Die Gilde vergader in Namibië. *Die Suid-Afrikaan* (8) Winter: 50-51.
D'Oliveira, John. 1977. *Vorster - die mens*. Johannesburg: Perskor.
Dreyer, KL. 1980. *'n Sosiologiese ontleding van die sosiaal-strukturele rol van die Afrikaanse skrywer*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA.

Dreyer, PS (red.). 1977. *Afrikaner-liberalisme*. Arcadia: Boekenhout.
Du Plessis, Theo. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
Du Plessis, Theo. 1987. Eietydse ideologiese groepering en die manipulasie van Afrikaans: 3 gevallestudies. In: Du Plessis, Hans en Du Plessis, Theo (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria: HAUM Opvoedkundig, pp. 99-121.
Du Plessis, Hans en Du Plessis, Theo (reds.) 1987. *Afrikaans en taalpolitiek. 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundig.

Du Plessis, W en Olivier, NJJ. 1987. Persvryheid - quo vadis? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(2) Jun.: 121-132.
Du Preez, JM. 1983. *Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-Afrikaanse skoolhandboeke*. Alberton: Librarius.
Du Randt, WSH. 1973a. Die ontluisteringstendens in die Afrikaanse literatuur (1): Kuns of duiwelskuns? *Standpunte* 26(4) Apr.: 10-20.
Du Randt, WSH. 1973b. Die ontluisteringstendens in die Afrikaanse literatuur (2): Deur glasholtes van 'n perd se oog. *Standpunte* 26(5) Jun.: 21-28.
Du Randt, WSH. 1975. Die digter as anti-digter. In: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Studies oor die Afrikaanse letterkunde 1875-1975*. Johannesburg: Perskor, pp. 13-34.
Du Randt, WSH. 1977. *Deur grens en tyd. 'n Werkboek vir die Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. (Leersisteme vir die onderwys 1). Pretoria: Opvoedkundige en inligtingsisteme.
Du Toit, André. 1975. Ideological change, Afrikaner nationalism and pragmatic racial domination in South Africa. In: Thompson, L. en Butler, J (reds.). *Change in contemporary South Africa*. Berkeley: University of California Press, pp. 19-50.
Du Toit, André. 1983. *Die sondes van die vaders*. Kaapstad: Rubicon.
Du Toit, André. 1987. Die verkiesing, hervorming en die verligtes se swanesang. *Die Suid-Afrikaan* (10) Herfs: 6-11.
Esterhuyse, Jan. 1986. *Taalapartheid & skoolafrikaans*. Emmarentia: Taurus.
Esterhuyse, WP. 1979. *Afskeid van apartheid: Opstelle oor rassediskriminasie*. Kaapstad: Tafelberg.
Friedman, S. 1983. *The narrow margin. How black and white South Africans view change*. Kaapstad: David Philip.
Galloway, Francis (samest.). 1982. *SA Literature/Literatuur 1980*. Johannesburg: Ad. Donker.
Galloway, Francis (samest.). 1983. *SA Literature/Literatuur 1981*. Johannesburg: Ad. Donker.
Galloway, Francis (samest.). 1985. *SA Literature/Literatuur 1982*. Johannesburg: Ad. Donker.
Galloway, Francis (samest.). 1987. *SA Literature/Literatuur 1983*. Pretoria: HAUM-Literêr.
Galloway, Francis (samest.). 1989. *SA Literature/Literatuur 1984*. Pretoria: HAUM-Literêr.
Gawie. 1984. Die nuwe radikales onder Afrikaners. *Die Afrikaner,* 7 November.
Geldenhu□s, PB. 1977. *Pornografie, sensuur en reg*. Johannesburg: Lex Patria.
Gerhart, GM. 1978. *Black power in South Africa: The evolution of an ideology*. Berkeley: University of California Press.
Gerwel, GJ. 1976. Afrikaner, Afrikaans, Afrika. In: Malan, Charles en Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 40-51.
Gerwel, GJ. 1982. Afrikaans - 'n toekomsperspektief. In: Malan, Charles en Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 189-194.
Gerwel, GJ. 1984. *The politics of language and literary studies*. Intreerede. Reeks A (52). Bellville: UWK.
Giliomee, H. 1981. Afrikanermag: Van volksbeweging tot staatsbestel. In: Giliomee, H en Adam, H. *Afrikanermag. Opkoms en toekoms*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers, pp. 164-227.

Giliomee, H en Adam, H. 1981. *Afrikanermag. Opkoms en toekoms*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.
Giliomee, H. 1982. *The parting of the ways: South African politics 1976-82*. Kaapstad: David Philip.
Giliomee, H. 1988. Nasionalisme kan nie misken word nie. *Die Suid-Afrikaan* (13) Feb.: 22-23.
Goosen, Jeanne. 1987. Behoeftes van die burgerlikes. *Die Suid-Afrikaan* (11) Sept.: 36-37.
Gramsci, Antonio. 1981. *Selections from the prison notebooks*. Londen: Lawrence & Wishart.
Greenberg, S. 1980. *Race and state in capitalist development: South Africa in comparative perspective*. Johannesburg: Ravan.

Grobler, Hilda. 1986. Ideologie, sensuur en letterkunde. In: Botha, Elize en Snyman, Henning (reds.). *Program en problematiek*. Durban: Butterworth, pp. 20-41.
Grové, AP. 1957/1978. Die towenaar in die fles. In: Grové, AP. *Fyn net van die woord*. Goodwood: Nasou, pp. 90-100.
Grové, AP. 1967. Tendense in die hedendaagse Afrikaanse poësie. *Standpunte* 20 (5) Jun.: 12-23.
Grové, AP. 1975. Afrikaans en die poësie. *Handhaaf* Apr.: 18-24.
Grové, AP. 1978. Die literatuur en die gemeenskap. In: Grové, AP. *Dagsoom,* Kaapstad: Tafelberg, pp. 141-149.
Grové, AP. 1980. Inleiding tot die literatuur van Sestig. In: Cloete: TT (red.). *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou, pp. 1-26.
Hachter, WA en Giffard, CA. 1984. *The press and apartheid. Repression and propaganda in South Africa*. Wisconsin: The University of Wisconsin Press.
Hambidge, Joan. 1984. De? Kon? Struk? Sie? *Stet* 2(4) Sept.: 33-34.
Hambidge, Joan. 1985. De? Kon? Struk? Sie? *Stet* 3(1) Feb.: 30-31.
Hambidge, Joan. 1986. Reaksie op Dan Roodt se 'Waarom *Standpunte* geboikot moet word'. *Stet* 4(1 & 2) Mei: 3-5.
Hambidge, Joan. 1989. Olivier speel Pilatus. *Vrye Weekblad,* 14 April.
Hugo, DJ. 1983. Oor die stand van die literêre kritiek. *Standpunte* 36(5) Okt.: 15-17.
Hugo, DJ. 1984. Woord en geweld by André P Brink. *Standpunte* 37(3) Jun.: 34-38.
Hugo, DJ. 1987. Die Afrikaanse Skrywersgilde en sensuur - 'n persoonlike beskouing. *Tydskrif vir Letterkunde* 23(3) Aug.: 71-72.
Hugo, P en Kotzé, H. 1983. *Suid-Afrika: Oorlewing en politieke perspektief*. Johannesburg: Jonathan Ball.
Human, Koos. 1984. Etienne Leroux in gesprek met Koos Human by geleentheid van die 25ste bestaansjaar van Human & Rousseau Uitgewers. *Tydskrif vir Letterkunde* 22(4) Nov.: 52-62.
International Commission of Jurists (red.). 1975. *The trial of Beyers Naudé. Christian witness and the rule of law*. Londen: Search.
Johl, Ronèl. 1985. Gespreksforum vir die literatuurkritiek? *Spits* 1(1) Mei: 18-27.
Johl, Ronèl. 1986. *Kritiek in krisis: Vryheid vir die teks*. Durban: Butterworth.
Johl, Ronèl. 1987a. 'n Strewe na sintese: Die sisteembenadering en die nuwe paradigma. In: Van Rensburg, FIJ (projekleier). *Die 'monitor' en toetsing van nuwe literêre teorieë*. Johannesburg: RAU, pp. 167-278.
Johl, Ronèl. 1987b. Die gees van Louw as teiken: Gedagtes oor die 'oop gesprek' in die tagtigerjare. *Spits* Huldigingsuitgawe: 67-85.
Johl, Ronèl. 1987c. Gedagtes oor volk en kritiek in die tagtigerjare. *Spits* 3(1) Jul.: 32-45.
John, Philip. 1987a. Brief. *Stet* 4(3) Mrt.: 3.
John, Philip. 1987b. Watter kleur ink gebruik die RGN? *Stet* 4(4) Aug.: 6-10.
Johnson, RW. 1977. *How long will South Africa survive?* Johannesburg: Macmillan.
Joubert, D. 1974. *Met iemand van 'n ander kleur. Beskouings en wetgewing oor ontug*. (*Brandpunte* 6). Kaapstad: Tafelberg.
Kannemeyer, JC. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Band 2. Pretoria: Academica.
Kannemeyer, JC. 1986. *DJ Opperman. 'n Biografie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kannemeyer, JC. 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987*. Pretoria: Academica.
Klopper, HB. 1987. *Strauss, Strydom & Van der Walt. Mediareg*. Pretoria: JL van Schaik.
Kommissie van Ondersoek na die Bevordering van die Skeppende Kunste. 1984. Verslag. Pretoria: Staatsdrukker.
Kotzé, HJ en Van Wyk, JJ. 1980. *Basiese konsepte in die politiek*. Isando: McGraw-Hill.
Krause, Otto. 1964. *Die Burger*. Puzzling paradox of rebellious loyalty. *News/Check,* 13 Maart.

Krige, Uys. 1962. *Eluard en die surrealisme*. Kaapstad: HAUM.
Leatt, J; Kneifel, T en Nürnberger, K. 1986. *Contending ideologies in South Africa*. Kaapstad: David Philip.
Liebenberg, Wilhelm. 1984. De? Kon? Struk? Sie? *Stet* 2(4) Sept.: 35-36.
Liebenberg, Wilhelm. 1985. De? Kon? Struk? Sie? *Stet* 3(1) Feb.: 31-33.
Liebenberg, Wilhelm. 1987. Brief. *Stet* 4(4) Aug.: 2.
Liebenberg, Wilhelm. 1989a. Brink word gedaag... *Vrye Weekblad,* 23 Maart.
Liebenberg, Wilhelm. 1989b. Wat pla Brink? *Vrye Weekblad,* 7 April.
Liebenberg, Wilhelm. 1989c. Wie word verdink? *De Kat* Mei: 95.
Liebenberg, Wilhelm. 1989d. Skrywer en werklikheid. *De Kat* Jun.: 4-5.
Lijphart, GC (Truida). 1978. 'n Hoogs (im)morele boek. In: Britz, EC; Kannemeyer, JC en Pheiffer, RH. (samest.). *Skanse teen die tyd*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 42-56.
Lijphart, GC. 1983. *Waarde-oordele oor literêre tekste by Afrikaanse lesers 1963-1974*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, UW.
Lindenberg, Anita. 1975. *'n Kentering in die Afrikaanse prosa rondom 1960: Mite-ontginning en vertelpatrone by Etienne Leroux en Dolf van Niekerk*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, UW.
Lodge, Tom. 1983. *Black politics in South Africa since 1945*. Johannesburg: Ravan.
Louw, Chris. 1987. SA pers oopgevlek. *Die Suid-Afrikaan* (11) Sept.: 26-29.
Louw, Chris. 1988. ‘Alternatiewe Afrikaans’: Woelinge rondom lastige kwessies. *Die Suid-Afrikaan* (15) Jun./Jul.: 19-25.
Louw, Chris. 1989. Afrikaanse koerante in 'n noodtoestand - Nuwe redakteurs, nuwe perspektiewe. *Die Suid-Afrikaan* (19) Feb.: 18-21.
Louw, NP van Wyk. 1939. *Lojale verset. Kritiese gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging*. Kaapstad: Nasionale Pers.
Louw, NP van Wyk. 1958. *Liberale nasionalisme. Gedagtes oor die nasionalisme, liberalisme en tradisie vir Suid-Afrikaners met 'n kulturele nadrup*. Kaapstad: Nasionale Pers.
Louw, NP van Wyk. 1961. *Vernuwing in die prosa*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Louw, NP van Wyk. 1964. Inleiding. In: Aucamp, Hennie e.a. *Windroos*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, pp. i-x.
Louw, P Eric. 1983. The English and Afrikaans press in South Africa: One press or two? *Communicatio* 9(2): 14-16.
Louw, P Eric. 1984. The libertarian theory of the press: How appropriate in the South African context? *Communicatio* 10(7): 31-37.
Louw, P Eric. 1985. ‘Consensus journalism’: A critique with reference to the dialectical paradigm. *Communicatio* 11(1): 60-63.
Louw, PP. 1973. Sestigers: A post-mortem. *Bolt* (9) Okt.: 19-35.
Louw-Potgieter, Johan. 1988. *Afrikaner dissidents: A social psychological study of identity and dissent*. Cleveland: Multilingual Matters.
Ludi, Gerard en Grobbelaar, Blaar. 1966. *Die verbasende Bram Fischer*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
Malan, Charles. 1972. *Aspekte van die lewensproblematiek in die Sestigerprosa*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS.
Malan, Charles. 1977. Polarisasie as literêr-sosiologiese fenomeen. *Donga* (4) Feb.: 2.
Malan, Charles (red.). 1983. *Letterkunde en leser*. Pretoria: Butterworth.

Malan, Charles. 1986a. André P Brink en ideologie. Uit die ‘ivoren toren’ na die strydperk. *Standpunte* 39(1) Feb.: 12-19.
Malan, Charles. 1986b. Manipuleerders van die kanon: Skape in wolfsklere? Ongepubliseerde referaat. 1986-Hoofkongres, ALV.
Malan, Charles. 1987a. Introduction: Race and the writer/Inleiding: Ras en die skrywer. In: Malan, Charles (red.). *Race and literature/Ras en literatuur*. Durban: Owen Burgess, pp. 2-25.

Malan, Charles (red.). 1987b. *Race and literature/Ras en literatuur*. Durban: Owen Burgess.
Malan, Charles. 1988. Bobbejaan klim die berg... Wie is wie in die Afrikaanse letterkunde? *Insig* Sept.: 46-49.
Malan, Charles en Smit, Bartho (reds.). 1985. *Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr.
Maree, Johann. 1985. Swart vakbonde: Kampvegter vir demokrasie. *Die Suid-Afrikaan* (2) Somer: 20-22.
Marais, HC (red.). 1988. *Suid-Afrika: Perspektiewe op die toekoms*. Durban: Owen Burgess.
Martin, Marilyn. 1988a. Die kuns en ons gewete. *De Kat* Feb.: 86-89.
Martin, Marilyn. 1988b. Blind vir die kunste. *De Kat* Jul.: 82-85.
Massyn, Peter John. 1986a. *Truth and transgression. Stet* 3(3&4) Feb.: 20-21.
Massyn, Peter John. 1986b. De? Kon? Struk? Sie? *Stet* 3(3&4) Feb.: 74.
Meij, JCP. 1983. *'n Ondersoek na die invloed van wêreldbeskoulike elemente in die prosastrukture van Sestig*. Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif, UP.
Miles, John. 1979. Afrikaans: Sy gebruikers en manipuleerders. In: Malan, Charles en Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 95-105.
Mischke, Anne-Marie. 1989. Partystigting. Die politiek van die jintelman... kan doodsteek vir linkses se DP wees. *Rapport,* 12 Februarie.
Moodie, T Dunbar. 1975. *The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid and the Afrikaner civil religion*. Berkeley: University of California Press.
Morris, M. 1974. *Armed conflict in Southern Africa*. Kaapstad: Jeremy Spence.
Muller, CFJ (red.). 1975. *500 Years. A history of South Africa*. Pretoria: Academica.
Muller, Johan; Tomaselli, Keyan en Tomaselli, Ruth. 1985. Ideologie, kultuur en hegemonie: Toerusting vir media-ontleding. *Communicatio* 11(2): 51-60.
Ndebele, Njabulo S. 1987. Against pamphleteering the future. *Stet* 5(1) Des.: 8-11.
Nel, PG (red.). 1979. *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*. Pretoria: HAUM.
Nel. PG (red.). 1981. *Afrikanerkultuur: Fondament en vergesig*. Silverton: Promedia.
Nienaber, PJ. 1965. *Die Hertzogprys vyftig jaar*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
Nienaber, PJ (voorsitter). 1968. *Die Verwoerdprys vir vaderlandsletterkunde*. 'n Ongepubliseerde verslag.
Nienaber, PJ (samest.). 1982. *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Perskor.
Olivier, Gerrit. 1983. Aantekeninge oor fiksie, waarheid en *Kennis van die aand. Stet* 1(4) Aug.: 10-16.
Olivier, Gerrit. 1984a. Resensiekunne I. *Stet* 2(2) Apr.: 30.
Olivier, Gerrit. 1984b. Resensiekunne II. *Stet* 2(3) Jun.
Olivier, Gerrit. 1984c. De? Kon? Struk? Sie? *Stet* 2(4) Sept.: 36-38.
Olivier, Gerrit. (onderhoudvoerder). 1985. *Praat met die ANC*. Emmarentia: Taurus.
Olivier, Gerrit. 1986. In diens van 'n volk (NP van Wyk Louw). *Beeld,* 11 Junie.
Olivier, Gerrit. 1987. 1986: Die Afrikaanse literatuur. *Stet* 4(3) Mrt.: 7-10.
Olivier, Gerrit. 1989a. Debatte eerder as paranoïese reaksie. *Vrye Weekblad,* 10 Maart.
Olivier, Gerrit. 1989b. Wie's die ‘mislukte skrywer’? *Vrye Weekblad,* 31 Maart.
Olivier, Gerrit. 1989c. Oorweeg dié moontlikheid. *Vrye Weekblad,* 7 April.

Olivier, Gerrit. 1989d. Nogmaals die Rapportprys. *De Kat* Apr.: 91.
O'Meara, D. 1977. The Afrikaner Broederbond 1927-1948. Class vanguard of Afrikaner nationalism. *Journal of Southern African Studies* (3): 157-186.
O'Meara, D. 1983. *Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*. Johannesburg: Ravan.
Opperman, DJ. 1977. *Verspreide opstelle*. Kaapstad: Human & Rousseau.
OP Stoker. 1984. Sonde op Sondag oftewel: Die volledigheid van *Rapport. Stet* 2(4) Sept.: 39-40.

Oversteegen, JJ. 1982. *Beperkingen. Methodologische recepten en andere vooronderstellingen en vooroordelen in de moderne literatuurwetenschap*. Utrecht: Hes.
Pienaar, Schalk. 1979. *Getuie van groot tye*. Kaapstad: Tafelberg.
Pieterse, Petra. 1988. Einde van die Rapportprys. *De Kat* Jun.: 24-26.
Pieterse, Petra; Bruwer, Johan en Van Zyl, Irna. 1988. Uit die perd se bek - Oor die Rapportprys. *De Kat* Jun.: 27-30.
Polley, J (red.). 1973. *Die Sestigers. Verslag van die simposium oor die Sestigers*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Potter, Elaine. 1975. *The press and opposition. The political role of South African newspapers*. Londen: Chatto & Windrus.
Pretorius, Réna. 1984. 'Vrees dat die wonderboom sal... val?' In: Prinsloo, KP en Van Rensburg, MCJ. *Afrikaans: Stand, taak en toekoms*. Pretoria: HAUM-Opvoedkundig, pp. 59-83.
Prinsloo, KP. 1984. Stand van die Afrikaanse taal: Tans en in die toekoms. In: Prinsloo, KP en Van Rensburg, MCJ (reds.). *Afrikaans: Stand, taak en toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundig, pp. 93-105.
Prinsloo, KP. 1987a. Afrikaans in oorgang. In: Du Plessis, Hans en Du Plessis, Theo (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria: HAUM Opvoedkundig, pp. 177-185.
Prinsloo, KP. 1987b. 'n Taalplan vir Suid-Afrika? *Insig* Sept.: 24-25.
Prinsloo, KP en Van Rensburg, MCJ (reds.). 1984. *Afrikaans: Stand, taak en toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundig.
Prinsloo, KP en Malan, Charles. 1988. Kulture in kontak: Die taalterrein in Suid-Afrika. In: Marais, HC (red.). *Suid-Afrika: Perspektiewe op die toekoms*. Durban: Owen Burgess, pp. 279-291.
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1984. *Voorstelle in verband met die bevordering van die skeppende kunste in Suid-Afrika*. Memoranda opgestel deur die kunstesentra van die RGN. Pretoria: RGN.
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 1985. *Die Suid-Afrikaanse samelewing: Werklikhede en toekomsmoontlikhede*. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondesoek na Tussengroepverhoudinge. Pretoria: RGN.
Randall, P. 1982. *Not without honour: A tribute to Beyers Naudé*. Johannesburg: Ravan.
Rhoodie, NJ. 1966. *Apartheid en partnership*. Kaapstad: Academica.
Rhoodie, NJ. 1988. Hervorming: Die pad na 'n demokratiese sosiaal-politieke orde in Suid-Afrika. In: Marais, HC (red.). *Suid-Afrika: Perspektiewe op die toekoms*. Durban: Owen Burgess, pp. 189-227.
Richard, Dirk. 1985. *Moedswillig die uwe*. Johannesburg: Perskor.
Robinson, A. 1971. *Aspekte van die poësievernuwing in Afrikaans na 1950*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO.
Roodt, Dan. 1985. Oor AFRengels en Franglais. *Stet* 3(2) Jun.: 36-37.
Roodt, Dan. 1986a. Waarom *Standpunte* geboikot moet word. *Stet* 3(3&4) Feb.: 4-5.
Roodt, Dan. 1986b. Resensie van die eerste uitgawe van RAU se *Spits. Stet* 3(3&4) Feb.: 51-52.
Roodt, Dan. 1987. Repliek aan die SA literêre polisie. *Stet* 4(3) Mrt.: 4-6.
Roodt, PH. 1989. Die Rapportprys: Vraaggesprek met Hennie Aucamp, André P Brink, Charles Malan en JP Smuts. *Stilet* 1(1) Jan.: 109-119.
Roos, Henriette. 1985. Gonsgroepe en glasbrekers. *Stet* 3(1) Feb.: 27-28.

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1985. *Akademie 75*. Pretoria: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.
SAIRR (South African Institute of Race Relations). 1966. *A survey of race relations in South Africa 1965*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

SAIRR. 1968. *A survey of race relations in South Africa 1967*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1969. *A survey of race relations in South Africa 1968*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1970. *A survey of race relations in South Africa 1969*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1976. *A survey of race relations in South Africa 1975*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1977. *A survey of race relations in South Africa 1976*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1978. *A survey of race relations in South Africa 1977*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1984. *A survey of race relations in South Africa 1983*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1985. *Race relations survey 1984*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1986. *Race relations survey 1985*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SAIRR. 1987. *Race relations survey 1986*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
SARS (Southern African Research Service). 1983. *South African Review 1: Same foundations, new facades?* Johannesburg: Ravan.
SARS. 1984. *South African Review 2*. Johannesburg: Ravan.
SARS. 1985. *South African Review 3*. Johannesburg: Ravan.
SARS. 1987. *South African Review 4*. Johannesburg: Ravan.
Schoeman, BM. 1974. *Vorster se 1000 dae*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Scholtz, GD. 1977. Liberalisme in die perswese. In: Dreyer, PS. *Afrikaner-liberalisme*. Arcadia: Boekenhout, pp. 53-70.
Scholtz, H van der Merwe. 1977. Bitter vinnig leer eerder as verwyte. *Rapport,* 24 Julie.
Scholtz, H van der Merwe. 1983. André P. Brink: *Looking on darkness* - a novel. *Standpunte* 36 (2) Apr.: 40-46.
Senekal, Jan (JH). 1983. 'n Tentatiewe raamwerk vir die eksplisitering van literatuuropvattings. In: Sinclair, AJL(red.). *GS Nienaber - 'n huldeblyk*. Belville: UWK, pp. 485-490.
Senekal, Jan. 1984. Afrikaans: 'n Toekomsblik. In: Prinsloo, KP en Van Rensburg, MCJ (reds.). *Afrikaans: Stand, taak en toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundig, pp. 212-228.
Senekal, Jan. 1985. Die Afrikaanse letterkunde binne die literatuursisteem. *Handhaaf* 22(5) Jun.: 20-22.
Senekal, Jan. 1986a. *Die siening van en deelname aan die Afrikaanse literatuursisteem*. Verslag van 'n empiriese ondersoek in samewerking met die RGN. Bloemfontein: UOVS.
Senekal, Jan (red.). 1986b. *Teks. Leser. Konteks*. Johannesburg: Perskor.
Senekal, Jan. 1987. *Literatuuropvattings: 'Wese' en 'waarhede' van 'n nuwe literêre teorie. Acta Academica* Reeks C(12): 1-211.
Senekal, Jan (red.). 1988. *Donker weerlig. Literêre opstelle oor die werk van André P Brink*. Kenwyn: Jutalit.
Senekal, Jan. 1989. 'Gewone leser' maak beswaar teen resensie. *Die Suid-Afrikaan* (29) Apr.: 5.
Serfontein, JHP. 1970. *Die verkrampte aanslag*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Serfontein, JHP. 1982. *Apartheid, change and the NG Kerk*. Emmarentia: Taurus.
Silver, Louise. 1979. The statistics of censorship. *SALJ* (96): 120-126.
Simkins, Charles. 1988. Voorhoede of doodloopstraat? *Die Suid-Afrikaan* (13) Feb.: 28-29.

Slabber, Coenie. 1989a. Venynige twis in letterkunde. *Rapport,* 2 April.
Slabber, Coenie. 1989b. Wat is 'n Marxistiese benadering tot die letterkunde? *Rapport,* 23 April.
Slabber, Coenie. 1989c. En toe wen die gesprek die ronde op Potch... Literatuurwetenskaplikes sit vas oor vele teorieë en ideologieë. *Rapport,* 23 April.
Slabbert, F Van Zyl. 1975. Afrikaner nationalism, white politics and political change in South Africa. In: Thompson, L en Butler, J (reds.). *Change in contemporary South Africa*. Berkeley: University of California Press, pp. 3-18.
Slabbert, F Van Zyl. 1985. *The last white parliament*. Johannesburg: Jonathan Ball.
Slabbert, F van Zyl. 1987. Middele en doelstellings. *Die Suid-Afrikaan* (12) Des.: 16-17.
Slabbert, F van Zyl en Welsh, D. 1979. *South Africa's options: Strategies of sharing power*. Kaapstad: David Philip.
Small, Adam. 1968. Kol-kol oor vier se gesprek 'n vyfde. *Kol* 1(2) Sept./Okt.: 9-13.
Smit, Bartho. 1964a. Die krisis van ons werklikheidsbeeld in drama en epiek. *Sestiger* 1(3) Mei: 44-56.
Smit, Bartho. 1964b. Die krisis van ons werklikheidsbeeld in drama en epiek. *Sestiger* 1(4) Aug.: 60-67.
Smit, Bartho. 1964c. Die krisis van ons werklikheidsbeeld in drama en epiek. *Sestiger* 2(1) Nov.: 54-63.
Smit, Bartho. 1965. Die krisis van ons werklikheidsbeeld in drama en epiek. *Sestiger* 2(2) Feb.: 55-66.
Smit, Bartho. 1968. André P Brink tussen sestig en sewentig. *Kol* 1(1) Aug.: 5-8.
Smit, Bartho. 1974. *Losgoed*. Johannesburg: Perskor.
Smith, Julian F. 1985. Die Hertzogprys anders as alle ander pryse heilig. *Stet* 3(2) Jun.: 26-28.
Smith, Julian F; Van Gensen, Alwyn en Willemse, Hein (reds.). 1985. *Swart Afrikaanse skrywers*. Verslag van 'n Simposium. Bellville: UWK.
Snyman, NJ. 1969. *Misvattinge oor die literatuur in Afrikaans soos weerspieël in vier polemieke - 'n historiese oorsig*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP.
Sole, Kelvyn. 1983. Culture, politics and the black writer: A critical look at prevailing assumptions. *English in Africa* 10(1) Mei: 37-84.
Sole, Kelvyn. 1987. Oral performance and social struggle in contemporary black South African literature. *Tri Quarterly* (69) Spring/Summer: 254-271.
Spangenberg, DF. 1973. *Die nie-metriese vers in Afrikaans*. Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif, US.
Steenberg, DH. 1972. *Sestigerproblematiek: Aanleiding tot 'n Christelike literatuurbeskouing en kritiek*. D. Litt.-proefskrif, PU vir CHO.
Steenberg, DH (samest.). 1977. *Rondom Sestig. Perspektiewe op die nuwer Afrikaanse prosa*. Pretoria: HAUM.
Steenkamp, Conrad en Massyn, Peter John. 1988. *Stet* en die struggle. *Stet* 5(3) Nov.: 2-3.
Sterling, C. 1981. *The terror network - the secret war of international terrorism*. Londen: Weidenfeld & Nicolson.
Steyn, JC. 1973. Nasionalisme en patriotisme: Is daar 'n verskil? *Buurman* 4(2) Des.: 4-7, 12.

Steyn, JC. 1974a. Kan Afrikaans en die Afrikaner verdwyn? *Buurman* 4(3) Mrt.: 4-8.
Steyn, JC. 1974b. Brief. *Buurman* 4(4) Jun.: 35.
Steyn, JC. 1980. *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
Steyn, JC. 1986a. *Nasionalisme en die politisering van taal en kultuur in die dertigerjare*. DF Malherbe-gedenklesing nr. 5. Bloemfontein: UOVS.
Steyn, JC. 1986b. 'n Paar aantekeninge oor taalbewegings. *SA Tydskrif vir Taalkunde* 4(4): 146-168.

Steyn, JC. 1987a. *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikaner-nasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938*. Kaapstad: Tafelberg.
Steyn, JC. 1987b. Afrikaans kwyn onder privatisering. *Insig* Okt.: 12-15.
Steyn, MJ (voors.). 1981. *Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Massamedia*. Band 1-3. Pretoria: Staatsdrukker.
Strydom, L. 1965. *Rivonia unmasked!* Johannesburg: Voortrekkerpers.
Sutner, R en Cronin, Jeremy. 1986. *30 Years of the Freedom Charter*. Johannesburg: Ravan.
Thompson, Leonard en Butler, Jeffrey (reds.). 1975. *Change in contemporary South Africa*. Berkeley: University of California Press.
Tofolli, Hilary Prendini. 1989. Not the Alternative Afrikaners. *Style* Feb.: 36-45.
Tomaselli, Keyan en Tomaselli, Ruth. 1981. Ideology/culture/hegemony and mass media in South Africa: A literature study. *Critical Arts* 2(2): 1-26.
Tomaselli, Keyan; Tomaselli, Ruth en Muller, Johan. 1987. *Narrating the crisis. Hegemony and the South African press*. Johannesburg: Richard Lyon & Co.
Tomaselli, Keyan. 1988. Die ‘duiwel van verwoesting’. *Die Suid-Afrikaan* (13) Feb.: 36-37.
Treurnicht, AP. 1975. *Credo van 'n Afrikaner*. Kaapstad: Tafelberg.
Van der Colf, AP. 1980. *Poësie en godsdiens*. Johannesburg: Perskor.
Van der Heever, Randall. 1988. *Tree na vryheid*. Kasselsvlei: Kaaplandse Professionele Onderwysunie.
Van der Merwe, PP. 1983. Leser, letterkunde en sensuur. In: Malan, Charles (red.). *Letterkunde en leser*. Durban: Butterworth, pp. 153-170.
Van der Ross, RE. 1986. *The rise and decline of apartheid. A study of political movements among the coloured people of South Africa, 1880-1985*. Kaapstad: Tafelberg.
Van der Vyver, Johan. 1983. General aspects of the South African censorship. In: Coggin, Theo (red.). *Censorship*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations, pp. 9-36.
Van Heerden, Ernst. 1969. *Nasionalisme en literatuur*. Intreerede. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
Van Jaarsveld, FA. 1971. *Van Van Riebeeck tot Verwoerd. 1652-1966*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
Van Jaarsveld, FA. 1975. *Van Van Riebeeck tot Vorster. 1652-1974*. Johannesburg: Perskor.
Van Jaarsveld, FA. 1978. *Omsingelde Afrikanerdom: Opstelle oor die toestand van ons tyd*. Pretoria: HAUM.
Van Jaarsveld, FA. 1981. *Wie en wat is die Afrikaner?* Kaapstad: Tafelberg.
Van Jaarsveld, FA. 1982. *Van Van Riebeeck tot PW Botha. 1652-1978*. Johannesburg: Perskor.
Van Niekerk, Marlene; Jansen, Ena en Odendaal, Welma. 1989. Taal en strydkongres. Breë toerisme van opinies. *Die Suid-Afrikaan* (21) Jun./Jul.: 38-39, 42.
Van Rensburg, FIJ. 1985. Die primaat van die teks. Die teks as kommunikasiespil. *Spits* 1(2) Des.: 3-29.
Van Rensburg, FIJ. 1987. Letterkunde en politiek. *Spits* 3(1) Jul.: 22-26.
Van Schoor, AM. 1979. *Notes from my diary*. Pretoria: Makro.
Van Vuuren, DJ en Kriek, DJ (reds.). 1983. *Political alternatives for Southern Africa*. Durban: Butterworth.
Van Zyl, Ia. 1987. Is daar 'n neo-marxis agter die letterkundige bos? *Spits* 3(1) Jul.: 4-20.

Van Zyl, Ia. 1988. Die ‘fenomeen’ André P Brink: Teoretikus/skrywer/kritikus. In: Senekal, Jan (red.). *Donker weerlig*. Kenwyn: Jutalit, pp. 12-39.
Vergunst, Nicolaas. 1988. Konferensie oor kultuurbewaring. Staatsamptenare, kultuur en die *Freedom Charter. Die Suid-Afrikaan* (16) Aug./Sept.: 36-37.
Viljoen, G. van N. 1978. *Ideaal en werklikheid. Rekenskap deur 'n Afrikaner* I. Kaapstad: Tafelberg.
Viljoen, G. van N. 1979. *Vernuwing en voortgang. Rekenskap deur 'n Afrikaner* II. Kaapstad: Tafelberg.

Villa-Viencio, Charles en De Gruchy, John W (reds.). 1985. *Resistance and hope. South African essays in honour of Beyers Naudé*. Kaapstad: David Philip.
Volkskongres oor kommunisme. 1964. Pretoria: Volkskongres oor kommunisme.
Vorster, PJ. 1984. *Terrorisme en die pers: 'n Oorsig*. RAU: Sentrum vir die Ondersoek na Revolusionêre Bedrywighede.
Walshe, P. 1987. *The rise of African nationalism in South Africa: The African National Congress, 1912-1952*. Johannesburg: Ad. Donker.
Watson, Stephen. 1983. The fate of liberalism in South Africa. In: Riemen-Schneider, Dieter. *The history and historiography of Commonwealth literature*. Tübingen: Gunter Narr, pp. 118-133.
Weideman, GH (George). 1982. *'n Ondersoek na aspekte van die verhouding tussen 'betrokkenheid' en 'universaliteit' in die literatuur*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, RU.
Weideman, George. 1986. Literatuur en ideologie. In: Botha, Elize en Snyman, Henning (reds.). *Program en problematiek*. Durban: Butterworth, pp. 11-19.
Weideman, George. 1988. 'n Nuwe Skrywersgilde? *De Kat* Sept.: 75.
White, L. en Couzens, T (reds.). 1984. *Literature and society in South Africa*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
Wiehahn, Rialette en Roodt, PH. 1988. *Teks en tendens*. Verrigtinge van die 1986-Hoofkongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging. Durban: Owen Burgess.
Wiehahn, Rialette. 1989. Rapportprys: ×1986. +1988? *Stilet* 1(1) Jan.: 97-107.
Wilkins, Ivor en Strydom, Hans. 1978. *The Super-Afrikaners*. Johannesburg: Jonathan Ball.
Willemse, Hein. 1985. Poësie se nie-hegemoniese vorm. In: Malan, Charles en Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 227-230.

B. Algemene bronne oor Breytenbach

Anoniem. 1968. Roman van Breyten sal lig nie sien nie. *Die Beeld,* 16 Junie.
Anoniem. 1971. Breyten Breytenbach spot met ons godsdiens. *Die Afrikaner,* 5 Februarie.
Anoniem, 1975. Sielkundige ontleed sy selfportret. Breyten, die magtelose slagoffer van sy eie woelinge. *Die Vaderland,* 1 Desember.
Barnard, Chris. 1968. Brief aan Breyten. *Kol* 1(1) Aug.: 14-18.
Barnard, Chris. 1977a. Breyten (1). Ek ontdek 'n digter - en 'n hartseer. *Huisgenoot* 29 Jul.: 4-8, 88.
Barnard, Chris. 1977b. Breyten (2). Hy trou met Yolande en sy 'politiek' begin. *Huisgenoot* 5 Aug.: 4-8, 93.
Barnard, Chris. 1977c. Breyten (3). Die bom bars oor Yolande se visum. *Huisgenoot* 12 Aug.: 24-30.
Barnard, Chris. 1977d. Breyten (slot). In Swaziland - en in die tronk. *Huisgenoot* 19 Aug.: 36-43.
Bekker, Pirow. 1969. Die 'ek' in die voorstellingsgedig van Breyten Breytenbach. *Standpunte* 23(2) Des.: 36-40.
Botha, Elize. 1988. 'n Skone spieël, gekraak, gebreek: Breyten Breytenback se bespieëlende notas van 'n roman *Mouroir* as versplintering van 'n tradisie. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 4(4) Des.: 404-416.

Breeze, Richard. 1970. Breyten Breytenbach. *The Cape Argus* (Bylaag), 17 April.
Brink, André P. 1967a. Blomme vir Boeddha. *Standpunte* 23(2) Okt.: 44-56.
Brink, André P. 1967b. Verbeeldingsvlug. *Standpunte* 21(2) Des.: 44-51.
Brink, André P. 1967c. Skilder van sprokies en nagmerries. *Die Huisgenoot* 29 Des.: 29-31.
Brink, André P. 1968a. *Om te vlieg* se vlerke is geknip. *Standpunte* 21 (5) Jun.: 59.
Brink, André P. 1968b. Oor *Om te vlieg. Standpunte* 22(2) Des.: 62.
Brink, André P. 1969. Breyten Breytenbach. In: Nienaber, PJ (samest.). *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Perskor, pp. 657-665.

Brink, André P. 1971/1979. *Die poësie van Breyten Breytenbach*. Reuseblokboek 8. Pretoria: Academica.
Brink, André P. 1972. Breyten Breytenbach: Sestiger malgré lui. *Raster* 6(2): 142-149.
Brink, André P. 1976. The Breytenbach file. *The New Review* 3(25) Apr.: 3-8.
Brink, André P. 1977a. Géén morele oplossing in geweld, sê Brink. *Die Burger,* 18 Februarie.
Brink, André P. 1977b. Breyten se vuur herkenbaar in dié Frans. *Rapport,* 16 Januarie.
Brink, André P. 1978. Dit beledig Breyten. *Rapport,* 17 Desember.
Brink, André P. 1980a. De nieuwe Afrikaanse poëzie. *Raster* (15): 33-46.
Brink, André P. 1980b. Die vreemde bekende. In: Coetzee AJ e.a. *Woorde teen die wolke*. Emmarentia: Taurus, pp. 1-28.
Brink, André P. 1982. Breyten Breytenbach. In: Nienaber, PJ (samest.). *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Perskor, pp. 710-724.
Cilliers, E. 1972. *Beïnvloeding van die poësie met besondere verwysing na die digwerk van Van Wyk Louw, Breytenbach en Botes*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS.
Cloete, TT. 1974a. Een man kán ons taal bedreig. *Die Vaderland*, 8 Mei.
Cloete, TT. 1974b. Digters kan volk van binne bedreig. *Die Transvaler*, 10 Mei.
Cloete, TT. 1974c. Ek mag nie sonder protes toekyk. *Die Vaderland*, 23 Mei.
Cloete, TT. 1980a. Die kort en heel vorm van Breytenbach se ‘Die boenk’. *Standpunte* 33(2) Apr.: 47-54.
Cloete, TT. 1980b. Breytenbach se ‘Verlies’. *Literator* 1(2) Jun.: 7-18.
Cloete, TT. 1980c. Breyten Breytenbach. In: Cloete, TT (red.). *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Kaapstad: Nasou, pp. 162-186.
Cloete, TT. 1982. Die ‘met ander woorde’ in Breytenbach se gedigte. In: Grové, AP (samest.). *Beeld van waarheid*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 33-48.
Coetzee, Ampie (AJ.). 1968a. Bedenkings by B en B. *Kol* 1(2) Sept./Okt.: 7-8.
Coetzee, Ampie. 1968b. 'n Ander ‘ars poetica’? *Kol* 1(2) Sept./Okt.: 22-24.
Coetzee, Ampie. 1970. Resensie was onbillik. *Die Vaderland,* 6 Maart.
Coetzee, Ampie. 1974. Oor ‘Vlerkbrand’. *Rapport,* 24 Februarie.
Coetzee, Ampie. 1975. Só het Breyten vir homself sy mensheid bewys. *Rapport,* 7 Desember.
Coetzee, Ampie. 1976. Oor ‘Die lewe in die grond’. In: Coetzee, AJ. *Poësie en politiek*. Johannesburg: Ravan, pp. 95-102.
Coetzee, Ampie, 1977. Inleiding. In: Coetzee, AJ (samest.). *Blomskryf* (Uit die gedigte van Breyten Breytenbach en Jan Blom). Emmarentia: Taurus, pp. i-x.
Coetzee, Ampie. 1980. Om die son te probeer volg: 'n Reis na Afrika. In: Coetzee, AJ e.a. *Woorde teen die wolke*. Emmarentia: Taurus, pp. 29-49.
Coetzee, Ampie e.a. 1980. *Woorde teen die wolke. Vir Breyten*. Emmarentia: Taurus.
Coetzee, Ampie. 1984. Omtrent representasie en reproduksie. *Stet* 2(2) Apr.: 19-22.
Coetzee, JH. 1976. Die ‘geval’ Breyten Breytenbach. *Woord en daad* 16(160) Jan.: 13.
Conradie, PJJ. 1981. *'n Ondersoek na die tydruimtelike aspek in ‘Voetskrif’ van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UK.
Cope, Jack. 1982. Look he is harmless. In: Cope, Jack. *The adversary within: Dissident writers in Afrikaans*. Kaapstad: David Philip.

Cronin, Jeremy. 1985. Towards a national culture. Oedipus, an albino and others. *Stet* 3(2) Jun.: 16-17.
De Haan, ML. 1975. *'n Ondersoek na die spel met die idioom, vaste uitdrukkings en sekere 'aanhalings' in die poësie van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde verslag, UK.
Dekker, Gerrit. 1980. Breyten Breytenbach. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasou, pp. 312-314.
De Klerk, LM. 1975. *Poësie, prosa en mengvorme met 'n aantekening oor Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, US.

De Klerk, WA. 1973. Breyten Breytenbach. The writer as politician. *New Nation* 6(9) Apr.: i-ii.
De Villiers, IL. 1973. Kerk en ontkerkte 'avant garde' intellektueel. *Die Kerkbode* 125(10) Mrt.: 302.
De Villiers, Riaan. 1986. Breyten keer terug. *Die Suid-Afrikaan* (6) Winter: 9-10.
De Vlaamse Gids. 1974. Breytenbach-nommer 58(6).
De Vries, Abraham H. 1968. Debunking? *Standpunte* 22(1) Okt.: 47-52.
De Vries, Abraham H. 1977. Vergunning aan Breyten sal geen presedent skep nie. *Die Burger,* 2 Februarie.
De Vries, Abraham H. 1977. Dit gaan nie oor die koei nie, maar oor die melk. *Die Burger*, 19 Februarie.
Direktoraat op publikasies. 1979. Redes vir die verbod op *And death white as words*. Gildenuusbrief (3).
Dreyer, Peter. 1980. Breyten and the pride of illusions. In: Dreyer, Peter. *Martyrs and fanatics*. Londen: Secher & Warburg, pp. 15-61.
Du Plessis, JA. 1980. 'Fascistiese pampoen' deur Breyten Breytenbach. *Klasgids* 15(3) Okt.: 17-18.
Ester, Hans. 1978. Sekularisatie als poëzie. *Ons Erfdeel* 20(4).
Fagan, EW. 1988. *Die rol van die outeur in moderne literêre teorie, met spesifieke verwysing na die 'ek'-poësie van Breyten Breytenbach en DJ Opperman*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, UK.
Ferreira, Jeanette. 1982. *Die terugkerende simbool in die poësie van Breyten Breytenbach*. M.A.-verhandeling, UP.
Ferreira, Jeanette. 1985. *Breyten: Die simbool daar*. Kaapstad: Saayman & Weber.
Ferreira, Jeanette. 1988a. *Aspekte van die Boeddhisme en die Judaïes-Christelike in die poësie van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, RU.
Ferreira, Jeanette. 1988b. Ekstratekstuele relasies van spieël in die poësie van Breyten Breytenbach. *Literator* 9(3) Nov.: 1-10.
Galloway, Francis. 1976. *Die sinestetiese beeld in die poësie van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS.
Galloway, Francis. 1977. Die lyflike ervaring van die woord. *Communique* 3(1): 34-39.
Galloway, Francis. 1978a. Transformasie en reis. *Communique* 4(1): 48-57.
Galloway, Francis. 1978b. Fiësta vir 'n oog. *Communique* 4(2): 12-17.
Galloway, Francis. 1979. Vinger na die maan. *Standpunte* 32(1): 35-41.
Galloway, Francis. 1985a. Voetnote oor die bekroning van *Skryt* en die volgorde van *die ongedanste dans. Tydskrif vir Letterkunde* 23(4): 82-87.
Galloway, Francis. 1985b. Breyten Breytenbach se vrylating. In: Galloway, Francis (samest.) *SA Literature/Literatuur 1982*. Johannesburg: Ad Donker, pp. 314-319.
Galloway, Francis. 1987. *Breyten Breytenbach: Die skrywer as openbare figuur*. D. Litt.-proefskrif, UOVS.
Galloway, Francis. 1988. Breyten as politieke katalisator. *De Kat* Mrt.: 52-59.
Gerryts, UM. 1967. Indrukke van Sestig se digkuns. *Tydskrif vir Letterkunde* 5(3) Aug.: 43-46.
Gilfillan, FR. 1983. 'Ikoon' - tekens teen hout. In: Botha, Elize en Pretorius, Réna (reds.). *Samehang en sin*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 22-29.

Gouws, Tom. 1988. *Die transskriptuele lees, hiaat, haplografie en transkripsie in die poësie van Breyten Breytenbach, Antjie Krog en TT Cloete*. Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif, PU vir CHO.
Grové, AP. 1968a. 'n Vraag of twee (oor *Om te vlieg*). *Standpunte* 21(5) Jun.: 60.
Grové, AP. 1968b. Oor *Om te vlieg. Standpunte* 22(2) Des.: 62.
Grové, AP en Cloete, TT. 1974. Maar hoe lyk sy politiek! sê hûlle. *Rapport,* 28 April.
Grundlingh, Albert. 1985. Op soek na die ware verraaiers. *Die Suid-Afrikaan* (3) Herfs: 33-34.
Hugo, DJ. 1986. Die paradoks van die sonnet by Breyten Breytenbach. *Acta Academica,* Nuwe Reeks B: 16-23.

Jacobs, JU. 1986. Breyten Breytenbach and the South African prison book. *Theoria* (68) Des.: 95-105.
Jordaan, JA. 1973. Breyten Breytenbach: 'n Bibliografie. Stellenbosch: Dept. van Biblioteekkunde, US.
Kannemeyer, JC. 1968. 'n Vraag aan PD van der Walt (oor *Om te vlieg*). *Standpunte* 22(1) Okt.: 59.
Kannemeyer, JC. 1983. Breyten Breytenbach. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur*. Band 2. Pretoria: Academica, pp. 462-487.
Kannemeyer, JC. 1988. Breyten Breytenbach. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987*. Pretoria: Academica, pp. 335-358.
Kaptein, Aat. 1977a. Ja vir skryf in tronk; nee vir publiseer. *Die Burger,* 27 Januarie.
Kaptein, Aat. 1977b. Kunstenaar geen heilige koei nie. *Die Burger,* 10 Februarie.
Kaptein, Aat. 1977c. Breyten se gawes wis nie sy dade uit nie. *Die Burger,* 11 Februarie.
Kaptein, Aat. 1977d. Só word dit moeiliker om Breyten te help. *Die Burger,* 25 Februarie.
Kenney, RN. 1973. Breyten, Afrikaans and poetry. *The Cape Times,* 3 Maart.
Lazarus, Neil. 1986. Longing, radicalism, sentimentality: Reflections on Breyten Breytenbach's *A season in paradise. Journal of Southern African Studies* 12(2) Apr.: 158-182.
Leroux, Etienne. 1968. Daardie brief was ook aan my gerig. *Kol 1(2) Sept./Okt.: 2-6*.
Levin, MW. 1968. Breytenbach's credo is ‘love, not violence’. *The Sunday Times,* 11 Desember.
Lijphart, GC (Truida). 1971/1972. Breyten se halwe woorde. *Spektator* (1): 7-8.
Lijphart, GC. 1985. Fascistiese pampoene of koue pampoen. *Stet* 3(1) Feb.: 4-9.
Lindenberg, Ernst. 1971. Intreerede: *Taalkundige literêre teorie en kritiek*. (Met 'n bespreking van ‘Tot siens, Kaapstad’). Johannesburg: Witwatersrand University Press.
Lindenberg, Ernst. 1974. Breyten is my man! *Rapport,* 28 April.
Lindenberg, Ernst. 1980. Die woorde in die grond. In: Coetzee, AJ e.a. *Woorde teen die wolke*. Emmarentia: Taurus, pp. 50-55.
Lindenberg, Ernst; Louw, WEG en Opperman, DJ. 1968. Reina Prinsen Geerlingsprys vir Breyten Breytenbach. *Die Burger,* 23 November.
Loader, JA. 1976. Teologiese kritiek op dr. Koot. *Rapport,* 11 April.
Lombard, M. 1983. *Vervanging as aanverwante verskynsel in die werk van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif, PU vir CHO.
Lombard, M. 1984. Vervanging en aanvangverskynsels in die poësie van Breyten Breytenbach. *Literator* 5(2): 34-43.
Louw, Anna M. 1969. Hoe bemin ons digters? *Die Burger,* 4 Desember.
Louw, NP van Wyk. 1965. Motivering vir APB-prys. *Kriterium* 3(1) Apr.: 1-2.
Louw, PFP van Wyk. 1981. Opperman word nou die onintensionele guru van die nuwe reaksie. 'n Vergelyking van die digwêreld van Opperman, Breytenbach en Roodt. *Graffier* 1(3) Apr.: 7.
Marais, Jaap. 1976. Linkses meet met dubbel maat oor Breytenbach. *Die Afrikaner,* 16 Januarie.
Massyn, Peter John. 1986. Breyten: Dis ou nuus. *Die Suid-Afrikaan* (8) Winter: 3.
Meiring, E. 1988. Breyten in Frans. *Tydskrif vir Letterkunde* 26(4) Nov.: 67-69.

Miles, John. 1968. Op soek na literêre kriteria. *Kol* 1(2) Sept./Okt.: 20-22.
Miles, John. 1980. Dié bietjie dalk tóg effektief! *Beeld,* 23 September.
Moore, Gerald. 1985. The martian descends: The poetry of Breyten Breytenbach. *Ariel* 16(2) Apr.: 3-12.
Mulder, CP. 1975. Redes vir die verbod op *Skryt. Die Burger,* 4 Desember.
Müller, HCT. 1980. Bedoelings met gebrek aan openhartigheid. *Beeld,* 19 September.
Müller, HCT. 1981a. Visie plus visier. (1).: Breytenbach se prosa n.a.v. onlangse tekste. *Tydskrif vir Letterkunde* 19(1) Feb.: 14-24.

Müller, HCT. 1981b. Visie plus visier. (2). Breytenbach se prosa n.a.v. onlangse tekste. *Tydskrif vir Letterkunde* 19(2) Mei: 36-50.
Müller, HCT. 1988. Oordrywings tussen werklikheid en waan. *Spits* 4(1) Mei: 28-64.
Olivier, Gerrit. 1986. Haat en liefde. *De Kat* Jun.: 126-127.
Olivier, SP. 1972. Ballingskap en die gedig. *Standpunte* 26(2) Des.: 18-32.
Olivier, SP. 1973. *Aspekte van ballingskap en vaderland in die poësie van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, US.
Opperman, DJ. 1965. Motivering vir APB-prys. *Kriterium* 3(1) Apr.: 3.
Opperman, DJ. 1977. Oor die Breytenbach-saak. *Rapport,* 17 Julie.
Powell, Diana. 1968. Poet in exile. *The Cape Times,* 26 November.
Pienaar, Schalk. 1973a. Breytenbach: 'n Spitsvondige spreker, g'n profeet. *Die Burger,* 16 Februarie.
Pienaar, Schalk. 1973b. Die verset gaan verder. *Rapport,* 18 Februarie.
Prinsloo, Koos. 1986. 'n Aand by die Staatsteater. *Stet* 4(1&2) Mei: 7, 52.
Rabie, Jan. 1977. Franse gedigte van Breytenbach. *Die Burger*, 4 Februarie.
Roberts, Sheila. 1985. South African prison literature. *Ariel* 16(2) Apr.: 61-71.
Roodt, Dan. 1986. Die gedig as toiletpapier. Oor: ‘is klaps par gel te nar’ van Breytenbach. *Stet* 3(3&4) Feb.: 22-29.
Roodt, PH. 1977. *Die ek-spreker in ‘Die ysterkoei moet sweet’ van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP.
Roodt, PH. 1980. Die ek is nie ek nie: Breyten en Van Wyk Louw. *Tydskrif vir Letterkunde* 28(2) Mei: 49-54.
Roux, A. 1983. Aspekte van die neerslag van Zen-Boeddhisme in die poësie van Breytenbach. *Klasgids* 18(2) Jun.: 23-30.
Scholtz, J du P. 1973a. Breyten van buite en van binne. *Die Burger,* 17 Oktober.
Scholtz, J du P. 1973b. Verhaal van afspraak in Parys. *Die Burger,* 18 Oktober.
Scholtz, J du P. 1979. Breyten van buite en van binne. In: Scholtz, J du P. *Oor skilders en skrywers*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 23-27.
Senekal, Jan. 1980. Sekularisasie en Mallarmé. Ongepubliseerde navorsingsverslag.
Slabber, Coenie. 1984. Breyten pak Brink... met 'n ou Chinese gedig. *Rapport,* 20 Mei.
Slabbert, H le Roux. 1976. Breyten se ‘muisval’. *Klasgids* 10(4): 39-43.
Slabbert, H le Roux. 1981. Godin in die ikoon: Gedagtes oor religie en kuns in ‘Ikoon’ van Breytenbach. *Tydskrif vir Letterkunde* 19(2) Mei: 51-55.
Slabbert, H le Roux. 1986. Enkele bedenkinge oor die vervangingsprocéde as literêre handgreep. *Literator* 7(3): 86.
Small, Adam. 1973. Is die skokreëls van Breyten nodig? *Die Burger,* 5 Januarie.
Stander, HL. 1974. *'n Verkenning van die surrealisme en Zen-Boeddhisme in ‘Die ysterkoei moet sweet’ van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO.
Steenberg, DH. 1985. Aanduiding van Zen-trekke by Breyten Breytenbach. *Koers* 50(4): 360-390.
Steyn, JC. 1975. Oor die verbod op *Skryt. Rapport,* 22 Junie.
Strydom, AD. 1986. *Die konsepsie van eenheid en die voornaamwoord as bindingsmiddel in ‘Lotus’ van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO.
Strydom, Hans. 1973. Breytenbach's story shows up that folly. *The Sunday Times,* 7 Januarie.

Ten Berge, HC. 1975. Dichter zonder taal, schilder zonder ogen. *De Gids* 138(9): 565.
Van der Merwe, Annari. 1973.... wil dig in Afrikaans stuiptrekkende taal. *Standpunte* 26(6) Aug.: 38-50.
Van der Merwe, Annari. 1975. *Paradoks as poësie: 'n Ondersoek na enkele aspekte van die poësie van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, RU.

Van der Merwe, Annari en Van Dis, Adriaan. 1980. *Om te vlieg* en *Om te vlieg*. In: Coetzee, AJ e.a. *Woorde teen die wolke*. Emmarentia: Taurus, pp. 56-106.
Van der Merwe, CN. 1967. *Die wegbreek van die realisme in die Afrikaanse verhaalkuns*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, US.
Van der Merwe, PP. 1980. Die veelvuldigheid van nul. In: Coetzee, AJ e.a. *Woorde teen die wolke*. Emmarentia: Taurus, pp. 107-128.
Van der Merwe, PP. 1981. Breyten Breytenbach and the poet revolutionary. *Theoria* (56) Mei: 51-72.
Van der Merwe, PP. 1983. Leser, letterkunde en sensuur. In: Malan, Charles (red.). *Letterkunde en leser*. Durban: Butterworth, pp. 153-170.
Van Dis, Adriaan e.a. 1975. Literaire uitzendingen externe kontakten KRO. Nederland. *Babel/Schrift* 4(1) Mei.
Van Erdelen, MN. 1970. *Some Sestigers. A bibliography*. Johannesburg: UW.
Van Rensburg, FIJ. 1965. Motivering vir die APB-prys. *Kriterium* 3(1) Apr.: 3-4.
Van Rensburg, FIJ. 1971. Huldigingsrede vir die CNA-prys. *Die Burger,* 3 April.
Van Rensburg, FIJ. 1976. Hoofsake, bysake en geen sake. *Rapport,* 28 Maart.
Van Rensburg, FIJ. 1977a. Oor die Breytenbach-saak. *Rapport,* 17 Julie.
Van Rensburg, FIJ. 1977b. Literêre 'Afrikaners' in rug gesteek. *Beeld,* 18 Julie.
Van Rooyen, LA. 1982. *Die lewe-dood spanning in die poësie van Breyten Breytenbach se 'Die huis van die dowe' en enkele voorbeelde hiervan in latere werke soos 'Met ander woorde' en 'Skryt'*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP.
Van Wyk, Andries. 1986. Breytenbachs: Die verhaal van twee broers. *Huisgenoot* 29 Mei: 20-22.
Venter, Frans. 1977a. Straf die man, maar laat die digter publiseer. *Die Burger,* 1 Februarie.
Venter, Frans. 1977b. Venter wil een sakie oor Breytenbach reg stel. *Die Burger,* 22 Februarie.
Verster, JR. 1969. *Taal en beeld in die poësie van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS.
Viljoen, Hein. 1975. *Die anormalisering in die poësie van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP.
Viljoen, Hein. 1977. Berge, word lug! Werklikheid, word water! In: Steenberg, DH (samest.) *Rondom Sestig*. Pretoria: HAUM, pp. 178-188.
Viljoen, Hein. 1979. Gesprekvoorwaardes vir die poësie. *Tydskrif vir Letterkunde* 27(1) Feb.: 62-77.
Viljoen, L. 1988. *Breyten Breytenbach se ('yk'): 'n Semiotiese ondersoek*. Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif, US.
Viviers, Jack. 1978. *Breyten: 'n Verslag oor Breyten Breytenbach*. Kaapstad: Tafelberg.
Vorster, AF. 1988. *'n Dekonstruksie van 'n teks uit 'die ongedanste dans' van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, RU.
Vorster, E. 1973. *Aspekte van ontbinding in die poësie van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UN(P).
Vorster, Jan. 1970. Enkele aspekte van Breyten Breytenbach se verstegniek. *Fort Hare Papers* 4(4).
Vorster, JD. 1976. Oor Breyten-verse en feite. *Rapport,* 21 Maart.
Walt, Vivienne. 1985. Elbow room in hell. *Village Voice* 30(14) Apr.: 41.
Walzer, Michael. 1987. Camus se Algerynse oorlog. *Die Suid-Afrikaan* (12) Des.: 9-13.

Walzer, Michael. 1988. Breyten Breytenbach: Die kritikus in ballingskap. *Die Suid-Afrikaan* (13) Feb.: 30-34.
Welz, Martin. 1977. *Breyten en die bewaarder*. Johannesburg: McGraw-Hill.
Winterbach, IG. 1974. *'n Ondersoek na enkele struktuur-aspekte van 'Om te vlieg' van Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, US.

C. Vroeë resepsies van Breytenbach se oeuvre

Die ysterkoei moet sweet. (Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1964)

Antonissen, Rob. 1965. Genadelose deernis. *Standpunte* 18(4) Apr.: 59-61.
Brink, André P. 1965. Periskoop: Breyten Breytenbach. *Kriterium* 3(1) Apr.: 12-14.
Cloete, TT. 1965. Poësie van ontbinding. *Die Huisgenoot* 23 Jul.: 71-73.
Kromhout, Jan. 1965. Nuwe digbundel geskoei op oorsese modekuns. *Die Transvaler,* 4 Januarie.
Louw, NP van Wyk. 1965. Oor Breytenbach en die APB-prys vir 1964. *Kriterium* 3(1) Apr.: 1-3.
Louw, WEG. 1965. Met hierdie bundel is Sestig nou voldonge feit. *Die Burger,* 26 Februarie.
Opperman, DJ. 1965. Oor Breytenbach en die APB-prys. *Kriterium* 3(1) Apr.: 3.
Schutte, R. 1965. Afrikaanse poësie hou tred met ontwikkeling. *Die Vaderland,* 5 Februarie.
Van Heerden, Ernst. 1964. Jong digter se eersteling maak oorstelpende indruk. *Dagbreek en Sondagnuus,* 20 Desember.
Van Rensburg, FIJ. 1965a. Sommige sal lag, ander sal hulle bloedig vererg. *Die Volksblad,* 21 Januarie.
Van Rensburg, FIJ. 1965b. Oor Breytenbach en die APB-prys. *Kriterium* 3(1) Apr.: 3-4.

Katastrofes. (Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1964)

Antonissen, Rob. 1965. Genadelose deernis. *Standpunte* 18(4) Apr.: 57-59.
Brink, André P. 1965. Periskoop: Breyten Breytenbach. *Kriterium* 3(1) Apr.: 12-14.
Brink, André P. 1967. Verbeeldingsvlug. *Standpunte* 21(2) Des.: 44-51.
Louw, WEG. 1965. Breytenbach se prosa geval beslis minder as sy poësie. *Die Burger*, 9 April.
Steyn, JL. 1964. Natuurlike talent kenmerk van *Katastrofes. Die Vaderland,* 18 Desember.
Van Zyl, A. 1964. Ongewone verhale oor menslike korrupsie. *Die Volksblad,* 16 Desember.

Die huis van die dowe. (Kaapstad: Human & Rousseau, 1967)

Behrens, L. 1967. Oor *Die huis van die dowe. Die Vaderland,* 13 Oktober.
Brink, André P. 1967. Verbeeldingsvlug. *Standpunte* 21(2) Des.: 51-56.
Barnard, Chris. 1967. Breyten kan onnutsig wees. *Beeld,* 8 Oktober.
Joubert, Elsa. 1968. *Die huis van die dowe. Sarie Marais* 28 Feb.: 100-102.
Lindenberg, Ernst. 1967. Body and soul. *The Cape Argus,* 5 Oktober.
Lindenberg, Ernst. 1967. *Die huis van die dowe* in 'Drie nuwe boeke'. *Standpunte* 21(2) Des.: 57-61.
Raidt, Edith. 1968. Die belangrikste bundel verse sedert *Tristia. Die Burger,* 1 Januarie.
Van Rensburg, FIJ. 1967. Van Breyten Breytenbach se mooiste gedigte. *Die Volksblad,* 2 November.

Van Rensburg, Johann. 1967. ‘Sestiger’ poet casts spell. *The Cape Times,* 18 Oktober.

Kouevuur. (Kaapstad: Buren, 1969)

Antonissen, Rob. 1969. Verreweg belangrikste nuwe digter van dekade. *Die Burger,* 27 Desember.
Brink, André P. 1971. Bespreking van *Kouevuur*. In: Brink, André P. *Die poësie van Breyten Breytenbach*. Blokboek 15. Pretoria: Academica, pp. 10-16.
Cloete, TT. 1970a. Bespreking van *Kouevuur. Standpunte* 23(4) Apr.: 38-43.
Cloete, TT. 1970b. Bespreking van *Kouevuur. Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 10(4) Des.: 374-376.
Coetzee, Ampie. 1970. Bespreking van *Kouevuur. Die Vaderland,* 6 Maart.
Esterhuyse, Frans. 1970a. Prize-winner. *The Argus,* 17 April.
Esterhuyse, Frans. 1970b. Prize-winner. *The Star,* 18 April.
Katzew, Henry. 1970. Afrikanerdom's conflicting forces. *Die Beeld,* 18 Januarie.

Kromhout, Jan. 1970. Melancholy and gangrene. *The Star,* 8 Januarie.
Nepgen, Rosa. 1970. 'n Bespreking van *Kouevuur. Die Huisgenoot* 27 Mrt.: 79.
Plekker, Freda. 1970. *Kouevuur* is 'n vermoeienis eerder as 'n genot. *Die Vaderland,* 27 Februarie.
Prinsloo, Hazel. 1970. Breytenbach's poetry. *The Cape Times,* 30 Januarie.
Van Rensburg, FIJ. 1970a. Breyten verras aangenaam. *Die Volksblad,* 19 Februarie.
Van Rensburg, FIJ. 1970b. Van die mooiste verse in Afrikaans. *Die Beeld,* 1 Maart.

Oorblyfsels uit die pelgrim se verse na 'n tydelike. (Kaapstad: Buren, 1970)

Anoniem. 1970. Breytenbach protest poems out in city. *The Argus,* 1 Julie.
Brink, André P. 1970. Breyten se nuwe bommetjie. *Beeld,* 28 Junie.
Brink, André P. 1971. Bespreking van *Oorblyfsels*. In: Brink, André P. *Die poësie van Breyten Breytenbach*. Blokboek 15. Pretoria: Academica, pp. 27-28.
Cloete, TT. 1970. Bespreking van *Oorblyfsels. Beeld*, 28 Junie.
Cloete, TT. 1971. Bespreking van *Oorblyfsels. Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 11(3) Sept.: 214-215.

Lotus. (Kaapstad: Buren, 1970)

Brink, André P. 1971. Bespreking van *Lotus*. In: Brink, André P. *Die poësie van Breyten Breytenbach*. Blokboek 15. Pretoria: Academica, pp. 28-37.
Cloete, TT. 1971. 'n Bespreking van *Lotus. Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 11(3) Sept.: 204-214.
Kromhout, Jan. 1971. Poets and prizes. *The Star,* 17 Maart.
Van Rensburg, FIJ. 1971. Breyten se *Lotus* besing. *Die Volksblad,* 3 April.
Van Rensburg, Tina. 1970. Breyten maak lente in ons poësie. *Die Beeld,* 1 November.
Verster, JR. 1971. Veelsydige belewenis van liefde in *Lotus. Die Volksblad,* 22 Julie.

Om te vlieg. 'n Opstel in vyf ledemate en 'n ode. (Kaapstad: Buren, 1971)

Barnard, Chris. 1972. 'n Wêreld van verval en ontbinding. *Die Burger,* 13 April.
Brink, André P. 1967. Verbeeldingsvlug. *Standpunte* 21(2) Des.: 44.
Brink, André P. 1971. *Om te vlieg* is 'n wind van verandering. *Rapport,* 12 Desember.
MJM. 1972. Raaiselagtig, maar virtuoos. *Die Volksblad,* 12 April.
Prinsloo, Hazel. 1972. Breytenbach excites. *The Cape Times,* 25 Februarie.
Van der Walt, PD. 1968. Poolshoogte: Prosa 1968. *Standpunte* 21(5) Jun.: 7-14.

Skryt: Om 'n sinkende skip blou te verf. Verse en tekeninge. (Amsterdam: Meulenhoff, 1972)

Brink, André P. 1973. Bespreking van *Skryt*. In: Brink, André P. *Die poësie van Breyten Breytenbach*. Blokboek 15. Pretoria: Academica, pp. 37-39.

Cloete, TT. 1973. Nuwe digbundels. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 13(4) Des.: 370-374.
Coetzee, Ampie. 1974. Breyten nogtans die grootste. *Rapport,* 24 Februarie.
Hart, EA. 1972. New collection. *The Argus,* 6 Desember.
Van Zyl, Ia. 1974. Breyten Breytenbach bly 'n digter. *Die Suidwester,* 6 Mei.

Met ander woorde. Vrugte van die droom van stilte. (Kaapstad: Buren, 1973)

Brink, André P. 1973. Bespreking van *Met ander woorde* in Brink, André P. *Die poësie van Breyten Breytenbach*. Blokboek 15. Pretoria: Academica, 40-43.
Cloete, TT. 1974. Nuwe digbundels. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 14(2) Jun.: 137-139.
Coetzee, Ampie. 1973a. Nuwe digbundel van Breyten - anoniem. *Oggendblad,* 5 Februarie.
Coetzee, Ampie. 1973b. Nog 'n opwindende konfrontasie met woordmeesterskap soos min. *Die Burger,* 8 Februarie.
Coetzee, Ampie. 1974. Breyten nogtans die grootste. *Rapport,* 24 Februarie.
CWM. 1973. Breyten behou unieke atmosfeer. *Die Volksblad,* 9 Augustus.
Geyser, Hennie. 1973. Nothing more to say? *The Argus,* 4 Julie.

Hart, EA. 1972. New collection. *The Argus,* 6 Desember.
Van Zyl, Ia. 1974. Breyten Breytenbach bly 'n digter. *Die Suidwester,* 6 Mei.

'n Seisoen in die paradys. (Johannesburg: Perskor, 1976)

Brink, André P. 1977. Breyten se *Seisoen* triomfantelik - 'n plesier vir vakman en gewone leser. *Rapport*, 23 Januarie.
De Vries, Abraham H. 1977. Breyten Breytenbach se ‘hartseer lofsang’. *Die Burger*, 6 Januarie.
Grobler, Hilda. 1977. Breyten ‘dink verder in die donker’. *Hoofstad*, 18 Februarie.
HW. 1976. Breyten se paradys 'n prosa-paradys. *Die Vaderland*, 9 Desember.
Kromhout, Jan. 1977. Breyten started it off. *The Star*, 26 Januarie.
Olivier, Fanie. 1977. *Seisoen in die paradys* oop vir almal. *Oggendblad,* 31 Maart.
Spangenberg, DF. 1977. Bespreking van *Seisoen. Tydskrif vir Letterkunde* 15(1) Feb.: 66-69.
Steenberg, DH. 1978. Bespreking van *Seisoen. Woord en daad* 18(186) Feb.: 15-16.
Van der Walt, PD. 1977. 'n Leesavontuur saam met Breyten. *Die Transvaler,* 29 Januarie.
Van Zyl, Anna. 1977. Breyten fassineer en irriteer tegelyk. *Die Volksblad,* 23 Februarie.

Voetskrif. (Johannesburg: Perskor, 1976)

Brink, André P. 1976. Breyten bly Afrikaans se belangrikste. *Rapport,* 21 Maart.
Cloete, TT. 1977. Bespreking van *Voetskrif. Tydskrif vir Letterkunde* 15(1) Feb.: 61-63.
Cloete, TT. 1977. Bespreking van *Voetskrif. Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 17(2) Jun.: 157-160.
De Vries, Abraham H. 1976. Breyten in tronk is goed. *Die Burger,* 18 Maart.
De Vries, Abraham H. 1976. Oor *Voetskrif. Die Oosterlig,* 30 Maart.
Johl, Johann. 1976. Breyten weer op peil. *Die Volksblad,* 29 April.
Kloppers, Hester. 1976. Breyten weer verbysterend. *Die Vaderland,* 29 April.
Olivier, Gerrit. 1976. 'n Verkenning van die eie psige. *Beeld,* 5 April.
Toerien, Barend J. 1977. Bespreking van *Voetskrif. World Literature Today* 51(2): 322.
Van der Merwe, Annari. 1976a. Breytenbachs jongste bundel *Voetskrif. Zuid Afrika* 53(4) Apr.: 59.
Van der Merwe, Annari. 1976b. Breyten se *Voetskrif* 'n ‘afgrond en voetpad’. *Oggendblad,* 27 Mei.
Van der Merwe, PP. 1976. Breytenverse vanuit die Niet in die sel. *Hoofstad,* 18 Junie.
Van der Walt, PD. 1976. Breyten wil dinge nuut sien in verse. *Die Transvaler,* 3 April.
Van Rensburg, FIJ. 1976. Verse uit die tronk. *Die Volksblad,* 24 November.

Blomskryf. (Uit die gedigte van Breyten Breytenbach en Jan Blom.) (Emmarentia: Taurus, 1977)

Brink, André P. 1977. *Blomskryf* verbeeld die volle verskeidenheid van Breyten. *Rapport,* 27 Maart.
Goosen, Jeanne. 1977. Breyten se bestes in *Blomskryf. Hoofstad,* 25 Februarie.
Van der Merwe, Annari. *Blomskryf* gee aan Breyten 'n welkome stem. *Oggendblad,* 27 Oktober.

Die miernes swel op ja die fox-terrier kry 'n weekend en ander byna vergete katastrofes en fragmente uit 'n ou manuskrip van Breyten Breytenbach. (Emmarentia: Taurus, 1980)

Le Roux, André. 1981. Hel goeie spel met woorde. *Beeld,* 12 Januarie.
Olivier, Fanie. 1980. Om die digter en sy digkuns aan die lewe te hou. *Transvaler,* 1 Desember.
Smuts, JP. 1980. *Miernes* verryk ons letterkunde. *Die Burger,* 11 Desember.

Van der Merwe, Annari. 1980. Dié Breyten laat hom nie met 'n kil oog lees. *Die Vaderland,* 18 Desember.

Mouroir. (Bespieëlende notas van 'n roman.) (Emmarentia: Taurus, 1983)

Brink, André P. 1983. Dié Breyten is kosbaar, opwindend, maar móéilik. *Rapport,* 20 November.
Coates, Ian. 1984. *Mouroir* - mirrornotes of a novel. *Fair Lady* 27 Jun.: 28.
Coetzee, JM. 1985. A poet in prison. *Social Dynamics* 11(2): 72-75.
Conyngham, John. 1984. Breytenbach's new novel disappoints. *The Natal Witness,* 23 Junie.
Darke, Neill. 1984. Disappointing Breytenbach. *The Argus,* 13 Junie.
Laurence, Sandra. 1984. The quality of dreams. *Rand Daily Mail,* 13 Augustus.
Malan, Charles. 1984. 'Tronkprosa' vereis deursettingsvermoë. *Die Volksblad,* 7 April.
Parfitt, Judy. 1984. Breyten's watershed. *Eastern Province Herald,* 29 Mei.
Rabie, Jan. 1984. Breytenbach's prison prose a feast. *The Cape Times,* 1 Februarie.
Smuts, JP. 1984. Tower met die taal. *Die Burger,* 10 Mei.

Eklips. Die derde bundel van 'die ongedanste dans'. (Emmarentia: Taurus, 1983)

Brink, André P. 1983. Dis Breyten se grootste verse, met tog 'n skimmel. *Rapport,* 1 Mei.
Cloete, Ampie. 1984. Omtrent representasie en reproduksie. *Stet* 2(2) Apr.: 19-22.
Cloete, TT. 1984. Poësiekroniek. *Tydskrif vir Letterkunde* 22(2) Mei: 74-75.
Ferreira, Jeanette. 1984. Breytenbach se *Eklips* 'n haas onuitputlike bundel. *Die Vaderland,* 5 Maart.
Minervini, Rina. 1983. Breytenbach's magical words, burning vision. *Rand Daily Mail,* 18 Julie.
Prinsloo, Koos. 1983a. Breyten se eerste tronkbundel uit. *Beeld,* 22 April.
Prinsloo, Koos. 1983b. Nog werk van Breyten kom. *Eklips* is die derde in reeks van vyf. *Beeld,* 22 April.
Roodt, PH. 1983. Breyten dig na die lig daarbuite. *Beeld,* 11 Julie.
Viljoen, Hein. 1983. 'n Ballade van die afwesige. *Buurman* 13(4) Jun./Aug.: 39-40.

('yk'). Die vierde bundel van 'die ongedanste dans'. (Emmarentia: Taurus, 1984)

Brink, André P. 1984a. Is dit Breyten en Afrikaans se grootste dié? *Rapport,* 29 Januarie.
Brink, André P. 1984b. Meer mense sal dié Breyten verstaan. *Rapport,* 5 Februarie.
Brink, André P. 1985. Breyten Breytenbach: Indrukwekkende bundel. *Ons Erfdeel* Jan./Feb.: 85-91.
Cloete, TT. 1984a. Breyten se *('yk')* = (goed en dof). *Die Volksblad,* 24 Maart.
Cloete, TT. 1984b. Poësiekroniek. *Tydskrif vir Letterkunde* 22(2) Mei: 75-78.
Malan, Charles. 1984. Breytenbach se *('yk'). Die Transvaler,* 13 Maart.

Rabie, Jan. 1984. A triumvirate of SA's best living poets. *The Cape Times,* 3 Oktober.
Snyman, Henning. 1984. Mylpaal vir ek-poësie in Afrikaans. Breytenbach se oeuvre by sy hoogtepunt. *Die Burger,* 8 Maart.
Van der Merwe, Annari. 1984. *('yk')*: Kreatiewe energie voelbaar. *Die Vaderland,* 2 April.
Van Rensburg, FIJ. 1984. Breyten op sy beste én swakste in *('yk'). Beeld,* 19 Maart.

Buffalo Bill. Die tweede bundel van 'die ongedanste dans'. (Emmarentia: Taurus, 1984)

Cloete, TT. 1985. Bespreking van *Buffalo Bill. Standpunte* 23(2) Mei: 95-97.
Fourie, Herman. 1984. Poetry of brilliant surrealism by Breytenbach. *The Argus,* 22 November.
Hugo, DJ. 1984. Breyten kan 'n insinking soos *Buffalo* verduur. *Die Volksblad,* 27 Oktober.
Marais, Johann Lodewyk. 1985. *Buffalo Bill*. 'n Beswering van die legende Breyten Breytenbach. *Die Vaderland,* 4 Februarie.

Olivier, Fanie. 1984. Breyten se tronkmure breek oop in blomme. *Rapport,* 2 Desember.
Rabie, Jan. 1985. Update on Uys and new work by Breyten. *The Cape Times,* 3 Maart.
Snyman, Henning. 1985. Breyten stel ietwat teleur. *Die Burger,* 21 Maart.
Van Rensburg, FIJ. 1985. Oop en genietlike Breyten-bundel. *Beeld,* 21 Januarie.

The true confessions of an albino terrorist. (Emmarentia: Taurus, 1984)

Breytenbach, Kerneels. Ontstellende biegboek. *Die Burger,* 12 April.
Brink, André P. 1984. Breyten se tronkstorie onthul en ontstel. *Rapport,* 13 Mei.
Coetzee, JM. 1985. A poet in prison. *Social Dynamics* 11(2): 72-75.
Du Toit, André. 1984. Breyten se *Confessions. Die Suid-Afrikaan* Lente: 44-46.
Gerwel, Jakes. 1984. Dié teks eerstens polities en nie literêr nie. *Die Vaderland,* 2 Julie.
Goosen, Margaretha. 1984. Breytenbach prose spares few in this dramatic volume. *Rand Daily Mail,* 7 April.
Grobler, Hilda. 1984. Los liewer geld in spaarrekening. *Tempo,* 17 Augustus.
Herbertson, Peter. 1984. Breyten: From the inside. *Financial Mail,* 11 Mei.
Olivier, Fanie, 1984. 'n Verhaal van sewe jaar in SA tronke. Breyten klaar met Afrikaans? *Rapport,* 8 April.
Prinsloo, Koos. 1984. 'n ‘Terroris’ bieg. *Die Burger,* 5 April.

Lewendood. Die eerste bundel van ‘die ongedanste dans’. (Emmarentia: Taurus, 1985)

Botha, MC. 1985. Breyten the prisoner freed by words. *The Cape Times,* 25 September.
Cloete, TT. 1985. Baie is mooi en goed in bundel. *Die Volksblad,* 15 Junie.
Gouws, Tom. 1985. *Lewendood:* Breytenbach se tronkbundel is treffend. *Die Vaderland,* 5 Augustus.
Olivier, Fanie. 1985. Breyten se bundel is geen dodedans. *Rapport,* 18 Augustus.
Scholtz, H van der Merwe. 1985. *Lewendood:* Vergelyk met min. *Die Burger,* 1 Augustus.
Viljoen, Hein. 1985. *Lewendood* - die ongedanste dans. *Die Transvaler,* 22 Augustus.

End papers. Essays, letters, articles of faith, workbook notes. (Londen: Faber & Faber, 1986)

Conyngham, John. 1987. The Afrikaner's predicament. *The Natal Witness,* 3 Februarie.
MS. 1986. Tortured view from prison. *The Star,* 10 Desember.

Boek (deel een): dryfpunt. (Emmarentia: Taurus, 1987)

Hambidge, Joan. 1987. Hiermee sal Breyten die literatore ontstel. *Rapport,* 28 Julie.

Malan, Charles. 1987. Digter besin oor die wese van die poësie. *Die Volksblad,* 17 Oktober.
Pakendorf, Gunther. 1987. Breyten dink hardop oor die digkuns. *Die Burger,* 24 September.
Viljoen, Hein. 1987. Nes poësie is dié teks soos water. *Beeld,* 29 Oktober.

Judas eye and self-portrait/deathwatch. (Londen: Faber & Faber, 1988)

Liebenberg, Wilhelm. 1989. Goeie, geslypte en geslepe poësie. *Vrye Weekblad,* 10 Februarie.
Toerien, Barend J. 1989. Breyten oorskry grense van taal triomfantelik. *Rapport,* 15 Februarie.

D. Sosiaal-kritiese en ander tekste deur Breyten Breytenbach - 'n seleksie

Breytenbach, Breyten. 1963. Brief aan André P Brink. In: Brink, André P. 1976. The Breytenbach file. *The New Review* 3(25): 4.
Breytenbach, Breyten. 1964. Die swart kaart. *Sestiger* 2(1) Nov.: 6-13.
Breytenbach, Breyten. 1967a. In Afrikaans sal ek leef en treur. *Die Burger,* 16 Februarie.
Breytenbach, Breyten. 1967b. The fettered spirit. The effects of apartheid on culture. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 40-43.

Breytenbach, Breyten. 1967c. SA behoort aan die Sestigers, sê Breyten. *Die Vaderland,* 23 Junie.
Breytenbach, Breyten. 1968a. Cultural interaction. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 44-48.
Breytenbach, Breyten. 1968b. Klad, teiken of skimmelvlek? *Kol* 1(1) Aug.: 8-13.
Breytenbach, Breyten. 1968c. Breytenbach vra ANC se steun om Afrikaans te red. *Die Transvaler*, 7 Oktober.
Breytenbach, Breyten. 1968d. Breytenbach sê Republiek is polisiestaat. *Dagbreek en Sondagnuus*, 8 Oktober.
Breytenbach, Breyten. 1968e. Breyten Breytenbach. ('n Onderhoud.) *Vrij Nederland,* 9 November.
Breytenbach, Breyten. 1968f. Breyten Breytenbach - dichter, essayist, schilder, vechter teen apartheid. ('n Onderhoud.) *De Volkskrant,* 16 November.
Breytenbach, Breyten. 1968g. Breytenbach oor homself en Suid-Afrika. Witmense sal bruin moet word. *Die Burger,* 19 November.
Breytenbach, Breyten. 1969. Ars poetica: 'n monoloog deur 'n anus. In: Breytenbach, Breyten. 1980. *Die miernes swel op ja die fox-terrier kry 'n weekend en ander byna vergete katastrofes en fragmente uit 'n ou manuskrip van Breyten Breytenbach*. Emmarentia: Taurus, pp. 111-117.
Breytenbach, Breyten. 1970. Breyten bepleit revolusie openlik in Suid-Afrika. *Die Volksblad,* 23 April.
Breytenbach, Breyten. 1971a. Brief aan Koos Human, Leon Rousseau en DJ Opperman. *Stet* 3(2) Jun. 1985: 31-33.
Breytenbach, Breyten. 1971b. Vulture culture. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 53-61. (Ook opgeneem in: La Guma, Alex (red.). 1971. *Apartheid*. New York: New International Publishers.)
Breytenbach, Breyten. 1971c. The writer and his public or colonialism and its masks. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 62-65.
Breytenbach, Breyten. 1972a. Humanistiese intellektuele is die apologete van die blankedom. *Deurbraak* Feb.: 17-18.
Breytenbach, Breyten. 1972b. Poëzie als vorm van verzet. ('n Onderhoud.) *NRC Handelsblad,* 16 Junie.
Breytenbach, Breyten. 1972c. Een dichter in ballingschap. ('n Onderhoud.) *De Volkskrant*, 20 Junie.
Breytenbach, Breyten. 1972d. Breyten praat oor sy kwaai nuwe bundel. *Rapport,* 24 September.
Breytenbach, Breyten. 1972e. Notes from a political discussion paper contributing some elements towards a strategy for revolution in South Africa. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 66-70.
Breytenbach, Breyten. 1972f. Random remarks on freedom and exile. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 71-76 en 205-257.
Breytenbach, Breyten. 1972g. I'll never alter my view on apartheid. *The Cape Argus,* 4 November.
Breytenbach, Breyten. 1972h. As ek kom, sê Breyten, kom my vrou ook. *Die Burger,* 10 November.
Breytenbach, Breyten. 1973a. 'n Blik van buite. Universiteit van Kaapstad: Departement van Buitemuurse Studies. (Ook *Die Burger,* 15 Februarie en *The Cape Times,* 15 Februarie.)

Breytenbach, Breyten. 1973b. Breyten sê wat hy wou sê. *Die Burger,* 14 Maart.
Breytenbach, Breyten. 1973c. 'n Toe gesprek. *Deurbraak* Jun.: 1-4, 13.
Breytenbach, Breyten. 1973d. Breyten sê dankie. *Die Burger,* 12 April.

Breytenbach, Breyten. 1973e. Breyten slaan hard: Skerp woorde oor onlangse kuier. *Rapport,* 3 Junie.
Breytenbach, Breyten. 1973f. Bitter Breytenbach hits out after his SA visit. *The Cape Times,* 4 Junie.
Breytenbach, Breyten. 1974a. In gesprek met Willem M Roggeman. ('n Onderhoud.) *De Vlaamse Gids* Jun.: 10-31.
Breytenbach, Breyten. 1974b. Conflict and literature in South Africa. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 77-83.
Breytenbach, Breyten. 1975. Pleidooi tydens eerste hofsaak. In: Viviers, Jack. 1978. *Breyten: 'n Verslag oor Breyten Breytenbach*. Kaapstad: Tafelberg. pp. 54-60.
Breytenbach, Breyten. 1976. *'n Seisoen in die paradys*. Johannesburg: Perskor.
Breytenbach, Breyten. 1977. Pleidooi tydens tweede hofsaak. In: Viviers, Jack. 1978. *Breyten: 'n Verslag oor Breyten Breytenbach*. Kaapstad, Tafelberg, pp. 172-176.
Breytenbach, Breyten. 1980. Arse poetica: 'n Monoloog deur 'n anus. In: Breytenbach, Breyten. *Die miernes swel op*. Emmarentia: Taurus, pp. 111-117.
Breytenbach, Breyten. 1982. Zuid-Afrika: Op het achtergrond altijd het gezang van terdoodveroordeelden als het ruizen van de zee... ('n Onderhoud.) *NRC Handelsblad,* 11 Desember.
Breytenbach, Breyten. 1983a. Breyten praat. ('n Onderhoud.) *Stet* 1(2) Feb: 7-9.
Breytenbach, Breyten. 1983b. Intussen, stroom-op. *Rapport,* 27 Februarie (Opgeneem in: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 91-93.)
Breytenbach, Breyten. 1983c. Intussen, stroom-op. *Rapport,* 13 Maart. (Opgeneem in: Breytenbach, Breyten, 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 94-97.)
Breytenbach, Breyten. 1983d. The writer and responsibility. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 98-106.
Breytenbach, Breyten. 1983e. Intussen, stroom-op. *Rapport,* 24 April. (Opgeneem in: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 107-110.)
Breytenbach, Breyten. 1983f. Intussen, stroom-op. *Rapport,* 15 Mei.
Breytenbach, Breyten. 1983g. Intussen, stroom-op. *Rapport,* 29 Mei. (Opgeneem in: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 111-115.)
Breytenbach, Breyten. 1983h. Intussen, stroom-op. *Rapport*. 12 Junie.
Breytenbach, Breyten. 1983i. Intussen, stroom-op. *Rapport,* 24 Julie. (Opgeneem in: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 119-124.)
Breytenbach, Breyten. 1983j. Intussen, stroom-op. *Rapport,* 21 Augustus. (Opgeneem in: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 125-129.)
Breytenbach, Breyten. 1983k. I am not an Afrikaner any more. ('n Onderhoud.) *Index on Censorship* (3) 3-6.
Breytenbach, Breyten. 1984a. *The true confessions of an albino terrorist*. Emmarentia: Taurus.
Breytenbach, Breyten. 1984b. Fumbling reflections on the freedom of the word and the responsibility of the author. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, 142-146.

Breytenbach, Breyten. 1984c. By die toekenning van die Hertzogprys. *Die Vaderland,* 7 Mei. (Volledige verklaring opgeneem in Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 147-149.)
Breytenbach, Breyten. 1984d. Dead locust rumours and language as the random thoughts of camels. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 150-155.
Breytenbach, Breyten. 1984e. A reading of the present situation in South Africa, Autumn 1984. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 167-180.

Breytenbach, Breyten. 1984f. Desmond Mpilo Tutu. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 181-183.
Breytenbach, Breyten. 1984g. Jy wil my van wal in sloot help. *Rapport,* 20 Mei.
Breytenbach, Breyten. 1985a. On the ethics of resistance as a writer in a totalitarian state. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 184-194.
Breytenbach, Breyten. 1985b. A clear signal. *Leadership* 4(2) Jul.: 134-136. (Opgeneem in: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 196-200.)
Breytenbach, Breyten. 1985c. Black on white. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 201-206.
Breytenbach, Breyten. 1985d. Breytenbach in gesprek met Van Zyl Slabbert. *Die Suid-Afrikaan* (4) Winter: 47-48.
Breytenbach, Breyten. 1985e. A letter from exile, to Don Espejuelo. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 207-212.
Breytenbach, Breyten. 1985f. Early morning. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 223-224.
Breytenbach, Breyten. 1985g. Breytenbach by Espejuelo. The interview. In: Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber, pp. 225-229.
Breytenbach, Breyten. 1986a. *End papers*. Londen: Faber & Faber.
Breytenbach, Breyten. 1986b. Breyten praat sy hart uit oor Suid-Afrika. (Toespraak by ontvangs van Rapportprys.) *Rapport,* 13 April.
Breytenbach, Breyten. 1986c. Die game is nog lank nie verby nie. *Die Suid-Afrikaan* (6) Herfs: 10-12.
Breytenbach, Breyten. 1986d. 'An albino terrorist' speaks out. *The Star,* 26 April.
Breytenbach, Breyten. 1986e. Die toespraak-debat: Breyten antwoord by sy vertrek: *Rapport,* 27 April.
Breytenbach, Breyten. 1986f. Self-portrait/deathwatch. A note on autobiotrophy. In: Breytenbach, Breyten. 1988b. *Judas eye*. Londen: Faber & Faber, pp. 123-134.
Breytenbach, Breyten. 1987. *Boek (deel een): dryfpunt*. Emmarentia: Taurus.
Breytenbach, Breyten. 1988a. Denke nog nie los uit wit verf nie. *Die Suid-Afrikaan* (13) Feb.: 23-24.
Breytenbach, Breyten. 1988b. *Judas eye and selfportrait/deathwatch*. Londen: Faber & Faber.

[Register]

Register van persoonsname

Adam, H. 11, 260
Afrikaanse letterkundige van die Rand (pseud.) 60
Ag sies tog (pseud.) 71
Alant, C. 155
Anthony, Frank 241, 296
Anti-Ysterkoei (pseud.) 35
Antonissen, Rob 27, 33, 34, 36, 40, 48, 107, 112, 117, 140
Aucamp, Hennie 112, 146, 158, 159

Barnard, Chris 8, 9, 28, 35, 43, **45-47**, 64, 65, 99, 112, 125, 127, 140, **142**, 143, 144, 148, 158, 180, 181, 189, 201, 202, 205, 221, 285
Barnard, Christiaan 218
Beetge, Gert 103
Bekker, Pirow 40
Belcher, Ronnie 262
Beukes, Gerhard 246
Bibault, Hendrik 71
Biko, Steve 19, 20, 21, 206, 211, 232
Blake, Arthur 174
Blignault, Audrey 150
Blum, Peter 32, 36, 114
Boerneef 81, 106, **108-109**
Bolt, Robert 217
Bond, Edward 217
Booyens, MJ. 133
Boshoff, WG. 195
Bosman, Herman Charles 296
Botha, Danie 35
Botha, Elize 26, 105, 106, 109, 110, 150, 186, 245, 249, 259, 285, 308
Botha, Hardy 260
Botha, PW. 10-12, 24, 60, 198, 209, 212, 222, 223, 246, 263, 274, 309, 310, 319
Botha, Stoffel 256-257, 259
Bouwer, Alba 81, 82
Bouwer, Stephan 133
Brand, John 195
Breytenbach, Cloete 8, 46, 83, 85, 154, 182, 184, 188, 189
Breytenbach, Jan 154, 208, 237
Breytenbach, Kerneels 295
Breytenbach, Velde 70
Breytenbach, Yolande 1, 9, 34, 44, **45-47**, 48, 49, 51, 52, 55, 58, 60, 61, 62, 71, 81, 84, 88, 122, 123, 153, 154, 171, 176, 184, 187, 189, 199, 219, 259
Brink, André P. 2, 7, 14, 15, 17, 26, 27, 28, 31, 32, 33, 34, 36, 37, 38, 40, 47, 48, 49, 51, 52, 55, 59, 62, 68, 71, 83, 84, 86-87, 91, 98, 99, 101, 108, 109, 111, 112, 113, 127, 130, 131, 132, 133, **140-141**, 143, 144, **145**, 146, **147**, 148, 151, 152, 156, 158, 159, 161, 163, 165, 166, 167, 168, 173, 181, **182-184**, 186, 187, 188, 189, **191-194**, 201, **202-205**, 207, 210, 213, 218, 220, 221, 235, 241, 246,

248, 254, 260, 263, 288, 289, 291, 292, 295, 296-297, 302, **305-307**, **308-311**, 313, 314-315, **315-317**
Broodryk, Kalfie 171, 172, 184, 187
Brutus, Dennis 20, 110, 151
Bruwer, Johan 255
Buthelezi, M. 146, 153

Cillié, Piet 51
Cillié, PM. 169, 170, 172, 208
Cilliers, Cecile 171
Cloete, Ronald 54
Cloete, TT. 27, 31, 33, 34, 35, 36, 41, 73, **86-89**, 105, 106, 109, 110, 112, 113, 114, 116, 117, 130, 150, **151-152**, 163, 180, 181, 186, 244, 291, 292, 293, 294, 295, 297, 298
Coates, Ian 290
Coetzee, Ampie 2, 26, 28, 37, 38, 40, 89, 130, **144**, 148-149, 158, 166, 179, 180, 181, 189, 190, 201, 202, **213-214**, 218, 221, 238, 242, 247, 260, 263, 292, 307, 313
Coetzee, Braam 169
Coetzee, C. 309, 314
Coetzee, Hubert 82
Coetzee, JH. 177-178
Coetzee, JM. 231, 287
Coetzee, Kobie 219
Coggin, Theo 248
Combrinck, JGH. 241
Conyngham, John 290, 299
Cope, Jack 2, 8, 12, 98, 127, 144, 176, 182
Cornwell, Gareth 248
Cronin, Jeremy 6, 231, 279, 296
Cronjé, G. 114

Cussons, Sheila 110, 218, 220, 291

Dangor, Achmat 241
Darke, Neill 290
Davies, Robert 10, 17, 18, 20, 57, 64, 88, 96, 153, 157, 207, 209, 210, 211
Dawie (pseud.) 62
De Beer, At 124
De Beer, DFB. 103
De Blank, Joost 93
Degenaar, JJ. 14, 130, 131, 144, 212, 240, 243
De Jong, Cees 8
De Jong, Marcus 169
De Jong, Marianne 6, 260, 303, 304, 306, 310, 311, 312, 313, 317
De Klerk, FW. 25, 61, 240
De Klerk, Jan 45
De Klerk, WA. 20, 57, 58, 93, 146
De Klerk, Willem 13, 14, 23, 24, 25, 124, 154, 174, 178, 196, 200, 221, 235, 240, 252, **253-254**, 282, 309
De Villiers, DP. 14, 144, 159
De Villiers, Etienne 59, 60, 62, 94
De Villiers, Riaan 260, 279, 284
De Vos, Wouter 54
De Vries, Abraham H. 40, 50, 55, 58, 71, 82, 84, 112, 158, 186, 188, 189, **191-194**, 257, 259
De Wet, A. 54
De Wet, AH. 53
De Wet, Reza 235
Dikobe, Modikwe 241
Dippenaar, DP. 262
Dippenaar, MC. 262
Dlamini, Sipho 10, 17, 18, 20, 57, 64, 88, 96, 153, 157, 207, 209, 210, 211
Diederichs, N. 212
Dönges, TE. 51
Dreyer, Lisbie 52
Dreyer, Peter 8, 45, 154, 195
Dreyer, PS. 23
Duncan, Patrick 16, 17
Du Plessis, AP. 52, 54, 71
Du Plessis, HGW. 241
Du Plessis, ID. 106
Du Plessis, LJ. 13
Du Plessis, PG. 107, 110, 112, 129, 158, 181, 221, 262
Du Plessis, Phil 112
Du Plessis, Theo 241, 243
Du Preez, AB. 103
Du Preez, JM. 235
Du Preez, Max 235, 236
Du Plessis, W. 25
Du Randt, WSH. 39, 55-56, 63, 88
Durrant, RB. 51
Du Toit, André 8, 9, 12, 13, 14, 260, 295, 296

Duvenhage, HB. 70
Dworkin, Laurence 169, 170

Een wat nie die beste in ons literatuur is nie, Kroonstad (pseud.) 54
Egan, Anthony 290
Eiselen, W. 12
Eksteen, Louis 129, 181
Eksteen, Riaan 254
Elstob, Peter 218
English Speaking Realist (pseud.) 52
Erasmus, CF. 262
Esterhuyse, Willie 251
Eybers, Elisabeth 40, 106, 110, 111, 112-115, 147, 218

Ferreira, Jeanette 38, 291
Fischer, Bram 13, 18, **90-91**, 143, 182, 183
Fothergill, Malcolm 289
Fox, Grethe 260
Fox, Revel 260
Friedman, S. 15

Galaska, Christian Jean-Marc 96
Galloway, Francis 88, 164, 214, 248, 287, 291
Garbus, Martin 196
Gawie (pseud.) 252
Gawie op K (pseud.) 176
Gerdener, Theo 155
Gerwel, Jakes 64, 73, 221, 241, 242, 249, 263, 295, 308
Geyser, GWP. 35
Giffard, CA. 23, 24
Gilfillan, FR 245
Giliomee, H. 11, 25, 260, 264
Goldreich, Arthur 80
Goosen, Daan 103
Goosen, Jeanne 185, 285, 316
Gordimer, Nadine 98, 218, 290-291, 301
Gouws, Tom 298

Grapow, Jobst 8, 20, 170
Grey, C. 53
Grobbelaar, Blaar 13, 18, 90, 91
Grobler, Hilda 166, 248, 295
Groenewald, Pieter Gerhardus (Lucky) 79, 194, 195
Grové, AP. 27, 35, 40, 73, 87, 99-100, 104, 105, 106, 107, 109, 110, 113, 116, 117, 149, 150, 151, 187, 245
Grové, Henriette 245, 247
Grundlingh, Albert 237

Haasbroek, PJ. 214, 218
Hachter, WA. 23, 24
Hambidge, Joan 299, 306, 309, 316
Haroen, Iman Abdullah 21
Hattingh, Ryk 235
Hendrickse, Allan 254
Henning, Piet 169, 171, 172, 197
Hertzog, Albert 43, 48
Hertzog, Dirk 54
Heyns, Johan 251
Heyns, PJ. 262
Hiemstra, VG. 102, 103, 147
Hugo, DJ. (Daniel) 284, 295, 308-309
Human, Koos 17, 81-82, 83, **84-86**, **99-100**, 312

Jacobs, PA. 262
Jansen, Ena 79, 184, 244
Johl, Johann 186
Johl, Ronèl 28, 40, 86, 89, 102, 141, 146, 147, 205, 212, 213, 304, 308, 313
John, Philip 243, 284, 308, 311
Jonker, Ingrid 8, 27, 28, 32, 106, 109, 191
Jooste, JA. 167
Jooste, JH. 102, 103
Jooste, Marius 188
Jordaan, C. 177
Jordaan, JA. 35
Joubert, D. 59, 60
Joubert, Elsa 34, 146
Joubert, HC. 54
Joubert, Marlise 112

Kannemeyer, JC. 26, 27, 28, 32, 43, 48, 81, 86, 87, 146, 148, 245
Kaptein, Aat 189, **191-194**
Kaspaas (pseud.) 53
Katzew, Henry 140
Kaunda, Kenneth 97, 207
Keet, BB. 13
Keet, Rosa 214, 249
Kellerman, Gawie 316
Kerkorrel, Johannes 235
Kgositsile, K. 20

Khoapa, Bennie 21
Kinghorn, Johann 59, 60, 62, 94
Kleinschmidt, Horst 169, 170
Kneifel, T. 5
Knypie Sout (pseud.) 177
Kok, M. 83
Koornhof, Piet 57
Kotzé, Deon 52
Krause, Otto 23, 128
Kriegler, Johann 195, 197
Krige, Uys 8, 106, 107, 109, 112, 147, 148, 150, 201, 245
Krog, Antjie 221, 251
Kromhout, Jan 31, 32, 33
Kruger, Jannie 164
Kruger, Jimmy 196, 197, 198, 218
Kruger, Koot 83
Kunene, Mazisi 20, 110

La Guma, Alex 98, 151, 217
Lategan, Felix 110
Laurence, Sandra 290
Lazarus, Neil 6, 65, 67, 78, 122, 154, 197, 231, 321
Leatt, J. 5
Lehnberg, Marlene 191
Leipoldt, C. Louis 32, 108, 245
Le Roux, AGV. 53
Leroux, Etienne 27, 28, 31, 44, 81, 83, 98, **102-103**, 109, 112, 127, 129, 140, **141-142**, **143**, 145, 146, 149, 158, 159, 179, 191, 201, 204, 205, 218, 220, 221, 316
Letoit, André 235
Levin, MM. 105
Lewis, Norman 169, 170
Liebenberg, Wilhelm 284, 300, 312, 313, 315, **316-317**
LFW (pseud.) 289, 290
Lijphart, Truida 18, 21, 30, 68, 77, 95, 96, 102, 122, 190
Lindenberg, Anita 26, 187
Lindenberg, Ernst 28, 34, 89, 107, 112, 113,

130, 149-150, **150-151**, 165, 166, 180, 190, 201, 204, 205, 220
Loader, JA. 185, 251
Lochner, LP. 123
Lodge, Tom 15, 18
Loots, FA. 126
Loubser (pseud.) 52, 71
Lourens, P. 54
Louw, Anna M. 262
Louw, Chris 15, 235, 236, 241, 242, 260, 261, 262
Louw, CW. 52, 92
Louw, George 112
Louw, Lionel R. 262
Louw, NP van Wyk 14, 26, 27, 32, 36, 39, 40, 43, 46, 49, 51, 52, 54, 55, 56, 63, 68, **72**, 82, **103**, 107, 113, 117, 152, 175, 201, 221, 308, 311, 321
Louw, PP. 127-128, 145, 156
Louw, WEG. 31, 33, 34, 35, 36, 106, 110, 112, 147, 150, 187
Ludi, Gerard 13, 18, 90, 91
Lumumba, P. 151
Luthuli, Albert 84
Luyt, Louis 249

Machel, Samora 223
MacIntosh, Alan 83
Makhatini, John 19
Mala, AP. 16
Malan, Charles 28, 214, 217, 241, 255, 259, 285, 286, 288, 289, 293, 299, 304, 308, 309, 315
Malan, DF. 7
Malan, Wynand 14, 15
Malcolm X. 151
Mandela, Nelson 16, **18-19**, 84, 142, 143, 182, 218, 223, 279
Mangope, Lucas 206
Marais, Eugène N 32, 243
Marais, HC. 11
Marais, Jaap 103, 177-178
Marais, Johann Lodewyk 294
Marais, PW. 176, 177
Marais, René 309
Marais, S. 123
Maré, Gerry 79, 169
Maree, Johann 157
Martens, Nicholas 170
Martin, Marilyn 281, 286
Martin, MC. 262
Massyn, Peter John 236, 306, 309, 311, 313
Matthews, James 159
Meij, JCP. 28
MER 298
Meyer, Piet 104
Miles, Elza 165
Miles, John 40, 112, 130, 166, 179, 180, 189, 190, 201, 214, 219, 242, 243

Minnaar, Melvyn 115
Mischke, Anne-Marie 235
Modisane, B. 98, 151
Moelich, Gl. 53
Moerdijk, Donald 20
Moodie, T. Dunbar 10, 14
Morand, Charles-Albert 195
Morton, Don 20
Moss, Glenn 169, 170
Mphahlele, Ezekiel 9, 98, 151
MS (pseud.) 298
Mulder, CP. 160, 164
Müller, HCT. 130, 165, 180, 204, 213, 214, 219

Naudé, Beyers 13, **92-93**, 103, 158, 235, 236, 260
Neels Natte (pseud.) 50
Nel, Louis 251
Nel, R. 53
Ngubane, Jordan 16
Nienaber, CJM. 150
Nienaber, PJ. 99, 103, 104, 108, 109
Nkosi, Lewis 20, 83, 98, 110, 143, 151, 217
Norval, Sam 169
Nürnberger, K. 5

Odendaal, André 260
Odendaal, Welma 214, 244
Odendal, FF. 241
Olivier, Fanie 179, 188, 284, 294, 295, 298, 309
Olivier, Gerrit 184, 186, 236-237, 244, 251, 253, 254, 255, 284, 286, 304, **305-307**, **310**, 314, **316-317**
Olivier, NJJ. 25
O'Meara, Dan 10, 17, 18, 20, 57, 64, 88, 96, 131, 153, 157, 207, 209, 210, 211
Ook 'n beoordelaar (pseud.) 44
Opperman, DJ. 31, 32, 36, 40, 43, 48, 55,

81-82, 83, **84-86**, 99, 101, 107, 110, 111, 112, 117, 202, 293, 321
OP Stoker (pseud.) 309
Otto, Johannes 105

Pakendorf, Gunther 299, 300
Pakendorf, Harald 240, 254, 279
Parfitt, Judy 289
Petersen, Patrick 241
Phillips, James 110
Pienaar, GJ. 53, 54
Pienaar, Schalk 23, 106, 125, 128
Pieterse, Petra 255
Pheiffer, RH. 221
Polley, James 40, 129, 130, 144, 145, 146, 169
Pollux (pseud.) 61, 153
Pont, AD. 262
Potgieter, FJM. 133
Pretorius, Gert 53
Pretorius, Jan 53, 71
Pretorius, Réna 131, 240, 245
Pretorius, SJ. 110
Prinsloo, Koos 251, **254-256**, 316
Prinsloo, KP. 241, 282, 286
Purchase, H. 176

Quboza, Percy 211

Raath, Heleen 8
Rabie, Jan 8, 28, 31, 98, 112, 130, 131, 140, 158, 159, 179, 202, 217, 220, 241, 243, 246
Raidt, Edith 34
Randall, P. 13, 92
Reeves, Ambrose 84
Rezelman, Dirk 124-125
Rhoodie, NJ. 11
Richard, Dirk 31, 43, 48, 49, 123, 173
Ries, Alf 194
Riley, Megan 169
Roberts, Sheila 287
Robertson, Ian 95
Robinson, A. 27, 28, 39, 41
Roggeman, Willem, 17, 78, 139
Rohm, Dürten 169, 170
Roodt, Dan 243, 292, 307
Roodt, PH. 40, 189, 292
Rothwell, Dennis 169
Rousseau, Ina 110
Rousseau, Leon **83**, **84-86**, 99

Saayman, Daantjie 101, 179, 188
Schlebusch, AL. 158

Schmidt, Casper 112
Schoeman, BM. 102, 103
Schoeman, CF. 177
Schoeman, Hendrik 253
Schoeman, Karel 109, 141, 146
Scholtz, GD. 12, 23, **50**, 69-70
Scholtz, H van der Merwe 48, 149, 150, **203-205**, 219, 245
Scholtz, J du P. 46, 72, 101, 157
Schoon, Marius 8, 9, 20, 21, 68, 79, 91, 139, 208-209, 210
Schoonees, PC. 37, 133
Schuitema, Barend 19, 170
Schutte, R. 31, 33, 35, 39, 40
Senekal, JH. 241, 243, 246, 303, 313
Serfontein, Dot 246
Serfontein, JHP. 102, 103, 105, 106, 251, 260
Silver, Louise 247
Sisulu, Walter 16
Slabber, Coenie 89, 198, 258, 285
Slabbert, F van Zyl 14, 15, 218, 232, 240, 251, 260, 266
Small, Adam 27, 28, 112, 123, 129, 130, **142-143**, 144, 145, 179, 180, 247
Smit, Bartho 27, 28, 31, 77, 107-108, 112, 140, 141, 142, **143**, 188, **189-190**, 201, 202, 241, 315
Smit, Berta 81
Smith, Julian F. 104, 115, 247, 255
Smuts, Dene 254
Smuts, J. 107
Smuts, JP. 288, 289
Snyman, Henning 293, 294, 295, 308
Snyman, Lydia 245
Snyman, NJ. 28, 30
Sobukwe, Robert 16, **17-18**, 190
Sole, Kelvyn 281
Sonn, Franklin 260
Spies, Lina 84, 165, 251
Spies, Jan 165
Spies, Johan 81
Stander, HL. 40
Steenberg, DH. 28, 29, 30, 133, 141-142, 180, 214
Steenkamp, Conrad 236

Stefaans (pseud.) 35
Stellenbosse Student (pseud.) 159
Steyn, JC. (Jaap) 2, 8, 31, 130, 131-132, 141, 146, 152, 165, 178, 181, 202, 212, 240
Steytler, Klaas 81, 82
Stockenström, Wilma 249, 291
Stofberg, Louis 241
Stofberg, PA. 106
Strachan, Alexander 284
Straf regverdig (pseud.) 176
Strauss, HJ. 70
Strauss, Peter 214
Strydom, Hans 153, 213
Suttner, Raymond 211
Suzman, Helen 59-60, 218
Swanepoel, FB. 54
Swanepoel, Jan 217

Tambo, Oliver 16, 19
Tapscott, Michael 8
Teoloog (pseud.) 255
Terblanche, G. 53
Terblanche, HJ. 98, 102, 103, 115
Themba, Can 98, 151
Thom, HB. 104
Thomas, Gladys 159
Timol, Ahmed 21
Tip, Karel 169, 170
Toerien, Barend 300
Toffoli, Hilary Prendini 235, 237
Treurnicht, AP. 23, 68, 84, 103, 124, 174

Uys, Jamie 51
Van As, Jurie 51, 54
Van de Rheede, Ikey 285
Van den Heever, Randall 260
Van der Merwe, A. 177
Van der Merwe, Annari 39, 41, 99, 100, 186, 293
Van der Merwe, PP. 168
Van der Merwe, Schalk 184
Van der Post, Laurens 83
Van der Ross, R. 241
Van der Spuy, Manie 128-129
Van der Vyver, Johan 166
Van der Walt, PD. 107, 110, 111, 148, 186, 188
Van der Westhuizen, Jan 263
Van der Westhuizen, Vincent 52
Van Dis, Adriaan 99, 100, 101, 184, 196, 221, 232, 238
Van Heerden, AL. 53
Van Heerden, Ernst 32, 35, 36, 112, 113-114, 147, 187, 254
Van Heerden, Etienne 249, 285, 316

Van Heerden, Willem 48-49, 58, 253
Van Jaarsveld, FA. 8, 9, 23, 93, 97, 155, 207, 209, 210, 211, 212, 213
Van Jaarsveld, JWF. 169
Van Marissing, Lidy 120
Van Niekerk, Marlene 244
Van Reenen, Rykie 105-106, 125, 178, 180, 198, 199
Van Rensburg, FIJ. 31, 33, 35, 36, 39, 40, 43, 109, 114, 115, 165, 167, 180, 181, 184, 185, 186, **202-205**, 255, 293, 294, 315
Van Rensburg, Manie 260
Van Rensburg, MCJ. 241, 282
Van Rensburg, Nellis 54
Van Rensburg, Tina 34
Van Rooy, CA. 110, 150
Van Rooyen, JCW. 169
Van Schoor, AM. 49, 50, 69, 103, 107, 124
Van Schoor, Marthinus 51
Van Wyk, Andries 208
Van Zyl, Anna 31, 213
Van Zyl, Ia 145, 313
Van Zyl, Irna 255
Venter, FA. **191-194**, 262
Venter, LS. 309
Venter, Pieter 31, 54
Vergunst, Nicolaas 281, 285
Verschoor, T. 169
Verster, JR. 34, 41
Verwoerd, HF. **9**, 10, **13**, 43, 44, **57**, 67, 69, 93, 102, 103, 153
Viljoen, Gerrit 87, 282
Viljoen, Hein 291, 292, 298, 299
Viviers, Jack 8, 9, 20, 21, 68, 79, 85, 91, 121, 138, 140, 169, 170, 171, 172, 182, 187, 188, 189, 194, 195, 196, 207, 209, 210, 218
Vorster, AF. 278
Vorster, BJ. **10**, **13**, 23, 75, **81-82**, 93, 94, 95, 102, 103, 154, 168, 169, 196, 206, 207, 209, 212, 237

Vorster, JD. (Koot) 37, 60, 103, 133, **184-185**

Wallace, Marjorie 8
Walt, Vivienne 321
Walters, MM. 110, 123
Walzer, Michael 19, 65, 67, 68, 231, 233, 266, 268, 269
Weideman, George 41, 87, 88, 98, 284
Weiss, Himne 103
Weiss, PFD. 37, 103, 104, 133
Welz, Martin 182, 187
Wentzel, E. 195
Wepener, WJ. 24, 122
Wiehahn, Rialette 253, 255
Wilkens, Ivor 213
Willemse, Hein 240, 241, 242, 313
Williamson, Andrew 195
Wolpe, Harold 80
Worrall, Denis 14

Ysterkoei (pseud.) 54, 70
Young, Gordon 169
Yutar, Percy 168, 169, 172, 197

Sakeregister

Aanhouding 17, 21, 57, 74, 90, 95, 96, 98, 156, 160, 169, 173, 182, 184, 211
And death as white as words 168
Afrika 68, 121, 125, 136, 145, 146, 206, 207, 209, 214, 221, 232, **233-234**, 241, 242, 252, 273, **283**, 286, 303, 309
Afrikaans 2, 6, 25, 50, 55, 66, 68, 71, 73, 87, 88, 91, 104, 106, 113, 114, 120, **121-122**, 123, 124, 126, 127, 128, **129-132**, 134, 136, 137, 146, 149, 151, 152, 155, 160-161, 171, 175, 176, 177, 179, 181, 184, 185, 191, 192, 200, 201, 203, 204, 210, 212, 213, 214, 215, 216, 220, 226, 232, 233, 236, **238-244**, 252, 263, 267, 268, 278, 282, 284, 285, 286-287, 295, 296, 298, 301, 304, 309, 311, 312, 313, 317, 319, 321, 322
Afrikaanse literatuur sedert Sestig, Die 87, 89
Afrikaanse Skrywersgilde, Die 166, 168, 179, 201, 214, 217-218, 220, 241, 242, 247, 257, 259, 260, 262, **284-285**, 308, 309
Afrikaanse Skrywerskring, Die 166
Afrika-nasionalisme **16**, 76, 230, 263, 264
Afrikaner(skap) 1, 6, 8, 10, 13, 15, 18, 20, 23, 24, 49, 50, 52, 55, 56, 59, **64-69**, **69-73**, 78, 87, 88, 90, 92, 101, 103, 104, 108, 113, 116, 117, 123, 124, 125, 126, 127, 128, 129, 131, 133, 139, 140, 142, 143, 146, 152, 154-155, 158, 160, 161, 173, 174-175, 177-178, 185, 187, 199, 201, 203, 204, 211, 212, 214, 215, 223, **231-238**, 245, 250, 251, 255, 260, 261, 262, 263, 264, 267, 268, 276, 277, 278, 279, 283, 286, 287, 290, 295, 298, 302, 304, 309, 311, 312, 313, 319, 320, 322
Afrikaner, *Die* 102, 103, 123, 167, 177, 198, 199, 235, 247, 252, 253, 254, 255, 257

Afrikaner-nasionalisme 4, 7, 8, 14, 20, 55, 59, 72, 88, 104, 111, 127, 131, 149, 150, 153, 154, 161, 175, 194, 236, 243, 247, 249, 263, 321
Afsonderlike ontwikkeling **9-10**, 12-13, 24, 55, 58, 90, 128, 134, 155, 206
Agitator, Die 98
Alliansie 211, 213, 230, 254, **277**, 285, 308, 318
Alternatief 6, 15, 18, 24, 52, 120, 136, 160, 161, 162, 176, 195, 207, 215, 222, 224, 225, 226, 227, 228, 230, 237, 239, 242, 262, 267, 273, 281, 283, 296, 310, 313, 314, 315, 316, 320
Alternatiewe Afrikaans **241-242**, 285, 308, 321
Alternatiewe Afrikaners 73, **235-237**
ALV (Afrikaanse Letterkundevereniging) 258, 259-260, 307, 308, 313
Amandla ngawethu 241
Anargisties 5, 174, 193, 229, 280, 312
ANC (African National Congress) 5, **16-22**, 75, 76, 79, 80, 84, 90, 95, 151, 169, 170, 197, 199, 200, 210, 223, 226, 229, 230, 234, 257, 260, 261, 262, 263, 264, 265, 274, 281, 284, 314, 315, 317, 318
Angsland 241

Anti-apartheidsorganisasies 20, 74, 80, 81, 105, 151, 217, 218
APB (Afrikaanse Pers Beperk/Boekhandel) 22, **23**, 28, 32, 34, 47-50, 53, 74, 80, 83-84, 99, 106-107, 123, 186, 188
APB-prys 1, 31, 37, **43-44**, 45, 47, 53, 57, 91, 117, 186, 193
Apocrypha 110
Apokalipties 78, 229, 312
Argekrobaat 110
Argus, The 257, 258
Aspekte van die nuwe prosa 99
Atlas 19, 79, 170

Baasskap **8-9**, 12, 58, 63, 77, 90, 125, 146, 161, 250, 276, 320
Balling/Banneling(skap) 9, 16, 18, **19-20**, 21, 32, 34, 55, 61, 62, 65, 67, 68, 75, 91, 120, 122, 123, 127, 143, 159, 161, 171, 211, 260, 273, 280
BCP (Black Community Programme) 20, 21, 157, 158
Beeld 24, 43, 62, 77, 86, 99, 164, 165, 168, 169, 173, 176, 177, 182, 185, 188, 189, 190, 194, 195, 202-205, 207, 217, 219, 221, 222, 246, 249, 250, 252, 255, 257, 258, 260, 261, 262, 263
Beeld, Die 23, 101, 105, 106, 107, 108, 140
Betrokkenheid 34, 41, 67, 79, **87**, 88, 89, 129, 133, 135, **138-140**, **140-147**, 151, 153, 155, 156, 161, 162, 166, 167, 179, 180, 182, 186, 196, **202-205**, **213-215**, 216, 220, 227, 236, 260, 266, 269, 279, 280, 284, 302, **303**, 304, 308, 314, 315, 317, 320
Bevryding 80, 138, 194, 209, 225, 230, 234, 240, 241, 243, 244, 250, 261, 262, 265, 284, 322
Bevrydingstryd 10, 12, **15-22**, **74-80**, 80-90, 132, 135, 139, 160, 215, **225-231**, 239, 241, 261, 266, 276, 286, 290, 309, 318, 322
Black Sash 94
Blomskryf 38, 319
Boek (deel 1) 272, **299-300**
Boikot 21, 46, 133, 137, 160, 276, 309
Bolt 127
BOSS (Buro vir Staatsveiligheid) **95-97**, 150, 154, 207, 208
Broederbond 12, 13, 86, 88, 92, 102, 104, 116, 127, 131, 150, 213, 245, 250
Broederbondstuk **86-89**, 102, 116, 152, 180
Buffalo Bill 291, **294-295**
Buite-parlementêr **11-12**, 15, 21, 22, 263, 281, 321
Buren 28, 34, 85, 99, 100, 101, 188
Burger, Die 1, 8, 9, 18, 22, **23**, 24, 27, 34, 44, 46, 47, 49, 50-52, 53, 54, 55, 57, 58, 59, 60, 62, 63, 64, 65, 69, 71, 72, 73, 75, 76, 80, 81, 82, 83, 84, 86, 87, 91, 92, 94, 101, 103, 108, 109, 111, 112, 121, 123, 125, 126, 128, 140, 146, 150, 157, 158, 159, 164, 165, 168, 169, 171, 174, 175, 177, 182, 189, 191-194, 200, 201, 211, 212, 217, 219, 241, 242, 246, 252, 254, 256, 257, 258, 259, 262, 279, 285, 320
Burgeroorlog 229, 256, 275
Burgerskap 59, 93, 123, 176, 206, 225, 232, 258, 268, 321
Burokraties 8, 78, 131, 204, 253, 308
Buurman 130, 152

Calvinisties 97, 118, 154, 177, 309
Cape Times, The 12, 145, 158, 217, 218, 232

CASA (Culture for Another South Africa) 281
Christelik 9, 33, 38, 68, 71, 75, 86, 92, 118, 123, 126, 133, 149, 166, 167, 236, 262, 301, 310
Christelike Instituut 13, 21, 92, 158, 170, 197, 211
Christelike Kultuuraksie (CKA) 98, 102, **103**, 133, 167
Citizen, *The* 260
Contrast, 1
Cottesloe-beraad 13, 92
COSATU (Congress of SA Trade Unions) 15, 281
COSAW (Congress of South African Writers) 281, 285
Coloured People's Organization 16
CNA-prys 17, 74, **81-83**, 94, 105, 110, 113, 114, 115, 193, 294
CP van der Hoogtprys 120, 164
Culemborg-Uitgewers 191

Dagboek van 'n verraaier 131, 141, 202, 212
Dagbreek en Sondagnuus/Dagbreek en Landstem

1, 23, 31, 32, 43, 44, 45-46, 47, 48-49, 52, 53, 54, 55, 58, 60, 70, 72, 74, 75, 80, 81, 83, 99, 103, 106, 108, 109, 110, 121
Daily News, The 62, 110, 112, 179
Dakar-beraad 6, 15, 22, 257, **260-264**, 285, 314
David Philip 168
Dekonstruksie 287, 288, 296-297, 299, 300, 303, **304-307**, 316
Demokraties 6, 11, 15, 19, 21, 68, 80, 121, 129, 132, 157, 158, 159, 160, 212, 214, 221, 225, 226, 228, 229, 230, 235, 236, 239, 242, 243, 244, 247, 251, 252, 253, 256, 261, 262, 263, 264, 266, 274, 275, 281, 284, 285, 287, 304, 315, 317
Demokratiese beweging 14, 15, 21, 282, 308, 317, 318, 321
Demokratiese Party (DP) 15, 155, 235, 282
Détente 154, 169, 173, 182, 183, 203, **206-208**
Deurbraak 76, 84, 135, 159, 160, 221
Deur grens en tyd 88
Dialoog 9, 97, 137, 155, 156, 160, 207, 226, 230, 262, 268
Digby Vergenoeg 84
Diskoers 3, 6, 73, 80, 89, 122, 123, 131, 132, 139, 140, 163, 178, 192, 213, 215, 225, 231, 236, 238, 240, 242, 255, 257, 260, 299, 301, 303, 306, 308, 310, 311, 312, 317
Dissidensie 10, 13, 57, 89, 90, 91, 92, 93, 95, 97, 98, 115, 156, 158, 166, 206, 220, 224, 247, 249, 256, 301, 302
Distrik Ses 58
Dogma(ties) 6, 78, 230, **274-275**, 279, 305, 318
Donderdag of Woensdag 214
Donga **214-215**, 315
Dwaal 43
Dwaalstories 243

Eastern Province Herald 61, 218, 263
ECC (End Conscription Campaign) 251, 279, 280, 311, 321
Edms. Bpk 110
Een-en-twintig 31
Een plus een 81
Eklips **291-292**
Eksistensialisties 28, 32, 146, 298, 300, 301, 302, 309
End papers **298-299**, 311
Excelsior 60, 62

Faber & Faber 300
FAK 13, 102, 104, 127, 131, 250, 252, 308
Fascisties 121, 264, 275
Financial Mail 206
Formalisme 37, 40, 144
Freedom Charter **16**, 21, 230
Front Line 282

Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans 102, 103
Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 86
Geweld 4, 12, 18, 68, 75, 76, 79, 84, 85, 86, 87, 119, 121, 152, 160, 170, 171, 178, 183, 189, 191, **192-193**, 194, 205, 206, 208, 212, 214, 224, **228-229**, 231,

234, 236, 237, 242, 261, 262, 263, 264, 268, 277, 278, 308-309, 311, 315, 318, 321
Groep-identiteit 4, **9-10**, 11, 24, 50, 52, 53, 55, 56, 57, 59, 63, 68, 69-70, 71, 80, 93, 105, 110-111, 117, 118, 119, 120, 124, 125, 127, 128, 131, 137, 139, 141, 145, 148, 151, 154, 156, 160, 161, 174, 175, 176, 177, 182, 192, 199, 200, 201, 207, 209, 210, 211, 212, 213, 214, 215, 222, 235, 239, 241, 242, 247, 254, 264, 265, 266, 267, 276, 278, 282-283, 290, 301, 318
Groep (literêre) 125, 140, 175, 202, 212, 213, **214-215**, 216, 263, 286, 300, 304, **307-308**, **315-318**, 319, 322
Groot verseboek 309

Handhaaf 252
Hegemonie **4**, 7, 13, 22, 50, 63, 65, 66, 87, 89, 117, 155, 230, 241, 247, 268, 282, 315, 320, 321
Hemel help ons, Die **254-255**
Herstigte Nasionale Party (HNP) 10, **23**, 60, 61, 62, 155
Hertzoggroep 23, 103-104, 105
Hertzogprys 28, 30, 37, 84, 89, 102-103, **105-109**, **109-115**, 116, **147-152**, 162, 163, 164, 180, 204, **244-247**, 256, 294, 313
Hervorming (beleid) 6, 10, **11-12**, 14, 23, 24, 25, 48, 62, 77, 93, 120, 121, 135, 144, 158, 159, 183, 203, 211, 215,

220-221, 225, 230, 231, 235, 236, 237, 240, 241, 242, 254, 256, 268, 281, 282, 284, 285, 307, 308, 310, 313, 317, 318, 319, 320
Hoofstad 23, 76, 84, 103, 109, 110, 111, 113, 123, 124, 126, 148, 149, 151, 173, 174, 179, 181, 184, 185, 188, 200, 206, 220, 221, 247
Huisgenoot, (Die) 8, 9, 26, 30, 33, 35, 45, 46, 47, 64, 65, 82, 99, 125, 127, 208
Humanitêr (Humanisme) 5, 33, 67, 73, 121, 122, 129, 146, 167, 177, 183, 191, 202, 220, 226, 257, 259, 260, 269, 283, 292, 296, 297, 309, 310, 313, 317
Human & Rousseau 27, 34, 48, 82-83, **84**, **99-100**, **101**, 309
Huis van die dowe, Die **34**, 75, 81-82, **100-101**

IDASA (Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief) 12, 14, 22, 260, 261
Ideologie 3, **4-6**, 8, 9, 10, 13, 15, 31, 42, 47, 48, 49, 53, 54-55, 64, 72, 80, 85, 87, 88, 90, 91, 92, 93, 98, 102-103, 104, 105, 107, 109, 113, 115, 116, 117, 118, 119, 122, 130, 131, 133, 136, 140, 141, 142, 143, 145, 146, 149, 151, 152, 153, 154, 157, 160, 161, 162, 165, 166, 167, 173, 175, 181, 182, 194, 196, 204, 205, 209, 213, 216, 224, 226, 230, 231, 239, 240, 241, 242, 244, 246, 247, 248, 249, 251, 252, 254, 255, 256, 259, 260, 261, 265, 269, 274, 278, **280-281**, 284, 287, 295, 300, 301, 303, 304, 308, 311, 313, 316, 317, 318, 319, 320, 321, 322
Ideologiekritiek 4, 279, 287, 300, 304, 307, 311, 312, 313, **315-317**
Indian Congress 16
Inligtingskandaal 10, 206, 212, 245
Insig 235, 241, 254
Inspan 213, 214
Intellektueel **4**, 6, 7, 11, **12-15**, 20, 47, **53-54**, **57-58**, 63, 66, 75, 78, 128, 129, 130, 131, 132, 135, 136-137, 140, 155, 157, 161, 202, 212, 213, 215, 220, 221, 225, 231, 234, 235, 236, 240, 243, 254, 256, 260, 262, 265-266, 281, 301, 307, 308, 312, 313, 318, 320, 321, 322
Intertekstualiteit 287, 292, 293, 294, 298, 303, 316
Ivoortoring 7, 37, 39, 40, 136, 144, 213

JODAC (Johannesburg Democratic Action Committee) 251, 279, 280, 311, 321
John Malherbe-Uitgewers 48
Judas eye **300**, 312, 315

Kandidaat, Die 99
Kanoniseer 28, 37, 43, 55, 63, 117, 215, 216, 246, 259, 260, 286, 303, 321
Kapitalisties 4, 9, 11, 37, 76, 153, 207, 211, 237, 304, 308
Katastrofes **31**, 38, 41, 44, 99, 187
Kat, *De* 235, 240, **315-317**
Kennis van die aand 88, 89, 147, 148, 159, 166, 167, 188, 213
Kêrel van die Pêrel, Die 245
Kerkbode, Die 30
Kitaar my kruis 27
Klasseverdeling 11, 41-42, 59, 76, 79, 115, 119, 120, 122, 135, 136, 137, 138, 153, 156-157, 161, 209, 210, 237, 240, 242, 265, 266, 276, 277, 279, 281, 283, 317
Kliptown **16**
Kol (-debat) 84, 101, 108, 134, **140-144**, 161, 180, 213, 315
Koloniaal 137, 207, 209, 224, 237, 243

Komas uit 'n bamboesstok 293
Kommunisties 5, 18, 71, 74, 80, 81, 84, 90, 92, 94, 96, **97-98**, 103, 105, 107, 115, 133, 158, 168, 177, 179, 180, 185, 192, 200, 206, 208, 212, 222, 263, 274, 278
Kompromie 227, 234, 248, 277, 278, 309, 314, 316, 318
Konformeer 137, 154, 174, 280
Konserwatief 4, 24, 50, 63, 73, 103, 110, 123, 147, 156, 166, 173, 177, 238, 249, 260
Konserwatiewe Party (KP) 23, 62, 253
Koöptering 6, 95, 161, 162, 216, 222, 238, 242, 308, 320, 321
Kouevuur 34, 37, 101-102, 110, 140, 181, 305
Kriterium 43
Kritiek (Literêr) 26, 27, **144**, **216**, **287**, 297, **303-304**, 307, 313, 321
Kruis of munt 147
Kultuur 3, 4, 5, 13, 14, 51, 54, 55, 66, 67, 72, 73, 75, 87, 88, 89, 98, 108, 112, 113, 116, 117, **118-120**, 127, 128, 129, 130,

131, 132, 134, 135, 137, 142, 143, 149, 159, 160, 167, 173, 175, 179, 180, 181, 187, 203, 213, 215, 216, 224, 225, 228, 230, 231, 232, 233, 234, 238, 239, 241, 243, 244, 245, 246, 260, 263, 265, 266, 267, 276, 277, 279, **281-286**, 301, 303, 304, 312, 313, 319, 322

Legitimiteit 9, 19, 76, 89, 131, 176, 194, 195, 225, 229, **237-238**, 250, 264, 307
Lesers (-publiek) 2, 3, 4, 6, 7, 24, 27, 29-31, 31, 34, 40, 41, 49, 51, 52-56, 59, 60, 63, 70-73, 84-87, 108, 115, 116, 123, 126-129, 139, 144, 148-149, 151, 152, 163, 165, 167, 175-178, 178-182, 184-186, 201-202, 213, 247, 262, 286, 303, 304, 305, 310, 319, 320
Letterkundige Kommissie 105, 108, 110, 111, 115, 147, 149, 150, 151, 152, 245
Leverkussen-beraad 264
Lewendood 37, 291, **297-298**
Liberaal (Liberalisme) 1, 4, 8, 9, 10, 11, 13, 16, 23, 24, 47, 50, 52, 54, 70, 90, 95, 98, 103, 104, 126, 127, 128, 154, 155, 156, 161, 167, 178, 192, 198, 218, 223, 226, 235, 236, 246, 247, 248, 249, 258, 262, 264, 274, 276, 285, 301, 302, 309, 311, 312, 317, 320
Liberale Party 16, 94
Literatuuropvatting 3, 4, 7, 26, 27, **28-29**, **30-31**, 33, 36, **37-42**, 52, 54, 64, 86, 87, 88, 89, 90, **103**, 104, 115, 116-117, 132, 133-134, 140, 141, 143, 152, 161-162, 166, 173, 180, 181, 196, 201, 202, 205, 213, 216, 242, 256, 259, 260, 270, 281, 283, 287, 300, 303, 304, 305, 314, 315, 316, 318, 320
Lobola vir die lewe 27, 28, 98
Lojale verset 73, 103, 120, 162, 174-175, 201, 204, 205, 216, 254, 260, 308, 311
Lotus 34, 102, 110, 120, 164, 167
Luytprys 249, 294

Mag(struktuur) 10, 11, 76, 77, 78, 80, 96, 97, 118, 120, 121, 135, 137, 138, 143, 154, 156, 159, 160, 161, 162, 175, 184, 199, 201, 203, 206, 207, 208, 209, 215, 220, 221, 222, 223, 224, 225, 227, 228, 230, 231, 234, 235, 237, 239, 243, 248, 252, 256, 261, 263, 264, 265, 274, 275, 281, 283, 301, 304, 310, 316, 317, 319, 321
Magersfontein o Magersfontein! 213
Maoïsme **5**
Martelaar 173, 181, 198, 200, 258, 274, 302
Marxisties (Neo) **5**, 11, 16, 78, 144, 208, 223, 262, 303, 304, 307, 312, 313, 317
Massa (-optrede/-organisasie) 10, 17, 18, 21, 76, 90, 131, 153, 157, 160, 185, 210, 215, 222, 234, 263, 265
MDM (Mass Democratic Movement) 317
Meningsvormers 5, 27, 87, 161, 213, 240, 248, 282, 285, 319
Metamorfose 33, 271-272, 283, 288, 299
Met ander woorde 34, 147, 148
Meulenhoff-Uitgewers 34, 163, 190
Militant (Militêr) 10, 15, 16, 19, 21, 57, 66, 75, 77, 78, 89, 97-98, 132, 142, 151, 160, 170, 185, 192, 206, 207-208, 209, 210, 211, 212, 222, 223, 224, 228, 232, 253, 302
Miskien nooit 99
Mobiliseer 131, 226, 270, 282, 285, 314

Mouroir **288-291**, 296

Naggesprek 147
Nasiebou 15, 264, 283
Nasionale Party (NP) **7-12**, 13, 14, 16, 22, 23, 24, 25, 43, 57-58, 59, 60, 62, 63, 93, 102, 104, 124, 127, 131, 153, 155, 176, 203, 206, 210, 212, 218, 221, 222, 235, 240, 243, 245, 250, 253, 254, 257, 282, 301, 309, 312
Nasionale Pers **22-23**, 50-52, 82, 84, 105-106, 164, 173, 200, 243, 254, 257, 309
Natuur 5, 44, 66, 233, 287, 293, 294, 298
Naziïsties 94, 108, 275
NDB (Nuwe Demokratiese Beweging) 15, 22
NECC (National Education Crisis Committee) 15
New Criticism 37
New Review, The 182, 183
New Nation 281
News/check 23
NG Kerk 8, 13, 61, 70, 92, 98, 155, 184
Nico Malanteater 58, 154, 209
Nihilisme 125, 133, 302

Noodtoestand 11, 14, 17, 22, 156, 196, 244, 256, 257, 284, 310, 314
Noorderlig, *Die* 141
NRC Handelsblad 174, 182, 184, 187, 196, 221, 232, 238, 240
NUSAS 94, 95, 158-159, 196
Nuwe Bedeling **11-12**, 25, 62, 209, **220-225**, 240, 245, 251, 318, 319
Nuwe Paradigma 255, 303, 304, 307, 315, 318
Nuwe Republiek Party (NRP) 61, 62

Objektiwiteit 40, 135, 149, 182, 205, 209, 250, 297, 303, 311
Oggendblad 129, 148, 149, 158, 164, 168, 173, 175, 176, 179, 187, 188, 196, 219
Okhela 19-20, 21, 79, 80, 169, 170, 194, 195, 199, 200
Onderdak 110, 115
Ondergrondse politiek 80, 90, 95, 165, 169, 170, 195, 197, **226-228**, 265, 270, 296, 318, 319
Onderhandeling 6, 11, 12, 15, 22, 25, 229, 231, 236, 260, 261, 262, 263, 264, 282, 318
Oop gesprek 10, 23, 27, 80, 126, 140, 229, 260, 277, 285, 308, 313, 318
Oorblyfsels 34, 101-102, 163
Oosterlig 61, 114, 168, 171, 172, 196, 219, 252
Om te vlieg 34, 46, **99-100**
Op die flottina 81
Ope briewe 34, **84-85**, 211, **309-310**
Operation Mayibuye 18
Orgie 48
Ortodoksie 275, 279, 280, 281, 318
Outonomisties 2, 4, **29**, 30-31, 36, **37**, 38-39, 40, 42, 55, 71, 85-86, 87-89, 98, 116-117, 134, 135, 141, **143**, 144, **146-147**, 152, 161, 162, 167, **202-205**, 213, 216, 255, 303, 304, 308, 311, 312, 315

PAC (Pan Africanist Congress) **16-18**, 20, 75, 90, 151
Paradoks **33**, 139, 142, 225, 256, 276, 298
Paternalisties 160, 266, 267, 274
PEN 217, 218, 222, 229, 238, 265, 267, 276
People 225, 228, 230, 233, 234, 265, 266, 267, 274, 275, 281, 286, 318
Pers 3, **22-25**, 27, 43, 47-52, 56, 57, 60, 61, 62, 63, 69-73, 74-75, 80-81, 83-84, 87, 91, 104, 105-107, 110-111, 116, 122-126, 147-148, 153-154, 155, 156, 160, 161, 163-164, 173-175, 184, 188, 196, 198-201, 207, 208, 211, 216, 218, 219, 221, 237, 241, 245, 246, 251-252, 254, 257-258, 260-261, 262-263, 285, 295, 301, 320
Perskor 22, 23, 164, 173, 184, 188, 189, 190, 199, 257
Perskorprys 184, 186
Perspektief en profiel 99
Plektrum 110
Pluimsaad waai ver, Die **103**
Poësie en politiek 41, 213, 242
Polarisering 159, 201, 210, 213, 214, 252, 253, 267, 286, 301, 320
Polisie/staat 75, 76, 224, 310
Postmodernisties 300
Post-strukturalisties 303, 306
Poqo **18**

Pragmaties 6, 10, 11, 12, 23, 25, 153, 155, 161, 230, 231, 235, 239, 308, 310, 320, 321
Pretoria News 61, 62, 197, 217, 222, 232, 256, 257, 260
Progressief 67, 135, 154, 156, 158, 235, 236, 237, 241, 242, 279, 284
Progressiewe Federale Party (PFP) 9, 15, 59, 61, 62, 64, 301
Propaganda 133, 136, 141, 146, 208, 215, 254, 258, 259, 264, 270, 277, 278, 310, 318
Proses 230, 234, 266, 271, 283, 305, 318
Pro Veritate 92
Pryse 10, 22, 47, **115-116**, 117, 119, 150, 152, 180, 187, 193, 218, 256, 320, 321
Publikasieraad 28, 99, 102, 106, 113, 116, 142, 149, 167, 188, 284

Radikaal 3, 4, 6, 9, 11, 12, 14, 16, 17, 27, 30, 31, 57, 62, 65, 67, 76, 90, 117, 121, 143, 162, 163, 175, 183, 184, 203, 205, 213, 214, 216, 231, 234, 235, 243, 259, 263, 279, 285, 286, 287, 301, 303, 304, 307, 308, 311, 312, 313, 314, 315, 319, 320, 322
Rand Daily Mail 18, 103, 173, 218, 291
Rapport 24, 58, 60, 61, 76, 86, 87, 89, 111,

114, 122-123, 124, 125, 126, 129, 130, 146, 147, 149, 150, 153, 155, 163, 164, 165, 172, 173, 174, 176, 178, 179, 180, 181, 182, 183, 185, 186, 187, 188, 189, 198, 202-205, 219, 220, 221, 224, 225, 226, 228, 229, 232, 234, 239, 241, 245, 246, 248, 249, 250, 251, **252-254**, 256, 258, 260, 262, 265, 266, 268, 270, 271, 272, 274, 275, 277, 278, 280, 285, 286, 292, 297, 300, 301, 303, 307, 309, 313, 314, 315, 317
Rapportprys 228, 231, 234, 236, 238, **249-256**, 258, 268, 278, 294, 307, 311, 313, 320
Raster 101
Reaksionêr 22, 67, 145, 231, 236, 242, 284, 302, 319
Reina Prinsen Geerligsprys 75, 82, 193
Repressiewe/verdrukkende verdraagsaamheid 247, 307, 318, 320
Resepsie, 1, 27, **29-31**, **31-34**, **34-37**, 38, 40-41, 64, 100, 163, **186-187**, **188-189**, 213, 271, **286-300**, 303, 305, 312
Resepsie-estetika 300, 303, **304**, 308
Retoriek 276, 277
Rewolusionêr 5, 6, 11, 18, 36, 37, 66, 68, 76, 77, 78, 79, 80, 87, 88, 89, 119, 120, 121, 133, 135, 138, 143, 152, 158, 169, 170, 173, 174, 175, 176, 183, 191, 194, 199, 205, 218, 219, 221, 227, 228, 229, 230, 231, 234, 239, 241, 252, 265, 268, 269, 274, 276, 277, 282, 290, 313, 316
Rivonia 15, 18, 19, 57, 80
Robbeneiland 18-19, 21, 190, 192, 193, 311
robbeneiland my kruis my huis 241
Romanties 136, 171, 227, 233, 235, 288, 299, 300, 302, 314
Rook en oker 27

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns 13, 37, 44, 73, **102-104**, 105, 106, 107, 109, 110, 111, 114, 116, 147, 148, 149, 150, 151, 152, 165, 179, 243, 244, 245, 246, 250, 308
Saamstaan 242
SABRA 12, 13
SA Digest 98, 262
SAIRR (South African Institute of Race Relations) 57, 93, 94, 95, 158, 206, 210, 211
SARS (Southern African Research Service) 11, 256
SASO (South African Students' Organization) 20, 21, 157, 158, 159, 182
SAUK 154, 184, 203, 243, 254
SAVAL (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap) 317
SAYC (South African Youth Congress) 15
Sechaba 76, 84
Seisoen in die paradys, 'n 18, 21, 34, 66, 68, 77, 95, 96, 136, 184, **187-190**, 269, 318
Semiotiek 3, 287, 292, 293, 303
SENSAL (Sentrum vir SA Letterkundenavorsing) 308
Sensuur 10, 22, 28, 34, 38, 88, 89, **98-99**, **99-102**, 104, 113, 115, 116, 119, 137, 138, 142, 146, 147, 149, 150, 159-160, 162, **163-169**, 181, 184, 187, 188, 190, 203, 211, 214, 215, 243, **247-249**, 274, 278, 284, 297, 302, 304, 318, 320
Sê sjibbolet 27
Sestig(ers) 2, 7, 14, **17**, 23, **26-42**, 49, 52, 53, 54, 55, 58, 71, 73, 74, 82, 84, 87, 89, 98, 103, 104, 109, 120, 122, 123, 125, 127, 128, 129, 132, 133, 134, 136, 140, 141, 143, 144, 145, 156, 161-162, 173, 203, 216, 301, 302, 316, 320

Sestiger 28, 39, 132, 134
Sewe dae by die Silbersteins 27, 28, 30, 44, **102-103**, 107, 109, 213
Sharpeville 1, 13, **16-17**, 18, 57, 90, 92, 156
Simbolisme 38-39, 299
Sisteem (literêre) **3-4**, 115, 116-117, 140, 186, 214, 215-216, 287, 303, 304, 308, 314, 319, 320, 321
Sisteem (politieke) 119, 121, 135, 159, 161, 162, 222, 224, 231, 235, 236, 242, 253, 256, 296, 304, 309, 314, 319, 320, 321, 322
Sizwe Banzi is dead 77
Skrywerstaak/rol 1, 15, **28**, **30**, 38, **39-42**, 73, 78-79, 87, 108, 121, 126, **132-140**, 141, 143, 144, 161, 164, 166, 177, 181, 184, 213, 215, **264-281**, 283, 310, 312, 314
Solidarité 19, 95
Somerskool (Kaapstadse/Sestiger) 47, 73,

76-77, 120, 121, 122, **123-129**, 131, 136, **144-146**, 154, 156, 158, 161, 173, 176, 240, 250, 320
Sosialisties 5, 6, 75, 76, 119, 225, 230, 261, 274, 280, 313
Soweto 20, 68, 131, 157, 161, 207, 209, **210-211**, 212, 214, 215, 232, 245, 265, 267, 294, 308, 317
Spits 260, 308
Spro-cas 92, 98, 101, 158, 170
Staatskoerant 95, 164
Stakings 75, 128, 156-157, 228
Stalinisties 5, 80, 94, 108, 230, 274, 275, 277, 278, 280, 316
Stam (kyk Groep)
Standpunte 99, 107, 116, 145, 213, 254, 309
Star, The 18, 62, 110, 111, 112, 121, 147, 197, 218, 230, 232, 245, 258, 268, 282, 290, 298
Stet 17, 18, 99, 100, 101, 190, 247, 264, 284, 297, 308, 309
Stilistiek op linguistiese grondslag 40, 89, 125, 205
Strategie 6, 11, 12, 15, 16, 18, 19, 21, 22, 25, 51, 78, 88, 89, 90, 97, 102, 104, 114, 116, 121, 129, 131, 132, 161, 173, 178, 206, 207, 209, 213, 220, 222, 226, 227, 228, 239, 240, 241, 242, 245, 247, 258, 261, 262, 263, 268, 277, 281, 282, 308, 313, 314, 315, 317, 319, 320
Strukturalisties 301, 303
Stryd 7, 68, 119, 121, 136, 137, 138, 144, 153, 167, 185, 201, 203, 207, 211, 213, 221, 225, 230, 234, 235, 240, 241, 265, 266, 267, 270, 272, 277, 278, 279, 280, 283, 284, 285, 296, 300, 302, 308, 311, 312, 317, 318, 319, 322
Suid-Afrikaan, Die 235, 236, 262, 263, 308
Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) 5, 18, 19, 20, 79, 80, 95, 170
Suid-Afrikanerskap 20, **64-69**, 79, 118, 120, 136, 194, 225, 232, 235, 239, 266, 277, **281-286**, 319, 321
Suiderkruisfonds 84, 97
Suidwes-Afrikaner, Die 91
Suidwester, Die 217
Sunday Express 44
Sunday Times 12, 47, 74, 105, 106, 107, 109, 112, 153, 188, 221, 232, 251, 254
Sunday Tribune 49
Super-Afrikaners, The 153, 213
Surrealisties 26, 29, 32, 36, **38-39**, 40, 289, 290, 299
SWAPO (South West African People's Organisation) 75, 97, 160, 223
Swart Bewussyn **19-21**, 66, 76, 157, 211, 230, 232, 264
Swart-nasionalisme (kyk Afrika-nasionalisme)
Swart Teologie 157
Swerfjare van Poppie Nongena, Die 212

Taaldoos 214
Tafelberg-Uitgewers 309
Tagtigers 302
Taoïsme 5, 33
Taurus 166, 245, 308, 319
Taxa 110
Teenstrydighede **277-280**, 305, 312
Teenstrydige liedere 147

Teksstrategie 26, 27, 29, 32, **38-39**, 41, 102, 287, 320
Tempo 182, 198
Terroris(me) 74, 79, 83, 85, 87, 94, 97-98, 105, 116, 124, 128, 130, 151, 152, 160, 162, 169, 170, 171, 173, 177, 179, 191, 195, 206, 208, 213, 215, 216, 228, 254, 261, 280, 281, 287, 306, 321
Totale Strategie **11**, 12, **209**, 216, 245
Totalitêr 6, 21, 68, 72, 76, 159, 224-225, 230, 247, 248, 249, 250, 253, 256, 264, 273, **274-275**, 302, 314, 318
Transformasie 6, 77, 78, 79, 80, 120, 121, 137, 138, 161, **225-226**, 229, 230, 232, 236, 239, 256, 265, 266, 267, **271-272**, 274, 277, 283, 302, 318
Transvaler, Die 13, 18, 23, **50**, 53, 57, 58, 69, 70, 71, 74, 75, 81, 83, 100, 103, 109, 111, 113, 114, 115, 121, 123, 124, 126, 128, 133, 150, 151, 154, 158, 168, 173, 174, 175, 176, 177, 180, 182, 184, 188, 200, 202, 206, 218, 220, 246, 247, 250, 251, 257, 309
Trekarbeid 17, 58
True confessions of an albino terrorist, The 96, 169, 179, 187, 196, 208, 219, 232, 233, 242, 245, 279, 286, 294, **295-297**, 302, **305-307**
Tuislande 9, 57, 58, 78, 155, 157, 160, **206-207**, 209, 224

Tuiste in eie taal 131
Tydskrif vir Letterkunde 81, 308

UDF (United Democratic Front) 14, 21, 279, 281, 284, 314
Umkonto we Sizwe **18**, 90, 210
Unesco Courier 65, 118, 167

Vaderland, Die 23, 37, 47, **49-50**, 53, 54, 55, 62, 69, 70, 71, 73, 74, 81, 83, 86, 87, 95, 98, 103, 107, 114, 115, 123, 124-125, 129, 130, 133, 148, 151, 164, 167, 173, 174, 179, 180, 181, 182, 188, 190, 199, 206, 207, 218, 220, 221, 241, 242, 245, 246, 254, 256, 262, 309, 319
Vakbonde 20, 79, 157, 197, 210, 230, 232, 281, 284
Van Gennep-Uitgewers 298
Van sjofar tot sjalom 251
Veiligheid/magte 15, 21, 80, 90, 92, 93, **95-97**, 143, 150, 159, 160, 164, 168, 169, 172, 177, 179, 190, 191, 192, 194, 196, 197, 199, 200, 201, 208, 209, 211, 215, 219, 221, 224, 235, 245, 257, 265, 274
Verantwoordelikheid 24, 36, 68, 73, 89, 113, 122, 136, 140, 142, 143, 151, 156, 157, 161, 167, 177, 189, 191, 192, 202, 203, 205, 222, 234, 236, 237, 265, 269, 271, 273, 276, 290, 303, 308, 310, 312, 313, 315, 318
Verdraagsaamheid 230, 275, 301
Verenigde Party (VP) 127, 158
Verhoudings 3, 4, 5, 33, 37, 38, 134, 136, 139, 167, 203, 205, 225, 227, 233, 243, 248, 269, 271, **272-273**, 277, 280, 291, 296, 299, 303, 304, 305, 307, 318
Verkramp 3, 6, 13, 23, 24, 43, 48, 56, 63, 93, 102-104, 105, 107, 108, 109, 116, 117, 120, 153, 154, 162, 166, 173, 175, 198, 202, 211, 235, 308, 320
Verlig 3, 4, 6, 10, 11, 12, 13, 14, 23, 24, 43, 51, 56, 58, 60, 61, 62, 63, 73, 80, 89, 93, 98, 102-104, 105, 108, 112, 116, 122, 123, 124, 126, 140, 146, 147, 153, 154, 155, 156, 158, 161, 162, 166, 167, 169, 173, 175, 177, 178, 193, 199, 201, 202, 203, 211, 215, 216, 235, 236, 240, 241, 246, 247, 248, 250, 251, 254, 255, 258, 260, 279, 284, 301, 307, 308, 309, 315, 319, 320, 322
Vernuwing in die prosa 26
Verraad 13, 73, 90, 91, 92, 108, 161, 177, 178, 192, 199, 215, 225, **237-238**, 252, 261, 287, 319, 322
Versetliteratuur 20, 34, 78, 87, 88, 139, 152, 270
Vervreemding 5, 136, 171, 174, 175, 201, 246, 273, 275, 304
Verwagtingshorison 22, 27, 29, **31-34**, 289, 320
Verwoerdprys 106-107, **108**
Visumvoorvalle 9, 22, 33, 36, 43, 44, **45-63**, 64, 65, 66, 84, 85, 88, 91, 92, 107, 110, 122, 123, 124, 139, 153, 154, 161, 164, 171, 175, 179, 189, 193, **256-260**
Vlaamse Gids, De 78, 101, 137, 139
Voetskrif 34, 168, **184-187**, 291, 318
Volk (kyk Groep)
Volksblad, Die 18, 23, 47, 75, 84, 111, 113, 123, 158, 164, 168, 200, 201, 202-205, 206, 213, 217, 218, 219, 220, 238, 241, 243, 246, 254, 255, 256, 257, 258, 309
Volkskrant, De 20, 66, 75, 78, 79, 84, 95, 120, 121, 135, 138, 139, 164, 168, 184, 231
Voortrekkerbeweging 8, 131
Voortrekkerpers 50
Vrij Nederland 65, 73, 75, 82, 84, 85, 94, 121

Vrye Weekblad 25, **235-236**, 237, 264, 282, 285, 312, 313, **315-317**
Vryheid 5, 6, 19, 54, 66, 72, 74, 76, 77, 87, 120, 121, 126, 128, 133, 134, 141, 145, 160, 167, 176, 184, 202, 209, **225**, 226 227, 231, 236, 242, 247, 260, **270-271**, 272, **273**, 275, 277, 278, 280, 281, 291, 298, 300, 301, 310, 312, 313, 318
Vryheidsvegter 66, 75, 77, 80, 82, 83, 84, 86, 90, 97, 151, 274, 278

Waarheid 30, 184, 275, 306, 309, 310, 314
Weekend Post 206
Weekly Mail 196, 235, 262, 281
Weiss-squad **103**, 315
Werklikheid **28-29**, **30-31**, 33, 35, **36**, 37, **38-39**, 42, 54, 102, 134, **147**, 162, 167,

186, 199, 203, 204, 205, 216, 238, 252, 273, 278, 284, 288, 293, 296, 299, 304, **305-307**, 317, 321
Wet en orde 24, 25, 48, 61, 158, 171, 173, 181, 195, 211, 235, 313
Wet op Aparte Openbare Geriewe 8
Wet op Aparte Universiteite 9
Wette op Gemengde Huwelike en Ontug 8, 48, 52, 54, **56-62**, 70, 90, 93, 94, 223, 259
Wet op Groepsgebiede 8, 223
Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 95, 158, 166, 168, 211
Wet op die Onderdrukking van Terrorisme 1, 17, 57, 68, 97, 98, 138, 166, 168, 169, 173, 174, 181, 194, 200, 208, 244
Wet op Onwettige Organisasies **17**, 57
Wet op Publikasies (en Vermaaklikheid) 98, 164, 166
Windroos 27
Woord en Daad 177
Work in Progress 282
Woorde teen die wolke 319
World, The 21, 206, 211
Wurm 103

Yang Kahier 74, 83
Youth League 16
('yk') 245, 249, 291, **292-294**, 305
Ysterkoei moet sweet, Die 27, **31-33**, **34-37**, 38, 40, 41, 70, 99, 114, 187

ZAPU (Zimbabwe African People's Union) 19, 75
Zen-Boeddhisme 5, **33**, 38, 40, 288, 299

Afkortings

Afr.	*Die Afrikaner*
Bu.	*Die Burger*
Db.	*Dagbreek en Sondagnuus/Dagbreek en Landstem*
DBeeld	*Die Beeld*
DHg.	*Die Huisgenoot*
DSA.	*Die Suid-Afrikaan*
EPH.	*Eastern Province Herald*
FL.	*Front Line*
FM.	*Financial Mail*
Hg.	*Huisgenoot*
Hoofst.	*Hoofstad*
NM.	*The Natal Mercury*
NN.	*New Nation*
Ogb.	*Oggendblad*
Oost.	*Oosterlig*
PN.	*Pretoria News*
Rap.	*Rapport*
RDM.	*Rand Daily Mail*
SAD.	*SA Digest*
ST.	*Sunday Times*
SW.	*Die Suidwester*
Sw-Afr.	*Die Suidwes-Afrikaner*
TA.	*The Argus*
TC.	*The Citizen*
TCT.	*The Cape Times*
TDN.	*The Daily News*
Tv.	*Die Transvaler*
TW.	*The World*
Va.	*Die Vaderland*
Vo.	*Die Volksblad*
VW.	*Vrye Weekblad*
WIP.	*Work in Progress*
WM.	*Weekly Mail*

Foto-erkennings

Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Kunste-Inligting (RGN): 1, 2 (geskenk deur APB), 3 (geskenk deur APB), 4 (geskenk deur APB), 5 (geskenk deur APB), 9 (geskenk deur APB), 10 (geskenk deur *Die Burger*), 12 (fotograaf: André P Brink), 13, 14, 30 (geskenk deur Perskor).

Rapport: 6, 7, 8, 11, 15, 16 (fotograaf: André P Brink), 17 (fotograaf: André P Brink), 18 (fotograaf: André P Brink), 19 (fotograaf: André P Brink), 23, 25, 26, 27, 28, 29, 31, 32, 37 (fotograaf: Denis Goddard), 38.

Vrye Weekblad: 41, 42, 43, 47

The Daily News: 20

Pretoria News: 33

Johann Lodewyk Marais-versameling (Unisa-argief): 36

Human & Rousseau: 21